

STUDIEGIDS

# Jesus

## DIE BESTE LEWE OOIT GELEEF

*"...tot die mate van die volle grootte van Christus..."*
~ Efesiërs 4:13

JAN OOSTHUIZEN

**JESUS** was die perfekte mens! Sy spiritualiteit, denke en nugterheid, emosionele intelligensie, leefstyl en gewoontes, verhoudingeweredigheid en identiteit is die praktiese beste ideaal vir 'n gesonde lewe. In hierdie studiegids gaan jy nie net Jesus op 'n vars nuwe manier leer ken nie, jy gaan ook jou skeppingsdoel ontdek, en die krag en genade ontvang om hierdie onmoontlike goddelike standaard te leef.

Jesus demonstreer nie net die maatstaf vir 'n perfekte lewe nie, Hy kom vat ons hand en werk die vermoë in ons om reg te doen, en reg te leef! Jesus is soos 'n linieaal, 'n rigsnoer, 'n waterpas wat jou lewe reguit trek. Jy kan Hom nooit net neersit en dink jy kan aanhou bou sonder om Hom gereeld te gebruik nie. Hy is soos die musiekinstrument-instemmer wat gereeld gebruik moet word om seker te maak ons is nog op die noot.

"Naas die Bybel is hierdie boek een van die beste 'onthullings' van Jesus se diversiteit, dog Sy harmonieuse gesentreerdheid in Homself. Die akkurate gedetailleerdheid waarmee Jan Jesus as voorbeeld voorhou, maak van Hom die begeerlikste standaard om na op te leef. Dit moedig intimiteit met die lewende Jesus aan sowel as 'n gevoel van 'bevoorregtheid' om geassosieer te word met die Persoon wat histories die grootste impak op die wêreld gemaak het. ~ *Dr Arno van Niekerk ~ The Christen Konsensus, Mighty Families*

"Hierdie is beslis nie 'n lekkerlees boek vir lui "studente" nie. Maar as jou hartsbegeerte is om Jesus beter te leer ken – lees die boek! Die kern van die Goeie Nuus is opgeteken in Kolossense 1:27 – "Christus IN ons"! In hierdie boek fokus Jan op die omvattende identiteit en bediening van Christus, maar ook op die lewensverandering wat plaasvind wanneer Jesus in ons leef. Om as burgers van die Koninkryk hier en nou radikaal anders te leef (dis ons roeping), is slegs moontlik wanneer die Koning sý lewe in en deur ons kom lewe. Jesus Alléén! Alléén Jesus!" ~ *Hennie Viljoen ~ Amos Agrimin (Living and Farming God's Way)*



Jan en Chantál is die geestelike leiers van Harvester Reformerende Gemeente Olifantsriviervallei, woonagtig in Clanwilliam, Weskaap. Hulle is programaanbieders vir dieper spiritualiteit en verhoudingshervorming op radio Namakwaland sedert 2011. In 2018 begin hulle elke weeksdag die dagbreek 6:00-6:45 program, met die fokus op die persoon Jesus Christus. Tydens die program het hulle elke week op 'n ander karaktertrek van Jesus gefokus, wat die grondslag is van hierdie boek. Die kern van Jan en Chantál se bediening is toegespits op die volkome genesing van die totale mens. Ons is die mooiste en gesondste mense wanneer ons die meeste soos Jesus leef en handel.

ISBN 978-0-620-87558-5

WWW.HRCO.CO.ZA | WWW.JANENCHANTAL.COM

**ISBN: 978-0-620-87558-5**

**KOPIEREG & BESTELLINGS**: Jan Oosthuizen

janoosthuizen@me.com

+27(0)83-230-8804

Posbus 95, Clanwilliam, 8135

www.hrco.co.za | www.janenchantal.com

www.**linkedin**.com/in/janoosthuizen

https://www.**facebook**.com/janenchantal.oosthuizen

https://www.**slideshare**.net/JanOosthuizen/edit_my_uploads

https://**twitter**.com/JAOosthuizen

http://www.**buzzsprout**.com/155409

https://www.**instagram**.com/janenchantal/

**Radio klankbane**: www.934fm.co.za/dagbreek-klankbane

**UITGEWER**: Pelser Media
Kontakpersoon: Aje Pelser
Fisiese adres #1: Solutastraat 10, Sunset Beach, Milnerton, Cape Town, 7441.
Fisiese adres #2: 34 Ambleside Close, Parklands, Cape Town, 7441.
Posadres: Posbus 276, Milnerton, Cape Town, 7435.
+27 (0)21 557 7365 | +27 (0)84 707 0909 | Faks: +27 (0)21 557 7364
aje@harvesterchurch.net | www.harvesterchurch.net

**DRUKKERS**: InsideData West
Johan Kriek
+27 (0)87-354-8029 +27 (0)76-300-7268
Johan.Kriek@insidedata.co.za | www.insidedata.co.za

**GRAFIESE ONTWERP & KOMPILASIE:** NobleLight Design
Adele Visser
+27(0)82-635-2742
visser969@gmail.com | www.wixsite.com/noblelight-adele

Skrifaanhalings geneem uit Bybel in Afrikaans 1983-vertaling met herformulerings tot en met 1992 ©Bybelgenootskap van Suid-Afrika 1983, 1992; Gebruik met toestemming. Alle regte voorbehou. Aanhalings uit ander vertalings is aangedui.

© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende plaat- of bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die skrywer nie, behalwe redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoeleindes.

# OPGEDRA AAN

Ek dra hierdie studiegids op aan Dr André Pelser, ‘n hedendaagse apostel, pionier, sendeling, akteur, skrywer, blues sanger en jazz pianis, en geestelike vader van Harvester Reformerende Kerk. Soos ‘n klassieke metodiese-akteur het André die NT teks van Jesus bestudeer met die oog daarop om Hom te leef.

Net soos Jesus, sal sy onvergeetlike en meestal humoristiese preek-storie-dramatisering van sekere Skrifgedeeltes ons ontroer om aan te hou reformeer na Sy beeld. Jy sien bekende gedeeltes in heeltemal ‘n ander lig, wanneer iemand die gebeure visueel opvoer.

André se gehoorsaamheid om onverpoosd teen massiewe koste en persoonlike ongerief die kleinste kerkies, op die mees afgeleë plekke in die wêreld te besoek, inspireer ons wat hom ken, om ook gehoorsaam te leef en Jesus kinderlik te volg.

# DANKBETUIGINGS

**Chantál**, my lewensmaat, siel- en geesgenoot wat altyd met soveel deernis versorg, en my aanmoedig om beter te wees, verdien 'n kas vol medaljes! Om met dié kan-nie-stil-sit werkoholis getroud te wees, is nie maklik nie. Dankie vir elke opoffering en gee van jouself, op duisende maniere, om langs my sy, Jesus te leef en te verkondig, veral in die daaglikse uitsending van Dagbreek, wat hierdie studiegids geïnspireer het.

Baie dankie aan **Radio Namakwaland** se leierskap, in die persoon van Bernard Lamprecht wie se hart altyd oop is, soos 'n waenhuisdeur, om Jesus te verheerlik.

**Jan-Hendrik Kleynhans**, is nie net my medeleraar, en medewerker in die Koninkryk nie, maar ook vriend, broer, en vennoot wat altyd bereid is om gewig te dra, verantwoordelikheid te neem, en te dien. Van al die ure wat jy gespandeer het om elke program te redigeer, en met musiek perfek op te laai vir ons radio- en sosiale media gehoor, sal net die hemele weet. Mag die Beloner van ons harte, jou beloon met geopende harte waar jy ook al bedien.

My **kollegas en leiers in Harvester** is soos 'n musiekinstrument-instemmer wat die Here gebruik om seker te maak ek bly op die noot wat Hom verheerlik. So ook elke medewerker, medestryder in die geloof wat met 'n koninkryksgerigte hart en begrip Jesus verkondig.

**Harvester Reformerende Gemeente Olifantsriviervallei** is in Junie 2020 my familie vir 20 jaar. Dankie dat julle na 20 jaar, nog steeds lag vir dieselfde grappies en stories. Julle lewe, toewyding, en ondersteuning hou my en Chantál staande. Dankie dat julle ruimte in julle harte gemaak het vir hierdie eksentrieke weeskind, stadsmens, wat hou van Jazz, sushi, en 'artisan' koffie.

Elke boek wat in hierdie studiegids aangehaal word, verdien om gelees te word. Elke skrywer het, soos ek, geen moeite ontsien om Jesus te soek en die "cause of Christ" hulle lewensfokus te maak nie. In elkeen se soeke, is 'n ander faset van Jesus die mens, maar ook God, geopenbaar. Dit is asof ons Hom saam beter sien en verstaan as op ons eie.

Baie dankie aan **Phoëbe van der Merwe** vir die proeflees, en harde skaafwerk om die onbeholpe skrywer verstaanbaar te maak. Dankie aan **Adele Visser** vir die uitleg, en algehele produksie van hierdie boek. Baie dankie aan elkeen wat finansieel bygedra het, **Morne en Adele van Wyk** van Harvester Mbombela. Dankie aan **Wena Botha** vir die ure se oorlees, foute regmaak, en die algehele redigering van die boek, asook **Martie-Louise Hunlin** wat die finale redigering gedoen het.

Dank aan my **hemelse Vader** vir die genade, wysheid, insig en volharding wat Hy in my gewerk het om Jesus in en deur ons te openbaar. Alles is net 'n geskenk uit Sy hand; mildelike genade wat vloei deur gebroke kruike. Geen mens kan oor God skryf, of enige iets dokumenteer sonder dat Hy dit deur die Heilige Gees Homself aan ons openbaar. Dit is dus met 'n gesindheid van diep afhanklikheid en nederige soeke, waardeur Hy ons as mens lei om die misterie van die onsigbare God te ontsyfer – en stukkies LIG te sien!

Mag Hy ook so elke leser van hierdie boek lei, en ontwaak om Hom werklik te kan sien. *"Ek bid ons wonderlike Vader, die God van ons Here Jesus Christus, dat Hy julle sy Gees sal gee, want dit is die Gees wat vir julle die dinge van God duidelik kan maak en julle kan help om dit te verstaan sodat julle Hom kan ken."* (Efe 1:17 - Die Boodskap).

# AANBEVELINGS

Jan Oosthuizen is ‘n man van baie talente. Hy is spesifiek ‘n geroepene van die Here Jesus Christus. Ons ken mekaar al lank en ons is medewerkers in die wingerd van God. Hy het deel geword van Harvester International Ministries sowat 22 jaar gelede en soos ek, is hy afkomstig uit die Apostoliese Geloof Sending van Suid-Afrika.

Die ywer wat Jan aan die dag le, is ‘n besondere kenmerk in sy en Chantal se lewens. Hulle beywer hulle ook op ander gebiede in hulle gemeenskap om oplewings werk te doen en om die land se probleme te probeer verlig. Hulle invloed op die Weskus is algemeen aanvaar en waardeer, veral onder die boere-gemeenskap.

Ek kan waarlik getuig dat Jan getrou was in die minste en dat die Here hom oor baie meer aangestel het.

In die tyd waarin ons leef, word al hoe meer pogings aangewend om Jesus te verdink, verkleineer en weg te wys as die Seun van God. Dit gebeur in die media en selfs ook in kerke.

Die gedagte wat Jan voorle dat Christene moet ophou probeer om soos Jesus te wees en meer tyd by Hom te spandeer, met ander woorde, in Sy teenwoordigheid, in die Heilige Skrif en tussen gelowiges, is ‘n goeie wegwyser vir die soekende siel wat smag na geregtigheid.

Dr. Roy M. Gray, wat my leermeester was in Miracle Valley, Arizona, het gese: ‘you become what you observe.’

Die historiese oorsig van die boek dek ‘n groot deel van die geskiedenis met die oog op die bestaan van Christus en is ‘n gepaste ondersteuning vir die boek. Die volledige indeks van verwysingskemas gee getuienis dat daar goeie navorsing gedoen is en baie nadenke, voordat pen op papier geplaas is.

Soos Lukas twee boeke geskryf het om een man, Theophilus, te oortuig van die waarheid aangaande Christus, so het Jan hom toegewy om die waarheid aangaande Sy Verlosser, Jesus Christus, aan ons oor te dra. Dit is nog ‘n bewys van die bestaan en werklikheid van die Seun van God op aarde, waarsonder niemand gered kan word nie. Hy is die Weg, die Waarheid en die Lewe. Niemand kom tot God, behalwe deur Hom nie. (Johannes 14:6)

**Dr. Andre Pelser**

Apostoliese Leier van Harvester International Minstries en Reformational Churches.

https://www.harvesterchurch.net

Die oomblik nadat ek die laaste woord gelees het, wou ek onmiddelik van voor af begin en dit weer deurlees. Hierdie is 'n studiegids wat oor en oor gemyn kan word. Die woord self doen die praatwerk en Jan lei die leser op ‘n opwindende ontdekkingsreis. Die segmente is kort en bondig, verduidelikings glas-helder en onomwonde, sonder onnodige mors van woorde. Hierdie aanslag laat 'n mens voel asof die skrywer geensins in die pad kom van die openbaring van Jesus se lewe nie. Hierdie studiegids raak aan elke belangrike aspek van dissipelskap op ‘n vreeslose, volledige en gebalanseerde manier. Ons waardeer Jan se dissipline wanneer dit kom by die suiwerheid van die waarheid en die heiligheid van die Woord van God en leer graag by iemand wie se liefde vir die Here te alle tye so sigbaar en prakties uitgeleef word. Ons onderskryf volhartig hierdie kosbare werk en beveel dit aan vir jong Christene sowel as uitgelese gelowiges.

**Liefde, Mornè Bailey en Nadia Smith**

https://inthegarden.co.za

"Naas die Bybel is hierdie boek een van die beste 'onthullings' van Jesus se diversiteit, dog Sy harmonieuse gesentreerdheid in Homself. Die akkurate gedetailleerdheid waarmee Jan Jesus as voorbeeld voorhou, maak van Hom die begeerlikste standaard om na op te leef. Dit moedig intimiteit met die lewende Jesus aan, sowel as 'n gevoel van 'bevoorregtheid' om geassosieer te word met die Persoon wat histories die grootste impak op die wêreld gemaak het."

**Dr Arno van Niekerk**

Skrywer van *Genoeg; The Christen Konsensus, Mighty Families*.

http://www.enoughsa.co.za/author1.html

"Hierdie is beslis nie 'n lekkerleesboek vir lui 'studente' nie. Maar as dit jou hartsbegeerte is om Jesus beter te leer ken – lees die boek! Die kern van die Goeie Nuus is opgeteken in Kolossense 1:27 – 'Christus IN ons'! In hierdie boek fokus Jan op die omvattende identiteit en bediening van Christus, maar ook op die lewensverandering wat plaasvind wanneer Jesus in ons leef. Om as burgers van die Koninkryk hier en nou radikaal anders te leef (dis ons roeping), is slegs moontlik wanneer die Koning sý lewe in en deur ons kom lewe. Jesus Alléén! Alléén Jesus!"

**Hennie Viljoen**

Amos Agrimin (Living and Farming God's Way)

https://amosafrica.net

# INHOUDSOPGAWE

OPGEDRA AAN ........ 4

DANKBETUIGINGS ........ 5

AANBEVELINGS ........ 6

INHOUDSOPGAWE........ 8

VOORWOORD ........ 11

1. HOEKOM JESUS? ........ 13

2.TE WEES SOOS JESUS ........ 20

3. AGTERGROND ........ 28

4. ONTWAAK TOT DIE WARE JESUS CHRISTUS ........ 35

5. JESUS IS GOD ........ 44

6. DIE HEILIGHEID VAN CHRISTUS ........ 51

7. CHRISTUS SE "EK-IS" UITSPRAKE ........ 57

8. JESUS EN DIE VADERHART VAN GOD ........ 65

9. CHRISTUS EN SY KONINKRYK ........ 72

10. JESUS EN DIE GEESTESWÊRELD ........ 79

11. JESUS DIE MENS-MENS ........ 89

12. JESUS SE GEHOORSAAMHEID ........ 95

13. DIE BONATUURLIKE JESUS ........ 108

14. DIE REDELIKHEID VAN JESUS ........ 113

15. DIE REGVERDIGHEID VAN JESUS ........ 120

16. JESUS, DIE REGTE OORDEEL VAN GOD ........ 127

17. JESUS TEENOOR VALSE GODSDIENS EN DIE GEES VAN DIE WÊRELD ........ 137

18. DIE INKLUSIWITEIT VAN JESUS ........ 144

19. DIE RIDDERLIKHEID VAN JESUS ........ 150

20. DIE BROEDERLIKHEID VAN JESUS ........ 156

21. DIE BLYMOEDIGE SPELERIGHEID VAN JESUS ........ 163

22. JESUS SE GESONDE HUMEUR ........ 171

23. JESUS SE DOELGERIGTHEID ........ 179

24. JESUS DIE ARM, RYK MAN ........ 187

25. DIE ROETINES EN GEWOONTES VAN JESUS ........ 193

26. JESUS DIE TUINIER ........ 200

27. JESUS DIE MEESTER VAN KREATIWITEIT ........ 209

28. JESUS DIE AANBIDDER ........ 214

29. DIE ALLEENHEID VAN CHRISTUS ........ 220

30. JESUS DIE LEWENSREDDER ........ 228

31. JESUS DIE GENEESHEER ........ 236

32. JESUS DIE BEDIENDE ........ 245

33. JESUS SE DIENSBARE LEIERSKAP ........ 250

34. DIE LYDING VAN JESUS CHRISTUS ........ 254

35. JESUS SE PASIFISME ........ 260

36. JESUS DIE REWOLUSIONÊR ........ 270

37. JESUS: APOSTEL, PROFEET, EVANGELIS, LERAAR EN HERDE ............................................ 279

38. DIE LIGGAAM VAN JESUS ........................................................................................................ 289

# VOORWOORD

As die hele kosmos en sonnestelsel met wiskundige akkuraatheid volgens 'n gegewe vorm en bloudruk gemaak is om lewe op aarde te handhaaf, wat laat ons dink ons kan lewe sonder 'n bloudruk?

Die son, maan en aarde se grotes en distansies van mekaar is presies reg, sodat ons nie in die lug sweef en golwe ons oorweldig, en dit óf te koud óf warm raak nie. Die atmosferiese deursigtigheid is net reg sodat ons nie verblind word deur die sonstrale en te veel brand nie. Die atmosfeer het die korrekte mengsel van gasse: 78% stikstof, 21% suurstof. Die Aarde se as is gekantel teen 'n presiese hoek van 23.5 grade en dit veroorsaak die reëlmatige seisoene asook nag en dag. Die dikte van die Aarde se kors en waterdampvlak is net reg sodat vulkaniese en tektoniese aktiwiteite beperk is, en daar 'n perfekte kweekhuiseffek geskep kan word vir welige plantegroei.

Die diereryk en ekologie is in perfekte balans, elkeen volgens sy spesie en bepaalde funksie gegroepeer. Tans beleef ons meer en meer siektes, onreëlmatighede in die weër-stelsels, weerstandige peste en plae as gevolg van die mens se hardkoppige ignorering van die Skepper se bepaalde bloudruk en reëls.

Daar is 'n internasionale musiek standaard, afstand meting standaard, kragmeting standaard maar nie EEN etiese morele standaard nie. Elkeen wil doen wat reg is in hulle eie oë. (Rigters 21:25) Ons gee nie om gemeet en getoets te word deur geneeskundiges nie. Ons hou nie daarvan dat ons sonde (verkeerd) uitgewys word nie.

My lewe was perfek, ongesteurd en gelukkig tot daardie eerste speltoets waar juffrou groot in rooi 5/10 my toets terug gehandig het nie! Van daardie dag af het ek geweet hier kom moeilikheid. Moenie eers praat van daardie eerste naelloop, waar ek in die middel van die bondel was, en selfs 'n paar keer heel laaste nie.

Ons almal onthou daardie eerste dag waar ons gemeet, en te lig bevind is! Die perfekte figuur, die top 10 in die klas, die top 10 in die skool. Eksamens en kompetisies is goed, maar selfs die wat wen, voel die druk om weer te wen. Soos mense ouer word begin mens jouself meet, veral ten opsigte van in-wees by die regte groep. Die regte profiel opbou waarvan die meeste mense sal hou. Ons meet ons huweliksmaats; ouers meet hulle kinders en kinders meet hulle ouers.

Al die gemetery los ons met meer vrae as antwoorde: Wat is die beste standaard van menswees? Wie haal die standaard? Wat is die regte standaard? Wat is reg en verkeerd? Hoekom is ek hier? Is daar 'n God? Wie is in beheer van dit alles? Hoekom is daar soveel leed en armoede op die aarde? Is daar 'n einde? Wat is die beste manier om te lewe?

Hierdie Studiegids is goeie nuus!

**Jesus Christus is die regte perfekte merk, en standaard.**

Wanneer ons soos Hy leef en handel is ons die mooiste mense. Verder gaan jy in hierdie studiegids ontdek, dat Hy nie net die standaard vir ons stel nie, Hy help ons ook om die standaard te handhaaf.

Die groot vraag egter is: Wie is Jesus Christus, die man van Galilea, die Seun van God werklik? Ken ons Hom? Ek en Chantál is baie bevoorreg om ons lewe aan Jesus te kon wy van onderskeidelik die skrander ouderdom van 13 en 11 jaar. Ons is in Desember 1990 getroud en is vanaf 1992 voltyds in die bediening.

Ek kan die getal fiksie boeke wat ek al gelees het op een hand tel. Daarteenoor is die Bybel al vir 35 jaar my fokuspunt en deel van al my studies, prediking, bediening en my aandag.

'n Mens sou dus kon aanneem ons ken Jesus. Maar ek moet vandag heelhartig erken: Ek leer Hom nog elke dag ken. Ek en Chantál het in 2018 begin met die Dagbreek-radioprogram wat elke weeksdag van 6:00 – 6:45 op Radio Namakwaland uitgesaai word. Hier het ons "die beste lewe ooit geleef" aan die hand van die harmonie van die Evangelies van Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes bestudeer.

In 2019 het ons week na week op 'n ander aspek van Jesus se lewe gefokus. Op hierdie ontdekkingsreis met Jesus het ons 'n paar keer besef: Ken ons Hom regtig, of net ten dele? Hy is immers God. Ons sal die ewigheid spandeer om Hom werklik te ken. *"Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken."* (1 Kor. 13:12).

Die foto's in 'n glanstydskrif is gekies omdat 'n fotograaf die realiteit van 'n toneel die beste vasgevang het, in 'n komposisie met net die regte beligting om die kontraste na vore te bring, 'n lus vir die oog. Net so probeer 'n skrywer, en veral 'n skrywer van geestelike literatuur, die realiteit van die Godheid belig, en in 'n raamwerk voeg wat mense sal aantrek na God. Die foto is nie die realiteit nie, net bloot 'n oomblik in tyd vasgevang. Te veel van ons het net 'n paar fotobeelde van Jesus wat ander mense van Hom geneem het. Of ons vorm groeperinge rondom 'n sekere fotobeeld van Christus, en stry met mekaar oor wie se weergawe die meeste eg is.

Jesus steek vandag nog steeds Sy hand uit na jou en my, en nooi ons om saam met Hom 'n ontdekkingsreis te onderneem in die Waarheid. Uiteindelik, oor tyd sal ons elkeen 'n persoonlike fotoalbum van ervarings en momente van lig en komposisie versamel, van wie God werklik is. In die hoofstukke wat volg gaan jy die paradoks van Jesus se lewe ontdek. Dat hy die ryk arm man is, die rewolusionêre pasifis, die dienskneg-leier, die alleen groep mens, die mens-mens tog bonatuurlike mens, en nog baie meer.

Mag die sameflansing van woorde in hierdie boek van die lewe van Jesus Christus jou aantrek en stimuleer om die realiteit self te gaan soek, en jou eie foto's te neem. Elke hoofstuk is net 'n oomblik, 'n gedeeltelike sien met 'n bepaalde lig soos die Heilige Gees dit op daardie tyd verhelder.

Elke hoofstuk is ook 'n studieveld op sy eie, wat in die toepassing eers werklik tot sy volheid sal kom. Die studiegids is geskryf met die doel dat die applikasies en stories, en ook die voorbeelde van toepassing tydens die radioprogram bespreek word. Dit is dus 'n goeie idee om die studiegids saam met die betrokke potgooie deur te werk. In ons toenemende besige lewens, lees ons al hoe minder die Woord, wat nog te sê van Bybelstudie. Toe ons die program begin het, het die Heilige Gees dit op ons harte gedruk; "dis die Woord wat krag het om lewens te verander". Ons glo die Skrif moet vanself praat. Daarom moedig ons elkeen wat die studiegids gebruik aan om biddend die Skrifgedeeltes in verskeie vertalings te lees, die Heilige Gees sal Christus aan jou openbaar.

Gebruik die studiegids met 'n oop Bybel en 'n notaboek. Maak aantekeninge, onderstreep skrifverse, gaan soek nog verse, lees en lees weer todat daar lig in jou gees opgaan. Gaan raak dan stil, dink daaroor na, wag en bepeins die gedagte totdat jy dit in jou eie woorde kan oor vertel en kan sinmaak wat jy gelees het! Laat toe dat die Woord jou was, jou rig en jou inspireer om Jesus te leef elke dag!

# Hoofstuk 1

## Hoekom Jesus?

Al ooit gewonder hoekom kinders van feitlik elke volk en taal op ’n stadium deur die hoekom-fase gaan? Sommige ouers probeer om elke vraag noukeurig te beantwoord, ander gee later op en gooi ’n dowe oor. Die kinders gee later ook op om vrae te vra, of vind die antwoorde op ander plekke en by ander bronne.

In die begin is kinders se vrae irrasioneel en onwillekeurig, want hulle het nog geen filter nie. Hoekom eet spinnekoppe hulle babas? Maak Ninjas ook honde dood? Dan raak die vrae moeiliker: Waar kom babas vandaan? Hoekom gaan mense dood? Wat gebeur met mense as hulle doodgaan? Wie is God? Hoe lyk Hy? Waar kom God vandaan? Wie het God geskape?

Hierdie hoekom- of waarom-vraag word later sentraal tot die mens se bestaan. Hoekom is ek hier? Wat moet ek doen? Wie is ek? Wat is die beste manier om die lewe te leef? Geloofsvrae raak egter radikaal moeiliker wanneer die lewe verkeerd loop: Hoekom het Pappa en Mamma geskei? Hoekom het my boetie/oom my verkrag? Hoekom behandel mense my so sleg? Hoekom bly alles verkeerd loop in my lewe? Hoekom wil niks uitwerk nie? Hoekom gebeur slegte goed met goeie mense?

Die primêre leermeesters wat hierdie wesenlike vrae probeer beantwoord is die aanhangers van ’n bepaalde godsdiens of filosofie. Dit is hoe godsdienste deur die eeue bestaansreg verkry het: die sjamaan of toordokter weet die beste wat die gode verlang. In die kerk word die priester, predikant, pastoor, dominee, apostel en profeet die spesialis wat namens God praat. Hulle weet kwansuis almal die beste wat die god of gode verlang sodat ons geluk en vrede op aarde kan hê. Met die omvang van die internet wys wetenskaplike studies egter dat hierdie magiese spesialiste al hoe meer uitgedien raak, want mense kan nou vir hulleself uitwerk hoekom slegte dinge gebeur. Vandag is daar ’n uitgebreide lys van deskundiges, filosowe, sprekers en akademici oor elke denkbare studierigting wat verduidelik hoekom daar nog armoede, honger, misdaad, siekte en rampe wêreldwyd gebeur. Die oplossings is talryk, soms teenstrydig, maar selfs in ’n perfekte mens-geordende wêreld is ons soeke na meer.

Hoekom toon die mees ontwikkelde lande in die wêreld, met die laagste misdaadsyfers, die hoogste syfers van die gebruik van antidepressante? Ysland, Kanada, Australië, Engeland, Portugal, Swede, België, Spanje en Denemarke.[1] Dis verder interessant dat van hierdie lande ook onder die lande val met die hoogste aantal ateïste: Swede, België, Australië, Denemarke.[2]

Die algemene soeke van die mensdom is na ’n beter lewe: vrede, innerlike geluk, betekenis, harmonie, vryheid, bonatuurlike krag, wysheid, dieper insig, euforiese blywende geluk, ewige

[1] https://www.statista.com/statistics/283072/antidepressant-consumption-in-selected-countries/
[2] https://en.wikipedia.org/wiki/List_of_countries_by_irreligion

lewe, 'n ego-lose bestaan sonder bekommernis.[3] Elke godsdiens, dieet en farmaseutiese produk bemark hulle eie resep van hoe om hierdie "hemelse nirvana" te bereik.

Die kern van die probleem is: Ons probeer hierdie vrede en geluk op ons eie manier verkry terwyl God vir ons 'n plan het om volhoubare, ware geluk en vrede te beleef.

John Eldredge verduidelik hierdie proses pragtig in sy boek, "*Desire, the journey we must take to find the life that God offers*." God is nie teen die feit dat ons begeertes het nie: "*Mag Hy u gee wat u hart begeer en al u voornemens laat geluk."* (Ps 20:4); "*…wat my die goeie in oorvloed laat geniet."* (Ps 103:5); "*U maak u hand oop en skenk u guns in oorvloed aan al wat leef."* (Ps 145:16). Die moeilikheid kom omdat ons begeertes – wat nie eerste in Hom bevredig word nie – onsself en ander kan skade berokken. Ons begeertes is soms selfsugtig en om onsself te verheerlik. Dit het byvoorbeeld daartoe gelei dat Hitler en die Nazi-party hulle begeerte tot selfbeskikking ten koste van ander uitgevoer het. Dieselfde gebeur wanneer iemand sy of haar buite-egtelike romantiese liefdesbegeerte bou op die puinhoop van hulle familie en vriende se gebroke harte.

Die lewe is 'n dramatiese, gevaarlike hindernisbaan. 'n Mens wat God nie ken nie, is genoodsaak om maniere te vind om die pyn uit te doof. Hierdie duisende vorms van selfmedikasie en die soeke na beter pynstillers is die ankerpunt van die mens se verslawings. "We're all addicted to something that takes away the pain." Die "medikasie" wat ons uiteindelik kies word ons afgod.

## Die Griekse Woord Vir Afgodsdienaars Is:

> 5331. φαρμακεία *pharmakeía*; gen. *pharmakeías*, fem. noun from *phármakon* (n.f.), a drug, which in the Gr. writers is used both for a curative or medicinal drug, and as a poisonous one. Pharmakeía means the occult, sorcery, witchcraft, illicit pharmaceuticals, trance, magical incantation with drugs (Gal. 5:20; Rev. 9:21; 18:23; Ex. 7:22; Is. 47:9, 12). Syn.: *mageía* (G3095), magic.

Ons kan dus aflei dat godsdiens, verslawings en afgodery almal van dieselfde familie is. Godsdiens is die bedryf van magiese rituele of towenary om die wêreld te probeer beheer tot my eie voordeel. Godsdiens is inderwaarheid die opium van die massas (Karl Marx). Mens kan dit egter ook anders stel: Elke keer wat ons probeer om aan die realiteit van hierdie wêreld te ontsnap deur een of ander "opium/pynstiller", skep ons 'n afgod.

Sommige sal wil redeneer dat daar goeie en slegte rituele/pynstillers is. Sekerlik is dit so: Jy kan nie 'n ongesonde leefstyl chemies regmaak nie. Daar is ook gesonde en ongesonde gewoontes: Sommige probeer die pyn stil maak deur hulle self te sny, ander mediteer of gaan oefen. Die probleem is dat selfs die goeie rituele, gewoontes en gebruike van korte duur is, en dus oor en oor en teen toenemend hoër dosisse gedoen moet word om dieselfde effek te verkry. Oefening is natuurlik heilsaam. Maar wat maak jy as jy vir 'n maand lank nie kan oefen nie?

Maar hier kom 'n radikale stelling: **Godsdiens en afgodery is dieselfde ding**. Afgodery is die godsdiens wat 'n mens vir homself skep, met 'n afbeelding van 'n god waarvan hy hou, om vir hom te doen wat hy wil hê. In die volgende verse word afgodery baie wyd as die versameling van die mense se selfsugtige begeertes beskryf.

*"Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is – want gierigheid is afgodery – het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie."* (Ef. 5:5).

*"Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes en gierigheid, wat afgodery is."* (Kol. 3:5).

**Godsdiens-definisie:** Die geloof in die aanbidding van 'n bonatuurlike, beherende mag, 'n persoonlike god of gode. Die Engelse woord "religion" kom van die Franse en Latynse woord

[3] https://en.wikipedia.org/wiki/Nirvana

"religion: obligation, bond, reverence, to bind". Die Grieke het nie 'n woord vir godsdiens nie: Hulle het bloot direk van jou aanbidding gepraat. Wie aanbid jy? Of volgens die OT: Wie "dien" jy?

## Die Voorstanders van Godsdiens wil wins maak uit die Mensdom se Soek na God.

Verskillende ghoeroes, priesters, spiritiste en predikers predik hulle eie weergawe van hoe jy God gelukkig kan maak. Elkeen praat namens God om vir jou te verduidelik wat God wil hê. Elkeen probeer meer geestelik en outoritêr as die volgende een wees om sodoende die meeste volgelinge te vergader en daardeur inkomste vir hulleself te genereer. Dit is hoekom Jesus die geldwisselaars wat probeer munt slaan het uit die mense se moeite en las om offers te bring, met geweld uit die tempel gedryf het (Mark. 11:15-19; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-22). Daar is al hoe meer ware evangeliste wat geen offergawes opneem tydens openbare byeenkomste wat daarop fokus om mense dissipels van Jesus te maak nie.

Godsdiens se einddoel is om 'n "hefboom" op God te kry sodat Hy my lewe beter kan maak. Soos die vrou wat bid dat die Here haar man verander sodat sy 'n beter lewe kan hê. Hoeveel van ons gebede is eintlik selfsugtig? (Jak. 4:2-3).

**Eintlik is mense op soek na lewe.** Godsdiens is die manier waarop die mens probeer om die kompleksiteit van die lewe in 'n raamwerk te pas wat sin maak en wat die mens kan beheer. Godsdiens laat mens veilig voel. Jy kan die chaos en kompleksiteit van ons bestaan in 'n bepaalde raamwerk inpas. Soos Job se vriende hom probeer oortuig het van hulle god-raamwerk. Hulle raamwerk was: Dit gaan goed met die regverdiges en rampe volg die sondaars. Job weier om te erken hy het gesondig, maar hou vol dat hy blaamloos voor God staan (Job 1:1, 8; 2:3).

**Godsdiens is mensgemaak.** Godsdiens probeer die mensdom beheer deur skuldgevoelens, stigmas en magiese rituele om rampe, ongeluk, siekte en pyn te voorkom of daaraan te ontsnap. Daarom is godsdiens mensgerig: Alles is daarop gerig om meer aanhangers te kry. Daarom moet ek mense te alle tye probeer tevrede stel. Ek moet probeer doen waarvan mense hou om nog meer mense te probeer trek.

**Is al die verskillende godsdienste bloot verskeie weë na dieselfde God?** Sommige probeer die diversiteit en kompetisie tussen godsdienste beredeneer as bloot verskillende weë na God; almal is reg; daar is nie een eksklusiewe weg en metode nie. God is dus 'n veraf, nie-geïnteresseerde wese wie se aandag ons moet probeer kry.

> *"Any god who forces you to earn his love is not worthy of your worship. Jesus did not tell us what we need to do to get to God, he was proclaiming what God is doing to get to us."* Ervin McManus

**Wie is God?** Al die godsdienste het uiteindelik hulle eie weergawe van hoe God lyk, wie hy of sy is, waarvan hy hou en hoe om hom gelukkig te hou. Jahwe, Elohim, Allah, Hu, Baha, Mare d'Rabuta, Krishna.[4] Elke godsdiens verkoop hulle weergawe van wie God is.

**Die menslike dilemma:** Daar is 'n swaartekrag in die mens wat mens aftrek na die dierlike instinkte van bestaan. Tog is die mens in wese verskillend van diere: Ons is spelerig en hou van vertoon wat lei tot die kunste, ons hou van die wetenskap en verstaan van dinge, ons hou van orde en wetgewing en reëls, ons verorber nie net ons kos nie – ons dek tafels en skep atmosfeer wanneer ons eet, ons verkeer nie seksueel in die openbaar nie, ons hou daarvan om 'n skinderstorie oor te vertel. Sedert die skepping probeer die mens self bepaal wat goed en sleg is.

Hierdie aspekte van menswees dui daarop dat ons geestelike wesens is: Ons wil by die wêreld om ons ingeskakel wees. Ons hele menswees word bepaal deur die mense om ons. Ons dink almal ons is vrygewig totdat ons vir 'n saak moet gee. Ons dink almal ons is liefdevol totdat iemand ons liefde soek. Ons dink almal kan enigiets doen totdat ons 'n bepaalde taak moet verrig. Ons dink

[4] https://en.wikipedia.org/wiki/Names_of_God

almal daar is niks fout met ons nie totdat iemand diep gekrenk is deur iets wat ons gesê of gedoen het. Dit is dus eers in verhouding met iemand dat ek myself raaksien vir wie ek regtig is. Ons besef eintlik eers hoe stukkend ons is wanneer ons raaksien hoe stukkend ons verhoudings om ons is.

**Is waarheid relatief?** Ons almal soek na die waarheid en wanneer ons dit in iemand se prediking vind, en daardie persoon ons teleurstel omdat hulle nie werklik die waarheid leef nie, verlaat ons die waarheid wat hulle verkondig. Dit beteken dat elke prediker probeer om 'n beter greep op die waarheid te kry as die volgende een, want ons is elkeen al iewers deur een of ander leiersfiguur teleurgestel. Dit lei tot die argument dat daar geen absolute waarheid is nie. Elkeen se waarheid is relatief waar tot elkeen se siening en begrip.

In 'n tyd soos hierdie is godsdiens uitgedien en gee dit valse hoop. Sommige mense probeer een na die ander vorm van godsdiens en dit sit soos 'n skoen wat te klein is. Jy kry later eelte en skaafmerke en kan nie meer ordentlik loop of beweeg nie. Godsdiens kamp jou in en beroof jou van jou vryheid. Godsdiens hou jou vas en doof alle kreatiewe inspirasie uit. Godsdiens is 'n vorm van "lockdown"! Dis soos 'n kameel wat in Kanada in 'n dieretuin in die koue aangehou word – heeltemal buite sy natuurlike habitat.

Jesus het nie 'n godsdiens verkondig nie! Jesus is deur die godsdienste van sy tyd tot die dood veroordeel! Jesus en godsdiens is nie sinoniem nie. As jy moeg is vir godsdiens, probeer Jesus.

## Hoekom Jesus?

Jesus is radikaal anders!

Jesus het al hierdie godsdienspleging omvergewerp deur nie namens God te praat nie. Hy was God wat vlees geword het. "*Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese."* (Heb. 1:3); "*Nadat God baie keer en op baie maniere in die ou tyd gespreek het tot die vaders deur die profete, het Hy in hierdie laaste dae tot ons gespreek deur die Seun."* (Heb. 1:1).

**Jesus volg heeltemal 'n ander benadering!**

- Jesus verkondig nie 'n weg na God toe nie – Hy verkondig God se weg na ons toe! (Joh. 3:16).
- Hy verkondig nie net wat ons moet doen om by God uit te kom nie, maar wat God gedoen het om by ons uit te kom (Matt. 5:24, 36).
- Jesus verkondig nie 'n stel reëls en metodes nie: Hy verkondig 'n Persoon! (Joh. 6:28-29). Daarom het Jesus die godsdiens-voorskrif oor die Sabbat verontagsaam, want mense hou die Sabbat en het nie werklik vrede of rus nie. Hy is Sabbat! Wanneer jy die rus in Hom ontdek het, word elke dag 'n Sabbat.
- Jesus laat ons fokus op God waar godsdiens ons laat fokus op self (Joh. 3:13).
- Hy verkondig 'n waarheid wat Hy self tot die letter fisies demonstreer (Joh. 14:6).
- Jesus verkondig 'n praktiese waarheid wat jou leer hoe om deur krisisse en pyn te leef en dit nie te probeer ontsnap nie. Salig is die mense wat swaarkry, treur, arm is en vervolg word! (Matt. 5:3-12).
- Hy gee onmiddellike toegang tot die realiteit van die hemel en heerlikheid (blywende vrede en vreugde) waarna die mens soek. Vrede, versoening, genesing en bevryding is onmiddellik beskikbaar (Matt. 4:17). Godsdiens wil altyd die eindbestemming ver in die toekoms voorhou, maar Jesus gee die volheid van sy Heerlikheid reg in die begin. Die geringste is groter as Johannes die Doper! (Matt. 11:11).
- Jesus bewerk die vermoë om goddelik te lewe in ons (1 Pet. 2:3-11). Dit is merkwaardig hoe gou Jesus Sy dissipels bemagtig het om ook wonderwerke te doen en duiwels uit te dryf. So wil Hy elke volgeling wat Hom volg bemagtig!

- Godsdiens soek uiteindelik mense se geld om die godsdiens in stand te hou. Jesus verkondig dat God nie ons offers nodig het nie. "*WEES dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur."* (Ef. 5:1-2). Jesus vermenigvuldig brood en vissies, help sy dissipels om 'n groot hoeveelheid vis te vang, ontdek muntstukke in 'n vis se bek. God gee! Uiteindelik gee ons en offer ons, maar in reaksie op wat Hy eerste gegee het!

Die bewys en uiteinde van Jesus se boodskap is nie 'n klomp volgelinge wat soos robotte sy metodes blindelings navolg nie, maar 'n bekragtiging van arm, gewone, eenvoudige, stukkende, sondige mense om goddelik te begin lewe. Jesus kon as Seun van God sy heerskappy met magsvertoon en majesteit kom demonstreer het, en Hy het inderdaad. Maar gans anders as wat ons mag en kragdadigheid verstaan. HY gebruik sy mag om mense te genees, te bevry van boosheid en sy volgelinge te bemagtig om dieselfde te doen.

Alleenlik Jesus kan die hoekom-vraag beantwoord en vervul. So baie mense soek vervulling in geld, rykdom, spiere, liefde, mag en aansien om uiteindelik, wanneer hulle alles het wat hulle hart begeer, nog steeds leeg en onvervuld te voel. Die oomblik wanneer ek egter soos Jesus optree, voel ek 'n innerlike: Ja, dit is reg! Ek voel lewendig en vervuld! Hierdie Jesus-oomblikke is bevrydend en die hoogste hemel-ervaring!

Jesus pas jou siel perfek.

Al wat jy moet doen om Jesus te ontvang is: GLO! (Rom. 10:9-10; Joh. 6:28-29).

## Ken Jy Jesus!!

Daar is verskeie belangrike "causes" waarvoor mense leef. Sommige wy hulle lewe daaraan om te veg vir die regte van minderheidsgroepe, of geweld teen vroue en kinders, of die bewaring van ons natuurlike hulpbronne, of die beskerming van een of ander dier wat besig is om uit te sterf. MAAR, die mees primêre "cause" waarvoor ons moet veg is: The cause of Christ.

Om Christus te ken is die LEWE!

*"Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik. Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is."* (Fil. 3:8).

*"... dat die God van onse Here Jesus Christus, die Vader van die heerlikheid, aan julle die Gees van wysheid en openbaring in kennis van Hom mag gee..."* (Ef. 1:17).

Die woord "ken" in Efesiërs 1:17 is 1922. ἐπίγνωσις *epígnōsis*; gen. *epignṓseōs*, fem. noun from *epiginṓskō* (G1921), to recognize. It is more intens than *gnṓsis* (G1108), knowledge, because it expresses a more thorough participation in the acquiring of knowledge on the part of the learner. In the NT, it often refers to knowledge which very powerfully influences the form of religious life, a knowledge laying claim to personal involvement. (See Col. 1:9, 10; 2:2; 1 Tim. 2:4; 2 Tim. 2:25; 3:7; Titus 1:1; Heb. 10:26; 2 Pet. 1:2, 3).

*"... totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus..."* (Ef. 4:13).

**Die pragtige lied van Kari Jobe som hierdie sentiment mooi op:**

*The only thing I want in life is to be known for loving Christ to build His church*

*To love His bride*

*And make His name known far and wide*

*For this cause I live*

*For this cause I'd die*

*I surrender all*

*For the cause of Christ*

*All I once held dear*

*I will leave behind*

*For my joy is this*

*Oh the cause of Christ*

*He is all my soul will prize*

*Regardless of the joy or trial*

*When agonizing questions rise*

*In Jesus all my hope abides*

(Kari Jobe | Ben Hastings | Bryan Fowler)[5]

## In 'n Wêreld van Onvoorspelbare Chaos Bly Jesus 'n Onwankelbare, Ewige, Vaste Realiteit

Ons kan enige onderwerp onder die son bestudeer soos dit kom en gaan. Alles in hierdie lewe is tydelik. (2 Kor. 4:18) "*Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is.*" (1 Pet. 1:24–25).

*"Die Skrif kan nie gebreek word nie."* (Joh. 10:35).

*"Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het."* (Matt. 7:24).

*"Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur."* (Heb. 12:28-29).

**Daarom:** Jesus is my godsdiens. Ek het my lewe toegewy om in gehoorsaamheid aan Hom te lewe. Hy is die fokus van my aanbidding! In Hom alleen word ek versadig en kom ek tot rus. Hy is my bron van sterkte en krag. Hy is my fokus, want dit is die kennis van Christus wat Hy gekies het om in ons te openbaar wat soos die ware noord op 'n kompas ons help om rigting te behou in die doolhof van die lewe. Christus se geregtigheid is my toegang en reg tot die Vader. Hoe meer ek Jesus verstaan en begryp, hoe beter begin ek myself verstaan. [6]

Die probleem met die Christendom, en hoekom selfs die Christendom die gevaar loop om maar net bloot nog 'n dooie godsdiens te word, is omdat nie alles waarmee ons besig is op Jesus gefokus is nie! Ons val maklik terug na die plek waar ons soos Moses ons vertroue in metodes stel, selfs

[5] https://music.apple.com/za/album/the-cause-of-christ/1440878905?i=1440879060

[6] Vir verdere inspirasie luister gerus: Ervin Mcmanus – Why Jesus - https://www.youtube.com/watch?v=-cBsh5lltc8

metodes wat God eertyds beveel het. Wanneer Jesus ons fokus is, sal Hy ons lei en bekragtig om te weet watter metode nou relevant is. Geloof is om ’n nou-woord van die Here te ontvang. Jesus is die Bron van ons geloof. Ons tyd met Hom, in sy Woord, anker ons bestaan! Ons kyk letterlik na Hom deur die Woord, en die Heilige Gees help ons om Hom te sien. Soos Johannes op Patmos Jesus gesien en die boek Openbaring geskryf het. Ons het nodig om in elke krisis wat ons in die gesig mag staar, Jesus te sien! Jesus te aanbid! Jesus te hoor! Jesus te leef! Jesus is nie die ontsnappingswaarborg om al die gevare van die lewe te mis nie, maar die Wysheid om te groei en sterker te word om die hindernisbaan klaar te maak!

# Hoofstuk 2

## TE WEES SOOS JESUS

Om soos Jesus te word is die sleutel tot ŉ vervulde en gelukkige lewe.

JY sal dan die beste huweliksmaat wees, die beste sakeleier, en die beste werker wees vir enige sakeonderneming. Ook die beste tipe vriend en die beste ouer. Die hoogste ideaal vir elke mens se bestaan is Jesus. Mense vergeet die wenners van die Olimpiese Spele, die beste akteurs van die jaar en selfs die beroemdste mense verval later in vergetelheid. Maar om Jesus Christus elke dag van my hele lewe te leef, maak ŉ ewigheidsverskil, in my lewe sowel as in die mense s'n wat ek aanraak.

Alles in die Skrif wys na Christus en alles in die Skepping wys ook na Hom. *"Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie."* (Joh. 1:3-5).

### Jesus was die perfekte mens!

Sy spiritualiteit, denke en nugterheid, emosionele intelligensie, leefstyl en gewoontes, verhouding eweredigheid, en identiteit is die praktiese ideaal vir 'n gesonde lewe. Jesus Christus is egter ook God, die Woord wat vlees geword het, die somtotaal van alle dinge, die ewige heerlikheid en gestalte van die Godheid.

Die mens is geskape in Sy beeld, en ons is die mooiste mense wanneer ons die meeste soos Jesus leef en handel. As jy opsoek is na Jesus, en om Hom beter te leer ken, is jy op die regte plek! Die karakter, waardes, ingesteldheid, etiek, gewoontes, houding en lewenstyl van Christus is soos ŉ toonstandaard, ŉ rigtinggewer, 'n waterpas om die volmaakte lewe te leef. Ons is die mooiste mense wanneer ons die meeste soos Christus is.

Christelike godsdiens het ŉ slegte naam, maar dis nie oor die Persoon van Jesus Christus nie. Dis ons wanvoorstelling van Christus wat die Christendom ŉ slegte naam gegee het. Jesus, die Seun van Josef en Maria, die man van Nasaret in Galilea, het meestal na Homself as die Seun van die mens verwys. En of ŉ mens in Hom glo of nie, Hy is steeds die grootmoedigste mens wat ooit geleef het.

Geen ander mens het nog ooit die mensdom só geraak of só beïnvloed nie. Oor geen ander mens is soveel boeke geskryf nie. Geen ander mens in ŉ openbare bediening van net drie jaar het so ŉ groot impak op die mensdom gehad nie. Jesus se gewildheid en aktualiteit groei steeds soos mense Hom weer ontdek as die beste lewe wat ooit geleef is.

Met ander woorde, ons is die beste mense as ons die meeste soos Hy is, as ons soos Hy doen wat reg is, Sy etiese en morele voorbeeld volg, Sy onbevlekte karakter nastreef en ons lewens daaraan

wy om die mensdom te dien. Om soos Jesus te leef is die beste manier! Die Jesus-lewe is ’n universele waarheid, ’n uitgangspunt, ’n bloudruk en basis vir lewe. Christus is volmaak, blaamloos, die regte standaard en ankerpunt van moraliteit.

MAAR Jy sal weet: Om Christus te volg is nie sommer vir almal nie. Dis nie ‘n populêre tipe voel-goed-oor-jouself godsdiens nie. Inteendeel, dit het niks met godsdiens te doen nie! Dit is ‘n lewe van self-verloëning, daagliks jou kruis opneem soos wat jy leer om Hom te gehoorsaam. Gelukkig gee Hy ons die genade, en werk Hy Sy reg-leef standaard in ons. Om soos Jesus te wees, sal jy uitvind, is heeltemal onmoontlik. Gelukkig is dit nie wat God van jou en my verwag nie, Hy wil net hê ons moet baie tyd met Jesus spandeer, want dan vind die transformasie natuurlik en spontaan plaas! Is dit nie goeie nuus nie?

Geskiedenis toon die mensdom se pendulum swaai tussen sukses en mislukking om aan Jesus se standaard te voldoen. Die bekende Nuwe-Testamentiese geleerde, F.F. Bruce het ontdek dat die Evangelies nie net geskiedkundige verslae van ’n Redder-narratief is nie, maar ook ’n grondslag van die hoogste menslike morele standaard.

Jesus se karakter is nie net die beste voorbeeld van voortreflikheid nie, maar ook die sterkste aanmoediging om dit na te volg. Jesus se lewe het so ’n geweldige invloed gehad dat daar onomwonde gesê kan word dat die verslag oor Sy drie kort aktiewe jare meer gedoen het om die mensdom te hernuwe en sag te maak as al die vertoë van filosowe en al die aanmoediging van moraliste.[7]

Ravi Zacharias verduidelik die raamwerk vir morele bewysvoering volgens ’n Judeo-Bybelse wêreldbeskouing aan die hand van drie kernwaardes wat Jesus aan die wêreld geleer en geleef het:

Elke mens het inherente intrinsieke waarde: Ons is na God se beeld geskape en verdien liefde, versorging, genesing en vergifnis.

Politieke afstand van mag: Hy het nooit probeer om Sy wil op ’n ander af te dwing nie. Elke mens het die reg en vryheid om teen Jesus te kies.

Geregtigheid vir swakkes: Jesus het onvoorwaardelik en doelbewus op die gemarginaliseerdes van die wêreld gefokus.[8]

Jesus se leerstellings dat die mensdom se sonde nie net ’n morele probleem is nie, maar ook ’n geestelike toestand van diskonneksie, is van wesenlike belang; diskonneksie van God, self, ons naaste en die skepping.

“Die verdorwenheid van die mensdom is ’n absolute empiriese feit, maar word op intellektuele vlak meestal ontken.”

Die mensehart is in staat tot die mees walglikste gruweldade maar ook die mees wonderlikste kreatiwiteit vir ontdekkings in algemene belang. Ravi Zacharias gaan verder en haal die president van American Psychology, Hobart Mowrer (23 Januarie 1907 – 20 Junie 1982), aan: “Vir etlike dekades het ons as sielkundiges die hele kwessie van sonde en morele aanspreeklikheid as ’n nagmerrie droom beskou en ons bevryding daarvan as epogmakend gesien. Maar op die ou einde het ons ontdek dat om op hierdie manier vry te wees, met ander woorde om siek eerder as vol sonde te wees, kan daartoe lei dat ons ook verlore raak ... Toe ons immoreel, eties neutraal en vry geraak het, het ons die wortels van ons wese afgesny, ons het ons diepste gewaarwording van onsself en ons identiteit verloor en vra onsself nou neuroties af: Wie is ek, wat is my belangrikste doel, wat beteken die lewe?”[9]

---

[7] Bruce, F, F, The New Testament documents. Are they reliable. Are they Reliable? Pg 2, 2003.

[8] Ravi Zacharias - The Story You Don't Know About Jesus https://www.youtube.com/watch?v=gYxAPvD5rSU (October 2018)

[9] Mowrer, Hobart “Sin, the Lesser of Two Evils,” American Psychologist, 15 (1960): 301-304

Anna Russell beskryf hierdie gedagte in haar liedjie, "Psychiatric Folksong":

"At three I had a feeling of

Ambivalence toward my brothers

And so it follows naturally

*That I poisoned all my lovers.*

*But now I'm happy; I have learned*

*The lesson this has taught,*

*That everything I do that's wrong*

Is someone else's fault."[10]

Wanneer iemand kies om Christus te volg, moet dit 'n pad van voortdurende ontkenning van die self wees. Jy moet jouself agterlaat en van jouself vergeet omdat Hy ons daagliks lei om ons kruis van totale gehoorsaamheid op te neem (Matt. 16:24). Indien ons dit nie doen nie, mislei ons onsself en projekteer ons uiteindelik ons eie siening van die beeld van Christus op onsself en ander.

Die stellings, "wat-sou-Jesus-doen" of "wees-soos-Jesus", is op 'n verkeerde aanname gegrond. Die mens in sy menslikheid het nie die natuurlike vermoë om soos Jesus te wees nie. Ons het egter beslis die potensiaal, die voorafbestemde skeppingsdoel, om soos Jesus te wees (Rom. 8:29). Dit is onmoontlik om Hom bloot op 'n uiterlike standaard van goeie morele waardes te volg sonder om Hom uit ondervinding, bewustelik, emosioneel en geestelik te ken en lief te hê.

"Die uiterlike manifestasie van soos-Christus-wees is nie die fokus van Christelike, geestelike vorming nie. Wanneer uiterlike vorme van gedrag die belangrikste word, sal die proses misluk en in dodelike wettiesheid verval ..." [11]

Christene moenie daarop fokus om soos Jesus te wees nie. Christene moet daarop fokus om by Jesus te wees. Dit is wat Jesus geleer het: "*Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie.*" (Joh. 15:5).

Alhoewel Christelike gedrag die lakmoestoets van die ware Christendom is, moet ons uit die staanspoor verstaan dat Hy die "Christelikheid" in gelowige, gehoorsame mense bewerkstellig. Oswald Chambers het gesê: "Alles wat ek doen, moet gebaseer wees op 'n volmaakte eenheid met Hom, nie op my eie vasberadenheid om heilig te wees nie." [12]

### Die Uitkoms Van Alle Geestelike Aktiwiteit Behoort Jesus Christus Te Wees.

Of jy 'n belewenis gehad het soos Paulus (hy sê nie sy naam nie) wat in die derde hemel opgeneem is en of jy bloot nuwe betekenis in 'n teksvers ontdek het, dit alles moet jou meer soos Jesus laat klink en lyk. Ons karakter, gesindheid, waardes, denkpatroon, lewenstyl en identiteit moet sinchroniseer met Jesus. Die fokus van gebed is uiteindelik om meer soos Jesus te word. God het nie ons lofprysing nodig nie. Lofprysing is God se werktuig in ons lewens om ons te vorm om soos Hy te wees. Dit waarop jy fokus en aanbid, word jy.

Prediking, vermaning, korreksie, dissipelskap en lering is alles daarop gerig om ons te vorm na die beeld van Jesus. Die sukses van 'n bediening is dus nie net die grootte van die skares en geboue

---

[10] Dennison, A. Dudley M.D, Shock it to Me, Doctor!, Zondervan Publishing House, Grand Rapids, MI, Copyright 1970, p. 75

[11] Willard, Dallas, *Renovations of the Heart*. "Putting on the character of Christ" Navpress Pg 22, 2002.

[12] Oswald Chambers, Devotions for a deeper life, Zondervan, 1986.

nie, maar die mate waartoe die mense soos Jesus begin leef en handel. Hoe meer ons een raak met Jesus, hoe meer sal ons een raak met mekaar en sal die wêreld glo dat ons van God is (Joh. 17:21).

In Misty Edwards se lied, "A Beautiful Heart", sing sy hoe perfek en rein Jesus se hart is:

"There is no shadow of turning in You

No rebellion or pride

You don't know greed or envy or strife

Your intentions are pure and holy

Delighting to do the Father's will

You don't have a thought against Him

But humbly You live in perfect restraint

Waiting for promises given

Jesus, You have a beautiful heart

Jesus, You have a beautiful heart

You're gentle, You're meek,

yet Your heart is strong

Jesus, Your gladness is contagious

You are not selfish,

You can't compromise

You are the truth, You can't lie

You don't hold a grudge or have a cynical eye

Bitterness has no part of You

But You're quick to forgive,

let me back in again

Your kindness is so liberating"[13]

God wil uiteindelik hê dat al Sy kinders net so 'n mooi hart soos Jesus sal hê.

Hoe meer ons konformeer en transformeer om gelykvormig aan hierdie Jesus eienskappe te word, hoe meer vind ons vervulling in ons eie skeppingsdoel (Kol. 3:2). Ons is geskape met die potensiaal om soos Hy te kan wees. Hierdie potensiaal is in elke mens, maar is deur sonde verdraai. In ons teologie fokus ons soms so op die verdorwenheid van die menslike natuur dat ons vergeet waarom God die mens geskape het. Die Skrif is duidelik:

Ons is geskape om:

Aan God toegewy te wees (2 Tim. 1:9).

Sy kinders te wees (Ef. 1:5) ("Kinders" spreek van afstammeling, soos Hy, beelddraers, dieselfde karaktereienskappe. Kinders weerspieël natuurlik die eienskappe van die ouers.).

---

[13] https://music.apple.com/za/album/beautiful-heart/1298136896?i=1298138053

Heilig en onberispelik voor Hom te wees (Ef. 1:4). Heiligheid is dus nie 'n soort self-gedrewe vroomheid nie, maar eerder 'n bewustheid van die Heilige se teenwoordigheid.

Alles onder een hoof, naamlik Jesus, te verenig (Ef. 1:10). Jesus is perfekte teologie. Perfekte teologie en leefwyse is om onder die algehele heerskappy van Jesus Christus te lewe.

Ons verheerlik God die beste wanneer ons soos Jesus leef en handel. Sy heerskappy dui bloot op Sy manier van leef, volgens Sy wil. Hoe meer my lewe onder Sy heerskappy kom, hoe meer reflekteer ek Sy karakter. As Christus die doel is waarom God ons geskape het, dan beteken dit dat die potensiaal om soos Jesus te wees alreeds in ons opgesluit is.

### Fokus Op Die Jesus Wat Alreeds In Ons Is

Baie mense probeer om hulle Jesus op mense af te druk, in plaas daarvan om die afdruk van Jesus wat alreeds in elke mens is te ontgin. Dis tog baie duidelik dat die patroonplaat en bloudruk van die mens nie die duiwel is nie, maar Jesus. Ons is na God se beeld geskape – nie na satan se beeld nie. Hierdie beeld word egter deur sonde geskend. Hoe meer ons aan sonde blootgestel word en self daaraan begin deelneem, hoe meer word Jesus se beeld in ons verdraai.

Net soos daar slegheid of sonde in elke mens is (Rom. 3:23), net so is daar 'n afdruk van Jesus in elke mens. Ons kies om met verloop van tyd ons ledemate en menslike fakulteite al hoe meer aan sonde en satan te wy (Rom. 6:15-23). Sodoende het ons kinders van satan geword, toegewy om sy wil te doen. Wanneer ons egter tot bekering kom en omdraai, begin die pad van toewyding aan God. Die sondige natuur is nie 'n keuse nie. Wanneer ons gebore word, kom dit soos 'n siekte saam met ons in hierdie wêreld (Ef. 2:3). Daarom moet ons weergebore word om ons goddelike natuur terug te ontvang (Joh. 3:3; 1 Pet 1:23).

Wanneer ons weergebore word, neem God weer Sy regmatige plek van heerskappy in ons lewens in en leer Hy ons om te leef volgens Sy bloudruk – ons skeppingsdoel. Die verderf en verwoesting wat plaasvind wanneer ons teen Sy wil leef is duidelik. Kyk maar net hoe 'n stukkende, verskriklike plek die wêreld geword het omdat mense volgens hulle eie raadsbesluit en keuses leef. Die teenoorgestelde is ook waar: Wanneer almal volgens Jesus se gedragskode en waardes leef, sal dit hemel op aarde wees. Dit sal 'n wêreld wees sonder ambisie, bitterheid, wraak, haat, selfsug, eiegeregtigheid, selfverryking, rassisme, egosentrisme, onreg en ongehoorsaamheid.

Net so natuurlik as wat sonde kom vir die mens wat nog nie wedergebore is nie, so natuurlik en spontaan kom heiligheid vir die weergebore persoon. Paulus gee 'n raak verduideliking van hierdie bestaan in Romeine 7:19: "*Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.*"

Die teenoorgestelde gebeur egter vir die weergebore gelowige: Ons dink soms daaraan om slegte goed te doen maar wanneer dit by doen kom, dan doen ons die regte ding sonder om te dink. Ek vind dit moeilik om iemand te vergewe, maar wanneer die persoon voor my staan, wil ek die persoon vergewe. Ons natuur het verander (2 Kor. 5:17). Ons is met God verenig en Hy lewe nou deur ons, soos ons Hom toelaat.

### Vir Die Apostels Was Die Einddoel Van Al Hulle Bediening Altyd Christus

"...*totdat Christus volkome in julle gevorm word*." (Gal. 4:19);

"...*om elke mens volmaak in Christus Jesus te stel*." (Kol. 1:28-29);

"...*julle aan een man verbind, om julle as 'n rein maagd aan Christus voor te stel*." (2 Kor. 11:2);

"...*niks anders onder julle te weet as Jesus Christus en Hom as die gekruisigde*." (1 Kor .2:2);

"...*nie ledig of onvrugbaar tot die kennis van ons Here Jesus Christus nie*." (2 Pet. 1:8);

"*...eenheid van geloof en kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus*." (Ef. 4:13).

Die vrug van geregtigheid wat by gelowiges pas is die lewe en karakter van Jesus, opgesom in die vrug van die Heilige Gees as ons nuwe natuur (Gal. 5:20-22).

Dit beteken dat die einddoel van al die gawes en werk van die Heilige Gees ook die natuur en lewe van Christus is. Volheid van die Heilige Gees is om gevul te wees met die karakter van Jesus Christus. Hoe voller ek van die Gees is, hoe meer sal ek die natuur en karakter van Jesus openbaar. Heiligheid is dus nie hoe eksentriek ek kan wees nie, maar of ek die natuur, hart en persoon van Jesus openbaar. Heiligheid beteken bloot dat ek vol is van God se teenwoordigheid! Wanneer jy baie tyd met iemand deurbring, veral as die persoon 'n baie sterk karakter het, dan begin mens al hoe meer soos die persoon klink, praat en lyk. Ons menswees boots spontaan die sterkste karakter na, waaraan ons blootgestel word. Wanneer Jesus verwys na die vrug wat ons dra, verwys Hy na die karaktereienskappe van God in ons lewens.

Die waarheid van die Jesus-lewe is 'n universele beginsel en die kerk het nie noodwendig kopiereg op Jesus nie – Die mense wat oor die eeue heen die mees langdurende indruk op die mensdom gemaak het, was diegene wat die meeste volgens Jesus se lewe geleef het. Moeder Teresa, Gandhi en Billy Graham om net 'n paar te noem. Alhoewel al dié persone nie noodwendig 'n intieme verhouding met God gehad het nie, en ook nie noodwendig belydende Christene was nie, het hulle lewe die meeste indruk op die mensdom gemaak omdat hulle bereid was om radikaal volgens Jesus se lewe te leef. Dit is soms nogal ontnugterend om te erken dat baie mense wat nie aktiewe belydende Christene en kerkgangers is nie, in sekere fasette van hulle lewe baie soos Jesus optree en leef. Weereens, Jesus se leefwyse is die beste manier om hierdie lewe te leef. Baie mense vind Jesus buite die mure van die kerk.

### Om Jesus Se Lewe Te Leef Gaan Jou Lewe kos!

Dis die raaisel en misterie van die Jesus-lewe: Jy kan nie Sy lewe naboots en soos 'n selfhelp-ghoeroe probeer om dit in stappe te verdeel nie. Sy lewe gaan jóú lewe kos (Matt. 16:24)."*Toe sê Jesus vir Sy dissipels: 'As julle my volgelinge wil wees, moet julle julle eie, selfsugtige ambisie prysgee, julle kruis op julle skouers neem, en agter My aan kom*.' "

Sy lewenstyl is lynreg in teenstelling met die lewenstyl van die wêreld. Matthéüs 5 tot 6 is die moeilikste hoofstukke in die Bybel om uit te leef, daarom is ons lief om daaroor te praat en te debatteer, want om dit te doen is gans onmoontlik vir die eie-ek. Elke daad wat hier bespreek word en beveel word, kos jou alles. Dit kos jou jou regte, jou drome, jou ambisie, jou eie wil. Alles! Dit is hoekom so min mense die ware karakter van Jesus openbaar, want alhoewel ons soms reg doen en goed doen, is Sy lewe alleenlik moontlik wanneer ons 'n algehele oorgawe maak om onsself te verloën en Sy wil te doen. Dit raak 'n lewenstyl – dit is nooit maklik nie en dit hou nooit op nie. Elke ware kind van God word daagliks uitgedaag om dinge "anders" te doen.

As jy jou lewe wil vind, moet jy dit verloor.

As jy mense wil lei en voor loop, dien mense.

As jy meer wil hê, gee meer weg.

As jy aansien wil verkry, wees meer onopvallend.

As jy vry wil wees, spreek ander vry.

As jy wil oorlog maak, maak eerder vrede.

Dit is heeltemal in kontras met wat die eie-ek wil doen. Daarom moet elke mens by die plek kom waar jy moet besluit: Glo ek in Jesus of nie? Gaan jy Sy lewe leef of nie? Daar is nie 'n middeweg wat volhoubaar is nie. Kompromie werk vir 'n kort tydjie maar deurstaan nie die toets van tyd en vervolging nie. Sommige kan probeer om al die mooi goed te doen vir die aansien van mense,

maar wanneer vervolging en verdrukking oor ons pad kom, dan kom self-oorlewing sterk na vore. Iemand wat sy lewe in Christus verloor het, se Jesus-lewe skyn juis helderder onder druk. Dis juis dan wanneer Sy lewe in ons die helderste skyn! Deur die eeue was daar 'n menigte heiliges wat hierdie lewe geleef het en vandag nog skyn hulle lewens Sy heerlike lig! Lewens van selfopoffering. Hulle het nie hulle lewe as kosbaar geag nie, maar was bereid om bo alles aan God gehoorsaam te wees. Hulle lewe roep ons op om hierdie reis saam met hulle te voltooi. Mag die kerk van die laaste dae Sy lig en lewe nog meer deur ons laat skyn.

Mense wat aan Hom oorgelewer is sal Sy karakter openbaar: vergenoegdheid, nederigheid, vol van geloof, vorstelik en onbeweeglik ten opsigte van wat reg en waar is, sagmoedig, liefdevol, vol lewenslus en passie, inskiklik en gemaklik met hulleself, vreugdevol en gelukkig, vol innerlike vrede en rustigheid, sensitief vir menslike nood en hulle doen boonop iets daaraan. Dis mense wat deur hulle dade van Jesus getuig. Jy kan dus Jesus se lewe in hulle dade opmerk. Hulle volwassenheid van karakter laat hulle toe om selfs onder teenkanting nie reaktief te lewe nie, maar juis dan Sy manier van doen te openbaar.

Hierdie lewe kom nie vanself nie – dit is nie in die mens nie (Jer. 10:23). Dit gebeur alleenlik wanneer ons ons eie lewe neerlê en in die geloof Sy lewe ontvang (Gal. 2:20). Ons reken onsself dood (Rom. 6:11) en offer onsself in ons daaglikse lewenswyse as lewende, heilige offers om Sy wil te doen (Rom. 12:1). Soos ons op Hom wag om Sy manier te leer, kom wys die Heilige Gees die weg en lei ons in die waarheid. Hy leer ons om ons vyande en vervolgers te vergewe, dié wat ons beroof het vry te spreek en te seën, en te bid vir dié wat ons misbruik.

Paulus som hierdie lewe op in 1 Kor. 4:10-15; 2 Kor. 4:8-18; 2 Kor. 6:3-10; 2 Kor. 11:23-28:

Seën wanneer jy uitgeskel word

Verdra wanneer jy vervolg word

Troos wanneer jy belaster word

Wees baie geduldig

Leef sy geregtigheid van reg lewe:

Deur reinheid

Deur kennis

Deur lankmoedigheid

Deur die Heilige Gees

Deur opregte liefde

Deur die Woord van waarheid

Deur die krag van God

Deur die wapenrusting van geregtigheid.

Wat Paulus hier vir ons wys, is dat hy in elke krisis 'n goddelike antwoord en strategie ontvang het om te oorwin en staande te bly. Hy is nooit 'n slagoffer van slegte omstandighede nie, maar het deur Jesus se leefwyse antwoorde verkry om elke uitdaging te oorwin.

### Hoe Word Ons Meer Soos Jesus?

Jy kan nie 'n toeskouer van hierdie 'Jesus-lewe' wees nie. Die enigste manier om die seën van Sy lewe te ontvang is om Jesus te leef. Jy kan dit dus nie deur iemand anders ontvang nie. Hy Self is die bron, anders eet ons weer van die boom van kennis van goed en kwaad. Niemand kan dit vir jou doen en namens jou die prys betaal nie. Jy moet self jou eie lewe opgee en in die geloof Sy lewe ontvang. Slegs dan bewerk Hy Sy lewe in jou. *"En moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou,*

*sondige mens en sy gewoontes gebreek en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God."* (Kol. 3:9-10).

Jy moet Hom ontvang. Jy neem Sy lewe aan as jou eie. Jy trek Hom as't ware aan as jou nuwe identiteit. Om te strewe om soos Hy te wees, bly 'n strewe soos 'n wortel aan 'n stok voor 'n donkie se neus. Strewe is nie genoeg nie. Dis soos Nuwejaarsvoornemens wat nooit realiseer nie. NEE, jy neem Sy lewe in die GELOOF aan. Ek is saam met Jesus begrawe en Hy is elke dag besig om meer en meer in my op te staan soos ek Hom in die geloof gehoorsaam. Hoe meer ek van Jesus in my bewus raak en begin fokus op dit wat Hy alreeds in my is, hoe meer raak ek soos Hy. Hoe kry jy die lug uit 'n glas? Deur dit vol water te maak. Hoe oorwin jy sonde in jou lewe? Deur vol te wees van Jesus. Ons fokus is nie sonde nie, ons fokus is Jesus en die werk wat Hy vir ons aan die kruis gedoen het. Ons soek dus altyd eerstens Sy geregtigheid, nie ons eie nie. (Matt. 6:33).

Om soos Jesus te wees is gans onmoontlik vir die mens. As ek net dink aan al die karaktertrekke van Jesus, weet ek nie waar om te begin nie. Dank God dat die Heilige Gees ons lei en ons in alle waarheid help. Hy lei ons elke dag. Hy gee ons daagliks instruksies en lei ons om Hom te vertrou. Vir elkeen gee Hy ander opdragte en bevele, want Hy is met elkeen van ons op reis na dieselfde doel – Jesus. Soos ons hoor en gehoorsaam, voel dit soms of ons ook soos Jesus wil vra: *"Laat hierdie beker by my verbygaan, Here!"* Hy bewerk egter die vermoë en genade in ons om die opdrag uit te voer en soos ons dit doen, ervaar ons 'n heerlike opstanding in ons. Genade is nie eenmalig gegee nie, maar is die kragtige werking van God wat daagliks in ons werk (Fil. 2:13). Hoe weet jy of jy in genade leef of nie? Jy weet dat dit nie jy is nie, maar genade. Jy het duisend keer probeer en gefaal, maar hierdie keer is dit Hy wat die werk in jou doen. Dis nie hoe hard jy probeer nie, maar hoe hard jy glo in Sy werk.

Of jy alreeds 'n navolger is van Jesus, of aangetrek voel om 'n navolger te word, weet dit is 'n reis met 'n Persoon. Ons probeer altyd praat van die vertrekpunt; iewers 'n punt op ons reis, nie die eindpunt asof ons dit alreeds bereik het nie. Hy lei ons nog steeds elke dag in die Waarheid. Mag die stukkies openbaring van lig in die studiegids jou innooi om self die Lig te sien! Jesus help ons om ons skeppingsdoel merk, standaard te sien en te leef!!

My gebed vir jou wat die woorde van die boek lees, saam met Paulus: *Ek bid ons wonderlike Vader, die God van ons Here Jesus Christus, dat Hy julle sy Gees sal gee, want dit is die Gees wat vir julle die dinge van God duidelik kan maak en julle kan help om dit te verstaan sodat julle Hom kan ken.* [14]

[14] *Die Lewende Bybel*, (Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy, 1982), Eph 1:17.

# Hoofstuk 3

## AGTERGROND

DIE POLITIEKE & EKONOMIESE TAFEL GEDEK VIR DIE OPENBAARMAKING VAN CHRISTUS

(400VC – 27VC)

**DIE** geskiedenis wys ons presies hoe God die tafel gedek het vir die openbaarmaking van Sy Seun, en die verdere mobilisering van Sy Liggaam, die Kerk. Alhoewel die wêreld waarin Jesus opgegroei het, radikaal verskil van vandag, is daar ook wesenlike ooreenkomste.

Soos ons die heilsgeskiedenis van die Bybel bestudeer, is dit interessant om te sien hoe God Sy verbondsvolk Israel reg in die middel van wêreldmoondhede se bedrywighede posisioneer: eers Josef in Egipte, toe Daniël in Babilon, Nehemia en die Persiese koningskap en toe Jesus te midde van Romeinse oorheersing.

*"Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur."* (Gal. 4:4).

### 336 v.C. – Alexander die Grote

'n 16-jarige jongman word deur die beroemde filosoof, Aristoteles, opgelei as koning in Masedonië Griekeland – Alexander. Later sou hy die titel "die Grote" by sy naam voeg. Hy het die strydende Griekse stadstate verenig en binne nege jaar die Persiese Ryk (Persië) en Antieke Egipte verower tot by die grense van Indië.

Griekeland word beskou as die wieg van die Westerse beskawing, die geboorteplek van demokrasie, Westerse filosofie, Westerse letterkunde, historiografie, politieke wetenskap, wetenskaplike en wiskundige beginsels, Westerse drama, sowel as die Olimpiese Spele.

Die Antieke Grieke het vroeg begin om kolonies rondom beide die Middellandse See en die Swartsee te stig en handel te dryf. Vroeë kulturele sentrums sluit in Athene, Sparta, Thebe, Thessaloniki, Alexandrië, Smirna en Konstantinopel.

Die Grieke is bekend vir hul bydraes tot die wêreldtaal van die tyd en die vertaling van die Hebreeuse Bybelse OT in Grieks, die Septuagint. Verder vind die vergrieksing van die wêreld plaas deur die kultuur, kuns, verkenning, letterkunde, filosofie, politiek, argitektuur, musiek, wiskunde, wetenskap en tegnologie, besigheid, kookkuns en sport. Die Griekse mitologie is een van die bekendste en het die latere Romeinse mitologie sterk beïnvloed.

In Alexander se optog om die wêreld te verower, kom hy op 'n dag voor Jerusalem te staan. Volgens Josefus het die hoëpriester van die tyd, Jaddua, wat Godvresend en wys was, Alexander buite die stad met 'n groep priesters tegemoet gegaan. Alexander het blykbaar net die vorige nag

'n gesig gesien van priesters in wit geklee wat hom ontmoet. Die hoëpriester het toe vir hom die Skrifte uit Daniël voorgehou (Dan. 7).

*"My nagtelike visioen het voortgeduur en toe ek weer sien, was daar 'n vierde dier ~ dit is nie 'n gewone dier nie. Dit het buitengewone eienskappe."* Dit verteenwoordig die Griekse Ryk, Alexander die Grote (336-323 v.C.). Toe Alexander homself in die antieke skrifte raaksien, het hy Jerusalem in vrede gelaat. [15] Na sy dood word sy ryk tussen sy vier generaals verdeel.

### 203 v.C. – Antiogus Die Grote

Hy word Koning oor Sirië, noord van Palestina. Sy broer, Antiogus IV Epifanes, neem oor en word algemeen beskou as die antichris van die Ou Testament.

Die Jode het geweldig onder hom gely. Hy het die Jode gedwing om hom en sy gode te aanbid. Hy het op 'n keer die stad binnegeval, 'n vark op die altaar geslag en die hele tempel met die vark se bloed besprinkel. Dit was 'n verskriklike ding vir die Jode. Die optrede van Antiogus word in stygende orde van sy verwaandheid herhaal om die klem daarop te plaas: die daaglikse offer in die tempel deur heidene; die skrikwekkende sonde om 'n verbode dier te slag; en die "*gruwel van verwoesting*" (in Dan. 11:31; 12:11), naamlik die beeld van Zeus.

Daniël verklaar dat die heiligdom na twee-duisend-drie-honderd aande en oggende herstel sal word, met ander woorde, kulties gereinig sal word. (Dan. 7:25).

### Die Makkabese Opstand

Volgens een van die apokriewe boeke van daardie tyd (1 Makkabeërs 1:54) het die ontheiliging van die tempel op 15 Kislev, dit is in Desember 168 v.C., en die herstel op 25 Kislev of Desember 165 v.C. (1 Makkabeërs 4:52) plaasgevind.

Dit was die belangrikste winspunt van die Makkabese opstand wat tot in dié stadium kortliks soos volg verloop het: 'n Siriër het eendag op die dorpie Modin, in die Efraimsberge, 'n Jood gedwing om 'n offer op 'n heidense altaar te bring. Mattatias, 'n priester, het so kwaad geword dat hy die Siriër doodgeslaan het. Daarmee het die Jode se opstand teen die Seleukiede begin.

Mattatias, sy vyf seuns en ander wetsgetroue Jode het deur die land getrek en die heidense altare omgegooi. Judas het sy pa, Mattatias, ná dié se dood opgevolg. Judas se bynaam was Makkaab, wat "hamer" beteken.

Daarna het hy Jerusalem binnegetrek, die Zeus-kultus uit die tempel verwyder en die tempeldiens in 165 v.C. herstel. (Hierdie gebeurtenis word jaarliks deur die Jode op hulle Ganukkafees herdenk. In Johannes 10:22 word dit die fees van die tempelwyding genoem.)

Nou het die Jode weer godsdiensvryheid geniet. In dié tyd floreer Israel deurdat daar feitlik in elke dorp 'n sinagoge opgerig word. Die Jode het net een tempel in Jerusalem waar al die offers gebring is. Die sinagoge is opgerig vir gebed, samekoms, armoedeverligting en onderrig in die wet.

Die godsdiensvryheid het bykans 130 jaar geduur totdat die politieke vryheid deur die Romeine ontneem is en die Romeinse keiser in 27 v.C. beheer geneem het van die gebied.[16]

### Die Vergriekse Jode

Alhoewel hulle godsdiensvryheid beleef het, was die Griekse invloed so sterk dat, teen die begin van die 2de eeu v.C., vergriekse Jode in beheer van die priesterdom gekom het. Hulle was ook die

---

[15] http://www.jewishencyclopedia.com/articles/1120-alexander-the-great

[16] The 400 Years between the Old and New Testaments – Ray C. Stedman

rykstes onder die Jode, veral die Onias-familie waaruit die hoëpriesters gekom het. Hulle het die tempeldiens beheer en selfs ’n bank in die tempel bedryf.

## Die Romeinse Ryk

Die stad Rome, is gestig deur die tweeling broers Romulus en Remus in 753 v.C. Romulus het sy broer dood gemaak. In 218 v.C. val Hannibal Italië in. Die Romeinse geskiedenis kan in drie tydperke opgedeel word: Die Koning/monarg tydperk, toe die Republiek, en toe Keiserryk. In die begin het die priesters namens die inwoners offers aan hul gode gebring. Teen 50 v.C. is Rome deur die Etruriërs verower. Die koning van Etrurië is egter later deur die Romeine uit Rome verjaag. Die Romeine besluit toe om nooit weer 'n koning te hê nie, en Rome het 'n REPUBLIEK geword. Twee konsuls is jaarliks gekies om te regeer. Hulle is bygestaan deur 'n senaat van ouer, wyser manne. Rome het geweldig uitgebrei. Die een na die ander groep is oorwin en 'n magtige ryk is na die weste en die ooste en in Noord-Afrika opgebou. Generaals, soos Julius Caesar, het die provinsies beheer. Die konsuls het mettertyd beheer verloor oor die generaals. Opstande en oorloë het gevolg.[17]

Toe Julius Caesar Rome aanval en self wou koning word oor die Ryk, het sy teenstanders hom in 44 v.C. in die senaatsaal doodgesteek. So het die Republiek ineengestort. Teen 31 v.C. het Octavianus (genoem Augustus) die eerste keiser van die groot Romeinse Ryk geword. Dit was een van die grootste ryke in die wêreldgeskiedenis en die bevolking het gegroei tot ’n geskatte 50 tot 90 miljoen.

Gebiede wat deel van die ryk was, het gestrek vanaf Brittanje tot Egipte en het vele nasies en kulture ingesluit. Die Romeinse Ryk het ongeag die verskeidenheid van sy volke, tale en godsdienste tot ’n gemeenskaplike staat, lewensvorm en universele staatsidee ontwikkel, wat as ’n imperium sine fine (“’n ryk sonder grense”) gedefinieer is.

Handel, kuns en kultuur het in die tydperk van die Romeinse Ryk in baie van sy gebiede ’n eerste bloeitydperk beleef en die lewensgehalte, die vlakke van geletterdheid en die bevolkingsyfers in Europa het eeue lank ongeëwenaar gebly. Die Romeine het veral daarop gefokus om handelsroetes, paaie en hawens te ontwikkel, wat natuurlik beweging in daardie tyd geweldig vergemaklik het. Dit was noodsaaklik vir die uitbreiding van die kerk en Paulus en ander se sendingreise.

Een geldverhandelingseenheid word ingestel, alhoewel die tempel in Judea belasting gehef het volgens die Joodse geldeenheid van die tyd. Die Jode mag nie beelde van mense maak nie, daarom was die tempel belasting in ‘n joods-erkende geldeenheid betaal. Jesus het hierdie geldwisselaars uit die tempel gedryf.

## Herodes die Grote

Herodes die Grote was koning van Judea van 73 v.C. tot 4 v.C. In 40 v.C. val die Parthers Palestina aan. Herodes trek terug na die berg Masada en vra Marcus Antonius om hulp. Die Romeine erken hom as die nuwe koning van Judea. Ná ’n magstryd van drie jaar teen Antigonus word hy met Marcus Antonius se hulp koning.

Cleopatra vra die Romeine om Judea aan haar te gee, maar hul weier. Na die dood van Marcus Antonius en Cleopatra probeer Herodes – self ’n Romeinse burger – om Octavianus te oortuig dat hy ’n betroubare bondgenoot is. Die nuwe keiser gee hom selfs ’n groter gebied en gee hom die kopermyne van Siprus, ’n ryk bron van inkomste. Hy is ’n ryk man wat ook in die buiteland bekend is vir sy filantropiese geskenke. Die skeepvaartsbedryf van Rhodos en die Olimpiese Spele word byvoorbeeld deur hom gesteun.

[17] https://cnx.org/contents/rHWlSp__@2.1:S4_EWakR@1/Romeinse-Ryk-Ontstaan-en-leefwyse

Die Jode is nie daarmee tevrede nie, omrede Herodes se koninkryk daardeur nog meer ’n Hellenistiese karakter kry, hoewel Herodes self ’n Jood is en hy die wette en rituele van sy geloof in ’n mate volg om aansien in Judea te behou.

In 20 v.C. besluit Herodes om die tweede tempel van Jerusalem (Zerubbabel se tempel) te herbou en uit te brei. Hierdie tempel was moontlik net ’n paar jaar voltooi toe dit in 70 ná Christus onder keiser Titus verwoes is.

Koning Herodes is veral bekend deur die Kersverhaal in die Bybel (Matt. 2), die besoek van die Drie Konings en die kindermoord wat daarop gevolg het. Dit het baie kunstenaars geïnspireer om dit uit te beeld. Herodes die Grote is nogtans nie die enigste koning met hierdie naam wat in die Bybel genoem word nie. Na Herodes se dood is die koninkryk onder drie van sy seuns verdeel, van wie Herodes Antipas en Archelaus die vernaamste gebiede bekom het. Filippus was die derde, ondergeskikte erfgenaam. Archelaus is in 6 n.C. deur die Romeinse keiser Augustus van sy troon onthef en Judea en Samaria het onder direkte beheer van Rome gekom en is deur prokurators bestuur. Onder die bekendste van hierdie prokurators was Pontius Pilatus, wat Jesus verhoor het. [18]

- In Mattéüs 2:22 word Herodes Archelaus genoem, ’n seun en opvolger van Herodes die Grote wat koning was toe Josef, Maria en Jesus uit Egipte terugkeer na Judea.
- Die Herodes tydens die kruisiging van Jesus (Luk. 23:7-13) was ’n ander seun, Herodes Antipas.
- In Handelinge 12:1-23 word van Herodes Agrippa I melding gemaak. Hy was ’n kleinseun van Herodes die Grote.
- In Handelinge 25 en 26 lees ons van sy seun, Herodes Agrippa II, die agterkleinseun van Herodes die Grote.

### Die Joodse Raad

Die Joodse Raad, is in die NT ’n weergawe van die Griekse woord sunhedrion, vandaar “sanhedrin”, ’n algemene term vir allerlei rade: administratief, juridies, polities, godsdienstig.

Uit die Nuwe Testament is baie min bekend oor die aard en opset van ’n sanhedrin terwyl buite-Bybelse bronne ook nie baie duidelik is nie. Die Misjna, ’n Joodse geskrif oor reëls en regulasies van die Rabbyne, meld in die traktaat Sanhedrin wat oor geregshowe gaan (vgl. Matt. 10:17; Mark. 13:9, grondteks “sanhedrins”) dat die groot Sanhedrin in Jerusalem 71 lede het, kleineres op die platteland 23, en dat hulle lede uit die invloedrykstes van die betrokke gebied bestaan.

In die NT word met verskeie oorvleuelende terme na die lede van die Raad verwys: priesterhoofde, skrifgeleerdes, familiehoofde (Mark. 15:1; Luk. 22:66). Vgl. “priesterhoofde en die hele Joodse Raad” (Matt. 26:59; Mark. 14:55; Hand. 22:30) wat ook as “priesterhoofde en al die ander” verstaan kan word. Vgl. ook Hand. 4:5, “die raadslede, die familiehoofde en die skrifgeleerdes” waar eersgenoemde die laaste twee insluit. Vgl. Hand. 5:21 waar “die leiers van Israel vir ’n volle vergadering van die Joodse Raad” ’n weergawe is van “die sanhedrin en al die leiers van die Israeliete” in die grondteks. Hand. 5:34; 23:6 meld Fariseërs en Sadduseërs, en Joh. 11:47 priesterhoofde en Fariseërs as lede van die Raad.

By die Jode was die Raad in Jerusalem die eintlike gesag oor Joodse sake, maar hulle moes uit die Romeinse oogpunt waarskynlik ook orde handhaaf deur aan die Romeine verantwoordelik te wees. Daarom het Kajafas voorgestel dat Jesus tereggestel word, sodat die volk nie deur die Romeine van opstand verdink kon word nie (Luk. 23:2, 5; Joh. 18:14. Vgl. Matt. 26:66; Mark. 14:63-64).

[18] https://www.wikiwand.com/af/Staat_Palestina

In Hand. 4:15 is “raadsaal” ’n weergawe van “sanhedrin” in die grondteks.

Fariseërs is die naam van die lede van ’n Joodse godsdienstige party wat in die tyd van die NT en ook daarvóór en daarná ’n belangrike rol gespeel het.

Die Fariseërs is gekenmerk deur ’n nougesette gehoorsaamheid aan alle godsdienstige wetsvoorskrifte en navolging van die voorvaderlike tradisies, genoem “*die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte*” (Matt. 15:2; Mark. 7:3). In hulle strewe om die wetsvoorskrifte van toepassing te maak op die hele Joodse samelewing, het hulle self ook talle voorskrifte gemaak wat ’n noukeurige uitleg van die wet van Moses moes gee en moes verseker dat die wet nie oortree word nie (vgl. Matt. 23:13-28).

Hulle lê besondere klem op die onderhouding van die sabbatdag (Matt. 12:2) en op kultiese reinheid (Matt. 23:25-28). Anders as die Sadduseërs het die Fariseërs geglo in die opstanding uit die dood en in engele (Matt. 22:23; Hand. 23:8).

Hulle het ook ’n toekomstige tyd op aarde verwag waarin die ryk van Dawid herstel sou word. Die Christus sou volgens hulle verwagting uit die geslag van Dawid wees en sou koning word van ’n vry en onafhanklike volk Israel (Matt. 22:42).

Sadduseërs is die naam van die lede van ’n Joodse party wat in die tyd van die NT ’n belangrike rol gespeel het.

Die lede van die party was hoofsaaklik afkomstig uit vooraanstaande priesterfamilies en uit die invloedryke lae van die samelewing. Hulle het hulle baie meer as die Fariseërs bemoei met politieke sake en waar hulle kon, hulle invloed by die owerheid probeer uitoefen. Hulle het op belangrike punte van die Fariseërs verskil. Hulle glo nie aan die bestaan van geeste en engele of aan die opstanding nie (vgl. Matt. 22:23; Mark. 12:18; Luk. 20:27; Hand. 23:8) omdat die wet van Moses volgens hulle oortuiging niks hieroor sê nie.

Skrifgeleerde is die benaming vir invloedryke godsdienstige leiers van die Joodse volk. Op grond van hulle noukeurige en toegewyde studie van die Skrif, veral van die wet van Moses, en van die oorgelewerde godsdienstige gebruike van die voorgeslagte, is hulle beskou as gesaghebbende uitleggers van die Skrif wat die voorskrifte vir die godsdienstige lewe van die volk moes bepaal.

Esra is die eerste persoon in die Bybel wat ’n skrifgeleerde genoem word (Neh. 8:14). In Esra 7:6 word hy genoem “…’n geleerde man, kundig in die wet van Moses”. In die Nuwe Testamentiese tyd was van die skrifgeleerdes ook lede van die party van die Fariseërs (Mark. 2:16; Hand. 23:9; maar vgl. Matt. 5:20; 12:38; 23:2; Mark. 7:1; Luk. 5:21). [19]

## Ekonomiese Agtergrond

Hoe het die wêreld gelyk waarin Jesus Hom bevind het? Wie was die mense wat in sy gehore gesit het?

Die Romeine het die Wêreld regeer, deur militêre magsoorname. Hedendaagse lande soos Sirië, Afganistan, Irak, Suid-Sudan, Jemen en Somalië beleef ook ‘n hoë militêre teenwoordigheid. Die Romeine stel een geldeenheid in, banke, en hoë belastings. Hulle ontwikkel infrastruktuur, paaie, hawens, indrukwekkende poorte, en pilaargange, arenas, markpleine waarvan daar van Engeland tot Europa vandag nog sigbare oorblyfsels is. Met om en by 50 – 70 Miljoen mense rondom die Mediterreense See, is Rome die hoofstad, Galilea en Judea het om en by 600000 inwoners en is een van die provinsies wat deur Herodus regeer word.

Die wêreld is deur ryk en magtige families beheer. As jy nie in daardie familie gebore is nie, is dit jou lot, jy kan nie jouself opwerk nie. Die gewone mens het nie ‘n stem of invloed nie. Daar word

[19] http://www.ccel.org/ccel/edersheim/lifetimes.html

nie gestem oor besluite nie. Die klein Joodse groepering het hulle reg tot selfbeskikking verloor toe Julius Caesar in 40 n.C. deur Militêre gesag die opperhand kry. Julius word deur sy eie senaat vermoor, en Augustus word die nuwe prokonsul, wat deur ‘n fyn balans van militêre en ekonomiese mag die wêreld beheer.

Die vergrieksing of hellenisme van die Wêreld is op sy kruin, waardeur die Griekse wysbegeerte, taal, kuns, wiskunde en wetenskap die kultuur en wêreldbeskouing van die wêreld bepaal.

Die ekonomiese demografie van die mense in Galilea lyk soos volg.

1. Keiserlike Elite: vorm 0.04% van die populasie.

2. Streek-of-Distrik elite: 1%: Sommige Militêre regeerders, en afgetrede offisiere. Soos die Romeinse offisier (Luk. 7:1-10).

3. Munisipale Elite 1.76% : Welgestelde hoofde en bestuurders van koningshuise, soos Johanna die vrou van Gusa, 'n hoë amptenaar van Herodes. Hierdie vroue het uit eie middele vir Jesus en die twaalf gesorg (Luk. 8:3).

4. Handelaars en ambagsmanne, belastinggaarders, soldate: ongeveer 7% van die bevolking.

5. Gereelde loonverdieners, ambagsmanne, groot winkeleienaars, vissermanne: beraamde 22% van die bevolking.

6. Kleinboerfamilies, arbeiders (geskoolde en ongeskoolde), ambagsmanne (veral dié wat in diens van ander is), loonarbeiders. Onder oorlewing armoede merk: 40% van die bevolking.

7. Armes: 28 % van die samelewing. Onverbonde weduwees, weeskinders, bedelaars, gestremdes, ongeskoolde dagarbeiders en gevangenes.

Volgens beramings het 9 uit 10 persone naby die bestaansvlak of onder dit gewoon. Daar was geen middelklas nie. Die staat het nie veel kommer vir die armes getoon nie. Die vermoë om 'n mens se sosiale status te verbeter, was gebaseer op met wie jy assosieer. Geen persoon kon op hulle eie van klas verander en opskuif in die sosiale leer nie. Daarom Herodus se gesteldheid om die Keiser in Rome te ondersteun, en ten alle tye sy magbasis te behou deur militêre geweld, interne vennootskappe met die Sanhedrin en geestelike leiers van die tyd.

Daar was, vanuit ’n sosio-ekonomiese oogpunt bekyk, eintlik net twee “klasse” mense: die klein groepie aristokrate (sowat 2 na 3 persent van die totale bevolking) en die groot massa kleinboere (sowat 80- 85 persent van die bevolking). ’n Kleinerige groepie mense (± 8 persent) kan ons beskryf as die “ondersteunersklas” - dit is nou mense soos priesters, skrifgeleerdes, handelaars, belastinggaarders, weermagoffisiere, en so meer.

Die grootste dilemma was egter dat kleinboere vasgevang was in ’n onbreekbare siklus van arbeid, belasting en skuld. Die aristokratiese en hiërargiese waardestelsel van die destydse kulture (en spesifiek dan van die situasie in Romeinse Palestina) het noodwendig veroorsaak dat klein-boere geëksploiteer moes word - dikwels tot op die uiterste van hulle vermoëns. Hierdie mense was oorwegend moeg en honger, en al te bewus van die onontkombaarheid van skuld, van die voortdurende druk om te werk vir die voordeel van ander. Die algehele gemoed van die mense was een van magteloosheid, en vrees.

Die eerste-eeuse Galilea was dus hoofsaaklik landboukundig, met ‘n geringe visserybedryf, en die bevolking daarvan was ekonomies grootliks afhanklik van die welgestelde elite. Van lg. het die meerderheid in die enigste 3 stede Jerusalem, Sepphoris en Tiberias gewoon, waarvan Jerusalem die grootste, die godsdienstige en wetgewende hoofstad. Jesus bedien die grootste deel van sy tyd, in die kleinere dorpies, en vermy die stede soos Tiberius en Sepphoris. Hy woon selfs eerder tydens sy besoeke aan Jerusalem in Bethanië, ‘n klein dorpie buite Jerusalem.

In teenstelling leef die elite in ver verwydering, sonder 'n direkte verband met die gewone mense. Hulle agente het belasting verhaal. Soms het die inwoners die geleentheid gehad om self in die plaaslike gemeentes, die sinagoges, kleiner wettige sake self te hanteer.

Handelaars was herkenbaar deur die simbole wat hulle gedra het. Skrynwerkers het houtspaanders agter hul ore vasgesit, naalde in hul tunieke vasgemaak, en kleremakers het gekleurde vodde gedra.  Hoorsê, was die primêre manier hoe vakmanne hulleself bemark het.

Die armoede in Galilea word ook weerspieël deur die feit dat byna geen oorblyfsels van opbergingsgeboue vir graan of ander produkte by argeologiese opgrawings in Galilea gevind is nie en daar hoegenaamd geen winkels was nie. Die Galileërs het skynbaar alles wat hulle geproduseer het, verteer. Na die huur, belasting, leningsvrystelling en rente was daar eenvoudig niks om mee te handel nie.

Hedendaagse lande met 'n BBP per capita gelykstaande aan die Romeinse Ryk in Jesus se tyd, sluit Tsjad, Haïti, Madagaskar, Malawi, Niger, Sierra Leone, Tanzanië en Zimbabwe in.

Jesus se boodskap is dus vandag nog net so relevant as 2000 jaar gelede.

Daar is 500 teksverse oor gebed, minder as 500 oor geloof, maar 2350 verse oor geld en besittings; in die 4 Evangelies handel een uit elke tien verse (288) direk oor geld; 16 van die 38 gelykenisse wat Jesus vertel het, handel oor die regte aanwending van geld en besittings. Naas die Koninkryk van God, is die “onderwerp” waaroor Jesus die meeste gepraat het, dié van geld en besittings. In die Bybel is geld en die regte gebruik daarvan baie belangrik.

Die grootste frustrasie van die mense was dat die geestelike leiers van hulle tyd, kop in een mus was met die regering van die dag. Die Fariseërs wat probeer het om die volk terug te bring na hulle Bybelse wettiese oorsprong het nog meer wette en reëls voorgestel en afgeforseer, in die naam van vrymaking! Hulle het geglo, deur al hierdie wette getrou na te kom, sal die Here die volk verlos.

Een van die aspekte wat die Evangelie van Jesus Christus onderskei van alle ander gelowe en spiritualiteit is die manier hoe Jesus handel met die realiteite van die lewe: Hy predik nie ‘n ontsnappings-filosofie nie, maar eerder ‘n boodskap van ‘n interne hartsverandering as die beginpunt van gemeenskap ontwikkeling.

# *Hoofstuk 4*

## Ontwaak tot die Ware Jesus Christus

A false christ who is primarily for helping our children get on the honor roll, a false christ who is mainly for helping us run our businesses, or is chiefly for improving our marriages and sex lives, is powerless to deal with the real and most important issue of all: our sin.
Matthew R. Richard, Will the Real Jesus Please Stand Up? 12 False Christs

BUD Collyer, aanbieder van 'Tell the Truth', 1956: "In 1956 was daar 'n televisieprogram, *To Tell The Truth*. Vier bekende persoonlikhede moes vier onbekende persone leer ken. Almal met dieselfde naam. Net een van die vier was die egte, werklike houer van die naam. Die ander drie persone was akteurs. Aan die einde van die spel moes die werklike persoon opstaan – dikwels tot almal se verbasing. Te midde van ons hedendaagse inligting rewolusie en duisende kerke wat elkeen 'n ander stel leerstellings en gebruike voorstaan, roep ons harte instinktief: "Sal die ware Jesus, asseblief opstaan!"

As Jesus vandag moes leef, waar sou Hy bly? Hoe sou Hy lyk? Waarmee sou Hy Homself besig hou? Met wie sou Hy meng en vriende maak? Toe Shane Claiborne en van sy teologiese vriende hulleself hierdie selfde vrae vra, het hulle in Kolkata, Indië, by Moeder Teresa beland. In 1950 stig Moeder Teresa die Missionaries Of Charity, 'n Rooms-Katolieke gemeente wat meer as 4 500 nonne gehad het en teen 2012 in 133 lande aktief was. Die bediening bestuur huise vir mense wat sterwend is aan MIV/vigs, melaatsheid en tuberkulose. Hulle stig ook sopkombuise, apteke, mobiele klinieke, kinder- en gesinsadviesprogramme, sowel as weeshuise en skole. Lede neem geloftes van kuisheid, armoede en gehoorsaamheid, en bely ook 'n vierde gelofte – om "heelhartige gratis diens aan die armstes van die armes te verleen".

In Shane Claiborne se boek, *The Irresistible Revolution*, skryf hy van sy reis om Jesus onder die armste van die armstes te herontdek. [20] Hierdie boek het my lewe in 'n geheel en ander trajek-rigting gestuur, en daag my vandag nog steeds uit, om Jesus te wees in my dorp, en te meng en vriende te maak met die armstes in informele nedersettings.

Die baie name van God is mense se refleksie op en verering van wat God vir elkeen gedoen en beteken het. Hagar, Sarai se slavin, noem God *El-Roi* – die God wat sien (Gen. 16:11-14); Abraham – *Jehova Jireh* – die God wat voorsien (Gen. 22:13, 14); Moses en Josua verslaan die Amalekiete – *Jehova Nissi* – God ons banier (Eks. 17:15, 16); die bitter water van Mara word drinkbaar – *Jehova Rapha* – die God wat genees (Eks. 15:25-27). Die werklikheid is: Hoe God Homself aan jou openbaar die eerste keer, raak die raamwerk van hoe jy Hom verstaan. Mense wat God in 'n kleingroep ontmoet het, glo dit is die beste manier om die Here te dien. Diegene wat Hom by 'n

[20] Claiborne, S. (n.d.). *The irresistible revolution*. Zondervan.

groot evangelisasie geleentheid aangeneem het, glo dit is die wese van God se hart. Alhoewel dit natuurlik deels reg is, moet ons onthou dat God soveel meer is! Daarom is die naam wat God aankondig "Ek is wat ek is" Jahwe, nog die beste beskrywing van wie God is. (Eks. 3:14). God is genesing, maar Hy is ook straf. God is redding, maar Hy is ook oordeel. God maak Homself bekend, maar HY is ook misterieus. Hierdie paradoksale aspekte van Sy karakter is wat Hom 'God' maak! Ons kan Hom nie lokaliseer, of vasvang in ons raamwerk van begrip nie.

### Die Werklikheid van Jesus is Eenvoudig

Die gevaar wat godsdiens deur die eeue betref, is dat ons by nature ons eie afgode maak na ons beeld. Ons het 'n legitieme ervaring met God gehad, maar daar is meer. Deur die eeue is die gevaar dat ons monumente bou, om die bonatuurlike ervaring te herdenk, en dan later begin ons die monumente aanbid. Selfs Petrus het in die slaggat getrap, toe hy voorstel dat hulle 3 hutte oprig vir Jesus, Elia en Moses, tydens die verheerliking op die berg. (Luk. 9:33) Dit is hoe ons begin om afgode te aanbid.

Van die 293 keer waar die woord afgod in die Bybel voorkom, is 39 keer in die NT. Afgodery word elke keer ingesluit in die lysies van sonde en werke van die vlees in die NT (Gal. 5:20; Kol. 3:5). Dieselfde kan selfs met Jesus gebeur. Ons begin een aspek van Sy persoon aanbid, en liefhê. Daarom is my beroep om Hom te volg, nie om Hom te aanbid nie. Ons aanbid wat ons verstaan van God. Daar is meer! Die radikale en mees eenvoudigste realiteitstoets rakende Jesus is:

As jy Hom ontmoet, sal jy nooit weer dieselfde wees nie!

'n Ontmoeting met Jesus is egter meer as net kennismaking. Dit is soos om vanuit jou slaap in 'n vreemde omgewing wakker te word en bewus te word van 'n gans anderse wêreld. Wanneer jy Hom sien, sien jy Hom orals. Hoe meer jy Hom sien en Hom leer ken, hoe meer verander jou manier van sien: Jy sien jouself en die hele wêreld nou in 'n ander lig. Hierdie ontwaking hou nooit op nie, elke dag lei die Heilige Gees ons deur die Woord en deur Sy Liggaam om opnuut te ontwaak tot meer!

### Hoe Ons Jesus Sien

Ons sien Jesus deurdat die Skrif vir ons oopgaan, of omdat ons sy liefde beleef d.m.v. 'n ander volgeling van Jesus wat gehoorsaam is of deurdat ons tot oortuiging kom van ons eie sonde, of omdat ons een of ander bonatuurlike belewenis gehad het, of omdat ons aanvaarding voel in 'n gemeente of kleingroep of omdat Hy ons genees het, of bevry het van boosheid, of omdat Hy ons gehelp het om 'n stukkende verhouding te herstel of omdat ons onsself in Hom ontdek het!

Dis alles Jesus se werk. Ons moet net oppas dat ons nie dink dat ons belewenis van Jesus al is wie Jesus is nie. Daarom is Jesus se oproep dat ons in Hom moet glo, nie om Hom te aanbid nie. Om Hom te volg en nie net te "like" nie. Jesus is 'n persoon, Hy is dinamies, Hy is paradoksaal, Hy is God onmeetbaar, Hy is misterieus! Daarom kan niemand alleen 'n greep op Hom kry en namens Hom praat nie. (1 Kor. 13:12).

*"Maar julle," vra Hy hulle, "wie, sê julle, is Ek?"* (Mark. 8:29).

Dit is van wesenlike belang, van ewige-lewe wesenlike belang, dat elke mens sal seker maak hulle volg die werklike Jesus.

*"Oh, come, come, come into the presence of Jesus and wait on Him, and He will reveal Himself to thee. I pray God that He may use His precious Word. It is simply the presence of the Lord Jesus that is the secret of the Christian's strength and joy. Instead of indwelling sin, an indwelling Christ conquering it; instead of indwelling sin, the indwelling life and light and love of the blessed Son of God".* - Andrew Murray, in *Jesus Himself.*

*"Nie elkeen wat vir My sê: "Here, Here," sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir My sê: "Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?" Dan sal Ek openlik vir hulle sê: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree"* (Matt. 7:21-23).

### Jesus Die Vuurtoring

Godsdiens kapitaliseer op die handelsnaam van Jesus, maar sonder die Persoon Jesus.

Die Antichris, of valse-Jesus-narratief was 'n wesenlike probleem in die Jesus-beweging se ontstaan, maar nog meer so vandag! (Matt. 24:24; Mark. 13:22; Mark. 3:29; 1 Joh. 2:22; 4:3; 2 Joh. 7). "*Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af.*" (2 Tim. 3:5)

Jesus is soos 'n vuurtoring wat elke nou en dan, soos die golwe jou op en af slinger, op die horison blink. Dan sien jy die vuurtoring, dan sien jy net reusagtige golwe. Jesus is soos 'n liniaal, 'n rigsnoer, 'n waterpas wat jou lewe reguit trek. Jy kan Hom nooit net neersit en dink jy kan aanhou bou sonder om Hom gereeld te gebruik nie. Hy is soos die musiekinstrument-instemmer wat gereeld gebruik moet word om seker te maak ons is nog op die noot.

Om Jesus reg te sien is dus onontbeerlik in elke gelowige se bestaan: "*… die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof.*" (Heb. 12:2). Mag ons geestelike ore en oë so verhelder en geoefen raak, dat ons dadelik sal agterkom wanneer ons van die noot af is, en nie meer reguit bou nie.

### Openbaringe Deur Bybelse Karakters

Daar is nie een resep of metode hoe God mense ontmoet nie. Daar is nie een metode of resep waardeur mens gered word nie. Sommige bid 'n sondaarsgebed, ander steek hulle hande op, ander bely hulle geloof openlik. Mense kom op verskillende maniere tot inkeer. Jesus is die middelpunt, Hy is die fokus, maar Hy kies hoe Hy Homself aan elke mens openbaar.

Die Samaritaanse Vrou: "Die vrou sê vir Hom: "*Here, ek sien dat U 'n profeet is.*" (Joh. 4:19).

Die sondaar aan die kruis: "En hy sê vir Jesus: "*Dink aan my, Here, wanneer U in u koninkryk kom.*" (Luk. 23:42).

Johannes: "*Daarop het ook die ander dissipel wat eerste by die graf gekom het, ingegaan, en hy het gesien en geglo.*" (Joh. 20:8; Op. 1:10-18).

Thomas: "*Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het.*" (Joh. 20:29).

Die Emmaüsgangers: "*Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn. Hulle sê toe vir mekaar: "Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie?*" (Luk. 24:31).

Paulus: "*Wie is U, Here?" En die Here antwoord: "Ek is Jesus wat jy vervolg. Dit is hard vir jou om teen die prikkels te skop." En terwyl hy bewe en verbaas was, sê hy: "Here, wat wil U hê moet ek doen?*"(Hand. 9:5-6).

Petrus: "*Maar julle, wie sê julle is Ek? En Simon Petrus antwoord en sê: U is die Christus, die Seun van die lewende God. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is.*" (Matt. 16:15-16).

Johannes: "*Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe. Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons*

*geopenbaar is. Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus. Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.*" (1 Joh. 1:1-4).

### Sonder Christus…

Sukses sonder Christus is arrogansie.

Kerk sonder Christus is dooie godsdiens.

Onderwys sonder Christus is leë filosofie.

Genesing metodes sonder Christus lei na verslawing.

Menslikheid sonder Christus is humanisme.

Wette sonder Christus is wetsverering.

Gebed sonder gehoorsaamheid aan Christus is heksery.

Voorspoed sonder Christus is materialisme.

Eenheid sonder Christus is 'n mensgerigte Babel.

Visie sonder Christus is ambisie.

Werk sonder Christus is slawerny.

Aanbidding sonder Christus is afgodsdiens.

### Die Ware en Die Vals

Deur die kerkgeskiedenis kan mens duidelik die op-en-af-fluktuasie van tye wanneer ons wel op die noot was en tye wanneer ons vals was, raakhoor en raaksien.

Wanneer mense Jesus regtig ontmoet het en Hy vir jou 'n werklikheid is: is jy vry van verslawing en destruktiewe lewenstyle en gewoontes; is daar eenheid en 'n dryfkrag om Sy liefde aan ander oor te dra; wil jy bid en gaan die Skrif vir jou oop; is jy bereid om vervolging te verduur; is daar 'n innerlike sin vir reg dink en reg doen; kan jy doen wat Hy gedoen het; is daar 'n trekkrag na deel wees van die geloofsgemeenskap; is daar begeerte om te groei en teregwysing te ontvang; is jy nie meer skaam vir Hom nie. "*Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo*." (Rom. 1:16).

Die lys kan nog aangaan. Maar dis eenvoudig: Waar Jesus lewe en regeer verander Hy ons elke dag. Hoe meer ons Hom leer ken, hoe meer leer ons onsself ken (sien Kol. 3:2).

Watchman Nee leer in sy boek, Christ The Sum of All Things, [21] dat ons nie sonde, verkeerd doen, die merk mis, oorwin deur een of ander metode nie. Jesus is die metode! Daarom bly ons by Hom, volg ons Hom, sien ons Hom en word ons verander van heerlikheid tot heerlikheid! (sien 2 Kor. 4:18).

### Jesus het regtig fisies bestaan.

Sommige leer dat Jesus nooit regtig geleef het nie, maar een of ander pseudo-argetipe skyn-Jesus was. Dis juis Sy menswees wat ons inspireer, hoop gee en anker, sodat dit vir gewone mense moontlik is om soos Jesus te leef. Jesus se fisiese lewe tussen ons, is die krag van die evangelie. Anders is sy leerstellinge bloot filosofies van aard, sonder enige praktiese implikasie. Jesus het wat Hy geleer het, geleef. Sy instruksie om jou wang te draai as jou vyand jou slaan, en vir hulle

[21] Nee, W. (1973). *Christ the sum of all spiritual things*. New York: Christian Fellowship.

te bid wat jou misbruik, is letterlik vervul en toegepas tydens Sy kruisiging en verhoor. (Jes. 50:6; Matt. 5:39; Joh. 19:3).

### Jesus Het Regtig Opgestaan

Die verdere direkte aanval teen ons geloof is die bewering dat Jesus nie werklik opgestaan het nie. In 1995 het O.J. Simpson tereggestaan op die moorde van sy eksvrou en haar vriend. Dit word onthou as die mees gepubliseerde kriminele verhoor in die Amerikaanse geskiedenis. Dit blyk dat al die getuienis op O.J. Simpson se skuld gedui het. Die belangrikste bewysstuk wat die vervolging se saak ontrafel het, was 'n bloedbevlekte handskoen wat op die misdaadtoneel gevind is. O.J. se hoëprofiel advokaat, Johnnie Cochran, het aan die jurie gesê: "As dit nie pas nie, moet u vryspraak doen!" Simpson is op grond van redelike twyfel uiteindelik vrygespreek. Baie beskou dit as een van die grootste ongeregtighede in die geskiedenis van strafregtelike verhore.

Die opstanding van Jesus Christus is die kernbewys en anker van ons geloof. As Jesus nie opgestaan het nie, is ons geloof sinloos en bloot mooi morele beginsels. Lees die hele 1 Korinthiërs 15: "*As Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes*." (1 Kor. 15:17).

Selfs in hierdie hoofstuk, en die manier waarop Paulus hieroor skryf om as't ware die vyande van ons geloof ammunisie te gee, wys op die vastigheid van sy eie oortuiging. Hy was immers ook eers 'n vervolger van die volgelinge van die Weg. Dit is die een aspek van ons geloof waar die getuienis vir Sy opstanding bloot oorweldigend en onteenseglik is. Dis die een aspek waaroor ons nie hoef rond te trap en te wonder nie!

Jesus het verskeie kere Sy volgelinge openlik vertel dat Hy tot die dood veroordeel gaan word en dan op die derde dag gaan opstaan (Matt. 17:23; Mark. 8:31; 10:34; Luk. 9:22). Dit is soos Bono, die bekende sanger van U2, sê wanneer hy C.S. Lewis aanhaal wat ook eers 'n ateïs was, maar wat tot inkeer gekom het: "Christus was óf 'n leuenaar óf 'n waansinnige óf die Here." Die feit dat Hy openlik Sy einde voorspel en dan presies doen wat Hy gesê het, is die krag van die evangelie.

Sy eie dissipels moes eers oortuig word, want hulle twyfel aan die begin word nie verbloem of weggesteek nie. Hy sê toe vir hulle: "*Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte?*" (Luk. 24:38). "*When they saw Him, they worshiped Him; but some doubted.*" (Matt. 28:17).

Wanneer volgelinge 'n leuen fabriseer, oordoen hulle die positiewe en swyg oor die foute, veral hulle eie tekortkominge. "*En ons is getuies van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang. Maar God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn, nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het.*" (Hand. 10:39-41).

Die dissipels se getuienis is deurslaggewend omdat hulle nie finansieel sou baat of posisies van aansien deur die opspraakwekkende getuienis sou verkry nie. Inteendeel, hulle en hulle geliefdes en familie is almal vervolg as gevolg van hulle geloof in Jesus se opstanding. Hulle getuienis is ook 'n radikale wegdraai van hulle eie opvoeding, kultuur en selfs nasionaliteit (sien Joh. 2:22; Luk. 24:33-35; Joh. 20:8, 18, 26-28; Hand. 2:32; 3:15; 4:33). [22]

Jesus het aan verskeie mense verskyn: "Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat." (Hand. 1:3).

[22] Geisler, N., Jimenez, J., Geisler, N. and Turek, F. (n.d.). *I don't have enough faith to be an atheist*.

1. Maria Magdalena, eerste persoon wat Hom lewendig sien (Joh. 20:10-18). Die feit dat dit 'n vrou was, wie se getuienis nie gewig dra nie, is betekenisvol. Hoekom nie die inligting eerder weglaat nie?
2. Matthéüs vertel dat Maria Magdalena, en die ander Maria bymekaar was (Matt. 28:8-10). Die verskil tussen Johannes en Matthéüs se weergawes, versterk die joernalistieke perspektief, wat gewoonlik verskil.
3. Kleopas en ander dissipel oppad na Emmaüs (Luk. 24:13-32).
4. Die 11 Dissipels (Luk. 24:33-49).
5. Die 10 dissipels sonder Thomas by (Joh. 20:19-23).
6. Die 11 Dissipels, Thomas bely sy ongeloof (Joh. 20:26-30).
7. Die 7 dissipels wat gaan visvang het (Joh. 21:1-14).
8. Jesus verskyn aan die 11, op die Olyfberg, die hemelvaart (Matt. 28:16-20; Luk. 24:50-52; Hand. 1:4-9).
9. Jesus verskyn aan Petrus (Luk. 24:34; 1 Kor. 15:5).
10. Jesus verskyn aan Paulus (Hand. 9:3-5; 22:6-8; 1Kor. 15:8).
11. Jesus verskyn aan meer as 500 mense (1 Kor. 15:6).
12. Jesus verskyn aan Jakobus, Jesus se eie broer wat eers nie geglo het nie (1Kor. 15:7).

Hierdie eerstehandse ervarings wat individue met Jesus het na Sy dood en opstanding, was die vlam wat die nuwe beweging van volgelinge van Jesus aangevuur het!

### Die Datum van die NT Skriftelike Getuienis

Die kredietwaardigheid van die NT, lê juis in die feit dat die inhoud nog bekend en verifieerbaar sou wees vir die leser van daardie tyd, omdat dit so gou na Jesus se opstanding ter skrif gestel is. Sien die manier hoe Lukas vir Teofilus skryf: "*Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het. Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was. Daarom het ek dit ook goedgedink om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf. So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.*" (Luk. 1:1-4).

Daar word algemeen aanvaar dat die meeste van die NT evangelies en briewe, voor die val van Jerusalem geskryf is, d.w.s. voor 70 n.C. Dit is tog duidelik dat die historiese ineenstorting van Judaïsme, een van die primêre vervolgers van die Jesus beweging iewers genoem sou word deur die NT skrywers. Jesus se kruisiging en opstanding word rondom 32 n.C. gedateer. Dit beteken dat die NT geskrifte dus binne dié 38 jaar tydperk geskryf is. Jesus het gebruiklik deur mondelingse oorlewering Sy boodskap aan Sy dissipels en volgelinge oorgedra. Jesus se eerste preke was gefokus om bekende idiome en geloofsoortuigings wat bekend is onder die mense te konfronteer. Byvoorbeeld: "*Oog vir 'n oog... maar ek sê...*" Verder het Hy van memorisering, herhaling, stories of gelykenisse, gereelde oordrag, konteks in lokaliteit, gebruik gemaak om seker te maak hulle onthou presies wat Hy gesê het. Die werk van die dissipels was om dit so gou moonlik ter skrif te stel. Wat dan beteken dat los fragmente en notas al reeds in Jesus se tyd bestaan het, en toe later saamgevoeg is deur 'n outeur. Moderne Hebreeuse vertalers van die NT het ook ontdek dat die Griekse teks, woordeliks dieselfde ritme, sin konstruksie en idioom as Hebreeus bevat, wat daarop dui dat die teks oorspronklik in Hebreeus geskryf is. Daar is konsensus dat Matthéüs definitief eers in Hebreeus geskryf is, vir 'n Joodse gehoor. Dit beteken dat Markus al so vroeg as 42 n.C., Matthéüs 50 n.C., en Lukas net daarna geskryf is. Die brand van Rome, en Nero se skuldplasing op die Christene en gevolglike wrede vervolging, het in 64 n.C.

plaasgevind. Die NT skrywers maak geen verwysing hierna nie, wat ook verder bydra tot 'n vroeër datering. [23]

### Die Onteenseglike Getuienis Van Die NT

Wanneer jy 'n leuen fabriseer, los jy nie ammunisie wat later teen jou gebruik sou kon word nie. Onthou die evangelies is op verskillende tye, as los boeke geskryf, deur verskillende skrywers elkeen gerig tot 'n spesifieke gehoor.

Die vroue se getuienis is nie weggelaat nie, wetende dat hulle getuienis in Bybelse tye nie gewig gedra het nie. Die verskille in detail, soos die hoeveelheid engele en wie eerste by die graf was, word in die evangelies net so gelos.

Die evangelies is geskryf in die tyd waar die hoorders van die evangelies self ook getuies was van wat gebeur het. Lukas stel dit meer direk, soos reeds vermeld (Luk. 1:1-4).

### Die Dood en Opstanding Word Ook in die Ou-Testamentiese Geskrifte Voorspel:

"*U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie.*" (Ps. 16:10).

"*Ek het my rug gehou vir dié wat my slaan, my wang vir dié wat my baard uittrek. Ek het my gesig nie weggedraai toe ek bespot en bespoeg is nie*." (Jes. 50:6).

Lees die hele Jesaja 53.

### Buite-Bybelse Bronne:

> Hier volg 'n paar aanhalings van buite-Bybelse skrywers.
>
> Daar was 'n vreesaanjaende duisternis oor die hele wêreld; en die rotse het geskeur deur 'n aardbewing, en baie plekke in Judea en ander distrikte is neergewerp. Hierdie duisternis, beskryf deur Thallus, in die derde boek van sy geskiedenis, soos dit sonder rede vir my voorkom, 'n sonsverduistering. Thallus (CA. 52 n.C.) en Africanus (CA. 221 n.C.).
>
> Hulle was in die gewoonte om te ontmoet op 'n sekere vaste dag voordat dit lig was, waar hulle in wisselende verse 'n lofsang tot Christus, soos vir 'n god, gesing het en hulself gebind het aan 'n plegtige eed, nie aan enige goddelose dade nie, maar nooit aan enige bedrog, diefstal of egbreuk pleeg, om nooit hul woord te vervals nie, en ook nie 'n vertroue te ontken wanneer hulle gevra moet word om dit te lewer nie; waarna dit hul gewoonte was om van mekaar te skei en dan weer bymekaar te maak - maar voedsel van 'n gewone en onskuldige aard. Pliny the younger (61-113 n.C.).
>
> Gevolglik het Nero die aantygings van die berig ontslae geraak en die wreedste martelings toegedien aan 'n klas wat gehaat is vir hul gruwels, wat deur die bevolking Christene genoem word. Christus, van wie die naam afkomstig is, het die uiterste straf verkry tydens die bewind van Tiberius onder hande van een van ons prokurators, Pontius Pilatus, en 'n baie onheilspellende bygeloof, wat dus op die oomblik gekontroleer is, het nie net in Judea uitgebreek nie. Die eerste bron van die kwaad, maar selfs in Rome, waar alle dinge afskuwelik en skandelik uit alle wêrelddele hul middelpunt vind en gewild raak. Tacitus (56-120 n.C.) [24]
>
> "Daar was in hierdie tyd Jesus, 'n wyse man, as dit geregverdig sou wees om hom 'n man te noem, want hy het wonderlike dade gedoen, 'n leermeester van mans wat die waarheid

[23] https://www.kwl.com.au/blog/sacraments/dating-the-books-of-the-new-testament/
[24] Missler, C. and Welty, W. (2014). *I, Jesus*. [Coeur d'Alene, Idaho]: Koinonia Institute.

> met vreugde ontvang. Hy het baie Jode na hom toe aangetrek, en ook baie Grieke. Hierdie man was die Christus. En toe Pilatus hom tot die kruis veroordeel het, nadat hy beskuldig is deur die belangrikste mans onder ons, het dié wat hom van die begin af liefgehad het hom nie in die steek gelaat nie, want hy het op die derde dag weer lewend aan hulle verskyn, soos die Goddelike profete hierdie en tienduisende ander wonderlike dinge oor hom voorspel het. En selfs nou het die groep Christene, só na hom vernoem, nie uitgesterf nie" (Josefus, AJ, 18.3.3). [25]
>
> "Heel van die begin af was die oortuiging dat Jesus uit die dood opgewek is dít waarby hulle hele bestaan gestaan of geval het. Daar was geen ander motief om hulle te verantwoord nie, om hulle te verduidelik nie . . . Op geen plek in die Nuwe Testament is daar enige bewyse dat die Christene gestaan het vir 'n oorspronklike lewensfilosofie of 'n oorspronklike etiek nie. Hulle enigste funksie was om te getuig oor dít wat hulle sê 'n ware gebeurtenis was, naamlik die opstanding van Jesus uit die dood . . . Die een werklik onderskeidende feit waarvoor die Christene gestaan het, was hulle verklaring dat Jesus uit die dood opgewek is volgens God se plan, en die gevolglike beskouing van Hom as in 'n unieke sin die Seun van God en verteenwoordigende mens, en die gevolglike begrip van die weg tot versoening." (Anderson, CWH, 100-101)." [26]

### Verdere Bewyse:

Die Fariseërs het onthou dat Jesus gesê het Hy gaan opstaan op die 3de dag, en spesiale reëlings is getref met Pilatus om die graf te seël en te beveilig. Daarom die wagte. (Matt. 27:62-66).

Gamaliël se wysheid, dat as die beweging van die Here is, sal niemand dit kan stop nie. Indien dit egter mensgemaak is, sal dit uitloop op niks (Hand. 5:30-42). Die Jesus beweging was redelik klein in die begin, maar nogtans het baie Jode, skrifgeleerdes, en mense van ander volke en tale Hom begin volg.

Lee Strobel vertel dat na twee jaar se navorsing, het hy bevind: Daar is voldoende mediese en historiese gronde, dat Jesus werklik gesterf het, en nie die foltering op die kruis sou kon oorleef nie. Die getuienis van sy opstanding en die opskrywing daarvan, het baie gou na Sy opstanding plaasgevind, en kon dus betwis word. Die leë graf, en selfs die moordenaars se erkenning hiervan, is oortuigend.

### Die Werklikheid Van Christus se Opstanding Vandag.

Die feit dat Jesus opgestaan het is die middelpunt van ons geloof. Die implikasie vir ons lewe, ons sterwe, en ons stryd met sonde kry nuwe betekenis. Soos 'n goeie vriend Michael Wood altyd sê: "Our lives began, the moment He said it is finished." Dit is die moeite werd om Allan Platt se boek "Dit is volbring"[27] oor hierdie onderwerp te lees. Dit is ook in Afrikaans beskikbaar. Sy opstanding is nie net 'n historiese feit nie, maar 'n geloofsankerpunt. Ons geloof en belydenis van Sy opstanding, werk 'n krag in ons lewe om ook sonde en dood te oorwin. "*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered".* (Rom. 10:9-10).

### Deur die Krag van Sy opstanding beweeg ons van:

---

[25] Mc Dowell, J. (1993). *Evidence that demands a verdict*. Nashville: Thomas Nelson Publishers. (bl 258)

[26] Anderson, J.N.D. "The Resurrection of Jesus Christ." Christianity Today, 29 March 1968.

[27] Alan Platt. (2016). *not do but done (ebook); living from the completed work of christ*. [s.l.]: struik christian media.

- verganklik tot onverganklik.
- sterflik tot onsterflik.
- oneer tot eer.
- dood tot lewend.
- natuurlik tot bonatuurlik.

Die krag van Sy opstanding, is die krag wat ons van die mag van sonde verlos. Deur Sy opstandingskrag verkry ons die vermoë om oor sonde te oorwin! Elke keer in die NT waar daar oor ons stryd teen sonde gepraat word, is die oplossing: ons is nou dood vir sonde, ons het deur Sy opstanding daaroor oorwinning verkry. Sien die volgende belangrike teksverse in hierdie verband. Lees dit aandagtig, nog betern memoriseer dit, totdat die inhoud 'n werklikheid in ons bewussyn word.

Sy opstanding gee ons die krag om in oorwinning te lewe!

Ef. 2:5: "…*toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus — uit genade is julle gered*."

Ef. 1:19-20: "…*en wat die uitnemende grootheid van Sy krag is vir ons wat glo, na die werking van die krag van Sy sterkte wat Hy gewerk het in Christus toe Hy Hom uit die dode opgewek het en Hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele*…"

Daar kan geen sprake van opstanding wees, sonder dat ons sterf nie.

Ons identifisering met Sy dood, en oorgawe, self-verloëning is nodig vir Hom om ons ook op te wek tot 'n nuwe lewe. Ons oorwinning oor sonde is nie ons werke, probeerslae, en besluite nie. Ons oorwinning is Sy opstandingskrag!

Joh. 12:24-25: "*Dít verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in. Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou. As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer*."

Rom. 8:11: "*En as die Gees van Hom wat Jesus uit die dode opgewek het, in julle woon, dan sal Hy wat Christus uit die dode opgewek het, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon*."

Fil. 3:10-14: "…*sodat ek Hom kan ken en die krag van sy opstanding en die gemeenskap aan sy lyde terwyl ek aan sy dood gelykvormig word, of ek miskien die opstanding uit die dode kan bereik. Nie dat ek dit al verkry het of al volmaak is nie, maar ek jaag daarna of ek dit ook kan gryp, omdat ek ook deur Christus Jesus gegryp is. Broeders, ek reken nie dat ek dit self gegryp het nie. Maar een ding: ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is, en jaag na die doel om die prys te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus*."

Rom. 5:17: "*Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus*."

2 Kor. 5:21:"*Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom.*"

Gal. 5:24: "*Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig*."

# Hoofstuk 5

## JESUS IS GOD

Christ either deceived mankind by conscious fraud, or He was Himself deluded and self-deceived, or He was Divine. There is no getting out of this trilemma. It is inexorable. – C.S. Lewis

**DAAR** word veronderstel dat die mense van Jesus se tyd Jesus misverstaan het. Maar dit is duidelik dat dit juis sy openlike self-verklarings dat Hy God is, wat gelei het tot Sy kruisiging. Ons maak dikwels so baie afleidings van wie Jesus is, maar in hierdie Hoofstuk kyk ons spesifiek oor wat Jesus van Homself sê. As Jesus dus self Sy eie biografie sou skryf; wat sê Hy oor Homself? Dit is wesenlik belangrik dat ons hierdie studiegids by spesifiek hierdie Skrifgedeeltes van Jesus begin, dat ons Hom van die begin af reg sal sien. Soos Hy wil hê ons Hom moet sien.

By die eerste kennismaking is dit mooi om op te merk dat Jesus se selfopenbarings vry is van arrogansie en ambisie. Jesus gebruik baie min die eerste-persoonsvoornaam. Hy verwys eerder na Homself in die derde persoon: "*Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op die aarde sondes te vergewe*." Eerder as in ander woorde "ek het volmag om julle sonde te vergewe" (Mark. 2:10). 'n Mens kan jou indink hoe godslasterlik hierdie stelling eintlik is, as jy nie God is nie. Jesus plaas Hom gelyk met God om sonde te kan vergewe, maar dan verwys Hy na Homself in die 3de persoon. Meesterlik, as jy God is, maar skandalig as jy nie is nie.

'n Meer blatante direkte aanval op hulle teologie vind ons in Matt. 22:41-46: Toe die Fariseërs bymekaar was, vra Jesus vir hulle: "*Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy*?" "*Dawid s'n," antwoord hulle Hom. Hy sê toe vir hulle: "Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan 'Here' genoem? Hy sê tog: " 'Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.' "As Dawid self Hom 'Here' noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees?" Jesus maak dit dus baie duidelik aan die skrifgeleerdes: Ek is die een waarna Dawid hier as Here verwys. Petrus gebruik ook hierdie gedeelte op Pinksterdag om te verklaar: "God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!*" (Hand. 2:36).

God is alomteenwoordig, almagtig, en alwetend. Dit is wat Hom totaal en al onderskei van Sy geskapenes. Jesus maak spesifieke verklarings oor Homself in dieselfde terme:

Alomteenwoordigheid: "*want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle*" (Matt. 18:20). En ook Ewig: "*Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld*." (Matt. 28:20).

Almag: "*Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde*." (Matt. 28:18).

Alwetend: "*Niemand weet wie die Seun is nie behalwe die Vader, en wie die Vader is nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil bekend maak*." (Luk. 10:22).

Iemand vertel my onlangs, waar sy 'n droom gehad het van Jesus waar Hy die parodoks van Sy liefde en oordeelsmag verduidelik het. In die droom het Sy die Here gevra om haar Sy persoon as

regter te demonstreer. Hy het by haar kom staan met 'n vlymskerp mes teen haar keel, en gesê: "dit is hoe naby my oordeel is!" Sy het letterlik gesidder, en besef dat ons soms so familiêr raak met Jesus in van die liedjies wat ons sing dat Hy ons beminde is, dat ons nie raaksien dat Hy ook die ewige regter is nie. Die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade vergeld. (Matt. 16:28). Jesus verklaar verder in hierdie vers dat Hy by magte is om engele opdragte te gee: hulle is Sy engele. Weer eens 'n bevoegdheid, wat net God toekom.

...die Seun van die mens sal sy engele uitstuur, en hulle sal uit sy koninkryk bymekaarmaak al die struikelblokke en die wat die ongeregtigheid doen, en sal hulle in die vuuroond gooi. Daar sal geween wees en gekners van die tande. (Matt. 13:41-42). Jesus gebruik weer die 3de persoon voornaam verwysing "seun van die mens" maar dan verklaar Hy dat Hy die mag het om te oordeel. Hy is dus nie net gelyk aan God nie, Hy self is God. Mens kan jou indink hoe godslasterlik dit moes geklink het op die fariseërs, skrifgeleerdes en priesters se ore. Wie is die man, dat Hy sulke dinge kwytraak? Jesus gaan breedvoerig verder en waarsku die godsdienstiges van daardie tyd. "*Daarom, kyk, Ek stuur profete en wyse manne en skrifgeleerdes na julle toe*..." (Matt. 23:33-39). Hy plaas Homself weer eens as God, Hy stuur die profete. Teen die einde sê Hy reguit: "*Want Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat julle sal sê: Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here!"*

Uiteindelik was dit die hoofrede hoekom die Jode Jesus wou doodmaak: Die feit dat Hy Homself gelykstel met God. (Joh. 5:17-29). "*Ek en die Vader is een*." (Joh. 10:30). "*Die Jode antwoord Hom en sê: Dit is nie oor 'n goeie werk dat ons U stenig nie, maar oor godslastering, en omdat U wat 'n mens is, Uself God maak*." Laastens, teenoor die Joodse Raad, die Sanhedrin, maak Jesus dit weer eens duidelik: "*Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God?" Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: "Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel*." (Matt. 26:63-64).

Jesus was dus nie net 'n goeie profeet nie. Hy is God, Hy sit aan die regterhand van die Vader. (Mark. 16:19; Luk. 22:69; Hand. 2:33; Hand. 7:55; Rom. 8:34; Ef. 1:20). "*Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag*" (Heb. 1:3). Jesus het al die raaisels, en misterie rondom die onsigbare Godheid, verwyder. Wie Hom sien, en in Hom glo sal gered word. Lees gerus die boek "I, Jesus an autobiography" [28] van Chuck Missler, wat in baie meer detail Jesus se goddelike self-openbaring ontrafel.

### Jesus die Ewige

Om Jesus werklik te verstaan moet ons ons prentjie rondom die tydlose Jesus verbreed. Jesus is vandag tot in ewigheid dieselfde! (Heb. 13:8). Hy is die begin en die einde, die alfa en die omega. (Op. 1:8; 21:6; 22:13). As ons Hom dus as God sien, dan kan ons nie anders as om Hom ook as die Ewige te sien nie.

### Die Ewige Nou.

Hy is aan die begin en die einde op dieselfde tyd. Soos een teoloog dit stel: "God is onmiddellik en terselfdertyd bewus van alle gebeure. God beleef die 'verlede', die 'teenwoordige', en 'toekoms,' as een." Dit gooi vars lig op die verklarings in Openbaring dat Jesus Christus die begin EN die einde, die Alpha EN die Omega, en Eerste EN die Laaste is. Dit is nie dat Christus eerste die Alpha

[28] Missler, C. and Welty, W. (2014). *I, Jesus*. [Coeur d'Alene, Idaho]: Koinonia Institute.

en dan later die Omega is nie. Dit is dat Christus die Alfa en Omega, die begin en die einde, alles op dieselfde oomblik is. Hoe? Want die lyn van tyd bestaan binne Hom.[29]

Die mens kan nie die ewigheid verstaan, vanuit 'n liniêre tydsbegrip nie. Die storie van die voëltjie wat elke dag sy bekkie slyp op die diamant so groot soos die aarde, is 'n liniêre storie met 'n begin en 'n einde. Die ewigheid het nie 'n begin of einde nie. Alhoewel daar 'n tydsverloop is, is tyd ook soos dimensies bo-op die ander. Verlede, hede en toekoms terselfdertyd. Die skepping is volgens Einstein se relatiwiteits-teorie 'n onlosmakende verhouding tussen ruimte en tyd. Ons wêreld kan vergelyk word met 'n lyn op papier, of 'n papier vol miljoene lyne, dus twee-dimensioneel. Die geestelike wêreld is 'n drie-dimensionele dimensie soos 'n kubus. God is op beide die twee dimensies betrokke, maar ook buite albei; die sogenaamde vierde dimensie.

"You must live in the present, launch yourself on every wave, find your eternity in each moment." ~ Henry David Thoreau.

Die Bybel praat telkemale van 'n realiteit 'voor die skepping'. "*So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.*" (Ef. 1:4). "*Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom.*" (1 Pet. 1:20). Dit beteken dus, dat God buite ons ruimtelike tyd dimensie bestaan.

Die werkwoord in die naam van God kan op verskeie maniere interpreteer word. "Ek is wat ek sal wees," "Ek is wat ek was," "Ek is wat ek is." - Ex. 6:7; Jes. 43:10.

Jesus beklemtoon die woordspeling: Joh. 8:24, 28, 58: "*Dít verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.*"

Daar is twee sienings onder Christene oor tyd en ewigheid. Augustinus sien die ewigheid as 'n tydlose en nie-lineêre realiteit. Newton sien die ewigheid as lineêre tyd met geen begin en geen einde nie. CS Lewis verduidelik ewigheid pragtig deur 'n lyn op 'n stuk papier te trek. Die papier is God, net soos die lyn in die papier ook in God is. Dus is beide perspektiewe waar.

Let op die tyd van die werkwoord in die sinnetjie waar Jesus oor Homself praat: "*Julle sal My soek en nie vind nie; en waar Ek is, kan julle nie kom nie.*" ( Joh. 7:34). Waar is Jesus, terwyl Hy dan voor hulle sigbaar staan?

Jesus leef dus alreeds in 'n ewige realiteit, terwyl Hy ook op aarde in ons tydvlak ruimtelik geleef het. Die gebed: "Laat u koninkryk kom en U wil geskied, hier op aarde soos wat dit in die hemel is", is 'n gebed dat die ewigheid realiteit van God ons aardse bestaan deurdrenk.

Die oomblik wat my begripswêreld ontwaak tot Jesus as die Ewige, dan word dit wat Hy ons aanbied ook ewig! Dit anker ons geloof op 'n dieper vlak. Ons leef in verganklikheid; niks hou nie, niks is vir ewig nie. Tog is ons gees op soek na die ewigheid, ons verklaring van ons liefde vir ons lewensmaat is ewig. Ons glo in die ewige bestaan na die dood. Ons soek 'n nalatenskap, om as't ware ons naam en lewe te verewig. Jesus is egter die enigste toegang tot die ewigheid. [30]

### Jesus Is Ewige Gesondheid

*"Nogtans het Hý óns krankhede op Hom geneem, en óns smarte — dié het Hy gedra; maar óns het Hom gehou vir een wat geplaag, deur God geslaan en verdruk was."* -Jes. 53:4.

*"… en wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is."* -1 Pet. 2:24.

[29] Hendriksen, W. (1967). More Than Conquerors An Interpretation of the Book of Revelation, Grand Rapids, MI: Baker Books.
[30] Eldredge, J. (2017). All things new, heaven, earth and the restorations of all things you love. Harper & Collins.

Die OT verklaar profeties "het Hy ons krankhede..." in die verlede tyd geskryf alhoewel Jesus nog nie op hierdie tydstip gekruisig is nie. Die NT skrifgedeelte sê "wonde julle genees IS" in die teenwoordige tyd geskryf. Jesus is dus vandag genesing vir jou!

Soek die Gesondmaker, nie die gesondmaking nie. Om by Jesus te wees, en Hom te ontvang, is om gesondheid te ontvang. Ons is die meeste gesond, wanneer ons die meeste soos Jesus leef. Jesus is dus nooit nie gesondmaking nie! Wanneer jy dus vol is van Christus, is jy ook vol van Sy ewige liefde, genesing en redding. Jesus is dus nooit nie liefde nie. Hy is liefde! Alles wat Hy gedoen het, en gesê het, was goddelike liefde. Jesus is dus nooit nie genesing nie! Wanneer ek in nabyheid met Jesus wandel, sal ek genesing ontvang, dit is onvermydelik. Hy is die verpersoonliking van ware volhoubare genesing en welstand.

### Jesus Is Die Ewige Lam Geslag

"*Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt.*" - Gen. 3:15.

"*The Lamb slain from the foundation of the World*". - Rev. 13:8. Beide hierdie verse wys duidelik op die geestelike ewige dimensie van verlede, hede, en toekoms terselfdertyd.

"*…omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos, wat wel vooruit geken is voor die grondlegging van die wêreld, maar in hierdie laaste tye geopenbaar is om julle ontwil, julle wat deur Hom glo in God wat Hom uit die dode opgewek en Hom heerlikheid gegee het, sodat julle geloof en hoop op God kan wees.*" -1 Pet. 1:18-21. Daarom is redding eenmalig, maar dit is ook voortdurend. Ons is gered, ons is besig om gered te word, en sal volkome gered word teen die einde van ons tyd hier op aarde.

### Die Ewige Karakter Van God

"*Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak — voor die aangesig van God in wie hy geglo het, wat die dode lewend maak en die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan*"- Rom. 4:17.

"*Dink aan die dinge wat tevore was, van ouds af, dat Ek God is, en daar is geen ander nie; "Ek is God, en daar is niemand soos Ek nie; wat van die begin af verkondig die einde, en van die voortyd af wat nog nie gebeur het nie; wat sê: My raad sal bestaan, en al wat my behaag, sal Ek doen…*" - Jes. 46:9-10.

Dit is belangrik om te onthou dat God se karakter blaamloos en perfek is. Daarom kan ons God nie vergewe as ons voel dinge het skeef geloop, en ons op daardie oomblik in tyd Sy wil nie verstaan nie. God se karakter van goedheid, en Vaderlike soewereiniteit is ewig! Dit is juis wanneer ons die ewigheidsperspektief begryp, dat ons tot terme kom met die tydelike.

### Ewige Wysheid

"*Die Here het my geskep, Hy het met my begin; ek is die eerste wat Hy gemaak het, lank, lank gelede. Ek is lankal daar, van die begin af, voor die aarde daar was. Ek het gekom toe die groot waters nog nie daar was nie, toe daar nog nie fonteine vol water was nie. Voor die berge hulle plek gekry het, voor die rante het ek al gekom, voor die Here die aarde met sy vlaktes gemaak het, voor Hy selfs die eerste grond gemaak het. Ek was daar toe Hy die hemelgewelf opgerig het, toe Hy die horison oor die see afgemerk het, toe Hy die wolke daarbo gesit het, die fonteine onder die diep water laat uitborrel het. Ek was daar toe Hy vir die see sy grens vasgestel het, die waters aan sy wil onderwerp het, toe Hy die fondamente van die aarde afgesteek het. Ek het my kennis by Hom gekry, ek was elke dag sy vreugde; die hele tyd het ek dit by Hom geniet. Ek het my verlustig in die wêreld wat Hy gemaak het, die mense was vir my 'n vreugde.*" - Spr. 8:22–31.

"*Maar ons spreek die wysheid van God, wat bestaan in verborgenheid wat bedek was en wat God van ewigheid af voorbeskik het tot ons heerlikheid…*" - 1 Kor. 2:7.

Om in tyd en ruimte vasgevang te wees, is geweldig beperkend. Jy weet nie op hierdie einste oomblik terwyl jy besig is om hierdie boek te lees, wat jou geliefdes doen, en mee besig is nie. Jy weet nie wat in iemand se hart aangaan nie. Jy ken selfs nie jou eie hart se motiewe nie. Om God te bevraagteken en Hom verantwoordelik te hou vir slegte 'tydelike' gebeure is uiters kortsigtig en arrogant!

### Die Ewige Kerk

*"…die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is."* - Heb. 12:21-24.

### 'n Ewige Evangelie

*"'n Ewige evangelie om te verkondig aan die bewoners van die aarde en aan alle nasies en stamme en tale en volke."* - Op. 14:6.

### Sy Ewige Werke

*"Alhoewel sy werke van die grondlegging van die wêreld af volbring is."* - Heb. 4:3.

### Sy Ewige Koninkryk

*"…beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af."* - Matt. 25:34.

*"Toe het sy stem die aarde geskud; maar nou het Hy belowe en gesê: Nog een maal laat Ek nie alleen die aarde nie, maar ook die hemel bewe. En hierdie woord: nog een maal, wys duidelik op die verandering van die wankelbare dinge as geskape dinge, sodat die onwankelbare kan bly. Daarom, omdat ons 'n onwankelbare koninkryk ontvang, laat ons dankbaar wees, en so God welbehaaglik dien met eerbied en vrees. Want onse God is 'n verterende vuur."* - Heb. 12:26-29.

### Sy Ewige Bestemming en Skeppingsdoel

*"…soos Hy ons in Hom uitverkies het voor die grondlegging van die wêreld om heilig en sonder gebrek voor Hom in liefde te wees… "* - Ef. 1:4.

*"We are His workmanship, created in Christ Jesus for good works, which God prepared from the beginning of the World, that we should walk in them."* - Eph. 2:10.

### Afleidings en Gevolgtrekkings:

– Jesus is nie 'n reddingsboei wat einde ten laaste in die water gegooi is nie.

– Jesus se boodskap en lewe is ewig… en het die tydtoets deurstaan.

– Die onveranderlike karakter van God. "*Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid."* - Heb. 13:8. Sy liefde is ewig!

– Die ewigheid is nie net 'n bestemming of einddoel nie, maar ook 'n leefwyse.

Om in intimiteit met Christus te leef, is om alreeds in die ewigheid te leef. Ons kan dus pyn, lyding, vervolging verduur, want ons innerlike wese is alreeds gevoed, geanker, en verenig met die Ewige Gees van God, geseël met ewige waarhede. Madame Jean Guyon was vir 7 jaar in die Bastile

opgesluit deur die Katolieke kerk, omdat sy innerlike gebed en persoonlike intimiteit met God voorgeskryf het sonder die kerklike reëls en rituele. Hier is 'n aanhaling van een van haar gedigte:

My cage confines me round, Abroad I cannot fly;
But, though my wing is closely bound, My heart's at liberty.
My prison walls cannot control
The flight, the freedom of the soul.

### Hierdie Ewigheid Is Ook In Ons:

Wanneer Jesus die Ewige in ons woon, maak Hy ons lewe tydloos, onverganklik, en gee ons ewige lewe. "*maar die verborge mens van die hart in die onverganklike versiering van 'n sagmoedige en stille gees, wat baie kosbaar is voor God*." - 1 Pet. 3:4-17.

"*…want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly. Want alle vlees is soos gras, en al die heerlikheid van die mens soos 'n blom van die gras. Die gras verdor en sy blom val af, maar die woord van die Here bly tot in ewigheid. En dit is die woord wat aan julle verkondig is*." - 1 Pet. 1:23-25.

Met wedergeboorte begin ons ewige lewe, en is sterwe vir ons wins. Dood het sy angel verloor. Mense is behep om hulle verganklikheid te probeer regmaak met plastiese chirurgie, laser behandeling en wat nog meer. Tog is daar geen middel wat jou ewige lewe gee nie. Onverganklikheid is in Christus alleen!

### Wat Moet Ek Doen om die Ewigheid te Be ërwe?

Die Ryk Jongman: "*En daar kom een na Hom en sê vir Hom: Goeie Meester, watter goeie ding moet ek doen, dat ek die ewige lewe kan hê? En Jesus het hom aangekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: Een ding kom jy kort — gaan verkoop alles wat jy het, en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; kom dan hier, neem die kruis op en volg My*." - Mark. 10:21.

Die Wetsgeleerde:"*En daar het 'n sekere wetsgeleerde opgestaan wat Hom versoek het deur te sê: Meester, wat moet ek doen om die ewige lewe te beërwe?*" - Luk. 10:25. Jesus vertel aan beide die persone die groot gebod: "*Jy moet die Here liefhê met jou hele hart, siel, krag en verstand, en jou naaste soos jouself.*" Daarna toets die Here hulle liefde, deur te verwys na hulle dade. Jesus antwoord die wetsgeleerde met die storie van die barmhartige Samaritaan.

DUS: Die Here soek ewigheid in ons harte. Soos wat hy Homself gee as die EWIGE GEWER, wil Hy hê ons moet ook soos Hy liefhê en onsself gee. Die EWIGE LEWE is meer as 'n eindbestemming, dis ook 'n leefwyse, van lewe gee. Die ryk jongman moes alles verkoop en sy lewe gee. Die wetsgeleerde, fariseër, en Leviet loop by die man verby, en regverdig hulle distansie (afstand-hou?) a.g.v. die feit dat die man 'n Samaritaan is. Hy is soos wat Christene vandag teenoor Moslems voel. Wanneer ons gee, deel, en liefhê soos wat Christus ons voorbeeld is, word ons dade ewig, tydloos, en los ons 'n nalatenskap.

Jesus wil vir ons die EWIGE LEWE gee. "*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.*" - Joh. 3:16.

"*Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe; maar hy wat die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die toorn van God bly op hom*." - Joh. 3:36.

"*Julle ondersoek die Skrifte, omdat julle meen dat julle daarin die ewige lewe het; en dit is dié wat van My getuig. En julle wil nie na My kom om die lewe te hê nie*." - Joh. 5:39-40.

### Jesus is die Ewige Lewe - Hy Is Lewe

Johannes se Evangelie beklemtoon 21 keer Jesus as die Ewige Lewe. En in feitlik al die verwysings, word geloof en gehoorsaamheid as voorwaarde voorgehou. As jy Jesus leef, raak jou lewe onverganklik, ewig en tydloos.

So word Maria onthou vir haar liefde aan die Here, toe sy Sy voete salf met olie: "*Voorwaar Ek sê vir julle, oral waar hierdie evangelie verkondig sal word in die hele wêreld, sal ook gespreek word van wat sy gedoen het, tot 'n gedagtenis aan haar.*" - Matt. 26:13.

Die Bybel is 'n versameling verhale van mense wat hulle lewe in gehoorsaamheid aan die Here oorgegee het, en wie se stories ons vandag nog onthou en bespreek.

Deur Jesus te gehoorsaam, en presies te doen wat Hy sê, raak ons aan onverganklikheid. "*…so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur*." - Jes. 55:11. [31]

[31] Bevere, J. (2017). Driven by eternity. Broadstreet Publishing.

# Hoofstuk 6

## Die Heiligheid Van Christus

Sin is cosmic treason. Sin is treason against a perfectly pure Sovereign. It is an act of supreme ingratitude toward the One to whom we owe everything, to the One who has given us life itself. – R.C. Sproul, the holiness of God

**DIE** woord en konsep 'heiligheid' is 'n vreemde verskynsel vir baie. Sommige mense sal dadelik beelde oproep van eertydse sogenaamde heiliges wat tans in beelde en in portrette vereer word met 'n ligstraal om hulle hoofde. Ander mag dalk dink aan vroom, glimlaglose, eksentrieke figure en persone wat aan die buitekant van die samelewing bestaan het.

Jesus maak heiligheid aantreklik. Kinders en sondaars hou van Hom, en wil graag na Hom luister. Sy heiligheid is liefdevol, toon deernis, en is sagmoedig en selfloos.

Die meeste van ons het al 'n majestueuse uitvoering en skouspel van die kunste beleef, hetsy 'n ballet, opera of simfonie uitvoering, waar ons mooi aantrek en vir 'n paar uur na 'n ander wêreld gelig word. Hierdie oomblikke vertoon die klimaks en hoogtes van waartoe die mens in staat is. In Christus werk Hy Sy heiligheid in ons, en word dit moontlik om natuurlik, sonder inspanning, deur Sy krag en genade, heilig en onberispelik te lewe.

Soos ons, ons toespits op Sy lewe, ons self verloën, en in Sy geregtigheid opstaan, word ons al hoe meer heilig, toegewyd, volmaak, en perfek volgens die gestalte en beeld van die Een wie se aangesig ons bewonder.

### Die Heilige Dienskneg Van God

"*Die engel het geantwoord: "Die Heilige Gees sal oor jou kom en die krag van die Allerhoogste sal oor jou toevou. So sal die kind wat vir jou gebore word, heilig wees, en Hy sal die Seun van God genoem word*." (Luk. 1:35).

"*Los ons uit, Jesus van Nasaret! Het jy gekom om ons te vernietig? Ek ken jou – jy is die Heilige van God!*" (Mark. 1:24).

"*Ek weet U sal my gees nie in Hades agterlaat nie of toelaat dat u Heilige in die graf vergaan nie*." (Hand. 2:27).

"*Dit is wat hier in hierdie stad gebeur het! Herodes Antipas, Pontius Pilatus die goewerneur, die ander volke en die volk Israel het saamgespan teen Jesus, u heilige Dienaar, wat deur U toegerus is vir sy taak*." (Hand. 4:27).

"*Steek U hand uit en bewerk genesing, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van U heilige Dienaar, Jesus.*" (Hand. 4:30).

"*En ter wille van hulle sonder Ek Myself af sodat hulle geheilig kan wees in 'n hegte verbintenis aan die waarheid.*" (Joh. 17:19).

"*Hierdie Hoëpriester van ons kan ten volle met ons in ons swakhede saamvoel, want Hy moes presies dieselfde versoekings as ons trotseer – behalwe dat Hy nie voor die sonde geswig het nie. Kom ons gaan dan met volle vrymoedigheid na die troon van ons genadige God. Hy sal aan ons Sy deernis en onverdiende goedheid bewys sodat ons op die regte tyd gehelp sal word.*" (Heb. 4:15–16).

Die wonderlike realiteit van Jesus se vleeswording is: Hy het vlees geword en nie gesondig nie! Hierdeur het Hy bewys dat dit moontlik is om bloot mens te wees, maar nie te sondig nie. Sommige mense het hierdie idee dat ons menslikheid geskaad is; permanent misvorm is tot 'n sondige wese. Sonde het ons inderdaad misvorm, en probeer dit nog steeds doen. Maar Christus het deur die spreekwoordelike klankgrens gebreek en word die Eersteling van baie broers en susters om volkome mens te wees en nie meer te sondig nie.

Hy was heilig, om daardeur vir ons die Lam sonder vlek te wees.

Hy is heilig, omdat dit is wie Hy is: Hy is heilig, Hy is God. Jesus beliggaam heiligheid. Hy kom wys ons die wese van God se hart en wil (sien Heb. 1:3).

Die Persoon, Jesus, het ons nie net kom verlos van sonde nie, maar gee ons ook Sy geregtigheid. Dis wanneer ek Hom sien, soos Hy werklik is, dat ek anders kyk na my sonde. Ons sukkel om die sondige gewoontes in ons lewens te los omdat dit vir ons werk. Dit vul 'n leemte in ons lewens.

As ons eerlik is, moet ons erken ons geniet dit! Die probleem met sonde is dus nie soseer dit wat ons doen nie, maar oor wie ons is. Die woord vir sonde is **harmartia** wat beteken: om die merk te mis. Watter merk? Die woord "merk" beteken identiteit, bloudruk, plan, seël. Met ander woorde: 'n misrekende of valse identiteit. Ons ware identiteit is in Jesus. Ons is geskape om soos Hy te wees. Wanneer ons enigiets anders probeer wees, vervals ons die egte beeld van dit wat Hy alreeds in ons geplaas het.

Daar is 'n verskil tussen sonde en sondes: Sonde is om jou ware identiteit in Christus te mis. Sondes is die verkeerde dade wat uit 'n misrekende identiteit voortspruit. "*Daarom het Ek vir julle gesê julle sal in julle sondes sterwe, want as julle nie glo dat Ek is wat Ek is nie, sal julle in julle sondes sterwe.*" (Joh. 8:24).

"*Jesus sê toe vir hulle: "Dít verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde.*" (Joh. 8:34).

"*Vir hulle wat aan Christus Jesus verbind is, is die oordeel nou heeltemal weggeneem. Die lewegewende Gees is so magtig dat Hy jou bevry het van die greep van die sonde wat uitloop op die dood. Die wet van Moses kon ons as gevolg van ons sondige natuur nie red nie. Daarom het God vir hierdie doel Sy eie Seun as mens na ons toe gestuur. Sy liggaam was identies aan ons eie liggame – wat deur die sonde aangetas is – maar Hy het nie self gesondig nie. God het Sy Seun as 'n offer vir ons sonde laat dien. Daarmee het Hy afgereken met die sonde se mag oor ons en so vir ons voldoen aan die vereiste van die wet – ons wat nou nie meer volgens ons sondige natuur lewe nie, maar volgens die Gees.*" (Rom. 8:1-4) NLV.

Kan ons perfek wees? Ja dit is moontlik, wanneer ons Sy geregtigheid ontvang.

Kan ons perfek wees sonder om te sondig, soos Christus sonder sonde was? Dit is juis waartoe Christus ons toe oproep. Om heilig te wees soos wat Hy heilig is. Hoekom ons beveel om iets te doen, wat Hy weet ons nie kan doen nie?

Kan ons heilig wees? Onberispelik? Ja ons kan! As ons dit nie glo nie, kan ons dit nooit wees nie.

Hoekom is daar teenkanting teen heiligheid? Want dit is onmoontlik vir die mens om uit sy of haar eie vleeslikheid, heilig te wees.

Wat is heiligheid?

## God is Heilig

"*Thou shalt be perfect with the Lord thy God*."

"*Jy moet opreg wees voor die Here jou God*." NV

*"Jy moet onberispelik wees voor die HERE jou God*." (Deut. 18:13) NLV.

"*Toe Abram 99 jaar oud was, het die HERE weer aan hom verskyn en gesê: "Ek is God die Almagtige. Lewe voor my teenwoordigheid en wees opreg*." (Gen. 17:1).

"*Maar Noag het genade gevind in die oë van die HERE. Dit is die geskiedenis van Noag. Noag was 'n regverdige, opregte man onder sy tydgenote. Noag het met God gewandel*." (Gen. 6:8-9).

"*Noag was 'n opregte man, die enigste onberispelike persoon in daardie tyd. Hy het God se wil deurgaans uitgeleef en 'n noue verhouding met Hom gehad*".

"*God is dit wat my met krag omgord en my weg volkome maak*. " (Ps. 18:33).

"*Toe Salomo oud geword het, het hulle hom verlei om ander gode te dien. Hy het nie meer die Here sy God met soveel toewyding gedien soos sy pa, Dawid, gedoen het nie*." (1 Kon. 11:4).

"*Maar Asa se hart was volkome met die Here al sy dae*." (1 Kon. 15:14).

"*Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: 'n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad*." (Job 1:8).

Bogenoemde Skrifte oor volmaaktheid of om 'n onberispelike perfekte hart voor God te hê, verwys na iemand wat 'n nou pad met die Here loop. Iemand wat gehoorsaam is aan die Here, met onberispelike maniere en wat wegdraai van die bose. Let daarop dat Dawid ook so 'n man na God se hart was ten spyte van sy talle ernstige mislukkings. Hy was volmaak in God se aangesig, en het met 'n perfekte hart voor die Here verklaar: "*Dis my begeerte om u wil te doen, my God want u voorskrifte is in my hart*." (Ps 40:8); "*I delight to do Your will, O my God, and Your law is within my heart."*

## Jesus Se Opdrag Aan Ons Om Heilig Te Wees

"*Wees julle dan volkome in julle liefde, soos julle hemelse Vader volkome in Sy liefde is. Hy het mos álle mense lief*." (Matt. 5:48) NLV.

"*As jy volmaak wil wees, gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir die armes. Dan sal jy 'n skat in die hemel hê. Kom dan en word my dissipel*." (Matt. 19:21).

"*As julle my volgelinge wil wees, moet julle julle eie, selfsugtige ambisie prysgee, julle kruis op julle skouers neem, en agter My aan kom. As julle probeer om julle lewe vir julleself te bewaar, sal julle dit verloor. Maar as julle julle lewe ter wille van My prysgee, sal julle ware lewe vind*." (Matt. 16:24-25).

Jesus kom van die Vader af en sê net wat Hy hoor. Hy maak inderdaad hierdie stelling: Ons as gelowiges behoort op aarde volmaak te wees net soos ons Vader in die hemel volmaak is.

Vir die menslike oor klink dit nie reg nie, maar ons moet soos Christus dink. En Hy sal vir ons voorskryf hoe dit moontlik is om so 'n perfekte lewe te lei – Hy vertel deur die verhaal van die ryk man hoe om perfek te wees en Hom te volg.

Hy leer ons ook wat dit beteken om Hom te volg. Ons kan net dink soos Hy, praat soos Hy en glo soos Hy as ons Hom volg. Ons is burgers van die hemel, nie van hierdie wêreld nie. Ons is in hierdie wêreld, maar nie van hierdie wêreld nie.

In hierdie studiegids, is dit juis my doel om die Woord van God, so veel as moontlik, volledig aan te haal. My woorde moet jou nie oortuig nie, die Woord van God moet jou oortuig! Lees dus hierdie volgende lys Skrifgedeeltes aandagtig en biddend deur. Laat die impak van die Woord jou gees verfris en heilig!

### Paulus Se Oproep Na Heiligmaking

Jesus se lewe is ons skeppingsdoel, ook Sy heiligheid. "*Want God het hulle reeds vooruit geken, en Hy het hulle aangewys om soos sy Seun te word*." (Rom. 8:29) NLV. "*God het vooraf mense uitgesoek en besluit dat hulle soos sy Seun Jesus Christus moet word sodat daar baie kinders van God kon wees.*" Maar Jesus Christus moet die belangrikste van almal wees. (Die Boodskap). Dit is belangrik om hier op te let dat die woord 'voorverordineer', en 'vooraf bestem' duidelik daarop dui dat God ons voor HY ons gemaak het bestem het om soos Jesus te wees. Hy is die templaat, ons is die afdruk! Sonde, ongehoorsaamheid, rebellie, hardheid van hart is 'n direkte wegstap van ons skeppingsdoel!

"*Lieg nie vir mekaar nie, omdat julle die oue mens met sy werke afgelê het en julle jul met die nuwe mens beklee het wat vernuwe word tot kennis na die beeld van sy Skepper,* (Col. 3:9-10) AOV.

"*En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is.* (2 Kor. 3:18) AOV.

"*Want as iemand sterf, word hy vry van die mag van die sonde. Aangesien ons saam met Christus gesterf het, weet ons dat ons ook deel sal hê aan Sy lewe*." (Rom. 6:7) OV.

"*So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here*." (Rom. 6:11) AOV.

"*Die volheid van God is mos liggaamlik in Christus teenwoordig. En julle is één met Christus wat só met God vervul is, één met Christus wat die hoof van alle hemelse en aardse magte is! Omdat julle één is met Christus is julle ook besny, nie met 'n besnydenis deur mense nie, maar met die besnydenis wat Christus bewerk. Hierdie besnydenis bestaan uit die wegneem van jou sondige geaardheid. Toe julle gedoop is, is julle saam met Christus begrawe. Omdat julle één is met Hom is julle ook saam met Hom opgewek*." (Kol. 2:9-12). NLV

"*En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam — goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate — die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.* (Ef. 4:11-16) AOV.

"*Laat ons almal dan wat volmaak is, so gesind wees*." (Fil. 3:15) OV.

Wat sê Johannes: "*Elkeen wat in Hom bly, sondig nie. Elkeen wat sondig, het Hom nie gesien en Hom nie geken nie. Elkeen wat uit God gebore is, doen geen sonde nie, omdat Sy saad in hom bly; en hy kan nie sondig nie, want hy is uit God gebore*." (1 Joh. 1:6, 9). NLV

Wat sê Petrus: "*Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in heilige wandel en godsvrug nie? Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle vlekkeloos en onberispelik voor Hom bevind mag word in vrede*." (2 Pet. 3:11, 14). NLV

Volmaakte Vrede: "*Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie. Laat julle hart nie ontsteld word en bang wees nie*." (Joh. 14:27). NLV

"*U sal 'n standvastige gesindheid in volle vrede bewaar, want hulle vertrou op U.*" (Jes. 26:3) AOV.

"*En die vrede van God, wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus.*" (Fil. 4:7) AOV.

"*En mag Hy, die Here van die vrede, julle altyd vrede gee op allerlei wyse! Mag die Here met julle almal wees!*" (2 Thess. 3:16) AOV.

### Volmaakte Liefde

"*Hy wat nie liefhet nie, het God nie geken nie, want God is liefde.*" (1 Joh. 4:8) AOV.

"*Hierin het die liefde by ons volmaak geword, dat ons vrymoedigheid kan hê in die oordeelsdag; want soos Hy is, is ons ook in hierdie wêreld. Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite, want die vrees sluit straf in, en hy wat vrees, het nie volmaak geword in die liefde nie.*" (1 Joh. 4:17-18) AOV.

"*En die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.*" (Rom. 5:5) AOV.

"*En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is.*" (Kol. 3:14) AOV.

### Volmaakte Vreugde

"*Dit het Ek vir julle gesê sodat julle my blydskap mag ervaar en julle blydskap volkome kan wees.*" (Joh. 15:11) NLV.

"*Ek is nou na U toe op pad. Ek sê hierdie dinge terwyl Ek nog in die wêreld is sodat hulle my blydskap in al sy volheid in hulleself kan ondervind.*" (Joh. 17:13) NLV.

### Volmaakte Eenheid

"*Wie my liggaam eet en my bloed drink, beleef 'n innige verhouding met My en Ek met hom.*" (Joh. 6:56) NLV.

"*Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in 'n hegte verhouding met My en Ek met U is; dat hulle ook in 'n hegte verhouding met Ons mag leef sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het. En Ek het die heerlikheid wat U aan My gegee het, ook aan hulle gegee sodat hulle een kan wees net soos Ons een is. Dit beteken dat Ek in 'n hegte verhouding met hulle en U met My moet leef sodat hulle ten volle een kan wees, sodat die wêreld verseker kan weet dat U My gestuur het, en dat U hulle liefhet net soos U My liefhet.*" (Joh. 17:21–23) NLV.

### Volmaakte Wil Van God

"*Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.*" (Rom. 12:2) NLV.

"*Ja, trek die nuwe mens soos skoon klere aan, die mens wat na God se beeld geskape is: iemand wat werklik reg lewe voor God en werklik aan Hom toegewy is.*" (Ef. 4:24) NLV.

### Volmaakte Heiligheid

"*Ek kom nou by die vrae wat julle in julle brief gestel het. Ja, 'n selibaatlewe is goed.*" (1 Kor. 7:1).

"*Deur wat Christus gedoen het, het God ons uitgekies. Omdat Hy ons liefhet, het Hy ons, al voor die wêreld gemaak is, uitgekies om sonder foute net Syne te wees*. (Ef. 1:4).

"*Julle totale leefstyl moet nou heilig wees, soos God heilig is – Hy wat julle Sy kinders noem*." (1 Pet. 1:15).

"*Hy het immers self gesê: "Wees heilig, want Ék is heilig*!" (1 Pet. 1:16).

"*Verder, liewe broers en susters, wees bly, ruk julle reg, aanvaar vermaning, wees eensgesind, leef in vrede. En die God van liefde en vrede sal by julle bly!*" (2 Kor. 13:11).

Vanuit al die bogenoemde verse kan ons aflei dat heiligmaking baie meer is as bloot godsdienstige vroomheid. Heiligheid is om die karakter waardes, en lewenswyse van Christus te leef en daarvolgens te handel. Heiligheid is dus om vol van God se teenwoordigheid of vol van Sy Gees te wees. Die Gees van God word dan ook die Heilige Gees genoem, nie die goeie Gees, of sagmoedige Gees nie. Hy is Heilig. Waar God se Gees teenwoordig is, is die atmosfeer en uitkoms heiligheid. Daar kan soms vreemde manifestasies tydens 'n byeenkoms plaasvind, maar die lakmoes toets is bekering en gevolglike heiligheid.

Mense wat vol is van die Gees, is heilige mense. Wanneer jy in hulle teenwoordigheid kom, voel jy skielik skuldig oor jou sonde, dit is asof hulle sonder 'n woord 'n sekere morele krag uitstraal. Wanneer heilige mense praat, voel jy die vrees en ontsag vir die Here. Jy beleef God is naby.

# Hoofstuk 7

## CHRISTUS SE "EK-IS" UITSPRAKE

"If there's anything more exhausting than running from your enemies, it must be running from your true identity in God. – Laura Story

DIE mens se soek na ware identiteit en bewussyn is opgesluit in Christus Jesus. Hoe lyk die mees ontwikkelde mens? Die mees gekultiveerde mens? Die hoogste vorm van menswees? Volgens die Dalai Lama is dit altruïsme. Is dit wanneer ons die meeste goed doen vir die mensdom en 'n Nobelprys verower? Vir ander gelowe is dit wanneer ons iewers op 'n berg onsself verwyder van die mensdom, en 'n vorm van esoteriese nirvana bereik.

Volgens die Bybel vind ons die hoogste vorm van menswees in Jesus Christus. Die Skepper beklee Hom met geskapenheid, om ons skeppingsdoel te openbaar. Ons vind die hoogtepunt van menswees wanneer ons die mensdom dien en seën, met ons talente en gawes. Deur diefstal, leuens, jaloesie, moord, wedywering, luiheid, selfsug, en hebsug verwoes ons die wêreld. Deur nederigheid, gehoorsaamheid, vergifnis, goedheid, vrede, liefde en sagmoedigheid van gees en gesindheid seën ons mense en die mensdom.

Die mens is geneig om te fluktueer tussen goed en kwaad sonder om te dink, en al probeer ons hoe hard om goed te doen, is ons slagoffer en slaaf van ons opvoeding, ons kultuur, ons vriendekring en familie, en dit wat ons aanbid.

Dit blyk deur die geskiedenis dat die mens stelselmatig kollektief besig is om te ontwikkel, diktatorskap en oortredings teen die mensdom is aan die afneem, a.g.v. die doeltreffendheid van die sosiale media, en mense met kamerafone. Die meeste mense wil goed lyk, en nie as boosaards, en wreedaards bekend staan nie. Ons word dus akteurs, en meester geheimhouers om kwaad en boosheid wat diep in ons sluimer, weg te steek.

Maar nie alle goed is goed vir die mensdom nie. Wie beslis oor goed en sleg? 'n Ouer wat nooit sy kind teregwys en opvoed nie, en alles gee wat hulle wil hê, dink hulle doen goed. Maar is dit werklik goed vir die kind? Is die kind groot gemaak en bemagtig om ook goed te doen, en 'n seën te wees vir die mensdom? Was die skepping van die atoombom goed? Dit het die einde gebring aan 'n bloedige oorlog, maar teen watter prys?

So regverdig die mens sy dade, met beperkte insig en begrip vir die langdurige gevolge. Ons leef vir die oomblik, om iets lekker te doen, en goed te voel. Die mens wil vry wees om te doen wat hy of sy wil, sonder enige verantwoordbaarheid of reëls. Die gevolg is egter dat ons nie besef watter skade en verwoesting ons aan die mensdom en die skepping aanrig nie.

So regverdig die een wat te veel drink homself, dat hy darem nie sy vrou slaan en met die bure baklei nie, hy pla nie eintlik iemand nie. Diegene wat by 'n buite-egtelike huwelik betrokke raak,

vertel dat hulle niemand wou seermaak nie. Hulle verklaar: "Hoe kan iets wat só goed voel dan verkeerd wees?" Die een wat verslaaf is aan pornografie redeneer dat hy darem nie by werklike vrouens rondslaap nie. Die een wat steel, doen dit om aan sy eie mense goed te doen. Die een wat lieg, wil nie iemand seer maak en te na kom nie.

Om werklik goed en reg te doen, en 'n seën te wees vir die mensdom, kos 'n wesenlike prys! Mens moet braaf wees om te leer om nee te sê, jouself sekere plesiere te ontsê, en jouself te gee vir ander se sukses en voordeel. Dis baie moeiliker om te vergewe as om te vergeld. Dis baie moeiliker om vir ander te gee, as om te neem. Dis baie makliker om gedien te word as om ander te dien. Dis lekkerder om te ontvang as om te gee.

Jesus wat die mens gemaak het, Hy ken ons, Hy weet wat ons innerlik regtig soek! Jesus ons Skepper, ons oorspronklike bloudruk en die Bybel, weet van beter. Jesus weet dat al die self-gerigte 'lewe vir self' nie die siel versadig nie. Bo alles soek ons betekenis en waarde in werklike goed-doen en vind ons werklike vervulling wanneer ons die mensdom en skepping seën.

Saligheid, redding, verlossing van die bose is dus baie meer as net my sonde bely en erkenning dat daar boosheid in my sluimer… dis 'n soeke tot die verwesenliking van my skeppingsdoel, om soos Jesus te wees. Hoekom werk dokters en mediese personeel sulke lang ure? Want hulle vind vervulling om mense te kan help om gesond te word. Hoekom doen die regslui wat hulle doen? Hulle vind vervulling daarin dat hulle boosheid bestry. Hoekom is daar allerhande vorme van regering en politiek, want hulle vind vervulling daarin om die wêreld 'n beter plek te maak. Hoekom doen ons besigheid? Want ons voeg waarde tot die mensdom toe deur die mensdom te seën met lekker kos, 'n verbruiksartikel te vervaardig, 'n behoefte te vervul.

Op die ou end soek ons derhalwe, al sou sommige dit nooit wil erken nie, na Jesus Christus, die hoogste vorm van menswees.

### Jesus Vind En Verdedig Sy Identiteit Deur die Woord

Adam en Eva het nie die identiteit toets geslaag toe satan twyfel in hulle harte gesaai het nie: "*dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.*" (Gen. 1:5). Hulle het in God se woord, God se opdrag en uiteindelik ook in hulle eie identiteit getwyfel. Jesus verslaan satan se pogings om twyfel te saai deur elke keer die Woord aan te haal. Meer nog, Christus toon dat hy nie net die Skrif ken nie, HY glo dit ook, en is die Woord. Daarom kon HY satan uiteindelik beveel: "*Gaan weg, satan, want daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien*." (Matt. 4:10).

So moet ons ook onsself in die Woord sien, en ons identiteit in die Woord vind: Johannes die Doper moes homself in die Woord sien, om sy roeping te verstaan. (Mal. 3:1 vergelyk Mark. 1:2). Paulus het geglo dat hy deur spesiale roeping lewendig gemaak is (Gal. 1:1). Sien hoe Paulus sy roeping sien en verstaan: "*Maar toe dit God behaag het, wat my afgesonder het van die skoot van my moeder af en deur sy genade geroep het, om sy Seun in my te openbaar, sodat ek Hom onder die heidene sou verkondig*." (Gal. 1:15). Wanneer ons ons identiteit op tydelike dinge baseer, is ons identiteit ook tydelik en van korte duur. Deur jou identiteit in Christus deur die Woord te vind, anker ons innerlik vir 'n lang vol lewe!

### Prakties

Deesdae vind mens vele handleidings en gidse oor hoe om te leef, met jou finansies te werk, hoe om met jou mense te werk, verhoudinge, huwelike, opvoeding ens ens.

Die Woord het eeue-oue beproefde wysheid, en insig oor al hierdie dinge. Soos deur 'n bril, sien ons die lewe, onsself, en die mensdom deur die Woord. Die Woord is ewig!

Die Woord is kragtig! Hoe meer ons ons lewe rig op grond van die Woord, hoe meer kom ons in lyn met ons skeppingsdoel – Christus!

### Dit Wat Jy Aanbid Word Jy

Jesus ontmasker satan se hele motief baie duidelik met die woorde: *"Gaan weg, satan, want daar staan geskrywe: "Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien."* (Matt. 4:10).

Vandag nog fluister hy in mense se ore, jy is 'n mislukking, jy is boos, jy is sleg, jy is verslaaf, jy is siek, jy is minderwaardig, jy is nie goed genoeg nie, jy is 'n verloorder, jy is niks werd nie, jy is lelik, jy is jou eie geluk en nog baie meer!

Wanneer ons hierdie woorde glo en daarvolgens handel, word ons die instrumente en slawe van satan om verwoesting en onreg te saai. Daarenteen wil Christus ons skepper: wat alles geskape het deur Jesus Christus (Ef. 3:9); alle dinge is deur Hom en tot Hom geskape (Kol. 1:16) en in Hom hou alle dinge stand. (Kol. 1:17); want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons (Hand. 17:28); ons wys wie ons regtig is: "IN CHRISTUS."

Ons is heiliges (1 Kor. 1:2; Rom. 1:7).

Ons is tot alles in staat (Ef. 4:13).

Ons is nuwe skepsels (2 Kor. 5:17).

Ons is die geregtigheid van God (2 Kor. 5:21).

Ons is meer as oorwinnaars (Rom. 8:37).

Ons is wonderlik geskape (Ps. 139:14).

Ons is die kroon van sy skepping (Ps. 8:6; Heb. 2:7).

Ons bekwaam maak om Sy wil uit te voer (Fil. 2:13).

Ons, as armes, maar ons maak baie ander ryk; as mense wat niks het nie, en tog besit ons alles. (2 Kor. 6:10).

MAAR OM AL DIE WONDERLIKE SKEPPINGS-MOONTLIKHEDE TE VERKRY EN TE WEES, MOET ONS JESUS AANBID! *"...die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof."* (Heb. 12:2).

### Gehoorsaamheid Om Die Woord Te Leef

God het Hom gestuur: *"My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om Sy werk te voltooi"* (Joh. 4:33; 5:24; 30; 36-38).

*"My Vader, as hierdie beker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied."* (Matt. 26:42).

Hy kom om te dien en goed te doen: *"Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom."* (Hand. 10:38).

### Jesus is Alles Wat ons Nodig Het Vir die Lewe

Ons vorm ons identiteit, deur ons (1) narratief, storie, geskiedenis, en ervaringe; (2) opvoeding; (3) kultuur, familie, sosiale stand; (4) kwalifikasies, en prestasies; (5) ons besittings, klere, voorkoms, smaak, voorkeure; (6) ons amptelike mandaat, beroep, aanstelling, erkenning; ( 7) ons talente, karakter, voorkeure.

Dit is alles goed en wel, die probleem is, wanneer ons ons identiteit bepaal deur eksterne veranderlikes, wat ons kan verloor, los dit ons kwesbaar, blootgestel, geskend, en broos. Dit is ook moontlik dat ons 'n valse identiteit kan voorgee, en wanneer ons dronk is, moeg en kwesbaar is, siek en afhanklik is, kom die ware ek na vore.

'n Eier wat gebreek word van buite gaan verlore, maar 'n eier wat van binne gebreek word is nuwe lewe! Dus is dit wat van ons binneste kom, wat nuwe lewe gee. Eksterne invloede bring nie permanente verandering nie.

Dit is dus wesenlik belangrik dat ons ons identiteit en selfvertroue in Christus grondves!

Hy is ons bestaan – Water / Hy is ons voedsel – brood, biologiese, fisiese behoeftes.

Hy is die vervulling – Wynstok, kennis, groei, betekenis.

Hy is ons rigting – Lig, doel, sin, rede vir bestaan.

Hy is die beste manier om te lewe – weg, iets goed vir iemand beteken.

Hy is ons toegang – Deur, behoort, deelwees.

HY is ons versorging – Herder, beskerming.

Hy is ons Opstanding as ons sterf – Nalatingskap.

### Die Sewe Ek-Is Uitsprake Deel Met Die 7 Bronne Vanwaar Ek My Identiteit Bepaal:

1. **Brood**: basiese self, bestaan, elke dag, wat versadig my?
2. **Wynstok**: wys na wat bied ek die mensdom, in terme van my talente, gawes, kennis, vermoëns?
3. **Weg**: Hoe leef ek? My maniere, gewoontes, my 'way'?
4. **Lig**: spreek van rigting, doel, my 'why' hoekom? Roeping? My nalatingskap, my einddoel?
5. **Deur**: reg van toegang, behoort tot? Deel van? My legitimiteit? Wat en wie gee my 'n reg tot hierdie lewe?
6. **Herder**: Spreek van versorging, wat doen ek om te leef en inkomste te verkry, sodat ek versorg kan wees?
7. **Opstanding**: Na die dood, leef ek voort as? My nalatingskap? My tydloosheid? My ewigheid? Wat van Jesus het opgestaan in my?

### Ek is die Lewende Water (Joh 4:14, 26); **Ek is die Brood van die Lewe (Joh. 6:48).**

Water uit die put van Jakob les die mens se dors tydelik. Die lewende water wat Jesus gee, bevredig egter vir altyd (Matt. 5:6 – vgl. Jes. 49:10; 55:1–3; 58:11; Joh. 6:32; 48).

Die mens soek bevrediging, soek 'n rede om te bestaan, soek 'n bron en motief, 'n hoekom, om ons te grondves. Ons het daagliks Brood en Water nodig om te oorleef. Net so het ons nodig om elke dag ons lewe te vind in Jesus, en die Woord om te oorleef as mense, in hierdie mensdom. Jesus was die heeltyd in gemeenskap met die Vader. Daarom sê Hy, die mens kan nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat van God kom.

Soos ons elke dag brood eet, het ons nodig om elke dag, 'n vars woord, en inspraak van die Heilige Gees te hê. Dis hoe ons ons identiteit ontdek. In Sy geopenbaarde Woord! Hoe meer Hy met ons praat, ons leer en rig, soos 'n ouer 'n kind leer, ontdek ons die lewe in Christus.

Jesus verwys hier na Homself as die Brood wat uit die hemel gekom het in kontras met die manna wat die trekkende volk opgetel het. Die manna was goeie brood wat die liggaamlike honger kon

stil, maar dit was tydelik. Die mense het daarvan geëet en is vir ’n dag lank daardeur versadig, maar hulle moes elke dag van hierdie brood kry om te eet, en dit kon hulle ook nie van die dood red nie. Jesus, wat soveel groter is as Moses, bied Homself as die geestelike brood aan ons. Hy versadig ons volkome geestelik en skenk daarmee aan ons die ewige lewe. Godsdiens, en gesprekke oor Jesus kan jou nooit versadig nie. Dis om Hom self te ken, en te hoor. Dit versadig mens op die diepste vlak.

### Ek is die Lig van die Wêreld (Joh. 8:12; 9:5).

Jesus was in die voorhof van die vroue van die tempel waar die dertien offergawe kiste gehou is (8:20). In daardie vertrek is kerse gebrand gedurende die huttefees as simbole van die vuurkolom wat die volk van Israel deur die woestyn gelei het (Eks. 13:21–22). Dit is waarom Jesus op die treffende oomblik na Homself verwys het as die *“lig vir die wêreld”.* Vir die trekkende volk was die vuurkolom simbool van God se teenwoordigheid, beskerming en leiding. Net só het Jesus God se teenwoordigheid, beskerming en leiding vir die wêreld sigbaar kom maak.

### Ek Is Die Deur (Joh. 10:7, 9, 11, 14).

Deur spreek van toegang, reg tot toegang, binnekom, en deelwees. Spreek ook van geleenthede, en guns.  Stap deur die deur in die huis. Die metode, en toegang is dus nie meer rituele en metodes nie. Hy self is die nuwe lewende weg (Heb. 10:19). Ons hoef nie godsdienstige metodes na te volg om binne te wees nie.  Hy self het ons buite kom haal, en ingebring na binne!

### Ek Is Die Goeie Herder (Joh. 10:14).

Saans is die skape volgens gebruik in ’n kraal gejaag om hulle te beskerm teen diewe, onweer en wilde diere. Dié krale was gewoonlik grotte of ’n oop stuk veld met mure van klip of takke. Die herder het dan in die ingang geslaap. Soos die herder omgegee het vir elke skaap, só gee die Goeie Herder sy lewe vir sy volgelinge (vgl Eseg. 34:23) wat sy stem ken. Enigeen wat van sy skape leed wil aandoen, moet by die enigste ingang waar die Goeie Herder waghou, verby kom. Jesus is die ingang en die Goeie Herder.

### Opstanding En Die Lewe (Joh. 11:25).

Ons het alreeds hieroor gepraat in ‘n vorige hoofstuk, maar dit is deur Sy opstandingkrag dat Hy ons oorwinning gee oor ons drange, begeertes, sinlikheid, vleeslikheid, sondes, versoekinge, temptasies en verkeerde gees. Die ontwaking van Christus in ons! (Kol. 1:27).

### Weg en Waarheid en die Lewe (Joh. 14:6).

Weg dui op ’n manier van leef. Daar word dikwels na ’n dieet, of oefeningsprogram verwys as ’n weg, Jesus is die beste manier om die lewe te leef.

### Ware Wynstok (Joh. 15:1, 6).

Die beeldspraak aangaande die wingerdstok beklemtoon dat vrugbaarheid in die Christelike lewe spruit uit ’n ‘bly in Christus’. Al gaan Jesus ook weg, die eenheid met sy dissipels bly behoue. Die wingerd is ’n bekende beeld uit die Ou Testament, waar dit na die gelowige volk verwys (vgl. Ps. 80:9–16; Jes. 5:1–7;  Jer. 2:21; Eseg. 19:10–14;  Hos. 10:1).

**PRAKTIES - Vind jouself in een Skrif in die Woord.**

My openbaring oor wie ek is, het gekom die dag toe ek die Skrif: "*afgebreekte mure herbou*" in Jes. 58:12 ontdek het. Hierdie Skrif het met my gees resoneer, as die beste in-een-sin-omskrywing van wie ek is en wat ek doen. Soos wat jy soekend tyd in die Woord spandeer, sal die Heilige Gees die woord oor jou lewe vir jou uitlig.

### Skryf 7 Woorde Neer Wat Jou Beskryf

Die volgende lys het uit jare se ontdekking voortgespruit soos ek ontwikkel as mens: "Spiritual Explorer & Reformer | Biblical Scholar & Theologian | Apostolic Pastor & Missionary | Relationship & HR Consultant | Social Reformer & Acculturalist | Peacemaker & Lobbyist | Speaker & Writer | Worshipper and unashamed follower of Jesus Christ."

### Die "Ek-Is" Beginsel – God Se Teenmiddel Teen Minderwaardigheid

Die mees belangrikste uitspraak in jou lewe begin met: Ek is… Jesus se versoeking het die "ek is" uitspraak in Sy lewe bevraagteken: "*As jy dan regtig die Seun van God is,*" (Matt. 4:3).

As die vyand ons onkant betrap rondom ons identiteit, dan vang hy ons in Sy strik van leuens om uiteindelik sy wil te doen. (2 Tim. 2:26).

Dit is wesenlik belangrik dat ons elkeen moet weet 'wie' ons is. Jou skeppingsdoel is in werklikheid Christus. God het vooraf mense uitgesoek en besluit dat hulle soos Sy Seun Jesus Christus moet wees (Rom. 8:29).

Alhoewel ons nooit fisies soos Jesus kan wees nie, wil God dat ons soos Hy sal dink, optree en leef. Hy is die beste manier om te leef. Sy waardes en motiewe is suiwer! Hy is die volmaakte wil van God. Ons is dus die mooiste mense, wanneer ons die meeste soos Hy is. Die basis van 'belief therapy' wat in tronke en rehabilitasie sentrums gebruik word is: Wat jy oor jouself glo, bepaal jou gedrag en keuses.[32]

Maar ons skeppingsdoel gaan ook verder as dit. God het 'n plan met elkeen van ons, en sodra ons daardie plan verstaan, kan ons 'n lewe van sin en betekenis leef. (2 Pet. 1:10).

Die 'ek is' identiteit het niks te doen met wat ons kan doen en vermag nie. "Because God created us as 'Beings' not 'Doings'!" Mense wat deur trauma gaan wil net iemand teenwoordig hê, jy hoef niks te doen nie. Ouer mense wat teen die einde van hulle leeftyd nie meer al die dinge wat hulle eers kon doen kan vermag nie, is nie nou minder werd en belangrik nie. Hulle teenwoordigheid, wie hulle was, is vir ons belangrik! Jy is eerstens 'n gees mens. Wie jy in die Gees is, jou teenwoordigheid, jou gesindheid is bepalend. Iemand met 'n verkeerde gees, kan 'n hele vertrek mense negatief beïnvloed. Die teendeel is ook waar! Iemand met 'n positiewe ingesteldheid kan geskiedenis verander!

### Kyk Na Die Rots Waaruit Jy Gekap Is

Dis waarom Paulus die broeders vermaan: "*Want let op julle roeping, broeders*" (1 Kor. 1:26).

Hulle moes onthou hoe God hulle geroep het. Hulle was nie vername mense nie. Aanskou die rots waaruit julle gekap is en die holte van die put waaruit julle gegrawe is. (Jes. 51:1).

Jou redding en die manier hoe God jou red, kan betekenisvol wees om jou roeping te verstaan. Die man wat die bekende EE3 Evangelisasie tegniek en kursus ontwikkel het, het juis deur die twee

[32] https://practicalcounseling.com/belief-therapy/

diagnostiese vrae tot bekering gekom. Die dinge waarvan die Here jou verlos het, en hoe Hy jou verlos het, kan ook nou vir ander van hulp wees.

"*Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword."* (Heb. 5:8). *"Selfs Jesus het 'n liggaam nodig gehad wat Hom voorberei is deur generasies heen*." (Heb. 10:5).

Selfs jou ouerhuis en omstandighede waarin jy gebore is, is belangrik. Moenie dit as 'n vloek sien nie. Let op die insluiting van Jesus se geslagsregisters, om te toon dat Hy nie uit die lug uit geval het nie.

### Profetiese Woord en Openbaring:

"*Die woord van die Here het dan tot my gekom en gesê: Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak*". (Jer. 1:5).

So het die Here vir Abraham, Moses, Samuel en nog baie ander geroep om vir Hom te werk. Wanneer ons God ontmoet, kry ons ons identiteit. Ons is juis identiteitloos omdat ons Hom nie ken nie. Adam en Eva het in ongehoorsaamheid die verhouding wat hulle met God gehad het verbreek en weggestap en sodoende hulle identiteit verloor. So het Esau ook sy eersgeboortereg nie van waarde geag nie. (Gen. 25:34).

Ons eie drange en vleeslike begeertes mislei ons. Ons dink ons is die somtotaal van ons drange en begeertes. God het 'n hoër doel met ons as mens, daarom het Hy ons geskape met goddelike vermoëns. Paulus was eers op 'n verkeerde pad, omdat hy in die tradisies van sy voorvaders geloop het en nie geweet het wat hy doen nie (Hand. 9:3-6). Hy het ook deur die profetiese woord van Ananias sy roeping ontvang. (Hand. 9:15-16).

### "Maar Deur Die Genade Van God Is Ek Wat Ek Is."

Paulus maak hierdie kragtige stelling in (1 Kor. 15:10). Hierdie is 'n diep geestelike paradoks: Om self te verloën (Matt. 16:24; Rom. 2:20) en uiteindelik net jouself te wees.

Madame Guyon het dit verduidelik dat God soos met 'n slang die gif uit ons 'self' wil haal om ons uiteindelik onsself gesond terug te gee. Die selfsug, ambisie, selfregverdiging, passiwiteit, trots, van die eie-ek verwoes ons lewens. As ons egter sterf tot hierdie self, gee Hy ons 'self' terug om in nederigheid, ootmoed, gehoorsaam aan Hom te lewe. Daar is 'n unieke deel van die beeld van Christus in ons elkeen opgesluit. *"...by the acknowledgment of every good thing which is in you in Christ Jesus."* (Phil. 1:6).

### Die Belangrikheid Van Jou Naam

Deesdae gee ons mense maklik byname, en noemname wat soms afbrekend is. Toe Kores, die koning van Perse sy naam in die heilige skrifte sien, 'n 100 jaar voor sy geboorte, het dit hom geloof gegee om die magtige ondeurdringbare stad Babilon te verower. (Jes. 44:28; 45:1, 3, 4, 10).

Die Bybel gee talle voorbeelde van mense wat by hulle naam geroep is:

Die Here het My geroep van die moederskoot af, van my geboorte af het Hy my naam genoem (Jes. 49:1). *"Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; en voordat jy uit die liggaam voortgekom het, het Ek jou geheilig; Ek het jou tot 'n profeet vir die nasies gemaak."* (Jer. 1:5).

Sommige se name word verander: *"Maar nou, so sê die Here, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!* " (Jes. 43:1).

Ander vra die Here om hulle te seën, ten spyte van hulle naam: *"Toe sy ma hom die naam Jabes gegee het, het sy gesê: "Ek het hom met smart in die wêreld gebring." Jabes het die God van Israel aangeroep met die woorde: "Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie."* (1 Kron. 4:9 10).

Wee hom wat die Here bevraagteken! *"Wee hom wat vir die vader sê: Waarom verwek u? en vir die vrou: Waarom het u weë?"* (Jes. 45:10).

# Hoofstuk 8

## Jesus en die Vaderhart van God

"All things as they move toward God are beautiful, and they are ugly as they move away from Him." — A.W. Tozer, The Attributes of God: Deeper into the Father's Heart

**VAN** die 989 318 babas wat in 2018 in SA gebore is, het 61,7% geen inligting van hul vader op hulle geboortesertifikaat nie. Volgens die Geesteswetenskaplike Navorsingsraad word 64% van die kinders nie by hulle biologiese ouers groot nie. Statistiek SA verklaar dat daar volgens die 2016-sensus 21 890 600 kinders onder 19 jaar in Suid-Afrika is. Dis 39% van ons bevolking van 55 653 654 mense. Daar bestaan oorweldigende studies dat vaderloosheid die belangrikste bydraende faktor is by selfmoord, verkragting, gedragsprobleme, afwesigheid, geweldsmisdaad en algemene misdaad. Vrouens word swanger gemaak deur mans, in plaas van vaders.

Die Goeie Nuus-evangelie spreek hierdie probleem direk aan in woord, voorbeeld en daad. Die openbaarmaking van Jesus is die openbaring van die hart van die Vader. Jesus se hele bediening was daarop gerig om die Vader te verheerlik (Joh. 4:34; 5:30; 14:13).

Deur die eeue roep Hy ons as Sy kinders om die Vader te verheerlik: *"Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik."* (Matt. 5:16).

*"Hierin is my Vader verheerlik, dat julle veel vrug dra; en julle sal my dissipels wees."* (Joh. 15:8).

Dit is duidelik dat ons die Vader die meeste verheerlik wanneer ons Sy wil doen, Sy vrug dra en doen wat reg is!

Hierdie regdoen en regleef is egter gegrondves in ons fokus op Christus, en Hy openbaar die hart en wil van die Vader. Jesus is die perfekte wil van die Vader. Hoe meer ons soos Jesus klink, doen en leef, hoe meer word die Vader deur ons verheerlik. Dit is die vrug van 'n Jesus-gesentreerde lewe – ons openbaar Sy hart en wil – Jesus!

Een van die eerste openbarings van Jesus is dat Hy God "Vader" noem. Hierdie aanspreekvorm moes aardbewings in die geesteswêreld veroorsaak het, want die Jode het 'n groot saak gemaak van hoe jy God aanspreek. God se primêre naam is deur die klinkers te verwyder, nooit uitgespreek nie: Jhwh – Jahweh. Die vrees was om nooit God se naam ydellik te gebruik nie. Die idee dat God die Vader is, was nie die probleem nie, maar die feit dat iemand God direk as Vader kon aanspreek, was ongehoord.

Deur die Bybel is die begrip van "God as Vader" redelik algemeen, maar tog is daar net 15 direkte verwysings na die benaming "Vader". Die begrip en verstaan van die vaderskapsrol van God neem 'n dramatiese wending met Jesus, want "Vader" was Sy gunsteling term vir die aanspreek van God. In die Sinoptiese Evangelies sê Hy dit 65 keer en in Johannes meer as 100 keer. Die intieme

Aramese woord vir vader of pappa, kom drie keer in die NT voor (Mark. 14:36; Rom. 8:15-16; Gal. 4:6).

God se interaksie met die mens en die grondlegging van die geloof begin met Abraham en die belofte van vaderskap. Dan die God van Abraham, Isak en Jakob. Die rol van die vader staan dus sentraal tot ons geloof. Die vader bepaal as't ware die pad en rigting waarin die familie loop. Die chaos in ons wêreld van vandag kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die afwesigheid van vaders.

### Ons Moet Nie Ons Heil Soek In Aardse Vaders Nie

Daar is 'n rede hoekom aardse vaders ons faal: God wil ons eerstens herenig met ons hemelse Vader. Gevolglik word ons gedrag en optrede natuurlik bepaal deur ons hemelse Vader. Ons kry ons DNS van die Vader (1 Joh. 3:9). Ons is uit Hom gebore (Joh. 3:4-5) deur onverganklike saad (1 Pet. 1:23). Ons ken die Vader en Sy weë (1 Joh. 2:13). Aardse vaders is beperk in hulle voorsiening teenoor God as Vader. Daarom moet ons nie ons vertroue op mense stel nie (Ps. 118:8-9). Goeie aardse vaders rig ons om God die Vader raak te sien en van Hom afhanklik te wees.

Let op die vermaning in Matt. 23:9*: "Moet niemand hier op aarde as "vader" aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel!"*

Sekerlik bepaal ons siening en ervaring van ons aardse vaders hoe ons God sien en beleef. Maar ons moenie dat dit ons gevange hou nie. Geen aardse vader, biologies of geestelik, kan God vervang of aan Hom gelykgestel word nie. Hulle swakheid en onvolkomenheid moet ons juis oortuig om na God te kyk as ons Vader.

Dis primêr waarom Christus gekom het – om deur Sy geregtigheid aan ons die geskenk van kindskap en toegang tot God te gee sodat ons Hom kan ken as Vader. Hoe meer God as Vader vir jou 'n werklikheid word, hoe meer sal Hy jou laat groei in volwassenheid en die vervulling van Sy wil. Jesus, die Seun van die mens, het vir ons gewys hoe om dit te doen. Hy was geheel en al aangewese op die Vader.

*"Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so. Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het."* (Joh. 5:19-20, 30).

*"Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."* (Joh. 6:38).

*"Uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek. En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is."* (Joh. 8:28).

*"Die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek."* (Joh. 12:49).

*"Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. Die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. Maar dat die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet en doen net soos die Vader My beveel het."* (Joh. 14:10, 24, 31).

"*Die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig.*" (Joh. 16:13).

"*Nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil.*" (Matt. 26:39).

Al die NT-teksverse waar God as Vader voorkom, verwys na ons verhouding en verbondenheid met Hom. God se koninkryk is 'n familie. Daar is tans 'n oorbeklemtoning van God as ons "lover",

maar ken jy Hom as Vader? Vader impliseer dissipline en grootword na volwassenheid. Die Vader bepaal die eindbestemmingspad waarop kinders loop. Soveel mense het nie rigting nie, want hulle ken nie die Vader nie. Kan ons die Vader vertrou? Want Sy weë is nie ons weë nie. Jesaja 55:8 sê Hy is nie ons gelyke nie, tog is Hy naby ons. Die feit dat ons God Almagtig soos 'n kind mag Pappa noem, spreek van die kinderlike vertroue en band wat ons met die Vader het.

Die Vader bepaal ook die protokol en wyse waarop gesinslede teenoor mekaar optree. Die Vader se hart word uiteindelik die hart van die familie. Skeiding en verdeeldheid kom in die kerk as ons ons vasmaak aan aardse vaders se harte. Veral as die vaders hulle eie koninkryk bou (1 Kor. 15:24). God is die opperste regering. Selfs aardse vaders is ondergeskik aan Sy regering. Ware volwasse vaders wat hulleself verloën, leef onder God se gesag en heerskappy. Hulle openbaar dan ook dieselfde hart as die Vader (1 Kor. 4:15).

Daarom die waarskuwing aan aardse vaders om nie oor hulle kinders te heers om hulle te breek nie (Ef. 6:4 en Kol. 3:21). God die Vader se hart vir ons is wysheid en volwassenheid in Christus (Gal. 4:19). Aardse vaders wil hulle kinders klein en afhanklik hou om hulle te kan gebruik tot hulle eie voordeel.

### In Jesus Skenk Hy Ware Kindskap Direk Met die Vader

Ons Is Uit Hom Gebore: Ons ontvang 'n nuwe DNS: Ons is uit God gebore, wedergebore as nuwe skepsels vanuit Sy saad (1 Pet. 1:23; 1 Joh. 3:9; Joh. 3:1-10; 2 Kor. 5:17). Ons kan dus nie probeer of daarna strewe om meer soos Sy kinders te probeer wees nie. Ons is Sy kinders of nie. Ons het Sy kinders geword, nie deur werke nie, maar deur ons geloof (Rom. 4:5) en Sy groot genade (Ef. 2:8). Sien Joh. 1:12.

**Hy Antwoord Ons Gebede:** As een van jou kinders se maatjies vra vir 'n Kersgeskenk, en dat jy vir hom 'n spesiale verjaarsdagkoek bak, sal jy verontwaardig dink, waar is jou ma? Die maatjie is nie jou verantwoordelikheid nie. As jou kind egter vir iets vra, wil jy as ouer graag help. Jesus trek ons dus in as gesinslede, om nou met vrymoedigheid te kan vra. Daarom is die volgende beloftes, 'n wonderlike geskenk van die Vader. *"En wat julle ook al in my Naam mag vra, dit sal Ek doen, sodat die Vader in die Seun verheerlik kan word. As julle iets in My Naam vra, sal Ek dit doen."* (Joh. 14:13-14).

*"Julle het My nie uitverkies nie, maar Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ook al in my Naam vra, Hy julle dit kan gee."* (Joh. 15:16).

*"En in daardie dag sal julle My niks vra nie. Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, sal Hy julle gee. Tot nou toe het julle niks in my Naam gevra nie. Bid en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees."* (Joh. 16:23-24).

**Ons Het Vrymoedigheid en Toegang tot die Vader**: *"Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom, en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam. En terwyl ons Hom ook as groot Priester oor die huis van God het, laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water. Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het."* (Heb. 10:19-23). Dieselfde vrymoedigheid en gemaklikheid wat God ons gee om te kan vra, ontsluit ook toegang. Ons kan soos in ons eie huise, gemaklik wees en vrymoedig wees en dit toe-eien wat ons s'n is.

*"Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: "Abba!" Dit beteken Vader. Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."* (Rom. 8:14-16).

**Erfgename:** Ons is saam met Christus mede-erfgename van die heerlikheid en genade van God (Gal. 4:1-7 en Rom. 9:15-17). Mens kan net jou erfporsie toe-eien wanneer die testateur dood is. Jesus het gesterwe, en weer opgestaan! Ons het dus deel aan die erfporsie en deel aan die persoon! Hierdie erfporsie se kern lê in die werk van die Heilige Gees in ons, wat ons die vrymoedigheid gee om die God en Skepper van die heelal "Pappa" te noem.

*"En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid."* (Rom. 8:17).

Mag die Here ons geestelike oë oopmaak om hierdie ryk erfenis te kan toe-eien (Ef. 1:17-23).

**Nuwe Bedryfstelsel:** Ware kinders van God leef volgens 'n goddelike koninkryksbedryfstelsel. Omdat ons uit God gebore is, doen ons dinge anders as die kinders van die wêreld. Ons doen dinge in die teenoorgestelde gees, want ons het en is besig om aan self te sterf. Ons het ons vyande lief, ons seën die wat ons vloek, en ons bid vir die wat ons misbruik (Luk. 6:35 en Matt. 5:43-48).

**Die Leiding van die Heilige Gees:** Ware kinders van God laat hulle lei deur die Heilige Gees, hulle hoor self God se stem en leef daarvolgens. *"Want almal wat hulle laat lei deur die Gees van God – hulle is God se kinders."* (Rom. 8:14).

*"Jesus sê Sy voedsel is om die wil van die Vader te doen."* (Joh. 4:34).

Vir ons is daar geen ander lewe as om Hom te gehoorsaam in alles wat ons doen nie. Ek leef nie meer vir myself nie, daar is niks wat ek meer begeer of wil hê as om net Sy wil te doen nie.

### Kindskap Impliseer Korreksie en Tugtiging

Ware kinders van God verwelkom korreksie. "*En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie.*" (Heb. 12:5-11).

### As Sy Kinders Kan Ons Getuig Dat Ons satan Oorwin

Ware kinders van God kan getuig dat daar areas in hulle lewe is waar hulle satan se houvas oorwin het. "*Omdat julle sondes vergewe is, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was, omdat julle die Bose oorwin het, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly.*" (1 Joh. 2:12-14).

Ons strewe is om uiteindelik soos Jesus te kan verklaar: "*Die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie.*" (Joh. 14:30).

### Verbondenheid Met Die Liggaam

"*… totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring; maar, terwyl ons in liefde die waarheid betrag, in alles sou opgroei in Hom wat die Hoof is, naamlik Christus, uit wie die hele liggaam — goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel in sy mate — die groei van die liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.*" (Ef. 4:13-16). Soos enige Vader, wil God die Vader hê dat Sy gesinslede in vrede en harmonie met mekaar leef. (Joh.17:21). Ons hoef nie te strewe na eenheid nie, Hy het ons verenig. Ons moet egter veg om die eenheid en verbondenheid te behou.

### Die Hart Van Die Vader

Daar is 'n duidelike biologiese, maar ook psigologiese onderskeid en verskil tussen man-wees en vrou-wees, en tussen vaderskap en moederskap. Die wêreld wil hierdie onderskeid vernietig.

Maar God is die Skepper en Ontwerper. Hy weet wat Hy in ons geskep het. 'n Ma kan nie die rol van die pa heeltemal oorneem nie, en die pa ook nie dié van die ma nie. Die twee rolle komplementeer mekaar omdat die volheid van Christus nie in een rol vervul kan word nie. Die rol van die res van die familie is net so wesenlik belangrik.

Rol van die ma: "*Maar ons was vriendelik onder julle soos 'n pleegmoeder haar kinders koester*." (1 Thess. 2:7).

Rol van die pa: *"… hoe ons, soos julle weet, net soos 'n vader sy kinders, elkeen van julle vermaan en bemoedig het*." (1 Thess. 2:11-12).

Die voorbeelde waar Jesus verskillende vrouens "dogter" noem, is spesiaal en wys die hart van die Vader (Mark. 5:34); dogtertjie. (Luk .9:22).

### Die Vader is Nie Soos Ons Aardse Vaders Nie:

Vader God kan nooit vergelyk word met ons aardse vaders nie –Hy is ver beter, wyser, sterker en meer liefdevol. "*As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra*?" (Matt. 7:11).

"*Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goeddunke getug, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in Sy heiligheid mag deel*." (Heb. 12:10).

### Afrigter Tot Volwassenheid:

Die rol van die Vader is tweeledig: Afrigting tot volwassenheid en beskerming. Daarom, toe Jesus Sy volgelinge kies en hulle begin leer en afrig, sien ons die volgende afrigtingsformule herhaaldelik in Jesus se bediening:

Wys hoe.

Gaan doen jy dit.

Hierdie resep word mooi geïllustreer in Mark. 6:35-44 waar Jesus vir hulle vra om die skare kos te gee. "*Maar Hy sê vir hulle: "Gee julle vir hulle iets om te eet*." (Joh. 6:1-15). Toe wys Hy hulle wat om te doen en Hy leer hulle die dieper waarheid. God beskerm Sy kinders, en sal ons nooit uitlewer nie, maar Hy wil ons ook laat opgroei na volwassenheid. Sommige ouers is oorbeskermend en die kinders word nooit volwasse nie. Ander beskerm glad nie, en die kinders voel uitgelewer. God die Vader handhaaf 'n soewereine, alwyse balans sodat ons beide geliefd voel, maar ook volwasse word.

### Rites Tot Volwassenheid:

Die Joodse tradisie van Barmitswa is die gebruik dat kinders afgesonder word wanneer hulle die ouderdom van 13 bereik (seuns), dogters 15. Daar word dan vir hulle gebid, hulle kry sekere familie-erfskatte, en van dan af word hulle aanspreeklik gehou vir hulle dade. Die plaaslike gemeente behoort hierdie tipe beskerming vir hulle lidmate te bied sodat kinders deur die uitgebreide familie aangeneem word, en elke kind almal se kind word.

### Die Vader Kies Nooit Kant Nie:

Jesus se onpartydigheid is baie duidelik. Hy behandel vrouens met dieselfde respek en gelykheid as die mans. Die Samaritaanse vrou by die put (Joh. 4); die vrou wat aan bloedvloeiing gely het (Matt. 9:18-22, 32-33); die Griekse vrou wat van Siro-Fenisië afkomstig was (Mark. 7:24-30). Die plek en rol van die vrou word herstel: Maria salf Sy voete (Joh. 12:1-8); 'n vrou salf Jesus se voete (Matt. 26:6-13; Mark. 14:3).

Geen onderskeid tussen die werkgewer en werknemer nie: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen."* (Joh. 13:16).

Selfs toe partyskappe voor Hom gebring word, maak Hy die veld oop: *"Die wat nie teen ons is nie is vir ons."* (Mark. 9:38-40). *"Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus: "Meneer, sê vir my broer hy moet die erfenis met my deel." Maar Hy antwoord hom: "Man, wie het My as regter of deler vir julle aangestel?"* (Luk. 12:13-14).

Hierdie onpartydigheid van God, is soms vir ons moeilik om te verstaan, maar vir 'n kind is dit belangrik dat ons ook so regverdig sal wees in ons optrede. Dit maak 'n kind sterk, as hulle weet hulle ouers is regverdig, so kry hulle vir die ouer respek.

Leiers, ouers en sake-eienaars wat die Vaderhart van God ken en leef, bring kalmte, veiligheid, en rigting na hulle familie, gemeente en besigheid. Een van die kenmerke van mense wat waarlik Jesus volg, is dat hulle die hart van die Vader sien en ontdek. In die proses deel die Heilige Gees deur die Woord met ons weeskind-mentaliteit, en kortsigtigheid van 'n selfgerigte, op self ingestelde, selfsugtige, eie-ek lewe. 'n Ware Vader wil op die agtergrond wees, amper onsigbaar, om toe te sien dat die kinders in die lig kom.

### Die Vader GEE:

"*As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee – die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra*." (Luk. 11:13).

"*Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het…*" (Joh. 3:16).

### Die Vader Se Liefde is Ondeurgrondelik:

Die eerste realisering van die hart van die Vader is Sy deurdringende, ondeurgrondelike liefde: "*Want die Here is goed, aan Sy liefde is daar geen einde nie, Sy trou duur van geslag tot geslag.*" (Ps. 100:5).

God het almal lief. God het nie vyande nie, want Hy het dié wat rebelleer ook lief. Daar is niks mooier as wanneer iemand wat vasgevang is in die donkerste, afskuwelikste sonde, God se liefde ontmoet nie! Die verlore seun se storie is 'n goeie voorbeeld van die Vader se liefde wat ewig vas staan en wag dat ons terugdraai na Hom toe!

Maar totdat ons terugdraai na Hom toe, kan Sy liefde nie in ons volbring word nie. Ons wegdraai en aanhoudende wegstap het ongelukkig bittere gevolge omdat ons wegdraai en wegstap van die beskerming en ryke vervulling in Sy liefde.

God se liefde is ewig, maar wel voorwaardelik:

Hy het Sy Seun gegee; die wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie maar sal die ewige lewe hê. "*Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien*." (Ps. 103:13).

Liefde om te red, te genees en te bevry sodat ons Sy skeppingsdoel kan bereik (Rom. 8:29). 'n Pa se hart juig wanneer hy sien sy kinders ontwikkel tot hulle volle potensiaal. Ons wil so graag hoor en weet dat God ons liefhet, maar gaan voort om roekeloos ons eie hart te volg.

"*Knowing that the goodness of God leads you to repentance*." (Rom. 2:4).

# Hoofstuk 9

## CHRISTUS EN SY KONINKRYK

"We subdue by submitting. We win by losing. We are made grand by making ourselves little. We come in first by becoming last. We are honored by being humble. We fill up with God by emptying out ourselves. We become wise by being fools. We possess all things by having nothing. We wax strong by being weak. We find life by losing ourselves in others. We live by dying."

~ Leonard Sweet

JESUS se primêre boodskap was die Koninkryk van God. Die woord koninkryk – 'basileia' kom 154 keer voor in die NT. Jesus wil Sy koningshuis met ons deel, ons oproep om ook koninklik te lewe, nieteenstaande ons omstandighede en sosiale stand. Hierdie fokus van Jesus se boodskap was problematies teen die agtergrond van die magstryd van regeerders in Judea, Galilea en Rome. Tog is Hy meedoënloos om by herhaling Sy wyse van koningsheerskappy te verkondig en te demonstreer. In der waarheid is Sy manier en wyse van regering radikaal anders as dié van die wêreldse regeerders. Regeerders probeer altyd die guns van mense wen deur beloftes te maak, wat as hulle uiteindelik in gesag is, nie so maklik is om te vervul nie. Of in antieke tye sal regeerders soos die Romeine hulle oorloë regverdig, dat as hulle in beheer is hulle die wêreld beter sal maak. Al hierdie beloftes kom nooit tot vervulling nie. Jesus maak dit onmiddellik beter. Jesus maak NOU gesond, gee NOU kos vir die wat honger is, vervul nou Sy beloftes. Dit is hoekom dit 'n goeie nuus boodskap is. Sommige kerke verkondig ook soos die OT Joodse godsdiens, 'n eendag boodskap. Jesus verkondig 'n nou boodskap! God is nou hier. Die koninkryk het naby gekom! Die Christen geloof, is die enigste Godsdiens ter wêreld, waar jy al die voorregte reg aan die begin verkry.

Deur die eeue kom en gaan regerings. Wêreldmoondhede staan op, en val weer later in vergetelheid. Diktators regeer vir 'n tyd en saai verwoesting, maar ook dit kom tot 'n einde. Geen bose persoon kan vir ewig regeer nie. Geen bose organisasie kan vir ewig bestaan nie. Dit is ingeskryf in die kern DNS van die skepping dat alles wat in disharmonie verkeer, homself vernietig. Verwoesting en oorlog woed soos 'n vuur uiteindelik uit, totdat daar niks meer oor is om te verwoes nie. "*Die kwaad wat die goddelose doen, bewerk sy eie ondergang*" (Ps. 34:22).

Tans leef ons in 'n tyd waar 'n politieke bestel in minder as 40jr tot niet gaan, en oornag neem 'n ander oor. Instansies waarin ons eertyds ons vertroue gestel het soos banke, het met die onlangse finansiële krisis gewankel. Die institusionele kerk wat geborgenheid bied vir generasies, word bevraagteken. Magtige politieke partye word onttroon. Klimaat verandering bring mee dat seisoene en weerpatrone verander. Ons is dus van niks meer seker nie! Daarom is dit nou die tyd om weer hierdie eeue-oue boodskap waarop Jesus gefokus het, te verkondig.

### Jesus Die Koning Van 'n Onwankelbare, Ewige Koninkryk

*"Maar van die Seun sê Hy: "U troon, o God, staan vir ewig vas, met U koninklike septer laat U reg geskied. U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, U God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo U tydgenote."* (Heb. 1:8-14).

*"U koningskap is 'n koningskap vir alle tye, U heerskappy strek oor die geslagte heen."* (Ps. 145:13).

*"Die Here regeer vir altyd. Sion, jou God regeer van geslag tot geslag. Prys die Here!"* (Ps. 146:10).

*"In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan."* (Dan. 2:44).

*"Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie, maar ook die hemel." Die woorde "nog een maal" laat duidelik blyk dat die geskape dinge, wat reeds aan die wankel is, finaal weggeneem sal word, sodat die onwankelbare dinge kan bly. Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil, want ons God is 'n verterende vuur."* (Heb. 12:26-29).

Regerings is veronderstel om hulpbronne en mense goed en reg te bestuur tot voordeel van almal. Regering gaan daaroor om deur beleid en wetgewing 'n land se mense en hulpbronne te bestuur. Mense is nou meer as ooit besig om hulle vertroue in Regering te verloor. Ons was nog nooit so baie mense op die aarde nie, ons het nog nooit so baie druk op die natuurlike hulpbronne geplaas nie. Jesus se koninkryk boodskap is meer as net 'n mooi geestelike idilliese droom. Sy boodskap is prakties, en wys ons hoe ons hierdie wêreld moet orden ten opsigte van leierskap. Dit gee duidelike kwalifikasies vir leierskap. Dit gee duidelike riglyne m.b.t. die ekonomie, dat ons almal moet werk, sodat ons almal iets het om te gee vir die wat in nood is. Dit gee ons duidelike riglyne oor wat werklik waardevol en belangrik is. Dit leer goeie buurmanskap. Dit leer ons hoe om gesonde verhoudinge te handhaaf. Dit leer ons hoe ons mense wat verkeerd doen moet straf. Dit maak duidelike onderskeid en verduidelik die rol van die kerk teenoor die van die regering. Dit leer ons hoe om gesond te leef. Die benadruk die hoeksteen van enige gesonde gemeenskap, die gesin. Die lys gaan aan en aan. Hierdie hele studiegids handel oor juis hierdie riglyne en antwoorde vir ons samelewing.

### Die Boodskap van die Koninkryk Was Die Hooftema Van Jesus en Die Apostels Se Prediking:

"*Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig. Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie."* (Mark. 1:14).

*"Maar Hy het vir hulle gesê: "Ek moet ook aan die ander dorpe die evangelie van die koninkryk van God verkondig, want daarvoor is Ek gestuur*." (Luk. 4:43).

*"In die tyd wat nou gevolg het, het Jesus die land deurkruis van die een stad en dorp na die ander. Oral het Hy gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig."* (Luk. 8:1).

*"Hy het hulle verwelkom en met hulle gepraat oor die koninkryk van God, en dié wat genesing nodig gehad het, het Hy gesond gemaak*." (Luk. 9:11).

*"Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God."* (Luk. 9:60).

*"Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop."* (Hand. 8:12).

*"Paulus het drie maande lank met vrymoedigheid in die sinagoge geredeneer oor die koninkryk van God en die mense daarvan probeer oortuig*." (Hand. 19:8).

As die hele kerk sou terugkeer na die boodskap en implikasies van die koninkryk, en dit waaragtig begin toepas en leef, sal ons wêreldwye geestelike, sosiale en ekonomiese herlewing sien.

## ‘n Agterstevoor, Onderstebo Regering en Bedryfstelsel

Die Swakkes is Volwaardige Burgers: *“Ek sal die kreupeles die oorblyfsel maak, die siekes ’n sterk nasie. Ek, die Here, sal op Sionsberg oor hulle heers, nou en vir altyd.”* (Miga 4:7). *“Ek sê vir julle: Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter as Johannes is nie, en tog is die geringste in die koninkryk van God groter as hy.”* (Luk .7:28).

**Volwassenheid Is Om Soos ’n Kind te Word:** *“In daardie tyd het die dissipels by Jesus gekom met die vraag: “Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel?” Hy het ’n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan en gesê: “Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie. Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel. En wie so ’n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My.”* (Matt. 18:1-35; 5:13; 10:40, 42; Mark. 9:33-50; 10:15; Luk. 9:46-50; 14:34-35; 15:4-7; 17:1-4; 18:17).

**As Jy Wil Lewe, Moet Jy Sterwe** *“As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg, want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry.”* (Matt. 16:24).

**Ons Veg Harder Deur Harder Te Rus** As ons leer om meer te rus, sal ons meer voorsiening, meer oorwinning, meer openbaring en meer genesing in ons lewens sien! (Matt. 11:28).

**Ons Kry Meer Deur Meer Te Gee:** *“Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.”* (2 Kor. 9:6-10; Gal. 6:5-6).

**Ons Weerstaan die Bose Deur die Teenoorgestelde Gees:** Ware kinders van God leef volgens ’n goddelike koninkryksbedryfstelsel. Omdat ons uit God gebore is, doen ons dinge anders as die kinders van die wêreld. Ons doen dinge in die teenoorgestelde gees, want óf ons het óf ons is besig om aan self te sterf. Ons het ons vyande lief, ons seën dié wat ons vloek, en ons bid vir dié wat ons misbruik.

*“Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.”* (Rom. 12:21).

*“Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen ’n kwaadwillige mens verset nie. As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe. As iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou boklere.”* (Matt. 5:39-40).

*“As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan. En vir iemand wat jou boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie weier nie. Aan elkeen wat iets vra, moet jy gee; en as iemand jou goed vat, moet jy dit nie terugeis nie.”* (Luk. 6:29-30).

*“Word ons uitgeskel, ons seën; word ons vervolg, ons verdra dit; word ons belaster, ons troos.”* (1 Kor. 4:12-13).

*“’n SAGTE antwoord keer die grimmigheid af, maar ’n krenkende woord laat die toorn opkom.”* (Spr. 15:1).

## God Se Koninkryk is nie ’n Bestemming... Dis ’n Lewenstyl

Jesus se boodskap is ‘n oproep om anders te dink oor die lewe. Ons hele benadering van hoe ons dinge sien, en sake hanteer is op ‘n gans ander manier! *“The kingdom of God is in your midst. For behold, the kingdom of God is within you [in your hearts] and among you [surrounding you]. Because God’s kingdom is already among you.”* - Leo Tolstoy was reeds bejaard toe hy ’n boek met die titel, The Kingdom of God is Within You, geskryf het.

*"God se koninkryk is in ons."* (1 Kor. 6:19-20).

*"…maar Hy is ook ons hoop op heerlikheid."* (Kol. 1:27).

## God Se Koninkryk is Nie Geboue en Katedrale nie:

'n Gebou (Jes. 66:2-3) – dis die toestand van jou hart. Die gelykenis van die saaier (Mark. 5). God soek nie 'n hotel, 'n besoek, 'n kontakpunt nie, Hy soek 'n huis, 'n blyplek – jou hart en lewe! Deesdae sien ons al hoe meer hoe kerkgeboue verkoop word, en in onbruik verval. Alhoewel dit belangrik is om 'n fisiese plek van veiligheid, en praktiese vergaderpunt te hê, raak geboue al hoe minder belangrik vir die moderne mens om sy of haar spiritualiteit te beoefen. Waar ek my hart tuismaak, maak ek 'n heilige plek. Die heiligheid van my hart, het 'n invloed op my fisiese tuiste, werksplek en omgewing. Onlangs tydens 'n besoek by iemand wat ons ken se tuiste, met die mooiste tuin, word ek daaraan herinner aan watter mooi hart die persoon moet hê om so iets pragtigs te kon skep. Die NT Jesus beweging het nie om tempels gesentreer nie. God het Sy Eden tempel in hulle harte geskep, wat gevolglik beteken mense skep 'n Eden waar hulle ook al hulle voete neersit.

## Wat Is Die Koninkryk?

"*Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees.*" (Rom. 14:17). Met ander woorde, die koninkryk is om reg te wees met God. Hierdie regte posisie is Sy genade-geskenk aan ons. Sy geregtigheid verander ons vertrekpunt. Ons begin altyd in Hom. Ons begin deur te ontvang!

## Voorwaardes Om Die Koninkryk Te Ontvang:

"*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*" (Matt. 5:3). Mense bou hulle eie koninkryke, en daarom is dit moeilik vir ryk mense om die waarde van die koninkryk te besef. Ons afhanklikheid van Sy leiding, wysheid en krag is juis wat hierdie nuwe manier van dink en optree ontsluit.

"*Luister, my liewe broers! Kies God nie juis dié uit wat in die oë van die wêreld arm is, om ryk te wees in die geloof en om die koninkryk in besit te neem wat Hy belowe het aan dié wat Hom liefhet nie?*" (Jak. 2:5).

"*Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God.*" (Luk. 6:20).

"*Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.*" (Matt. 5:10).

"*Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel. Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.*" (Matt. 5:19-20).

"*The kingdom does not come with observation.*" (Luk. 17:20).

"*Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.*" (Matt. 18:3).

"*Dit verseker Ek julle: 'n Ryk mens sal moeilik in die koninkryk van die hemel kom. Ek stel dit nog sterker: Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.*" (Matt. 19:23).

"*Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek*." (Matt.25:34-35).

"*Pragtig, Meneer!" sê die skrifgeleerde vir Hom. "Dit is waar wat u gesê het: 'Die Here is die enigste God,' en 'daar is geen ander God as Hy nie.' En 'om Hom lief te hê met jou hele hart en met jou hele denke en met al jou krag' en 'om jou naaste lief te hê soos jouself' is van meer belang as al die brandoffers en ander diereoffers." Toe Jesus hom so verstandig hoor praat, sê Hy vir hom: "Jy is nie ver van die koninkryk van God af nie"* (Mark. 12:34).

*"Nie elkeen wat vir My sê: "Here, Here," sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. Baie sal daardie dag vir My sê: "Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?" Dan sal Ek openlik vir hulle sê: "Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree"* (Matt. 7:21-26).

*"Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van die koninkryk van God afgesien het van huis of vrou of broers of ouers of kinders nie, of hy ontvang in hierdie tyd al baie keer soveel terug, en in die tyd wat kom, die ewige lewe."* (Luk. 18:29-30).

*"Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie."* (Luk. 9:62).

*"Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."* (Joh. 3:3).

*"Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. "Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom," het hulle gesê."* (Hand. 14:22).

Al hierdie Skrifgedeeltes dui op dade wat in geloofsvertroue uitgevoer is, wat God se heerlikheid in 'n gegewe situasie ontsluit.  God se heerlikheid wat eers net beperk was tot die allerheiligste word sigbaar, tasbaar en werklik wanneer ons vervolging verduur, in armoede gee, ons vyande liefhê, ons oortreders vergewe en deernis toon met iemand in nood – omdat ons die Here liefhet bo alles!

### Waar Is Die Koninkryk?

"*En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle*." (Luk. 17:21). Die koninkryk kan nie gelokaliseer word nie. Die koninkryk gebeur waar God se kinders reg doen!

### Dit Is 'n Geestelike Koninkryk

"*My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie," antwoord Jesus. "As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie*" (Joh. 18:36).

"*Die koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag*." (1 Kor. 4:20).

"*Wat ek bedoel, broers, is dit: vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie*." (1 Kor. 15:50).

Sommige leer dat ons regerings moet oorneem, dat ons Christen regerings moet oprig. Ons sal 'n hele hoofstuk aan hierdie onderwerp wy, maar laat ek dit so stel: Ons is geroep om as individue in elke sfeer van die lewe 'n Jesus regleef invloed te hê, soos 'n Daniël, Ester, Nehemia, en baie van

die profete wat toegang tot die konings gehad het. Maar ons is nie geroep om ‘n Christen regering te vorm nie: Dit is oor en oor deur die geskiedenis bewys dat hierdie politieke sogenaamde Christen regeringstelsels die naam en eer van God skade berokken. Ons moet wel soos byvoorbeeld ‘n Billy Graham ons hou by ons werk as kerk, om harte na God te draai, en dan regerings te beïnvloed om reg te regeer. In hierdie studiegids sal jy ontdek, God kies nie kant nie. Moet individue tot die politiek toetree? Verseker! Bid dat ‘n gelowige president word? Verseker. Maar hy kan nie Sy mag gebruik om mense te dwing om die geloof aan te neem nie.

### Hoe Weet Ek, Ek is In die Koninkryk?

“*Vrede en blydskap in die Heilige Gees.”* (Rom. 14:17). Die bewys dat hierdie nie net leë filosofieë is nie, is die vrede en vreugde wat God ten spyte van ons omstandighede in ons harte werk.

### Wat Ontvang Ek As Koninkryksburger?

Erflating saam met Christus – (Jak. 2:5).

Outoriteit oor boosheid – (Matt. 12:28; Matt. 16:19).

’n Koninkryk wat nie geskud kan word nie – (Heb. 12:28).

Verstaan die geheimenisse van God – (Matt. 13:11).

### Hoe Ontvang Ek Die Koninkryk?

“*Aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken*.” (Rom. 4:5).

“*Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie*.” (Ef. 2:8-9).

*“Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word* .” (Joh. 1:12).

Sola Christos (Christus alleen).

Sola Pistos (Geloof alleen).

Alles is ‘n geskenk, wat ek moet ontvang en toe-eien vir myself. Soos ‘n weeskind groei om hom of haarself deel te maak van die nuwe tuiste wat hulle aanneemouers hulle bied. So moet ons, God se geskenk van geregtigheid en kindskap ontvang en ons eie maak.

### Wat Is Die Ware Betekenis Van “Neem Die Koninkryk Deur Geweld”?

*“Vandat Johannes die Doper begin preek het tot vandag toe is die nuwe ryk waarin God regeer, besig om deur elke weerstand te breek, en mense wat al hulle kragte daarop konsentreer, maak dit hulle eie. Dwarsdeur die Skrif, in die wet van Moses en al die profete wat voor Johannes daar was, word daar voorspel dat God op ’n nuwe manier gaan regeer. En as julle gewillig is om te glo wat hulle gesê het, sê Ek nou: Johannes is die Elia wat sou kom. Elkeen wat kan hoor, moet mooi hierna luister. Maar wat sal Ek van hierdie volk sê? Waarmee kan Ek hulle vergelyk? Hulle is soos kinders wat op die markplein speel en die een groep sê dan vir die ander: “Ons het vir julle ’n vrolike wysie gespeel maar julle wou nie dans nie. Toe het ons vir julle ’n begrafnislied gesing maar julle wou ook nie treur nie!” Want Johannes die Doper het gekom en hy het baiemaal gevas. Toe sê hulle hy het ’n duiwelse gees in hom. Daarna het Ek, die Redder, gekom en Ek het geëet en gedrink. Toe sê hulle Ek is ’n drinker en ’n vraat en boonop nog ’n vriend van slegte mense en van die veragte belastingagente! Maar ’n mens kan sien dat God se wysheid reg is as jy na die resultate daarvan kyk!”* (Matt. 11:11-19) NLV.

*"Maar van die dae van Johannes die Doper af tot nou toe word die koninkryk van die hemele bestorm, en bestormers gryp dit met geweld. AOV.*

*Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit."* (Mat. 11:12) NV.

***βιαστής biastḗs*; gen. *biastoú*, masc. selfstandige naamwoord uit *biázō* (971),** om geweld te ly, maar ook om in te haal of in te druk sonder behoorlike gedagtes en berou. 'n Gewelddadige persoon, een wat geweld gebruik, maar ook iemand wat haas om iets wat goed lyk, aan te gryp sonder om die gevolge van so 'n aksie te meet.

***ἁρπάζω harpázō*; fut. *harpásō*, aor. slaag. *hērpásthēn*, 2d aor. slaag. *hērpágēn*.** Om te gryp, bederf, vlug weg. Dit dui op 'n oop daad van geweld in teenstelling met slinkse en geheime steel, wat beteken om te gryp, weg te steek of vir jouself te neem.

Die fokus van hierdie vers is dus nie hoe hard jy werk om die koninkryk met geweld te bestorm nie. Wanneer God die Vader Sy koninkryk as geskenk gee (Luk. 12:32) deur die prediking van die Woord en die demonstrasie van die Gees (1 Kor. 4:20), want dit het naby gekom (Matt. 4:17), moet jy dit aangryp. Jou eie maak! Soos 'n dief wat iets neem wat nie aan hom behoort nie. Ons het ook nie die koninkryk en geskenk verdien nie, daarom is die idee om dit te gryp, in besit te neem, vir jouself toe te eien.

*"Maar vir wat sal ek hierdie geslag vergelyk?"* In Matt. 11:16-19 word gepraat van kinders wat nie kan besluit watter liedjie om te sing en watter spel om te speel nie. Nie Johannes of Jesus kon hulle kry om 'n besluit te neem nie. Die een vas, die ander nie. Die roulied herinner aan Johannes se prediking van oordeel en strawwe lewenstyl, die berou tot bekering (3:2). Die speel van die fluit staan vir Jesus se verkondiging van die evangelie, die dans van vreugde wat Sy boodskap bring. Maar in werklikheid verwerp "*hierdie geslag*" beide Johannes en Jesus (verse 18-19a). Die koninkryk word dus nie deur godsdienspleging en rituele in besit geneem nie. Soos kindertjies wat verveeld raak met 'n speletjie, bevredig godsdiens nie die soekende hart nie.

Die goddelikheid van Christus se natuur en geregtigheid moet geneem word, moet ontvang word as 'n geskenk, en ons moet dit gou doen (Joh. 1:12; Rom. 13:11; 2 Kor. 6:2). Deur die jare is ek al vele kere teleurgestel met mense se verval na sonde, terwyl hulle onder gesonde woordprediking sit. Dis ondenkbaar hoe hulle met hulle eie oë, wonders en tekens sien, en selfs God se teenwoordigheid beleef en nog steeds sonde kies. Die Heilige Gees het my eendag geantwoord: Die uitnodiging om die kleed van Jesus se geregtigheid aan te trek is vir almal, maar min mense trek Hom aan. (Kol. 3:10).

Ons sukkel om dit reg te kry: Felix kan nie tot besluit kom nie (Hand. 24:22-27).

Ook nie Agrippa nie:*"Jy het my amper oorreed om 'n Christen te word"* (Hand. 26:28).

*Maar wysheid is geregverdig deur haar kinders* (Matt.11:19). Tog is wysheid geregverdig, en geregverdig deur wat sy doen (haar dade) en haar kinders. Ja, die toets vir die wysheid is die resultaat wat dit voortbring. Wysheid, God se aangewese weg, word vereer en gedemonstreer in die lewenstyle van beide Johannes en Jesus. Ten spyte van die groot verskille in hul gedrag, was elkeen getrou aan God se aangewese taak. Uiteindelik is die koninkryksburger onmiskenbaar, en staan hulle leefwyse in kontras met die wêreld in feitlik elke opsig. Sien meer oor die "redletter christians" beweging waar mense regoor die wêreld hulleself wil definieer in terme van die lewe en leer van Jesus Christus.
[33]

[33] https://www.redletterchristians.org/our-story/

# Hoofstuk 10

## JESUS EN DIE GEESTESWÊRELD

Aangesien Ek deur die Gees van God die bose geeste uitdryf,
het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom." (Matt. 12:28)

**SO** seker as wat daar 'n fisiese wêreld is, is daar ook 'n geesteswêreld. God is immers 'n Gees (Joh. 4:24; 2 Kor. 3:17). Die geestelike of spirituele ervaring wat 'n individu soms mag beleef, is moeilik om empiries te meet as gevolg van die subjektiewe aard van die belewenis. Tog is dit duidelik dat so 'n belewenis emosies, sintuie en die intellek insluit. Dit is hoekom mens nie sommer vergeet wat met jou gebeur het nie en waarom sekere ervarings dikwels werklike lewensverandering teweegbring.

Die term "spiritualiteit" verwys nie meer eksklusief of selfs hoofsaaklik na gebeds- en geestelike rituele nie. Dit verwys ook nie na 'n elite-staat of 'n voortreflike praktyk van die Christendom nie. Die term is uitgebrei om die geloofslewe sowel as die lewe van die persoon in sy geheel in te sluit, insluitend die liggaamlike, sielkundige, sosiale en politieke dimensies daarvan.[34]

Die geestelike bonatuurlike wêreld is baie meer deel van ons daaglikse lewenservaring as wat die meeste mense ooit sal besef. Ons praat van iemand met 'n verkeerde gesindheid as iemand met 'n verkeerde gees. Ons praat van entoesiasme as geesdrif! Iemand met 'n sterk karakter word beskryf as iemand met 'n sterk teenwoordigheid van gees. In die sportwêreld word 'n diep, ernstige spiritualiteit al hoe meer verwelkom omdat gelowige deelnemers se verhoudingswêreld en gewoontes dan gewoonlik meer gesond is. Hierdie atlete toon meestal 'n groter volwassenheid van karakter wanneer hulle verloor en die geestelike ondersteuning wat hulle ontvang wanneer dit swaar gaan, is onontbeerlik. Meer nog, atlete en pasiënte glo in die onmoontlike en die bonatuurlike wat noodsaaklik is om lang terapeutiese herseltye enduit vol te hou.[35] In die mediese wêreld word die belangrikheid en insluiting van die geestelike aspek van die mens al hoe belangriker as deel van 'n holistiese benadering.[36]

Tog is daar met reg 'n baie negatiewe sentiment oor die bonatuurlike wêreld buite die Woord van God. Duiwelskuns, swartkuns, nigromansie, nekromansie, toordery, goëlery, spoke, spiritisme, afgodery en satansaanbidding maak mens skrikkerig en bang. Daarom ondersoek ons eerder die Skrifte om die geesteswêreld te verstaan en 'n blik te kry van wat daar aangaan. Die Bybel is as't

[34] Schneiders, S.M. Spirituality in the academy. *Theological Studies* 50:676697 1989.
[35] Udermann Brian E. The Effect of Spirituality on Health and Healing: A Critical Review for Athletic Trainers, 2000
[36] Puchalski, Christina. (2001). The Role of Spirituality in Health Care. Proceedings (Baylor University. Medical Center). 14. 352-7. 10.1080/08998280.2001.11927788.

ware vir ons 'n venster asook 'n handleiding van terme, benaminge, funksies en rolle van wesens wat aktief is in die geesteswêreld.

## Lys Van Benaminge

Die NT gebruik 'n wye verskeidenheid terme vir onsienlike goddelike wesens op die geestelike gebied, goed sowel as kwaad. Volgens hierdie Skrifgedeeltes kan ons hulle grade van rang, krag en funksie in die geestelike wêreld aflei.

**So lees ons in die Bybel van:**

'n gees van **krankheid** (Luk. 13:11)

'n gees van **ontsteltenis** (1 Sam. 16:14)

onrein en **vuil** gees (Op. 18:2)

'n **waarsêende** gees (Hand. 16:16)

'n gees van **slawerny** (Rom. 8:15)

'n gees van **dwaling** (1 Joh. 4:6)

'n gees van die w**êreld** (1 Kor. 2:12)

**verleidende** geeste (1 Tim. 4:1)

'n gees van **jaloesie** (Num. 5:14)

'n **leuen**gees (2 Kron. 18:12)

'n gees van **towery** (Deut. 18:11) *"...of wat met besweringe omgaan, of wat 'n gees van 'n afgestorwene vra of 'n gees wat waarsê, of wat die dooies raadpleeg..."*

die gees van die **antichris** (1 Joh. 4:3)

'n gees van **vreesagtigheid** (2 Tim. 1:7)

'n gees van **bedwelming** (Jes. 19:14)

die **pynigers** (Matt. 18:34)

'n **verslae** gees (Jes. 61:3)

**bose** geeste (Matt. 10:1; Hand. 5:16; 8:7; Matt. 12:43-45; Mark. 1:23-26; 3:11; Op. 18:2)

**demone** (Deut. 32:17; 1 Kor. 10:20-21; Ps. 106:37; Matt. 8:16; Mark. 7:26; Rom. 8:38; Jak. 2:19; Op. 9:20)

**owerstes, magte, wêreldheersers van die duisternis** (Ef. 6:12; Kol. 2:15; 1 Pet. 3:22)

**engele** (Ps. 103:20; Heb. 1:7; Ps. 104:4)

**aartsengel Michael** (Dan. 10:13; 12:1; Judas 9; Op. 12:7)

**aartsengel Gabriel** (Dan. 8:16; 9:21; Luk. 1:19, 26)

**gerubs** (Eseg. 10:12-14; 1:4-14, 22-24; 10:5, 8, 21-22; 41:18-19; Op. 4:6-8)

**serafs** (Jes. 6:2; Op. 4:8)

**Goddelike vergadering van die seuns van God** (Ps. 82:1; Job 1:6; 2:1; Job 38:7).[37]

Daar is inderdaad diegene wat glad nie in die bonatuurlike wêreld glo nie omdat hulle bloot nog geen tasbare belewenis of ervaring van die geesteswêreld gehad het nie. Tog is daar studies in

[37] Michael S. Heiser, *Supernatural: What the Bible Teaches about the Unseen World—And Why It Matters*, ed. David Lambert, (Bellingham, WA: Lexham Press, 2015), 43.

kwantumfisika, wat Einstein as spokerige studies oor 'n afstand beskryf het, waar twee deeltjies (fotons) in wisselwerking kan "verstrengel raak" (entanglement), hul individuele waarskynlikhede verloor en komponente word van 'n meer ingewikkelde waarskynlikheidsfunksie wat beide deeltjies saam beskryf.[38] Eugene Marais het 'n studie van die gees van die mier gemaak waar hy geen natuurlike sintuiglike verklaring kon kry oor hoe 'n koninginmier haar miernes beheer nie. [39]

## Die Bybelse Antieke Wêreldbeskouing oor die Geesteswêreld

In die kerkwêreld is daar twee hoofstrome: die Charismatiese of Pinksterstroom en die Gereformeerde stroom. Laasgenoemde gaan versigtig om met die bonatuurlike en fokus op Skrifverklaring en eksegese. Die eerste groep soek juis die bonatuurlike werkinge en manifestasies van die bonatuurlike geesteswêreld.

Volgens Michael Heiser,'n Gereformeerde teoloog en kenner van die Hebreeuse taal en antieke volke, is daar 'n baie duidelike bonatuurlike wêreldbeskouing te bespeur in die Bybelskrywers se verstaan van die wêreld van Genesis tot Openbaring. Hulle sien die geesteswêreld as 'n gesin wat soms vergadering hou (Ps. 82:1), met rangordes wat óf aan God gehoorsaam is óf 'n groepering wat teen God rebelleer. In hierdie geesteswêreld is Jahwe alleen almagtig, alomteenwoordig, volmaak en alwys. Daar is geen rebellie direk teen God nie, maar wel teenoor Sy skepping. Elke geestelike wese is beperk wat gesag, posisie en vermoë betref. Daar is dus volmaakte orde in die geestelike wêreld – elkeen ken sy plek. Self die satan moes God se toestemming verkry om teen Job op te tree (Job 1:12).

Omdat die Skrif duidelik toon dat ons deur die bose verlei kan word, en ons dit inderdaad so beleef, behoort ons moeite te doen om die geesteswêreld te verstaan en te leer wat ons te doen staan om onsself en ons families te beskerm.

## Die Bybelse Perspektief Erken Die Invloed Van satan

"*...die satan jou hart vervul om vir die Heilige Gees te lieg en van die prys van die grond agter te hou*." (Hand. 5:1-3).

*"...sodat die satan julle nie in versoeking bring deur julle gebrek aan selfbeheersing nie*." (1 Kor. 7:5).

*"...die versoeker julle nie miskien versoek het en ons arbeid tevergeefs sou wees nie*." (1 Thess. 3:5).

"*...sodat hy nie in veragting en in die strik van die duiwel val nie* (1 Tim. 3:6-7).

"*Want sommige het al afgewyk agter die satan aan*." (1 Tim. 5:15).

"*...loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind*." (1 Pet. 5:8-9).

"*...satan moet nie die oorhand oor ons kry nie ons ken sy planne*." (2 Kor. 2:11).

"*...ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is*." (2 Kor. 4:4).

"*...elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God.*" (2 Kor. 10:3-5).

*"...net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus*." (2 Kor. 11:3).

[38] https://www.theatlantic.com/science/archive/2017/02/spooky-action-at-a-distance/516201/

[39] Marais, E. (2012). *The Soul of the White Ant*. Cape Town: Human & Rousseau.

## Die Sataniese Drie-Eenheid

Baie misleiding en dwaling oor die rolle en verantwoordelikhede van die mens ten opsigte van die bonatuurlike wêreld het al tot skadelike misbruik gelei. Daarom begin ons weereens ons studie in Christus. Ons leer van Hom, as ons perfekte voorbeeld, hoe Hy demone, bose geeste en satan hanteer het. Jesus se bediening was in konflik met die tri-alliansie van die wêreldgees van Herodes (Mark. 8:15), die godsdiens van die Fariseërs en Sadduseërs (Matt. 16:6) en die bose geesteswêreld (Matt. 12:28). Hierdie sataniese drie-eenheid word in die boek Openbaring ontmasker: die draak, die dier uit die see en die dier uit die aarde (Op. 12-13).[40]

## Oorlogstryd Teen die Gees van die Wêreld:

Mens sal 'n hele boek aan hierdie onderwerp moet wy, maar dit is algemeen bekend hoe mense se wêreldbeskouing hulle aan bande lê.[41]

Die begrip "lewens- en wêreldbeskouing" verwys na die manier waarop (bril waardeur) jy na die wêreld en die lewe kyk. Die Bybelse wêreldbeskouing is in teenstelling met die huidige humanistiese, sekulêre wêreldbeskouing wat ons daagliks in die media, sekere televisieprogramme, universiteits-ideologieë, politiek en selfs in die kerk beleef. Kyk byvoorbeeld hoe direk die sekulêr-humanistiese manifes gerig is teenoor 'n teïstiese, Bybelse perspektief. [42]

Wêreldkennis word afgelei deur waarneming, eksperimentering en rasionele analise.

Mense is deel van die natuur, die produk van onbegeleide evolusionêre verandering.

Etiese waardes word afgelei van menslike behoeftes en belangstellings soos getoets deur ervaring (etiese naturalisme).

Lewensvervulling kom deur individuele deelname in diens van menslike ideale.

Mense is van nature sosiaal en vind betekenis in verhoudings.

Om te werk ten einde die samelewing te bevoordeel, maksimeer individuele geluk.

Respek vir verskillende dog menslike sienswyses in 'n oop, sekulêre, demokratiese, omgewingsvriendelike en -volhoubare samelewing.

## Waarskuwing Teen Invloed Van Wêreldse Denke:

"*Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor*?" (Mark. 8:36).

"*Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges in die wêreld begaan is*." (Matt. 6:30).

"*Moenie in my pad staan nie, satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê*." (Matt. 16:23).

"*Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie.*" (Joh. 1:10).

"*Die wêreld kan vir julle nie haat nie; maar hy haat My, omdat Ek openlik verklaar dat sy dade sleg is*." (Joh. 7:7).

"*Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou*." (Joh. 12:25).

"*Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie*." (Joh. 14:27).

---

[40] Riekert Botha, Openbaring Ontsluit. (location Eboek 2358)
[41] Miller, D. (1998). *Discipling nations*. Seattle: Ywam publishing.
[42] https://en.wikipedia.org/wiki/Humanist_Manifesto

"*As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat.*" (Joh. 15:18).

Ons is dus in 'n geloofstryd in ons denke gewikkel, want jou wêreldbeskouing is wat jy oor die wêreld en jou omgewing glo. Byvoorbeeld: Wat glo jy oor jou toekoms? Wat glo jy oor sukses? Wat glo jy is die beste beroepe? Wat is jou belangrikste prioriteit: aansien, kinders, huweliksmaat, posisie, verhoudinge of inkomste? Die opsomming van al die antwoorde bepaal jou wêreldbeskouing. Die toetsvraag is: Hoeveel van ons antwoorde is Bybels verantwoordbaar vanuit 'n liefdevolle verhouding met God?

## Oorlogstryd Teen Die Gees van Godsdiens:

Jesus waarsku teen die suurdeeg (invloed) van die godsdiens van die Fariseërs en Sadduseërs (Matt. 16:6). Daar is 'n hele hoofstuk oor hierdie onderwerp. Gaan gerus daardeur (verwys Hfst. 13).

## Oorlogstryd in die Geesteswêreld:

Sodra oorlog uitbreek, moet jy kant kies. Daar is geen neutrale grond nie. Daarom sê Paulus: "*Wat wil ek hiermee sê? Dat 'n afgodsoffer of 'n afgod enige betekenis het? Nee, maar dat dié wat aan hulle offer, aan bose geeste offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê julle moet met bose geeste gemeenskap hou nie. Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bose geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bose geeste nie. Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy?*" (1 Kor. 10:9-22).

**"You cannot rebuke a devil that you continually grant access to your life." ~ Kimberley Pothier**

Daar is nie neutrale grond in 'n oorlog om besetting nie. Jy moet óf terugveg óf jou grond verloor. Die geestelike oorlogstryd is om die grondgebied van ons harte. Wie regeer in jou hart? Satan of die Here Jesus Christus? Jou lewe is 'n habitat, tuiste, grondgebied, 'n tuin. Die Here wil jou tuin laat floreer in al jou uniekheid om soos Jesus te wees, in karakter, waardes, gewoontes, denke en handeling. Satan daarenteen is die verleier, om te kom steel en te verwoes. (Joh. 10:10).

## 'n Kwessie van Jurisdiksie

Elke wetstoepasser werk binne 'n sekere jurisdiksie. Hy kan byvoorbeeld nie net in jou huis in stap en kom bevele gee nie. Want jy is die eienaar, en het jurisdiksie oor jou eie huis.

Daarom moet die polisie 'n lasbrief hê, alvorens hulle jou huis kan kom ondersoek. 'n Polisieman van Suid-Afrika het nie gesag en jurisdiksie in die VSA, alvorens dit nie deur daardie polisie gemandaat word nie. Net so het ons nie jurisdiksie om in die geesteswêreld owerhede, heersers en geeste net bloot te bestraf nie.

Ons jurisdiksie is op die aarde. (Gen. 1:28; 2:15).

Ons het hierdie jurisdiksie en gesag verloor. (Luk. 4:6).

Satan het onwettige jurisdiksie bekom. Hy word genoem:

"*...owerste van hierdie wêreld.*" (Joh. 12:31).

"*...die god van hierdie wêreld.*" (2 Kor. 4:4).

"*...die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.*" (Ef. 2:2).

"*...maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.*" (Ef. 6:12).

Jesus het baie duidelik gesag en outoriteit uitgeoefen oor bose geeste. Hy het ook Sy dissipels mag gegee om onrein geeste uit te dryf (Matt. 10:1). "*Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen.*" (Luk. 10:19).

Dit is ook duidelik dat die bose geeste 'n komende oordeel van Jesus vrees (Mark. 5:7). Jesus het egter met Sy kruisdood, die sleutels van die doderyk afgeneem. Sleutels dui op gesag. Hy het satan ontwapen, en die jurisdiksie wat hy van die mens geneem het, teruggeneem as die perfekte mens. In Christus is die volle heerskappy en mag wat God bedoel het die mens moet uitoefen, herstel.

"*Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.*" (Kol. 2:15).

"*Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in Sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur.*" (2 Kor. 2:14).

Satan het dus nog steeds net gesag in mense as gevolg van hulle ongehoorsaamheid, en dat hulle hulleself as werktuie in Sy hand stel. Hy het dus wettige jurisdiksie omdat hulle dit vir hom gegee het.

"*Daarna kom die einde, wanneer Hy die koninkryk aan God die Vader oorgee, as Hy alle heerskappy en alle gesag en mag vernietig het. Want Hy moet as koning heers totdat Hy al Sy vyande onder Sy voete gestel het.*" (1 Kor. 15:24-25).

'n Polisieman hoef nie hard te skreeu om sy gesag af te dwing nie. Miskien by arrestasie, wanneer die misdadiger weerstand bied. Sy gesag lê daarin dat hy die wet verstaan, en elkeen se jurisdiksie erken. As hy byvoorbeeld nie die bewysstukke korrek versamel, merk en dokumenteer nie, word die saak uit die hof gegooi. As hy onreëlmatig opgetree het, verloor die staat die saak teen die misdadiger. Net so is daar orde in die geesteswêreld.

Die bose geeste het presies geweet wie Jesus is (Luk. 4:34; 8:28). Die sewe seuns van 'n Joodse priesterhoof, Skeva, het egter hulle moses teëgekom toe hulle probeer het om bose geeste uit te dryf sonder werklike geestelike gesag. Hulle wou bloot magiese tegnieke, selfs Jesus se naam, gebruik sonder 'n lewe toegewy aan God of dat hulle gevul is met die Heilige Gees (Hand. 19:14). Die towenaar wou hierdie gawe koop (Hand. 8:20).

"*Bekeer jou van hierdie dwaling en bid tot die Here: miskien sal Hy jou hierdie gesindheid van jou hart vergewe. Ek sien jy is deur afguns vergiftig en deur die sonde verstrik.*" (Hand. 8:22-23).

Ons kan vanuit hierdie Skrifgedeeltes 'n baie sterk argument bou dat 'n heilige lewe, toegewy aan die Here, vol van die Gees van God, die basis van geestelike oorlogvoering is.

Paulus verduidelik dit nog verder met 'n pragtige metafoor: Die Christen se wapenrusting is nie magiese towery nie, maar 'n heilige leefwyse (Ef. 6:14-18). Geregtigheid, waarheid, geloof en bereidheid is dade van gehoorsaamheid wat ons beskerm en die Woord is ons offensief.

Baie gelowiges probeer die wapenrusting magies gebruik deur dit daagliks aan te trek. Dit is nie wat Paulus met die metafoor wil bereik nie. Hy is bloot besig om geestelike waarhede wat ons uitleef prakties aan die hand van 'n soldaat se wapenrusting te verduidelik. Geloof is 'n lewenswyse en vorm 'n skild teen die vurige pyle wat satan aanhoudelik op ons afvuur.

Ons het in Christus al hierdie geestelike leefstyl-waarhede ontvang. Ons het elkeen 'n mate van geloof en ons het verlossing, die waarheid en geregtigheid alles in Christus ontvang. Deur 'n leefstyl van bereidwilligheid, uit die waarheid en in Sy geregtigheid leef ons Sy verlossing uit waar ons ook al beweeg.

## Die Geestelike Arsenaal Van Die Gelowige

Bestudeer die volgende Skrifgedeeltes: (1 Kor. 4:10-15; 2 Kor. 4:8-18; 2 Kor. 6:3-10; 2 Kor. 11:23-28; 2 Kor. 13:9).

*"Ons word uitgeskel, en ons antwoord met seënwense. Ons word vervolg, en ons verdra dit. Ons word beledig, en ons bly vriendelik. In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie. Ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie. Ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie. Op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie. Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen. ...My genade is vir jou genoeg."*

In die laaste paar dekades het daar in die geloofswêreld 'n hernieude fokus op geestelike oorlogvoering geval.

Hierdie fokus is deels goed, maar daar is ook gevare as ons nie ons plek en rol verstaan nie. So is daar byvoorbeeld dikwels gebedsmarse gehou, wêreldwye gebedskettings het ontstaan, mense het hulle huise en besighede se deure en vensters en hoekpale begin salf, of daar is huisskoonmaakrituele uitgevoer om okkultiese items te vernietig, studies is gemaak van geestelike hoeklyne en okkultiese, sataniese vloeke, gedenktekens met sataniese betekenisse, voorvadervloeke, ens. ens.

Die natuurlike vraag is: Wat is die uitkoms nou 30 jaar later? Is die kerk heiliger? Kom meer mense tot bekering? Is daar nou meer eenheid in die kerk? Is daar herlewing? Die Bybel is 'n versameling van vreemde geestelike stories met bonatuurlike elemente, so die Here kan 'n mars gebruik soos met Jerigo. Hy het immers die Rooisee oopgekloof! God kan enigiets doen. Tog sien ons Jesus baie pragmaties te werk gaan in die oorlogvoering teen boosheid.

Ons kan nie met magiese rituele 'n verkeerde leefstyl en die gevolglike konsekwensies regmaak nie. Hierdie is 'n groot misleiding in die geloofsgemeenskap.  Ons kan nie swart magie met wit magie beveg nie.

## Hoe Het Jesus Te Werk Gegaan Met Die Geesteswêreld?

Jesus se konfrontasie met boosheid is openlik, direk en konfronterend met betrekking tot die sataniese drie-eenheid. Jesus se afkeer van Herodes en diegene wat die wêreld dien, Sy openlike ontmaskering van die valsheid en geslepenheid van die Fariseërs, skrifgeleerdes en sogenaamde godsdienstiges, asook Sy miskenning van satan se strategieë is vir ons 'n voorbeeld van direkte konfrontasie. Hy is openlik en direk aanvallend teenoor boosheid.

*"...wat van duiwels besete was; en Hy het die geeste met 'n woord uitgedrywe."* (Matt. 8:14-17).

"*Bly stil en gaan uit hom uit! En die onreine gees het hom stuiptrekkings laat kry en met 'n groot stem geskreeu en uit hom uitgegaan... van duiwels besete was... en baie duiwels uitgedryf en die duiwels nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle Hom geken het.*" (Mark. 1:21-34).

"*...die gees van 'n onreine duiwel, en hy het met 'n groot stem uitgeskreeu en gesê: Ha! wat het ons met U te doen, Jesus, Nasaréner? Het U gekom om ons te verdelg? Ek ken U, wie U is: die Heilige van God! En Jesus het hom bestraf en gesê: Bly stil, en gaan uit hom uit! En die duiwel het hom tussen hulle neergegooi en uit hom uitgegaan sonder om hom seer te maak. Toe kom daar verbaasdheid oor almal, en hulle praat met mekaar en sê: Wat vir 'n woord is dit, dat Hy met gesag en mag die onreine geeste gebied, en hulle gaan uit! En daar het 'n gerug aangaande Hom uitgegaan na elke plek van die omgewing.*" (Luk. 4:31-37).

## Jesus se Werkswyse Met Boosheid:

Jesus se konfrontasie is direk en naby: Wanneer daar demoniese manifestasies is, maak Hy hulle stil en dryf hulle uit met 'n woord. Gebed is hoofsaaklik tot God gerig, en duiwels word uitgedryf wanneer hulle manifesteer in Sy teenwoordigheid. Dit is dus weer eens 'n kwessie van jurisdiksie. 'n Wetstoepasser kan net optree waar daar bewyse is van misdaad.

Satan se poging om Hom te versoek word kortliks met "daar staan geskrywe" en "weg met jou satan" gedoen. Daar is geen dialoog of lang gesprekke met satan nie.

Jesus gebruik geen magiese toordery of rituele in Sy bediening nie. Hy doen nie een wonderwerk op dieselfde manier nie en Hy doen dit sonder godsdienstige, luisterryke vertoon. Hy gee gewoonlik aan die sieke 'n opdrag. Hy lê Sy hande op die siekes. Onthou dit gaan oor die grondgebied van ons harte.

Jesus konfronteer boosheid nie as 'n abstrakte, onsigbare realiteit nie. Daar is dus 'n direkte onderskeid tussen die fisiese en die geestelike wêreld. Wanneer die bose geeste in hierdie wêreld manifesteer, neem Jesus dadelik outoriteit daaroor. Ons sien nie enige voorbeelde waar Jesus of enige van die leiers van die vroeë kerk betrokke geraak het in gebede, verklarings of uitsprake gerig op die geesteswêreld nie. Ons bestaan is aards, en ons het deur Christus Jesus weer ons oorspronklike mandaat opgeneem om hier gesag uit te oefen. Ons is nie geestelike wesens nie en het nie gesag om in die geesteswêreld gesag uit te oefen nie, soos om engele te beveel en opdragte te gee nie. Alleenlik wanneer hierdie geesteswesens hulleself in ons wêreld openbaar, neem ons 'n posisie van gesag teenoor hulle in. Daarteenoor is daar natuurlik 'n geestelike reaksie in die geesteswêreld wanneer ons God hier gehoorsaam. Elke geestelike wese het op 'n bepaalde vlak gesag. "*Dink ook aan wat gebeur het met die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag*." (Judas 1:6).

Ons oorwin boosheid in die wêreld deur dissipels van alle nasies te maak. Dink net as ons as kerk gebly het by hierdie een opdrag waarin God ons bemagtig het: "*Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*." (Matt. 28:18-20). Deur die eeue heen verontagsaam ons hierdie een groot mandaat en die hele wêreld ly as gevolg van ons ongehoorsaamheid. (Rom. 8:22).

Gebed is uitsluitlik tot God gerig en nie tot duiwels, geeste of owerhede nie. Sommige mense spandeer baie tyd om geeste in die hemelruim wat hulle nie kan sien nie te bestraf. Waarom nie eerder mense direk bedien en dan, wanneer 'n bose gees manifesteer, gesag te neem en die mense vrymaak nie? Inteendeel, in bevryding is vrymaking baie maklik, deur die eienaar van die woning, dit wil sê die betrokke persoon sover te kry om te bely waar hulle satan en boosheid wettige uitnodiging gegee het. Dan wanneer die persoon Jesus se heerskappy in hulle lewe bely en erken, gee jy 'n direkte onmiddellike uitsettingsbevel! Jy beveel die bose geeste met 'n woord!

Ons geestelike oorlogvoering is om te heers oor boosheid, verslawing, sonde en versoekings se invloed in ons eie lewe. "*Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is*." (Ef. 2:2). "*Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie*." (Rom. 6:12).

Daar is dus 'n gehoorsaamheidstryd! Wie gaan jy gehoorsaam? God of self? God of satan? God of die gees van die wêreld?

## Ware Geestelike Oorlogvoering – Gehoorsaamheid Aan Die Heilige Gees.

Ware geestelike oorlogvoering is dus jou eie oorwinning in Christus Jesus wanneer jy outoriteit en gesag uitoefen oor jou drange, vleeslike begeertes, influisteringe, gedagtes en emosies wat nie gegrond is op die Woord nie.

"*Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie. Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak. Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is."* (2 Kor. 10:3-6).

In ons oorgawe en onderdanigheid aan Christus ontvang ons die krag en die vermoë om los te kom van die houvas en mag van sonde. Slawerny impliseer dat slawe onder die mag van die slawedrywer is. Jesus het ons kom loskoop van hierdie mag. Hy het ons wettige vrylating bekom sodat ons nou deur die Heilige Gees aan Hom gehoorsaam kan wees.

Geestelike oorlogvoering beteken om deur gehoorsaamheid aan die Gees sout en lig te wees (Matt. 5:13-16); suurdeeg te wees (Matt. 13:33); 'n geur van die lewe te wees (2 Kor. 2:14). Nêrens is daar enige bewyse dat die gelowiges een of ander magiese denkbeeldige geestelike oorlogvoering teen die heersers van daardie tyd beoefen het nie.

Selfs hulle vervolging is gesien as 'n geleentheid om die Evangelie te verkondig. Jesus se lewe van liefde, omgee, barmhartigheid, gemeenskap, selfverloëning en vergifnis was die eerste gelowiges se kentekens wat hulle van die wêreld onderskei het.

Hierdie lewenstyl het uiteindelik die wêreld deursypel tot op die punt waar die magtige Romeinse Ryk Christenskap as die amptelike godsdiens aangeneem het. Ongelukkig het die Romeinse wêreldgees die kerk soos suurdeeg deurdring en die wêreld in die donker eeue ingelei, voor God se lig weer deur die hervormers deurgebreek het.

## Gehoorsaamheid aan Jesus is ons oorwinning oor boosheid

"*Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer*." (Rom. 5:17).

Elke dag leef ons hierdie oorwinning uit in ons eie lewe, maar uiteindelik ook vir die mense om ons. Ons lewe in harmonie met God en ons geestelike familie word uiteindelik 'n stukkie goddelike grondgebied, 'n Eden, waar God se wil uitgeleef word. "*Laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.*" (Matt. 6:10). *"Soos waters die seebodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word*." (Hab. 2:14).

Ons ongehoorsaamheid kos ons baie meer as ons gehoorsaamheid. Dink aan wat Adam en Eva se ongehoorsaamheid hulle gekos het, en gevolglik ook die hele mensdom. Die grondgebied wat satan wil verower is 'n hart toegewy aan die Here. Hy het geen ander agenda, as om ons te laat afstand doen van ons skeppingsdoel om God se werktuie van skeppende genesende liefde te wees nie.

Aan wie is ons gehoorsaam? God of self? Die Heilige Gees of sataniese influisteringe? Die woord van God of die tradisies van mense?

Duisternis kan net regeer in die afwesigheid van die Lig. Die leuen kan net bestaan in die afwesigheid van die Waarheid. Dit beteken ook weliswaar, dat die mensdom Jesus moet aanvaar as die Waarheid. Jesus was die lig en hulle het die lig nie liefgehad nie (Joh. 3:19). Jesus is die enigste Weg, Hy is die enigste Waarheid, en Hy is die enigste Lewe (Joh. 14:6). Tog kies die mensdom om hulle rug te draai op die Waarheid. Dit is nie God wat die mens straf nie, dis die

mens wat straf op hulleself bring omdat hulle die waarheid verwerp. Waar die waarheid aanvaar word, en gehoorsaam word is daar eenheid, en behou die wat in Christus is, die heilige band van eenheid (Ef. 4:3-6).

Dit is die mens se ongehoorsaamheid, en soeke na hulle eie gewin wat die deur oopmaak vir sataniese magte om te heers. Waar ons Jesus se lewe navolg, en daarvolgens wandel is daar orde, en sosiale vrede. God is op soek na mense wat die geestelike oorlog wen, wanneer niemand sien nie. Dawid het die beer en die leeu verslaan waar niemand sien nie, om geloof te hê om Goliat in die publiek te verslaan. "*Ek skryf aan julle, jongmanne, omdat julle die Bose oorwin het.*" (1 Joh. 2:13).

Die persoonlike oorwinning oor boosheid, is essensieel tot publieke oorwinning.

# Hoofstuk 11

## JESUS DIE MENS-MENS

In the Incarnation the whole human race recovers the dignity of the image of God. - Dietrich Bonhoeffer, The Cost of Discipleship

**DIE** vleeswording of menswording van Jesus Christus, die Seun van God, is naas Sy kruisdood die grootste bewys van God se liefde aan die mensdom.

Die feit dat Jesus fisies en histories geleef het, grondves Sy leerstellings nie net as hoë geestelike ideale nie, maar ook prakties uitvoerbare beste praktyke vir die lewe. Hy het nie net vir ons gesê hoe om te leef nie, Hy het ook vir ons gewys *hoe* om te leef.

Ons geloof is nie net in 'n argetipe, filosofiese, geestelike Jesus nie. Hy het bene, vlees, vel en spiere gehad. Hy het al die beperkinge van 'n stoflike liggaam aangeneem. Hy moes slaap (Matt. 8:24); Hy het moeg geword (Joh. 4:6); Hy het gebloei (Joh. 19:34); Hy was honger (Joh. 21:18); Hy het gegroei en groot geword (Luk.1:80; 2:40).

### Hy Toon Emosies:

Woede: Matt. 17:18; Mark. 4:35-41; Luk. 9:51-56; Mark. 10:13-14; Matt. 16:22-23; Joh. 11:33, 38; Mark. 16:14; Matt. 21:12-13.

Angs: Mark. 14:33.

Doodsangs: Luk. 22:44.

Liefde: Mark. 10:21; Joh. 11:5.

Medelye: Matt. 9:36; 14:14; 15:32; 20:34.

Skaamheid: Heb. 12:2.

Dat die God deur Wie alles tot stand gekom het Homself so beperk, is 'n ware daad van liefde. Hy het geen voordeel hieruit getrek nie. Dit was 100% net vir ons! "... *en die lewe is geopenbaar, en ons het dit gesien, en ons getuig en verkondig aan julle die ewige lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is.*" (1 Joh. 1:1-2).

"*Hieraan ken julle die Gees van God: elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het, is uit God.*" (1 Joh. 4:2).

Sy vleeswording anker ons geloof deurdat ons kan sien dit is moontlik om die beeld van God na te streef (Rom. 8:29).

## Jesus Eet en Kuier Saam Met Mense

Aan tafel gee ons mense nie net kos nie; ons bou verhoudings — stories en herinneringe.

Jesus is in diere se eetkrip gebore (Luk. 2:7, 12, 16). 'n Groot deel van Jesus se bediening vind om die tafel plaas.

Die woord "hospitable" kom van die kernwoord "hospital" en die woord "restaurant" kom van die kernwoord "restore". Gasvryheid was die kern van daardie tyd se kultuur: om gaste te bedien en soort van uit-te-hang. Hoe groter jou aansien in die gemeenskap, hoe groter moes jou gasvryheid wees. Daar is ook ruim tyd gegee vir die maaltyd. Mense ontspan as hulle eet. Lees Leonard Sweet se boek, *From Tablet to Table*, vir meer inligting. [43]

*"Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, en hulle sê: "Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars." Maar God tree met wysheid op, en Sy werke bewys dit."* (Matt. 11:19).

Tog het Jesus nie 'n obsessie met kos gehad nie. Daar was tye wat werk en bediening voor kos gekom het. *"Daarna het Jesus huis toe gegaan. 'n Menigte mense het weer saamgedrom, sodat daar selfs nie geleentheid was om 'n stukkie te eet nie."* (Mark. 3:20, 31).

*"Intussen het Sy dissipels by Hom aangedring: "Rabbi, eet tog 'n stukkie." Maar Hy sê vir hulle: "Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie." Die dissipels sê toe vir mekaar: "Sou iemand dalk vir Hom iets te ete gebring het?" Maar Jesus het vir hulle gesê: "My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om Sy werk te voltooi."* (Joh. 4:31).

Mense kan heeltemal hulle fokus verloor en net aan kos dink. Jesus fokus op mense en sien kos as die middel om by 'n persoon se hart te kom. *"Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, wag vir mekaar. As een van julle honger is, moet hy liewer by die huis eet, sodat julle nie 'n oordeel oor julle bring as julle bymekaarkom nie."* (1 Kor. 11:33).

Jesus het die tafel gebruik om die mense om Hom meer direk te leer. Gewigtige sake is om die tafel gehanteer. *"Op 'n sabbatdag toe Jesus na die huis van 'n vooraanstaande Fariseër toe gegaan het om daar te eet, het hulle Hom fyn dopgehou. Reg voor Hom was daar 'n man wat aan water gely het. Jesus praat toe met die wetgeleerdes en Fariseërs en vra: "Mag 'n mens iemand op die sabbatdag gesond maak of nie?" Maar hulle het stilgebly. Toe trek Jesus die sieke nader, maak hom gesond en laat hom gaan. Daarna sê Hy vir hulle: "Sê nou 'n seun of 'n bees van een van julle val in 'n put, sal hy hom nie dadelik uithaal nie, al is dit op 'n sabbatdag?" Hulle kon daar niks op antwoord nie."* (Luk. 14:1-24).

Jesus se tafel was inklusief. Hy het geweet Judas gaan Hom verraai, maar het nogtans saam met hom geëet. *"Maar kyk, die hand van die man wat My verraai, is saam met Myne hier op die tafel."* (Luk. 22:21-23).

Een van die mooiste verhale van Jesus se mens-menswees is toe Hy vir Sy dissipels kos gemaak het. Is dit nie presies hoe ons ook vir ons vriende wys ons geniet hulle samesyn nie? *"Toe hulle aan land kom, sien hulle 'n vuur brand en 'n stuk vis daarop lê. Daar was brood ook. Jesus sê toe vir hulle: "Bring van die vis wat julle nou net gevang het."* (Joh. 21:5).

Jesus sien die tafel as 'n manier om mense te bedien en uit te reik na jou naaste. *"Hy het ook vir die gasheer gesê: "As jy in die middag of in die aand 'n maaltyd gee, moet dan nie jou vriende of broers of familie of ryk bure uitnooi sodat hulle jou waarskynlik ook weer uitnooi en jou op dié manier vergoed nie. Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes. Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed by die opstanding van dié wat reg gedoen het."* (Luk. 14:13).

[43] SWEET, L. (2019). *FROM TABLET TO TABLE*. [S.l.]: NAVPRESS PUB GROUP.

Jesus se dissipelskap- en evangelisasie-metodes was om in ’n huis in te gaan en die mense se gasvryheid te gebruik (sien Luk. 10:8).

Niemand was uitgesluit nie. Almal is welkom by Jesus se tafel. *"Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en Sy dissipels kom eet. Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: "Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars?" Maar Jesus het dit gehoor en gesê: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Gaan leer wat dit beteken: 'Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.' Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars."* (Matt. 9:11).

Jesus eet selfs by Sy aartsvyande, die Fariseërs (sien Luk. 7:36; 11:37; 14:1).

Om mense wat honger is kos te gee, is deel van die hart van die evangelie. Sonder voedsel kan ons nie oorleef nie. Jesus is prakties oor mense se fisiese nood sowel as hulle geestelike welsyn. Hy voed die 5 000 (Matt. 14:16) en dan die 4 000 (Matt. 15:27) en gee daarna ’n lang preek waarin Hy sê dat Sy liggaam geëet moet word (Joh. 6). *"Hoekom verontagsaam u dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte? As hulle gaan eet, was hulle nie hulle hande nie."* (Matt. 15:2; Mark. 7:2-5).

## Jesus Raak Vuil om Ons Skoon te Maak

Jesus is nie bang om aan ons vuilheid te raak en vuil te word om ons skoon te maak nie. "*'n Melaatse man kom kniel toe voor Hom en sê: "Here, as U wil, kan U my gesond maak." Toe steek Jesus Sy hand uit, raak hom aan en sê: "Ek wil. Word gesond*!" (Matt. 8:2-3).

Dis een van Jesus se mooiste eienskappe. Hy is bereid om vuil te word. Hy woon in ’n vuil, arm gemeenskap in Nasaret. Hy doen die werk van ’n ambagsman, waar Hy baie gou vuil sou word. Jesus is nie te heilig om aan ons vuilheid te raak nie. Inteendeel, Hy raak doelbewus aan ons vuilheid om ons te heilig. Jesus lê Sy hande op die siekes (Matt. 9:29; Mark. 5:23; 7:32; 8:25). Jesus raak aan die dooie seun se draagbaar en wek hom uit die dood uit op (Luk. 7:11-17). Hy raak aan die dooie dogtertjie:

"Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: "*Talíta, koemi!" Dit beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!*" (Mark. 5:41).

Jesus se bediening was uniek, gans anders, en verrassend. Hy gebruik selfs spoeg om mense gesond te maak! Ek sien sommer hoe mense gril, hulle kop skud en wegdraai. Tog het Jesus drie keer mense deur Sy spoeg genees! Ek kan my nie ’n meer intieme aanraking voorstel nie. "*Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy Sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer*." (Mark. 7:33).

"*Hulle het in Betsaida aangekom, en toe bring die mense 'n blinde man na Jesus toe en vra Hom om hom aan te raak. Hy het die blinde man aan die hand gevat en hom uit die dorp uitgelei. Toe het Hy op sy oë gespoeg, Sy hande daarop gesit en vir hom gevra: "Sien jy al iets?" Hy het sy oë geknip en gesê: "Ek sien mense, iets soos bome. Ek sien hulle loop." Daarna het Jesus weer Sy hande op sy oë gesit. Die man het sy oë oopgemaak, en hulle was reg. Hy het alles duidelik gesien. Jesus het hom huis toe gestuur en gesê: "Moenie by die dorp aangaan nie.* " (Mark. 8:22-26).

"*Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë*." (Joh. 9:6).

Jesus wys ons baie duidelik dat heiligheid niks met steriele, kwarantynagtige gedrag te doen het nie. Sonde maak jou vuil. Iemand wat aan drank verslaaf en dronk is, raak vuil! Mense se ongehoorsaamheid en rebellie lei na varkhokke (sien Luk. 15:15). Jesus kom haal ons in ons varkhokke. Hy is nie te skaam of te hooghartig om aan ons stukkendheid en vuilheid te raak nie!

## Gewone Werk Kan God Ook Verheerlik

Die vleeswording van Jesus grondves en anker ons lewe in die wete dat 30 jaar se gewone, vakman-, plaas-, buite-die-kollig-lewe nie van minder belang is nie. Dit was hierdie opvoeding en leerproses wat Sy openbare lewe en woorde gevorm het.

Die Seun van God het bykans dertig jaar daaraan bestee om die alledaagse werk van die gewone mens te doen. Daaglikse werk is dus nie van minder belang as tempeldiens en prediking nie. Elkeen het sy plek. Jesus het baie wonderwerke gedoen, maar daar het nie elke dag uitsonderlike wonderwerke plaasgevind nie en daar is nie elke dag dooies opgewek nie. Wonderwerke en tekens is belangrik, maar wat egter van wesenlike belang is, is die daaglikse roetinelewe wat die weg gebaan het vir hierdie wonderwerke!"

Die menswording van God help ons om weer na te dink oor die mite dat ons meer nodig het. Toe God vlees geword het, is elke gewone mens se lewe as heilig gewaarmerk. Die feit dat God mens geword en die grootste deel van Sy lewe as onbekende skrynwerker in die klein dorpie Nasaret deurgebring het, gee ons perspektief. Deur Sy menswording leer ons dat elke lewe waardigheid en betekenis het en dat elke gewone lewe saak maak. Die geheimenis van die menswording help ons om te onthou dat 'n gewone lewe die moeite werd is om te lewe. Anders sou God 'n ander lewe, 'n ander dorp en dalk 'n meer relevante tyd – soos die huidige – gekies het. [4]

Ons daaglikse bestaan het dus betekenis en waarde. Niks is verniet of onbenullig nie. *Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie* (Sag. 4:10).

Jesus het ons kom wys dat daaglikse werk ook heilig kan wees, want Hy was volkome mens maar tog het Hy nie gesondig nie. Ons verheerlik die Here ook deur die kwaliteit van ons werk. "*Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik*." (Matt. 5:16). "*Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God*." (1 Kor. 10:31).

*"Sien jy 'n man wat vaardig is in sy werk—hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie*." (Spr. 22:29).

## Ons Moet Werk om te Kan Gee

"*Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.*" (Ef. 4:28).

*Maar ons moet anders werk as die wêreld. Ons handewerk en hoe ons met mense werk moet spreek van God se Vaderhart en Sy waardes. Toe die koningin van Skeba die geregte op Salomo se tafel sien, wat was anders? Die manier hoe dit voorgesit word? Verder was sy beïndruk met die manier waarop Salomo se diensknegte gesit het en hoe hulle hulleself gehandhaaf het. En hulle klere? "…en die voedsel van sy tafel en hoe sy dienaars sit en sy bediendes staan, en hulle klere, en sy dranke en sy trap waarmee hy opklim in die huis van die Here, was daar in haar geen gees meer nie*." (1 Kon. 10:5).

Ek glo Salomo het sy diensknegte menswaardig en nie soos slawe behandel nie. Daarom was hulle trots daarop om te dien. So behoort ons plase, pakhuise en fabrieke ook die regering na hulle asem te laat snak oor die manier waarop ons mense bemagtig en menswaardigheid ontwikkel.

"*Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel*." (Matt. 5:3).

## Die Krag Van Swakheid

Die "onderstebo en agterstevoor" koninkryk van God bepaal dat ons sterk is juis wanneer ons swak is. "*Hy het egter vir my gesê: "My genade is genoeg vir jou, want my krag kom juis in swakheid*

*tot volle verwesenliking. Daarom sal ek baie liewer oor my swakhede spog sodat die krag van Christus voortdurend deur my kan werk. Ek is dus tevrede met my swakhede, beledigings, ontberings, vervolgings en benoudhede ter wille van Christus, want wanneer ek swak is, juis dán is ek sterk.*" (2 Kor .12:9, 10; NLV).

Dit beteken dat ons as gelowiges juis in ons swakhede roem, en nie ons sterkte nie. Dis juis ons swakheid, broosheid en die eerlike erkenning van ons afhanklikheid wat Sy krag in ons lewe ontsluit!

## Onverdienstelike Genade

"*Ja, juis toe ons nog totaal hulpeloos was, het Christus vir ons, die goddeloses, kom sterf.*" (Rom. 5:6; NLV).

Die eerste gelowiges was nie van die slimste, invloedrykste en sterkste mense nie. "Broers en susters, dink maar net terug hoe julle eie situasie destyds was toe God julle geroep het. Gemeet aan menslike standaarde was daar maar min intellektueles onder julle, nie baie magtiges nie, nie baie uit vooraanstaande families nie. Nietemin het God doelbewus dit wat vir die wêreld na dwaasheid gelyk het, uitgekies om die slim mense skaam te maak en dit wat vir die wêreld na swakheid gelyk het, het Hy uitgekies om die magtiges skaam te laat kry. Inderdaad, wat vir die wêreld onaansienlik en gering lyk, ja, wat vir die wêreld glad nie 'n faktor is nie, het God uitgekies om wat vir die wêreld wel belangrik is, heeltemal af te skryf.

"Gevolglik het niemand enige grond om sy bors voor God uit te stoot nie. Dit is deur God alleen dat julle nou aan Christus Jesus behoort. Dit is deur Hom dat Jesus vir ons die wysheid van God geword het, die Een deur wie God ons vrygespreek en vir Homself geheilig en vrygekoop het. Soos die Skrif dit stel: Die persoon wat graag wil spog, mag net spog oor wat die Here vir hom gedoen het." (1 Kor. 1:26-31; NLV).

Ons kan eenvoudig nie ons lewe bepaal nie. Ons weet nie wanneer en hoe ons gaan sterwe nie. "*Kom nou, julle wat sê: "Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak." Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn. Julle moet eerder sê: "As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen." Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpratery is verkeerd. As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde*." (Jak. 4:13-17).

Daarom hou ons saggies vas aan die tydelike omdat God ons in die Gees in 'n ferm greep in Homself vasgeanker het.

Deur die eeue sien ons oor en oor die verhale van mense wat hulle geloof en vertroue op God stel. "*Nie deur krag of deur geweld nie, maar deur my Gees, sê die Here van die leërskare*." (Sag. 4:6).

As Jesus, die Seun van die mens, dan afhanklik was van die Vader, wat laat ons dink ons kan op ons eie voortstorm? Hy wys ons die beste manier om hierdie lewe te leef: in diepe afhanklikheid van God. Ons is nederig afhanklik. Ons wil immers niks besit wat nie uit Sy hand geskenk is nie. Dit wat ons in die vlees vermag, moet ons in die vlees behou!

"*Die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so. Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en my oordeel is regverdig, omdat Ek nie my wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het.*" (Joh. 5:19-20, 30).

"*Ek het uit die hemel neergedaal, nie om My wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.*" (Joh. 6:38).

"*Uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek.*" (Joh. 8:28).

"*En Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is*." (Joh. 8:29).

*"… maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek*." (Joh. 12:49).

*"Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke… en die woord wat julle hoor, is nie myne nie, maar is van die Vader wat My gestuur het. Maar dat die wêreld kan weet dat Ek die Vader liefhet en doen net soos die Vader My beveel het*," (Joh. 14:10, 24, 31).

" *… die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei; want Hy sal nie uit Homself spreek nie, maar alles wat Hy hoor, sal Hy spreek en die toekomstige dinge aan julle verkondig*." (Joh. 16:13).

*"… nogtans nie soos Ek wil nie, maar soos U wil*." (Matt. 26:39).

## Ons Kan Niks Sonder Hom Doen Nie

Ons lewe in dieselfde afhanklikheid van die Heilige Gees as wat Jesus in afhanklikheid van die Vader geleef het.

Joh. 15:5 : "…*sonder My kan julle niks doen nie*."

1 Joh. 2:27: "*En die salwing wat julle van Hom ontvang het, bly in julle, en julle het nie nodig dat iemand julle leer nie; maar soos dieselfde salwing julle aangaande alles leer, so is dit ook waar en geen leuen nie; en soos dié julle geleer het, so moet julle in Hom bly*."

Rom. 8:14: "*Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God*."

Joh. 14:26: *"… die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.*"

Joh. 14:21: "*Wie my gebooie het en dié bewaar, dit is hy wat My lief het . . .*"

Dit is wesenlik belangrik om onderskeid te maak tussen selfgerigte, eie-ek-gedrewe gedrag en dié waar ons in afhanklikheid van God ons talente tot eer van Sy naam gebruik. Die idee van "God help die mense wat hulleself help" is gegrondves op die einste rebellie van die oorspronklike mense, Adam en Eva. Die ryk jong man het alles in sy eie vermoë gedoen om die wet te handhaaf om die ewige lewe te beërwe. Tog, toe die Here hom vra om alles te verkoop en vir die armes te gee, kon Hy dit nie doen nie. Die motief agter al die harde werk was selfverryking. Toe Jesus daarna vir die dissipels sê: "*Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan", het hulle na mekaar gekyk en besef: Maar dan gaan niemand dit maak nie! Dis reg! Niemand kan die koninkryk deur werke in besit neem nie. Inteendeel, geen vlees kan die koninkryk beërwe nie. Die koninkryk is 'n geskenk wat nederig ontvang word! "Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: "By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik*." (Matt.19:26).

Wanneer ons aan die einde van onsself gekom het, bewerk God deur Sy genade en Sy goddelike vermoë redding in ons. "*Ek is tot alles in staat deur Christus wat my krag gee*." (Fil. 4:13).

# Hoofstuk 12

## JESUS SE GEHOORSAAMHEID

Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is. En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword." (Heb. 5:8-9)

G**EHOORSAAMHEID** is onontbeerlik vir geestelike groei. Jou mate van gehoorsaamheid bepaal die mate van gesag wat jy in die geesteswêreld sal hê. Jesus se hele lewe getuig van gehoorsaamheid. Eers was Hy gehoorsaam aan aardse ouers: *"Hy het toe saam met hulle na Nasaret toe teruggegaan, en Hy was aan hulle onderdanig."* (Luk. 2:51). Toe algehele gehoorsaamheid aan die Vader:

*"Jesus het toe geantwoord en vir hulle gesê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie. Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so."* (Joh. 5:19).

*"Ek kan uit Myself niks doen nie. Soos Ek hoor, oordeel Ek; en My oordeel is regverdig, omdat Ek nie My wil soek nie, maar die wil van die Vader wat My gestuur het."* (Joh. 5:30).

*"Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om Mywil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."* (Joh. 6:38).

*"En Jesus sê vir hulle: Wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, dan sal julle weet dat dit Ek is; en uit Myself doen Ek niks nie; maar net wat my Vader My geleer het, dit spreek Ek."* (Joh. 8:28).

*"Want Ek het nie uit Myself gespreek nie; maar die Vader wat My gestuur het, Hy het My 'n gebod gegee wat Ek moet sê en wat Ek moet spreek."* (Joh. 12:49).

*"Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke."* (Joh. 14:10).

Christus is vir ons die perfekte voorbeeld van gehoorsaamheid. Hy het selfs nie Sy bediening geïnisieer nie. Maria, Sy moeder, moes die diensknegte aansê om te doen wat Hy hulle sou sê (Joh. 2:1-12). Hy Self het ook tot op die ouderdom van 30 jaar die volle tyd volbring in diens van Sy aardse ouers, waarna Hy toe Sy geestelike bediening begin het.

As Hy, wat die Seun van God is, dan niks uit Homself gedoen het nie, hoeveel te meer moet ons nie onsself aan Hom onderwerp nie? *"Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie."* (Joh. 15:5).

Sedert die skepping van die mens, verkies ons om self die kennis van goed en kwaad by ander bronne te verkry eerder as in afhanklike gehoorsaamheid by die Vader. Ons is geskape om God se beelddraers en verteenwoordigers te wees, wat beteken ons reflekteer die Vader, nie onsself nie.

Daar is geen neutrale grond nie. Ons reflekteer óf Sy liefde, vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing óf nie! Daar is ’n kosmiese federasie van owerhede, magte, wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, en bose geeste in die lug wat daarop gerig is om jou te weerhou om jou skeppingsdoel uit te oefen! Elke keer as ons nagmaal gebruik, maak ons ons alliansie rugbaar! Elke keer as ons as gelowiges verenig, span ons ons kragte saam om boosheid te weerstaan. Elke keer wat ons in die teenoorgestelde gees optree, skyn ons ons lig. Elke keer wat ons ons deur die Gees laat lei, slaan ons spreekwoordelik ’n pen in die grond om God se Eden, tempel, heerskappy en habitat hier op aarde te vestig soos wat dit in die hemel is. Ons is God se instrumente van genesing en restourasie in alles wat ons doen. Hy gebruik ons soos suurdeeg en saad om die vestings van boosheid binne te dring as ’n indirekte offensief om uiteindelik boosheid te ontwapen. Om hierdie rede is gehoorsaamheid van wesenlike belang vir ons geestelike weerstand teen boosheid.

Die eerste mens het die gehoorsaamheidstoets gefaal, maar Jesus, die tweede Mens, het deur Sy totale gehoorsaamheid die skeppingsdoel van die mens voor God herstel sodat dié wat Hom gehoorsaam, die heerskappy en mandaat van die mens, soos God dit oorspronklik bedoel het, kan uitleef. “*Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.*” (Heb. 5:19).

## Hoekom Is Gehoorsaamheid Só Moeilik?

Om werklik gehoorsaam te wees, moet ons heeltemal selfloos wees. Die eie-ek, ego, is ’n hindernis tot gehoorsaamheid. Sedert die eerste mens, verkies ons om eerder ons eie kop te volg. Ons wil ons eie weg baan. Ons eie koers kies. Self by die antwoorde uitkom. Ons wil nie voorgesê word nie. Hoeveel frustrasie word nie in die wêreld veroorsaak omdat mense net eenvoudig nie opdragte uitvoer nie? Die teendeel is ook waar: Mense wat van skool af die meeste gehoorsaam is, bereik dikwels die hoogste posisies. Kinders wat hulle huiswerk doen en opdragte van die onderwyser uitvoer, doen die beste in daardie vak. Die pasiënte wat die dokter se opdragte uitvoer, genees die vinnigste. Sou daar ’n nodigheid wees vir wetstoepassers as almal gehoorsaam was? Die kern van die woord gehoorsaamheid is: hoor. Ons kan ook nie werklik iemand anders hoor as ons nog vol is van self nie.

Die Hebreeuse woord vir gehoorsaam en hoor is dieselfde (1 Kon. 20:8): shama' (shah-mah); Strong's #8085: To hear; to listen, consider, pay attention; to listen carefully and intelligently, to obey. Die woord het ’n sekere intensiteit en erns. Die bekendste vers waar hierdie woord gebruik word, is Deut. 6:4: “*Sh'ma Yisrael! Hear, O Israel! The Lord our God, the Lord is one!*” Die gedagte van hoor en doen is die sentrale Credo van Judaïsme. Die woord, shama, is ook die kernwoord in Samuel se naam: “God het gehoor” (1 Sam. 3:20). Dit is duidelik dat gehoorsaamheid ’n ingesteldheid van die hart is. Ek is dus leeg van alle self, ingestel om te luister en begrip te verkry sodat ek presies kan gaan uitvoer wat van my verwag word.

## Die Gekruisigde Lewe Van Self-Verloëning

Toe Jesus die kriteria neerlê van hoe mens Hom moet volg, was Sy antwoord eenvoudig: “*As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind.*” (Matt. 16:24-25).

Dit blyk dat wanneer ons probeer om groot dinge vir die Here te doen, Hy dit wel toelaat, maar dit hou gewoonlik nie lank nie. Hoeveel pogings van die mens is werklik deur die Here geïnspireer? Dit alles wys terug na die oersonde waar die mense eerder van die boom van kennis van goed en kwaad geëet het as om God te gehoorsaam. Die Woord is duidelik dat as die Here dit begin het, sal dit volhoubaar wees. “*Wat die huidige geval betref, my raad aan julle is: laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks*

*van kom nie. Maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie. Moenie dat dit dalk later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie! Die Raad het na hom geluister*." (Hand. 5:38-39).

Jare gelede het 'n geestelike mentor my saggies op my plek gesit toe ek hom vra oor 'n sekere sonde waaroor ek nie oorwinning kry nie. "Hoekom is jy nie net gehoorsaam nie?" was sy onverwagte antwoord. "Jy weet jy moet dit nie doen nie, so hou bloot op om dit te doen. Wees gehoorsaam!" Sy woorde het die wortel van die rebellie in my hart ontbloot. Ek het opreg bely, onmiddellik bevryding beleef, maar ook beleef hoe die Heilige Gees my bekragtig om hierdie swakheid te oorwin.

Skrywers wat hulle lewe daarop toegelê het om hierdie waarheid uit te leef en toe te pas in alles wat hulle gedoen het, se boeke word na honderde jare nog gelees en waardeer. Mense soos Thomas A Kempis, Jeanne Guyon en Broeder Lawrence is maar net 'n paar voorbeelde. Hedendaagse voorbeelde sal moontlik Moeder Teresa insluit, wat nie net oor die neerlegging van self gepreek het nie, maar ook 'n voorbeeld was. Ons het meer sulke leiers nodig wat in alle opsigte oorgegee is om self te verloën.

Selfverloëning is vandag 'n skaars kommoditeit in die kerk.

Kompetisie, magspel, twis en tweedrag is eerder aan die orde van die dag. Die godloënaar, Nietzsche, het by geleentheid gesê mense praat oor hulle geloof, maar leef volgens hulle drifte. Die koerante is vol van kerkleiers wat veral op hierdie gebied oortree.

Paulus se oproep in hierdie verband is vandag meer as ooit 'n duidelike oproep en kreet na waarheid: "*. . . maak dan my blydskap volkome deur eensgesind te wees en dieselfde liefde te hê, een van siel, een van sin. Moenie iets doen uit selfsug of uit ydele eer nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar elkeen ook na die ander s'n. Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis. Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en Hom 'n naam gegee wat bo elke naam is, sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is, en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader*." (Fil. 2:2-11).

Indien ons ons geestelike volwassenheid vergelyk met om-soos-Jesus-te-wees, dan skiet die kerk ver te kort en is ons nog babas. Selfverloëning is blykbaar nie 'n gewilde tema nie en trek duidelik nie sulke groot gehore nie, anders sou ons dalk meer daaroor gepreek het. Selfverloëning is immers nie 'n vreeslike groot nuwe openbaring nie. Ons bid tog gereeld ons vroom gebede met woorde soos: "Ek moet minder word en U meer" en "Laat U wil geskied". In ieder geval plaas die Skrif die fokus eerste op God wat eers meer moet word en dan word ek minder (Joh. 3:30).

Die probleem is dat die self in so baie Christene se lewe in baie opsigte nog op die troon is, maar ons is nie eers daarvan bewus nie. Die reuk wat dan afgegee word is die reuk van die dood en nie die ewige aroma van lewe nie. Selfverloëning is egter 'n diepe geheimenis wat nie met die intellek uitgewerk kan word nie. Wanneer mens daaroor praat, glip dit uit jou hande nog voordat jy dit presies kan neerpen. Dis seker om hierdie rede dat die woord self-sterf nooit as 'n selfstandige naamwoord in die Bybel gevind kan word nie, maar eerder as verskillende werkwoorde.

## Self Verloëning Is 'n Aksie.

So 'n voorbeeld vind ons in Rom. 6:11-13: "*So moet julle ook reken dat julle wel vir die sonde dood is, maar lewend is vir God in Christus Jesus, onse Here. Laat die sonde dan in julle sterflike liggaam nie heers dat julle aan sy begeerlikhede gehoorsaam sou wees nie. En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van*

*God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God."*

"Reken jouself dan dood." Die woord reken in die Griekse taal is Logisomai waarvan ons woord 'logies' afgelei word. Logisomai beteken om iets uit te werk, 'n berekening te doen en tot 'n logiese gevolgtrekking te kom. Verder is die werkwoord in die aoristiese tyd geskrywe, wat beteken dat die handeling iewers in die verlede begin het, jy nog steeds besig is om dit te doen en nog besig gaan wees om die daad te doen tot iewers op 'n punt in die toekoms. Hierdie inligting werp heelwat lig op die handeling van selfverloëning. Byvoorbeeld: Ek dink daaroor na en kom tot die logiese gevolgtrekking dat ek alreeds my lewe vir die Here gegee het, en dat ek dit nog steeds nou moet doen, en ek sal dit nog duisende kere doen totdat ek in die hiernamaals met Hom verenig is. Dit kom dan ooreen met Paulus se vermaning aan die broeders: *"...dat julle jul liggame stel as 'n lewende, heilige en aan God welgevallige offer. Dit is julle redelike godsdiens.*" (Rom. 12:1). Dieselfde woord Logikos, maar nou as selfstandige naamwoord, word hier vertaal met "redelike" godsdiens.

Die leer oor selfverloëning is niks nuuts nie, maar selfs hierdie leer het al verskeie ekstreme interpretasies deurleef. So is daar geleer dat die liggaam boos is en dat die liggaam gekasty en van alle genot en plesier ontneem moet word sodat ons dan meer aanneemlik voor God kan lewe. 'n Paar jaar gelede in my eie soeke na waarheid oor hierdie saak, het die Heilige Gees op 'n dag iets aan my geopenbaar wat my perspektief radikaal verander het. "Jy kan nie jouself probeer doodmaak nie, dit word selfmoord genoem." Enige selfverloëning wat uit self gebore is, is doodgebore en lei nie na die lewe nie. Inteendeel, dit lei heel dikwels net na trots en die veroordeling van ander wat nog nie so baie soos jy gesterf het nie. "Self" word juis op hierdie wyse eerder verheerlik. Hoe lank jy gevas het, hoe baie en hoe lank jy gebid het, word aanduiders van geestelikheid met 'n skreiende wanklank.

## Ons Kan Nie Onsself Doodmaak Nie.

Ons kan nie onsself doodmaak nie, ons kan net toegee, ingee en oorgee wanneer Hy besig is om ons dood te maak. Wanneer Hy vir jou vra om die beker te drink en jy deur bloedsweet uiteindelik by die plek kom waar jy uitroep "nie meer my wil nie, Here, maar laat U wil geskied", op daardie tydstip word jy gekruisig en dood verklaar. Hierin lê 'n diep geheimenis opgesluit: "*Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil verloor, sal dit vind."* (Matt. 16:25).

Ons pogings om onsself te verander is ook futiel. Dit móét immers so wees, want as ons onsself kon verander of verbeter, hoekom sou ons Jesus dan nodig hê?

Dit is juis wat ons onderskei van enige ander godsdiens. Ons is die enigste godsdiens wat glo dat jy niks kan doen om nader aan God te kom, of Hom te behaag nie. Daarvoor het Hy sy Seun gegee wat al die voorskrifte in ons plek nagekom het sodat ons deur Sy werke geregverdig kan word. "*Aan hom egter wat nie werk nie, maar glo in Hom wat die goddelose regverdig, word sy geloof tot geregtigheid gereken."* (Rom. 4:5).

Wanneer Paulus die sondige toestand van die mens in Romeine 7 bespreek en dit so mooi uitdruk, naamlik *"die goed wat ek wil doen dit doen ek nie, die verkeerd wat ek haat dit doen ek"*, kom hy aan die einde van die hoofstuk tot 'n desperate en magtelose uitroep: "*Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood?"* (Rom. 7:24). Wanneer ek aan die einde van my pogings, probeerslae en werke gekom het, is ek gereed om 'n wonderwerk van opstanding te beleef.

*"En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: o God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: o God, wees my, sondaar,*

*genadig."* (Luk. 18:11-13). Die tollenaar se gebed word aanvaar maar nie dié van die Fariseër, wat probeer reg doen het nie. Die tollenaar se diepe sondebesef en onvermoë om homself te verander laat hom na God uitroep vir genade! Die Fariseër regverdig homself deur al die goeie goed wat hy doen. Hy was sekerlik opreg dankbaar dat hy nie soos die slegte mense is nie, maar sonder om te besef dat dit God se genade en nie sy goeie werke is wat hom 'n beter mens gemaak het nie.

So moes Paulus, met die doring in sy vlees, tevrede wees met die woorde, *"My genade is vir jou genoeg . . ." En Hy het vir my gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon. Daarom het ek behae in swakhede, in mishandelinge, in node, in vervolginge, in benoudhede, om Christus wil. Want as ek swak is, dan is ek sterk."* (2 Kor. 12:9-10).

So sê Jakobus ook dat ons gebede nie beantwoord sal word as gevolg van ons selfsugtige begeertes nie (Jak. 4:2-3). Wanneer self nog lewendig is, met private agendas en motiewe, staan ons geestelik voor 'n toe deur. Dit maak tog sin, want die Bybel sê duidelik dat geen lewende vlees God sal sien en bly lewe nie. Maar deur Jesus Christus het ons nou vrymoedigheid om sonder vrees met God te praat (Heb. 10:19).

Die kerk is in die besigheid van lewensverandering. Dis uiteindelik wat elke kerk en prediker homself ten doel behoort te stel, naamlik om te sien dat lewens positief verander en gelyk word aan die beeld van Jesus Christus (Rom. 8:29).

## Verskillende Mens-gerigte Praktyke Van Self-verloëning.

Deur die eeue is verskeie prosesse ook deur kerke voorgestel en uitprobeer:

Sommige glo in die wet. Daar word deur die oplê van hewige reëls en regulasies 'n vrees by mense ingeboesem vir die gevolge as jy 'n reël sou oortree. Die leiers word voorgehou as baie heilig en verhewe bo die res, asof hulle deur die hou van hulle wette 'n hoër of dieper geestelikheid bereik het. Hierdie voorgangers word vereer en slaafs nagevolg, selfs na hulle dood.

Ander geestelikes probeer deur verskeie tegnieke en aktiwiteite die emosies van mense opwek tot by die punt waar hulle 'n gevoelservaring beleef. Klem word gelê op gevoel en emosies.

Ander kerke glo weer dat jou denke die sleutel is tot alles wat jy doen. 'n Mens is immers wat hy of sy dink. Bybelskole, -kursusse, -boeke en lang, ingewikkelde preke stimuleer die intellek en poog om mense se denke te vernuwe met die Woord.

Ander kerke glo weer dat die mens se wil die sleutel is tot sy bestaan. "Jy moet net 'n wilsbesluit neem, ou Boet!" Die lewe gaan oor keuses, en jy moet verantwoordelikheid neem vir jou besluite.

Elkeen van hierdie beginsels bevat 'n sterk element van waarheid, en gevolglik is daar ook 'n mate van sukses by elkeen te bespeur. Nie een van hierdie fokusareas is verkeerd nie en kan uit die Skrif gefundeer word. Die probleem is net dat nie een van hierdie aspekte en waarhede ooit volkome suksesvol sal wees indien die mens die inisieerder is nie.

Al is daar waarheid in elkeen, sal 'n wilsbesluit byvoorbeeld nooit die tydtoets kan deurstaan indien die besluit uit jouself voortgekom het nie. As ek bloot 'n besluit sou kon neem en koers verander, hoekom het ek die Here nodig? Maar wanneer ek juis in my ellende en swakheid na Hom toe kom en my swakheid voor Hom wil lê, bewerk Hy dit in my om 'n besluit te kan neem en my koers te verander. Nie soseer omdat ek "gewil" het nie, maar omdat Hy dit in my "gewil" het (Fil. 2:19).

Selfs die onderhouding van die wet behoort nie uit myself te kom nie, maar omdat Hy my lei en my leer om sekere dinge te vermy en sekere dinge nie meer te doen nie. Hy het immers die wet nou in ons harte geskryf (Jer. 31:34).

So kan ons elke aspek van kerkwees bespreek, lofprysing en aanbidding doen, prediking, evangelisasie, intersessie en gebede doen, en nog vele meer. Alles wat uit self gebore is lei tot die dood, maar dit wat uit Christus en die Gees gebore is, bring lewe!

## Lewe Vanuit Sy Opstandingskrag

Ek het op 'n dag 'n preek voorberei oor die wapens van die Gees. Dis was nie 'n nuwe boodskap nie en ek sou wapens soos jou getuienis, die Bloed, die naam van Jesus, die Woord, ens. bespreek. Die oggend toe ek wakker word, sê die Heilige Gees vir my: "Jy het die belangrikste wapen gemis." Ek het hierdie sin op 'n stuk papier neergeskryf en die Here gevra om my te leer wat hierdie wapen is waarna Hy verwys. Na 'n rukkie het die antwoord tot my gekom: "Selfverloëning is ons magtigste wapen teen die aanslae van die vyand." "*Omdat Christus dan vir ons na die vlees gely het, moet julle jul ook bewapen met dieselfde gedagte, dat wie na die vlees gely het, opgehou het met die sonde*." (1 Pet. 4:1). Jy kan nie met iets baklei wat alreeds dood is nie. Iemand wat dood is kan nie te nagekom voel nie, of gekrenk in hulleself wees nie. Iemand wat dood is, gee nie om dat hulle goed gevat en misbruik word nie. Iemand wat dood is het nie drome en begeertes en ambisies nie.

"*Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God. Wanneer Christus, wat ons lewe is, geopenbaar word, dan sal julle ook saam met Hom in heerlikheid geopenbaar word*." (Kol. 3:3-4). In hierdie vers word "julle HET gesterwe" weer in die aoristus geskrywe. Dit wil sê, dat ons lewe op 'n tydstip aan Hom gegee is, en deur Sy opstandingskrag het Hy ons 'n nuwe skepsel in Hom gemaak (2 Kor. 5:17). Hierdie proses duur egter elke dag voort: soos wat ons met onbedekte gesig "*soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is*." (2 Kor. 3:18). "*Deurdat ons saam met Christus gekruisig is, is ons lewe nou ook verberg in Hom, en kan die vyand ons niks aandoen nie*." (Kol. 3:2; Gal. 2:20).

Die somtotaal van ons nuwe lewe is dat ons nou nie meer lewe nie, en alleenlik voortbestaan wanneer ons in gehoorsaamheid Sy opdragte uitvoer. Ons lewe is bloot 'n refleksie en reaksie op Sy liefde, Sy genade en Sy plan met ons lewe.

Die grootste wonder van alles is dat Hy nie ons vrye wil, wil beheer nie. Nee, Hy wil hê dat ons wil met Sy wil vervleg moet wees. Daar behoort geen konflik en onderskeid tussen ons wil en Sy wil te wees nie. Wanneer ons alles verloor en opgegee het, nadat ons alle beheer oorgeteken en laat vaar het, gee Hy ons nuwe gesag en outoriteit in Hom. Dan eers, wanneer ons heeltemal tevrede en vergenoegd in Hom geraak het, word ons waarlik vry om die lewe te geniet in die oorvloed wat Hy vir ons beplan het. Ons is nie meer bevrees nie; dood, gevaar en krisisse het hul angel verloor. Ons kan tog niks verloor as ons in die eerste plek nooit eienaarskap gehad het nie. Iemand wat dood is, besit niks, begeer niks, smag na niks.

Hierdie is weereens 'n groot misterie, maar ware lewe en diepe vrede lê alleenlik in ons totale oorgawe aan Hom opgesluit. Wanneer alle werke tot stilstand kom, alle pogings om te ontsnap verniet is en jy as persoon net oorgee, kom Hy deur Sy genade en lig ons op. Selfs ons geloof kan soms 'n struikelblok word want ek moet mos glo, ek moet nou dit en dat. Nee, dis liefde tot op die been oopgevlek en ontbloot vir suiwerheid wat die toets deurstaan. Petrus se lewe is 'n treffende voorbeeld van hoe sy verhouding met die Here verdiep het tot op die punt waar hy nie meer kon bewys, beïndruk of vorder nie: "*Here, U ken my hart, U weet dat ek U liefhet*."

Selfverloëning lê sentraal tot die kerk se sukses om die wêreld te kersten en dissipels van alle nasies te maak. Jy kan net van iemand 'n dissipel maak as jy een is en weet waaroor dit gaan. Jesus het Sy dissipels geleer om hulle lewens vir die skape af te lê. Wat hulle, soos Hy, letterlik gedoen het. Hoeveel predikers het hierdie mentaliteit? Hoeveel van dit waarmee ons besig is, is nie maar bloot gebore uit ambisie, selfverheffing en kompetisie met ander nie? Probeer ons nie maar ons eie minderwaardigheid en innerlike armoede wegsteek agter uiterlike suksesse en voorgee nie?

Hoekom loof en aanbid ons die Here? Doen ons dit om gesien te word of probeer ons daardeur in God se goeie boekies kom om Sy oordeel te vermy? Vrees ons mense, en is ons sensitief vir hulle behoeftes en voor- en afkeure terwyl ons die Here heeltemal uit die oog verloor? Op wie is ons gefokus? Waaraan dink ons heeldag? Is ons selfs in ons pogings tot heiligmaking nie maar net op ’n verwronge manier besig met self nie?

In menseverhoudinge, hoeveel keer laat ons ons wil geld en manipuleer ons situasies tot ons eie gewin? Baie keer kleur ons ’n situasie so in dat ons ’n bietjie beter lyk en die ander persoon slegter. Of ons probeer so ’n bietjie aandag op onsself vestig oor presies hoe swaar ons kry en hoe baie ons al gegee en opgeoffer het.

“Ek het dit nou tot hiertoe gehad! Dit sal ek tog nooit doen nie!” “Die Here moet tog nooit vir my vra om na daardie plek toe te gaan nie!” Dis voorbeelde van die eie-ek wat nog te veel heers.

Daar word vertel van ’n sekere pastoor uit Indië wat Amerika besoek het. Hy is hartlik deur kerkleiers verwelkom en vir ’n tydperk na verskillende kerke en bedieninge regoor Amerika geneem. Aan die einde van sy besoek is hy in die openbaar gevra om kommentaar te lewer oor wat hy waargeneem het tydens sy besoeke aan kerke in dié land. Op tipies Indiese manier het hy opgestaan, die gehoor stip aangekyk en gesê: “Dis interessant om te sien hoe ver die kerk in Amerika gekom het, sonder God!” Ek dink nie hy is weer uitgenooi nie, maar die kerk in Afrika lyk nie veel beter nie. In lande waar die meerderheid landsburgers Christene is, is daar nog steeds opspraakwekkende wetteloosheid, armoede en korrupsie aan die orde van die dag. Soveel predikers gebruik die evangelie om hulleself te verryk en groter invloed en mag oor mense te hê.

Sekerlik is dit nie orals die geval nie en veralgemeen en oordryf ek die punt, maar dat daar werklik hand in eie boesem gesteek moet word, is ’n feit.

Noem dit herlewing of reformasie, maar elke groot beweging van God het begin by ’n persoon of ’n handjievol mense wat God begin aangryp het omdat hulle niks meer uit hulleself kon doen nie. Die stelsels van mense en die strukture van die mens het dit wat God wil doen, gekortwiek. So is die geskiedenis vol pioniers en hervormers wat net een ding wou doen en dit is om God te gehoorsaam. Daarom het hulle dan ’n nuwe beweging begin.

Soveel keer hoor mens preke oor wie ons in Christus is. Dit is reg en ons moet verstaan wie ons in Christus is, maar ons moet ook verstaan dat ons alleenlik in Christus kan wees indien self dood is! Selfverloëning word nie nog ’n werk wat ons byvoeg by Christus nie. Nee, ons sterf in die geloof! “*Ek is met Christus gekruisig, en ék leef nie meer nie, maar Christus leef in my. En wat ek nou in die vlees lewe, leef ek deur die geloof in die Seun van God wat my liefgehad het en Homself vir my oorgegee het.*” (Gal. 2:20).

Ek gee bloot oor en Hy doen die res. Ek probeer nie myself kasty nie. EK GEE OOR!

Kom ek verduidelik aan die hand van ons stryd met sonde: Hoe meer ek probeer om nie te sondig nie, hoe meer wil ek sondig. Wanneer ek my sonde bely en wegdraai van my sonde en in desperaatheid na Hom kyk om my ellendige mens te verlos, en dan in die geloof Sy redding en verlossing vir myself toe-eien, gebeur daar iewers iets bonatuurlik. Wanneer en hoe weet ons nie, maar skielik, sonder dat jy probeer of dit agterkom, werk Hy in jou en skenk Hy jou Sy genade om nie meer in daardie area te sondig nie.

Dis wat ons bedoel met om nou in Sy opstandingskrag te lewe! Of om te lewe volgens die vermoë van Sy genade. “*Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo.*” (Joh. 1:12). Hy het ons die mag gegee om nou reg te lewe volgens Sy wil. Ons sien hierdie oorgang duidelik in Romeine 7 en 8. In Romeine 7 verduidelik Paulus dat ons uitgelewer is aan die wet van die sondige natuur. Dan kom die belangrikste keerpunt: “*Ek, ellendige mens! Wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood*?” (Rom. 7:24). Terwyl ’n mens nog planne het en hierna streef en dat probeer doen, is jy nog vasgepen in jou sonde. Ons almal moet tot by die punt van die misterieuse dood van self kom waar alle werke gestaak word. ’n Plek waar ons dood in die arms van ons Verlosser en Here lê in die

geloof dat Hy ons sal opwek. Dan alleen kan ons oorgaan na hoofstuk 8 waar daar nie meer veroordeling teen ons is nie, want ons lewe in Christus! Hierdie wet van die sondige natuur kan met die wet van swaartekrag vergelyk word. Ons kan probeer om hierdie wet te breek, maar net totdat ons krag op is of ons petrol op is. Dan kom alles wat bo in die lug was vinnig af grond toe. Maar in Romeine 8:2 praat Paulus van 'n ander tipe wet – die wet van die Gees. Hierdie wet kan vergelyk word met helium. Helium maak dit vir ons moontlik om sonder enige moeite of inspanning te kan sweef en van die aarde af op te styg. Dis waarom Paulus in Galasiërs 5:16 sê: "*Maar ek sê: Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikheid van die vlees volbring nie.*"

## Hoe Wandel Mens In Die Gees?

Deur jou besig te hou met die dinge van die Gees (Rom. 8:5). Watter dinge van die Gees? Dit wat Hy ons beveel en sê om te doen. Die dinge waarvoor ons geloof ontvang het deurdat Hy met ons daaroor gepraat het en Homself duidelik aan ons geopenbaar het. Dit beteken ons het geleer om op Hom te wag . . . en alleenlik dit te doen wat Hy sê. Dit is die gesproke (rhema) Woord van God wat ons roep tot die nuwe dinge en lewe in die Gees.

Hierdie leiding van die Gees sal altyd in die teenoorgestelde rigting wees as wat self sou wou gedoen het. HY sal ons lei om eerder weg te gee, te vergewe, te dien, om die wat dit nie verdien nie, onvoorwaardelik lief te hê, in kort om in die teenoorgestelde gees op te tree. Dit is die wese van wat dit beteken om in die Koninkryk van God te lewe (Matt. 5:27-48). In hierdie gedeelte gee Jesus duidelike voorskrifte en opdragte wat vir die natuurlike en vleeslike mens baie moeilik is om uit te voer. Wees lief vir jou vyande! Wees 'n seën en doen iets wat tot seën sal wees vir die wat jou vloek. Doen goed aan die wat jou haat! Bid vir die wat jou misbruik en probeer om jou te vervolg. Eina vlees!

Gandhi het maar 'n paar van hierdie beginsels toegepas en daardeur Indië van Britse kolonialisme bevry. Dit is die grootste geestelike wapen in die arsenaal van elke gelowige, as ons dit maar net wil besef. Ons wil egter soveel keer te midde van konflik onsself regverdig of verdedig en hoe meer ons dit probeer doen, hoe meer beland ons in onguns en in die moeilikheid. Die sekulêre wêreldbeskouing is dan juis geskoei op selfhandhawing, selfondersoek, selfsugtigheid, selfbeeld, selfvoldaanheid, selfgedrewenheid, selfbeheptheid, selfpromosie, selfagting en 'n reeks selfhelpboeke en -kursusse.

Onthou, "self" soek altyd kortpaaie en het gewoonlik 'n persoonlike agenda en motief. Self versteur die Godsbeeld waartoe elke mens geskape is (Rom. 8:29). Self is die gif in ons DNS wat maak dat ons dwars teen God se plan en in vyandskap met Hom lewe. Self vernietig God se plan met ons lewe. Dank God dat Hy ons nie in een dag doodmaak nie! Hierdie kruisigingsproses is 'n daaglikse proses van leer om te sterf aan die wet van die vlees en die dood, en leer om deur die geloof op te staan in die wet van die Gees. Paulus is ons voorbeeld. "*Ek sterf dag vir dag, broeders, so waar as ek op julle roem in Christus Jesus, onse Here.*" (1 Kor. 15:31).

Ek sterf elke dag soos wat die wil van God deur die Woord aan my geopenbaar word en soos wat ek daardeur gekonfronteer word om nie net 'n hoorder te wees nie, maar 'n dader. So leer ek elke dag 'n nuwe bedryfstelsel van die Gees aan en word ek daagliks vernuwe tot 'n hele nuwe uitkyk op die lewe.

Hoe meer ek gesterf het, hoe vryer word ek van vrese, drange en begeertes. "*Maar die wat aan Christus behoort, het die vlees met sy hartstogte en begeerlikhede gekruisig.*" (Gal. 5:24). Dis interessant dat wanneer Paulus hierdie lys van sonde opnoem, hy nooit 'n aanspraak op ons wil maak nie, maar ons net bloot daaraan herinner dat ons veronderstel is om dood te wees vir die sonde.

Dis die uitsluitlike doel van alle bediening in die kerk – om 'n gekruisigde lewe te leef!

Die resultaat van 'n gekruisigde lewe is 'n lewe van oorwinning. 'n Lewe waar ék nie meer heeldag probeer om voor te gee nie. Pretensieloos, vry van inhibisies, nie meer selfbewus en in myself

gekeer nie. Verdedigingsmeganismes raak onnodig. Ek kan myself wees en soos 'n kind die lewe uitbundig geniet. Stilte en vrede diep in jou binnekant. Vergenoegdheid. 'n Plek van waarheid en lig, duidelikheid, eerlikheid en integriteit. Insig en wysheid omdat jy die lewe vanuit 'n heeltemal ander perspektief sien. 'n Innerlike vreugde en ewige standvastige welgeluksaligheid. Jy is nie meer gedrewe om iets te probeer bewys nie. Jou lewe is 'n lewe van dankbaarheid en liefde. Nie net dankbaar omdat iets gebeur het nie, maar deurentyd dankbaar en vol.

Die gekruisigde lewe is waarlik DIE LEWE. Dis na jou dood dat Hy jou opwek om saam met Hom te sit in hemelse plekke (Ef. 2:6). Dan is jy tot alles in staat (Fil. 4:13), meer as 'n oorwinnaar (Rom. 8:37), vry van veroordeling (Rom 8:1), aanvaarbaar gemaak onder die gelowiges (Ef. 1:6).

Daar kan net sprake wees van opstanding uit die dode nadat jy eers dood is. Terwyl ek dinge nog as my eiendom sien, my bediening, my gawe en talent, is ék nog lewendig. Iemand wat dood is, besit niks meer nie en het alle eienaarskap verbeur. Ons is nou inwoners en burgers van 'n hemelse realiteit en koninkryk. "*Want ons burgerskap is in die hemele, van waar ons ook as Verlosser verwag die Here Jesus Christus.*" (Fil. 3:20).

Ons soek nie 'n beloning en vergoeding vir die dinge wat ons hier op aarde doen nie, want ons sien met geestelike oë die heerlike beloning wat vir ons wag in die hiernamaals. Ons doen nie meer dinge om gesien te word nie, nog minder om erkenning te probeer kry van menslike instansies. Want ons erkenning lê opgesluit in die feit dat ons met die Here kan praat soos met 'n vriend en dat Hy homself gereeld aan ons openbaar. "*After these things the word of the Lord came to Abram in a vision, saying, "Do not be afraid, Abram. I am your shield, your exceedingly great reward.*" (Gen. 15:1). Die Here Self is ons beloning!

## 'n Paar Praktiese Punte van Selfverloëning Wat jy Daagliks kan Toepas:

- Moenie **talm en uitstel** om met jou belangrikste dag-aktiwiteite te begin nie.
- Moenie **kla** oor die min tyd of die baie werk wat verrig moet word nie; koop eerder die tyd uit en maak dit klaar.
- Doen alles **sonder murmurering**.
- Moenie voorgee hoe swaar jy kry nie; doen alles met **blydskap en oortuiging**.
- Moenie **aandag trek** na die groot en belangrike dinge waarmee jy besig is nie.
- Wanneer jy iemand **aanspreek**, doen dit gebaseer op eerstehandse getuienis en nie hoorsê nie.
- Bly stil oor mense en hulle dinge en die **foute** wat jy sien; moenie **stories** oordra nie.
- Moenie die **eer of dank** van mense soek nie; doen dit alles vir die Here.
- Moenie ongelukkig of gekrenk voel as jou **advies** nie gevra of gebruik word nie.
- Moet nooit toelaat dat jy **gunstig** teenoor 'n ander **afgespeel** word nie.
- Moenie begeer om altyd die **geselskap** te lei of die middelpunt te wees nie.
- Moenie die **guns, simpatie of begrip** van mense soek nie.
- Dra die blaam en neem **verantwoordelikheid** eerder as om dit oor te dra op ander.
- Wanneer jy nie die **krediet** of **eer** kry wat jou toekom nie, moenie ontsteld wees nie, wees dankbaar!
- Leer om vinnig te **vergewe** en vinnig **jammer** te sê.
- Moenie gaan as jy nie **gestuur** is nie, en moenie help alvorens daar vir jou **hulp gevra** word nie.

- Los die groot dinge wat jy vir die Here wil doen en laat toe dat **Hy groot dinge deur jou doen.**
- Ons kan nie altyd **kies** hoe die Here ons wil gebruik nie; Hy gebruik ons nie altyd om groot wonderwerke te verrig nie.
- Doen niks waarvoor jy nie **geloof** het nie.
- Soek nie die **eer** van mense nie.
- Moet nooit vergeet **wie jou vooraf gegaan het en wie na jou moet kom nie.** Jy het niks alleen bereik nie.
- **Ambisie** kom nadat Hy jou die opdrag en mandaat gegee het. Doen dan alles na die beste van jou vermoë en voltooi dit wat Hy jou gegee het om te doen.
- **Sukses** lê opgesluit in die mate waarin jy dit wat Hy jou beveel het om te doen, voleindig het.
- Moet jou nie oor te hoë dinge **bekommer** of tob nie. Daar is genoeg krag vir elke dag.
- Moenie **eiewys** wees en te veel van jou eie opinie dink nie.
- Bly binne dit waartoe God jou **geroep** het.
- Moenie 'n **opinie** lewer oor dit waartoe God 'n ander mens geroep het nie.
- Moet nooit jouself met 'n ander **vergelyk** nie.
- **Bly meer stil.**
- **Leer om te wag.**
- **Wag.**
- **Luister.**
- Bly altyd **ingestel en gefokus** op Sy bewegings, woord, impuls, emosie, handeling.
- Die mense wat Jesus gekruisig het, was daardie tyd se sogenaamde kerk. Aanvaar dit! Christene gaan jou die meeste **teleurstel** en is werktuie in God se hand om jou dood te maak. ***Surrender to the process, and do not bail out!***
- **Onderwerp** jou aan gesag.
- 'n **Gebedslewe** is 'n bewys dat jy werklik van God afhanklik is en niks uit jouself kan doen nie.

In Madame Guyon se werke gebruik sy dikwels die woord "abandonment" wat beteken om 'n oorgawe te maak; sorgelose vryheid; ongedwongenheid, opgee, laat los, iets verlaat; oorgee; wegsmyt, afsien van, laat vaar, onopgeëiste goedere, agterlating. Ek het vir 'n lang tyd nie verstaan hoekom sy spesifiek hierdie woord gebruik nie, totdat ek hierdie verduideliking gehoor het.

## Ons Moet Onsself Verloën

Waar elders in die Bybel word hierdie woord gebruik? Wel, Petrus het Jesus verloën. Wat het hy spesifiek gedoen om Hom te verloën? Hy het gesê hy ken Hom nie. Hy het ontken dat hy Jesus enigsins ken of dat daar 'n verbintenis tussen hulle is. Hy het dus Jesus se bestaan ontken. Hy weet nie wie Hy is nie. As ons maar dieselfde met self kan doen! Om te vergeet van self, sy bestaan te ontken. Dis hoe ons vry word van sonde en die ou sondige natuur. Ons is immers deur die geloof saam met Hom gekruisig en leef nie meer nie. Daarom is ons immers gedoop as teken van ons afgestorwe lewe in Christus. "*Want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge*

*in God."* (Kol. 3:3). Ons bestaan nie meer nie. Ons het geen regte nie. Ons het ons bestaansreg op dinge en mense opgegee om nou in Hom en deur Hom te bestaan. "*Want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons."* (Hand. 17:28). Wanneer ons sukkel met sonde is ons nog vasgevang in daardie sonde. Maar wanneer ons dit bely en in die geloof ons nuwe karakter in Jesus Christus opneem en toe-eien, vergeet ons van daardie sonde en dae later kom ons agter dat ons vry is en dat daardie sonde nie meer 'n houvas op ons het nie.

Die Here het eendag hard met my gepraat omdat ek aanhou om 'n sekere sonde te bely sonder om daarvan afstand te doen en dit te oorwin. Dis nie ons belydenis wat die verskil maak nie, maar ons geloof. "*Want alles wat uit God gebore is, oorwin die wêreld; en dit is die oorwinning wat die wêreld oorwin het, naamlik ons geloof*." (1 Joh. 5:4). Ons moet werklik draai en ons nuwe identiteit in Christus opneem. Vergeet van die sonde en die ou mens met sy drange. Belydenis sonder geloof is futiel en betekenisloos. Inteendeel, ons bely eintlik maar net omdat ons bang is ons word uitgevang en nie omdat ons regtig dink aan wat ons sonde aan God doen nie. Ons belydenis is selfgesentreerd en gebore in ons eie selfsug en eie-ek.

Maar ware berou wat God bewerkstellig is om werklik by 'n waarheidsoomblik te kom waar ek die gevolge van dit waarmee ek besig is vir myself, vir ander en vir God besef. In Kolossense 3 gebruik Paulus dikwels die beeld van die ou mens en sondigheid wat ons soos ou klere moet uittrek en weggooi en dan die nuwe kleed in Christus aan te trek. "*Beklee julle dan, as uitverkorenes van God, heiliges en geliefdes, met innerlike ontferming, goedertierenheid, nederigheid, sagmoedigheid, lankmoedigheid. Verdra mekaar en vergewe mekaar as die een teen die ander 'n klag het; soos Christus julle vergeef het, so moet julle ook doen. En beklee julle bo dit alles met die liefde wat die band van die volmaaktheid is."* (Kol. 3:12-14).

Die uiteindelike doel is nie om dood te bly nie, maar om op te staan in die nuwe identiteit van Christus Jesus, ons Here. Maar Hy wek ons op. Hy inisieer opstanding! Ons staan dikwels te vinnig weer self op.

So dikwels hoor ons vandag die woorde: "Die antwoord is binne jou!"; "Wees net jouself". Daar is geen sprake van jouself wees en dat die antwoord in jou is alvorens die voorhuid van jou hart nie besny is nie. Die antwoord lê nie in 'n mens nie. "*Ek weet, o Here, dat aan die mens sy weg nie toebehoort nie; nie aan 'n man om te loop en sy voetstappe te rig nie."* (Jer. 10:23). "*Bedrieglik is die hart bo alle dinge, ja, verdorwe is dit; wie kan dit ken? Ek, die Here, deursoek die hart, toets die niere, om aan elkeen te gee na sy weë, volgens die vrug van sy handelinge."* (Jer. 17:9-10). "*Daar is 'n weg wat vir 'n mens reg lyk, maar die einde daarvan is weë van die dood."* (Spr. 14:12).

Die Here moet eers die gif van eie-ek en self verwyder en dan gee Hy ons wil aan ons terug. Ons DNS moet eers verander. Ons redding lê alleenlik in die feit dat Hy ons nuwe skepsels maak deur die krag van die kruis en opstanding (2 Kor. 5:17). Dan kan ons praat van jouself wees en dat die antwoord binne jou is – Christus binne jou "*...aan wie God wou bekend maak wat die rykdom van die heerlikheid van hierdie verborgenheid onder die heidene is, dit is Christus onder julle, die hoop van die heerlikheid."* (Kol. 1:27).

Luther en ander wat die sestiende-eeuse reformasie begin het, het nie net bloot idees op die tafel gesit nie. Die reformasie van die sestiende eeu het nie sy ontstaan in die lesingkamer of op Wittenberg se deur gehad nie. Dit was eers nadat Luther 'n persoonlike verdieping of ontmoetingservaring met God gehad het dat hy die oortuiging gehad het om die 95 stellings te skryf en teen Wittenberg se kerkdeur te gaan vasspyker.

Ware reformasie begin dus by Hom. Hy is die een maatstaf vir ons lewe. Ons is vir een doel geskape en dit is om soos Hy te wees. "*Want die wat Hy vantevore geken het, dié het Hy ook vantevore verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders."* (Rom. 8:29). "*Hy is die presiese beeld en openbaring van God. Hy, wat die afskynsel is van Sy heerlikheid en die afdruksel van Sy wese en alle dinge dra deur die woord van Sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte."* (Heb. 1:3).

## Geloof en Gehoorsaamheid Werk Altyd Saam

Sonder geloof kan niemand God behaag nie (Heb. 11:6). Telkens is die wat tot geloof gekom het by die kerk gevoeg. Geloof se werke en vrug moet getuig van die openbaarmaking van Christus in jou lewe. Baie mense in die kerk glo in God en glo dat die Here hulle red en salig maak. Hulle het egter nog nie die belofte in besit geneem nie. Dis een ding om te glo en 'n ander om op te tree in die geloof. Geloof is 'n aksie.

Ek kan elke dag my sonde bely, maar nie verander nie. Ek moet dus glo, my geloof uitspreek soos die geloofshelde van Hebreërs 11 en in gehoorsaamheid dit doen wat ek glo. Gehoorsaamheid is die werkwoord van my geloof. Deur gehoorsaam te wees, gaan my geloof tot aksie oor? Petrus het geglo hy sal ook op die water kan loop. Toe hy vra en Jesus antwoord hom, moes hy volgens sy geloof opstaan en oor die rand van die skuit klim en op die water trap. Soveel mense glo, maar het nog nooit oor die rand geklim nie!

Wanneer ek glo en die woord doen, word die woord vlees in my lewe. Ons wil met teologiese redenasies onsself regverdig om nie te doen nie. Ons soek eintlik na verskonings vir die geheime vrees in ons binneste om te waag om Hom te gehoorsaam. Om in gehoorsaamheid aan God se stem te lewe is nie maklik vir die vlees nie. Hy vra soms dat jy op die grond spoeg en modder met jou spoeg maak en dit op die oë van 'n blinde man sit. Dit mag beteken dat Hy jou vra om al jou besittings te verkoop en die opbrengs vir die armes te gee en Hom te volg. Dit is waarom selfverloëning 'n voorvereiste is om sy dissipel te word – anders gaan jy gedurig aanstoot neem oor dit wat Hy van jou vra.

God het alreeds die opdragte gegee, Hy het klaar beweeg, Hy het alreeds die prys betaal en die belofte en gawes van redding vir ons beskikbaar gestel. Ons moet net opstaan en dit deur die geloof in besit neem.

Die leraars van die kerk moet deur die visier van die kruis begin dink en redeneer. "...*want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te weet nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde."* (1 Kor. 2:2). Soos die haarnaald in die teleskoop van 'n geweer, moet ons leer om deur die kruis na alles te kyk. Ons kan niks anders preek as Jesus die Gekruisigde nie en dat Hy opgestaan het as die Eersteling van baie seuns.

Kom ons neem byvoorbeeld leiding en swaarkry in die kerk. Paulus gee nie sewe goedkoop stappe oor hoe om in alles wat jy doen suksesvol te wees nie. Hy was in elk geval nie suksesvol volgens vandag se predikers, wat net oorvloed en rykdom verkondig, se standaarde nie. Nee, hy sê: "*Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukkinge van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is."* (Kol. 1:24).

Ons is bang vir lyding en vermy dit, maar as ons toelaat dat God ons daardeur lei sal die vyand geen houvas meer op ons kan hê nie. Die meeste van die tyd moet iemand eers alles verloor alvorens hulle die rykdom van die koninkryk ontdek. Paulus sien sy lyding in perspektief van die liggaam, want hy het geleer dat sy lewe as 'n drankoffer uitgegiet is vir die kerk. Elke lid van die liggaam bestaan vir die liggaam en tot diens van die liggaam. Ons het geen bestaansreg sonder die liggaam nie.

Gehoorsaamheid beteken nie dat jy altyd net lekker dinge sal beleef nie. Gehoorsaamheid beteken nie noodwendig aardse sukses nie. Daar is 'n verskil tussen swaarkry omdat jy nie wou luister nie, en swaarkry omdat jy gehoorsaam was. God gebruik lyding om ons volwasse te maak en ons karakter te ontwikkel om die seën van Sy heerlikheid te kan dra. Lyding gee jou diepte en bring 'n geestelike gewig in die Gees mee. Jy word nie langer deur omstandighede en die stories van mense rondgeslinger nie. Jy is geanker in jou gees.

Lyding bring outoriteit. Geen ware outoriteit kom op enige ander manier nie. Ook hierin was Jesus ons voorbeeld. "*Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het; en nadat Hy volmaak is, het Hy vir almal wat Hom gehoorsaam is, 'n bewerker van ewige saligheid geword."* (Heb. 5:8-9). Dis deur lyding dat God ons bevry van allerhande vrese. Dit wat jy vrees gebeur. In

lyding word ons met hierdie vrese gekonfronteer totdat ons na God uitroep en op Hom alleen vertrou. So verloor dood, armoede, konflik en vervolging sy angel en word ons bevry van elke vashouplek wat satan hoegenaamd in ons kan hê.

Die wêreld sien met reikhalsende verlange uit na die openbaarmaking van die volwasse seuns van God wat nie hulle eie koninkryke bou nie, maar elkeen 'n bydrae lewer sodat die koninkryk van God deur hulle gebou word. 'n Gekruisigde lewe is die produk van God wat oor die wêreld versprei moet word, in elke huis en werksplek. Die kerk verteenwoordig nie die beeld van God terwyl self nog regeer nie. Maar hoe meer ons kies om self neer te lê, hoe duideliker word Christus sigbaar in ons lewe. Weereens, ons kan nie onsself kruisig nie maar ons kan oorgee! Let go and let God! Die volgende boeke is werd om gelees te word oor hierdie essensiële onderwerp. [44]

[44] Guyon, J. (2014). *Spiritual progress*. [Place of publication not identified]: Whitaker House.

# Hoofstuk 13

## DIE BONATUURLIKE JESUS

---

"Christ is not the answer to your city, I am not the answer to your city. The answer to your city is Christ in you and Christ through you." — Chris Gore, Walking in Supernatural Healing Power

**JESUS** was volkome mens, maar Sy lewe was ook bonatuurlik: Sy geboorte deur 'n maagd (Luk. 1:34, 35; Jes. 7:13-16; Matt. 1:22-23), al Sy wondertekens en kragtige dade (Matt. 11:20; 13:54; Mark. 6:2), en Sy opstanding (Matt. 16:21; 17:9, 23; Matt. 20:19; 26:32; Mark. 14:28; Luk. 9:22; 14:14; Joh. 2:19-22; 5:21; 6:39-40; 11:1-44; 14:20; 21:14).

Volgens die 'Synoptic Gospel', is daar 83680 direkte woorde van Jesus opgeteken, waarvan 31426 oorspronklik is, en nie herhalings is nie. 'n Mens praat gemiddeld 125 – 150 woorde per minuut. Teen 130 woorde per minuut kan Jesus se Woorde in net so onder die 4 ure gelees word. Dus het Jesus nie so baie gesê nie. Jesus se Woorde wil geleef word. Dis nie kennis nie, dis kennis met wysheid en waarheid gemeng. Derduisende boeke en kommentare is al geskryf oor Jesus se woorde. Maar dit baat mens niks as jy nie Sy woorde begin leef nie. Die krag van Jesus se Woorde was Sy demonstrasie daarvan.

Hoe sou die kerk vandag daar uitgesien het as ons nooit die bonatuurlike demonstrasie van die krag van God beperk en verloor het nie? Veronderstel iemand wat nog nooit in 'n kerk was nie kom tot bekering en bestudeer dan die Evangelies saam met Handelinge? Sê nou ons stuur dan die persoon in vandag se kerke in –sou ons kerke vandag vir hom dieselfde boodskap kan demonstreer? Sou die persoon beleef hy stap in die bladsye van die Skrif in terwyl hy in ons midde verkeer?

Indien jou soeke is om meer soos Jesus te leef, kan jy nie Sy bonatuurlike bediening ignoreer nie. Dit staan sentraal tot wie Hy op aarde was. Ons verkies egter altyd die dele van Jesus se lewe waarvan ons hou en wat ons dalk self kan regkry! Ons vermy die onmoontlik-vir-self aspekte! Dit is juis hierdie dele van Sy lewe wat deur die eeue die meeste kontroversie veroorsaak het. Sommige vervals die bonatuurlike en gebruik dit, soos die geldwisselaars, om mense te trek en meer geld te maak. Die verdraaiing, vervalsing en uit verband trek van die bonatuurlike is waarom sommige kerke en gelowiges dit eerder vermy.

"The secret is, there is no formula, no mathematical progression, no tradition that can reproduce the supernatural all the time. We have to get it by faith from the spiritual realm according to the plan and purposes of God the Father and of our Lord Jesus Christ, communicated to us through the blessed Holy Spirit". (Dr. André Pelser) .

Dis die vyand se eeue oue strategie om ons weg te draai van God se voorsiening. Omdat ons dan uitgehonger raak vir Sy volheid, soek ons versadiging op ander plekke en op ander maniere. So is

seksuele intimiteit 'n wonderlike, vervullende voorsiening vir 'n man en vrou in die huwelik. Deur satan se verdraaiing, besoedeling en onbehoorlike gebruik van God se voorsiening, draai ons teen hierdie voorsiening, ons verwerp dit, ons raak onkundig en onbeholpe, en veroorsaak nog meer skade. Goddelike, vaderlike, heilige leierskap is 'n wonderlike voorsiening vir die mensdom, maar die korrupsie van vals leiers bring verskrikking en verwoesting. Beplanning, administrasie en harde werk is 'n wesenlike deel van God se voorsiening, maar ons verdraai dit in absolute beheer en slawerny.

Ons het veral nodig dat Christus weer die plek en verstaan van die bonatuurlike goddelike element van die evangelie in ons harte sal benadruk, ons sal reformeer en geloof in ons harte sal bewerk omdat Hy graag met ons wil saamwerk.

We are all immersed in a vast sea of unseen forces. Can you see radio waves? Or, for example, the magnetic fields by which the stars keep their ancient places? All around us, even going through our very bodies, are powerful emissions which we can detect only by instruments. Some radiation could destroy us before we ever felt it. Human perceptions are very limited. Even your cat can hear what you can't. A snake can sight its prey in the pitch darkness. The first words Jesus said to His disciples were "*Come and see!*" (John 1:39). He came to make us see and see in the dark. The great theme in John's Gospel is "inner sight", seeing more than meets the eye. Spiritual reality belongs to a different order. Physical eyes can't discern the spiritual. John mentions that some witnessed Christ's miracles and made nothing of them. The visible displays invisible – "the heaven's declare the glory of God", but not to those without faith. Another thing is that at present the world lies in wickedness and spiritual darkness. The unseen is doubly unseen. Faith in God is like a lamp, which is of no use in daylight. The only chance faith will ever get is now, in a world of darkness, sin and trouble. It can't operate in heaven where the Lamb is the light. "*Now we see through a glass, darkly, but then face to face, (but) now remains faith*" (1 Cor. 13:12,13). God bless you." (Reinhard Bonnke).

## Jesus Se Lewe Was Bewese Bonatuurlik

Genesings, wonderwerke en bevryding van die bose was deurentyd deel van Sy bediening! "*Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak. En berigte oor Hom het deur die hele provinsie vanSirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bose geeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak. Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg*." (Matt. 4:23-25; Luk. 6:17-19).

"*Toe dit aand geword het en die son al onder was, het die mense al die siekes en dié wat in die mag van bose geeste was, na Hom toe gebring. Die hele dorp het by die deur van die huis saamgedrom. Hy het baie siekes wat allerhande kwale gehad het, gesond gemaak en baie bose geeste uitgedrywe. Hy het die bose geeste nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle geweet het wie Hy is. Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid. Simon en dié wat by hom was, het Hom egter gesoek, en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom: "Almal soek U." Maar Hy antwoord hulle: "Laat ons êrens anders heen gaan, na die nabygeleë dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom." "Hy het toe gegaan en dwarsdeur Galilea in hulle sinagoges gepreek en bose geeste uitgedrywe*." (Mark. 1:32-39; Matt. 8:16-17; 4:23; Luk. 4:40-44).

"*Met sononder het almal hulle siekes, wat aan allerhande kwale gely het, na Hom toe gebring. Hy het hulle een vir een die hande opgelê en hulle gesond gemaak. Ook bose geeste het uit baie uitgegaan terwyl hulle skreeu: "U is die Seun van God!" En Jesus het hulle skerp aangespreek en hulle nie toegelaat om sulke dinge te sê nie, omdat hulle geweet het dat Hy die Christus is*." (Luk. 4:40-41).

"*... met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was*." (Hand. 10:38).

"*Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak. Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir Sy dissipels: "Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir Sy oes.*" (Matt. 9:35-38).

"*Hulle het toe vertrek en van die een dorp na die ander gegaan om oral die evangelie te verkondig en siekes gesond te maak*." (Luk. 9:6).

"*Aangesien Ek dus deur die vinger van God bose geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom*." (Luk. 11:20).

## Sy Dissipels Is Beveel Om Dieselfde Te Doen

*"Gaan verkondig: "Die koninkryk van die hemel het naby gekom." Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet."* (Matt. 10:7-8).

## Die Boodskap Moet Met Demonstrasie Gepaard Gaan

"*Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God*." (1 Kor. 2:4-5).

Mense plaas hulle geloof in metodes, resepte, tegnieke, mense, godsdiens en eiegeregtigheid eerder as om hulle hoop volkome en alleenlik in Christus te plaas! HY soek ons hart, nie ons godsdiens-speletjies nie! Sommige predikers gebruik aanhalings van bekendes, slim stories met power point-voorstellings, maar dit het geen mag en vermoë om mense, vasgevang in sonde, vry te maak nie! Jou prediking moet gepaardgaan met 'n bewese demonstrasie en aktivering van geloof in mense se harte. "*Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God*" (1 Kor. 2:4-5). "*Die koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag."* (1 Kor. 4:20).

Inligting verander nie mense se gedrag nie. Dit kos 'n radikale ingryping van verlies, siekte en 'n konfrontasie met Waarheid. Mag die Heilige Gees Jesus in ons midde openbaar en ons lei na die Vader. Beide die prediking van die Woord en die demonstrasie van die Gees is noodsaaklik. Die een kan nie sonder die ander nie. Die Woord bied die grondmateriaal en die Gees bied die lewe.

Die Woord sonder die Gees is dood (2 Kor. 3:6). Maar die Gees sonder die Woord, lei tot wanorde en selfgerigtheid (1 Kor. 14).

*"Ek sal dit nie waag om oor iets anders te praat as oor wat Christus deur my tot stand gebring het om heidennasies aan God gehoorsaam te maak nie. Dit het Hy deur my gedoen met woord en daad, deur kragtige tekens en wonders, in die krag van die Gees van God*." (Rom. 15:18-19).

"*Want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil. En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydskap wat van die Heilige Gees kom* (1 Thess. 1:5).

"*Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het. Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en*

*ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil*." (Heb. 2:3-4).

"*God bevestig nie die persoon nie, Hy bevestig Sy Woord. Die woord van ons getuienis*." (Op. 12:10).

Die verkondiging van die evangelie van verlossing wek geloof vir mense om gered te word. Op dieselfde manier wek ons getuienisse van genesing, geloof in mense vir hulle eie genesing en bevryding.

## Die Here Werk Saam Met Ons

"*Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het*." (Mark. 16:20).

"*En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus." Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig*." (Hand. 4:29-31).

"*Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige dade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil*." (Heb. 2:4).

## Die Krag Van Jesus Word Op Vyf Maniere Gedemonstreer:

- Die krag van Sy woord: "*Hulle was verbaas oor sy leer, want Hy het met gesag gepraat*." (Matt. 7:28, 29; Matt. 7:28; 13:54; 19:25; 22:33; Mark. 1:22; 6:2; 7:37; 10:26; 11:18; Luk. 2:48; 4:32; 9:43). "Verslae"; "verslae"; "baie verslae"; "verslae"; "verslae"; "verslae"; "uitermate verslae"; "uitermate verslae"; "verslae"; "verslae"; "verslae"; "verslae"; "verslae" (OAV). Verslaentheid is sonder uitsondering die reaksie. Die Griekse woord 'eksplessomai' beteken: "Ek is verstom/oorbluf, verbysterd" (Souter). "Verwonderd . . . oorweldig (lett. uit jou verstand uitgeslaan)" (Arndt en Gingrich).
- Die krag van Sy belofte. Die transformerende krag van Jesus om ons nuwe mense te maak. Jesus verander water in wyn. Dit wat jare neem om te verouder en kwaliteit aan te neem, doen die Here in 'n sekonde toe hulle Hom gehoorsaam (Joh. 2).
- Die krag van Sy aanraking. Toe steek Jesus Sy hand uit, raak hom aan en sê: "*Ek wil. Word gesond!"* En sy melaatsheid was onmiddellik weg (Matt. 8:3). "*En die hele skare het probeer om Hom aan te raak, omdat krag van Hom uitgegaan het, en Hy het almal gesond gemaak*." (Luk. 6:19). Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: "*Wie het aan my klere geraak*?" (Mark. 5:30).
- Die krag van Sy vergifnis. Jesus vergewe die vrou wat in die daad van egbreek gevang is (Joh. 8:10,11). Toe Jesus die geloof van die mense sien wat die verlamde man deur die dakteëls laat sak, sê Hy: "*Mens, jou sondes is jou vergewe*" (Luk. 5:20). Die vrou wat 'n sondige lewe gelei het, kom breek die duur albaste fles met olie op Sy voete (Luk. 7:36-50). Jesus sê: "*Jou sonde is vergewe!*" (v. 48).
- Die krag van Sy voorsiening. Vermeerdering van die brode: Met vyf brode en twee vissies voed Hy 5 000 mans en 12 mandjies bly oor (Mark. 6:35-44). Met sewe brode voed Hy 4 000 mense en daar was sewe mandjies oor (Mark. 8:1-10). Jesus betaal Sy en Petrus se tempelbelasting deur 'n muntstuk gevind in die bek van 'n vis (Matt. 17:26-27).

## Wat Ontsluit Die Bonatuurlike Werking Van Die Gees?

**Deernis (compassion):**

The Bible says, "*And when Jesus went out He saw a great multitude; and He was moved with compassion for them, and healed their sick*" (Matt. 14: 14). Notice that the miracle of healing was a by-product of compassion. This is the Greek word splagchnizomai, which means to be "moved in one's bowels" or "seat of love". Compassion is the divine ability to empathize with the pain and suffering of others. Jesus always walked in compassion.[45]

"*Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak*." (Matt. 14:14).

Geloof:

"*Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bose geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle praat; met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word*." (Mark. 16:17).

*"These signs will follow those WHO BELIEVE"* (Mark 16:17).

Nabyheid (proximity):

Nabyheid, gebed, gehoorsaamheid, samehorigheid, eenheid. *Bly in my* (Joh. 15). Allerhande wonderwerke het gebeur deur die handelinge van die apostels, omdat daar eenheid was (Hand. 1:14; 2:1; 46; 4:24, 32; 5:12; 8:6; 15:25).

*"And the power of the Lord was [present]with Him to heal them."* (Luk. 5:17).

**Jesus Genees Op Verskillende Maniere:**

Dis belangrik om daarop te let dat Jesus nie een magiese rite volg om siekes gesond te maak nie. In hoofstuk 28 sien ons dat Jesus vandag nog op verskillende maniere genesing bring vir die totale mens. Elke mens word dus as 'n individu raakgesien. Hy volg dus ook nie genesing rites, metodes en skemas nie. Hy ís genesing, wat as Geneesheer elke persoon aanraak met Sy liefde.

[45] Bridges, K. (2014). *Power of unlimited faith*. [Place of publication not identified]: Destiny Image Pub.

# Hoofstuk 14

## DIE REDELIKHEID VAN JESUS

True Christian fortitude consists in strength of mind, through grace. Jonathan Edwards

*"**SO** be shrewd as serpents and innocent as doves."* (Matt. 10:16 NSAB).

Fundamenteel tot Jesus se lewe was Sy logika, redelikheid, nugterheid en gebruik van gesonde verstand. As 'n jong seun het Hy met die skrifgeleerdes en Fariseërs in die tempel geredeneer. Die evangelie in sy essensie is gesonde verstand. Christenskap is die een godsdiens in die wêreld wat durf en deurgaans die gebruik van die intellek vereis. Jesus wil hê jy moet dink!

Die Christus-lewe is eweneens 'n kwessie van geloof, maar ook van leefwyse. Die leefwyse van geloof, liefde, dankbaarheid, vergifnis, naasteliefde, selfloosheid en vrygewigheid is die beste manier om te leef. Dit is oor en oor bewys.

Selfs al sou God nie bestaan nie… is die Bybelse/Jesus-/Christus-gesentreerde leefwyse die beste manier van leef. As mens die sinloosheid van oorlog, moord, dwelm- en alkoholmisbruik, jaloesie en haat sien, dan wonder mens, hoe is dit moontlik dat regdenkende, redelike, opgevoede mense tot sulke dade kan oorgaan?

Die Jesus-lewe rig ons na 'n goddelike, koninklike, verhewe bestaan teenoor 'n dierlike, redelose slawebestaan – oorgegee aan boosheid.

*"Die wysheid van bo is . . . vredeliewend, redelik."* (Jak. 3:17). Die Griekse woord wat hier met "redelik" vertaal word, beteken letterlik "toegewend". Sommige vertalers gebruik die woord "bedagsaam", "vriendelik" of "verdraagsaam". Let op dat redelikheid met vredeliewendheid geassosieer word. In Titus 3:2 word dit saam met sagmoedigheid genoem en word dit teenoor strydlustigheid gestel. Filippense 4:5 spoor ons aan om bekend te wees vir ons "redelikheid". Iemand wat redelik is, neem die persoon met wie hy praat se agtergrond, omstandighede en gevoelens in ag. Hy is bereid om toe te gee wanneer dit gepas is. As ons ander so behandel, help dit om hulle verstand en harte ontvankliker te maak wanneer ons uit die Skrif met hulle redeneer.

Die wysheid van die mens staan in kontras met Paulus se appèl in 1 Kor. 1:18-31 – die wysheid van die mens is dwaasheid vir God.

*"Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God. Daar staan tog geskrywe: "Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak." Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? Dit was die bedoeling van God in Sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie."* (1 Kor. 1:18-31).

Die woordjie "selfbeheersing" in die bekende vers, "*Want God het ons nie 'n gees van vreesagtigheid gegee nie, maar van krag en liefde en selfbeheersing.*" (2 Tim. 1:7), kan eintlik direk vertaal word met "geredde verstand". Die Here wil ons denke gebruik, maar ons plaas nie ons vertroue op ons intellek en rede nie.

4993. σωφρονέω sōphronéō; contracted sōphrṓ, fut. sōphronḗsō, from sṓphrōn (G4998), sober-minded. To be of sound mind, intrans. To be sane, in one's right mind (Mark 5:15; Luke 8:35; 2 Cor. 5:13). By implication to be sober-minded, to think and act soberly, discreetly, to use sound judgment and moderation, to be self-disciplined (Rom. 12:3; Titus 2:6; 1 Pet. 4:7). Syn.: nḗphō (G3525), to be sober. Ant.: paraphronéō (G3912), to act the fool; exístēmi (G1839), to be out of one's mind, be insane, be beside oneself; ataktéō (G0812), to behave in a disorderly manner.

**LOGOS**: Die woordjie "Logos" wat vertaal word met "woord" kan ook beteken: rede, plan, bloudruk, raamwerk. Jesus is dus die "rede" van God. Die woord wat vlees geword het (Joh. 1:14). God se plan, rede, logika, denke, het vlees geword en onder ons kom woon. Jesus anker ons logika. Hy gee ons gedagtes ewewig. Die feit dat Jesus die waarheid kom leef het, maak dit uitvoerbaar, prakties, berekenend en wesenlik. Ons kan dikwels weggevoer word deur 'n akademiese voëlvlug van redenasies en gedagtes, maar niks is konkreet deel van ons daaglikse bestaan nie. Jesus daarenteen leef waarheid, balanseer die ekstreme en anker die uiterstes, in Sy persoon.

In 1 Pet. 2:2, the phrase logikón gála, literally "logical milk," refers to the spiritual nourishment found in the Word of God. Lógos, from which logikós is derived, means reason, and is often used to describe God's intelligence expressed in human speech or form (Joh. 1:1, 14). Some reach this interpretation merely from the context of the passage, as a spiritual explanation of the words. Others reach this interpretation by recognizing that it is not only true but that it is reasonable that the Word of God is our nourishment (cf. Deut. 8:3; Matt. 4:4). The second adj. ádolon (G0097), unadulterated, agrees with this, meaning that the Word of God, when not mixed with human error, is nourishing. [46]

Soos Jakob moet ons ons kop op die rots, Jesus, neerlê en toelaat dat Hy ons verstand bevrug en verhelder om reg te dink. Die volgende môre het Jakob opgestaan en hy het die klip wat sy kopkussing was, gevat en dit regop gesit. Toe giet hy olie op die bopunt daarvan uit. Hy het die plek Bet-El genoem (Gen. 28:18). Bet-el beteken huis van God, en so moet ons denke ook God se tuisplek word. Ons moet dus die woord van God leer ken, dit memoriseer en daaroor mediteer. "*Hierdie wetboek moet die rigsnoer wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.*" (Jos. 1:8). Dan sal ons begin reg dink.

*"Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is."* (Rom. 12:1).

## Jesus se Prediking Konfronteer Redelike Denke en Ontmasker Dwaasheid

Jesus openbaar die dwaasheid van godsdienstige dualisme en dubbele standaarde:

"*Julle wil eed sweer by die hemele, die aarde, tempel, die altaar, die troon van God . . . hoekom nie net dat jou ja, ja is, en jou nee, nee*." (Matt. 5:33-37).

"*Moenie dink dat herhaaldelike rympies opsê meer krag opwek om God te beweeg nie. "Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik*." (Matt. 6:7).

Sommige mense probeer hulle lywe in klere inpas. Klere is vir die lyf. Laat jou lyf jou kleredrag bepaal. "*Therefore, I tell you, stop being perpetually uneasy (anxious and worried) about your life, what you shall eat or what you shall drink; or about your body, what you shall put on. Is not life*

[46] Lawrence, R. (n.d.). *Shrewd*. Daring to live the startling command of Jesus

*greater [in quality] than food, and the body [far above and more excellent] than clothing?*" (Matt. 6:25).

Wat maak mens onrein? Dit wat jy eet, of die woorde wat jy spreek? "*Julle moet nou luister en mooi verstaan! Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie. Maar wat by die mond uitkom, dit maak 'n mens onrein.*" (Matt. 15:10).

*"Begryp julle nie dat alles wat by die mond ingaan, na die maag toe gaan en daarna uit die liggaam uitgaan nie? Maar wat by die mond uitkom, kom uit die hart, en dít is die dinge wat die mense onrein maak. Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpratery. Dít is die dinge wat 'n mens onrein maak, maar om met ongewaste hande te eet, maak 'n mens nie onrein nie.*" (Matt. 15:17-20).

Jesus gebruik dikwels praktiese voorbeelde van die gebruik van gesonde verstand om hoorders te help om in te sien hoe dwaas godsdienspleging werklik is.

## Ongehoorsaamheid is dwaasheid.

"*Elkeen dan wat na hierdie woorde van My luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige man wat sy huis op die rots gebou het.*" (Matt. 7:24). Selfs 'n persoon wat 'n hok opslaan in 'n informele nedersetting, weet dat jy nie 'n huis op sand bou nie.

Iemand wat gereeld met materiaal en leer gewerk het, sou glimlag vir: "*Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want dan skeur die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en die gat word net groter." "Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi"* (Mark. 2:19-25).

"*Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap."* (Matt. 7:6). Probeer hierdie prentjie fisies uitvoer of verfilm – dis die hoogste vorm van domheid, dwaasheid, gekheid. Weereens die skreeusnaakse, oordrewe uitspeel van die dwaasheid van mense se dade.

Iemand wie se hart verlig geraak het met die waarheid, kan dit nie wegsteek nie. "*'n Lamp kom mos nie onder 'n emmer of onder 'n bed nie?"* Probeer dit fisies doen: Plaas 'n flits onder 'n emmer, onder die bed. Dis malligheid! Die lig skyn deur! (Matt. 5:15).

Jesus se fyn skerpsinnigheid is ook opmerklik in hoe Hy komplekse vrae beantwoord en oplos. Toe hulle Jesus in 'n strik wou vang oor belasting: "*Wie se kop en naam is hierop?" "Die keiser s'n," antwoord hulle Hom. Jesus sê toe vir hulle: "Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort."* (Mark. 12:14-17).

"*Wie is dan die getroue en verstandige dienskneg wat aanhou doen wat reg is en rentmeester is van sy goed*?" (Matt. 24:45-51).

## Die Wyse En Dwase Maagde (Matt. 25:1-13):

Die verstandige, onregverdige dienskneg. "*Now here's a surprise: The master praised the crooked manager! And why? Because he knew how to look after himself. Streetwise people are smarter in this regard than law-abiding citizens. They are on constant alert, looking for angles, surviving by their wits. I want you to be smart in the same way—but for what is right—using every adversity to stimulate you to creative survival, to concentrate your attention on the bare essentials, so you'll live, really live, and not complacently just get by on good behaviour*." (Luke 16:1-9, The Message).

"*So be shrewd as serpents and innocent as doves."* (Matt. 10:16, NSAB). Shrewdness—understanding how things work, then leveraging that knowledge to apply the right force in the right place at the right time. [1]

Dit is hoekom die karaktereienskap gebalanseer word met die onskuld van 'n duif. Jou vindingrykheid moet gebruik word tot mense se voordeel, nie om jouself te verheerlik en ander te onderdruk nie.

Jesus verstaan ook die dwaasheid van mense name noem en vloek (Matt. 5:22). In die meeste gevalle word mense kwaad wanneer hulle nie verstaan word nie. Dit veronderstel dat mens harder sal probeer om jou saak beter te verduidelik eerder as om net harder te skree. Dis onbesonne geraas en dwaasheid om te skree as niemand meer luister nie.

Jesus beskou die man wat aardse besittings vergader het, en dan wil aftree en niks doen nie, as dwaasheid! *"En ek sal vir my siel sê: Siel, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare; neem rus, eet, drink, wees vrolik. Maar God het aan hom gesê: Jou dwaas, in hierdie nag sal hulle jou siel van jou afeis; en wat jy gereedgemaak het, wie s'n sal dit wees? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is in God nie*." (Luk. 12:12-21).

## Jesus Argumenteer Met die Fariseërs

Die beste voorbeeld waar die mens se eie logika, sonder God, homself in 'n valstrik kan indink is hoe Jesus die argumente van die fariseërs, skrifgeleerdes en wetsgeleerdes gefnuik het. *"Jesus het hulle geantwoord: "Ek sal vir julle sê watter soort volmag Ek het om hierdie dinge te doen. Maar dan moet julle eers vir My hierdie vraag beantwoord: 'Kom die doop wat Johannes beoefen het, van God af, of was dit maar 'n bloot menslike saak?'" Hulle het toe onder mekaar beraadslaag: "As ons sê dat dit van God af kom, gaan Hy vir ons sê: 'Hoekom het julle hom dan nie geglo nie?' Maar as ons sê dit was maar net 'n bloot menslike saak, sal ons vir die volk moet oppas, want vir hulle is Johannes 'n profeet." Gevolglik het hulle Jesus geantwoord: "Ons weet nie." Daarop was Jesus se reaksie: "Dan gaan Ek ook nie julle vraag beantwoord nie."* (Matt. 21:25-27).

"*Omring van Fariseërs het Jesus die volgende vraag aan hulle gestel: "Wat is julle standpunt oor die Messias? Wie se seun is Hy?" Hulle antwoord Hom: "Dawid s'n." Waarop Jesus vra: "Hoe noem Dawid Hom dan 'Here', terwyl hy tog onder die inspirasie van die Gees praat? Hy sê: 'Die HERE het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande heeltemal aan jou onderwerp het.' "As Dawid Hom 'Here' noem, hoe kan Hy terselfdertyd Sy Seun wees?" Niemand kon Hom hierop antwoord nie. En daarna het niemand dit meer gewaag om nog verdere strikvrae aan Hom te stel nie."* (Matt. 22:41-46).

*"Een Sabbatdag was Jesus in die huis van 'n leier van die Fariseërs. Die mense het Hom fyn dopgehou, want daar was 'n man wie se arms en bene geswel was. Jesus vra toe die Fariseërs en wetskenners: "Wel, is dit volgens wet toelaatbaar om mense op die Sabbatdag gesond te maak, of nie?" Toe hulle weier om te antwoord, het Jesus die siek man aangeraak, hom genees en huis toe gestuur. Toe het Hy na hulle gedraai en gevra: "Wie van julle werk nie op die Sabbat nie? As jou seun of bees in 'n put val, sal jy hom nie dadelik daar uithaal nie?" Weer het hulle geen antwoord gehad nie."* (Luk. 14:1-6).

## Selfverwoestende Denke.

Teenoor Jesus se redelikheid is die verdraaiing, dwaasheid, en self-verwoestende aard van die wat vasgevang is in sonde. Mens hoor dikwels mense wat in een of ander misdaad gevang word; "Ek het nie gedink nie". Sonde verdonker en beperk ons reg denkende vermoë. Die volgende Skrifgedeeltes bewoord hierdie probleem baie duidelik.

Verdraaide Opvattings: "*En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; hulle is onverstandig,*

*onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen."*(Rom. 1:26-32).

Verdwaasdheid van hulle gemoed, verduisterd is in die verstand: "*…in die verdwaasdheid van hulle gemoed nie —mense wat verduisterd is in die verstand en vervreemd van die lewe van God deur die onkunde wat in hulle is vanweë die verharding van hulle hart; wat ongevoelig geword het en hulle oorgegee het aan die ongebondenheid om in hebsug allerhande onreinheid te bedrywe."* (Ef. 4:16-19).

Wet van my gemoed: "*Maar ek sien 'n ander wet in my lede wat stryd voer teen die wet van my gemoed en my gevange neem onder die wet van die sonde wat in my lede is,"* (Rom. 7:23). Hierdie sondige, afwaartse, kortsigtige wet van die sonde kan mens vasvang, soos in 'n strik. Jy weet jy mag dit nie doen nie, maar jy voel soos 'n dier aan 'n halsband gelei om dit te doen. Dis natuurlik nie die waarheid nie, mens kan die gedagte wat teen die kennis van God gerig is, gevange neem en daaroor heers! Nogtans voel mens vasgevang en uitgelewer.

Alienation of Mind, Vervreemding en Verwydering: "*Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen."* (Kol. 1:21).

Verskrik: *"…om nie gou julle verstand te verloor of verskrik te word nie — deur gees of deur woord of deur 'n brief wat van ons afkomstig sou wees — asof die dag van Christus al daar is."* (2 Thess. 2:2).

Hulle verstand en gewete is besoedel: "*Vir die reines is alles rein, maar vir die besoedeldes en ongelowiges is niks rein nie, want hulle verstand en hulle gewete is besoedel. Hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit. Hulle is verfoeilik en koppig en deug vir geen goeie werk nie."* (Titus 1:15-16).

Vleeslike Denke: "*…omdat wat die vlees bedink, vyandskap teen God is; want dit onderwerp hom nie aan die wet van God nie, want dit kan ook nie. En die wat in die vlees is, kan God nie behaag nie."* (Rom. 8:5).

Begeerlikhede van ons Vlees: "*…onder wie ons almal ook vroeër gewandel het in die begeerlikhede van ons vlees toe ons die wil van die vlees en van die sinne gedoen het; en ons was van nature kinders van die toorn net soos ook die ander."* (Ef. 2:3).

Bedink Aardse Dinge: "*Hulle einde is die verderf, hulle god is die buik en hulle eer is in hulle skande; hulle bedink aardse dinge."* (Fil. 3:19).

## 10 Voorbeelde: Vernuwe Denke Volgens Sy Woord:

Soos ons denke en harte vernuwe word deur die Woord en die Gees, begin ons nie net anders dink nie, maar ons eerste instinktiewe reaksies verander ook (Rom. 12:2). Iemand wie se gedagtes in Christus vernuwe is, het geheel en al 'n ander eerstereaksierefleks.

Het dit al met jou gebeur dat jy aan iemand wat jy goed ken 'n Whatsapp stuur, maar hulle reageer nie? Jy begin daaroor tob . . . Kort voor lank dink jy allerhande booshede en oorweeg dit om nooit weer met die persoon te praat nie. Dan, 'n paar dae later: "Jammer, ons was buite selfoonbereik. Nou eers jou boodskap gesien. Ons is baie lief vir jou!" Jy voel geheel en al uitgevang oor jou negatiewe reaksie. Wat ons voel, is nie altyd korrek nie. 'n Vlieënier kan ruimtelik gedisoriënteerd raak en voel hy vlieg onderstebo. Dan moet hy sy instrumente vertrou, anders vlieg hy in die grond vas. Ons projekteer ook dikwels "hoe ons dit sou doen, hoekom doen hy/sy nie ook so nie" op ander. Hierdie projeksies laat ons glo dat ons weet wat ander mense dink en wat hulle motiewe is. Die feit is egter: Ons ken meestal nie eens ons eie motiewe nie, wat nog te sê ander mense s'n.

Die kentekens van vernuwende denke beteken dat die Heilige Gees die Woord se teenmiddels in ons wese ingespuit het wat ons immuniteit opgebou het sodat ons nie van elke kiem-gedagte siek word nie.

Ons denkpatrone is getransformeer en ons dink nie meer soos hierbo beskryf word nie. Die Here is konstant besig om ons denkprosesse te vernuwe. Hier is 10 kentekens waaraan jy jouself kan meet om te sien hoe die Here alreeds jou gedagtes vernuwe het.

1) **Jy bly vertrou, al hoor jy slegte nuus.** Jy sien die glas is vol. Jy verwag die beste. "Dit gaan alles op die einde uitwerk" is gewoonlik jou eerste reaksie. Nie op 'n ligsinnige, of kop-in-die-grond, of die-waarheid-misken manier nie. Dis 'n stille vertroue in die Here dat Hy alles ten goede sal laat meewerk (Rom. 8:28). Jy het dit al soveel keer gesien dat daar 'n vaste wete in jou gemoed is. Daar is 'n positief in elke negatief (Ps. 66:12). Iemand met vernuwende denke sien dit net gouer raak.

2**) Die onmoontlike lyk redelik.** Iemand wat die Here volg se denke, geloof en verwagting is gevorm om 'n deur te sien waar daar nie een is nie, 'n moontlikheid terwyl alles onmoontlik lyk. Ons geestesoog is verhelder en geoefen in die realiteit van Sy krag (Ef. 1:17-21). Ons weet dis vir óns onmoontlik, maar vir die Here is niks onmoontlik nie (Luk. 1:37; Mark. 10:27).

3) **Selfs jou bespiegelinge is positief.** Wanneer jy nie weet waar jou maat is en hoekom hy of sy laat is nie, sien jy Jesus in hulle. Die vermoë om Jesus in mekaar te vertrou, is 'n wonderlike manier van oorgawe en geloofsvertroue. Ons manipuleer nie meer situasies nie. Ons weet ons kan nie harte verander nie. Ons vertrou die Heilige Gees wat oortuig en bekering bewerkstellig (2 Kor. 7:9). Ons skep nie meer in ons verbeelding bekommernisse oor die slegste wat gaan gebeur nie – ons sien oplossings, deurbrake en voorsiening, selfs in die geringe.

4) **Jy leef vanuit Sy rus.** Jy het niks nodig nie. Jy is vergenoegd en tevrede met wat jy het. Selfs te midde van die onstuimige storms waarin ons soms verkeer, is ons kalm en rustig. Terwyl Paulus se skip sink, is hy rustig in sy geloof, en vanuit hierdie rus gee hy kalmte aan ander (Hand. 27:39-44). Jy het vergenoegdheid geleer in die tye van oorvloed en tekort. Daarom beleef jy 'n vastigheid in jou emosies, des ondanks die op-en-af van omstandighede. Hierdie rus is nie ontkenning van omstandighede nie, maar jy ken die Here en vertrou Sy karakter.

5) **Jy vergewe maklik en erken gou jou foute.** Iemand wat in volwassenheid in Christus groei, neem nie meer vinnig aanstoot nie. Hulle is nie liggeraak nie en verwag die beste van mense. Selfs al maak medegelowiges hulle seer, hulle sien nog steeds Christus in mekaar. Martha het nog steeds Jesus erken as die Messias, alhoewel Hy as vriend vier dae laat opgedaag het en Lasarus al dood was (Joh. 11:27).

6) **Jy hou van jouself ten spyte van jou tekortkominge.** Jy meet en vergelyk jouself nie meer met ander nie. Jy weet wie jy is en dit is genoeg. Jy weet wat jou roeping is en jy het genade met jou swakhede. Jy is bewus dat die Here nog steeds besig is om jou te verander en jy groei in vrymoedigheid om jouself te wees. Jy is gemaklik met jouself en het jouself aanvaar. Jy het roetines in plek om jou swakhede te versterk en jy neem verantwoordelikheid vir jouself.

7) **Jy is gemaklik met alleenwees, maar sien jouself nie as eenkant nie**. Jy sien jouself in die groter geheel van die liggaam van Christus. Daarom dink jy eerste aan "ons" en nie meer "ek" nie. Jy is bewus van jou eie stem, maar ook van dié om jou. Jy harmoniseer en leef in ritme met die mense wat God om jou geplaas het. Jy is nie afhanklik van mense nie, maar kies om hulle nodig te maak en betrokke te hou in jou lewe. Jy leef in die nou, en elke verhouding en kontak is belangrik om dieper te verbind en te groei.

8) **Jy is dankbaar en nederig afhanklik.** Jy is deurentyd bewus dat alles wat jy besit 'n geskenk is. Die oorlog van herhaaldelik probeer en faal is verby. Jy loop elke dag met 'n diep in-en-uit-asem-bewussyn van Sy goedheid. Jou woorde en gedagtes is meer vol lof en dankbaarheid as kritiek en murmurering. Sy liefde is nie meer 'n woord nie, maar 'n belewenis en bewussyn. Jy sien Sy liefde in alles.

9) **Alhoewel jy in jou gedagtes soms nog verkeerd dink, wanneer dit by doen kom, doen jy reg.** Die lewe van die Gees het die mag van sonde en ook die wet van sonde verbreek (Rom. 7:19-20 vs. Rom. 8:2). Ons doen instinktief wat reg is, al voel ons soms om dit nie te doen nie. Ons denke, woorde en dade het begin ooreenstem met Sy geregtigheid en reg-doen.

10) **Jy is ingestel op God se stem, Sy hart en Sy wil.** Die mens verloor so gou fokus. Tog is iemand wie se gedagtes vernuwe is, deurentyd ingestel op wat die Gees sê en op die Woord. Mens hoor dit ook gereeld in hulle gesprekke: "Die Here het my nou die dag gesê . . ." Ons leef vanuit die daaglikse woord wat van God kom (Matt. 4:4). Ons is bewus van "presently-revealed-truth" (2 Pet. 1:12). Ons is gevul met die kennis van God reg deur die eeue, maar ook met dit waarop Hy vandag fokus.

Mag die Here ons help om aan te hou groei, en aan te hou ontwaak tot die denke van Christus (1 Kor. 2:16).

## Die Plek Van Emosies:

Jesus het verskillende emosies beleef:

- Euforiese vreugde (Joh. 15:11; 17:13),
- Empatie en deernis (Matt. 9:36; 15:32),
- Woede (Mark. 11:15-18),
- Rou, en hartseer (Joh. 11:35, 38),
- Ontsteltenis en benoudheid (Matt. 26:36-42).

## Dit is belangrik dat ons uitdrukking kan gee aan ons emosies.

Ons moet soms net kan sê hoe ons voel. Die meeste mense kan nie in woorde uitdruk wat hulle voel nie. Soms het hierdie emosies nie eens 'n direkte oorsaak nie. Alhoewel ons nie volgens ons emosies leef en besluite neem nie, het ons nodig om gehoor te word, anders is daar nie empatie nie. Ons moenie emosies moraliseer of probeer regmaak nie. Emosies moet net gehoor word met die oog op empatie. Emosies is nie logies nie. Mense wat meer op logika ingestel is, het min begrip vir emosie. Maar emosie is nie verkeerd nie, inteendeel! Emosies is die energie wat ons beweeg. Daarom sukkel mense wat depressief is. Dit voel asof iemand hulle voel-enjin gesaboteer het. Hulle voel niks nie, veral onder sterk medikasie, en bestaan soos robotte. Uiteindelik is emosies net aanduiders van 'n toestand. Soos 'n motor se liggie wat aangaan om te toon dat die tenk leeg is. Jy moet nou petrol ingooi.

## Emosies gee kleur en begrip aan ons bestaan.

Kuns en musiek is emosie! Ons emosies moet ook, soos ons denke, onder Jesus Christus se hoofskap kom.

Wat ons doen met ons emosies, is baie belangrik. Ons verbaliseer ons emosies in gebed en teenoor 'n vertroueling, maar uiteindelik moet ons die Here vra wat ons moet doen. 'n Mens oorwin nie die gedagte- en emosie-oorlog in jou kop nie! Jy moet gaan doen soos die Gees jou lei. Hierdie dade van die gees bied jou konkrete oorwinning en tasbare deurbrake. En dit het uiteindelik weer 'n positiewe effek op ons emosies.

# Hoofstuk 15

## DIE REGVERDIGHEID VAN JESUS

---

"Being good is easy, what is difficult is being just." — Victor Hugo

**W*ANNEER*** *'n regverdige man 'n posisie van outoriteit beklee, juig die mense*." (Spr. 29:6).

"*To do righteousness and justice is more acceptable to the Lord than sacrifice*." (Prov. 21:3-14).

"Maatskaplike geregtigheid is die middelpunt van Jesus se lewe en evangelie. Hy voed dié wat honger is. Hy verdedig dié wat onderdruk word. Hy staan op vir vroue se regte. Hy is lief vir die uitgeworpenes, die veragtes, die verwerptes en die sondaars. Hy doen 'n beroep op die rykes en magtiges om hulle geld vir die armes te gee en in die behoeftes van magteloses te voorsien." — John Piper.

"Geregtigheid is die toestand wat bestaan wanneer daar gelykheid, balans en harmonie in verhoudings en in die samelewing is. Ongeregtigheid is die toestand wat bestaan wanneer onregverdige mense wrede geweld aandoen en ongelykheid, wanbalans en dissonansie skep." — Ken Wytsma, Pursuing Justice: The Call to Live and Die for Bigger Things.

"Volgens my sou dit ideaal gewees het as 100% van die mense geboer het. As elke mens 'n kwart akker gekry het, dus 1¼ akker vir 'n gesin van vyf, sou dit meer as genoeg grond gewees het om die gesin vir 'n hele jaar te onderhou. As daar op 'n natuurlike manier geboer word, sou 'n boer ook genoeg tyd gehad het vir ontspanning en sosiale aktiwiteite in die dorpsgemeenskap. Ek dink dis die mees direkte manier om hierdie land 'n gelukkige, aangename land te maak. "— Masanobu Fukuoka, The One-Straw Revolution.

"Billikheid beteken nie almal kry dieselfde nie. Billikheid beteken elkeen kry wat hy nodig het." — Rick Riordan, The Red Pyramid.

"Daar is ook geen Hebreeuse woord vir "gelykheid" nie –dis nog 'n betekenislose woord wat die Here se taal nie erken nie. Niks is gelyk nie. Want gelykheid bestaan nie. Daar is verpligtinge. Daar is reëls. Daar is stelsels. Daar is billike verspreiding van goedere en lone en dienste, maar dit word nie volgens enige stelsel van gelykheid gedoen nie. Goedere en dienste word met geld gekoop, en geld moet verdien word. Jy het nie enige reg op geld nie. Jy moet dit verdien."[47]

### Jesus is God Se Standaard Van Reg:

"*Daar is my Kneg wat Ek ondersteun, my Uitverkorene in wie my siel 'n welbehae het. Ek het my Gees op Hom gelê;* ***Hy sal die reg na die nasies uitbring****. Hy sal nie skreeu of uitroep of Sy stem op die*

---

[47] Daniel Lapin, Business Secrets from the Bible: Spiritual Success Strategies for Financial Abundance

*straat laat hoor nie. Die geknakte riet sal Hy nie verbreek en die dowwe lamppit nie uitblus nie;* ***met getrouheid sal Hy die reg uitbring.*****"** (Jes. 42:1-3).

Hierdie Skrif is letterlik in Sy kruisdood deur Christus vervul (Matt. 12:18), deurdat Hy ons skuld/onreg/sonde op Hom geneem het, en die geregtelike doodstraf vir ons uitgedien het sodat ons vry kan wees.

**Geregtigheid Vir Almal Is Deel Van Jesus Se Sending:** "*Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur, om die genadejaar van die Here aan te kondig.*" (Luk. 4:18-19).

**Jesus het nie geveg sodat mense goed verniet moes kry nie:** Alhoewel die evangelie verniet is, en Jesus die skare gevoed het, en siekes genees het sonder om enige geld te vra, het Hy nooit 'n appèl gemaak op die regering of die kerk vir "free hand-outs" nie. Inteendeel, inherent aan Sy bediening van genesing is 'n persoonlike opdrag wat die persoon in die geloof moes uitvoer: "Neem op jou bed", "Steek uit jou hand", "Gaan was jou", "Gaan toon jou aan die priesters".

**Jesus het nie die regering verantwoordelik gehou vir die versorging van die armes nie:** Wanneer die regering intree namens een bevolkingsgroepering, is dit altyd ten koste van 'n ander groepering. Armoedeverligting, deur die verkondiging van die evangelie en die kweek van 'n regte lewenstyl, is die verantwoordelikheid van die Kerk (Matt. 25:31-46; Hand. 6:1-7; Gal. 2:1-10; 6:10; Jak. 1:27).

## Reg en Geregtigheid 'n Skaars Kommoditeit In Vandag Se Lewe

"*To do righteousness and justice Is more acceptable to the LORD than sacrifice*." (Prov. 21:3) NKJV. "*Om geregtigheid en reg te doen, is vir die HERE verkiesliker as offers*." (Spr. 21:3).

Ons lewe in 'n wêreld van onreg, dubbele standaarde, mense se woord beteken niks, elkeen doen wat reg is in sy eie oë. Kinders lei onder die onreg van hulle ouers. Mense word gebruik en misbruik sonder dat ons skuldig voel, want ons regverdig onsself en troos onsself deur die goed wat ons soms doen. Mense is gebroke, stukkend, ontnugter, bitter, seergemaak, te na gekom en verontreg omdat iemand nie REG gemaak het nie.

'n Ander woord vir sonde is onreg, verkeerd doen, wetteloosheid en goddeloosheid. Ons is almal opsoek na reg! Die vraag is, wie se reg?

Salomo het spesifiek vir wysheid gevra om regspraak te kan lewer (1 Kon. 3:11). Soos sy pa, Dawid, wou hy doen wat reg was (2 Sam. 8:15).

## Bybelse Fundering Van Verskillende Hedendaagse Begrippe:

Geregtigheid EN onpartydigheid ("justice and equity"):

Justice: the quality of being just; righteousness, equitableness, or moral rightness: geregtigheid; regverdigheid; justisie, regspleging.

Wees Onpartydig (Lev. 19:15 en Jak. 2:4) Sien Hoofstuk 15, oor Jesus se inklusiwiteit.

Equity: the quality of being fair or impartial; fairness; impartiality: billikheid, onpartydigheid.

*Teenoor:*

Gelykheid, Gelykvormigheid: Is almal gelyk in die Bybel? Nee, almal is nie gelyk nie. Is almal gelykvormig? Nee, almal is nie gelykvormig nie. Kyk na die skepping. Daar is duidelike orde. Daar is heersers en daar is volgers. Albei is belangrik en in wese afhanklik van mekaar. Sien die wonder van 'n mier- of byekolonie. Diversiteit in eenheid, maar met 'n duidelike kollektiewe bewussyn, soos pragtig uiteengesit deur Eugene Marais in *Die Siel Van Die Mier*. In Matthéüs 20 lees ons dat

die werkers wat net een uur gewerk het, dieselfde verdien het as die ander wat heeldag gewerk het. "*Is julle jaloers omdat ek vrygewig is*?" (Matt. 20:15). Die Bybelse manier om gelykheid te bring is vrywillige vrygewigheid. Almal het alles in gemeen gehad in die Handelinge-kerk, nie omdat iemand hulle forseer het nie, maar omdat mense hulle harte na God bekeer het en vrywillig begin gee het (Hand. 2:44).

Nierassigheid: Geen mens behoort as gevolg van ras beoordeel of bevooroordeel word nie. Trevor Phillips was vir 15 jaar die hoof van die gelykheidskommissie in Engeland. In 'n onlangse dokumentêr wys hy die ernstige tekorte van die beleid uit. Geen persoon hou daarvan om a.g.v. jou ras of kleur geoordeel te word nie. Maar politieke korrektheid kan te ver gaan omdat die polisie se statistieke duidelik bewys dat sekere kriminele dade meer onder sekere groeperinge voorkom as ander.[48] Hoekom, as 'n sekere onreg meer onder sekere mense plaasvind, hou daardie groepering nie self daardie oortreders toerekenbaar nie? Veral teen die lig dat die oortreders die groepering 'n slegte naam gee, en juis die interne verhoudinge manipuleer. Dissipline begin tog altyd eerste in die huis! (1 Pet. 4:17).

Nierassig beteken ook nie noodwendig rasintegrasie, -vermenging of rasmiskenning nie. Inteendeel, die Bybel veroordeel ondertrou met ongelowiges (Deut. 7:3; Jos. 23:12). Alhoewel dit nie meer vandag as sonde gesien word nie, is daar tog uitdagings ten opsigte van die kultuur, opvoeding, sosio-ekonomiese waardes en stand verskille. Daar 'n duidelike erkenning van elke nasie se bestaanreg en "redemptive purpose". "*Uit een mens het Hy elke nasie van die mensdom gemaak, om oor die hele aarde te woon. Hy het die tye van hulle bestaan bepaal, en die grense van hulle blyplek. God se doel met die nasies was om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Nie dat Hy ver van enigeen van ons af is nie. Dis tog juis deur Hóm dat ons leef, beweeg en bestaan.*" (Hand. 17:26-28). Die Bybel getuig regdeur die Skrif van gemeenskappe van "mutuality" (onderlinge wederkerigheid en samewerking; goeie buurmanskap). Wanneer ons as 'n gemeenskap volwasse genoeg geword het om ons verskille juis te gebruik en te ontgin vir die gemeenskaplike beswil, binne die raamwerk van menswaardigheid en persoonlike verantwoordelikheid, word ons almal voorspoedig.

Die NT-kerk bestaan uit Jode en nie-Jode, Grieke en Barbariërs, vry en slaaf; ryk en arm. Die boodskap van Paulus is baie duidelik: daar is nie meer verdeeldheid en skeiding van ras in Christus nie (Gal. 3:27; Ef. 2:15). Hy spreek voortdurend die faksies in die kerk aan om tot eenheid te kom. (1 Kor. 1:10; 2 Kor. 13:11; Ef. 4:3). Lukas in die boek Handelinge beklemtoon eenheid as die basis vir bonatuurlike ontmoetings. (Hand. 1:14; 2: 1; 4; 24, 32; 5:12; 8: 6; 15:25). Die kerk van die NT is nie volgens ras saamgevoeg nie, soos in landbou waar kommersiële landbouers 'n mono-kultuur skep nie. In Christus moet ons almal ons ou lewenstyl verlaat om 'n nuwe manier van lewe in Christus, 'n nuwe Christus-kultuur, te omhels.

Binne en Buite / In en Uit: Die Bybel se definisie van reg en verkeerd, dié wat regverdig is en dié wat veroordeel word, strek verder as net dade en lewenstyl. Daar is 'n definitiewe IN- en BUITE-narratief wanneer dit gaan oor God se verlossingsplan met die mens. Die tuin van Eden, die Ark, die Rooi See, die besnydenis, die bruilof, die maagde, die skape teenoor die bokke, is almal deel van die binne- en besliste buite-narratief. Gehoorsaamheid uit die geloof en, volgens die NT, die besliste vraag, "Is jy beklee met Jesus se geregtigheid?", is die duidelike voorwaarde tot insluiting.

Die wat BINNE is, vorm een familie, liggaam, kerk, bruid, Sion en nuwe Jerusalem. Die insluiting gebeur deur wedergeboorte, deur die geloof in Christus se volkome versoeningswerk aan die kruis. Daarom kan daar weliswaar net rassediversiteit IN die liggaam van Christus plaasvind omdat ons vanuit een Gees gebore is, en roep tot een Vader (Ef. 4:1-8).

---

[48] Phillips. Trevor, confronts some uncomfortable truths about racial stereotypes, as he asks if attempts to improve equality have led to serious unwanted negative consequences. https://www.youtube.com/watch?v=Tb2iFikOwYU&t=3334s

## Kapitalisme en Sosialisme

Daar is geen skrif in die Bybel waar armoede die gevolg is van eksterne faktore nie. Armoede is die gevolg van twee hoofredes: luiheid (Spr. 6:6-11; 10:4-5; 12:24; 22:13; 26:14) en hebsug, gierigheid, inhaligheid (Spr. 15:27; 28:8,25; 29:4).

Nie kapitalisme of sosialisme deel met die kernprobleem van hebsug, gulsigheid, begerigheid en inhaligheid of luiheid nie. Daarom is suiwer kapitalisme en sosialisme nie volhoubaar nie, en het dit nog nooit deur die geskiedenis gewerk nie. Die Bybelse model is: vergenoegdheid met kos en klere, werk wat tot seën vir die hele mensdom is, vrygewigheid, persoonlike verantwoordelikheid, en rentmeesterskap van dit wat vrylik ontvang is.

Die Bybel onderskryf dat ons sal woeker en dit wat ons ontvang het, sal vermeerder (Matt.25:15; Luk. 19:11-28). Die Bybel is nie teen rykdom nie, maar vra dat rykdom gebruik sal word om goed te doen en die mensdom te dien (1 Tim. 6:17-19; Jak. 2:6-7; 5:1-5). "*Maar wie die goed van die wêreld het en sy broeder sien gebrek ly en sy hart vir hom toesluit, hoe bly die liefde van God in hom?*" (1 Joh. 3:17). Rykdom gaan jou nie in die hemel bring nie, en mens moenie jou vertroue in rykdom plaas nie. In Jeremia 17:5-6 sê God: "*Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die HERE afwyk.*"

Sedert Karl Marx 'Das Kapital' geskryf het, is baie aandag gegee aan die spesiale probleme van ekonomiese geregtigheid. Marx het dit as vanselfsprekend beskou dat die rykdom wat verkry word wanneer goedere verkoop word, net die arbeid van die een wat die goed vervaardig het moet vergoed. Marx het ook aangeneem dat mense oorspronklik alles gemeenskaplik besit het en daarom vereis verdelende regverdigheid dat die hele orde van privaatbesit, wat openbare eienaarskap van die materiaal en produksie betref, hersien word om te verseker dat die arbeider die volle vrug van sy arbeid ontvang.

Marx spreek egter nie die hart van die mens aan nie. Volgens George Orwell hou sosialiste nie eens van arm mense nie, want dan sou hulle die leefstyl van armoede aangegryp het soos sommige monnike en geestelike ghoeroes. Hulle is egter woedend teenoor rykes. Dwarsdeur Afrika is hierdie magstryd al hoeveel kere herhaal waar bestaande rykdom net hande verruil, maar nuwe rykdom nie geskep word nie. [49]

## Werk is 'n Gawe van God

Werk is nie 'n straf nie, maar 'n manier om persoonlik tot seën vir die mensdom te wees. Werkvervulling is die fontein van selfwaarde, identiteit, trots, gesondheid en algemene welgesteldheid. Elke Joodse kind word van kleins af geleer om te werk en iets te verrig wat die wêreld 'n beter plek sal maak. Die Nobelprys is al aan 900 individue oorhandig, waarvan 20% Jode was. Dit is merkwaardig as jy in ag neem dat die Jode net 2% van die wêreldbevolking uitmaak en al 'n paar keer amper uitgewis is deur hulle vyande. Wanneer mense hard werk is daar minder tyd vir booshede en verkeerd doen. 'n Man en vrou wat saam hard werk het nie tyd vir buite-egtelike verhoudings nie. Werk is terapeuties. Dit laat jou bruikbaar en menswaardig voel. Ons is geskape om te skep en te heers en te vermenigvuldig (Gen. 1:28).

Baie mense se verwagting en persepsie van werk is dat dit vleeslik, aards, sekulêr, teenoor-geestelik, 'n straf en vloek is. Tog, wanneer mense aftree en nie hoef te werk nie, dan werk hulle meer as ooit. Wanneer ons sterf dan sê ons "rus in vrede", asof die persoon nooit in die ewigheid

---

[49] Africa, altered states, ordinary miracles. Richard Dowden. Africa has been Richard Dowden's life: from the formative experience as a young volunteer teacher in Uganda, to Africa Editor at the Economist, through to his current role as director of the Royal African Society. Africa has been fighting and competing to overtake the same palace, and never pursued building new ones.

gaan werk nie. Jesus het vir 17 jaar gewerk voor Hy Sy voltydse bediening begin het. (Vanaf ouderdom 13 tot 30.)

Soos ons Jesus volg, leer Hy ons Sy manier en beginsels om te leef. Hy skenk ons Sy genade en bewerk die vrug van die Gees in ons karakter. Ons morele kompas verander rigting: getrouheid, eerlikheid, waarheid, hou by jou woord, betaal elkeen wat hulle toekom, wees 'n goeie rentmeester, ens., word die nuwe werkswyse. Ons begin regeer! Romeine 5:17 – "*reign in this life*". Ons oorwin ons swakhede, slegte gewoontes, verkeerde humeur, verslawings.

Die seën van God in ons lewe is nie geld en goud nie, maar die vermoë om te "reign in this life". Sedert die eerste dag toe Jesus ons totale wese laat ontwaak het, word ons elke dag meer en meer soos Hy. Hy skenk ons die genade en bewerk in ons die wil en begeerte om soos Hy op te tree, selfs as ons nie altyd daarna voel nie.

Christus is God se liefdesgeskenk aan ons, maar Sy lewe en handeling in en deur ons is ons liefdesgeskenk aan God.

Die vrug van die Gees is Jesus se karakter en gesindheid in ons, ons onverganklike rykdom en waarde: liefde (Love), vreugde (Joy), vrede (Peace), geduld (Longsuffering/patience), nederigheid (Gentleness/humility), goedheid (Goodness), geloof (Faith), ootmoed (Meekness) en selfbeheersing (Temperance).

## Moenie Rykdom Moraliseer Of Kriminaliseer Nie

Deur rykes meer te belas, ontmoedig jy winsgewendheid. Deur die rykes te dreig, jaag jy hulle weg en skep vrees. Die suurstof wat 'n ekonomie nodig het om te floreer is geloof. Jy kan nie die ekonomie bevry deur dreigemente en geweld nie, dit skep vrees, en vrees is sleg vir die ekonomie. Geloof kan nie bestaan in die teenwoordigheid van vrees nie. Vrees vernietig geloof. Dit is wat markte in duie laat stort. Sommige arm mense is kwaad vir ryk mense, omdat hulle nie gee nie, of nie help nie. Die Here kan nie bitterheid, jy-voel-verontreg, woede, onvergenoegdheid, of 'entitlement' seën nie. Hy seën geloof, wat in liefde en dankbaarheid werk.

## Bybelse Regverdigheid in die Ekonomie:

- Aanspreeklikheid en regverdige straf.
- Regverdige beloning vir werk en dienste (Luk. 10:7; 1 Tim. 5:18). Betaal jou mense wat reg is (Kol. 4:1).
- ALMAL moet werk skep en waarde toevoeg.
- Sferiese leierskapstrukture, funksionele, wedersydse en wederkerige diens aan mekaar.
- Beskerming van inherente waarde. Elke mens is geskape na die beeld van God (Gen. 1:27).
- Deurlopende beleggings in mense-kapitaal en sosiale kapitaal. (Maatskappye wat in hulle mense en hulle gemeenskappe belê, behoort 'n verdere aanmoediging, aansporing en dryfveer te verkry in terme van belastingrabatte en BEE-graderings wat nog meer fondse ontsluit.)
- Onbeskaamd etiese werkspraktyk. Doen reg in besigheid (Lev. 19:36; Deut. 25:15; Eseg. 18:8, 9). *"A righteous man walks in His integrity."* (Spr. 20:7). Individuele karakter en hoë morele standaarde is ons getuienis.
- Dit is die Kerk se rol om die ongelyke wegspringplek tussen individue en groeperinge uit te skakel. Elke persoon behoort dieselfde soewereine wegtrek-geleentheid te hê in terme van familie en opvoeding. Ons kan nie kies wie ons ouers is nie, ons kan nie ons ras of kleur kies nie. Ons is so gebore. Ons kan ook nie ons verskillende inherente fisiese en intellektuele

vermoëns kies nie. Ons kan dit net verder ontwikkel. Die Kerk is geroep om die mens te ontwikkel en te bemagtig, besighede is geroep om 'n seën te wees vir die mensdom en derhalwe wins te maak. Die Kerk bied goeie, hardwerkende mense van sterk karakter. Die besighede bied die finansies.

- Die regering se rol is nie die van ouer en opvoeder nie. Primêre opvoeders is die ouers, die kerk en dan die skool. Die regering se rol is om deur goeie regering platforms, infrastruktuur en hulpbronne te skep en te beskerm waardeur mense hulleself kan laat geld. Beskerming deur wetstoepassing is die primêre rol van die regering, sonder vooroordeel.
- 'n Regverdige sorg vir sy diere (Spr. 12:10).
- 'n Regverdige haat leuens (Spr. 13:5).
- 'n Regverdige laat 'n erflating vir sy kinders (Spr. 13:22).

## Wat Is Bybelse Regverdigheid?

"*Die HERE verwag van julle om reg te laat geskied, om liefde en trou te bewys, en om nederig voor God te lewe*." (Miga 6:8).

"*Liefde en trou sal mekaar ontmoet. Regverdigheid en vrede sal mekaar omhels! Waarheid sal uit die aarde ontspring, en geregtigheid uit die hemel. Die HERE sal voorspoed gee, en ons land sal oeste oplewer. Regverdigheid sal Hom vooruit gaan en vir Sy koms die weg berei*." (Ps. 85:11-13).

"*Laat Ek vir julle sê hoekom! Dis omdat julle op vasdae doen wat julle wil, en die mense in julle diens nog harder laat werk. Julle vas eindig in twis, rusie en vuisgevegte. Op hierdie manier kan julle nie vas en dan verwag dat dit in die hemel gehoor sal word nie*." (Jes. 58:3-4).

"*Nee, is die vas wat Ek wil hê, dan nie: om mense wat onregverdig in die tronk is, vry te laat, om die juk van mense af te haal en elke juk te breek nie? Is dit nie om jou kos te deel met dié wat honger is, om aan die arme en swerwer kos en blyplek te gee, om klere te gee vir mense wat dit nodig het, om nie weg te draai van medemense wat jou hulp nodig het nie?*" (Jes. 58:6-7).

"*Moenie agter die meerderheid aangaan en ook verkeerd doen nie. Wanneer jy in 'n hofsaak getuig, moet jy nie agter die meerderheid aanhardloop en die waarheid verdraai nie. Jy mag ook nie jou getuienis verdraai ter wille van iemand net omdat hy of sy arm is nie*." (Eks. 23:23).

"*Jy mag ook nie in 'n hofsaak die reg verdraai bloot net omdat iemand arm is nie*." (Eks. 23:6).

"*Gebruik die regte gewigte en maatbakke sodat jy 'n lang lewe mag geniet in die land wat die HERE jou God vir jou gee. Mense wat met oneerlike gewigte en maatbakke kul, is veragtelik vir die HERE jou God*." (Deut. 25:15-16).

"*Goddelose plek, moet Ek die verkeerde maatlyn bly verdra, of die vals inhoudsmaat wat Ek so haat? Moet Ek die eienaar van 'n onbetroubare weegskaal vryspreek, een met 'n sak vol vals gewigte*?" (Miga 6:10-11).

"*Want die HERE is regverdig en het regverdige dade lief. Hulle wat doen wat reg is, sal Hom sien*." (Ps. 11:7).

Respekteer owerhede: Onderwerp jou aan gesag (Rom. 13:1-7; 1 Pet. 2:13-17).

"*In al die dorpe wat die Here Jou God vir jou gee, moet regters en amptenare aangestel word. Hulle moet oor die hele land die volk regverdig regeer. Jy mag nie die reg verdraai of partydig wees nie. Moet nooit 'n omkoopgeskenk aanvaar nie, want omkoopgeskenke verblind die oë van wyse mense en verdraai die woorde van die regverdige. Laat geregtigheid geskied en geregtigheid alleen. So sal jy bly lewe en die land in besit neem wat die Here jou God vir jou gee.*" (Deut. 16:18-20).

"*Julle vermoei die Here met julle woorde. Nogtans vra julle: Waarmee vermoei ons Hom? Deurdat julle sê: Elkeen wat kwaad doen, is goed in die oë van die Here, en in hulle het Hy 'n behae; of waar is anders die God van die reg*?" (Mal. 2:17).

## Radikale Geregtigheid

Bestudeer: Rom. 3:23-16.

"*As julle geregtigheid nie meer is as die van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie."* (Matt. 5:20).

Op die meetstok van geregtigheid was die fariseërs heel bo aan die lys. Tog soek God 'n meer radikale geregtigheid. Die ryk jong man het alles in die Wet onderhou, nogtans kon hy nie die Here gehoorsaam en glo nie (Matt. 19:16-22). Jesus is perfekte radikale geregtigheid. Hy het sonde en dood oorwin, Hy genees alle siektes, en duiwels gehoorsaam Hom. Hy wil ons ook bekragtig met Sy bonatuurlike geregtigheid (Jes. 45:24). Jesus is ons vrymaking, wysheid van God en regverdigheid (1 Kor. 1:30). Geregtigheid beteken godsaligheid teenoor goddeloosheid. Reg teenoor onreg. Wanneer ons dus Sy geregtigheid ontvang, verkry ons Sy goddelike natuur (Rom. 5:21; 2 Pet. 1:4). Hierdie heerlikheid is nou permanent en nie tydelik van aard nie (2 Kor. 3:9-18).

Jesus het mense genees van siektes wat deur die mense as God se oordeel beskou is, en daarom is mense verstoot en as't ware in kwarantyn gehou bv. Melaatsheid, bloedvloeiing en blindheid. Die bevryding van demone kan ook in die dieselfde lig gesien word. Demoniese verdrukking is gesien as God se straf vir verkeerde dade en omdat jy jouself besoedel het met die bose (die aanrakingswette).

Die geregtigheid wat Jesus preek, is versoening met jou naaste, teen kontrakbreuk t.o.v. egskeiding, jou woord is jou woord, en oneweredige skale.

# Hoofstuk 16

## JESUS, DIE REGTE OORDEEL VAN GOD

In the choir of life, it's easy to fake the words—but someday each of us will have to sing solo before God [50]

**OORDEEL** word meestal in 'n negatiewe lig gesien. Ons konnotasie aan die woord bring ander woorde na ons gedagtes soos: finaliteit, verwerping, afskryf, verwydering, straf en hel.

Ons weet almal dat ons nie moet oordeel nie… maar tog doen ons dit almal, selfs sonder dat ons dit agterkom.

Skinder is 'n vorm van oordeel want ek het alreeds 'n waarheid/oordeel oor iemand gevorm sonder dat die persoon ooit die geleentheid gekry het om hulself te verdedig.

Die woord genade kom 166 keer in die Bybel voor, die woord oordeel kom byna twee keer soveel keer voor - 293 maal. Die Griekse woord vir oordeel is "krisis" en dis waar ons ons woord krisis vandaan kry. Verseker voel oordeel soos 'n krisis en dis vir niemand aangenaam nie. Tog kan gesonde oordeel 'n mens se lewe red van ondergang, nog foute maak en die handhawing van sub-standaarde. Die woord beteken om te onttrek tot 'n verhoor, om 'n beslissing te maak. Dit impliseer 'n proses van geregtigheid vir almal.

Sou die wêreld kon voortbestaan sonder 'n wetgewer en wetstoepassers? Die begeerte om reg te doen impliseer gesonde oordeel, anders is daar geen standaard nie.

Ek moet dus leer om self te oordeel en by myself te begin soos 'n sanger wat leer om sy gehoor in te stel om te hoor wanneer hy of sy vals sing. Verder, is gesonde oordeel soos afrigting. Geen afrigter kan 'n atleet afrig sonder 'n stophorlosie en sekere teikens en standaarde wat bereik moet word nie.

Hoe op aarde het die idee dan gekom dat die kerk nie mag oordeel nie? Wanneer die kerk oordeel, dan word die kerk vervolg en veroordeel? Gesonde oordeel is een van die hooffunksies van die kerk!

### Jesus is Gesonde Oordeel

Baie mense haak vas by die vers: "*God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het **nie Sy Seun***

[50] Michael P. Green, Ed., , Revised edition of: The expositor's illustration file., (Grand Rapids: Baker Book House, 1989).

***na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie****, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie."* (Joh. 3:16-18).

Die veronderstelling word dan dadelik gemaak dat Jesus nie kom om te oordeel nie! Dit is natuurlik 100% waar. Want dit maak nie saak watter sonde of verkeerde ding jy gedoen het nie, Jesus vergewe jou en wil jou van jou verkeerde dade was en red, en jou verander om nie meer 'n gevangene van jou sonde te wees nie. Maar hierdie einste vers verkondig tog ook oordeel? Die oordeel as jy Jesus nie aanneem nie! God se oordeel is net weggeneem van dié wat IN CHRISTUS is!

"*En dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig; want hulle werke was boos. Want elkeen wat kwaad doen, haat die lig en kom nie na die lig nie, dat sy werke nie bestraf mag word nie. Maar hy wat die waarheid doen, kom na die lig, sodat sy werke openbaar kan word, dat hulle in God gedoen is. Die wat glo en doen sal die oordeel vryspring wat kom oor die hele aarde*." (Joh. 5:20-24).

Jesus waarsku die Fariseërs teen komende oordeel oor hulle valsheid (Matt. 23:14).

*Laster teen die Heilige Gees sal nie vergewe word nie* (Mark. 3:29).

*Dit sal in die oordeelsdag draagliker wees vir Tirus en Sidon as vir die wat Hom nie ontvang het nie* (Luk .10:14).

Jesus se veroordeling van die Fariseërs en skrifgeleerdes se geveinsdheid is deurdag en openlik. Ek kan maar net dink hoe mense ongemaklik op hulle sitplekke rondgeskuif het toe Jesus hierdie preek gebring het. Jesus het die dorpe waar die meeste van Sy wonderdade plaasgevind het ernstig aangespreek omdat hulle hulle nie bekeer het nie: "*Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende wag vir jou, Betsaida! Want as in die heidense stede Tirus en Sidon die wonderdade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal sakke aangetrek en as op hulle koppe uitgegooi het om te wys dat hulle tot inkeer gekom het. Ek verseker julle dat dit vir Tirus en Sidon makliker sal wees op die oordeelsdag as vir julle. En jy, Kapernaum, jy dink tog seker nie jy sal hemelhoog verhoog word nie? Die realiteit is dat jy in die doderyk sal beland. Want as in Sodom die wonderdade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou dit tot vandag toe bly voortbestaan het. Ek verseker jou, dit sal vir die land Sodom makliker wees op die oordeelsdag as vir jou*." (Matt. 11:20-24; Luk. 10:12-15).

"*Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter. Ellende wag vir dié wat dink hulle het die wysheid in pag, wat dink hulle het baie verstand*.

*Ellende wag vir dié wat helde is by wyndrinkery, dapper by die meng van hulle drank, wat die skuldige vryspreek vir omkoopgeld, maar 'n onskuldige sy reg ontneem*.

*Daarom, soos stoppels deur vuur verteer word en hooi in vlamme opgaan, so sal dit met hulle gaan. Hulle sal met wortel en tak uitgeroei word, want hulle het hulle nie gesteur aan die openbaring van die Here die Almagtige nie, hulle het die woord van die Heilige van Israel verwerp*." (Jes. 5:20-24).

"Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel." (Matt. 24:12).

"*Ellende wag vir die Skrifgeleerdes en Fariseërs*." (Matt. 23:14-29).

"*Ellende wag vir julle wetsgeleerdes*." (Luk. 11:46-54).

"*Ellende wag vir julle wat julle nou vol eet*." (Luk. 6:25).

"*Ellende wag vir julle wat nou lag*. " (Luk. 6:26).

## Die Regterstoel-oordeel van Christus

Die Nuwe Testament gebruik die woord *'bēma'* 12 keer (bv.: Matt. 27:19; Joh. 19:13; Hand. 16-17; 25:6, 10, 17). Die woord beteken 'n verhoogde plek wat jy met trappe bereik. In die Romeinse wêreld het die bēma na 'n amptelike setel van 'n regter verwys. Vir die Grieke van daardie tyd het die 'bēma-stoel' verwys na 'n podium waarop beoordelaars gesit het toe hulle by Griekse sportbyeenkomste vasgestel het watter deelnemers beloon moes word en watter nie.

Twee Nuwe-Testamentiese tekste verbind die bēma-stoel (regterstoel) spesifiek aan 'n oordeel wat Christus sal voltrek: *"Want ons sal almal voor die regterstoel van Christus gestel word. Want daar is geskrywe: So waaragtig as Ek leef, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal God bely. So sal elkeen van ons dan vir homself aan God rekenskap gee."* (Rom. 14:10b-12);

En…*"Want ons moet almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang wat hy deur die liggaam verrig het, volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad."* (2 Kor. 5:10).

Die regterstoel-oordeel van Christus is waar gelowiges beloon gaan word, spesifiek volgens ons werke: Ons word nie gered *deur* werke nie, maar beloon *volgens* ons werke.

Hierdie oordeel is nie om vas te stel of die gelowige gered is of nie (die gelowige is reeds gered en daar is nou geen veroordeling nie – sien weer Rom. 8:1), maar of die werke van die gelowige beloon kan word of as waardeloos afgeskryf gaan word.

*"Volgens die genade van God wat aan my gegee is, het ek soos 'n bekwame boumeester die fondament gelê, en 'n ander bou daarop; maar elkeen moet oppas hoe hy daarop bou. Want niemand kan 'n ander fondament lê as wat daar gelê is nie, dit is Jesus Christus. En as iemand op dié fondament bou goud, silwer, kosbare stene, hout, hooi, stoppels – elkeen se werk sal aan die lig kom, want die dag sal dit aanwys, omdat dit deur vuur openbaar gemaak word; en die vuur sal elkeen se werk op die proef stel, hoedanig dit is. As iemand se werk bly staan wat hy daarop gebou het, sal hy loon ontvang; as iemand se werk verbrand word, sal hy skade ly; alhoewel hy self gered sal word, maar soos deur vuur heen."* (1 Kor. 3:10-15).

Elke gelowige se werk gaan getoets word om te sien of dit die vuurproef kan deurstaan. Hout, hooi en stoppels sal nie die vuur kan deurstaan nie, want dit sal heeltemal weggebrand word. Goud, silwer en edelstene sal die vuur deurstaan – en enige onsuiwerhede hierin sal weggebrand word.

Dié wat met wysheid op die fondament bou, sal beloon word; dié wat dit nie doen nie, sal verlies ly. Laasgenoemde gelowiges wat verlies ly, sal nie hul verlossing verloor nie, maar hulle sal beloning verloor (1 Kor. 3:15b).

Paulus dui aan dat die gelowige sy of haar geestelike lewe net op Jesus Christus kan bou – nie op jou eie vlees nie, maar op die enigste ware fondament, naamlik Jesus Christus.

## Spesifieke Dade wat God van Waarde Ag, en Sal Beloon

- Om versoekinge te verdra (Jak. 1:12; Rom. 5:3-4; Op. 2:10).
- Om God ywerig te soek (Heb. 11:6).
- Volharding: gelowiges is oorwinnaars, maar diegene wat volhard tot die einde, gaan 'n beloning ontvang (Op. 2:26-27).
- Getrouheid in die bediening (1 Pet .5:1-4).
- Om Christus se verskyning lief te hê (2 Tim. 4:8; vgl. Tit. 2:13).
- Om ander mense na Christus te lei (1 Thess. 2:19).
- Getrouheid aan Christus (1 Kor. 4:1-5).

- Doelgerigtheid in die Christelike lewenswandel (1 Kor. 9:24-27; Heb. 6:11-12; 2 Pet. 1:10-11).
- Goeie rentmeesterskap (Luk. 19:11-27).
- Om belediging en vervolging om Christus ontwil te verdra (Matt. 5:11-12; 2 Tim. 2:12-13; Heb. 10:36).
- Om in Christus te bly (1 Joh. 2:28).
- Welwillendheid teenoor arm mense (Mark. 10:21; Luk. 12:32-33).
- Heelhartige diens aan Christus (Joh. 12:26).
- Liefde-arbeid vir sy Naam en aan mede-gelowiges (Heb. 6:10).

## Vyf Krone Wat Gelowiges Ontvang

1. **Die onverwelklike kroon**— dit is vir gelowiges wat nie net hulle ou sondige natuur onder beheer gebring het nie, maar ook 'n lewe van groot oorgawe aan Christus geleef het (1 Kor. 9:25; vgl. 2 Tim. 2:3-5; Heb. 12:1-2).
2. **Die kroon van roem en/of blydskap**— vir gelowiges wat mense aan Jesus Christus voorgestel het, wat van Hom getuig het of vir nie-gelowiges gebid het sodat hulle tot bekering en redding kan kom (1 Thess. 2:19; vgl. Spr. 11:30; Dan. 12:3).
3. **Die kroon van geregtigheid**— dit is vir gelowiges wat gretig en met liefde uitsien na die koms van die Here Jesus Christus (2 Tim. 4:7-8). Hierdie gelowiges leef as vreemdelinge op aarde vanweë hul hemelse burgerskap (Fil. 3:20); hulle leef heilige en godvrugtige lewens in ooreenstemming met byvoorbeeld Kol. 3:1-4.
4. **Die kroon van heerlikheid**— vir leraar-predikers wat die kudde as getroue onder-herders onder die Opperherder bedien het (1 Pet. 5:2-4; vgl. Hand. 20:25-28).
5. **Die kroon van die lewe**– dit is vir gelowiges wat versoekinge suksesvol deurstaan het en wat selfs as martelare vir Jesus Christus gesterf het (Jak. 1:12; Op. 2:10; vgl. Matt. 5:10-12).

## God Se Standaard Is: Hoe Lyk Jou Einde? **(Matt. 13:24-30; 36-43)**

*"Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit."* (Matt. 11:19; Luk. 7:35).

*"Ja, die toets vir die wysheid is die resultate wat dit voortbring. Maar 'n mens kan sien dat God se wysheid reg is as jy na die resultate daarvan kyk!* (Die Lewende Bybel).

*"The proof of the pudding is in the eating."* (Message).

Twee lyne loop langs mekaar maar die een lyn is 1% af van die teiken. Dit kan nie nou met die blote oog gesien word nie, maar met verloop van tyd sien mens wel of dit op teiken was of nie.

'n Fariseër met die naam Gamaliël, 'n geëerde wetskenner van Moses en baie gerespekteer deur al die mense: *"Wat die huidige geval betref, my raad aan julle is: Laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks van kom nie. Maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie. Moenie dat dit dalk later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie!"* (Hand. 5:38).

Sommige mense weet nie eers dat hulle dwaal nie – en daar sal valse leraars en apostels wees. Die langdurigheid en natuurlike volhoubaarheid sal uiteindelik die toets van die tyd deurstaan.

## Ons Gaan Almal Rekenskap Moet Gee

Christene is soos ’n veld wat in ’n voorbrand klaar afgebrand is. Wanneer die groot vuur kom, is hulle veilig. Bekering is om God se oordeel oor jou, dat jy ’n sondaar is, te erken, te bely en Sy geregtigheid te ontvang!

“*Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die Oordeelsdag. Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word*.” (Matt. 12:36).

“*Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee*.” (Heb. 4:13).

“*Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel*.” (1 Pet. 4:5).

“*Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: “Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie*.” (Matt. 25:41-43).

“*Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Die wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie ’n dader van die wet nie, maar ’n regter*.” (Jak. 4:11).

## God Soek Goddelike Vrug:

Matt. 25:1-13 – die vyf dwase maagde;

Matt. 25:14-30 – die talente;

Matt. 25:31-46 – die skeiding tussen die skape en die bokke.

Hierdie drie gedeeltes moet saam hanteer en verstaan word, want die een verklaar die ander en sluit aan by die ander. Al drie gedeeltes eindig in oordeel (Matt. 25:11-13; Matt. 25:30; Matt. 25:46). Alhoewel kapstok-predikers al baie afleidings gemaak het oor waarna die olie in die lampe verwys, gee die Skrif geen duidelike inligting nie.

Die gedeelte fokus eerder op die term dwaas. Om te dink dat jou lamp gaan brand sonder olie! Dis gekkigheid! Iemand het regtig nie gedink nie!

Die volgende gedeelte oor die talente werp vir ons meer lig op wat gereedheid wel beteken. Die fokus in hierdie storie is woeker met, werk aan, vermenigvuldig dit wat jy ontvang het. ’n Gesonde boom dra vrug!

In die laaste gedeelte oor die skape en bokke praat die Here direk en verwyder enige raaisels. Die vrug wat Hy soek, is ’n regverdige lewe: Besoek mense in die tronk, gee klere en kos aan dié wat nie het nie. Dink aan die gelykenis van die barmhartige Samaritaan.

John Bevere: “Ons vergelyk dikwels getrouheid met standvastigheid, konsekwentheid, betroubaarheid, lojaliteit, toegewydheid en eerlikheid. Jesus vergelyk getrouheid met iets anders – vermenigvuldiging. Wat God ook al aan ons gee, Hy verwag dat ons dit sal vermenigvuldig en aan Hom terugbring.”

*“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra.”* (Joh. 15:1-10) *“… omdat ek bang was…”* (v. 25).

*“… jy is ’n slegte en ’n lui slaaf!”* (Matt. 25:26);

*“… en gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis.”* (Matt .25:30).

Om die erns van die gedeelte nog beter te verstaan, kyk in Luk. 19:11-28 na die gelykenis van die ponde:

*"...dryf handel daarmee totdat ek terugkom."* (Luk.19:13);

*"...U muntstuk het tien muntstukke opgelewer."* (Luk 19:16);

*". . . kry jy nou die bestuur oor tien stede."* (Luk. 19:17);

*"Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word."* (Luk. 19:26).

Ons kan nie verby hierdie wesenlike realiteit kom nie. Ons sal nie net volgens ons woorde nie, maar veral ook volgens ons dade geoordeel word. Dit is soos 'n sangkompetisie of bakkompetisie! Ons doen ons bes, maar daar is 'n uiteinde waar ons vrug, sang, gebak, werke voor almal geoordeel gaan word. Is dit dan nie die beste idee om nou al reeds aan kompetisies deel te neem sodat ek kan leer en groei, en sodoende kan verbeter nie? Die meeste mense is te bang om eers te probeer uit vrees vir verwerping, die skande van foute maak, ensovoorts.

Maar dit is juis hierin waar Christus ons kom vrymaak het. Ons is deur Christus Jesus, nou deur God, aangeneem en Sy kinders gemaak. Hy is verwerp sodat ons nie verwerp kan word nie! Dit is die redding waarvoor Christus met Sy lewe vir ons betaal het.

*"Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus. Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie. Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het."* (1 Joh. 4:17-19).

## Ware Kinders van God Verwelkom Korreksie

Alhoewel Hy ons Sy kinders gemaak het, beteken dit mos nie ons spring dissipline en afrigting vry nie? Nee, as Sy kinders verwelkom ons juis te meer afrigting en dissipline.

*"En julle het die vermaning heeltemal vergeet wat tot julle as seuns spreek: My seun, ag die tugtiging van die Here nie gering nie en beswyk nie as jy deur Hom bestraf word nie; want die Here tugtig hom wat Hy liefhet, en Hy kasty elke seun wat Hy aanneem. As julle die tugtiging verdra, behandel God julle as seuns; want watter seun is daar wat die vader nie tugtig nie? Maar as julle sonder tugtiging is, wat almal deelagtig geword het, dan is julle onegte kinders en nie seuns nie."* (Heb. 12:5-11).

## Het die Kerk dus 'n Geestelike Mandaat en Verantwoordelikheid om te Oordeel?

Die wat daarvoor veg om nie te oordeel nie, oordeel die wat oordeel.

Die grootste rede waarom die kerk sy stem as morele kompas vir die wêreld verloor het, is omdat ons nie eenstemmigheid het oor dissipline en oordeel nie.

Ouers verloor ook op dieselfde wyse hulle gesag oor hulle kinders wanneer die een sag is en die ander hard, en later baklei hulle met mekaar oor die dissipline-proses. Dit verwar die kind. Tog is die Skrif duidelik oor die saak: Ons moet net eers ons eie voorbehoude en opinies uit die weg ruim. Soms is ons negatiewe perspektief oor dissipline ons eie subjektiewe seerkry-ervarings waaroor ons nog nie genesing gekry het nie.

Uiteindelik is ons aardse oordeel net 'n beoordeling en nie ware oordeel nie. Uiteindelik is God die enigste Een wat oor ons almal gaan oordeel. Maar ek kies om God se oordele in my lewe nie te verontagsaam nie.

Dawid besing God se oordele en verklaar hoe lief HY God se oordele het! (Ps. 119: 4, 15, 27, 40, 45, 56, 63, 69, 104, 128, 134, 173). Dis beter om eerder nou geoordeel te word terwyl ons almal nog 'n kans het om reg te maak, as die ewige oordeel en ewige straf.

Geen straf is sonder 'n mate van oordeel nie. Daarom voel die persoon veroordeel. Oordeel en straf is onlosmaaklik deel van mekaar. 'n Ouer wat sy kind die heeltyd waarsku maar nooit sover kom om sy kind te straf nie, verloor gesag in daardie kind se lewe.

Die kerk se straf en oordeel is die van 'n mens en tydelik. Byvoorbeeld: Die uitdeel van die straf (1 Kor. 5:1-13) en die herstelproses as die persoon hulle bekeer (2 Kor. 2:3-11). Wanneer God finaal straf, is daar geen uitkomkans nie. Dan is daar nie meer kans vir bekering nie. Menslike straf is altyd met die hoop op herstel en bekering! Wanneer die hele Christenkerk in pas kan kom met God se prosesse in ons lewens, kan ons meewerk tot genesing en herstel.

Dink gou aan die volgende scenario: Jou beste vriend kom vertel jou in die geheim en neem jou in sy vertroue dat hy op pad is om moord te pleeg. Hoe sal jy dit hanteer? Gaan jy hom paai en barmhartig wees teenoor hom? Gaan jy sy sonde toemaak? Of gaan jy bereid wees om 'n vriend te verloor om 'n lewe te red? Hoe ondersteun jy 'n vermeende moordenaar sonder om 'n medepligtige te word? Hoekom verbreek jy kontak? Hoekom gee jy jou vriend oor aan die gereg? Want uiteindelik wil jy hom/haar red van doodstraf en jy wil ook die persoon red wat hy/sy wil vermoor.

Die kwessie is nie óf ons moet oordeel nie, maar hóé ons moet oordeel. Daar is net twee tipes oordeel: regte oordeel en verkeerde oordeel. Om iemand te oordeel sonder dat jy al die feite het, of betrokke is in die saak en eerstehands getuienis het, is soos om jouself regter oor 'n saak te maak, maar die saak het nooit voorgekom nie. Regte oordeel is wanneer ons 'n saak en persoon direk konfronteer en na 'n onderskeidingsproses tot 'n beslissing kom.

## Verkeerde Oordeel

1. **Om iemand anders se gesag en hantering te oordeel wat nie aan ons gegee is nie.**

Dis soos om 'n pa wat sy kind straf te oordeel, bloot omdat ek nie van dissipline hou nie. Jy is nie betrokke in die verhouding en by die geskiedenis van 'n saak nie. Paulus verduidelik dat ons nie iemand anders se hantering van sy dienskneg kan oordeel nie (sien Rom. 14:4).

Kerke is soos gesinne en families – wanneer 'n sekere kerk een van sy familielede reghelp en aanspreek, moet ander kerke die proses respekteer. Wanneer ons iemand wat onder dissipline is jammer kry en simpatiseer, misken ons die agent wat verandering en redding in daardie persoon se lewe moet bring. Dan begin die oortreder fokus op die sogenaamde verkeerde strafproses sonder om die oorsaak van die straf te hanteer.

Soos 'n ma kan so 'n persoon liefde wys, maar nie die straf in twyfel trek nie. Mens moet dit eerder versterk en die persoon met sagtheid lei om hulle fout raak te sien.

As almal saamwerk in die strafproses, is daar nie dubbele standaarde en onsekerheid nie. Elkeen kan op verskillende wyses hulle onderskeie gawes gebruik om so 'n persoon te help om tot hulle sinne te kom. Die Herder troos, maar is ferm om nie op die pak slae te fokus nie en eerder die oorsprong van die sonde te vind. Die profeet vermaan oor komende oordeel. Die apostel spreek 'n saak direk aan, denkende aan die invloed wat sonde op die groter liggaam het. Die evangelis wys daarop dat so 'n persoon hul invloed as getuie verloor. Die leraar wys op die Skrifte en God se hart en hantering van die saak. Indien elkeen hulle rol in die restourasieproses verstaan, is die kans dat so 'n persoon gered kan word mos soveel groter.

"*En aan sommige wat twyfel, moet julle barmhartigheid bewys; maar ander moet julle met vrees red deur hulle uit die vuur te ruk; en ook die kleed moet julle haat wat deur sonde bevlek is.*" (Jud. 22, 23).

### 2. Om iemand vanuit ’n toeskouerrol te oordeel, veroordeel en straf toe te pas.

Jy moet betrokke wees en as’t ware lisensie/gesag/aanstelling/mandaat hê om te oordeel. Is die saak aan jou gegee? Almal het ’n opinie oor ’n saak, maar Bybelse oordeel soek altyd een uitkoms: Redding! Selfs toe Paulus die sonde van ’n gemeentelid in Korinte oordeel, was dit met dié doel in gedagte: “. . . *om so iemand aan die satan oor te lewer tot verderf van die vlees, SODAT DIE GEES GERED KAN WORD IN DIE DAG VAN DIE HERE JESUS*.” (1 Kor. 5:5).

Soos ’n pa sy kind straf en ’n pak slae gee om hom te red van onheil, so word oordeel gebruik as ’n laaste uitweg om iemand tot sy/haar sinne te bring. Dit is vir die ouer geensins aangenaam om ’n kind te straf nie, inteendeel, dis soms traumaties. Maar juis omdat ons ons kinders liefhet en wil voorkom dat hulle in dwaasheid en in rebellie tot hul einde kom, straf ons ons kinders (Heb. 12:5-11).

Dis tog algemene professionele praktyk om nie mekaar se sake te bespreek en opinies daaroor te opper alvorens ek nie aangestel is en al die feite voor my het nie.

### 3. Jy oordeel sonder dat jy die Bybelse pad met iemand gestap het.

“*En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin; maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan. En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar*.” (Matt. 18:15-17).

Vinnige oordeel is nooit goed nie. Gee dit tyd en stap die pad van dissipline uit. Die uitsondering is wanneer mens regtig deur die Heilige Gees gelei word, soos toe Paulus die waarsêergees in ’n vrou bestraf het (Hand. 16:18). Maar dit het tot haar vrymaking gelei. Jy beplan dit nie, en die saak wat jy oordeel het niks met jou as persoon te make nie. Dis die Heilige Gees wat deur jou werk om orde in die kerk te bring (1 Tim. 5:20; 4:2; Tit. 1:13; 2:15).

Wanneer jy iemand bestraf (rebuke) is dit ook korrek omdat dit direkte konfrontasie is. Jesus se styl van bediening was direk, nooit met ompaadjies en mooi praatjies nie. Ek glo dat as ons selfvernietigende gedrag reguit konfronteer en sake reguit met mekaar uitpraat, sal daar baie meer vrede in die huis van die Here wees.

“*Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom*.” (Luk. 17:3). Ons is soms so bang vir konflik en om iemand te na te kom dat ons nie besef dat ons stilswye op die ou einde baie meer skade veroorsaak nie.

### 4. Jou oordeel is nie waar en regverdig nie.

Lees Matt. 23:1-31. Jesus spreek Hom uit teen die Fariseërs en skrifgeleerdes. Hy maak baie kras en harde uitsprake:

“*Wee julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, geveinsdes, blinde leiers, dwase, gewitte grafte, slange, addergeslag*!”

Die feit is: Dit is die waarheid. Jesus voeg nie by of oordryf nie. Hy sê dit presies soos dit is. Hy oordeel ook nie as reaksie op bitterheid of omdat hulle Hom nie ontvang het nie.

Enige kind ontvang sy pak wanneer hy weet hy was verkeerd. Wanneer hulle egter onregverdig of onskuldig gestraf word, maak dit hulle opstandig. Daarom is dit so belangrik om nie te vinnig ’n oordeel te vel nie. Kry eers al die inligting ter sake alvorens jy oordeel en konfronteer. Wanneer jy iemand konfronteer, werk net met eerstehandse inligting en dit wat die Heilige Gees aan jou openbaar.

**5. Om nie regte oordeel toe te pas nie, het gevolge:**

Sou ons as kerk nie die sonde in ons midde oordeel en hanteer nie, word die hele gemeente uiteindelik besoedel met die sonde. *"Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie?"* (1 Kor. 5:6).

Sedert kerkleiers dit vermy om hulle verpligting tot gesonde oordeel uit te oefen, het die algehele standaard van heiligheid in die kerk dramaties gedaal. Dit het meegebring dat die sout laf geword het, en dienooreenkomstig het die morele standaard in die wêreld nog verder gedaal. Dit is natuurlik ook logies dat om in die wêreld gehoor te word, ons self ook eers aan God se standaarde moet voldoen.

"*Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is*." (2 Kor. 10:6). Ons kan alleenlik 'n ander leer en afrig oor gehoorsaamheid indien ons gehoorsaamheid op standaard is.

**6. Die laaste uitweg wat niemand graag wil doen nie:**

Om iemand vir wie jy eens lief was te vermy en die verhouding weens sonde te verbreek, is geen maklike taak nie. Hierdie hantering van verkeerde dinge druis lynreg in teen die gewilde opinie en die gees van die wêreld.

Tog is dissiplinêre optrede alledaags in die werksplek. Wat laat ons dink dat dissipline nie ook in die kerk geld nie? Wanneer kerkleiers hulle skuldig gemaak het aan seksuele misdrywe, wil ons nie graag hê dat daar opgetree word teen hierdie individue nie? Die oordeel hoef nie in gevangenisstraf te eindig nie, maar die verkeerdheid moet aangespreek en hanteer word.

Die Bybel is baie duidelik daaroor dat ons mense wat hulle skuldig maak aan die volgende oortredings, uit ons gemeenskap moet verwyder, hulle soos heidene moet behandel en nie saam met hulle moet kuier of eet nie:

1 Kor. 5:11-13 – "*…hoereerders, gierigaards of rowers of afgodedienaars...*"

Rom. 16:17 – "*. . . tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het . . .*"

Titus 3:10-11 – "*…'n man wat partyskap verwek…*"

2 Thess. 3:6 – "*…wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie."*

2 Thes. 3:14-15 – *"… iemand aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie…*"

1 Tim. 6:3-5 – "… *As iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie…*"

Titus 1:10-11 – "*…die wat tugteloos is, wat onsin praat en verleiers is*."

Soos met enige vorm van straf is daar bitter min mense wat hulle sonde onmiddellik erken en bereid is om dit reguit en eerlik in die oë te kyk en 'n pad van herstel te soek.

Tog is dit die enigste pad. Hoeveel huwelike het misluk en die partye het nog steeds nie 'n benul van wat verkeerd gegaan het nie. So stap ons met ons foute en tekortkominge van die een verhouding na die ander. Daar vind nie groei plaas nie, want ons regverdig ons verkeerde dade, ons verskuif die blaam en ons is nie eerlik met onsself nie.

## Wie Is Ons Om te Oordeel?

Wanneer die kerk iemand tugtig is daar vele uitroepe wat sê: Wie is julle om te oordeel? Het julle nie ook sonde nie? Is alle sonde nie dieselfde nie?

Daar is 'n reuse verskil tussen mense wat deur die geloof en Sy genade deurentyd wegstap van sonde, en diegene wat hulle doelbewus en vasberade aan sonde oorgee.

Al het ons die grootste moontlike sonde gedoen, ons kan met ons sonde na die troon van genade kom en vergifnis ontvang (sien Heb. 4:14-16).

As ons ons sonde bely, is Hy getrou om ons te vergewe (1 Pet. 1:9).

Vir die vrou wat op heterdaad in haar sonde betrap is, was daar genade. Jesus se woorde, "gaan en sondig nie meer nie", was haar uitkomskaart na 'n nuwe lewe. Sou sy egter nie gehoor gee nie en terugdraai na sonde, sal sy nie aan oordeel ontkom nie.

Wanneer ons as kerk sonde oordeel, sê ons nie ons is sonder sonde nie. Inteendeel, die lig van God skyn tydens oordeel op almal se harte en ons buig almal ons harte na die Here om ons te ondersoek. Ons tree nie uit hoogmoed op en oordeel nie. Ons verneder onsself voor die Here en laat juis toe dat Hy ons was. Ons staan inderwaarheid almal onder die Here se oordeel. Die kerk is net die Here se stem.

Is dit dan nie die kerk se verantwoordelikheid om mense te vertel van God se genade EN oordeel nie? Ons sal mos nie die waarheid praat as ons net die een kant verkondig en oor die ander kant swyg nie?

## Voordele Van Dissipline en Korreksie

Oordeel herstel in 'n groot mate die vrees van die Here in 'n huis. Net soos met enige familie – wanneer Pa 'n sekere kind straf, bring dit orde in die hele huis. Almal is sommer meer bewus van reg doen en reg leef (sien Gal. 6:1).

Paulus vertel dat hy sekere dinge gely het ter wille van die liggaam (sien Kol. 1:24). Soms is een se korreksie 'n geleentheid vir die wat nog wik en weeg om tot inkeer te kom. Daarom moet sekere sonde, soos Dawid se owerspel, oopgemaak word sodat ons vandag nog uit sy foute kan leer.

Wanneer mens korreksie ontvang, bespoedig dit die prosesse van God in jou lewe. Ons kan nie onsself verander nie. Een van God se agente van verandering is korreksie (sien Heb. 12:8). Deur dit te weier en aan te hou om jouself te regverdig, kan die verandering wat in jou nodig is nie plaasvind nie (Heb. 12:8). Jou smaak bly dieselfde (sien Jer. 48 :11). God het ons genesing en herstel in gedagte sodat ons uiteindelik volkome in Christus sal wees en Hy volkome in ons (sien Kol. 1:27).

Nog nooit was ons meer in gebed en meer voor die Here se lig en oë op ons lewens nie. Almal se harte word ontbloot by die straf van sonde. Mag die Here ons almal genadig wees en gee dat ons goddelike berou sal ontvang en wegdraai van dit wat sleg en verkeerd is. Uiteindelik kan ons 'n persoon beoordeel, maar dit is God wat die geskenk van ware berou gee (sien 2 Kor. 7:7-10)

.

# Hoofstuk 17

## JESUS TEENOOR VALSE GODSDIENS EN DIE GEES VAN DIE WÊRELD

---

"Religion can put new clothes on the man, but Christ puts a new man in the clothes."
Michael Fackerell

**DIE** vyandskap tussen godsdiens en geloofslewe bestaan sedert die eerste mens. Die Here het Abel en sy offer aanvaar, maar nie dié van Kain nie. Daaroor was Kain baie kwaad en neerslagtig. *"Hoekom is jy so kwaad?" vra die Here vir hom. "Hoekom hang jou gesig? Is daar nie aanvaarding vir jou as jy reg optree nie? Maar as jy weier om reg te doen, moet jy oppas! Sonde sit reg by die deur om jou te oorweldig, maar jy moet dit oorwin."* (Gen. 4:4; Heb. 11:4 – NLV).

Later wys Paulus die vyandskap tussen die Seun van die belofte deur die gees en die seun van die vlees duidelik uit. "*Destyds het Ismael, die kind wat op die gewone manier gebore is, vir Isak, die kind wat deur die Gees van God gebore is, vervolg. Net so gebeur dit vandag nog."* (Gal. 4:29 – DLB).

Dit is uiteindelik die **godsdiensstelsel** en **regering** van die dag wat Jesus gekruisig het. Hierdie duiwelse drie-eenheid is sigbaar regdeur die Skrif. Die antichris en die suurdeeg van Herodes en die Fariseërs. "*Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes."* (Mark. 8:15).

**LET WEL! HIERDIE LERING SE EINDDOEL IS VERVOLGING EN UITWISSING**: Herodes het Johannes laat doodmaak. En die Fariseërs het Jesus laat doodmaak. Die gees van valse godsdiens en die gees van nasionalisme regverdig dat onskuldige mense tot die dood veroordeel word sodat misleiding gehandhaaf en volvoer kan word. Hulle word die messias wat red en alles regmaak. Deur die geskiedenis is die mense verpletter deur die magsug van hierdie diktators en regeerders wat hulleself aanstel as die verlosser van die mens.

**Wêreldregering**: "*Kus het ook 'n seun gehad met die naam Nimrod. Hy was die eerste mens wat met geweld oor ander geregeer het."* (Gen. 10:8).

**Mens-aanbidding**: "*Kom ons bou vir ons 'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons 'n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie."* (Gen. 11:4).

**Openbaring 13: Die dier met die tien horings, met die gesig van die luiperd, beer en die leeu.**

Die see is dikwels 'n simbool van die nasies van die aarde. Die kerk as nasie van God (1 Pet. 2:9) staan teenoor die nasies van die aarde. In die nasie van God werk die Gees van God, maar in die nasies van die wêreld werk die gees van die draak. Die regerings van die nasies staan teenoor die regering van God. "*Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen Sy Gesalfde en sê: Laat ons*

*hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!"* (Ps. 2:1-3). Tien horings beteken tien krone (Op. 13:1). 10 is 'n volgetal, en dui dus op volledige mag (tien horings en tien krone). Dit verteenwoordig die regerings van die aarde. Dit strek van Nimrod in Gen. 10-11 tot by die regerings van vandag. In 1 Sam. 8:7 sê God vir Samuel: "*Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie."*

In Daniël 7 sien Daniël 'n soortgelyke gesig. Hy sien die see in beroering en vier groot diere daaruit opklim (Dan. 7:1-3). Die een soos 'n leeu, die ander soos 'n beer, die derde soos 'n luiperd en die vierde dier "*vreeslik en skrikwekkend en baie sterk, en dit het groot ystertande gehad; dit het verslind en vermorsel en die oorskot met sy pote vertrap; en dit was verskillend van al die diere wat voor hom gewees het, en dit het tien horings gehad."* (v. 7). Enige vorm van nasionalisme en selfbeskikking van een nasie, ten koste van 'n ander, is geweldpleging, en 'n onreg teen God se skepping.

## Die Dier Uit die AARDE:

Twee horings soos 'n lam (Op. 13:11). Net soos die eerste dier eerder 'n stelsel is as 'n individu, so is die dier uit die aarde ook eerder 'n stelsel en nie 'n individu nie. Hy het slegs twee horings en nie tien soos die dier uit die see nie. Dit is 'n aanduiding van sy ondergeskiktheid aan die dier uit die see. Hierdie dier het beperkte magte. Hy lyk soos 'n lam, maar as hy praat, praat hy met die stem van die draak.

Die draak-lam se modus operandi en doel word duidelik uitgespel: "*En hy oefen al die mag van die eerste dier uit voor sy oë, en hy maak dat die aarde en die wat daarop woon, die eerste dier aanbid."*

Die draak-lam het hoofsaaklik 'n godsdienstige rol om te vervul. Hy maak daarop aanspraak dat hy die waarheid verteenwoordig en onskadelik is, maar sy spraak gee hom weg as gesant van die satan. In 'n sekere sin is die draak-lam 'n antichris of pseudo-christus. Hy doen hom voor as 'n alternatiewe of "ander" Christus.

In 95 n.C. het vals godsdienste in samewerking met die keiserlike beamptes die mense bedwelm. Die keiser is met groot seremonie onder toesig van die regeringsbeamptes aanbid. Die draak-lam rokkel die mense se fokus van God af en plaas dit op die wêreldstelsel van die dag. Dit is nie ongewoon om die vergodsdiensing van regerings te sien nie. Die Britte sing: "God save our gracious Queen, Long live our noble Queen, God save the Queen, Send her victorious, Happy and glorious, Long to reign over , God save the Queen." Die Russe verwys na "Holy Mother Russia". Om 'n Slawiër te wees, is om Russies-Ortodoks te wees. Om 'n Slawiër te wees wat nie Ortodoks is nie, word gesien as verraad teenoor die Slawiese kultuur. In die ou Suid-Afrika het ons gesing: "Ons sal lewe, ons sal sterwe, ons vir jou, Suid-Afrika." In Ierland is die oorlog tussen die Protestante en Katolieke 'n diepgewortelde bitterheid. Die draak-lam het rooi kruise geverf op die skilde van soldate in die Middeleeue en die regerings ondersteun terwyl hulle die verskriklikste wreedhede gepleeg het. [51]

## Waarskuwing Teen die Gees Van Die Wêreld

Jesus se lewe en bediening is lynreg gerig teen die wêreld- en godsdiensregering van die dag:

"*Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor*?" (Mark. 8:36).

"*Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges in die wêreld begaan is*." (Matt .6:30).

---

[51] Botha, R. (2014). *Openbaring ontsluit (eBoek)*. CHRISTELIKE UITGEWERSMPY.

"*Moenie in my pad staan nie, satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê*." (Matt. 16:23).

"*Hy wás in die wêreld – die wêreld het deur Hom tot stand gekom – en tog het die wêreld Hom nie erken nie*." (Joh. 1:10).

"*Die wêreld kan vir julle nie haat nie; maar hy haat My, omdat Ek openlik verklaar dat sy dade sleg is."* (Joh. 7:7).

"*Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou*." (Joh. 12:25).

"*Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie*." (Joh. 14:27).

"*Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie*." (Joh. 14:30).

*"As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat*." (Joh. 15:18).

"*In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin*." (Joh. 16:33).

"*Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is*." (Rom. 12:2).

"*Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie? Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo*." (1 Kor. 1:20, 21).

"*Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug*." (Ef. 6:12).

## Waarskuwing Teen Godsdiens

Die gees van die wêreld is makliker onderskeibaar, want dit staan lynreg teen die waardes, en metodiek en werkwyse van die Koninkryk. Om valse godsdiens te onderskei is baie moeiliker, want dit teer op die begeerte en behoefte wat mense het om God te behaag en te verheerlik. Dit is werklik hartseer om pragtige gelowige mense te ontmoet wat prooi geword het van 'n sekte, 'n godsdiensgroepering wat fokus op metodes, rites en reëls gegrond op die Woord, maar sonder die gees van Christus.

Feitlik die hele NT se apostoliese briewe is geskryf om te waarsku teen misleiding; valse christusse (Mark. 13:22); valse lering (Ef. 4:14), valse profete (Matt. 7:15, 20; 1 Joh. 4:1); valse apostels (2 Kor. 11:13); valse tekens en wonders (2 Thess. 2:9).

## Hoe Hou Ons Koers In Waarheid?

Fondasie van Christus: Waarheid is 'n persoon! "*Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is*." (2 Tim. 1:13). Die doel van alle bediening is om Christus verwesenlik te sien in elke lewe (Gal. 4:19; Kol. 1:28-29; 2 Kor. 11:2; 1 Kor. 2:2; 2 Pet. 1:8; Ef. 4:13).

Volhard in die leer van die apostels: (Hand. 4:42) "*Om kragtig te stry vir die geloof wat eenmaal aan die heiliges oorgelewer is.*" (Jud. 3); "*…aan die leringe vashou soos ek dit aan julle oorgelewer het.*" (1 Kor. 11:2); "*…staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is óf deur 'n woord óf deur 'n brief van ons*." (2 Thess. 2:15); "*…goeie leer waarvan jy 'n navolger geword het.*" (1 Tim. 4:6); "*…een wat vashou aan die betroubare woord wat volgens die leer is, sodat hy in staat kan wees*

*om met die gesonde leer te vermaan sowel as om die teësprekers te weerlê.*" (Tit. 1:9); "*Maar spreek jy wat by die gesonde leer pas.*" (Tit. 2:1).

Vrug van geregtigheid en Heilige Gees: "*As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken.*" (2 Pet. 1:8); "*Dra dan vrugte wat by die bekering pas.*" (Matt. 3:8); "*So dra elke goeie boom goeie vrugte; maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.*" (Matt. 7:17); "*So sal julle hulle dan aan hul vrugte ken.*" (Mat. 7:20); "*Maar nou dat julle vrygemaak is van die sonde en diensbaar geword het aan God, het julle jul vrug tot heiligmaking en uiteindelik die ewige lewe.*" (Rom. 6:22); "*…vervul met die vrug van geregtigheid wat daar is deur Jesus Christus tot heerlikheid en lof van God.*" (Fil. 1:11).

Daar is 'n wesenlike worstelstryd teen die geloof: Ons is gewikkel in 'n stryd om ons geloof te behou. Weet dit, en verwag dit. Soms is ons uitgevang, wanneer ons teenkanting kry. "*Stry die goeie stryd van die geloof, gryp na die ewige lewe, waartoe jy ook geroep is en die goeie belydenis voor baie getuies afgelê het.*" (1 Tim. 6:12); "*Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig; ek het die geloof behou.*" (2 Tim. 4:7).

Die fokus van satan en die wêreld is om jou te laat twyfel. Van die begin af vra satan: *"Het God waarlik gesê?"* En toe hy Jesus versoek: *"As jy die seun van God is . . . "* Daarom moet ons ook onsself gedurig toets of ons in geloof praat en optree of nie (2 Kor. 13:5). Want net geloof kan God behaag (Heb. 11:6). Dit wat nie uit geloof is nie, is sonde! (Rom. 14:23).

## Jesus Ontbloot die Valsheid en Skynheiligheid Van Godsdiens

Jesus toon en bewys Sy liefde aan die mensdom, die siekes, die verlorenes, die wat deur hulle gemeenskap verstoot is, die vrouens, melaatses, die sondaars en tollenaars. Maar Hy betoon geen genade met die godsdienstiges nie: Matt. 23:13; Matt. 12:34; 15:7-9; Mark. 7:6-8; Matt. 23:15-16,23-33; Luk. 11:42-44; 13:15; Joh. 8:44.

Daar is wel goeie tradisies en leerstellige waarhede (1 Kor. 11:2; 2 Thess. 2:15; 3:6), maar die oorleweringe van 'n mens, dus die kultuur- en wêreld- en lewensbeskouing van die mens, is gevaarlik (Matt. 15:2, 3, 6; Gal. 1:14; Kol. 2:8; Mark. 7:3, 5).

1) Godsdiens leef vanuit die raamwerk van 'n fotobeeld van God. Terwyl ek in terme van verhouding, 'n rolprent leef.

2) Godsdiens probeer dinge doen om by God uit te kom, terwyl verhouding leef vanuit die realiteit dat ek alreeds by Hom is, en Hy in my.

3) Godsdiens is mens-gerig; verhouding is God-gerig.

4) Godsdiens hou die reëls uit skuldgevoelens en vrees; verhouding hou die reëls spontaan en natuurlik uit liefde. In godsdiens dryf die reëls jou; in verhouding dryf liefde jou.

5) Godsdiens is kragteloos teen die sinlikheid van die vlees: "*…mense wat 'n gedaante van godsaligheid het, maar die krag daarvan verloën het. Keer jou ook van hierdie mense af.*" (2 Tim. 3:5). "*Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie.*" (Kol. 2:23).

6) Godsdiens fokus op klein niksseggende opdragte, om die doen van die groot moeiliker opdragte te vermy: "*Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas. Hy het verder vir hulle gesê: Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuiwe en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou. Moses het gesê: "Eer jou vader en jou moeder" en: "Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word." Maar julle sê: "Iemand kan vir sy pa of sy ma sê: Enige gawe wat u van my sou kon kry, is korban," dit wil sê: 'n offergawe vir God. En so laat julle hom toe om hoegenaamd niks vir sy pa of sy ma te doen nie. So ontneem julle die woord van God Sy gesag deur julle oorgelewerde gebruike wat julle op julle*

*beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog baie ander sulke dinge wat julle doen."* (Mark. 7:8-13).

7) Godsdiens argumenteer; strydvrae mors tyd en hou mense besig sonder dat hulle enigiets godvrugtig doen. "*Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie."* (Kol. 2:8).

8) Godsdiens fokus op die magiese krag van voorwerpe: "*Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie. Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is."* (1 Pet. 1:18-20).

9) Hulle is altyd gekant teen enige vorm van emosie en godsdiens wat nie volgens hulle eie reëls en metodes plaasvind nie – Maria (Matt. 26:6-13; Mark. 14:3-9; Luk. 7:36-39; Joh. 11:2) Lees Luk. 11:37-54:

a) v. 13: Hulle het self nie verhouding met die Here nie (Luk. 11:42), maar verontagsaam die geregtigheid en die liefde vir God.

b) v. 16: Dubbele standaarde.

c) v. 23-24: Fokus op klein geskilpunte oor metodes en rituele, maar leef nie in gehoorsaamheid en gepaardgaande vrug nie.

d) v. 25-26: Fokus op uitwaartse dinge, maar kan niks aan die hart doen nie.

e) v. 28: Huigelaar, vals, skynheilig (Luk. 12:1). Pas op vir die suurdeeg van die Fariseërs, dit is hulle huigelary.

f) v. 28: Minag die wet . . . die hart en die diepte van die wet . . . soos Jesus wat die eintlike betekenis van die wet verstaan en preek.

g) v. 43: Hou van die aansien van mense.

h) v. 46: Plaas onhoudbare laste op die mense, maar kom dit self nie na nie.

v. 52 "*Want julle het die sleutel van die kennis weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie, en dié wat wel wou ingaan, vir hulle het julle verhinder*."

10) Eksklusief, elitisme: Luk. 11:37-42; 45-53; 12:1-2; Matt. 10:26-33.

11) In wese is valse godsdiens mens-gerig en daarom is daar altyd kompetisie, vergelykings, wedywerings, vleeslike vertoon en vrees vir mense. "*As jy vir mense bang is, kan jy in 'n strik beland."* (Spr. 29:25). "*Nietemin het selfs baie van die lede van die Joodse Raad tog ook tot geloof in Hom gekom, maar uit vrees vir die Fariseërs het hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle nie uit die sinagoge geban sou word nie; want hulle het verkies om liewer deur mense geëer te word as deur God."* (Joh. 12:42, 43). "*Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word. Hulle maak die gebedsband om hulle voorkop breed, en die tossels aan hulle klere groot. Hulle hou van die ereplekke by die feesmaaltye, en van die voorste plekke in die sinagoges en om op straat deur die mense begroet en as "rabbi" aangespreek te word."* (Matt. 23:5).

12) Fokus op die uiterlike vertoon as bewys van goddelike krag: Religion can put new clothes on the man, but Christ puts a new man in the clothes. "*Julle maak die buitekant van bekers en borde skoon, maar binnekant is julle self vol inhaligheid en gemeenheid."* (Luk. 11:39). "*Moet julle nie laat meevoer deur allerhande vreemde leringe nie. Die goeie is daarin geleë dat die hart deur genade versterk word, nie deur eetgebruike nie. Dié wat hulle aan hierdie gebruike gehou het, het niks daarby gebaat nie."* (Heb. 13:9). "*Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik."* (1 Tim. 4:1, 2).

13) Metodes, metodes, en nog metodes: "*Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus. Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink, en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewrigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei. Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte soos: "Hieraan mag jy nie vat nie!" "Daaraan mag jy jou mond nie sit nie!" "Daaraan mag jy nie raak nie!"? Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense. Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die beteueling van die sondige drifte nie."* (Kol. 2:16-23).

14) Hulle is meer besorg oor die hou van die reëls as om werklik die mens te help. Hulle toon meer liefde vir hulle reëls as vir die van die mens. "*Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op die sabbatdag sou gesond maak, sodat hulle vir Jesus daaroor kon aankla."* (Mark. 3:2).

15) Hoogmoed en trots: "*Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel."* (Luk. 18:9). Hierdie selfgeregtigheid lei uiteindelik tot trots en isolasie.

## Aanbidding Wat God Verag

Die Here het Abel en sy offer aanvaar, maar nie dié van Kain nie. Daaroor was Kain baie kwaad en neerslagtig. "*Hoekom is jy so kwaad? vra die Here vir hom. Hoekom hang jou gesig? Is daar nie aanvaarding vir jou as jy reg optree nie? Maar as jy weier om reg te doen, moet jy oppas! Sonde sit reg by die deur om jou te oorweldig, maar jy moet dit oorwin."* (Gen. 4:4; Heb. 11:4).

"*Bring maar julle dankoffer van suurdeegbrood. Spog gerus openlik met julle vrywillige offers! Julle Israeliete hou mos daarvan om dit te doen*!" (Amos 4:4-5).

"*Ek wil liewer 'n vloed van regverdigheid sien, 'n eerlike leefwyse soos 'n stroom water wat nie ophou vloei nie*." (Amos 5:23).

"*You sing trivial songs to the sound of the harp and fancy yourselves to be great musicians like David*." (Amos 6:5).

"*Wat het Ek aan julle baie offers? vra die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie. As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap? Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het 'n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie. Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My 'n las, Ek is moeg daarvoor. As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek*." (Jes. 1:11–15).

"*Daar is liere en harpe, tamboeryne, fluite, en wyn by hulle fuifpartye. Maar van wat die Here doen, neem hulle geen notisie nie, Sy dade sien hulle nie raak nie*." (Jes. 5:12).

"*So het die Here gesê: Hierdie mense sê hulle behoort aan My. Hulle eer My met hulle monde, maar hulle harte is ver van My af. En hulle aanbidding bestaan uit niks meer nie as menslike opdragte en tradisies*." (Jes. 29:13; Matt. 15:9).

## Aanbidding Wat God Behaag

"*But there is something I'm looking for: a person simple and plain, reverently responsive to what I say. Your acts of worship are acts of sin: Your sacrificial slaughter of the ox is no different from murdering the neighbor; Your offerings for worship, no different from dumping pig's blood on the altar; your presentation of memorial gifts, no different from honoring a no-god idol. You choose self-serving worship, you delight in self-centered worship—disgusting! Well, I choose to expose your nonsense and let you realize your worst fears, because when I invited you, you ignored me; when I spoke to you, you brushed me off. You did the very things I exposed as evil, you chose what I hate*." (Jes. 66:1-2 en Ps. 51:17, 19 – Message).

"*Nee, is die vas wat Ek wil hê, dan nie: om mense wat onregverdig in die tronk is, vry te laat, om die juk van mense af te haal en elke juk te breek nie? Is dit nie om jou kos te deel met dié wat honger is, om aan die arme en swerwer kos en blyplek te gee, om klere te gee vir mense wat dit nodig het, om nie weg te draai van medemense wat jou hulp nodig het nie?*" (Jes. 58:6-7 – NLV).

"*For I desire and delight in dutiful steadfast love and goodness, not sacrifice, and the knowledge of and acquaintance with God more than burnt offerings.*" (Hos. 6:6; Matt. 9:13; 12:7 – Amplified Bible).

"*God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom in 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid*." (Joh. 4:24).

"*For it is we who are the circumcision, we who worship by the Spirit of God, who glory in Christ Jesus, and who put no confidence in the flesh*." (Fil. 3:3).

## Hoe Hanteer Ons Die Gees Van Godsdiens?

"*Aan hulle eise het ons egter nie 'n enkele oomblik toegegee nie, sodat die waarheid van die evangelie vir julle gehandhaaf sou word*." (Gal. 2:5).

Paulus se strategie, is om hulle eise geen aandag te gee nie. Dit herinner my aan Nehemia se antwoord toe Sanballat hom in 'n strik wou vang: "*Ek doen 'n groot werk, sodat ek nie kan afkom nie. Waarom moet die werk ophou sodra ek dit verlaat om na julle af te kom*?" (Neh. 6:3).

Ons hou dus ons oë gevestig op Jesus (Heb. 12:1) en hou aan om die kwaad deur die goeie te oorwin (Rom. 12:21) in die teenoorgestelde gees. Maar die beste is om hulle bloot te ignoreer.

Die eeue oue strategie van die vyand is om die kerk te infiltreer met die valshede, mensgerigte wysheid, wat reg klink… maar nie die gees, bedryfstelsel en werkswyse van die koninkryk-regeringstelsel van God verstaan of respekteer nie. Inteendeel, hulle hoon en maak 'n bespotting van dit wat heilig is.

Net die Heilige Gees kan die Ware Jesus openbaar en ons lei om Hom te volg op 'n daaglikse reis van self-verloëning, self-kruisiging en opstanding in Christus Jesus, ons Here en Verlosser!

# Hoofstuk 18

## DIE INKLUSIWITEIT VAN JESUS

---

Inclusion elevates all. Elaine Hall

**TEEN** die agtergrond van die politieke tyd waarin Jesus geleef het, het die groepering waaraan mense behoort het hul lewe, gerief en toekoms bepaal. Mense is hoofsaaklik uitgeken aan hulle uiterlike as Galdeërs, Romeine, Jode, Samaritane, soldate, ambagsmanne, vissermanne, fariseërs en skrifgeleerdes, vrouens, kinders en slawe. Elkeen was in 'n klas van sy eie en die klasse het nie gemeng nie. Elke groepering het ook nog sy interne politiek en wedywering gehad.

### Nuwe Voorwaardes Vir Insluiting:

*"Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."* (Matt. 5:20).

Ons insluiting by Sy familie en sirkel is nie gegrond op ons geregtigheid nie: *"Want Ek sê vir julle dat, as julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, julle nooit in die koninkryk van die hemele sal ingaan nie."* (Matt. 5:20).

Of die geregtigheid van die regte familie nie: "*En Hy sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of ouers of broers of vrou of kinders verlaat het ter wille van die koninkryk van God, wat nie baiemaal soveel in hierdie tyd sal ontvang nie en die ewige lewe in die eeu wat kom."* (Luk. 18:29).

Al het ons niks om Hom te gee nie: "*Salig is julle, armes, want aan julle behoort die koninkryk van God."* (Luk. 6:20).

Gaan nie gepaard met groot aansien, of uiterlike tekens en wonders nie: "*Daar is nie tekens wat vir 'n mens kan wys wanneer hierdie nuwe ryk van God begin nie. Dit sal ook nie so wees dat mense kan sê: "Kyk dit het nou hier begin!" of "Dit is daar aan die gang" nie. Want die nuwe ryk van God is hier by julle waar julle is."* (Luk. 17:20-21; Die Boodskap).

Selfs nie die beste godsdienspogings nie. Net dié wat gehoorsaam is: "*Nie elkeen wat vir My sê: Here, Here! sal ingaan in die koninkryk van die hemele nie, maar hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemele is."* (Matt. 7:21).

Die arm van die vlees kan dit nie vermag nie: "*...dat vlees en bloed die koninkryk van God nie kan beërwe nie; ook beërwe die verganklikheid nie die onverganklikheid nie."* (1 Kor. 15:50).

*"Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van God te volbring? Jesus antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het."* (Joh. 6:28-29).

"*Gaan in deur die nou poort, want breed is die poort en wyd is die pad wat na die verderf lei, en daar is baie wat daardeur ingaan. Want die poort is nou en die pad is smal wat na die lewe lei, en daar is min wat dit vind*." (Matt. 7:13-24).

"*Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie*!" (Matt. 18:3).

"*Want dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan. Daarop sê die wat dit gehoor het: Wie kan dan gered word? Maar Hy antwoord: Die dinge wat by mense onmoontlik is, is by God moontlik*." (Luk. 18:25).

"*Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan*." (Hand. 14:22).

## Ontvang Sy Geregtigheid:

"*Maar soek eers die koninkryk van God en Sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word*." (Matt. 6:33).

*Sy geregtigheid kan net soos 'n kind ontvang word, in afhanklikheid: "Moenie vrees nie, klein kuddetjie, want julle Vader het 'n welbehae daarin gehad om aan julle die koninkryk te gee.*" (Luk. 12:32).

"*… maar die kleinste in die koninkryk van die hemele is groter as hy*." (Matt. 11:11).

"*Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het deur die voorhangsel heen, dit is sy vlees*." (Heb. 10:19).

## Gebore Uit Onverganklike Saad:

"*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie*." (Joh. 3:3).

*"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo; wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is*." (Joh. 1:12-13).

"*… want julle is wedergebore nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike, deur die lewende woord van God wat tot in ewigheid bly."* (1 Pet. 1:23).

## Nuwe Definisie Van ONS:

"*En Hy sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, daar is niemand wat huis of ouers of broers of vrou of kinders verlaat het ter wille van die koninkryk van God, wat nie baiemaal soveel in hierdie tyd sal ontvang nie en die ewige lewe in die eeu wat kom."* (Luk. 18:29).

"*Ná die twee dae het Jesus daarvandaan na Galilea toe gegaan. Hy het self verklaar dat 'n profeet nie in sy eie land geëer word nie, maar toe Hy in Galilea kom, het die Galileërs Hom verwelkom. Hulle het alles gesien wat Hy gedurende die feesvierings in Jerusalem gedoen het, want hulle was self ook by die paasfees*." (Joh. 4:43-44).

"*'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring*." (Matt. 13:57).

Wanneer jy en jou vrou baklei en stry is dit baie keer omdat een buite die sirkel staan. Ons gebruik JY- en JOU-taal. Verbondstaal is "ONS". As ons hierdie woord gebruik, dwing dit ons om anders te dink. Ons haal onsself so baie keer uit die sirkel uit. Of ons laat mense nie toe in ons sirkel nie.

Wie is my naaste? Wie is die ons? Kyk in Luk. 10:29-37: Jesus leer ons dat ons dieselfde vir ’n vreemdeling moet doen as wat ons vir dié binne die sirkel sal doen. Die man het gedoen wat familie vir hom sou doen – en hy was ’n vreemdeling; inteendeel, hy was van ’n totale ander stand en ras.

## Hoe definieer jy jou ONS? Hoe definieer ons kerk – ONS?

Sien ons die plek waar ons bly as ONS dorp? Die mense van ons dorp as ONS mense?

Verdeeldheid: Dis baie gevaarlik om van binne ’n kollektiewe raamwerk van “hulle” te praat terwyl God net een “ons” sien. Bv.

Binne een nasie, praat ons van “hulle”.

Binne die universele kerk, praat ons van ’n ander kerk as “hulle”.

Binne die raamwerk van die Christelike kerk in ’n gebied, praat ons van ander gemeentes as “hulle”.

In ’n maatskappy praat ons van die bestuur as “hulle”; die bestuur praat van die mense as “hulle”.

In ’n huwelik praat ons van jy en jou en myne.

“Hulle” bring skeiding in jou denke en veroorsaak isolasie. Jou perspektief raak eensydig. Jy kyk net vanuit een perspektief en verloor objektiwiteit.

Etikettering: Wanneer ons praat van “hulle”, is dit nie lank nie of ons gee “hulle” ’n etiket (Matt. 5:22). Ons noem mekaar name. Jy is altyd so, en jy maak altyd so, en jy doen dit nooit nie. Jy DEMONISEER die ander persoon as altyd verkeerd en boos, wat eenvoudig nie die waarheid is nie. Jy stel jouself as die engel voor, wat ook nie die waarheid is nie. Later sien ons net die etiket en nie die mens agter die etiket nie. (ONTMENSLIKING)[52]

Liefdeloosheid: Wanneer ons praat van “hulle” kan dit lei tot trots – ons disassosieer met die foute en sonde van ’n groep en plaas onsself op ’n beter/hoër/verhewe plek. Gevolglik verloor jy jou stem by daardie groep. Hulle beleef jou as TROTS, hooghartig en beterweterig. Hulle voel die skeiding aan – en beleef dat daar nie meer liefde is nie. Sonder liefde het jy jou stem by daardie groep verloor (Gal. 6:1).

Viktimisering: (Matt. 5:22) “Jou gek!” Dis is natuurlik dat wanneer jy net fokus op ’n persoon se foute en net dit raaksien, jy op so ‘n persoon gaan pik. Jy is negatief ingestel teenoor so ’n persoon en het ’n outomatiese renons. Jy DISASSOSIEER jouself van die persoon. In ’n huwelik is dit bitter gevaarlik, want die gevolg is:

Uitsluiting: ontoeganklik, hard en gemeen;

Minagting: veragting, minagting, versmading – parmantig;

Kritiek: veroordeling, oordeel, afkeur.

## PRAKTIES:

1. Probeer om positiewe en menslike eienskappe by die ander groepering te identifiseer. Dis die begin van EERBIED en RESPEK.
2. Versprei die inligting – praat positief (Matt. 5:46-48).
3. Bid vir jou vyande – wanneer jy bid, kry jy weer God se perspektief op die persoon (Matt. 5:33).

[52] Zimbardo, P. (2013). *The lucifer effect*. New York: Random House.

4. Wees lief vir jou vyande – gaan dien en bedien mekaar.
5. Wanneer jy iets teen jou broer-ONS het – gaan praat dit uit (Matt. 18 en Luk. 17).
6. Wanneer jy agterkom jou broer het iets teen jou, los jou offer en gaan maak eers reg (Matt. 5:23-24).

Wanneer ons as mens begin fokus op ons verskille, verdeel ons die mensdom in groeperinge. Ons bou grense en mure, ons verloor ons volwassenheid om goddelik en objektief na die mensdom te kyk, ons raak KLEINLIK en ONVOLWASSE en verloor outoriteit om inspraak te hê in die mensdom. Ons verloor TOEGANG en ons ISOLEER onsself.

Die Bybel praat daarvan dat ons ons van sekere mense moet afskei, maar dit is deel van 'n dissipline proses om die persoon terug te wen tot die geloof. Mense wat hulle van die geloof afsny en wegstap, kan ons nie verhoed nie, maar ons stap nooit weg nie. Sien Hoofstuk 13, punt 6.

## Hy Was Onpartydig

Moenie die geringe en dié met aansien verskillend behandel nie: "*Julle mag geen onreg doen in die gereg nie. Jy mag vir die geringe nie partydig wees nie en die aansienlike nie voortrek nie. Met geregtigheid moet jy oor jou naaste oordeel."* (Lev. 19:15).

Tref geen onderskeid tussen ryk en arm nie: Rykes en armes het mekaar nodig. "*Rykes en armes het een ding in gemeen: die Here het hulle almal gemaak."* (Spr. 22:2).

Geen onderskeid tussen die werkgewer en werknemer: "*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, 'n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en 'n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie. As julle hierdie dinge weet, salig is julle as julle dit doen*." (Joh. 13:16).

Nie 'n aannemer van persoon nie: "*MY broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlikheid, nie wees met aanneming van die persoon nie*." (Jak. 2:1-9).

Geen rassevoorkeur nie: "*Want daar is geen onderskeid tussen Jood en Griek nie; dieselfde Here tog is Here van almal en is ryk oor almal wat Hom aanroep*." (Rom. 10:12).

Geen klassevoorkeur nie: "*…waar daar nie Griek en Jood, besnedene en onbesnedene, barbaar, Scith, slaaf, vryman is nie, maar Christus is alles en in almal*." (Kol. 3:11).

Geen titels en magposisies nie: "*Maar julle, laat jul nie Rabbi noem nie, want een is julle leermeester: Christus, en julle is almal broeders. En julle moet niemand op die aarde julle vader noem nie, want een is julle Vader, Hy wat in die hemele is. Julle moet julle ook nie leermeesters laat noem nie, want een is julle leermeester: Christus*." (Matt. 23:8-10).

Geen onderskeid tussen man en vrou nie: *"Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus*." (Gal. 3:28).

Die wat oorwinning behaal het, deel met die wat nie gaan veg het nie: "*Nee, ons deel gelykop: dié wat die pakgoed opgepas het, kry net soveel as dié wat gaan veg het."*(1 Sam. 30:24).

God trek niemand voor nie: "*En julle, eienaars, julle moet met dieselfde verantwoordelikheid teenoor julle slawe optree. Hou op om julle slawe te dreig. Julle weet mos dat julle een en dieselfde Eienaar in die hemel het, en dat Hý niemand voortrek nie*." (Ef. 6:9).

Hanteer elkeen as individu: "*Dié wat nog besluiteloos is, moet julle met ontferming behandel. Red ander deur hulle uit die vuur te ruk*." (Judas 22–23).

"*En as een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly*." (1 Kor. 12:26).

"In a real sense, all life is interrelated. All people are involved in an inevitable network of mutuality, tied in a single garment of destiny. Whatever affects one directly, affects all indirectly."
Martin Luther King Jr

## Jesus se Onpartydigheid en Inklusiwiteit

Jesus eet en kuier met die mense wat die godsdienstige leiers verag en marginaliseer.

Jesus eet saam met Matteus (Levi), die tollenaar (Matt. 9:9-13; Mark. 2:13-17; Luk. 5:27-32). Levi is ʼn tollenaar (belastinggaarder, deur die Jode gehaat omdat hulle beskou is as verraaiers wat vir die Romeine werk).

Daar was ʼn man met die naam, Saggeus, die hooftollenaar, ʼn ryk man (Luk. 19:1-10).

Die Samaritaanse vrou by die put (Joh. 4). "… *want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. En hulle het na ʼn ander dorp vertrek."* (Luk. 9:56). Die twee "seuns van donder" wou vuur uit die hemel roep op die mense wat Hom nie wou ontvang nie.

Partyskappe is ʼn werk van die vlees – Gal. 5:20 (SEKTARISME: sekteywer, sektegees) Daarom waarsku Jesus teen partyskappe: Die wat nie teen ons is nie, is vir ons – Mark. 9:38-40 en Num.11:27–29.

## Die Samaritane

Toe die Noordelike Ryk, met Samaria as hoofstad, deur die Assiriërs verower is, het hulle talle van die Jode in ballingskap na Assirië weggevoer en Assiriërs in daardie landstreek gevestig om die grond te bewerk en vir vrede te sorg (2 Kon. 17:24). Dit het grootskaalse ondertrouery tussen die Jode en Assiriërs veroorsaak en tot ʼn gemengde godsdiens en gemengde groep in daardie gebied gelei. Die Jode van Juda, die Suidelike Ryk, het die Samaritane dus as ʼn onsuiwer groep mense beskou en hulle gehaat omdat hulle, volgens die Jode, hulle volk en godsdiens verraai het. Daarom het die Jode uit hulle pad gegaan om Samaria en die Samaritane te vermy. Jesus maak egter geen onderskeid tussen Jood en Samaritaan nie.

Die een van die 10 melaatses wat terugdraai en Hom kom bedank, was ʼn Samaritaan (Luk. 17:11-19).

Samaria word ingesluit by die sendingreise en werk van die apostels (Hand. 1:8; 8:1, 5; 9:31; 15:3).

Die verhaal van die Barmhartige Samaritaan (Luk. 10:30-37).

Jesus volg ʼn patroon wat later in die Handelinge-kerk herhaal is: Hy begin plaaslik, die klein dorpie, dan die streek, dan die stad, en dan die uithoeke van die wêreld. Jesus versamel ʼn nuwe familie, volk en gesin van gelowiges om Homself. Galilea: Nasaret, Kapernaum, Samaria, Jerusalem. *"Julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld."* (Hand. 1:8).

## Jesus Sluit Niemand Uit Nie

*"Maar Ek sê vir julle met waarheid, daar was baie weduwees in Israel in die dae van Elía toe die hemel toegesluit was drie jaar en ses maande lank, toe daar ʼn groot hongersnood gekom het in die hele land, en na nie een van hulle is Elía gestuur nie, behalwe na Sarfat in Sidon, na ʼn weduwee. En*

*daar was baie melaatses in Israel in die tyd van Elísa, die profeet, en nie een van hulle is gereinig nie, behalwe Naäman, die Síriër."* (Luk. 4:25-27).

Die plek van die vrou word herstel: Maria salf Sy voete (Joh. 12:1-8) – 'n vrou salf Jesus se voete (Matt. 26:6-13; Mark. 14:3).

Hy veroordeel nie eens die blatante sondaar nie (Joh. 8:1-11).

## Jesus se Familie

Jesus se eie familie het Hom nie eens aanvaar nie (Matt. 12:46-50; Luk. 8:19-2; Joh. 7:3-5; Mark. 3:21).

Judas, sy halfbroer: "*Van Judas, 'n dienaar van Jesus Christus en 'n broer van Jakobus*." (Jud. 1:1). Hy roem nie in die feit dat hy Jesus se broer was nie; hy noem homself eerder Sy dienskneg.

Hier is my gesin: *"Weet julle wie is my ma en wie is my broers? Daarop wys Hy na sy dissipels en sê: "Daar is my ma en my broers. Elkeen wat aan die wil van my hemelse Vader gehoorsaam is, is my eintlike familie."* (Matt. 12:48-50; Mark. 3:33-35; Luk. 2:48-49; Joh. 7:6-8).

# Hoofstuk 19

## DIE RIDDERLIKHEID VAN JESUS

---

"Defend the weak, protect both young and old, never desert your friends. Give justice to all, be fearless in battle and always ready to defend the right." The law of Badger Lords

**HIERDIE** besondere en merkwaardige karaktereienskap van Jesus is meer as net om braaf, moedig of sterk te wees. Dis om, soos die kruisvaarders en ridders van ouds, in die belang van die swakkes en weerloses jou lewe af te lê.

Ridderlikheid, braafheid, hoflikheid /

Chivalry, bravery, gallant, courageous, boldness.

Hierdie goddelike eienskap is mooi saamgevat in Openbaring: "*Wie is waardig om die seëls oop te maak; die leeu en die lam.*" (Op. 5:3).

Hy is 'n vryheidsvegter, maar Hy veg nie met swaarde en stokke nie. Hy veg met 'n stille weerstand teen die uitbuiting deur die godsdienstige leiers:

- "Courage is not the absence of fear; it is the mastery of it."
- William Penn: "Right is right, even if everyone is against it, and wrong is wrong, even if everyone is for it."
- Oh, do not pray for easy lives. Pray to be stronger men. Do not pray for tasks equal to your powers. Pray for powers equal to your tasks.

### Unieke Kenmerke:

Hierdie dapperheid is nie 'n doellose geraas nie, maar berekende (intentional) fokus en akkuraatheid.

Hierdie dapperheid is nie 'n charismatiese persoonlikheidstipe nie, maar 'n versigtige afhanklikheid (meekness) van die Vader.

"*Let op, Ek stuur julle soos weerlose skape onder die wolwe in. Wees dan skerp soos die slange, maar terselfdertyd opreg soos die duiwe*" (Matt. 10:16).

Hierdie dapperheid kan nie 'n kompromis aangaan nie, maar staan onverskrokke by die waarheid.

Hierdie dapperheid is nie 'n geheime soeke na erkenning en aansien nie, maar is 'n opregte soeke om die weerloses en swakkes te sien opstaan.

Hierdie dapperheid is nie net ’n periodieke heldedaad nie, maar ’n daaglikse lewe van gehoorsaamheid en geloof in God alleen.

## Dapper Ridderlikheid In Die OT

"*Wees sterk en dapper. Jy moet hierdie volk lei om die land wat Ek met ’n eed aan hulle voorouers beloof het, in besit te neem. Wees sterk en baie dapper! Voer al die opdragte uit wat Ek vir my dienaar Moses gegee het. Moenie links of regs daarvan afwyk nie. Jy sal dan suksesvol wees in alles wat jy doen. Hou hierdie wetboek altyd by jou. Dink dag en nag daaroor na sodat jy alles kan doen wat daarin geskryf is. Jy sal dan sukses behaal op jou pad. Jy sal voorspoedig wees. My opdrag aan jou is dat jy sterk en dapper moet wees. Moenie bang of huiwerig wees nie. Die HERE jou God is saam met jou in alles wat jy doen.*" (Jos. 1:6-9).

Maar Dawid skree terug: "*Jy kom na my toe met ’n swaard en ’n spies en ’n kromswaard, maar ek kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die magte van Israel wat jy beledig het. Vandag gee die Here jou oor in my mag.*" (1 Sam. 17:45-47).

## Dapper Ridderlikheid in die NT

*"Die raadslede was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se waagmoed sien, want hulle het besef dis gewone mense sonder enige besondere opleiding. Hulle het hulle ook herken as mense wat saam met Jesus was."* (Hand. 4:13-20).

*"En nou is ek op pad Jerusalem toe, gebind deur die Gees. Wat dáár met my gaan gebeur, weet ek nie. Wat ek wel weet, is dat die Heilige Gees my in elke stad verseker dat gevangenskap en vervolging voorlê. Al is my lewe kosbaar, ag ek dit van geen waarde as ek nie my lewenstaak en my bediening wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaarmaak nie: Om die Goeie Nuus te verkondig dat God mense liefhet sonder dat hulle iets hoef te doen om dit te verdien."* (Hand. 20:22-24).

*"Gebruik dan al die wapens wat God ons gegee het sodat julle julle kan verdedig as julle aangeval word, en as die geveg verby is, sal julle nog onoorwonne wees."* (Ef. 6:14).

*"Dus, my geliefde broers en susters, staan baie vas, onbeweeglik. Gee altyd julle allerbeste vir die Here se werk, want julle weet voor die Here is alles wat julle doen die moeite werd."* (1 Kor. 15:58).

## Geloof maak jou dapper en vreesloos:

Deur die Bybel het mense geloof ontvang om bonatuurlik dapper dinge te doen (Heb. 11): Abel; Henog; Noag; Abraham; Isak; Josef en Moses.

*"Wat meer moet ek nog sê? Dit sal veels te lank neem om nog te vertel van die geloof van Gideon, Barak, Simson, Jefta, Dawid, Samuel en die profete. Hulle het deur te glo koninkryke verower, die reg herstel, verkry wat God beloof het, leeus se bekke toegestop, die gloed van vuur geblus en aan die swaard ontkom. Hulle het krag in hulle swakheid ontvang, was magtig in die oorlog en het vreemde leërs op die vlug laat slaan. Vroue het selfs hulle geliefdes uit die dood terugontvang. Ander weer is gemartel, maar wou nie die prys vir hulle vrylating betaal nie omdat hulle die opstanding tot ’n beter lewe wou verkry. Party moes bespotting en géseling verduur, ook arrestasie en gevangenskap. Hulle is met klippe doodgegooi, in twee gesaag, met die swaard vermoor. Hulle het rondgegaan in skaapvelle en bokvelle, honger en verdruk en mishandel. Hulle was te goed vir hierdie wêreld; hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge in grotte geskuil en in gate in die grond. En alhoewel daar oor hulle almal op grond van hulle geloof met soveel lof getuig is, het nie een van hulle ten volle verkry wat God beloof het nie."* (Heb. 11:32-39).

## Gemeenskap Van Gelowiges Maak Jou Dapper

"*Die gelowiges in Rome het van ons gehoor, en party van hulle het ons by die Appiusmark kom ontmoet en ander by die Drie Herberge. Toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed geskep.*" (Hand. 28:15).

## Ridderlikheid in daaglikse Ooreenkomste en Kontrakte:

Ons lewe bestaan uit duisende transaksies, onderhandelinge, ooreenkomste en verbintenisse. Hierdie transaksies word vanuit die Bybelse perspektief as heilig gesien. Die lewe is 'n versameling kontrakte. Verhouding impliseer 'n verbintenis, 'n kontrak, 'n lojaliteit teenoor mekaar. Geestelike gesag impliseer dat ons die orde van die lewe verstaan en met goddelike wysheid handel en doen wat reg is.

*"Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."* (Matt. 18:19).

Die Bybel is inderwaarheid God se liefdeskontrak met die mens: Jesus het die kontrakbreuk van die mens herstel en nagekom deur Sy lewe te gee as offer en betaling vir ons straf.

**Die Bybelse begrippe van kontrakte is:**

1. Die Wet – Civil Law: Eks. 21:18 – 23:9.

2. Verbond – Die woord kom 272 keer in die Bybel voor.

3. Eed – Die woord kom 255 keer in die Bybel voor.

Wanneer 'n mens die wette in die OT bestudeer, is daar 'n duidelike skeidslyn tussen opsetlike en onopsetlike verkeerde gedrag. Dit het bepaal in watter mate 'n persoon aanspreeklik was en wat die restitusie, terugbetaling, sal wees.

Die Bybel gee verskeie voorbeelde van kontraksluiting: Gen. 23:3-16 Abraham koop na haar dood wettig vir Sarah 'n graf by die Hettiete.

Gen. 25:29-34 Jakob koop Esau se geboortereg.

Gen. 29:19-30 Jakob se transaksie vir Ragel met Laban, en die misleiding met Lea.

Wanneer 'n samelewing die krag van 'n ooreenkoms goedkoop maak, verval daardie samelewing in selfvernietigende anargie.

Geloof is 'n vorm van 'n kontrak. Petrus vra: "*Here, kan ek ook op die water loop*?" Jesus stem in en antwoord: "*Kom!*" Petrus reageer op die uitnodiging en breek die wet van verplasing. Hy kan net op die water loop omdat daar 'n ooreenkoms gesluit is met die Hemel wat naby gekom het.

Besigheid is die skep en handhawing van ooreenkomste, ruiltransaksies en verbintenisse. Om jou woord gestand te doen en lojaal te bly aan 'n ooreenkoms, is die paaie waarvolgens allerhande goedere hande verruil. Deur ons ooreenkomste te verbreek, met valse skale te weeg en sonder meer hierdie transaksies te verbreek, verwoes ons die toegangsweë van ons eie voorsiening.

**In Jesus se bergpredikasie, is Hy voorskriftelik oor verskeie kontrakte en verbintenisse:**

Hy het nie gekom om die wet ongeldig te maak nie, maar om dit dieper betekenis te gee (Matt. 5:17).

Versoen 'n regsaak deur te skik (Matt. 5:25-26).

Egskeiding – bly getrou aan jou huwelikskontrak (Matt. 5:31-32).

Wellus en egbreek kan gesien word as om die huwelikskat van naaktheid en seksuele intimiteit te vat sonder om daarvoor wettig te betaal (Matt. 5:27-30).

Die aflê van 'n eed (Matt. 5:33-37). Laat jou ja eenvoudig ja wees. Hou jou woord. Die eerbaarheid van jou woord is die konsekwentheid waarnatoe voorsiening vloei (Jak. 5:12).

Wettigheid, mandaat, is wesenlik tot sukses in die lewe. Jesus kon nie begin handeldryf met wat die hemel bied totdat dit vir Hom gegee is nie. (Die bruilof in Kana, Joh. 2).

Jy kan nie namens enige organisasie geld insamel sonder 'n wettige mandaat nie. Jy kan nie namens enige groepering praat sonder hulle instemming nie.

Ons beleef tans so baie chaos in ons samelewing omdat mense 'n bestaan probeer maak uit aannames, veronderstellings, onbevestigde verwagtinge en hoorsê. Jesus kan duiwels uitdryf omdat Hy die wettige gesag van God is. Jesus is die hemelse Wetstoepasser van God die Vader, die Koning.

'n Groot deel van verhoudingsprobleme is as gevolg van 'n onwettige basis en fondasie. Wie het jou aangestel? Wie het jou die reg gegee? Daarom, wanneer ons iemand wil korrigeer, behoort ons toestemming te vra, buiten waar die reg alreeds bestaan of toegestaan is. Soos met 'n ouer-en–kindverhouding, 'n werknemer-en-werkgewerverhouding,ens.

Vele probleme ontstaan omdat ons onwettig buite die raamwerk van orde en gesag beweeg. In die hemel is daar orde: "…verwerp hulle die gesag van die Here en beledig hulle die hemelwesens. Nie eens die aartsengel Migael het so iets gedoen nie. Toe hy met die duiwel gestry het oor die liggaam van Moses, het hy hom dit nie veroorloof om die duiwel te beledig en te veroordeel nie, maar hy het vir hom gesê: *"Die Here sal jou straf." Maar hierdie mense praat lasterlik oor dinge waarvan hulle geen kennis het nie."* (Judas 8-10).

Sommige gebruik die feit dat ons lewe vanuit die geregtigheid in Christus Jesus ontvang het om voorbarig te wees. Paulus gebruik nie sy reg op 'n inkomste nie: (1 Kor. 9:12): *"Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien. Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser."* (1 Pet. 2:16-17).

Erken en respekteer gesag in vergaderings. Gee erkenning aan die voorsitter en vra toestemming voor jy 'n punt maak. Volg goeie orde: "Meneer die Voorsitter …" Bly by die punt en vra toestemming om buite die punt te beweeg.

**Misbruike:**

Sommige mense misbruik 'n gegewe oorspronklike verbintenis deur die doelpale die heeltyd te skuif, sonder om die kontrak op te dateer. Herbevestig en hersien gereeld die kontrak.

**Dubbele standaarde:**

*Gebruik die regte gewigte en maatbakke sodat jy 'n lang lewe mag geniet in die land wat die HERE jou God vir jou gee. Mense wat met oneerlike gewigte en maatbakke kul, is veragtelik vir die HERE jou God* (Deut. 25:15-16). *"Goddelose plek, moet Ek die verkeerde maatlyn bly verdra, of die vals inhoudsmaat wat Ek so haat? Moet Ek die eienaar van 'n onbetroubare weegskaal vryspreek, een met 'n sak vol vals gewigte?"* (Miga 6:10-11).

**Groepsdruk:**

*Moenie agter die meerderheid aangaan en ook verkeerd doen nie. Wanneer jy in 'n hofsaak getuig, moet jy nie agter die meerderheid aanhardloop en die waarheid verdraai nie. Jy mag ook nie jou getuienis verdraai ter wille van iemand net omdat hy of sy arm is nie* (Eks. 23:2-3).

Misleiding: Jy mag ook nie in 'n hofsaak die reg verdraai bloot net omdat iemand arm is nie (Eks. 23:6).

## 'n Oproep om as kerk ridderlik op te staan vir LEWE.

Terwyl ek een oggend bid en dink oor die radikale leefstyl wat Jesus van ons verwag, onthou ek die ryk jong man, wat Jesus lief gehad het. Hy het die hele wet getrou nagekom, en het baie besittings gehad. (Matt. 19:16-30). Toe Jesus hom vra om alles te verkoop, en saam met die dissipels 'n volgeling te word, het hy bedruk omgedraai. Ek is daardie jongman. So ook derduisende gelowiges wat dit net nie oor hulle hart kry om aansien, posisie, status, gerief, rykdom, beroepe, families op te gee om Jesus te volg nie.

Verder is die realiteit, dat die koninkryk van God nooit in gevaar of krisis is nie. Gelowiges wat lewe volgens Jesus se voorskrifte beleef vir seker vervolging, maar ons sal nooit wankel nie. (Heb. 12:26-19). As ek dit wat ek nie nodig het nie deel met ander, is daar geen gevaar vir diefstal nie? As ek my lewe uitgiet vir ander, is daar geen vrees vir die dood nie. As ek eenvoudig leef en in dankbaarheid tyd spandeer met my familie en vriende is ek innerlik ryk, en het aardse besittings geen houvas op my nie. Maak materiële besittings mens gelukkig? Net vir 'n oomblik, dan soek ek die volgende model.

As ons werklik ridderlik wil wees, moet ons vir die regte sake konsekwent ridderlik opstaan, en veg vir lewe: Niks is meer relevant as **aborsie, doodstraf en natuurbewaring** nie! Hoekom is die kerk nie verenig in ons standpunt oor hierdie sake nie? Sommige is pro-lewe, en ander is vir aborsie. Sommige wil die doodstraf terugbring, en ander sidder by die gedagte. Natuurbewaring was nog nooit hoog op die kerk se agenda nie, want ons wag vir die wegraping wat enige tydstip kan plaasvind.

Shane Claiborne en Tony Campolo pleit in hulle boek vir 'n Jesus revolusie[53]; 'n eenvormige, vasbeslote, radikale, konsekwente beweging om Jesus se lewenstyl te modelleer. Die een area waar ons juis 'n reuse verskil kan maak is om nie net te veg vir die lewe van 'n fetus-baba nie, maar ook vir die lewe van kinders, tieners, ouers en bejaardes. Ons moet konsekwent die voorste vegters wees vir LEWE! In die meeste gevalle is die hoofrede hoekom moeders hulle babas aborteer, vir ekonomiese redes. Dit beteken daar is 'n reuse nood, vir die kerk om betrokke te raak, en moeders te ondersteun en aanneem-gesinne op te rig. Ons kan nie aan die een kant die daad veroordeel, maar aan die ander kant geen ondersteuning bied om die persoon te help om reg te doen nie. Sien "When helping Hurts" 'n boek wat elke kerkleier behoort te lees, en elkeen wat 'n hart het vir die armes. [54] Die "Chalmers Center" [55] het as gevolg van die boek tot stand gekom, om gelowiges te lei en te help om werklik 'n tasbare verskil te maak in hulle gemeenskappe. Gemeenskap banke en klein-lening agentskappe word o.a. bespreek, plus al die gevare oor hoekom dit soms nie werk nie.

In die meeste gevalle word die doodstraf toegeken aan diegene wat nie die slimste prokureurs kan bekostig nie. Jesus het baie duidelik 'n rewolusie begin: Sien Hoofstuk 30, bl. 260. Toe hulle die vrou tot die dood wou veroordeel, was Jesus se antwoord: *"Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi."* (Joh. 8:7). As Christene weet ons dat ons almal 'n doodsvonnis voor God opgelê is vir ons sonde. Ons behoort die voorste stryders vir lewe te wees. Ons geliefde Dawid was 'n moordenaar, leuenaar en egbreker wat by God vergifnis verkry het.

Die kerk kan 'n wesenlike rol speel deur baie meer betrokke te raak in **"herstellende geregtigheid".** Dit word alreeds deur SA se Departement van Justisie aanvaar, as 'n alternatief tot strafregtelike geregtigheid. [56] Daar is wonderlike getuienisse van misdadigers wat hulle tot die Here bekeer het, omdat die slagoffers vir hulle lewe gepleit het. Die koninkryk-boodskap veronderstel dat die gemeenskap, familie en gesin, die mees effektiewe plek is vir sosiale regverdigheid. Geen mens wil gesig verloor, voor die mense wat ons respekteer nie. Dis 'n inherente polisiëring waarmee God ons geskape het. Die afbreek van die rol van die vader, die

---

[53] Claiborne, S. and Campolo, A. (2012). *Red letter revolution*. Nashville: Thomas Nelson.

[54] Corbett, S. and Fikkert, B. (2009). *When helping hurts*. Zondervan.

[55] https://chalmers.org

[56] https://www.justice.gov.za/rj/2011rj-booklet-a5-afr.pdf

gesin, en familie het hierdie innerlike mede-aanspreeklikheid en verantwoordbaarheid vernietig. Al die polisiëring aksie-planne in die wêreld gaan dit nie kan herstel nie.

Die aarde kreun onder die misbruik van natuurlike hulpbronne, omdat ons nie dink aan die volgende generasie nie. Daar is tans 'n beweging in SA onder leiding van James Blignaut[57] wat **herlewings landbou** bevorder. "Heal the land/Heal the people". Gesonde, biologiese, helewingslandbou is ook tans wêreldwyd besig om meer prominent te raak. [58] Jesus het tog vir 90% van Sy lewe fisies gewerk, heelwaarskynlik gehelp boer, saai en oes in Nasaret. Dit toon die balans wat ons behoort te hê. Mense verloor die waarde van voedsel, want hulle weet nie meer hoe dit gemaak word nie. Elke kind behoort sy of haar eie tuintjie te hê om te versorg. Daar is so baie ervaringsgebaseerde lesse om te leer in hierdie aktiwiteit. Mens leer nie hoe die lewe werk op 'n skerm van 'n rekenaar of televisie nie. Jy moet hom sintuiglik voel, hoor, ruik en sien.

Ons het nodig om baie braaf, en ridderlik te word om vir hierdie aspekte standpunt in te neem. My vraag is: Die wêreld is besig om geloof in die kerk te verloor, omdat hulle nie Jesus in ons tradisies, oorleweringe, en prediking meer raaksien nie. Hulle luister eenvoudig nie meer na ons preke nie! Ons kerke word leër en leër. Ek glo met my hele hart, dat die kerk voor 'n reuse geleentheid staan om Jesus juis te modelleer deur ons dade soos nog nooit vantevore nie! Deurdat ons verenig staan in ons liefdesdiens, omgee, deernis, en hulpverlening aan die armstes, verwondes, veroordeeldes, hulpeloses en verstotenes.

[57] http://restory.co.za
[58] https://rodaleinstitute.org

# Hoofstuk 20

## Die Broederlikheid van Jesus

---

"There is no unity of diversity without Christ at the center." André Pelser

**JESUS** het gekom om die mens se eerste oortreding teen ’n ander mens te kom herstel. Kain se traak-my-nie-agtige, ek-gee-nie-om-nie, is-nie-my-broer-se-versorger-nie, *"Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas?"* (Gen. 4:9) word vervang met Jesus se woorde aan ’n kruis: *"Vader, vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie."* (Luk. 23:34). Jesus sê as te ware; "Ek sal vir hulle verkeerde dade betaal en verantwoordelikheid vir hulle sonde neem."

Jesus herstel *"the brotherhood of mankind"* - eenheid, maar nie soos ’n mens nie. Hy was daar toe die mens uit ambisie en eersug ’n toring wou bou om *"so maak ons vir ons ’n naam"* te vestig (Gen. 11:4). God moes hierdie mens-gerigte ambisie en eenheid verwoes deur mense se tale te verwar.

Jesus roep ’n oordeel uit oor Herodes se glorieryke tempel wat dieselfde motief ter harte gehad het: *"Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig."*

*Die Jode sê toe: "Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en U sal hom in drie dae oprig?" Met "hierdie tempel" het Hy egter sy liggaam bedoel."* (Joh. 2:21–22). Jesus praat van die tempel van Sy liggaam (vgl. 1 Kor. 3:16; 6:19) wat na drie dae opgewek sou word. Eers ná Sy opstanding het die dissipels weer aan Jesus se antwoord in vers 19 gedink en is hulle geloof versterk (Joh. 20:31).

Jesus wil ’n nuwe familie (broederskap) daarstel vir die mens, nie gesetel in politieke mag, aardse konings en koninkryke nie. Hy verkondig ’n **koninkryksboodskap**: ’n nuwe tipe regering en verbondenheid tussen mense. Kerk, koninkryk, broederskap, familie, bruid en liggaam is alles metafore wat wys op hierdie nuwe radikale goddelike ingryping. God en mens word verenig in ’n heilige eenheid en verbondenheid waar Hy die Hoof, Koning, Bron en Heerskappy is.

Jesus kies dus Sy volgelinge vanuit ’n **diverse agtergrond**: gewone ambagsmanne, doeners en nie praters (teoloë) nie. CS Lewis: *"needs both the women and the scientist to make birthing easier. The experiential and the reason*."

*"Our quest is not only to be one with the Father, but also one with each other."* (John 17:21). "*There cannot be unity with the one, without unity with the other."* (1 John 4:20).

Die Bybel is ’n boek oor **verhoudings**. God is in wese ’n drie-enige verhouding. Sonde is die dade wat verhoudings skade aandoen en verwoes. Sonde het hoofsaaklik vier verhoudings verwoes: ons verhouding met God, met onsself, met mekaar en met die skepping. Christus is God in mensvorm om ons te wys hoe om al hierdie verhoudinge te herstel. Hy is die bemiddelaar en tussenganger wat ons verhouding met God herstel het deur Sy eie lewe as offer te gee vir ons sonde en oortredinge. Die hele skepping is in verhouding met al die dele van die skepping. Die

skepping is dus een groot verhouding van verhoudings! As een lid weggeneem word, affekteer dit die geheel. God is dus ons antwoord en bloudruk vir verhoudings. Hoe meer ons nader aan Hom leef, en in dieper verbondenheid met Hom leef, hoe gesonder en meer reg is ons verhoudings. Om die Here te dien maak ons mooier mense: die vrug van die Gees en Jesus se voorbeeld wys ons hoe om in vergifnis en waarheid te leef.

*"God laat die eensames woon in 'n huisgesin, Hy lei die gevangenes uit in voorspoed; maar die wederstrewiges woon in 'n dor land."* (Ps. 68:6).

Daarom gee Jesus pertinent riglyne en instruksies oor hoe om hierdie verhoudinge in stand te hou, byvoorbeeld:

Jy moet jou vyande liefhê – (Matt. 5:44).

Konflik hantering – Matt. 18 en Luk. 17.

*"Laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe"* – (Matt. 5:24).

Koninkryk, familie, bondgenootskap en broederskap in Jesus se tyd op aarde was wesenlik tot oorlewing en voortbestaan. Die Romeinse ryk, die ryk Joodse families, die Fariseërs, Sadduseërs, skrifgeleerdes, priesters, belastinggaarders, ambagsmanne en arm mense het almal as 'n spesifieke klas en groepering bestaan wat sekere mag oor die mense uitgeoefen het. Jy kon nie deel word van enige van hierdie groeperinge sonder die regte kwalifikasies nie. Jesus kies om nie die amptelike pad van die rabbi's te loop en hulle opleidingskool by te woon nie. Hy verkies om in Nasaret tussen gewone en meestal arm mense groot te word. Sy opleiding was die beoefening van God se wet en wil in die daaglikse lewe. Wanneer Hy dus praat, *"praat Hy met gesag"*. Mense verstaan, en hoor, en besef: *"Hy weet waarvan Hy praat."* (Matt. 7:28, 29; 13:54 19:25; 22:33; Mark. 1:22; 6:2; 7:37; 10:26; 11:18; Luk. 2:48; 4:32; 9:43; en Hand. 13:12.) Jesus steek Sy hand uit en wil ons nooi om deel te wees van God se familie (Matt. 4:17).

Jesus se radikale boodskap verskuif die norme en standaarde van hoe jy deel word van God se familie:

*"Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."* (Joh. 3:3).

*"Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie."* (Luk. 17:20).

*"Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God."* (Matt. 6:20).

*"Hoe moeilik is dit tog vir mense wat ryk is, om in die koninkryk van God te kom."*(Luk. 18:24).

*"As julle geregtigheid nie oorvloediger is as dié van die skrifgeleerdes en Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie."* (Matt. 5:20).

*"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is."* (Luk. 13:21).

*"Ons moet deur baie verdrukkinge in die koninkryk van God ingaan."* (Hand. 14:22).

God sien die mensdom as Sy familie sedert die skepping van die mens. Ons een-wees versinnebeeld die eenheid wat in die Godheid is: "*Nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie"* (Gen. 11:6).

MAAR: God se familie is 'n geloofsfamilie (Rom. 4:5). Abraham is die vader van die geloof (Rom. 3:30; 4:1-2; 4:16; Heb. 6:15). Sarah, Ragel en Rebekka kon nie kinders hê nie. Hulle moes God se belofte aan Abraham – van 'n groot nageslag – vertrou en sien hoe God bonatuurlik 'n nageslag voorsien. Die verbond se seën op Abraham was van die begin af 'n generasie-erfenis van gesinne (Gen. 12:1-3).

Nie een van die aartsvaders se eersgeborenes uit die vlees het die seën van die eersteling ontvang nie. Abraham se eersgeborene was Ismael, maar Isak gebore van Sarai word die seun van belofte

(Gen. 17:18-21). Isak se eersgeborene is Esau, maar Jakob, wie se naam later verander word na Israel, verkry die belofte (Gen. 27:20-29). Jakob se eersgeborene was Ruben en hy het nie 'n seën ontvang nie, maar in plaas daarvan: "*Jy sal nie uitblink nie*" (Gen. 48:3-4). Ruben se onsedelikheid met sy pa se byvrou Bilha (die moeder van sy broers Dan en Naftali) word aangeteken in Gen. 35:22. Josef ontvang die seën as die oudste seun van Ragel, Jakob se eerste liefde. Later het Benjamin die stam-seën ontvang en nasie-leier geword. Selfs Josef se eersgebore seun, Manasse, ontvang nie die seën nie. Jakob kruis sy hande en seën Efraim (Gen. 48:1-20). Dit is dus baie duidelik dat God nog nooit 'n politieke, vleeslike of nasionalistiese nasie vir Homself gesoek het nie. God soek van die begin af 'n geestelike familie.

Die Joodse regeringstelsel word 'n teokrasie genoem waar God die Koning is. Dit was nie God se oorspronklike plan dat Israel 'n aardse koning as heerser oor hulle moet hê nie. Samuel waarsku hulle dat hulle besluit negatiewe gevolge inhou (1 Sam. 8:1-21). "*Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want hulle het nie jou verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.*" (1 Sam. 8:7).

Toe God die eerste koning van Israel aangestel het, het Hy die koning verkies soos die mens verkies het – "'n magtige man van krag". "*Daar was onder die kinders van Israel geeneen mooier as hy nie: van sy skouers af boontoe was hy hoër as die hele volk.*" (1 Sam. 9: 1-2). Dawid, die jongste, onbekende skaapwagter-seun van Isai, was God se keuse (1 Sam. 16:13).

God wil hê dat ons Sy kinders, mense van geloof, moet wees volgens Sy insettinge en wil. Dit is waarom sommige mense wat nooit in die koninkryk aanvaar sou word nie, weens hul geloof ingesluit word in Jesus se geslagsregister. (Lees Matt. 1:3-6.)

Tamar – Genesis 38;

Ragab – Josua 2:1-14;

Rut – Rut 4:8;

Batseba – 2 Samuel 11:3.

Die tweede en derde was nie-Joodse, heidense vroue en miskien die vierde een ook. Ragab was van twyfelagtige karakter, maar het met 'n Joodse prins getrou en ongetwyfeld 'n deugsame vrou geword. Rut was 'n edelvrou. Tamar se optrede in haar verhouding met haar skoonpa is onortodoks in ons oë, alhoewel nie die gevolg van wellus van haar kant af nie, maar omdat die begeerte na kinders op onregverdige wyse deur haar skoonpa verhinder is. Sy het in elk geval 'n voorouer van Dawid geword. En Batseba was 'n egbreker (2 Sam. 12:24).

God ag die waarde van familie baie hoog. Familie is God se manier om ons in volwassenheid te bring. Sielkundiges, beraders en opvoeders kan sekerlik die negatiewe gevolge van 'n gebroke familie, afwesige ouers, kindermishandeling weens slegte ouerlike rolmodelle en arm familiestrukture opnoem. Ons kan aanneem dat die meeste van die sosiale probleme wat ons vandag ervaar weens 'n gebroke familie-eenheid is. Vyf en sestig persent van die kinders in ons land word nie by beide biologiese ouers groot nie!

## Kerk is God se Familie-Voorsiening Aan Die Wêreld:

Wanneer die kerk die waarde en belewenis van familie verloor, het ons ons bruikbaarheid verloor.

Een van God se primêre voorsienings aan ons, behalwe die uitstorting van die Heilige Gees, is die **Liggaam van Christus**. Vir God om mens te word, het Hy 'n liggaam nodig gehad (Heb. 10:5). Die Alomteenwoordige, Almagtige en Alwetende God kom woon in 'n menslike liggaam! Dis Sy eerste groot liefdesdaad aan ons! Sy inkarnasie! (Heb. 4:14-15.) Hy het 'n liggaam nodig gehad om goed te kan doen aan die mensdom, siekes te genees, die mag van die bose te verslaan en vir die wees en die weduwee en armes om te gee. Geen enkele mens kan vandag volledig Jesus alleen wees nie.

Indien daar wel weer so iemand is, sal ons die persoon verheerlik. Jesus word vandag vlees deur Sy kerk. Die kerk is Sy liggaam.[59] Die volheid van God is geopenbaar in Sy liggaam (Ef. 4:11-16; Ef. 5:30; Ef. 2:19-22; 1 Kor. 12:12). Ons het ook ’n liggaam nodig om God se wil te doen. Ons kan nie die Koninkryk van God op aarde laat kom soos wat dit in die hemel is sonder ’n liggaam nie.

Net soos Jesus moet ons onsself verneder en die gedaante van ’n **dienskneg** aanneem en mense begin dien (Fil. 2:1-4) en deel word van ’n liggaam. Elke mens het ’n liggaam gekry wat ons moet versorg en oppas. Hierdie liggaam is só wonderlik dat dokters jare moet studeer om een deeltjie te verstaan. Ons reduseer die liggaam van Christus tot ’n Sondagbyeenkoms. Kerk is God se genialiteit.[60] Ons sal eers in die ewigheid werklik die volheid van Sy liggaam ten volle verstaan. Sommige mense is oorgewig, oefen glad nie, eet verkeerd, werk te hard en gee hulleself oor aan verslawing. Hulle liggame gaan derhalwe vinnig agteruit en affekteer hulle beweeglikheid. Hulle kan later nie meer doen wat die liggaam voor gemaak is nie. Hulle sien nie die waarde van hulle liggame in nie. Baie gelowiges maak dieselfde fout omdat ons nie Sy liggaam onderskei nie (1 Kor. 11:29).

Verhoudinge is gekompliseerd (“messy”). Verhoudinge verg aandag, tyd, opoffering, deelname, harde werk. “’n Gesonde liggaam huisves ’n gesonde gees.” Ons het ook ’n gesonde liggaam/kerk/gemeente nodig om **geestelik gesond** te wees. Hierdie is so ’n diep geheimenis en die vyand weerhou ons om dit te sien! Want ons voorsiening en gesondheid is opgesluit in ’n liggaam. God het nooit bedoel dat die geestelike leier alleen die versorging van die kerk moet dra nie (Ef. 4:14-16; 1 Kor. 12:25). Ons gee om vir mekaar!

Die heerlikheid van die liggaam is **diversiteit**. Elkeen het ’n ander bediening, fokus en bestaansreg, maar alles ter wille van die liggaam. Die oog bestaan om te kan sien ter wille van die liggaam. Dis juis hierdie andersheid wat die meeste groei in ons bewerkstellig. Rick Joyner vertel die storie van ’n sekere man wat hom teen hulle bediening uitgespreek het. Hy het selfs ’n webtuiste teen hulle bediening begin. Die Here oortuig hom toe om vir die man te begin bid. Die Heilige Gees sê toe dat hy die Here moet begin dank vir die man. Maar hoekom? Hoe is dit moontlik? Toe besef hy: Sedert die man se teenkanting het hulle bediening meer bedag geraak op wat hulle sê en hoe hulle dit sê. Soms is die persoon wat jy die minste van hou, die werktuig wat God gebruik om jou die meeste te verander. Soms wil die oë die liggaam oordeel omdat hulle nie sien nie, tog het die ander dele van die liggaam ’n ander funksie. Laat elkeen sonder murmurering of wedywering elkeen hulle funksie vervul. Ons voel soms “net ek maak opofferings”. Moet eerder nie vergelykings tref nie – dien jy net die Here (Joh. 21:22). Daar is geen manier hoe jy jou van die liggaam kan afskei en distansieer nie. Alleenlik sonde, iemand wat verdeeldheid saai en van die gesonde leer afwyk, kan vermy word.

Geen sel in die liggaam kan buite die liggaam bestaan nie. **Ons het mekaar nodig**. Lees gerus hierdie pragtige artikel. Dis ’n opsomming van een van die hoofstukke in Malcolm Gladwell se boek, *Outliers*, oor die Roseta-effek. Dit handel oor ’n klein Italiaanse gemeenskap in New York. http://yocuzlawyers.com/2011/06/the-roseto-effect-the-valley-of-the-roses/ Die waarde van familie en gemeenskap kan fisies bereken en gesien word.

*God het besluit om aan julle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is:* ***Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid*** (Kol. 1:27 – NV). Die woord “julle” is ’n kollektiewe voornaamwoord en kan vertaal word as *“Christus onder julle en in julle”*. Christus is in jou, maar daar sal nooit weer ’n Christus in Sy volheid in een persoon gemanifesteer word nie. Christus se volheid kan alleenlik deur ’n liggaam van mense verheerlik word. Die kerk is Sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul (Ef. 1:23). “*As the new wine is found in the cluster, and one says, ‘Do not destroy it, for a blessing is in it.’*” (Jes. 65:8).

**Daar is net een liggaam** (Ef. 4:4). Die heerlikheid van God is alreeds opgesluit in Sy liggaam. Ons kan net in die volheid van hierdie heerlikheid leef wanneer ons die Christus in mekaar raaksien

[59] Pelser, A. (2003). *God's genius*. Milnerton: Pelser Publications.
[60] Pelser, A. (2003). *God's genius*. Milnerton: Pelser Publications.

en die gawes in mekaar ontsluit. Soos Jesus gebore is in 'n liggaam wat moes opgroei alvorens die tyd sou aanbreek vir Sy bediening, so is die kerk in 'n proses van voorbereiding tot die finale uur van haar glorie! Net soos mense Hom nie wou erken of aanvaar nie en uiteindelik sou kruisig, sal die kerk haar grootste heerlikheid bereik in haar donkerste uur. Mag God jou oë soos Petrus s'n open om die verlossing in Sy kerk raak te sien!

## Question: Can I be a Christian without joining the church?

Answer: Yes, it is possible. It is something like being:

A student who will not go to school.

A soldier who will not join an army.

A citizen who does not pay taxes or vote.

A salesman with no customers.

An explorer with no base camp.

A seaman on a ship without a crew.

A businessman on a deserted island.

An author without readers.

A tuba player without an orchestra.

A parent without a family.

A football player without a team.

A politician who is a hermit.

A scientist who does not share his findings.

A bee without a hive.

## Jy Is Deel Van Die Liggaam As Jy:

- wedergebore is in Christus
- 'n leefwyse leef van voortdurende selfverloëning
- iemand dien
- jou deel bydra ter wille van die koninkryk
- jou roeping uitleef
- vermenigvuldig

## Hierdie broederskap en familie-wees is baie dieper as dienste bywoon en lidmaatskapskaartjies.

- As een lid ly, ly die hele liggaam (1 Kor. 12:26; Kol. 1:24).
- Gelyke sorg vir mekaar (1 Kor. 12:25).
- Goddelike verbintenisse (Petrus en Kornelius, Hand. 10; Ananias en Paulus, Hand. 9:10-12; Filippus en die hofdienaar van Ethiopië, Hand. 8:26).

- Ken mekaar na die Gees: Jesus sien Nataniël (Joh. 1:47); Ananias profeteer wat Paulus gaan ly (Hand. 9:10-15).
- ’n Geestelike eenheid wat nie tot ’n spesifieke gebied beperk is nie (Kol. 2:5).

## Die Getal 150

> *In a recent study done by Dr Dunbar, he has found that there is a direct relationship between the size of a mammal brain and the size of the social group of that mammal. He even came up with a scientific formula, based on studies of animal behaviour, that suggests in relation to the size of the brain and specifically the neo-cortex of a certain mammal, the maximum size of the social group of this mammal. The maximum number for humans is 147.8 or 150. In anthropological studies this number pops up everywhere, in what scientists say is the ideal functioning size of a group. When a group or unit gets bigger than 150, complicated hierarchies, rules and regulations is needed to maintain cohesion and loyalty.*
>
> *Jesus had 12 disciples; He send forth a team of 70 (Luk. 10) and 120 gathered in the upper room, waiting on the promise of the Holy Spirit (Acts 1:5). Large crowds often followed Jesus, 5 000 were fed, and 3000 got saved on Pentecost. It is thus difficult to determine a specific magic number biblically. But what we do know, when it came to preaching the gospel large crowds were drawn, but when they met as a church, they met in houses. Although the church grew quickly, it seemed that the apostles kept the units small to preserve the unity and natural dynamics of a small group. It is easy to hide in a big congregation and to fall into the trap of just attending services. But the growth that the body supplies according to Ephesians 4:16 is seriously lacking. People grow spiritually more in a small church, because people know one another, and cannot hide, and they rely heavily on each other, so there is no passivity.*[61]

Ek dank God dat Hy Sy kerk bou en dat ons die realiteit sien van wat hierbo verduidelik is! Regoor die wêreld word ware Bybelse, akkurate kerke en maatskappye van mense opgewek, aangesien ons met ’n onthulde gesig, wat Hom soos in ’n spieël beskou, verander van heerlikheid tot heerlikheid in Sy volheid.

God bou die kerk … ’n kerk wat nie deur die mens beheer word nie, en nie deur die mens beskerm word nie, maar deur Sy Gees beheer word!

Laat almal wat ’n oor het, hoor wat die Gees van die Here sê!

## Gees Van Vervreemding:

*“Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen.”* (Kol. 1:21).

Een van die grootste hindernisse vir mense om deel te voel van die liggaam van Christus, is vervreemding. Ons voel nie tuis nie. Ons pas nie in nie. Dit of dat is nie volgens ons smaak nie. Ek is tussen mense, maar voel nog steeds alleen. Hierdie gevoelens is gebaseer op ons eie sonde en tekortkominge, of dié van oortreders wat ons alreeds baie seer gemaak het.

Dit is van wesenlike belang dat ons reg van die begin af verstaan dat hierdie gevoelens satanies van aard is. Ja, soos twyfel, is satan self die agent en oorsprong van hierdie gedagtes en gevoelens. Jy dink dit is wat jy voel, maar dit is ’n aanslag van die vyand om jou juis te verwyder van God se

[61] Gladwell, M. (2008). *Outliers*. New York, NY: Hachette Audio.

rykste voorsiening aan jou. Ons voorsiening, maar ook ons groei in volwassenheid, is in Sy liggaam, Sy familie, opgesluit.

John Ortberg wrote about a world where everybody did what they should all the time. It would be a world where "all marriages would be healthy and all children would be safe …" Israeli and Palestinian children would play together on the West Bank. Their parents would build homes for one another … Disagreements would be settled with grace and civility … Doors would have no locks; cars would have no alarms. Schools would no longer need police presence or even hall monitors … Churches would never split … Divorce courts and shelters for battered women would be turned into community recreation centres. Every time one human being touched another, it would be to express encouragement, affection and delight. No one would be lonely or afraid."

Die waarheid is: Ons almal droom oor hierdie perfekte wêreld, maar niemand van ons is gehoorsaam om reg te doen en te leef nie.

Neem geestelike outoriteit oor hierdie gedagtes (2 Kor. 10:4-6). Soos wat Jesus satan se leuens verslaan het met die Woord (Matt. 4:1-10), ontmasker jy satan se plan en bely die Woord, soos "I am well-accepted in the beloved." Eph. 1:6.

Jy gaan dan in die geloof en maak jouself deel daarvan op grond van Sy geregtigheid en die feit dat Hy jou alreeds deur die kruis versoen en deel gemaak het (Kol. 1:27).

Dien iemand met dit wat jy van Jesus ontvang het. Deel uit! Gee! "*Verniet het jy ontvang, verniet moet jy weer gee*"(Matt. 10:8). Ons het alreeds die vrug van die Gees ontvang. Hierdie vrug raak meer, hoe meer ek dit deel en uitgee. Dieselfde geld vir die gawes van die Gees. Die gawes is nie vir jou nie, maar vir dié in nood rondom jou.

Ons soek nie die erkenning, aanvaarding en eer van 'n mens nie, maar van God (1 Kor. 4:1-5).

Ek is wat ek is deur die genade van God (1 Kor. 15:10).

# Hoofstuk 21

## DIE BLYMOEDIGE SPELERIGHEID VAN JESUS

"The Christian owes it to the world to be supernaturally joyful." A. W. Tozer

**DIEGENE** wat hulle godsdienstige metodes en reëls vertrou, maak van Christenskap 'n ernstige saak! God is heilig en dus ernstig! Die redding van siele van die ewige verderf is vir seker 'n lewensbelangrike en ernstige saak, maar die manier waarop mense bereik word, is nie 'n kwaai, vinger-in-die-lug, oordeelpreek en -waarskuwing nie.

***Spelerigheid****:lewenslustigheid/opgeruimdheid/opgewektheid/gesonde humorsin. (playfulness).*

Dis 'n boodskap van goeie nuus: Die woord "evangelie" kom van die Anglo-Saksiese woord "godspell", wat "goeie nuus" beteken. Die oorspronklike woord kom van die Griekse *euangelion*, wat ook "goeie nuus" beteken.

*"Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van Hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: 'Jou God is Koning!' "* (Jes. 52:7).

Aangesien Jesus nie gesondig het nie en dus heilig was, word Hy in die meeste films as ernstig uitgebeeld. Die hoofrede, bes moontlik, waarom mense op die ernstige deel van die Evangelie en die Bybel konsentreer, is omdat ons nie in die Bybel die gesigsuitdrukkings van Jesus kan sien nie. Daar is nie emotikons by nie. Sommige komediante gebruik omtrent net gesigsuitdrukkings om 'n baie ernstige aanklag tot die hart te maak en mense lag daarvoor.

In kontras: Voeg 'n paar baie ernstige en kwaai predikers in die pakkie by kerkbyeenkomste waar mens nie mag hoes, nies of lag nie en ons het 'n baie ver-verwyderde Jesus wat bo-op die grond sweef en onaantasbaar raak. Dis egter geensins die waarheid nie. Kan jy jou 'n bobaasstorieverteller voorstel wat nie humor gebruik nie?

Een van my gunstelingskrywers, John Eldredge, beskryf Jesus soos volg vanuit die perspektief van die natuur wat van Hom getuig in sy boek *Beautiful Outlaw*.

> *"I was sitting out back yesterday morning sipping coffee, watching the young chipmunks chase one another at breakneck speeds across the deck. One clever daredevil, hoping to get the advantage, jumped up on the fence rail and continued the chase from above, leaping at the last moment upon his littermate like a Hollywood stuntman. This morning one of them adopted a new strategy. The little rascal found an ambush spot, clinging from the side of the house, where he waited for his playmate to wander by unawares; he then pounced, and the two somersaulted off the deck and into the grass, squealing. Only to dash off and do it again. And again. Now—what does this tell us about the personality of Jesus, who created these little dynamos with striped masks and boundless enthusiasm? What do they say about his heart? Polar-bear cubs will hurl themselves down snowy hillsides headfirst and upside down,*

> *just for fun. Spinner dolphins love to romp in the bow-wake of a boat, cavorting, leaping into the air and, well, spinning. Otters play tag. Our horses play tug-of-war* with a stick—which is really quite funny when you think of how nobly a horse normally likes to carry himself."[62]

Die Skepping is vol dinge wat mens laat lag! Spelerigheid: Kyk net in die natuur en op Youtube-video's na die snaakse goed wat diere aanvang: Honde speel met mekaar, eekhorings speel wegkruipertjie en jaag mekaar, dolfyne speel in die golwe. As alles in en deur Christus gemaak is, dan is spelerigheid 'n beduidende kenmerk van Christus (Joh. 1:3, 10; Kol. 1:16; Ef. 3:9; Heb. 1:2-3; 1 Kor. 8:6; Rom. 11:3).

Die mooiste aspek van 'n gesonde verhouding is spelerigheid, humorsin, gemaklikheid en die vermoë om vir mekaar te lag. Lag en pret in enige verhouding is soos vars lug.

*"'n Tyd om te huil, 'n tyd om te lag, tyd om te treur, 'n tyd om van blydskap te dans."* (Pred. 3:4).

*"'n Vrolike hart maak die aangesig bly."* (Spr. 15:13).

*"Blydskap laat 'n mens se gesig straal; smart maak 'n mens terneergedruk."* (Spr. 15:13).

*"Die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees."* (Spr. 15:15).

*"'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput."* (Spr. 17:22).

Die bekende KIPP-skole behaal sukses met kinders deur, onder andere, die kinders se lewensvreugde te ontwikkel. Gelukkige, tevrede kinders leer makliker. Hulle droom is om 100% van alle leerders te laat kwalifiseer vir matriekvrystelling.[63]

Wetenskaplikes het navorsing gedoen oor die uitwerking wat lag op mense het en het bevind dat lag, onder andere, 'n beduidende en onmiddellike uitwerking het op bykans elke belangrike orgaan in die menslike liggaam. Lag verminder spanning wat gesondheid ondermyn terwyl dit die belangrikste organe se weefsel laat ontspan en dit laat oefen. Daar word beweer dat lag, selfs wanneer dit gedwonge is, geestelik en fisies 'n voordelige uitwerking op ons het. Die volgende keer wat jy senuweeagtig en bangerig is, sorg dat jy lekker lag. —Executives' Digest.

## Bekende Predikers en Hervormers Gebruik Humor:

Martin Luther het humor in sy werk en lewe gebruik om sy Bybelse getuienis te ondersteun, om die spot te dryf met mense in gesagsposisies en om die dood en die duiwel uit te koggel. In Christus word alles onderstebo gedraai. "Wanneer ons moet huil oor ons sonde, dan lag ons," het Luther later in sy lewe gepreek. "Wanneer ons moet lag omdat ons ons in Christus verbly wat gesterf het sodat ons vir ewig kan lewe, dan huil ons."

Van Spurgeon, die prins van predikers, is gesê: "… brightened by eyes overflowing with humour and softened by a most gracious and sympathetic smile." (Fullerton, C.H., Spurgeon: A Biography, p. 188).

"A light heart can bear heavy burdens" (The Salt Cellars 1:22).

George Mueller sou nie preek voordat sy hart gelukkig was in die genade van God nie.

Ian Ruybroeck sou nie skryf as hy terneergedruk was nie. Hy sou na 'n stil plek gaan en op God wag totdat hy die gees van inspirasie kon voel.

Dit is algemeen bekend dat die spontaneïteit van 'n groep Morawiërs vir John Wesley oortuig het van die realiteit van hulle godsdiens, en dit het hom 'n kort rukkie later tot ware bekering gebring.

---

[62] Eldredge, J. (2013). *Beautiful outlaw*. New York: FaithWords.

[63] https://www.youtube.com/watch?v=lAsSdyb6YMY&app=desktop

"The Christian owes it to the world to be supernaturally joyful." —A. W. Tozer.

G.K. Chesterton het gesê dat vreugde die reuse geheim van die Christen is. Volgens hom is humor deel van 'n hart vol blydskap.

C.S. Lewis het gesê die suiwerste gelag op aarde woon in die koninkryk van vreugde.

## Humor Is 'n Teken Van Effektiewe Kommunikasie

Die bekendste sprekers gebruik humor nie net om mense te ontwapen teenoor hulle boodskap nie, maar ook sodat mense die boodskap sal onthou. Dis ons emosies wat ons laat onthou.

Soos 'n beroepskomediant het Jesus verskeie erkende metodes gebruik om mense te laat lag.

**Prentjie-assosiasies:** *"Vissers van mense"* (Matt. 4:19). Jesus kon net wegkom met *"witgepleisterde grafte"* (Matt.23:27) deur humoristiese prentjies te gebruik, net soos komediante met bekende politieke figure die spot dryf.

Verder gebruik komediante **briljante, slim invalshoeke** om weg te kom met ernstige, gewigtige uitlatings:

Die beeld op die muntstuk bepaal aan wie dit behoort (Matt. 22:17-21).

Komediante gebruik gewoonlik **die humor in 'n gegewe situasie**, of sien iets snaaks in 'n gebeurtenis om ons te laat lag. (Dink aan Trevor Noah, Michael McIntyre of die bekende Christen-komediant, Michael Jnr.)

*"Blinde leiers: Julle sal 'n muggie uit julle drinkwater uithaal maar 'n kameel heel insluk."* (Matt. 23:24).

Die drie verskonings van die mense wat nie na die bruilof wou kom nie, sou sy gehoor laat lag het omdat, alhoewel dit wettige verskonings was, dit eintlik belaglike verskonings was. *'n Ander een sê: "Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u, verskoon my asseblief." Nog 'n ander een sê: "Ek is pas getroud, daarom kan ek nie kom nie"* (Luk. 14:16-23).

Komediante gebruik ook literêre **woordspeling wat rym**:

Die woord vir muggie en kameel in Aramees klink amper dieselfde: "galma" vir muggie en "gamla" vir kameel.

Die opbou van 'n storie, en dan die skielike **verandering van rigting**, laat ons kop-skud en lag.

*Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaar. Dan sal ek vir myself sê: "Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker." Maar God het vir hom gesê: "Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?"* (Luk. 12:18-20).

**Snaakse byname en karakterisering:** Die stelling dat die wisselvallige, hoogs emosionele Petrus 'n rots genoem word, is nie net snaaks nie maar terselfdertyd 'n oproep na die rots in almal van ons (Matt. 16:16-18).

Jesus gee vir Jakobus en Johannes 'n bynaam: "*Vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê, "manne van die donder"* (Mark. 3:17). Dit was 'n liefdevolle en positiewe beeldspraak met 'n tikkie humor.

Toe Natanael opmerk: *"Kan daar uit Nasaret iets goeds kom?", is Jesus se opmerking: "Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie."* Jesus sien sy sarkasme as teken van sy opregtheid (Joh. 1:44-51).

Hierdie liefdevolle skakeling met Sy dissipels spreek van Sy toeganklikheid, wat net moontlik is as iemand innemend, liefdevol, sag en vol lewensvreugde is. Uitsprake wat hard, wetties en "altyd reg" is, stoot mense af en stoot hulle weg. Die baie menslike storie van Jesus se laaste verskyning aan Sy dissipels op die strand illustreer pragtig Sy gemaklike menslike manier: *"Hoe lyk dit, manne," roep Hy, "het julle iets gevang?" "Niks!" roep hulle terug."* (Joh. 21:5). Hulle was naby genoeg, minder as 100 meter van die wal af. Hy kon sien hulle het niks gevang nie. Petrus se eerste reaksie is om uit die boot te spring, en Jesus tegemoet te gaan nog voor die boot by die wal was. Hy moes eintlik skaam voel oor die feit dat hy Jesus verloën het. Dit nadat hy voor almal plegtig belowe het: "*Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan."* (Luk. 22:33). Moontlik het Jesus se gemaklikheid op die oomblik, Petrus die moed gegee, om Hom so hartlik te gemoed te gaan. Later herstel Jesus, Petrus met die bekende drie vrae: "*Het jy my regtig lief*?" Weereens sien mens Jesus se gesig met 'n breë glimlag. Jesus was 'n hartlike vriendelike mens. Hy het nie aanstoot geneem nie oor Sy dissipels se onvolwassenheid en foute nie.

**Sien die humor en waarheid in alledaagse gebeure:** Die blinde leiers lei die blindes is nog 'n ironiese waarheidsbeeld. "*As een blinde mens 'n ander blinde lei, sal hulle albei in die sloot val."* (Matt. 15:14).

*"Hulle is soos kinders wat op die markplein speel en die een groep sê dan vir die ander: "Ons het vir julle 'n vrolike wysie gespeel maar julle wou nie dans nie. Toe het ons vir julle 'n begrafnislied gesing maar julle wou ook nie treur nie!"* (Matt. 11:16-17). Wie het nie al probeer om kinders wat verveeld is te probeer vermaak nie! Jesus tref elke hart in die kol met die vergelyking.

*"Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis? Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee?"* (Luk. 11:11-12). Jesus gebruik so 'n bietjie skoktegniek om die beeld vas te lê. Wie sal so iets doen? Dis ondenkbaar!

**Parabool of oordrewe absurde vergelykings:** Hoorders wat gereeld met materiaal en leervelle gewerk het, sou glimlag, kopskud en in hulself sê: "Wie is nou so dom? Niemand doen dit nie. "*Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want dan skeur die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en die gat word net groter. Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi."* (Mark. 2:19-25). Dis die geheim van goeie sprekers: Deur 'n bekende assosiasie, vorm hulle 'n band met die gehoor.

Hierdie prentjie sou lank in mense se gedagtes bly vassteek: "*Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom."* (Mark. 10:25). Dis 'n ekstreme parabool. Die grootste rydier, deur die kleinste mensgemaakte opening. Onmoontlik!

*"Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap."* (Matt. 7:6). Probeer hierdie prentjie fisies opvoer of verfilm – dis die hoogste vorm van domheid, dwaasheid, gekheid. Weereens 'n skreeusnaakse, oordrewe uitspeel van die dwaasheid van mense se dade.

*"'n Lamp kom mos nie onder 'n emmer of onder 'n bed nie?"* (Matt. 5:15). Probeer dit fisies doen. Plaas 'n flits onder 'n emmer of onder die bed. Dis malligheid, die lig skyn deur!

Die beste voorbeeld van 'n parabool is: "*Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?"* (Matt. 7:3). Vorm gou hierdie prentjie in jou gedagtes: Iemand probeer met 'n fyn klein knyptangetjie die splinter in iemand se oog uithaal, terwyl 'n enorme houtbalk deur sy eie oog steek.

Jesus se voorbeeld dat mens nie jou huis op die strand bou nie, sou ook snaaks gewees het in daardie tyd. Selfs die armste persoon weet dit! (Matt. 7:24-27). Jesus sinspeel weer op die mense se dwase hardkoppigheid om nie goeie rede te volg nie.

**Jesus se fyn skerpsinnigheid is ook opmerklik:** Toe hulle Jesus in ’n strik wou vang oor belasting: *“Wie se kop en naam is hierop?” “Die keiser s’n,” antwoord hulle Hom. Jesus sê toe vir hulle: “Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort”* (Mark. 12:14-17). Sien die stout glimlag op Jesus se gesig as Hy hulle hierdie vraag vra..

Jesus se opmerking teenoor die Griekse vrou wat van Siro-Fenisië afkomstig was, moet mens ook lees met ’n gemoedelike glimlag op Jesus se gesig eerder as ’n negatiewe, godsdienstige afjak soos wat jy van die Fariseërs sou verwag. “*Wag dat die kinders eers klaar eet, want dit is nie mooi om die kinders se kos te vat en vir die hondjies te gooi nie.”* (Mark. 7:25-26). Haar gemoedelike reaksie dui op die menslike konneksie wat hier tussen vreemdelinge gemaak word: “*Here, die hondjies eet darem onder die tafel die kindertjies se oorskiet.”* Jesus prys haar voorbarigheid met: “*O Vrou, groot is jou geloof!”* (Matt. 15:28).

## Jesus Is Egter Nie Ligsinnig Nie

*“Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle.”* (Ef. 5:4). Die verskil is, iemand wat ligsinnig is, het geen karakterdiepte nie en probeer dit wegsteek deur ’n vorm van fokus-misplasing. Soos kulkunstenaars wat jou aandag aflei sodat hulle die toertjie met die ander hand kan uitvoer. Jesus is eerlik, opreg en sonder voorgee. Hy sê dinge soos dit is: “*Maar Hy sê vir hulle: Gaan sê vir daardie jakkals: “Kyk, vandag en môre dryf Ek nog bose geeste uit en maak Ek mense gesond, maar op die derde dag sal Ek my werk klaar maak.” In elk geval moet Ek vandag en môre en oormôre die reis voortsit, want dit is ondenkbaar dat ’n profeet op ’n ander plek as Jerusalem omkom.”* (Luk. 13:32-33). Dis weereens ’n briljante, maar dié keer negatiewe, karakterisering van Herodes. Jakkals in hierdie geval dui op Herodes se slinksheid en onreinheid. Jesus verklaar dat Hy in beheer is en dat net Hy Sy eie einde sal bepaal.

## Wat Vreugde en Vrolikheid Nie Is Nie

Dit is nie sarkasme nie; ek lag vir jou.

Dit is nie ligsinnig nie; maak nie heilige dinge goedkoop nie.

Dit is nie ontkenning nie. Ontkenning is ’n vorm van arrogante geloof. Jy het nie ’n sekere Woord van God nie, maar wens maar net dat die probleem vanself sal verdwyn. Nou maak mens grappies en takel nie die kern van ’n probleem nie.

## Die Krag Van ‘n Blymoedige Hart

Die Here wil nie hê ons moet Hom dien soos slawe wat sonder vreugde is nie. “*Omdat jy nie die Here jou God met vreugde en entoesiasme gedien het vir die oorvloed van seën wat julle ontvang het nie, sal julle julle vyande dien wat die Here jou God teen jou sal stuur.”* (Deut. 28:47). Daarom was daar sewe feeste op die Joodse kalender. God wil hê ons moet kan feesvier! (Esra 6:22).

Jesus was so ’n vrolike, blymoedige mens (Luk. 10:21). “Rejoiced in spirit” (*agalliō*) – to leap. Om te juig, van vreugde te spring, jou vreugde te wys deur te huppel en te spring, wys uitbundige of ekstatiese vreugde en genot.

Hy het die krag van vreugde in die Gees verstaan en dit het Hom die krag te gee om Sy lyding te deurstaan (Heb. 12:2). Hy het geleef vanuit ’n intieme verhouding met die Vader, wetende dat die Vader Sy gebede beantwoord (Joh. 11:41-42). Hy het guns ontvang van die Vader (Matt. 3:17). Die Vader het Hom verheerlik (Joh. 8:54). Sy verhouding met die Vader, en gehoorsaamheid aan die Vader, was die bron van Sy vreugde. “*The joy of the Lord is your strength.”* (Neh. 8:10). Let op

die klem in hierdie vers. Sy vreugde gee ons krag. Soos 'n man krag kry wanneer sy vrou gelukkig is, kry ons krag wanneer ons weet ons lewe behaag die Here.

Alhoewel Jesus 'n man was wat lyding en pyn geken het, het Hy nogtans met vreugde gelewe. Sondaars is na Hom toe aangetrek en onthou, hulle is nie juis daarvoor bekend dat hulle die ernstige, gewyde, hoogheilige mense opsoek nie! "*Baie tollenaars en sondaars was saam met Hom en Sy dissipels aan tafel, want daar was baie van hulle wat Hom gereeld gevolg het."* (Mark. 2:15).

'n Pragtige voorbeeld van die krag van 'n positiewe uitkyk op die lewe en die krag van blydskap kry ons in die film, *Life is beautiful*. Rick Lawrence verduidelik dit pragtig in sy boek, *Shrewd*.[64]

Pyn is 'n roofdier en ons almal het al sy byt ervaar — sommige is lewend hierdeur opgeëet. Maar lag wys die vuis vir 'n korrupte wêreld en verklaar: "Dit kan my nie vernietig nie!" Dit is die boodskap wat aan die einde van die 1997 Oscar-wenner, *Life Is Beautiful*, verkondig word. In die film gebruik 'n Joods-Italiaanse man, Guido (gespeel deur skrywer/regisseur/akteur Roberto Benigni), lag om sy vierjarige seun te help om in 'n Nazi-konsentrasiekamp te oorleef. Hy oortuig sy seun dat die kamp net 'n oordrewe speletjie is en dat die seun 'n regte tenk sal wen as hy die eerste kind is wat 'n duisend punte bymekaar kan maak. Guido verduidelik dat hy punte sal verloor as hy huil, kla oor sy ma wat weg is, of as hy kos bedel. Ten spyte van sy haglike en afgryslike omstandighede glo die seun sy pa se weergawe van die werklikheid — die moordfabriek word sy speelterrein. Aan die einde, wanneer die Amerikaanse bevryders die kamp nader, word Guido gevang wanneer hy probeer om sy vrou te vind, en die Nazi-wagte lei hom weg om geskiet te word. Hy sien sy seun hou hulle dop terwyl hy weggelei word, so hy na-aap en maak grappe agter die wag se rug tot groot vermaak van sy seun. Die pa word doodgemaak, maar die seun en sy ma oorleef. Later, toe hy groot genoeg is om te verstaan wat gebeur het, besef hy dat sy pa se fyn humorsin sy lewe gered het.

## Hoe Ontvang En Leef Ons In Hierdie Blymoedigheid?

- Ons verbondenheid met Christus, die Vader en die Heilige Gees (Joh. 15:11-12). "*Dit sê Ek vir julle sodat my blydskap in julle kan wees en julle blydskap volkome kan wees. Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.*" Ons verbondenheid met Jesus gee ons ewige vreugde. Soos 'n wingerdtak in die boom ingeënt is en sy lewe van die boom ontvang, so leef ons in Christus. Maar ons kan nie in die boom ingeënt wees sonder dat ons outomaties ook in mekaar ingeënt is nie. Vergelyk Kolossense 1:27 in die Ou Vertaling en die Nuwe Vertaling: Christus IN en ONDER ons.
- Ons verbondenheid met mekaar in Sy liggaam – Todd Adkins sê op sy Twitter-blad: "Geen mens kan Jesus alleen volg nie." Ware apostoliese leiers soos Johannes se teenwoordigheid het sy vriende en medegelowiges se harte met vreugde gevul (2 Joh. 1:12). In Joh. se eerste brief weerklank hy Jesus se gebed in Joh. 17:21: "*Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan júlle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met Sy Seun, Jesus Christus.Dit skryf ons sodat ons blydskap volkome kan wees.*" (1 Joh. 1:3-4). John Piper volg dieselfde gedagtegang wanneer hy verduidelik dat dissipels-maak eintlik 'n korporatiewe en groepsgebeurtenis is, want jy word deel van die "Jesus"-groep.
- Sy tasbare teenwoordigheid en heerlikheid – Deur ons verhouding en intimiteit met die Vader behou ons die vreugde. Hy is vreugde! Sy teenwoordigheid is loutere vreugde en ekstase! Ekstase = ecstasy, rapture. Shekhinah, "that which dwells"; die glans, heerlikheid of teenwoordigheid van God wat tussen Sy mense woon word deur die Targoemis en rabbi gebruik om God Self te openbaar omdat wettiese Judaïsme nie daarvan hou om vorm of emosie aan goddelikheid toe te skryf nie. Dit verwys na kere wat God Homself sigbaar

[64] Lawrence, R. (n.d.). *Shrewd*.

geopenbaar het, soos byvoorbeeld op die berg Sinai (Eks. 24:9-18) en in die Allerheiligste van die tabernakel en Salomo se tempel. Hierdie term kom nie in die Bybel voor nie. Dit is later deur Jode gebruik en Christene het dit by hulle geleen om uitdrukking te gee aan die sigbare majesteit van die goddelike Teenwoordigheid, veral wanneer Hy gerus of stilgestaan het tussen die gerubs op die versoendeksel in die tabernakel en Salomo se tempel.

- Die Shekinah is die naaste Joodse ekwivalent vir die Heilige Gees. Vroeë Christelike ekstase: Die vroeë kerk het ’n element van ekstatiese profesie gehad. Johannes beskryf sy ekstatiese ervaring as volg: “*Ek was in die Gees op die dag van die Here…*” (Op. 1:10). Hierdie voorval en ook ander wat hy beskryf, behels ’n buite-liggaamlike ervaring waartydens Johannes gesigte van die hemelse realm gesien het, en opdragte en openbarings van God en/of die verheerlikte Christus ontvang het. Petrus (Hand. 11:5) en Paulus (2 Kor. 12:1-7) het soortgelyke ekstatiese ervarings gehad.
- Ef. 5:18: Nie dronk van wyn nie, maar dronk van/gevul met die Heilige Gees. Vol blydskap, vervul met die Heilige Gees (Hand. 13:52; vergelyk Hand. 2:2 – die uitstorting van die Heilige Gees).
- Eugene Peterson sê die Hebreeuse stam van die woord vir “prosperity” (voorspoed) moet eerder met “leisure” (ontspanning) vertaal word —“ die ontspanne houding van iemand wat weet alles is reg omdat God oor ons is, by ons is en vir ons is in Jesus Christus. “*As bedroefdes, en tog is ons altyd opgeruimd; as armes, maar ons maak baie ander ryk; as mense wat niks het nie, en tog besit ons alles.*” (2 Kor. 6:10).
- Vrug van Sy karakter permanent in ons – Blydskap is deel van die vrug van die Gees. En die vrug is enkelvoud. Die primêre vrug is liefde! Die ander agt vrugte is almal ’n uitvloeisel van liefde. Vergelyk met 1 Kor. 13:3-4: Liefde is geduldig, vriendelik, ensovoorts. Blydskap, vreugde, vrolikheid is ’n inherente eienskap van liefde. Daar is hoofsaaklik twee primêre emosies wat ons as mens beleef – óf liefde óf vrees. Woede/wraak/haat is die hoogste emosie van vrees. Euforiese, sprankelende, huppelende vreugde is die hoogste emosie van liefde! Om met God versoen te wees, en met Hom reg te wees, bring vrede en vreugde in die Heilige Gees (Rom 8:17).

## Blydskap Rowers

Hierdie eenwording met Hom en met mekaar is net moontlik as ’n mens se hart heeltemal vry is van “offense” (gebelgdheid). Ons Afrikaners sukkel maar met dié woord. Die woordeboek vertaal “offense” as volg: aanstoot neem, gebelgd, gekrenk, beledig voel, gesteurdheid, afgehaal, gekwets, geraaktheid. Lukas 17:1-5 leer ons die stappe wat ons moet volg as iemand ons te na kom. Hoe meer jy hierdie stappe volg, hoe sterker word jy en hoe minder voel jy te na gekom.

## Blydskap En Vrolikheid Is ‘n Geestelike Wapen

- Vreugde gee ons krag tydens verdrukking. “*In al ons sorge is ons vol moed en oorstelp van* blydskap.” (2 Kor. 7:4).
- *“Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!”* (Rom. 15:13-14). Vreugde versterk jou geloof. Hoop en vreugde is vennote. Vreugde is die bewaarder en draer van hoop. Vreugdevolle afwagting van hoop. Vreugde hou jou binne die atmosfeer van geloof, hoop en die bonatuurlike!
- Vreugde maak ons beter getuies van Sy lewe. Jesus se vertelling van gelykenisse en slim humor het Sy luisteraars ontwapen om met ’n vars oor en oop hart te luister. ’n Lewendige,

opgewekte en opgeruimde onderwyser sal nie sukkel om sy of haar kinders se aandag te kry nie.

- Innerlike vreugde en vrolikheid is 'n teenmiddel teen verslawing. Iemand wat innerlike vreugde beleef, gaan nie probeer om dit chemies aan te vul of te kry nie. Jy is vol!

## Feesviering In Christus Jesus

Wie hou nie van 'n fees nie? Feestafels, propvol heerlike lekkernye. Musiek en dans! Lag en gesels! Die aanskoue van die mooiste sonsondergang saam met jou hartsvriende, 'n heilige fees! Die bekende Noord-Ierse Rend Collective-lofprysingsgroep het 'n trefferalbum geskep in die kuns van feesviering: [65] Dit was nommer een in die genre, Christelike album, en handel oor die verlore kuns om in die moeilikste omstandighede nog steeds te kan feesvier.

Jesus se boodskap is 'n uitnodiging na 'n fees! Om die waarheid te sê, Hy is die opsomming en samevatting van al die Ou-Testamentiese feeste. "*Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie. Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.*" (Kol. 2:16-17).

Jesus nooi almal na die fees! "*Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes. Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed by die opstanding van dié wat reg gedoen het.*" (Luk. 14:13). "*Gaan uit na die paaie en lanings en dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat my huis vol kan word.*" (Luk. 14:23).

Jesus was lief om na feesgeleenthede te gaan selfs voor Sy bediening begin het. Die bruilof in Kana (Joh. 2). "*En Levi het 'n groot feesmaal vir Hom in sy huis gegee; en daar was 'n groot menigte van tollenaars en ander wat saam met hulle aan tafel was.*" (Luk. 5:29).

Die eerste kerk was bekend vir hulle Agape-Liefdes-maaltye. En natuurlik ook die misbruike (Judas 1:12; 1 Kor. 11:17-31), wanneer mense net aan hulleself dink en nie die nood van mense rondom hulle herken nie.

Jesus het natuurlik ook twee spontane feesgeleenthede geskep deur die brood te vermeerder – die 5 000 (Matt. 14:16) en die 4 000 (Matt. 15:27).

Ons hemelse herontmoeting gaan 'n wonderlike fees wees (Heb. 12:22; 2 Pet. 1:11; Op. 3:20; 19:17).

Die samekomste van gelowiges behoort feestelik te wees. Heilige feestye van verfrissing in die Heilige Gees "*…en tye van verkwikking van die aangesig van die Here mag kom.*" (Hand. 3:19). "*Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul, en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here.*" (Ef. 5:18-19).

Net 'n lewe op reis saam met Jesus kan hierdie feestelikheid bewerkstellig!

**Jesus is 'n fees!**

[65] https://www.youtube.com/watch?v=VamJCsYMFBg

# Hoofstuk 22

## JESUS SE GESONDE HUMEUR

Godly anger is holy discontent. It turns people into Popeye, the cartoon sailor man who in every TV episode intervenes with godly anger. Popeye fights against evil and shouts with endearing resolve, "That's all I can stands; I can't stands no more!" Godly anger is heroic. It subverts the power of evil by championing the truth. -Sarah Sumner

**GESONDE** humeur sonder om iemand skade te berokken is 'n goddelike gawe wat ons versterk om braaf teen boosheid te staan.

Die wêreld is vol van verkeerde woede. Verbale aggressie met afbrekende en neerhalende woorde het al menige lewens verwoes. Gesinsgeweld, aanranding en gereelde woedeuitbarstings verander die huis wat bedoel is as 'n plek van veiligheid in 'n oorlogsveld. Ons is meestal negatief ingestel teenoor enige vorm van woede. As iemand sy of haar stem verhef, begin ons dadelik om onsself te verdedig of in ons dop te kruip. Die wêreld se stoompot van woede bly aan die oorkook en ons lees al meer van geweldsmisdaad, padwoede, passiemoord en geweld teen kinders. [66]

Die kerk se reaksie teenoor die woede-epidemie is meestal 'n onrealistiese miskenning van woede. Die meeste Christene probeer hulle woede binnehou, wegredeneer of opkrop met net sulke verwoestende resultate.

Jesus wys ons egter dat daar 'n plek is vir regverdige goddelike woede. Ons weet dat Jesus nooit gesondig het nie, maar tog kwaad geword het. Jesus toon Sy liefde vir die Vader en Sy Vader se huis deur 'n sweep te maak en al die geldwisselaars uit te jaag. "*Die liefde vir u huis verteer my.*" (Joh. 2:13-22). Is liefde tog nie ook soms 'n passievolle oomblik van woede oor die onreg van verkeerd nie? Wanneer ek my vrou verdedig en vir haar in die bresse tree, is dit nie juis 'n bekentenis van my liefde nie? Ware liefde is tog nie lamsakkig nie?

Petrus het verseker nie baie geliefd gevoel toe Jesus Hom berispe nie? "*Moenie in my pad staan nie, satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.*" (Matt. 16:23). Tog is Jesus se streng vermaning nie verwerping nie, want net 'n paar dae later vergesel Petrus Jesus na die verheerliking op die berg (Matt. 17:1-5).

Net ouers sal verstaan dat daar geen opvoeding plaasvind sonder 'n periodieke ernstige vermaning en sigbare afkeuring van 'n daad wat die kind kan skade bring nie. Daarenteen sou Jesus nie geken word as 'n humeurige, kwaai mens nie. Hy toon deernis en empatie met die swakkes en uitgeworpenes. Tog draai Hy nie doekies om om die sogenaamde godsdienstige leiers van daardie tyd openlik aan te spreek oor hulle dubbele standaarde en valsheid nie.

[66] Sumner, S. (2015). *Angry like Jesus*. Minneapolis [Minnesota]: Fortress Press.

Jesus se woede is gegrondves op en gebore uit ware liefde en nie uit die eie-ek of magspleging nie. In hierdie tyd waarin ons leef, het ons meer as ooit nodig om Jesus se woede te leer verstaan en daarin te groei in ons eie toepassing. Want ’n wêreld sonder regverdige woede raak ’n wêreld sonder reëls. Alles is toelaatbaar. Daar word geglo dat boosheid, leuens en korrupsie in stilswye aanvaar moet word. Jesus se liefde was nie passief nie. Inteendeel, sy woede is prysenswaardig en nodig. Dit bewys hoe ernstig Hy is oor ons veiligheid en gesonde voortbestaan.

## Skree Predikers

Ons haak dikwels vas. Sommige predikers skree-preek van die begin tot die einde. Hierdie tipe skreestem verwar mense. Dink daaroor. Wie anders in ons lewens skree op ons om ’n punt te maak? ’n Ouer wie se geduld op is? ’n Verskriklik manipulerende baas? As jy in ’n huishouding grootword wat vol aggressie is en waar daar altyd geskreeu word, maak dit jou doof, want skree veroorsaak angs.

Skree-prediking verwar mense oor God se ingesteldheid teenoor hulle.

Baie mense sit in kerke regoor die wêreld en aanvaar dat die predikant namens God praat. Is God dan vir ons kwaad? Hóé ons kommunikeer, is net so belangrik as wát ons kommunikeer. Jesus het menigte keer gesit en die mense geleer (Matt. 5:1; Luk. 4:20; Luk. 5:3; Joh 8:2). ’n Mens kan nie sit en skreeu nie.

Volume en vurigheid raak die emosies en mense maak emosionele besluite, maar dit is nie altyd standhoudend nie. “Wat satan meer haat as jou geskree op hom, is jou gehoorsaamheid aan Jesus.”

Jy preek nie mense reg met God deur met hulle te raas nie. Die eenvoudige vraag is: Verander mense? Deur mense elke week skuldig te preek maak hulle nie heilig nie. Jesus het nooit so geraas en geskree in Sy prediking nie.

Jesus het geweet presies wanneer woede die grootste effek gaan hê. Woede was dus bloot een van die instrumente in Sy gereedskapskas om ons te beweeg en te lei na die waarheid. Jesus was dus nie altyd kwaad nie. Enige kind sal jou vertel dat ’n sagte, innemende, liefdevolle ouer se woede oor ’n verkeerde ding en ’n onreg lewensveranderend is.

Ware regverdige, goddelike woede is soos sout. Dit preserveer en is ’n teenmiddel teen innerlike korrupsie en trots. Soms raak ons so vasgevang in ons eie selfgeregtigheid en verskonings dat iemand se goddelike vermaning en berisping ons laat wakker skrik. Hierdie woede is gesetel in onteenseglike waarheid wat mens eenvoudig nie kan ontken of verontagsaam nie. Te veel sout is ondraaglik en onverteerbaar en jaag mens se bloeddruk op, maar ’n bietjie sout gee smaak.

Ons weet wat reg is, maar omdat niemand in waarheid opstaan en dit verdedig nie raak ons gemaklik, sinies, bitter en hard. Hierdie lys is alles voorbeelde van onverwerkte, opgekropte woede wat op ’n dag onskuldige mense heeltemal onverwags meesleur –soos ’n tsoenami.

## Ons moet almal leer hoe om iemand reg te berispe

Miljoene mense is slagoffers van ander se onreg, boosheid en sonde. Niemand is egter geleer hoe om uiting te gee aan gesonde woede teenoor dit wat verkeerd is nie. Valse nederigheid leer dat ons maar net verleë alles moet aanvaar en stilbly. Jesus leer: *As jou broer teen jou sondig, berispe hom of haar* (Luk. 17:3). Hierdie woord, berispe, word verduidelik in die konteks van ’n leerling wat ’n onderwyser of skoolhoof op ’n fout wys. Mens doen dit met respek, jy het jou feite reg, en jou toon raak nie persoonlik of neerhalend nie.

Dalk moet konflikhantering ’n verpligte vak op skool wees. Almal maak foute, maar wanneer ons foute ander mense nadelig raak, dan moet ons daaroor kan praat. Omdat ons konflik meestal probeer vermy, is ons onbeholpe en onervare in ons hantering van iets wat verkeerd is.

Goddelike humeur gaan altyd gepaard met vergifnis. Vergifnis haal die gif uit die woede uit en hou mense aanspreeklik vir hulle dade. Dit is ŉ fyn balans. Jesus het Sy moordenaars vergewe, en Hy vra die Vader om hulle te vergewe want hulle weet nie wat hulle doen nie. Tog sal elke mens rekenskap gee vir sy of haar dade. Vergifnis ontwapen die versmorende mag van bitterheid en vergelding. God sal vergeld.

Wanneer ons werklik vergewe het, kan ons die persoon wat fouteer aanspreek, want ons is nie meer die slagoffer van die oortreding nie. ŉ Vrou wie se man haar slaan, kan koel en kalm die oortreding aanspreek en aanmeld, want die oortreder is die ware slagoffer. Sy gaan nie langer sy mishandeling bekragtig deur by hom te bly nie. Sy neem juis standpunt in teen onreg sodat daar terapeutiese herstel by die oortreder kan begin. Dit is wat Jesus se gesonde woede vir jou doen. Dit bemagtig jou teen onreg, soos Jesus standpunt ingeneem het teen die uitbuiting van goedgelowige heiliges toe Hy die tempel gereinig het. So wil Hy ons ook bemagtig om sonder wraak, weerwil of vergelding standpunt in te neem en op te tree. Behalwe ŉ harde lawaai, rig ‘n hopie kruit alleen nie werklik skade aan as dit aangesteek word nie. Maar ŉ bietjie kruit wat in ŉ koeël saamgepers is kan iemand doodskiet.

Jesus se woede maak natuurlik nie dood nie, dit gee juis lewe (Joh. 10:10). Jare gelede het ŉ sekere boer se plaas twee agtereenvolgende jare onder verwoestende brande deurgeloop. Die laaste paar maande was hy baie humeurig en kort van draad, en het sy vrou ons versoek dat ek hom kom sien. Op pad na hulle huis toe het die Heilige Gees met my gepraat om nie sy woede te moraliseer nie, want dis juis sy woede wat hom nog staande hou. Woede is energie. Woede is baie keer ŉ uiting van desperate magteloosheid. Ons moet leer onderskei, tussen goddelike gesonde tipe woede, en verwoestende woede.

## Wanneer is Woede Sonde?

Die Bybel wys duidelik watter woede is vernietigend en uiteindelik selfverwoestend:

1. “*As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie ‘n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel vatkans gee nie*.” (Ef. 4:26). Hanteer die onreg vinniger en help ŉ persoon om die fout in te sien en te bely (Luk. 17:1-5). Wanneer ons oor ŉ saak tob, begin ons ŉ hofsaak in ons kop hou waar ons beide die aanklaer en regter wil wees. Praat eerder ŉ saak uit en leer hoe om iets wat verkeerd is reg aan te spreek. Onafgehandelde woede gee uiteindelik vir die duiwel ŉ vatkans en maak ons marionette in sy hand. Sondige woede is soos suur, maar goddelike woede is soos seep. Ons moet baie versigtig wees dat ons woede nie suur word in ons nie.
2. “*Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir ‘n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir ‘n idioot, is strafbaar met die helse vuur*.” (Matt. 5:22). Sommige kommentators maak die afleiding dat alle woede verkeerd is en dat ons eenvoudig nooit vir ons broers of susters mag kwaad word nie. Maar Paulus haal Dawid aan in Efesiërs 4:26 waar hy sê: “*As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby*!” (Ps. 4:5). Jy kan dus kwaad word, maar jy moet net nie sondig nie. Die sonde wat Jesus duidelik hier uitwys is:
3. Om sonder ŉ grondige rede vir iemand kwaad te wees. Jy is dus kwaad sonder dat die saak bespreek is en die skuldige party regmatig skuldig bevind is.
4. Wanneer jy iemand name noem en die persoon verkleineer. Die woord, raka, kan ook vertaal word met nikswerd, idioot, waardeloos. Hierdie bewoording staan lynreg teenoor “*elke mens is in die beeld van God geskape*” (Gen. 1:27). Dat elke mens menswaardig hanteer moet word, is in wese die kern van Jesus se bediening en prediking. Let wel dat die persoon wat hom- of haarself skuldig maak aan hierdie sonde van verkeerde woede, geoordeel gaan word. Hulle sal dus nie van God se vergelding vrykom nie.

5. *"Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk. Toe sê die Here vir Kain: "Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk? Wag daar nie vir jou blydskap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie – die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers*" (Gen. 4:5-6). Kain se moord is die eerste oortreding van een mens teenoor 'n ander mens. Hy het verontreg gevoel teenoor God, maar het dit op sy broer uitgehaal. God het tog immers nie sy offer aanvaar nie, maar Abel se offer verkies. Sy saak was mos dan teenoor God? Iemand wat te na gekom voel, aanstoot neem of gekrenk voel, val in 'n strik soos 'n voëltjie en kan nie self daaruit kom nie. Vir ons eie geestelike voortbestaan is dit wesenlik belangrik dat ons sal leer om nie aanstoot te neem nie! " *'n Verontregte broer is ontoeganckliker as 'n vestingstad; rusie is soos die sluitbalk van 'n fort*" (Spr. 18:19). " *'n Verstandige mens beteuel sy humeur en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees.*" (Spr. 19:11). As ons nie vergewe nie, doen ons ook verkeerd en word 'n instrument in satan se hand (2 Tim. 2:24-26).

6. Moenie gou kwaad word nie: Dit is 'n dwaas wat gou kwaad word (Pred. 7:9). "*My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.*" (Jak. 1:19-20). Die probleem met 'n vinnige humeur is dat jy soos Judge Dred sommer 'n saak wil besleg voor jy al die feite ingewin het, en ook sommer self die straf wil uitvoer. Dit is onredelik en onbillik. Sou jy tevrede wees met dieselfde behandeling? Praat 'n saak uit en kry al die eerstehandse getuienis, dan kan jy 'n saak besleg. Baie mense verskoon hulleself en beweer hulle kon nie hulle woede beheer nie. Dit is eenvoudig nie waar nie, want as die foon sou lui, sal jy dit in jouself vind om beheersd te antwoord. Jy wíl egter nie jou woede beheer nie. Jy het dit self gekies –niemand het jou gedwing om enigiets te doen nie.

7. " '*n Opvlieënde mens veroorsaak rusie; iemand wat kort van draad is, doen sonde op sonde*." (Spr. 29:22). Woede is energie, en sommige mens geniet die vrees wat hulle humeur inboesem. Die probleem is, jy word 'n baie eensame figuur en sal uiteindelik geen ware vriendskapsbande meer oorhê nie. Woede het so deel van jou karakter geword dat dit al is wat mense van jou sal onthou. Dis 'n verskriklike skending van God se skeppingsdoel met jou lewe, want ons is almal geskape met die doel om soos Jesus te wees (Rom. 8:29).

8. "*Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.*" (1 Tim. 2:8). "*... is hy verwaand en weet hy niks. Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery, voortdurende rusie van mense wat verstandelik verward en van die waarheid beroof is.*" (1 Tim. 6:4-5). Sommige mense vind altyd iets om oor te stry. Hulle wil oor alles verskil en net hulle eie opinie hoor. Jesus is die waarheid en perfek in alles wat Hy doen en sê. Hy het nie nodig gehad om in strydgevegte betrokke te raak nie. "*Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie, en niemand sal Sy stem op die strate hoor nie*." (Matt. 12:19). Die Bybel gee egter die oorsprong en ware rede vir twisgierigheid: haat en liefdeloosheid (Spr. 10:12) en selfverheffing (Spr. 13:10).

9. Woede is die voorloper van fisiese geweld en aanranding. Die ooglopende tekens van skielike woede is gewoonlik 'n rooi gesig, geswelde nekare, gebalde vuiste en 'n gestotter. Die woedende persoon se sig kan wasig word, want woede het 'n negatiewe uitwerking op die deel van die brein wat met sig te doen het. Dr. Walter Cannon, navorser in psigosomatiese medisyne by die Universiteit van Harvard, beskryf dit baie duidelik: "Respiration deepens; the heart beats more rapidly; the arterial pressure rises; the blood is shifted from the stomach and intestines to the heart, central nervous system, and the muscles; the processes of the alimentary canal cease; sugar is freed from the reserves in the liver; the spleen contracts and discharges its contents of concentrated corpuscles, and adrenalin is secreted." – James C. Hefley.

## Wat Het Jesus Kwaad Gemaak?

Die Afrikaanse vertaling van die woord "rebuke" of epitamao "berispe" is gebrekkig. Die woord kom 29 keer in die NT voor. Ander vertalings van die woord is aangespreek, geraas, berispe, bestraf, belet, tereggewys, beveel, stil, straf, uitdruklik. In Engels beteken die woord letterlik "straightly charge" of "beat back". Dis duidelik om die gesonde woede agter hierdie aksie raak te sien. Dit is gefokus en gerig op dit wat verkeerd is.

Ons het meestal net 'n indruk van Jesus se sagmoedigheid. Ons wil nie hierdie harder kant van Jesus raaksien of ontvang nie. Dit was tog die streng maar regverdige onderwysers wat die grootste impak in ons lewens gehad het. Ouerskap is nie net om 'n kind van kos en klere te voorsien nie –dit behels primêr opvoeding. Jesus openbaar die hart van die Vader deurdat Hy ons wil sien opgroei in volwassenheid in ons skeppingsdoel.

1. Jesus dryf die demone uit met 'n ferm bevel. "*Jesus het die bose gees skerp aangespreek, en die bose gees het van die seun af weggegaan. Van daardie oomblik af het die seun gesond geword.*" (Matt. 17:18. Sien ook: Mark. 1:25; 9:25; Luk. 4:35, 41; 9:42). Jesus se misnoeë en ferm optrede teenoor demone toon ook Sy gesag oor hulle. Hy tree nie in gesprek met hulle nie. Hy bestraf hulle met die minagting wat hulle verdien. Hierdie morele gesag wat Jesus uitoefen, lê aan die hart van ons eie oorwinning oor die bose. Ons wil aan die een kant die bose geeste lekkers onder die tafel aangee, maar bo die tafel wil ons hulle bestraf. In die geesteswêreld word hierdie valsheid baie gou aan die lig gestel, soos wat met die seuns van Skeva gebeur het (Hand. 19:13-17). Die duiwels ken die waarheid. Die vraag is of jy die waarheid ken? Glo jy dat daar net een God is? "*Dit is reg. Die bose geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs.*" (Jak. 2:19). Wat is die waarheid agter jou woede-energie? Sommige mense raak kwaad omdat hulle in hulle eer gekrenk is. Hierdie woede bring verwoesting, want dit is leeg. Agter Jesus se woede is 'n reguit lyn van reg lewe, reg dink, en reg praat. Hierdie krag van oortuiging is die sleutel van Jesus se bediening. Dis waarom mense dikwels verstom gestaan het oor Sy woorde.
2. Jesus maak die storm stil (Mark. 4:35-41). Die dissipels is eintlik verontwaardig: "*Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?*" (v. 38). Die natuur se woede bedaar in 'n paar sekondes voor Sy gesag. Mens kan die frustrasie in Jesus se vraag hoor: "*Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?*" (v. 40). Na alles wat Jesus vir hulle verduidelik en gedemonstreer het, is hulle nog vol ongeloof. Jesus se gesonde humeur ontbloot die valse motiewe van hulle humeur. Hulle geloof is nog passief en hulle verwag nog dat Hy die werke moet doen in plaas daarvan om self in geloof God se wil te verstaan en daarvolgens te lewe.
3. Jesus bestraf die seuns van donder. Soos ons deur al hierdie Skrifgedeeltes werk, sien mens oor en oor die misplaaste woede van die mens. Die volgende gedeelte is 'n perfekte voorbeeld. Jesus stuur van Sy dissipels vooruit na 'n Samaritaanse dorpie om vir Hom verblyf te reël. Hulle wou Hom egter nie ontvang nie. Die Skrif gee die geestelike rede: Sy tyd om in die hemel opgeneem te word het nader gekom (v. 51) en Hy was op pad na Jerusalem (v. 53). Jakobus en Johannes word egter baie voorbarig. Hulle wil sommer self vuur uit die hemel roep om die dorp te verdelg (Luk. 9:51-56). Hulle misplaaste woede is baie duidelik. Hulle het nog nooit vuur uit die hemel geroep nie, net Elia kon dit al regkry. Jesus het ook nog nooit melding gemaak dat dit deel van Sy bedieningplan is om dorpe met vuur te verwoes nie! Jesus het hulle ernstig bestraf en stilgemaak. "*Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie.*" (v. 55). Hulle weet weliswaar nie dat hulle heeltemal uit 'n ander gees as Jesus opereer nie.
4. Jesus se liefde vir Sy Vader se huis verteer Hom (Joh. 2:13-21; Matt. 21:12-13; Mark. 11:15-17; Luk. 19:45-46). Dis van die min verhale rakende Jesus waaroor al vier die Evangelie-skrywers verslag gee. Ons fokus op die sweep wat Hy tydsaam sit en vleg het, maar die eintlike wonderwerk is hoe Hy 'n hele markplein vol geldwisselaars, skape en beeste leeggemaak het. In hierdie geval het Jesus se stem welluidend teen die mure weergalm en met behulp van 'n sweep het Hy die diere uit die plek gejaag. Hy demonstreer op dié dag hoe Hy 'n hele organisasie se misbruik nie net aan die lig bring nie, maar Self optree en orde bring. Dit moes

moed gekos het! Nog voordat die tempelpolisie of priesters kon protesteer, het Jesus die tafels omgegooi en die hele groep mense met geweld uitmekaar gejaag. Jesus se liefde vir Sy Vader en Sy kinders is op dié dag tot ’n emosionele hoogtepunt gedryf. Hy kon nie langer toesien dat hierdie onreg voortduur nie! Mag ons ook gevul word met ’n heilige goddelike woede vir wat reg is!

5. Jesus raak verontwaardig teenoor Sy dissipels. “*Die mense het kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy dissipels het met die mense daaroor geraas. Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.”* (Mark. 10:13-14). Die feit dat Jesus verontwaardig geword het, is ’n openbaring. Sy ongelukkigheid is egter weereens nie selfsugtig of misplaas nie. Hierdie keer gaan dit oor die kinders. Die Griekse woord hier is aganaktasen wat letterlik “vol van droefheid” beteken. Jesus was dus hartseer-kwaad. Hoor ’n kind se kekkellaggie en hulle onvoorwaardelike liefde, spontaneïteit en vryheid. Dis waar Jesus ons weer wil hê! Ons is geestelik volwasse wanneer ons weer hierdie kinderlike geloof en liefde herontdek.

6. Jesus bestraf Petrus. “*Petrus het Hom egter eenkant toe gevat en ernstig begin bestraf: “Mag God dit verhoed, Here. Dit sal U nooit as te nimmer oorkom nie!” Daarop draai Jesus Sy rug op Petrus en sê vir hom: “Gee pad agter My, jou satan! Jy maak dit vir My bitter moeilik. Jy dink soos mense dink – nie soos God nie*.” (Matt. 16:22-23; Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling). Petrus val in ’n oogwink van die geestelike hoë posisie wat hy nog oomblikke te vore beklee het. Die Vader het aan hom geopenbaar dat Jesus die Messias is, maar Petrus was te haastig om die hele prentjie te sien. Die prys wat die Messias moet betaal het hy nie gesien nie want hy was nog verblind deur sy eie ego. Dalk het hy ’n ereposisie saam met Christus gesien. Hoe dit ook al sy, hy dink nog soos ’n mens. Sy mensgedrewe bestraffing word kortgeknip deurdat Jesus omdraai en hom reguit in die gesig kyk: “*Gee pad agter my satan*!” Die Skrif sê Petrus het Jesus eenkant toe gevat en soos ’n vriend sy arms om sy maat sit, langs Hom kom staan. Hy reken homself skielik gelyk aan Jesus, totaal onkundig oor Jesus se beker wat Hy moet drink. Het ons nie al almal in totale onkunde ná ’n geestelike kamp of spesiale diens onsself aangematig om familielede so bietjie aan te tree nie? Weereens sonder enige begrip van God se prosesse.

7. Jesus word ontsteld by Lasarus se graf. Op hierdie tydstip van Jesus se bediening was dit vir Hom gevaarlik om in Jerusalem te wees. Hy is ’n paar dae tevore amper gestenig en die Jode wil Hom in hegtenis neem (Joh. 11:8; 10:31, 39). Die familie weet dit en daarom die kort boodskap: “*Die een wat jy lief het is baie siek* “ (v. 3). Hulle woorde wys hulle respek en geloof in Jesus asook hulle vrymoedigheid teenoor Hom –Hy is hulle vriend. Hulle het Hom al dikwels gehelp en Hy sal hulle ook help. Die dissipels is soos gewoonlik meer op hulleself ingestel as op die Here. Hulle verstaan nie Jesus se woorde nie en hulle maak die verkeerde gevolgtrekkings. Jesus moet hulle reguit verduidelik wat Hy bedoel toe Hy eers sê Lasarus slaap, want hulle verstaan nie. Thomas se woorde, dat hulle saam met Lasarus gaan sterf, dui op sy gewone pessimisme. Thomas die twyfelaar is bekommerd oor sy eie lewe (Joh. 14:5; 20:24-29) Jesus het dus geweet Lasarus is dood, nogtans gaan Hy nie onmiddellik daarheen nie. God wil die omstandighede gebruik vir Sy glorie. Jesus sê Hy is bly dat Hy nie onmiddellik gegaan het nie, want die Vader gaan die Seun verheerlik (v. 4).

8. Vriendskap is ’n hefboom, ’n onsigbare band wat jou verplig om te help. Mense sal op grond van ’n vriendskap enigiets doen. Vriendskap is ’n emosionele kommoditeit. Jesus bied sy vriendskap en liefde, maar laat Hom nie verbind nie. Dat Jesus nie dadelik gekom het nie, moes vir Martha en Maria maar ’n bitter pil gewees het om te sluk. Jesus se optrede druis in teen die meeste mense se begrip van vriendskap. “*As U hier was sou Lasarus geleef het*.” Hulle verwyt liggies Jesus se afwesigheid (Joh. 11:21; 32). Selfs die begrafnisgangers en toeskouers verwyt Hom (Joh. 11:37). *“Kon Hy wat die oë van die blinde man geopen het, nie maar keer dat hierdie man sterf nie?”* Maar Martha en Maria neem nie aanstoot nie. Beide Maria en Martha spreek hulle geloof uit: Ek glo (Joh. 11:7) – sy erken Jesus as die gekose Gesalfde (Messias: Christus – vgl. Joh. 1:20, 41); die Seun van God (vgl. Joh. 1:34, 39; 10:36); en die Profeet wat na die

wêreld toe gestuur is (vgl. Joh. 3:31) om God aan die mense bekend te maak. In een asem ʼn belangrike getuienis oor Christus. Jesus se trane wys egter op Jesus se seer in hierdie verhouding (Joh. 11:38). Hy het al by meer as een geleentheid vir hulle gesê dat Hy gaan sterf. Hier by die dood van Sy vriend Lasarus sien Jesus Sy dood. Hy moes dink aan die sondelas van hierdie mense wat Hy eersdaags sal moet dra, en hulle sien dit nie. Die Griekse woord vir "groaning", embrimaomai (em-brim-ah-om-ahee); Strong's #1690: Derived from en, "in," and brime, "strength." The word is used to express anger (Mark 14:5), to indicate a speaking or acting with deep feeling (John 11:33, 38), and for stern admonishment (Matt. 9:30; Mark 1:43); to roar, storm with anger; to be enraged, indignant, to express indignation against someone. Aangesien Christus en Maria-hulle vriende was, is dit waarskynlik dat Sy diep emosie te wyte was aan Sy innerlike protes teenoor hulle onverskilligheid, onkunde en blindheid wat Sy eie naderende dood en lyding vir hulle onthalwe nie sien nie. Ons grootste hartseer in enige vriendskap is wanneer jou vriend(in) jou nie sien nie. Jou maat sien nie jou hart nie, sien nie jou swaarkry, lyding of swaarheid nie. Dis die een enkele sonde/oortreding wat enige verhouding op die afdraande pad kan stuur en uiteindelik kan verwoes. Die persoon wat die naaste aan my is, sien my nie!

9. Jesus se liefde is groter as ons oortredings. Hy gee nog steeds Sy lewe en vergewe ons. Jesus oorwin hierdie diep seer wat ons ʼn pragtige blik gee op Sy menslikheid: "Hy het met ʼn groot stem geroep: Lasarus, kom uit!" Hy wek Lasarus op! Uiteindelik is ewige vriendskap net moontlik in Christus wanneer ons saam met Hom opgewek gaan word, in Sy heerlikheid. Al die romantiese ewige liefdesverklarings is vals en kortsigtig. Ewige verbintenis is net moontlik in Christus.

10. Jesus verwyt hulle oor hulle ongeloof. "*Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie*." (Mark. 16:14). Oneidos: Smaad, beledig. To defame, disparage, reproach. Generally, it means to rail at, revile, assail with abusive words. "*Toe het Jesus die dorpe waarin Hy die meeste van sy wonderdade gedoen het, begin verwyt omdat hulle hulle nie bekeer het nie*." (Matt. 11:20-24). Dit help ons om te sien dat Jesus ook soms ʼn goddelike gevoel van verwyt het teenoor mense se hardkoppigheid. Hy het nooit Sy hart oopgemaak om daarop te reageer en hulle uit te wis nie. Nogtans het Hy Sy frustrasie uitgespreek en hulle goed laat verstaan dat hulle voor ʼn heilige God se oordeel staan. "*Ongelowige en ontaarde geslag*," het Jesus gesê, "*hoe lank moet Ek nog saam met julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra*? (Matt. 17:17). Dit is ʼn verbysterende werklikheid om te weet dat baie nie in God se perfekte voorbeeld geglo het nie!

11. Jesus se aggressie teenoor die Fariseërs en skrifgeleerdes. "*En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart, sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een."* (Mark. 3:5). Jesus is toornig met rede. Maar Hy leef wat Hy predik: Hy vergeld nie verkeerd met verkeerd nie. Hy genees die man voor hulle oë! Paulus sou dit later mooi verwoord: "*Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie."* (Rom. 12:21). Jesus spreek hulle ook direk aan oor hulle valsheid, dubbele standaarde en magsug (Matt. 23:13-36; Luk. 11:45-54). Weereens wys Jesus ons die beste weg om te leef. Jy skinder nie oor iets wat iemand verkeerd doen nie, jy spreek hulle direk aan. As hulle oortreding in die openbaar gedoen is, dan spreek jy die verkeerde daad ook in die openbaar aan.

12. Jesus beteuel sy misnoeë met die melaatse man. " *ʼn Melaatse man het na Hom toe gekom, voor Hom gekniel en Hom gesmeek met die woorde: "As U wil, kan U my gesond maak." Jesus het hom innig jammer gekry, sy hand uitgesteek en hom aangeraak met die woorde: "Ek wil dit vir jou doen. Word gesond!"* Net daar het die melaatsheid verdwyn – die man was gesond. Toe het Jesus hom weggestuur en ernstig aangespreek: "*Sorg dat jy met niemand langs die pad praat nie. Gaan reguit na die priester. Laat hy jou ondersoek. En bring die offer wat die wet van Moses vereis vir melaatses wat genees is. So sal almal ʼn duidelike bewys hê van jou genesing." Maar*

> *die man het weggegaan en die nuus van wat met hom gebeur het, oral versprei. Gevolglik het soveel mense Jesus begin omring dat dit vir Hom onmoontlik geword het om openlik in enige dorp in te gaan. Hy moes buite in afgeleë plekke bly. Tog het mense steeds van oral na Hom toe gekom."* (Mark 1:40-45).

Die oudste manuskripte gebruik die woord orgistheis maar is in nuwe vertalings met splanchnistheis vertaal. Die betekenis is uiteenlopend. Die eerste ouer vertaling sê Jesus was verontwaardig. Die konteks van die gedeelte bevestig dit: Jesus is liefde, en juis uit liefde plaas Hy Sy eie lewe en reputasie op die spel om aan 'n melaatse te raak. Jesus gee hom daarom spesifieke opdragte wat hy heeltemal verontagsaam, en: "*Gevolglik het soveel mense Jesus begin omring dat dit vir Hom onmoontlik geword het om openlik in enige dorp in te gaan. Hy moes buite in afgeleë plekke bly. Tog het mense steeds van oral na Hom toe gekom*." (v. 45). Jesus wil ons genees, maar Hy wil ons ook leer om ons genesing te behou en as gesonde mense voort te leef. Geloofsgehoorsaamheid is hoe ons gesond bly! (Deut. 28).

# Hoofstuk 23

## JESUS SE DOELGERIGTHEID

---

"Lack of direction, not lack of time, is the problem. We all have twenty-four hour days." — Zig Ziglar

**JESUS** was doelgerig, maar sonder persoonlike ambisie. Hy was gefokus, om die taak waarvoor Hy gestuur is te voltooi.

Focus – pulled towards the centre. (Greek understanding).

*Systematic Relentless Determination – Intentional Living*

Ons almal worstel tot 'n mate met doelgerigtheid. Die politieke en ekonomiese onstabiliteit in Suid-Afrika is besig om ons soos beeste en skape in 'n drukgang te forseer. Mag die Here die omstandighede gebruik om ons in-te-ent, en die nodige medikasie toedien om ons te genees van ons self-gesentreerde arrogansie, selfsug, en eie-geregtigheid.

Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min (Matt. 7:13-14; Luk. 13:22-24). στενός: stenós, fem. stenḗ, neut. stenón, adj. Straight, narrow, with reference to the gate leading to life (Matt. 7:13-14; Luk. 13:24; Septuagint Jes. 49:20). Ons sê mos 'n mens moet die reguit pad loop.

**Sleutelwoorde**: verminder, verklein, vernou, vereng, inkrimp, deurdringend, noukeurig, akkuraat.

'n Hopie plofstof wat bloot net aangesteek word, maak 'n groot lawaai en rook maar rig min skade aan. Druk en beperk hierdie plofstof in 'n koeël-omhulsel, en dit kan reuse skade aanrig. A rolling stone gathers no moss is an old proverb, credited to Publilius Syrus, who in his Sententiae states, people who are always moving, with no roots in one place or another, avoid responsibilities and cares.

### Jesus Se Lewe, Was Doelgerig (Intentional)

Jesus kies 'n klein, intieme gemeenskap vir Sy vormingsjare. Min opsies, aspirasies of ambisies. Jesus woon en beweeg in 'n betreklik klein area. Jesus is in Bethlehem in Judea gebore en grootgemaak in 'n klein sandveldhuisie in die onopsigtelike dorpie, Nasaret, geleë in 'n kom hoog op 'n rotsagtige kalksteen plato bo die Jisreël- en Beth Netofa-valleie. Daarna trek Hy na Nasaret, 'n klein visserdorpie naby die hoofroetes na Jerusalem.

Hy doen die werk van ’n ambagsman vir 18 jaar. Op 12 het Hy alreeds verstaan dat Hy met Sy hemelse Vader se werk besig moet wees (Luk. 2:45).

Hy het geen ambisie gehad om iets uit Sy eie te doen nie*. Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie* (Joh. 2:4).

Jesus verklaar dat “Ek móét”:

Luk. 2:49, “*Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie*?”

Luk. 4:43, “*Ek moet ook aan die ander dorpe die evangelie van die koninkryk van God verkondig, want daarvoor is Ek gestuur*.”

Luk. 9:22, “….*die Seun van die mens moet baie ly.”*

Luk. 13:33, “*In elk geval moet Ek vandag en môre en oormôre die reis voortsit, want dit is ondenkbaar dat ‘n profeet op ‘n ander plek as Jerusalem omkom*.”

Luk. 19:5, “*Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan*.”

Joh. 9:4, “*So lank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het*.”

Vyf en dertig keer word daar gesê: “*Die skrif is vervul*.” Dit beteken dat Hy Homself laat beperk het deur die Skrif, om dit te vervul. Vandag wil ons alles vir alle mense wees. Hy het geweet watter skrifte om te vervul. Dit spreek van ‘n nou fokus.

Jesus gee nie opsies nie. Die evangelie kan nie aangepas word vir ons behoeftes nie, “*Daar is een waarheid, een manier.”* (Joh. 14:6).

“*Die mense sê, maar Ek sê vir julle”* … Sy onderrig was eenvoudig, tot die punt, en direk. Jy moes dit óf aanvaar óf verwerp.

Hy het nie mense groepeer asof hulle almal gelyk is nie. Hy het geen universele glimlag nie. Hy het die geloof van ’n Romeinse beampte en heidense vroue geprys, maar die valsheid van die Fariseërs en skrifgeleerdes verdoem. Hy noem Herodes ’n Jakkals. Hy het geen vrees vir ’n mens nie.

Daarom kon Jesus verklaar: “*Dit is volbring”* (Joh. 17:4; Joh. 19:28). Hy het die doelwit bereik. Jy kan net iets klaarmaak, as jy vooraf bepaal het wat jy wil doen.

Sy voedsel was om die wil van die Vader te doen (Joh. 4:32). Weereens ‘n baie noue, bepaalde enkele fokus. Jy kan nie 5 teikens opeens raakskiet nie.

Hy roep ons ook om ’n nougesette, heilige, afgesonderde lewe te lei (Matt. 16:24).

Die verskil tussen ’n meer en ’n vleiland is die duidelike damwal. Om doelgerig te leef, moet jy jouself beperk, grense stel.

Ons praat van beeldende kunste omrede sy grense, rame, fokus, komposisie en dissipline. Musikante fokus hulle musiek volgens ’n genre, ’n vasgestelde ritme en sleutel. Poësie en prosa volg bepaalde reëls, ritme, aksent en dit is ’n ware genot om te sien iemand kombineer al hierdie reëls en skep ’n flambojante skepping.

**Sleutelwoorde: intentional, calculated, premeditated, willful, purpose-driven, deliberate**

’n Doelgerigte lewe is baie soos ’n GPS-stelsel in baie motors. Dit wys jou die pad na waar jy wil gaan. ’n GPS vereis ’n vasgestelde bestemming: Waarheen is jy op pad? Dit het ’n beginpunt. ’n GPS weet waar jy jou reis begin. En sodra jy begin beweeg, word ’n roete bereken – ’n pad om te volg. Op die dieselfde manier leef ons God se Woord en Jesus as ons Weg. Psalm 119:105 sê: “*U woord is ’n lamp vir my voet en ’n lig vir my pad*.” As ons ’n hindernis of opeenhoping van verkeer teëkom, word ’n alternatiewe roete gesoek, maar nog steeds met die een einddoel in sig.

## Die sleutel tot die doelgerigte is:

Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is (Ef. 5:10). Jesus toon ons die padkaart vir die lewe. Soos Christus het God ook vir elkeen van ons ’n weg, ’n roete, voorberei wat ons moet voltooi! Wanneer jy nie eens weet vir watter wedren jy ingeskryf is nie, hoe kan jy dit klaarmaak?

*“Vir die maksimum doeltreffendheid om al ons Godgegewe potensiaal te vervul en die seëninge van God te ontvang, moet ons die prys betaal om onsself te posisioneer om heelhartig doelgerig te word. Ons lewenstyl word gelei deur die Christus-gesentreerde Woord-gerigte leiding van die Heilige Gees.”*

Die Here het ons op ’n tydstip gewaarsku dat iemand ons gaan verraai. Toe dit gebeur, was dit vir ons baie sleg dat dit een van die mense naaste aan ons was. Toe ek die Here vra oor hoe ons dit moet hanteer, was Sy antwoord: *“Ontbeer dit as deel van julle leiding in Christus, en wees bly.”* Toe gaan kyk ek hoe Jesus die soortgelyke situasie hanteer het: Hy het Homself onwrikbaar vasgemaak aan Sy roeping en om dit klaar te maak. Fokus en doelgerigtheid is die rigting van jou hart. *“waar jou skat is sal jou hart wees”* (Matt. 6:21) Soos toe ons die eerste keer verlief geraak het, en al ons aandag om een persoon gefokus het. So wil die Here dié plek in ons hart inneem. Ons is die meeste vervuld wanneer ons Hom innig liefhet. Om die Here met ons hele hart, krag en verstand lief te hê is ‘n vorm van fokus en die algehele ingesteldheid van die hart.

Op grond van die ontdekking van Sy liefde vir ons, is ons lief vir die Here met ons hele hart, ons ganse gemoed, ons hele verstand en al ons krag! (Deut. 10:12; 30:6; Mark. 12:30; Luk. 10:27). Jesus is immers die rede vir ons bestaan, want Hy het ons eerste liefgehad (1 Joh. 4:19). Sy liefde genees en herstel ons wese, en werk in ons om saam met alle gelowiges mekaar lief te hê soos Hy ons liefhet (Lev. 19:18). LIEFDE IS FOKUS.

## Nog Voorbeelde Van Vasbeslotenheid

JESUS: Toe die Samaritane Hom nie ontvang nie, het Hy juis meer vasbeslote geword om Sy werk klaar te maak. Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy vasbeslote die reis na Jerusalem begin (Luk. 9:51).

“*His face was [set as if He was] going to Jerusalem*.” (Luke 9:53).

“*Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat Self nie soos hulle verander of verduister nie*.” (Jak. 1:17-18).

ISAIAH: “*Therefore I have set My face like a flint*.” (Isa. 50:7). “*You will keep him in perfect peace, Whose mind is stayed on You, Because he trusts in You.*” (Isa. 26:3).

MOSES: *“…for he endured as seeing Him who is invisible*.” (Heb. 11:27).

DAVID: “*I have set the Lord always before me; Because He is at my right hand I shall not be moved*.” (Ps. 16:8).

## ’n Dubbelhartige Man is Onstabiel In Al Sy Weë (Jak. 1:8)

Doelgerigtheid is ‘n saak van die hart:

“*When the eye of the body is single, the whole body will be full of light .” (KJV). “Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie*!” (Matt. 6:22).

Die Griekse woord vir “single-mindedness” is “opthalmous haplous”. “Opthalmous” beteken: eenvoudig, ongekompliseerd, nie verwarrend nie, gevestig, gesond, gefokus sonder dat aandag afgetrek word van die onderwerp in sig. Dit beteken “in enkelgelid, reg agter die leier, sonder dubbelsinnigheid of motiewe en opreg”. Met ander woorde, as jy opreg is, gee jy nie voor nie; daar

is geen geveinsdheid of selfbeheptheid agter elke aksie nie. Opregtheid verwyder die blindekol in jou truspieëltjie! (Strongs 573. ἁπλόος haplóos)

"When the eye accomplishes its purpose of seeing things as they are, then it is haploús, single, healthy, perfect. Singleness, simplicity, absence of folds. 'Haplous' means 'braided or plaited together as one, interwoven'."

Jou wil is verweef met God se wil vir jou lewe. Jes. 40:31: *"Maar die wat op die Here wag, kry nuwe krag; hulle vaar op met vleuels soos die arende; hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle wandel en word nie mat nie."*

Koersvastheid: met een oog; eerlik, opreg, ondubbelsinnig; agter mekaar, een-een, heelhartigheid, doelbewustheid, doelgerigtheid, konsentrasie op een doel, enkelvoudigheid. Die woordeboek verduidelik koersvastheid as: opreg, vrygewig, sonder bedrog, eenvoudig.

- Geloof is "single focus"
- Heiligheid is "single focus"
- Goddelikheid is "single focus"
- Geroepenheid is "single focus"

*"Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is"* (2 Kor. 10:6). Gehoorsaamheid is 'n vorm van fokus, akkuraatheid.

- Deur akkuraatheid verkry jy gesag;
- Deur akkuraatheid vergroot jy jou grondgebied en invloed;
- Deur akkuraatheid raak jy seker en vol selfvertroue;
- Deur akkuraatheid raak jy meer doeltreffend.

**Leer En Oefen Om Nee Te sê:** Eers as jy jouself toestemming gee om op te hou probeer om dit alles te doen, om nie meer net ja te sê nie, kan jy jou grootste bydrae lewer tot die dinge wat regtig saak maak.

Essentialisme gaan nie oor hoe om meer dinge gedoen te kry nie; dit gaan oor hoe om die regte dinge gedoen te kry. Essentialisme is 'n gedissiplineerde, sistematiese benadering om te bepaal waar ons grootste bydrae lê en dan die uitvoering van daardie dinge byna moeiteloos te maak. Individuele keuse: Ons kan kies hoe om ons energie en tyd te spandeer. Die voorkoms van geraas: Byna alles is geraas en baie min dinge is besonder waardevol.

Die realiteit van verrekeninge (tradeoffs): Ons kan dit nie alles hê of alles doen nie. Jy moet een ding opgee om uit te reik na 'n ander. Hierdie drie elemente – ondersoek, elimineer, uitvoer – moenie soseer losstaande gebeurtenisse wees nie, maar eerder 'n sikliese daaglikse proses.

Praktiese sinnetjies wat jou kan help om jouself voor te berei: "Ek is gevlei dat jy aan my gedink het, maar ek is bang dat ek dit nie sal kan uitvoer nie, a.g.v. …" of "Ek sal jou baie graag wil help, maar ek is oorlaai." Die ongemaklike pouse. Die sagte "nee" (of die "nee maar"). "Laat ek my kalender nagaan en terugkom na jou toe." Sê ja. "Wat moet ek deprioritiseer?" Sê dit met humor. "U is welkom by X. Ek is bereid om Y." "Ek kan dit nie doen nie, maar X mag dalk belangstel."

Alexander Graham Bell het gesien dat die son se strale papier aan die brand kan steek wanneer mens dit op een punt fokus en hy het dié raad gegee: "Concentrate all your thoughts upon the work at hand." Sommige navorsing wat gedoen is, het getoon dat die verrigting van verskeie take (multitasking) nie net mens se tyd mors nie, maar jou inderwaarheid dom maak. 'n Studie wat in 2005 by die Universiteit van Londen gedoen is, het gemeet hoe dom dit mens kan maak. (Toegegee, dit was 'n baie klein studie wat nie deur die portuurgroep beoordeel is nie.) Psigiater Glenn Wilson het vier mans en vier vroue se IK's gemeet in stil omstandighede (sonder fone wat

lui en e-posse wat aankom) waar aandag nie afgetrek word nie. Tydens die toetse het hy deelnemers aan die studie se vel-geleidingsvermoë, harttempo en bloeddruk gemeet. Interessant genoeg het die gemiddelde IK van die deelnemers met meer as 10 punte gedaal in toestande waar hul aandag afgetrek kon word. Wat selfs interessanter is, is dat die daling groter was by mans as by vroue. (Dalk is dit om een of ander rede vir vroue makliker om goed te funksioneer wanneer hulle aandag afgelei kan word.) [67]

Toe Warren Buffet en Bill Gates se mening gevra is oor wat is die mees belangrikste element in besigheid-sukses – in een woord? 'Fokus' was hulle instinktiewe onmiddellike antwoord. [68]

## Die "One-Thing" Beginsel

Hier volg 'n uittreksel uit The Power of Habit: Why We Do What We Do in Life and Business. "On a blustery October day in 1987, a herd of prominent Wall Street investors and stock analysts gathered in the ballroom of a posh Manhattan hotel. They were there to meet the new CEO of the Aluminum Company of America — or Alcoa, as it was known — a corporation that, for nearly a century, had manufactured everything from the foil that wraps Hershey's Kisses and the metal in Coca Cola cans to the bolts that hold satellites together. A few minutes before noon, the new chief executive, Paul O'Neill, took the stage. He looked dignified, solid, confident. Like a chief executive. Then he opened his mouth. "I want to talk to you about worker safety," he said. "Every year, numerous Alcoa workers are injured so badly that they miss a day of work. I intend to make Alcoa the safest company in America. I intend to go for zero injuries."[69] Paul O'Neill het net op een ding besluit, om sy maatskappy om te draai na sukses – die veiligheid van werkers. Elke besluit, aanstelling, uitbreiding is in die lig van hierdie een ding gedoen. Die uiteinde was nie net 'n reuse verbetering in winsgewendheid nie, maar kosbare lewens is gespaar. Wat is jou een-ding?

## Om Watter Rede / Doel Het Jesus Aarde Toe Gekom?

*"Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê."* (Joh. 18:37). "*Ek bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak.*" (Rom. 15:8-9). "*En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur. Vader, verheerlik u Naam!"* (Joh. 12:27).

"*Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.*" (Joh. 17:4). Maar Hy antwoord hulle: *"Laat ons êrens anders heen gaan, na die nabygeleë dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom*" (Mark. 1:38). "*Toe sê Jesus: "Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word*" (Joh. 9:39). "*God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word. Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry."* (Matt. 5:17).

"*Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is."* (Luk. 19:10).

"*Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste."* (1 Tim. 1:15).

---

[67] McKeown, G. (n.d.). *Essentialism*.

[68] https://www.linkedin.com/pulse/20140707144749-8353952-the-one-word-answer-to-why-bill-gates-and-warren-buffett-have-been-so-successful/

[69] Duhigg, C. (2014). *The Power of habit*. New York: Random House Trade Paperbacks.

"*God het die wêreld so liefgehad dat Hy Sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê. God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word."* (Joh. 3:16-17).

"*Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense*." (Mark. 10:45).

"*Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed*." (Joh. 10:10).

"*En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak."* (1 Joh. 3:8).

*"Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur Sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry."* (Heb. 2:14).

Wat het al die verse in gemeen? Wat was Jesus se diepste "waarom" wat Hom gedryf het om vlees te word, te sterf, ons sonde op Hom te neem, en op te staan? Ek glo dit is die volkome genesing van die totale mens. Geen ouer kan stil staan en toekyk, hoe ons kinders sieker en sieker word van sonde, 'n misrekende identiteit, ongehoorsaamheid en misleiding nie! Daar is 'n band tussen skepper en skepping. Daar is niks wat die skepper so verwond en seermaak, as wanneer dit wat Hy geskep het, nie tot volle potensiaal kom nie. Jesus is God se genesingsplan!

## Vind Jou "Waarom?"

"Mark Zuckerburg se toespraak by Harvard se 2017-gradeplegtigheid het gehandel oor die belangrikheid van fokus: "Hoe kan ons die wêreld ʼn beter plek maak? Hoe kan ons ʼn band vorm met die wêreld? Omdat baie millennials nie weet wat hul doel in die lewe is nie, word hulle maklik deur groepe soos ISIS verblind. Die bymekaarmaak van geld en besittings gee jou nie ʼn doelwit in die lewe nie.

Michael Jr sê dit was ʼn keerpunt in sy lewe toe hy nie langer mense probeer soek het om lief te hê nie, maar hulle eerder ʼn geleentheid gegee het om lief te hê." [70]

Simon Sinek verduidelik 'n eenvoudige, maar kragtige model vir hoe leiers optrede inspireer, aan die hand van 'n goue sirkel en die vraag "waarom?" as die kernpunt. Sy voorbeelde sluit in Apple, Martin Luther King en die Wright-broers – en as 'n kontrapunt Tivo, wat sukkel. Die goue sirkel se kern is, Waarom? Hoe? en dan Wat? Die bogenoemde 3 voorbeelde van sake ondernemings is individue wat hulleself bemark en dryf vanuit die kern "waarom". Apple bemark hulleself altyd eerstens as innoveerders wat onder andere rekenaars vervaardig. Volgens Simon is die "waarom" ons dinge doen, die mees basiese bestanddeel wat ons na mekaar toe aantrek. Ons groepeer natuurlik rondom mense met die selfde "waarom". [71]

ʼn Ryk jong man kom na Jesus (Luk. 18:18-30; Matt. 19:16-30; Mark. 10:17-31).

Let op die fokus van die storie: "Jesus het hom liefgehad." Jesus wou die beste vir die man gee; hom nie te na kom nie. Die jongman het gevra na die ewige lewe, want hy was op soek na ʼn doel. Jesus wou hom ʼn ewige doel gee. Dinge versamel en geldmaak is ʼn tydelike aardse verwelklike doel. Jesus se opdrag aan hierdie man, om alles te verkoop, was om vir hom die Ewige Lewe se doelgerigtheid te gee. Wanneer ons ons lewe weggee, sal ons ons doel in die lewe vind. As die ryk jong man gekies het om die aanbod van Jesus te aanvaar, sou hy weer geld maak want dit is in hom. Jesus demonstreer deur die storie, dat die lewe meer is as om geld te maak, ons ware geestelike sukses lê daarin om siele te wen. Hierdie goddelike sending gee ons ʼn doel in die lewe en maak ons ryk by God. Paulus was ʼn sendeling: ʼn apostel vir die heidene, alhoewel hy ook 'n tentmaker was en met sy eie hande gewerk het. (Hand. 18:3; 1 Kor. 4:12; 2 Tes. 3:8)

Boet Pretorius getuig dat, voordat hy sy plaas verloor het, hy die eienaar van ʼn 3 000 ha plaas was, maar nou boer op hy 30 000 ha deur mense op te lei. Hy het sy doel in God se missie vir hom

[70] https://www.youtube.com/watch?v=qp0HIF3SfI4
[71] https://www.youtube.com/watch?v=RqhidTrkfrw&t=1760s

gevind. Apostel André Pelser het tot dusver al eenhonderd en twintig nasies besoek in gehoorsaamheid aan 'n profetiese woord en oproep wat hy as 13-jarige seun van tannie Raper ontvang het: "God sal jou gebruik in ander lande."

## Fokus En Gehoorsaamheid Kos 'n Prys

Om Christus te volg gaan jou alles kos. Jy moet soos 'n goeie soldaat lyding verduur (2 Tim. 2:3; 2 Tim. 3:12). Ons sal vriende en familie verloor wanneer ons kies om Jesus te volg. Maar sien die rykdom van die nuwe familie en vriende wat jy in Jesus ontvang! Sien die genialiteit in die liggaam van Christus!

Sy Koninkryk is die pêrel, die groot prys. Maar ons moet alles verkoop om dit in besit te neem (Matt. 13:45-46). Om alles te verkoop en om te belê in die kerk (Hand. 2:45; 4:34). (Niemand was behoeftig nie.) Ons roeping is om ons lewe vir die Here te gee. *"Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie."* (2 Pet. 1:10). "*Ons roeping is Jesus – Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.*" (Rom. 8:29). *"Ons is nou 'n slaaf van geregtigheid.*" (Rom. 6:15-20).

Fokus impliseer dat jy sekere ander belangrike sake en dinge, moet los. Daar moet 'n duidelike keuse gemaak word, vir die een en teen die ander! Dit is hoekom ons so sukkel. Ons wil alles hê. Alles vir almal wees! Dit is eenvoudig nie moontlik nie. Jy moet 'n keuse maak, en die prys betaal.

## Jesus As Die Gestuurde

Sending: God is 'n God van beweging, van sending. Of, soos Dr. Pelser gereeld sê: "Twee-derdes van die woord God is 'GO'." Almal is hier in opdrag. Almal is op 'n missie. Almal is 'n sendeling. Elke Christen het 'n mandaat om te vervul. Die eerste woord van die "Groot Kommissie" is "Gaan". Die Bybel gee ons net minder as 200 keer die opdrag: "Gaan!" Nie een maal sê die Bybel vir ons "kruip weg" nie. En dit sê net 13 keer dat ons moet "bly". Die "bly"-opdrag beteken dat ons naby Jesus moet bly. En ons moet net "bly" terwyl ons op instruksies van Jesus wag sodat ons die beste kan "gaan".

"The only true voyage of discovery, the only fountain of Eternal Youth, would be not to visit strange lands but to possess other eyes." — Marcel Proust.

Dit is een rede waarom die Evangelies vol reis-metafore is. Len Hjalmarson brei op briljante wyse uit op die verskil tussen 'n tempel-geestelikheid en 'n tabernakel-geestelikheid. Die eerste een is priester-gesentreerd en die tweede is pad-gesentreerd. Jesus roep ons nie na 'n einddoel, maar op reis na 'n verhouding met die Vader. (Luk. 7:3). Om 'n gestuurde te wees, impliseer dat jy namens iemand praat en optree. Jy is nie meer deel van "ons" nie. Soos Jesus gestuur is, stuur Hy ons ook: soos skape tussen die wolwe in (Joh. 20:21).

Ons moet ook bid dat die Here arbeiders sal stuur (Matt. 10:2). Gestuurde, afgevaardigde, roeping, verteenwoordiger. Om 'n gestuurde te wees gee jou 'n sekere mandaat en gesag om namens die een wat jou gestuur het op te tree (Joh. 13:20). "Laat u koninkryk kom" staan in teenstelling met elke keer wat Jesus verklaar het: "*Die Koninkryk HET naby gekom.*" (Matt. 4:12).

Jesus leer ook Sy dissipels om, wanneer hulle in 'n plek kom, te verklaar: Vir julle is die koninkryk van God baie naby (Matt. 10:9), selfs as die mense die boodskapper nie ontvang nie. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby (Luk. 10:11). Ons bid soms te lank dat die Koninkryk nog moet kom terwyl, as Jesus in die plek is, het die Koninkryk gekom. Ons wil die heeltyd Jesus aantrek, bysit, byvoeg, soos Hy probeer wees, geestelik wees, probeer Christen wees. Toe jy tot bekering gekom het, het Jesus deur Sy Heilige Gees in jou kom woon en jou 'n nuwe skepsel gemaak. Hy is dus alreeds in jou! "*Jesus sê vir Sy dissipels: Gee julle vir hulle iets om*

*te eet."* (Mark. 6:37); "*Maak die mense gesond*." (Matt. 10:9); "*maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet."* (Matt. 10:8). "*Die Koninkryk is in ons*" (Luk. 17:21).

Die Here woon tussen die lofprysing van Sy kinders. Met Hom as ons Vader spreek een geloof, doop en hoop van Sy Koninkryk in ons midde (Kol. 1:27; Ef. 4:1-9).

Daarom die opdrag om nie voorsiening te maak of saam te neem nie (Luk. 10:9). God sal voorsien, Hy sal sorg, Hy sal ons beveilig. Dis 'n wonderlike voorreg om in diens van God, Sy ambassadeur, te wees. Dit alles is die werk van God. "*Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou*." (2 Kor. 5:18).

Die boodskap gaan nie maklik ontvang word nie. Daar wag vervolging (Matt. 10:16-18). "*Want as hulle dit met die Seun van God kan doen, dan sal ons nie vrykom nie."* (Matt. 10:24-25).

Ons kan nie die boodskap aanpas en afwater om vervolging vry te spring nie. Ons verteenwoordig egter nie onsself nie, maar 'n lewende God wat eersdaags almal gaan oordeel volgens hulle werke. "*Alles wat bedek is, sal openbaar gemaak word. Een van die vyand se belangrikste tegnieke van vervolging is om ons in diskrediet te bring*." (Matt. 10:26-27). Maar God sal uiteindelik die rekords regstel – ons hoef nie onsself te verdedig nie.

Die vyand kan nie ons siel doodmaak nie. "*Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan."* (Matt. 10:28). "*Elke haar op ons hoof is getel, en dus weet die Here van elke detail van ons lewe."* (Matt. 10:30).

As gestuurdes leef ons nie meer vir onsself nie, maar vir Hom wat ons gestuur het (Matt. 10:38-39). Ons as gestuurdes word die deur, ingang, "entry point" vir mense om God te kan ontvang (Matt .10:40-41).

> Want to follow Jesus? Leave the church. Get out of the church. Leave. I mean it. Right now. Get out of here. Scram. Now. Out of here. Did you hear me? … Leave this church. Now! Jesus says, "Go Do Me." Go be Jesus.

# Hoofstuk 24

## JESUS DIE ARM, RYK MAN

---

Nie dat ek dit uit gebrek sê nie, want ek het geleer om vergenoeg te wees met die omstandighede waarin ek is. – Paulus (Fil. 4:11)

**HIERDIE** wêreld kan rofweg in drie soorte nasies verdeel word: dié wat baie geld bestee om hulle gewig te verminder; dié wie se mense eet om te lewe; en dié wie se mense nie weet waar die volgende bord kos vandaan kom nie.[72]

Was Jesus arm, of was Hy ryk? Dis 'n baie belangrike vraag. As Hy die weg van armoede gekies het, moet ons as Sy volgelinge mos dieselfde weg kies. As Hy ryk was, kan ons darem ook ons Westerse rykdom regverdig. Uit die volgende Skrifbewyse gaan ons leer dat Jesus nie arm of ryk was nie. Tog sien ons dat Hy Homself arm kom maak het om mens te word en ons te kom dien. Wat dui op 'n inherente rykdom wat ander ryk maak. Hierdie is die balans van 'n gesonde lewe, of jy ekonomies arm of ryk is.

*"Hy wat in die gestalte van God was, het Sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word."* (Fil. 2:6).

### Jesus Se Ekonomiese Posisie

Alhoewel Jesus in 'n stal gebore is, het die sterrekykers, wat twee jaar later opgedaag het, vir Jesus in 'n huis besoek met duur geskenke. (Matt. 2:11). *Goud, wierook en mirre* is geskenke wat by 'n koning pas (Ps. 72:10; Jes. 49:7; 60:5–6).[73] Jesus se ouers het moontlik hierdie skatte gebruik, om hulle tyd in Egipte te finansier, en hulle besigheid as timmerman te vestig. Hoe dit ook al sy, Jesus was nie brandarm nie.

By Jesus se besnydenis het Sy ouers twee jong duiwe as offer gebring. "*Hulle het ook die reinigingsoffer gebring volgens die voorskrif in die wet van die Here, naamlik 'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe."* (Luk. 2:22-24). Volgens die wet was dit die betaling van iemand wat nie 'n lam kon bekostig nie. "*As sy nie 'n lam kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee ander duiwe bring, die een as brandoffer en die ander as sondeoffer, sodat die priester vir haar versoening kan doen en sy rein kan wees."* (Lev. 12:7-8). Jesus se ouers was dus te arm om 'n lam te offer. Die feit dat Josef en Maria, toe Jesus 12 jaar oud was, 'n reis na die tempel kon onderneem vir die pasgafees, beteken hulle was nie só arm nie, want arm mense sou dit nie kon bekostig nie (Luk.

---

[72] David S. Landes – Wealth and poverty of nations.

[73] A. H. van Zyl, *Die Bybel Verklaar: 1983-Vertaling*, (Kaapstad: Lux Verbi, 1993), Mt 2:9.

2:41-51; Eks. 23:17). Josef die timmerman, of beter vertaal die ambagsman, dui op ’n middelklasbestaan, as hy genoeg werk sou gehad het (Matt. 13:55; Mark. 6:3). Jesus as die oudste seun sou dan ook die werk by Sy vader oorgeneem het.

Nasaret was ’n arm landbougemeenskap net vyf kilometer buite die vooraanstaande stad, Sepphoris. Werk sou dus volop gewees het, al dui opgrawings by Nasaret op materiële armoede.

Tydens Jesus se bediening sien ons dat Jesus van sy volgelinge afhanklik was: “*Hierdie vroue het uit eie middele vir Jesus en die twaalf gesorg.”* (Luk. 8:3b). “*Toe Jesus nog in Galilea was, het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom versorg.”* (Mark. 15:41).

Hy het in ’n geleende boot gepreek, op ’n geleende donkie Jerusalem binnegery, en is in ’n geleende graf begrawe. Dit is ook onseker of Jesus ’n woning van Sy eie gehad het. “*Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens ‘n rusplek vir sy kop nie.”* (Matt. 8:20). Hy het wel ’n tuiste gehad (Joh. 1:39). Later het Jesus na Kapernaum verhuis: “*Hy het nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in Kapernaum by die see, in die gebied van Zebulon en Naftali.”* (Matt. 4:13). Die woordjie *Katoikeo*, “vestig”, beteken meer permanente verblyf.

Hy het genoeg geld ingesamel dat Hy Judas daaroor aangestel het (Joh. 12:6). Maar dan was daar nie genoeg om Sy en Petrus se jaarlikse tempelbelasting te betaal nie. “*Gaan see toe en gooi hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek. As jy sy bek oopmaak, sal jy ‘n silwermuntstuk daarin kry. Vat dit en betaal hulle die belasting vir My en vir jou.”* (Matt. 17:27). Maar dit kan ook wees dat hulle bloot nie die regte geldeenheid gehad het nie. Die belasting moes betaal word met Joodse muntstukke waarop geen afbeelding van ’n mens verskyn het nie. Jesus het die geldwisselaars, wat hierdie wet vir hulle eie gewin misbruik het, uit die tempel gejaag (Matt. 21:12; Mark. 11:15; Joh. 2:14-15). Ons weet die algemene geldeenheid van die dag was dié met die keiser se beeld op (Matt. 22:20-21; Mark. 12:16; Luk. 20:24).

Jesus het ook gemaklik met ryk, vooraanstaande en invloedryke mense verkeer, soos Josef van Arimatea (Matt. 27:57), Saggéüs (Luk. 19:2), Levi (Luk. 5:29), en van die Fariseërs (Luk. 14:1). Hy het ook geen probleem gehad om by hierdie mense te gaan eet en selfs ’n feesmaal te geniet nie (Luk. 5:29-32; 7:36-39; 11:37; 14:1-2). Jesus weet ook wat die mense van Hom sê en verwys selfs daarna: “*Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, en hulle sê: “Kyk daar, ‘n vraat en ‘n wynsuiper, ‘n vriend van tollenaars en sondaars.”* (Matt. 11:19).

Jesus was nie skaam om welvaart te geniet nie. “*Hulle het ook Sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef. Hulle sê toe vir mekaar: “Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry.”* (Joh. 19:23). Hierdie onderkleed sou waardevol gewees het in daardie tyd. Jesus ontvang twee keer die liefdesgeskenk van duur parfuumolie. Jesus laat toe dat die sondares Sy voete was en salf met reukolie (Luk. 7:36-50), en later laat Hy toe dat Maria duur nardusolie op Hom uitstort (Joh. 12:1-11).

Die slotsom is dus: Jesus het geleer om vergenoegd te wees met tekorte en met oorvloed. Paulus het ook hierdie Jesus-leefwyse verstaan: “*Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighedete behelp. Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly. Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee*.” (Fil. 4:11-13). Paulus som Jesus se lewe baie mooi op: “*as armes, maar ons maak baie ander ryk; as mense wat niks het nie, en tog besit ons alles.”* (2 Kor. 6:10).

Die idee dat Jesus egter ’n ryk man was, en welvaartsteoloë die reg gee om in welvaart te leef, strook nie met die hele gees van die Skrif nie. “*Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur Sy armoede ryk kon word.”* (2 Kor. 8:9).

Jesus maak mense ryk en het geen nodigheid gehad om rykdom te versamel nie.

Jesus het die brood vermeerder (Matt. 14:13-21; Mark. 6:30-44; Luk. 9:10-17; Joh. 6:1-14).

Jesus het honderde mense genees en bevry (Hand. 10:38).

Jesus gee ons die ewige lewe!

Aan die ander kant, was Jesus ook nie brandarm nie. Oor tyd het daar verskeie kloosters ontstaan, waar mense algeheel alle besittings en welvaart opgegee het in die naam van Jesus, en dan ‘n verbintenis tot ‘n lewe van armoede maak.

## Jesus Se Perspektief Op Geld

"*But money answers everything*." (Eccl. 10:19).

*"Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie. Ook hier kom dit tot niks."* (Pred. 5:9).

*"Geldgierigheid is ‘n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal*." (1 Tim. 6:10).

"*Bileam seun van Beor wat daarop uit was om vir geld onreg te pleeg."* (2 Pet. 2:15).

## Jesus Se Perspektief Op Rykdom

Gelykenis van die ryk man en Lasarus (Luk. 16:19-31): Alhoewel Lasarus homself aan die boesem van Abraham bevind en die rykman sy oë in die doderyk oopmaak, is dit nie ’n kwessie van rykdom vs. armoede nie, maar dat hy a.g.v. sy rykdom nie sy lewe tot die Here bekeer het nie. Rykdom kan dus ’n hindernis in mense se lewe wees omdat hulle dink hulle het God nie nodig nie.

Daar is niks verkeerd met rykdom nie, maar soos enige ding in die lewe kom elke voorreg teen ’n prys. God het nie ’n probleem met ryk mense nie. Verskeie prominente figure in die Bybel was ryk:

- Abraham: Gen. 13:2
- Isak: Gen. 26:12
- Jakob: Gen. 27:28; 30:43; 35:11
- Salomo: 1 Kon. 10:23; 2 Kron. 9:22
- Hiskia: 2 Kon. 20:13; 2 Kron. 32:27-29
- Josef van Arimatea: Matt. 27:57-60
- Saggéüs: Luk. 19:1-10
- Mattéüs: Matt. 9:9-10

## Waarskuwing Aan Die Rykes

Rykdom is aards en tydelik; dit kan nie die ewigheid koop nie. Die ryk dwaas: "*Maar God het vir hom gesê: "Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het? So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie."* (Luk. 12:13-21).

Die ryk jong man kan nie die Here se opdrag, wat Hy met liefde in Sy oë gee, uitvoer en alles wat hy besit verkoop en Hom volg nie –sy rykdom weerhou hom daarvan. Rykdom is daar om ander te seën, maar dit kan ’n hindernis word om die Here te gehoorsaam. *"Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad. En Jesus sê vir Sy dissipels: Voorwaar Ek sê vir julle dat ’n ryk man beswaarlik in die koninkryk van die hemele sal ingaan. En*

*verder sê Ek vir julle, dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te gaan as vir 'n ryk man om in die koninkryk van God in te gaan.*" (Matt. 19:22-24). Dit is ook so dat arm mense makliker die Here gehoorsaam en gaan doen wat die Here vra. Ryk mense is gewoonlik te besig om hulle rykdom te vermeerder of te probeer behou.

Rykdom gee meer sorge. "*En hulle by wie in die dorings gesaai word—dit is hulle wat die woord hoor, en die sorge van hierdie wêreld en die verleiding van die rykdom en die begeerlikhede in verband met die ander dinge kom in en verstik die woord, en dit word onvrugbaar.*" (Mark. 4:18-19).

Rykdom bied valse sekuriteit. *"Julle sê: Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie," en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal.*" (Op. 3:17).

Oppas vir hoe jy rykdom en welvaart bekom. *"'n Fisant wat broei op eiers wat hy nie gelê het nie, dit is die mens wat op oneerlike wyse ryk word. Hy sal sy rykdom moet agterlaat in die fleur van sy lewe, sy uiteinde is dié van 'n dwaas.*" (Jer. 17:11).

## Opdrag Aan Die Rykes

"*Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet. Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie dade, vrygewig en mededeelsaam. So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.*" (1 Tim. 6:17).

"*… en een wat ryk is, dat hy voor God gering is, want die ryke sal vergaan soos 'n veldblom. As die son met sy gloeiende hitte opkom, verskroei dit die plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee heen. So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan."* (Jak. 1:10-11).

## Jesus Se Perspektief Op Armoede

"*Die Here maak arm en Hy maak ryk.*" (1 Sam. 2:7).

*"Gee drank aan dié wat besig is om onder te gaan, laat dié wat swaar ly, drink; as so 'n mens drink, vergeet hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moeilikheid nie.*" (Spr. 31:7).

*"As jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat Ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie, want die Here sal jou baie voorspoedig maak in die land wat Hy jou gee om as jou eie te besit.*" (Deut. 15:4).

"*Gee vryelik aan jou broer wat arm is, en moenie sleg voel omdat jy vir hom gegee het nie, want juis omdat jy vir hom gee, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak. Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is."* (Deut. 15:11).

"*Die armes het julle altyd by julle.*" (Matt. 26:11; Mark. 14:7; Joh. 12:8).

"*Toe het ek gesê: Wysheid is wel beter as krag,maar die wysheid van die arme word geminag, en niemand luister na wat hy sê nie.*" (Pred. 9:16).

Toe die Heilige Gees uitgestort word, stel die Here die mense in staat om werklik Jubeljaar toe te pas, vanuit die hart. "*Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprys daarvan gebring.*" (Hand. 4:34).

## Jy Sal Arm Word Indien

"*Armoede en vernedering wag vir iemand wat hom nie wil laat leer nie.*" (Spr. 13:18).

"*Wie sy grond bewerk, het volop om te eet; wie hom besig hou met nuttelose dinge, word brandarm.*" (Spr. 28:19).

"*Harde werk bring beloning; om net te praat, bring gebrek.*" (Spr. 14:23)

"*Nou gaan die Here alles vat wat die stad het, Hy gaan die mag breek wat die stad op see het, en die stad self sal afgebrand word.*" (Sag. 9:4)

*"Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.*" (Mar. 5:26)

"*Nadat hy alles deurgebring het, het daar 'n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly.*" (Luk. 15:14)

"*As jy nie wil arm word nie, moenie lief wees vir slaap nie; staan vroeg op, en jy sal oorgenoeg hê om te eet."* (Spr. 20:13)

*"'n Mens wat nie sy hande uit sy mou steek nie, word arm; dit is vlyt wat ryk maak. Die verstandige mens samel sy oes in as dit ryp is; 'n mens wat die oestyd deur slaap, verdien veragting.*" (Spr. 10:4)

"*Wie plesier voorop stel, word arm; wie lief is vir wyn en lekker kos, word nie ryk nie."* (Spr. 21:17)

*"Want die suiplap en die vraat word arm; dronkenskap laat jou in vodde loop.*" (Spr. 23:21).

## Seëninge Aan Die Wat Armes Help

"*Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.*" (Spr. 19:17);

"*Wie sy naaste verag, doen sonde; wie medelye het met die mens in nood, met hom gaan dit goed."* (Spr. 14:21);

"*Wie vir 'n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie, maar wie anderpad kyk, sal baie verwensings hoor.*" (Spr. 28:27);

"*Wie groot rykdom versamel deur mense uit te buit, versamel dit vir iemand wat hom oor arm mense sal ontferm.*" (Spr. 28:8).

## Jesus het soms **'n** finansiële tekort gehad, maar Hy was nooit arm nie.

Armoede is 'n ingesteldheid:

- Armoedig teenoor jou verhouding met God – Armoede van intimiteit
- Armoedig teenoor jou verhouding met jouself –Armoede van bestaan
- Armoedig teenoor jou verhouding met jou familie – Armoede van vertroue
- Armoedig teenoor jou verhoudings met die gemeenskap – Armoede van veiligheid
- Armoedig teenoor die skepping – Armoede van rentmeesterskap

## Armoede-Mentaliteit!

Armoede Mentaliteit leef vir vandag, maar rykdom laat 'n nalatenskap.

Armoede Mentaliteit vind 'n probleem in elke geleentheid, terwyl welvaart in elke probleem 'n geleentheid soek.

Armoede Mentaliteit voel geregtig, terwyl rykdom bemagtig voel.

Armoede Mentaliteit vrees die toekoms, maar rykdom maak geskiedenis.

Armoede Mentaliteit blameer ander vir sy toestand, maar welvaart neem verantwoordelikheid vir dinge wat nie sy skuld is nie.

Armoede Mentaliteit vra: "Wat gaan jy vir my doen?" Welvaart vra: "Wie is my belegging werd?"

Armoede Mentaliteit hang saam met ander ontevrede soorte wat sy aanklagte bekragtig, maar rykdom omring hom met ander kragtige beïnvloeders.

Armoede Mentaliteit stem vir kandidate wat sy regte sal verhoog, terwyl welvaart amptenare kies wat vandag se gerief vir môre se kinders sal aanbied.

## Ryk-in-God-mense mentaliteit:

Ryk mense kry hul identiteit uit die dinge wat hulle besit: hul huise, motors, seiljagte, geld, ens. Ryk-in-God-mense se identiteit kom van wie hulle is, nie wat hulle besit nie.

Ryk mense spandeer ook baie tyd om nie hul geld te verloor nie, of hulle mors dit op hulself. Ryk-in-God-mense se geld is net 'n uitdrukking van wie hulle is, so hulle is vol vertroue in Sy welsyn.

Ryk mense werk vir geld, terwyl Ryk-in-God-mense se geld werk vir hulle.

Ryk mense dink aan hul bates, maar Ryk-in-God-mense droom van hul nalatenskap.

Ryk-in-God-mense gee aan mense. Ryk mense belê in mense met die verwagting van 'n opbrengs op hul belegging, gemeet aan 'n voorafbepaalde uitkoms. Voorbeelde hiervan is 'n veranderde lewe, 'n getransformeerde buurt, 'n besigheidswins, ens.

Ryk mense dink hulle geld beskerm hulle; hulle voel hulle is bo die wet verhewe. Salomo het dit so gestel: "*Die rykdom van 'n ryk man is sy sterk stad en soos 'n hoë muur in sy eie verbeelding*." (Spr. 18: 11). Ryk-in-God-mense is inherent nederig, want hulle is dankbaar omdat hulle weet dat die bron van hulle voorsiening die Here is.

Ryk mense het 'n visie vir die dinge wat hulle kan koop. Ryk-in-God-mense het 'n visie vir die nalatenskap wat hulle laat.

Ryk mense kompeteer vir geld. Ryk-in-God-mense word deur die lot verplig.

Ryk mense trap op ander om op te beweeg. Ryk-in-God-mense meet sukses deur die mense wat hulle help.

Die ryk persoon se besigheidsdoelwit is om geld te verdien, terwyl Ryk-in-God-mense se beroep wins oplewer as die vrug om ander goed te dien. [74]

[74] Vallotton, K. (n.d.). *Poverty, riches & wealth*.

# Hoofstuk 25

## DIE ROETINES EN GEWOONTES VAN JESUS

---

Dit is die aktiwiteite wat ons daagliks doen, wat ons lewe bepaal. Charles Duhigg

"ALL our life, so far as it has definite form, is but a mass of habits." William James.

"Dailiness, routine, sameness frees the heart to traffic in more important matters." Joan Chittister.

"How we spend our days is, of course, how we spend our lives." Annie Dillard.

'n Navorsingsartikel wat in 2006 by die Duke Universiteit gepubliseer is, het bevind dat meer as 40% van die aksies wat mense elke dag uitvoer, uit gewoonte is en nie omdat die persoon 'n besluit daaroor neem nie. [75]

Die moderne mens se onrealistiese verwagting is dikwels oombliklike gewigsverlies, fiksheid, welvaart, sukses en roem. Die realiteit is egter dat dit volgehoue, daaglikse roetine verg om sukses in hierdie areas van ons lewe te behaal.

Ons het geglo dat slegs die navolging van waarheid tot 'n betekenisvolle lewe sal lei. Daarom het ons leerstellings bo lewe verkies, feite bo lewenslus, en inligting bo verandering. In ons meedoënlose strewe om alles reg te doen, het ons alles verkeerd gedoen. Verandering is 'n ervaring. Dit is iets wat gebeur met 'n mens wat die trajek en lewenskwaliteit van 'n sekere punt af wysig. [76]

Ons wil so graag, soos in die films wat ons kyk, ons lewe probeer "fast-forward" of "delete"/ uitvee, of soos in videospeletjies oor begin, sonder om elke dag enigiets in ons lewe aan te pas of te verander. In videospeletjies kry jy gewoonlik drie lewens, maar in die werklikheid van hierdie lewe ontvang jy net een! Jy kan nie dele uitsny of weglaat nie. Elke besluit, elke aktiwiteit, is bepalend tot jou lewe.

Vir 40 jaar het die volk daagliks manna opgetel en in 'n woestyn oorleef (Eks. 16:4).

*"Gee ons vandag ons daaglikse Brood"* (Matt. 6:11).

Ons neem daagliks ons kruis op (Luk. 9:23).

Die Here se ontferming is elke môre nuut (Klaagl. 3:23).

---

[75] One paper published Bas Verplanken and Wendy Wood, "Interventions to Break and Create Consumer Habits," Journal of Public Policy and Marketing 25, no. 1 (2006): 90–103; David T. Neal, Wendy Wood, and Jeffrey M. Quinn, "Habits—A Repeat Performance," Current Directions in Psychological Science 15, no. 4 (2006): 198–202.

[76] Smith, S. (n.d.). *The Jesus life*.

Die vleeswording van Jesus grondves en anker ons lewe in die wete dat 30 jaar se gewone, vakman-, plaas-, buite-die-kollig-lewe nie van minder belang is nie. Dit was hierdie opvoeding en leerproses wat Sy openbare lewe en woorde gevorm het. Die Seun van God het bykans 30 jaar daaraan bestee om die alledaagse werk van die gewone mens te doen. Daaglikse werk is dus nie van minder belang as tempeldiens en prediking nie. Elkeen het sy plek. Jesus het baie wonderwerke gedoen, maar daar het nie elke dag uitsonderlike wonderwerke plaasgevind nie en daar is nie elke dag dooies opgewek nie. Wonderwerke en tekens is belangrik, maar wat egter van wesenlike belang is, is die daaglikse roetinelewe wat die weg gebaan het vir hierdie wonderwerke!

Die menswording van God help ons om weer na te dink oor die mite dat ons meer nodig het. Toe God vlees geword het, is elke mens se lewe heilig verklaar. Die feit dat God mens geword het en die grootste deel van Sy lewe in onbekendheid as skrynwerker op ’n klein dorpie, Nasaret, deurgebring het, gee ons perspektief. Deur die menswording het ons geleer dat elke lewe waardig is en betekenis het; elke gewone lewe maak saak. Die geheimenis van die menswording help ons om te onthou dat ’n gewone lewe die moeite werd is om te leef, anders sou God ’n ander lewe, ’n ander dorp en dalk ’n meer “relevante” tyd, soos nou, gekies het. [77]

Ons daaglikse bestaan het dus betekenis en waarde. Niks is verniet of onbenullig nie. “*Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie.*” (Sag. 4:10).

## Jesus Se Daaglikse Roetines

“*Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos Sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan*.” (Luk. 4:16). Jesus het dus die weeklikse byeenkomste bygewoon. “*Soos Sy gewoonte was”* ... Mens vra jouself nie daagliks af of jy moet gaan werk, en of jy jou tande moet borsel nie. Dis bloot goeie gewoontes. As ons nie vir ons kinders kerkbywoning as ’n gesonde, goeie gewoonte aanleer nie, leer hulle ’n ander gewoonte aan, soos om eerder ander dinge te doen.

“*Was dit vir julle nodig om met swaarde en stokke uit te gaan om My te vang asof Ek ’n rower is? Dag vir dag het Ek in die tempel gesit en die mense geleer, en julle het My nie gevange geneem nie*.” (Matt. 26:55; Luk. 19:47). Eredienste op ’n Sondag (die eerste dag van die week) het ontstaan a.g.v. mense se honger en daaglikse behoefte en begeerte om byeen te kom. Daar is ’n hoë waarde gehef op gereelde byeenkomste. By vandag se kinders, kry sport, TV en ontspanning ’n hoër prioriteit as kerk. Ons is mos vertel jy is die kerk, nie die gebou of samekoms nie. Tog gebeur kerk wanneer twee of drie in Sy naam saamkom. Diegene wat nie meer kerk bywoon nie, wen ook nie meer siele nie, bid nie vir siekes nie, en beraad en bedien ander ook minder. Dis interessant dat hoe ryker mense word, hoe kleiner word hulle behoefte aan kerk. Enige dieet en oefenprogram behels ’n daaglikse roetine. Hierdie nuwe roetine breek die ou, ongesonde leefstylgewoontes.

“Church has become more like going to the movies when it’s supposed to be more like going to the gym”. -Francis Chan

Jesus herken die beweging en oomblik van genade wat God vir ’n gegewe situasie gee. Hy het gegaan om vir Petrus se skoonmoeder te bid, maar toe word die skare meer en Hy het deur die nag die mense bedien. “*Toe Jesus uit die sinagoge weg is, is Hy na Simon se huis toe ... Teen sononder het almal wat mense in die huis gehad het met een of ander siekte hulle na Jesus toe gebring ... Die volgende oggend teen dagbreek het Jesus alleen weggegaan ... So het Hy dan aangehou om in die hele Joodse gebied te preek*.” (Luk. 4:38-44). Die bruilof in Kana is nog ’n voorbeeld dat Jesus saam met God werk, en nie God saam met Hom nie (Joh. 2).

[77] Smith, S. (n.d.). *The Jesus life*. Eight ways to recover authentic Christianity.

Jesus het 'n duidelike gebedsroetine gehandhaaf. *"Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en Sy dissipels het Hom gevolg. Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle…"* (Luk. 22:39-40).

*"Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid."* (Mark. 1:35).

*"Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."* (Luk. 5:16).

*"Dit was in daardie tyd dat Jesus eenkeer die berge in is om te gaan bid. Dwarsdeur die nag was Hy besig om tot God te bid…"* (Luk. 6:12-19).

*"Na hierdie gesprek het Jesus teen die berg uitgeklim om te gaan bid. Hy het Petrus en Johannes en Jakobus saam met Hom geneem."* (Luk. 9:28-36).

**Die Vroeë Kerk het Jesus se Gewoonte Nagevolg:**

*"So continuing daily with one accord in the temple, and breaking bread from house to house, they ate their food with gladness and simplicity of heart."* (Acts 2:42).

*"Paulus het drie maande lank met vrymoedigheid in die sinagoge geredeneer oor die koninkryk van God en die mense daarvan probeer oortuig. Maar party was koppig en wou hulle nie laat oortuig nie. Hulle het ook in die openbaar die leer van die Here belaglik probeer maak. Toe het Paulus hulle verlaat en die gelowiges afsonderlik geneem en daagliks in die saal van Tirannus besprekings gehou."* (Hand. 19:1-5).

## Goeie Gewoontes: (Hand. 2:42)

- Gee van offergawes en tiendes
- Kerkbywoning
- Huiskerk-samesyn
- Bybelskool

"Modern church is visitor-centric, biblical church is committed-centric." -Dale Partridge

## Ons Verloën Self Daagliks

Ons geestelike bestaan hang nie af van die groot dinge wat ons vermag nie. Geestelike heldedade is geskenke uit God se hand, en kan nie deur die mens gemanipuleer word nie. Opstanding is 'n goddelike werk. Ons kan nie onsself uit die dood laat opstaan nie. Ons kan wel daagliks ons eie-ek en self kruisig en verloën in gehoorsaamheid aan dit wat die Here van ons vra. "Self" is ons grootste vyand! Daarom kies ons as ons redelike godsdiens om "self" se versoeke te ontken en misken (Rom. 6:11; Rom. 12:1). Ons verloën en verklaar dat ons "self" nie ken nie, net soos Petrus Jesus verloën het toe hy volgehou het dat hy Hom nie ken nie (Luk. 22:61). Ons vergeet dus van ons self. Selfloosheid is om geen ag op "self" te slaan nie (Matt. 16:24). Hierdie selflose bestaan word ons lewe. Dis hoe ons kies om te reageer op negatiwiteit of vyandigheid. Ons leef nie meer nie (Gal. 2:20).

## Daaglikse Fokus Op Jesus

Hierdie selflose liefde is net moontlik, en kan net gevind word, in die voortdurende openbaring van God se liefde (Ef. 3:17-19).

"Self" word dus net minder in die aangesig van Sy liefde. Dit impliseer dat ons daagliks op Sy geregtigheid fokus (Matt. 6:33). Soos ons Hom bewonder, en Hy meer word in ons fokus en bewussyn, vergeet ons van onsself (Joh. 3:30). Paulus bid vir die gemeente: *"[Ek bid] dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur Sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.*" (Ef. 1:17). Om Christus werklik te leer ken, bring outomaties selfloosheid teweeg. Wanneer mens meer en meer tyd deurbring met iemand van wie jy baie hou, smeer daardie persoon af aan jou. So fokus ons op Christus, Sy lewe, styl, waardes, manier, gesindheid, denke, gewoontes, karakter en so word ons gevul met die kennis (experiential knowledge) van wie Hy is. Dis hierdie fokus en nabyheid aan Christus wat ons lewe transformeer. Johannes verduidelik dat, soos 'n boom ingeënt word op 'n ander kern/wortel/stam, ons in Christus ingeënt is (Joh. 15).

Deur gereeld Nagmaal te gebruik, versterk hierdie Jesus-fokus. "*Do this in remembrance of Me*." (1 Kor. 11:5). "*Die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof"...* (Heb. 12:1). Deur die bepeinsing van Jesus se kruisdood en die offerwerk wat Hy volkome vir ons verrig het, fokus ons reg (1 Kor. 2:2). Soos die mense na die slang gekyk en genesing ontvang het, kyk ons na Jesus (Joh. 3:14).

Deur elke dag tyd in die Woord te bestee, deur op die Here te wag in stil luister-meditasie, en deur met bewustheid (mindfulness) te fokus, rig ons ons hart en siel op Hom.

## Daaglikse Samekoms Met Gelowiges

"*Hy was elke dag in die tempel besig om die mense te leer*." (Luk. 19:47).

"*Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydskap en in alle eenvoud geëet, en God geprys*." (Hand. 2:46–47).

"*…daagliks in die saal van Tirannus besprekings gehou*." (Hand. 19:9).

"*…en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie*…" (Heb. 10:25).

Soos die getye van die see, is daar 'n gesonde ewewig tussen inwaartse individuele intimiteit met die Here, en samesyn met gelowiges. Die twee bewegings, diens aan God en diens aan mekaar, is wat die woord "tempel" (Naos) beteken. Ons sien God se gesig en voel Sy aanraking in mekaar. Ons is soos tropdiere – ons kan nie sonder mekaar funksioneer nie. Inteendeel, soos die dele van die liggaam, bestaan ons ter wille van die liggaam (Rom. 12).

## Loof En Dank Die Here Daagliks

"*Ek loof U soveel keer elke dag oor u bepalings. Hulle is regverdig*." (Ps. 119:164). 'n Ander vertaling sê: "*Sewe keer per dag, oordink ek U voorskrifte. Dan sal ek U Naam altyd besing en dag na dag my geloftes betaal*." (Ps. 61:9). Een van my vriende begin elke dag met Bybelstudie, lofprysing en danksegging. Dis so 'n pragtige gewoonte om ons ingesteldheid vir die dag reg te begin. Ons fokus reg, want ons fokus op die ewige!

"*Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag*." (1 Thess. 5:16).

## Daaglikse Wonderwerke

*"Maar hulle het uitgegaan en oral gepreek, en die Here het saamgewerk en die woord bevestig deur die tekens wat daarop gevolg het. Amen."* (Mark. 16:20).

*"En nou, Here, let op hulle dreigemente en gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u woord te spreek, deurdat U u hand uitstrek tot genesing, en tekens en wonders deur die Naam van u heilige Kind Jesus plaasvind."* (Hand. 4:29-30).

*"...terwyl God ook nog saam getuig het deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en bedélinge van die Heilige Gees volgens sy wil"* (Heb. 2:4, Ou Afrikaanse Vertaling).

*"...want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag."* (1 Kor. 4:20).

*"Want wie het die sin van die Here geken, dat hy Hom sou kan onderrig? Maar ons het die sin van Christus."* (1 Kor. 2:16).

Dr. Brian Adams glo in "verwag daaglikse wonderwerke". Ons behoort 'n daaglikse verwagting te hê dat God bonatuurlik deur ons wil werk! Hierdie verwagting is soos 'n hoeksteen-gewoonte. Dit rig ons, en hou ons bedagsaam en sensitief teenoor die Heilige Gees. Ons kan nie wonderwerke laat gebeur nie, ons is bloot ingestel om in die geloof te doen soos die Heilige Gees lei. God se koninkryk is geestelik. Deur die uitstorting van die Heilige Gees het God nou in ons kom woon om, soos Christus, deur ons Sy wêreld te demonstreer.

## Daaglikse Werk

Jesus het ons kom wys dat daaglikse werk ook heilig kan wees. Hy was volkome mens, en tog het Hy nie gesondig nie. Ons verheerlik die Here ook deur die kwaliteit van die werk wat ons doen. "*Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik*." (Matt. 5:16). "*Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God*." (1 Kor. 10:31). "*Sien jy 'n man wat vaardig is in sy werk—hy kan voor konings staan, hy hoef nie voor geringes te staan nie*." (Spr. 22:29).

Ons moet werk om te kan gee. "*Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liewer arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.*" (Ef. 4:28).

Maar ons moet anders werk as die wêreld. Ons handewerk, en hoe ons met mense werk, moet spreek van God se Vaderhart en Sy waardes. Toe die koningin van Skeba die geregte op die tafel sien – wat was anders? Die manier hoe dit voorgesit word? Verder was sy beïndruk met hoe Salomo se diensknegte gesit het, hoe hulle hulleself gehandhaaf het, en hulle klere. "*Die voedsel van sy tafel en hoe sy dienaars sit en sy bediendes staan, en hulle klere, en sy dranke en sy trap waarmee hy opklim in die huis van die Here, was daar in haar geen gees meer nie*." (1 Kon. 10:5). Ek glo Salomo het sy diensknegte nie soos slawe behandel nie, maar menswaardig, wat hulle trots laat voel het om te dien. So behoort ons plase, pakhuise en fabrieke ook die regering na hulle asem te laat snak oor die manier waarop ons mense bemagtig en menswaardigheid ontwikkel.

## Daaglikse Diens

God is nie net soms 'n Gewer nie. As ons na die skepping kyk, dan gee God nog steeds, in oordaad! Wanneer ons verstaan dat dit beter is om te gee as om te ontvang, dan word gee 'n lewenstyl. Diensbaarheid is nie slawerny nie, dis 'n lewenstyl van gee. Liefde, vriendelikheid, goedheid, vrede, behulpsaamheid: GEE! So vind ons vroeg in die getuienis van die handelinge van die apostels en vroeë gelowiges, dat hulle daagliks besig was om te gee (Hand. 6:1). Daar word ook vrywilligers, diakens, aangestel om prakties te help en te dien. Jesus het die wêreld kom dien deur genesing, verlossing en bevryding uit te deel (Fil. 2:1-5). Jesus was selfs bereid om sy dissipels se voete te was (Joh. 13:5). Boere dien die wêreld deur genoeg smaakvolle en voedsame voedsel te voorsien. Besighede dien die mensdom deur die kos te verpak, te verwerk en toeganklik te maak vir elkeen. Die regslui en wetstoepassers dien die mensdom deur wet en orde toe te pas, en

sodoende te sorg vir ons veiligheid. Dokters hou ons gesond. Die regering sorg dat daar toepaslike infrastruktuur en hulpbronne beskikbaar gestel word sodat ons kan floreer in ons skeppingsdoel.

## Daaglikse Rus

Ja, ons onthou God het op die sewende dag gerus. Daarom die Sabbat. Maar Jesus wys ons dat daar by Hom 'n gesonde ritme tussen rus en werk was. Hy is die permanente Sabbatsrus (Matt. 12:1-8). Christus is die rus waarna elke mens soek. Hierdie rus gebeur wanneer ons vrede met God maak (Rom. 5:1). Om in die geloof te lewe, is om in God se rus te lewe. Die rus van volkome geloofsvertroue (Heb. 11:1; 6). Ons wandel deur die geloof, nie deur wat ons sien nie (2 Kor. 5:7). Wandel impliseer die daaglikse lewe. Ons leer dus om vanuit rus, en na rus toe, te leef. Ons veilige plek is God se rus. Ons leef nie meer nie, en dit beteken ons rus. Ons beweeg net wanneer ons gelei en gedring word deur die Heilige Gees (Rom. 8:14). Ons beweeg dus van rus af na gehoorsaamheid, waartoe Hy ons opwek tot 'n nuwe lewe in Christus. Jesus slaap te midde van 'n storm (Mark. 4:38). So kan ons ook te midde van krisisse en tye van onheil in die Woord rus. Hy sal ons in elke situasie anders lei.

Daar is vandag baie verwarring en verskillende ekstreme oor die 7de dag rus, Sabbat. Sommige Christene hou weer die Joodse Sabbat, en poog daardeur om 'n dieper spiritualiteit te bekom. Christus alleen is ons rus, en ons moet allereers ons rus in Hom kry, te alle tye. (Matt. 6:33). Maar daar is groot waarde daarin, veral in vandag se gejaagde lewe, om van sononder op 'n Vrydag tot sononder op 'n Saterdag, toestelle, selfone, en rekenaars af te sit. Om jou van alle werk wat met inkomste te doen het, te weerhou. Slaap, lees, mediteer, gaan stap, speel speletjies met jou kinders en die huisdiere, skilder, dig, en wees skeppend. RUS! Ons geregtigheid in Christus, maak juis hierdie rustyd mooier, want ons hou nie die Sabbat om beter in God se guns te kom nie. IN Christus is ons 100% reg voor God. Geniet die rus. Floreer en gebruik die rus, om fees te vier! Eet lekker saam, die kos wat alreeds vroeër die dag gemaak is. Sodat die vrouens ook kan rus. [78] Onlangs tydens my eerste Sabbat saam met 'n Joodse gesin, verduidelik die Pa, hoekom die maaltyd met vars brood, sout en heuning begin word. Volgens hom moes selfs die armstes spaar, en heel week voorberei om Vrydagaand fees te vier, lekker te eet! Het jy al lekker vars brood, met heuning en sout geniet? Jy voel so ryk soos 'n koning! Dit is die hart van die Vader, dat Sy kinders hulself heilsaam sal geniet!

## Ondersoek Die Skrifte Daagliks

"*En hierdie mense was edelmoediger as dié in Thessaloníka; hulle het die woord met alle welwillendheid ontvang en elke dag die Skrifte ondersoek of hierdie dinge so was.*" (Hand. 17:11). Jesus het al as jong seun die Skrifte geken, daarom kon Hy op die ouderdom van 12 met die Fariseërs en skrifgeleerdes redeneer (Luk. 2:41-52). Dit impliseer: Hy het die OT-geskrifte honderde kere deurgelees, gememoriseer en verstaan. Op 12! Vandag heg ons 'n hoër waarde aan sekulêre skoolonderrig as aan kennis van God se Woord. "*Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny*." (2 Tim. 2:15).

[78] Comer, J. (2015). *Garden city*. [Place of publication not identified]: Zondervan.

## Die Tyd Is Nou

*"Hy het hulle vriendelik ontvang en met hulle gepraat oor die manier waarop God NOU regeer."* (Luk. 9:11). Deur te fokus op vandag, ontsluit ons die NOU-genade van God. God is 'n ewige Teenwoordigheid. Sy genade is vir die nou. Ons moet net bepaal wat God nou wil doen.

*"Op die regte tyd het Ek jou verhoor, en op die dag van verlossing het Ek jou gehelp."* (2 Kor. 6:2). Inderdaad – dit is nóú die geskikte tyd; dit is nóú die dag van verlossing. Die geheim van iemand wat van elke dag die beste maak, is om God se plan vir elke dag te ontsluit en te ontgin. Ons hoor en doen! Daarom het Jesus gewag vir die oomblik van *"dit is nog nie My tyd nie"* (Joh. 2:4) tot *"Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word"* (Matt. 4:1). 'n Belangrike rede waarom ons die Skrifte ondersoek, is om God se tydsberekening te verkry. Iets wat die Fariseërs heeltemal misgekyk het (Matt. 16:3).

*Carpe diem* is 'n Latynse aforisme wat gewoonlik as "gryp die dag" vertaal word. Dit kom uit Boek 1 van die Romeinse digter Horatius se werk, *Odes* (23 v.C.).

In Horatius se werk is dit deel van 'n langer uitdrukking, "Carpe diem, quam minimum credula postero", wat vertaal kan word as "Gryp die dag, maar moenie te veel op môre (die toekoms) vertrou nie". Volgens die ode is die toekoms onbekend en mens moenie op toekomstige gebeure reken nie, maar eerder vandag alles in jou vermoë doen om jou toekoms beter te maak. Die uitdrukking word gewoonlik teen Horatius se Epikuriese agtergrond verstaan. Die betekenis van carpe diem soos Horatius dit gebruik het, beteken nie ons moet die toekoms ignoreer nie. Dit beteken eerder dat ons nie net moet aanvaar dat alles sal uitwerk nie maar dat ons vandag moet optree om die toekoms beter te maak.

*"Remember that you are mortal, so seize the day."*

*"Enjoy the moment."* (enjoy, seize, use, make use of)

Hebrew: The phrase ואם לא עכשיו, אימתי? *"And if not now, then when?"* (Pirkei Avoth 1:14)

In die 1989-fliek, *Dead Poets Society*, het die Engelse onderwyser John Keating, gespeel deur Robin Williams, die volgende gesê: "Carpe diem. Seize the day, boys. Make your lives extraordinary." Hierdie sin is later deur die American Film Institute as die 95ste beste fliek-aanhaling aangewys. Die televisiereeks, *Community*, het later op satiriese wyse met die fliek omgegaan deur die karakter van professor Whitman, 'n komiese en eksentrieke weergawe van Williams se karakter wat "Carpe diem" as lewensfilosofie gebruik het.

*"Moet julle daarom nie oor môre bekommer nie. Môre sal sy eie bekommernisse bring. Vandag se moeilikhede is vir een dag heeltemal genoeg."* (Matt. 6:34).

*"Moet julle dan nie vandag al oor more se probleme kwel nie. As more gekom het, kan julle daaroor dink. Elke dag het genoeg van sy eie probleme."* (Matt. 6:34, Die Lewende Bybel).

In die alledaagse van ons lewens ontmoet die heilige en die gewone. Heerlikheid en verderf kruis mekaar. Die heilige ontmoet die roetine. Die lewenslange reis na die hemel word dikwels gekenmerk deur gewone dae waar ons eenvoudig ons werk doen en God dien so goed as wat ons kan.

*"Manna elke dag…"* (Eks. 16:4). *"Gee ons vandag ons daaglikse brood."* (Luk. 11:3).

Die Indiese filosoof, kulturele hervormer en geestelike leier Gandhi was reg toe hy sê: "There is more to life than increasing its speed."

*"The Lord's mercies are new every morning."* (Klaagl. 3:23; NIV)

# Hoofstuk 26

## Jesus Die Tuinier

God meant man to live in a garden; sin has sent him to the slums."
– Vishal Mangalwadi

**DIE** storie tussen God en die mens begin en eindig in 'n tuin. (Gen. 1-3 – Op. 21-22).

"God writes the gospel not in the Bible alone, but on trees and flowers and clouds and stars." – Martin Luther

Eden: Sanctuary, delight, pleasure, paradise, luxury, abundance.

Die woordspel rondom die woord Eden, dui daarop dat die outeur nie net na 'n fisiese plek in Mesopotamië verwys nie, maar na 'n argetipe van 'n heilige tuin-tempel, waar God en mens in harmonie bestaan.

"Mack had expected a perfectly manicured and ordered English garden. This was not that! It was chaos in color. His eyes tried unsuccessfully to find some order in this blatant disregard for certainty. Dazzling sprays of flowers were blasted through patches of randomly planted vegetables and herbs, vegetation the likes of which Mack had never seen. It was confusing, stunning, and incredibly beautiful. It was all wonderfully bewildering and intoxicating." (The Shack).

"The many great gardens of the world, of literature and poetry, of painting and music, of religion and architecture, all make the point as clear as possible: The soul cannot thrive in the absence of a garden. If you don't want paradise, you are not human; and if you are not human, you don't have a soul." - Thomas Moore.

"*Jesus sê vir haar: Vrou, waarom ween jy? Wie soek jy? Sy het gedink dat dit die tuinier was en antwoord hom: Meneer, as u Hom weggedra het, sê vir my waar u Hom neergelê het, en ek sal Hom wegneem*." Jesus het in 'n tuin gebid voor Sy kruisiging. (Matt. 26:39) en Jesus was gekruisig naby 'n tuin (Joh. 19:41). Hy was begrawe in 'n tuingraf (Matt. 27:57-60).

Jesus behandel elke mens soos 'n potensiële plant of boom. "*Waar iemand se lewe gebroke is soos 'n riet wat geknak is, sal Hy dit nie verbreek nie, en waar dit swak is soos 'n lamppit wat rook, sal Hy dit nie beskadig nie*." (Matt. 12:20). Jesus sien elke mens as 'n individuele plant of boom, elkeen hanteer Hy anders. Die Samaritaanse vrou, hanteer Hy soos 'n ware plantkenner, en sien dat sy uitgehonger is vir water. Met Nicodemus die teoloog, sien Jesus dat hy nodig het om oorgeplant te word in nuwe grond, of selfs nuut ingeënt te word op 'n nuwe wortelstam. Die ryk jong man, moet eers uit sy ranktakke waarin hy verstrengel geraak het loskom, maar hy sien nie kans nie. Vir talle was Jesus die wondergeneesmiddel, wat dadelik 'n knellende pyn en kwaal kom genees het. Ander was onder die mag van 'n parasiet plant en swam en moes bevry word. Die melaatses wat onder kwarantyn moes staan, genees hy van die gevreesde siekte, en help hulle om herenig te word met hulle mense.

## Jesus was bekend met Landbou en het gereeld sy stories rondom voorbeelde in die landbou uitgebou.

Met die wete dat Sy gehoor bekend sou wees met Sy voorbeelde, gebruik Hy:

- Die gelykenis van die saaier: (Matt. 13: 1–23),
- Die koring en die kaf: (Mtat. 13:24–30, 36–43),
- Die mosterdsaad: (Matt. 13:31–32),
- Die geheime skat in die veld: (Matt. 13:44).

Jesus verwys ook vele kere na ons dat ons soos 'n gesonde boom moet vrug dra.

Dat daar nie twee verskillende tipe vrugte uit een boom kan groei nie.

Ons moet siele gaan wen, en die oes insamel, kyk die oes is alreeds wit.

Ander NT skrywers maak ook verwysings na die landbou:

Saai en maai beginsel (Gal. 6:7–10; Rom. 8:1-5),

God gee saad aan die saaier (2 Kor. 9:6-10),

Moenie 'n os se bek toebind daar waar hy werk nie,

Hoe 'n Olyfboom groei (Rom. 11:17–24).

Hy moedig ons almal aan om te kyk na die boer en van hom te leer. Hardwerkende boere is die eerste wat die vrug van hulle arbeid geniet (2 Tim. 2:6 NLV).

Jakobus verwys na die boer wat geduldig en gelowig wag vir die oes (Jak. 5:7).

God self verpersoonlik Homself as 'n landbouer:

"*Laat Ek 'n beeld gebruik om die verhouding tussen My, my Vader en my volgelinge te verduidelik. Stel julle voor my Vader is 'n druiweboer. Ek kan dan vergelyk word met 'n spesiale druiwestok. My Vader bewerk die wingerd goed en hou die lote wat uit die druiwestok groei goed dop.*" (Joh. 15:1 DB)

Jesus word as die goeie Herder voorgestel: skaapwagter of skaapboer.

Die daaglikse lewe as landbouers was verweef met die tempel kalender se drie mees belangrikste feeste:

Die fees van die ongesuurde brood en die Paasfees is aan die begin van die graanoes. Dit was gevolg deur die fees van weke, of die pinksterfees, 50 dae later, waar die eerste vrug van die koringoes ingesamel is. Die fees van Tabernakels (Loofhuttefees of fees van dankbaarheid) was gehou teen die einde en voltooiing van die graan oes.

## Die Tuin Is 'n Tempel

Dit is interessant dat by die verklaring in Openbaring 21:1: *"ek het 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien"* sien Johannes 'n nuwe stad, niks van hoe die nuwe hemel en aarde lyk, word verduidelik nie. Ook die verwysing in Jesaja na 'n nuwe hemel en aarde, fokus op 'n nuwe stad Jerusalem: "*Ek skep nuwe hemele en 'n nuwe aarde, en aan die vorige dinge sal nie gedink word en hulle sal in die hart nie opkom nie.*

*"Maar wees julle bly en juig vir ewig oor wat Ek skep; want kyk, Ek skep Jerusalem om te juig, en sy mense om bly te wees."* Die Bybelse narratief is gebou rondom 'n diagram van 'n tuin, 'n plek van veiligheid, prag, heerlikheid, vrede, voorsiening, versorging, vergifnis en lewe – binne. Distansie,

verwydering, woestyn, dorheid, honger en dood – buite. Noag en die ark, die volk op reis na die beloofde land, die tabernakel en die tempel het deurgaans dieselfde implikasie – Wanneer jy die Here gehoorsaam en doen wat Hy sê, is jy binne. As gevolg van ongehoorsaamheid en rebellie bly jy buite.

Dit is duidelik dat God sedert die skepping en die vorming van die mens, in harmonie en in dieselfde goddelike eenwording met die mens wil bestaan as wat ook in die Godheid bestaan. God verlang nie oorheersing of slaafse robot gehoorsaamheid nie. Daarom het Hy ons in Sy beeld geskape, met die vermoë om te kan besluit en skep, nes God. *"Nou het die mens geword soos een van Ons deur goed en kwaad te ken."* (Gen. 3:22) *"Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie."* (Gen. 11:6) Sonder Christus is die mens se eenheid selfgesentreerd. Dus kan daar nie eenheid wees, sonder dat Christus sentraal staan nie. (Ef. 4:1-5)

As Jesus dus aankondig dat Sy koninkryk naby gekom het, verklaar Hy dat God se tuin, en die habitat waarvoor ons geskep is, naby gekom het, en weer toeganklik geword het. Daarom demonstreer Hy die tuin, hemel, koninkryk, tempel, beloofde land, die ark deur siekes te genees, mense onder die mag van satan te bevry, en die boodskap van die goeie nuus te verkondig.

## Viervoudige – Verhoudingsbreuk.

**1ste Verhoudingsbreuk** Met God

Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruip tussen die bome van die tuin. *"Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: "Waar is jy?"*

**2 de verhoudingsbreuk –** met onsself

En die mens antwoord: *"Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruip."*

Die Here God vra toe: *"Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is?"*

Vrees, en Skaamheid

**3rde Verhoudingsbreuk** – Met ons medemense

Die mens het geantwoord: "*Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet." Toe vra die Here God vir die vrou: "Wat het jy nou gedoen?" en sy sê: "Die slang het my mislei, en ek het geëet*."

Verontskuldiging, Regverdiging, en Blamering.

**4de Verhoudingsbreuk met** die skepping en die natuur.

Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is.

Skeiding, moeite:

## Jesus se Ek-is uitsprake herstel al hierdie verhoudinge:

Die 8 'Ek is' uitsprake wys ook duidelik op Jesus as die tuinier:

Ek is die Deur (Joh. 10:7, 9, 11, 14);

Adam en Eva is uit die tuin verwerp, en toegang verbeur. (Gen. 3:24). Jesus word die toegang tot God se tuin. Sodat ons weer verenig met Hom kan lewe. (Heb. 10:19);

Die Weg, die Waarheid en die Lewe (**Joh. 14:6**);

Jesus se lewe is die tuin waarin ons weer in volle harmonie kan leef met God, onsself, ons naaste en die skepping. Die lewe in die tuin was ‘n manier van leef, ‘n weg. Jesus se manier van lewe, dui op hoe ons lewe in God se tuin. Sy intimiteit met die Vader (Joh. 5:19-20, 30; 6:38; 8:28; 12:49; 14:10, 24, 31; Matt. 26:39) en Sy openbaarmaking van die Gees van waarheid. (Joh. 14:17; 15:26; 16:13);

Ek is die Lewende Water (Joh. 4:14, 26);

Water uit die put van Jakob les tydelik die mens se dors. Die lewende water wat Jesus gee, bevredig egter vir altyd (Matt. 5:6 – vgl. Jes. 49:10; 55:1–3; 58:11; Joh. 6:32; 48). In Op. 22:1-2 lees ons ook van ‘n rivier. ‘n Metafoor wat dikwels in die Bybel gebruik word. (Eseg. 47) Die rivier wat vanuit die altaar, en heiligdom vloei en bome wat groei aan sy walle. (Eseg. 47:12);

Opstanding en die Lewe (**Joh. 11:25**);

Omdat die mens uit die tuin, en ‘n harmonieuse eenheid met God, verwerp is, het dood toegetree. (Gen 6:3; Ps. 90:10). Jesus Christus gee, dat ons vir ewige sal lewe. (Joh. 3:16; Matt. 25:46; Joh. 4:14);

Ek is die Goeie herder (**Joh. 10:14**);

Saans is die skape volgens gebruik in ’n kraal gejaag om hulle te beskerm teen diewe, onweer en wilde diere. Dié krale was gewoonlik grotte of ’n oop stuk met mure van klip of takke. Die herder het dan in die ingang geslaap. Soos die herder omgegee het vir elke skaap, só gee die Goeie Herder sy lewe vir sy volgelinge (vgl. Eseg. 34:23) wat Sy stem ken. Enigeen wat van sy skape leed wil aandoen, moet by die enigste ingang waar die Goeie Herder waghou, verby kom. Jesus is die ingang en die Goeie Herder. Jesus as die herder verwys na God se versorging aan die mens. In die tuin was daar versorging, beskerming, genoeg om van te eet. Die mens het geen sorge gehad nie;

Ware Wynstok (**Joh. 15:1**, **6**);

Jesus as die wynstok verwys na God se roeping, en skeppingsdoel opdrag aan die mens. (Gen. 2:15). Die beeldspraak aangaande die wingerdstok beklemtoon dat vrugbaarheid in die Christelike lewe uit ’n bly-in-Christus spruit. Al gaan Jesus ook weg, die eenheid met Sy dissipels bly behoue. Die wingerd is ’n bekende beeld uit die Ou Testament, waar dit na die gelowige volk verwys (vgl. Ps. 80:9–16; Jes. 5:1–7; Jer. 2:21; Eseg. 19:10–14; Hos. 10:1);

Ek is die Brood van die Lewe (**Joh. 6:48**);

Die mens het van die boom van kennis van goed en kwaad geëet. En God het die toegang tot die tuin verbied, sodat hulle nie van die boom van lewe sal eet nie. (Gen. 2:9; 3:17, 22, en 24). Ons lees weer van die boom van die lewe in Openbaring. (Op. 2:7; 22:2, 14, 19). Maar die Bybel praat ook van wysheid as die boom van die lewe. (Spr. 3:18, 11:30; 13:12; 15:4). Jesus is dus nou ons daaglikse brood. (Matt. 4:4). Jesus verwys hier na Homself as die brood wat uit die hemel gekom het, in kontras met die manna wat die trekkende volk opgetel het. Die manna was goeie brood wat die liggaamlike honger kon stil, maar dit was tydelik. Die mense het daarvan geëet en is vir ’n dag lank daardeur versadig, maar hulle moes elke dag van hierdie brood kry om te eet, en dit kon hulle ook nie van die dood red nie. Jesus, wat soveel groter is as Moses, bied Homself as die geestelike brood aan ons. Hy versadig ons volkome geestelik en skenk daarmee aan ons die ewige lewe;

Ek is die lig van die Wereld (**Joh. 8:12**; **:5**);

God het eerste Lig geskep. Sonder lig kan daar nie lewe wees nie. Jesus is dus die nuutskepper. Hy bepaal die dag, die seisoene, die getye van ons lewe. In Hom is ons herskep, en nuwe skepsels gemaak. (2 Kor. 5:17). Lig veronderstel nuwe lewe. “*Gaan staan in die tempel en verkondig aan die volk die volle boodskap van hierdie nuwe lewe.*” (Hand. 5:20). “*Lewe as nuwe mense wat na die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig”*. (Ef. 4:24) “*en leef nou die*

*lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.*" (Kol. 3:10).

## Hoe Werk God Se Tuin?

Jesus benader elke persoon wat Hy raak, as 'n potensiële plant in Sy tuin. Hy self is die water en die son, die twee mees belangrike elemente vir enige plant om te groei. Verder sê Hy: "*Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie*". (Matt. 6:27). Die lelies groei omdat hulle op die regte plek geplant is. Die habitat is dus reg. 'n Lelie kan nie in 'n woestyngrond groei nie. So het die Here ons as mens ook elkeen uniek geskape. Familie is die habitat (eco-sisteem), die grond waarin jy geplant is. Indien jou bloedfamilie nie die Here dien nie, moet jy jou geestelike familie vind. "Find your family, find your destiny." Bill Johnson.

Mense vra soms: hoe vind ek die regte kerk? Kry die kerk, waar jy die beste kan groei.

## Genade Vir Nog 'n Jaar – Luk. 13:6-9

"*En Hy het hierdie gelykenis uitgespreek: 'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was, en hy het gekom en vrugte daaraan gesoek en niks gekry nie. Toe sê hy vir die tuinier: Kyk, drie jaar kom ek om vrugte aan hierdie vyeboom te soek en ek kry niks nie; kap hom uit. Waarvoor maak hy die grond nog onvrugbaar? Maar hy antwoord en sê vir hom: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan totdat ek om hom gespit en mis gegooi het. As hy dan vrugte dra, goed; maar so nie, dan kan u hom anderjaar uitkap*." (Luk. 13:6-9). Hierdie verhaal is 'n sagter, meer genadiger storie van die ander weergawe waar Jesus die boom wat nie vrug gedra het nie, summier vervloek het. (Jes. 5:2; Matt. 21:19; Mark. 11:13). Die punt is, Jesus soek vrug. (Matt. 20:1–15; 21:28–32, 33–46; Joh. 15:1–11). Nie sommer enige opbrengs nie. Hy soek vrugte van geregtigheid. (2 Kor. 9:10; Ef. 5:9; Fil. 1:11; Heb. 12:11; Jak. 3:18). Hierdie verhaal wys op Jesus se tuinier-hart, waar Hy eers die grond wil spit, en kunsmis inwerk, vir een seisoen.

## Gelykenis van die onkruid – Matt 13:24-30

Die koninkryk oorwin deur Infiltrasie – nie 'n Mono-kultuur.

"*'n ANDER gelykenis het Hy hulle voorgehou en gesê: Die koninkryk van die hemele is soos 'n man wat goeie saad in sy land gesaai het; maar terwyl die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid onder die koring gesaai en weggegaan. En toe die spruitjies opgeskiet en vrug gevorm het, toe verskyn die onkruid ook.*

*En die diensknegte van die huisheer het gekom en vir hom gesê: Meneer, het u dan nie goeie saad in u land gesaai nie? Waar kry dit dan die onkruid vandaan? En hy antwoord hulle: 'n Vyandige mens het dit gedoen. Toe sê die diensknegte vir hom: Wil u dan hê dat ons dit moet gaan bymekaarmaak? Maar hy antwoord: Nee, dat julle nie miskien, as julle die onkruid bymekaarmaak, die koring daarmee saam uittrek nie. Laat altwee saam groei tot die oes toe, en in die oestyd sal ek vir die maaiers sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring bymekaar in my skuur*." (Matt. 13:24-30).

Die duidelike gevolgtrekking van hierdie storie is: die skeiding en die oordeel kom op die einde. Ons moet dus nie nou alreeds boosheid oordeel, en onsself daarvan probeer skei nie. Die waarheid is egter: Ons is nie van hierdie wêreld nie!! Punt! Ons is burgers van 'n hemelse wêreld (Fil. 3:20). Ons leef volgens ander reëls, en is onderworpe aan goddelike gesag. Die spreekwoord dus "Ons is in die wêreld, maar nie van hierdie wêreld" moet nie gesien word in die lig van ons is eerstens in die wêreld, en moet ons bes probeer om nie van die wêreld te wees nie. Ons is eerstens nie van hierdie wêreld nie, maar het 'n sending om in die wêreld te lewe en Sy lig, Sy sout, te wees. (Matt. 5:13; Mark. 9:50; Luk. 14:34). Daarom Jesus se gebed: "*Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld*

*moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar. Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie. Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid."* (Joh. 17:15-17). Ons is soos Jesus nie van hierdie wêreld nie, ons is ambassadeurs. (2 Kor. 5:20).

Die ontstaan van die Joodse volk het ook so begin. God roep Abraham die Galdeër, en stuur hom op 'n sending. In hom begin hy 'n nuwe geloofsfamilie. Hierdie geloofsfamilie duik dwarsdeur die Skrif in heidense regeringshowe op. Moses, Daniël, Nehemia, Ester, Mordegai.

Hoe boer die Here? Nêrens in die natuur vind mens 'n mono-kultuur boerdery soos wat die meeste kommersiële boere boer nie. God se manier is, 'n biosfeer van verskillende geïntegreerde plant, insek, en dier lewe, waar elkeen natuurlik bydra tot die voortbestaan van die ander. Ons groepeer onsself volgens soortgelyke smake en voorkeure. Soort soek soort. Dis nog een van die paradoksale waarhede van die koninkryk. Identiteit om te weet waar jy pas, en jou funksie te vervul saam met die erkenning en respek vir die andersheid van 'n ander se funksie en rol.

Die woord gemeenskap versinnebeeld hierdie gemene, deelwees, en wedersydse erkenning. Die daaropvolgende gelykenis van die mosterdsaad en die suurdeeg, versterk verder hierdie denkpatroon van infiltrasie eerder as direkte opposisie. Daar is 'n geneigdheid om eksklusiewe Christen skole, klubs en organisasies te vestig, en sodoende die kultuur van die dag te opponeer.

Die argument is ook verder: 'n mens verander nie 'n kultuur van binne af nie. Jy skep 'n alternatiewe kultuur, totdat die alternatiewe die meer populêre kultuur raak as gevolg van die voortreflikheid, voordeel, en sigbare aantreklikheid van die nuwe kultuur. Jesus volg egter duidelik 'n ander strategie. Hy skep wel 'n ander kultuur, maar Sy transformasie is van binne die individu, en dan gebruik Hy Sy dissipels, en volgelinge soos skape tussen die wolwe. (Matt. 10:16).

Jy bou nie immuniteit op in isolasie en kwarantyn nie, dis deur vuil te word dat ons sterker word.

Tog is daar 'n duidelike skeiding, 'n eenkant wees, 'n heiligheid, reinheid, onbesmette bestaan fokus ook te bespeur in die Woord. Jesus het nooit gesondig nie. (Heb. 4:14; Joh. 8:46; 2 Kor. 5:21). Hierdie is 'n baie belangrike waarheid!! Die sout werk nie as dit laf geword het nie. Dit is ons heiligheid te midde van 'n sondige wêreld wat God begeer! Dis die krag van die kerk! Ons skik nie! Ons leef onbevlek, onberispelik, toegewyd, heilig, onskuldig, in 'n stukkende, vuil, gebroke wêreld.

Jy oorgroei 'n swak kweek, deur 'n nuwe een tussenin te plant, en die sterker kweek neem die swak kweek oor. Dit is God se manier van tuinmaak.

Hy het hulle nog 'n gelykenis vertel: "*Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou gevat en in 'n groot skottel meel ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was.*" (Matt. 13:33).

Suurdeeg word dikwels in die Bybel as simbool van boosheid of onreinheid gebruik. Hier is dit egter 'n positiewe simbool van groei. Hoewel die suurdeeg na 'n onbenullige bestanddeel lyk, versprei dit deur die hele deeg. Die koninkryk het klein begin, maar sal aanhou groei en versprei soos wat suurdeeg deur deeg versprei. Uiteindelik sal die hele wêreld die invloed daarvan ervaar.

Suurdeeg is 'n voorbeeld en metafoor om die groei van die koninkryk van die hemel in die individuele hart en in die wêreld as geheel te illustreer – Omdat:

Dit kontamineer van binne,

Dit is geheim in sy werking,

Dit versprei deur kontak van deeltjie tot deeltjie,

Dit is onkeerbaar, een deeltjie suurdeeg kan enige hoeveelheid deeltjies meel verander,

Dis organies en selfvoorsienend soos 'n plant, en verander die deeltjies wat dit aanraak, met soortgelyke voortplantingskrag.

"*Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.*" (Fil. 1:6).

"*Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom*!" (1 Thess. 5:23).

"*…want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer*." (Phil 2:13).

## Klein Veroorsaak Groot Reaksie

"*Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het. Dit is die kleinste van al die soorte saad, maar as dit uitgegroei het, is dit groter as die tuinplante en word dit 'n boom, sodat die voëls in sy takke kom nes maak*." (Matt. 13:31; Luk. 13:18).

'n Mosterdsaadjie was die heel kleinste saadjie wat 'n boer kon gebruik. Jesus gebruik dit as voorbeeld om aan te dui dat die koninkryk wel klein begin, maar só sal groei dat dit groot vrug sal dra. Die gelykenis van die mosterdsaad illustreer die onverwagte en voorheen onbekende aard van die koms van God se koninklike heerskappy. Die koninkryk het gekom, maar soos 'n mosterdsaad begin. As iets klein en nederig; dit kom nie in die verwagte vorm van 'n glorieryke glans en prag wat mens sou verwag nie. Geleidelik ontwikkel die koninkryk, en word iets baie groot.

"*Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie." / "Does anyone dare despise this day of small beginnings*?" (Zech. 4:10 The Message).

Klein saadjies word sterk en groot bome: Soos met die natuur, word die Here verheerlik in ons, wanneer ons vrugbaar, gesond, en vervuld is. Die groei van die mens word vele kere vergelyk met die van 'n boom of 'n tuin.

Die primêre manier hoe God Sy mense posisioneer is die HEILIGHEID VAN DIE EEN. Daniël staan alleen, met 'n paar vriende, maar drie konings erken God as die enigste waaragtige God. Ester en Mordeghai veroorsaak 'n nasionale rewolusie en voorkom 'n beplande volksmoord. Nehemia staan alleen, en herbou Jerusalem se mure, en reformeer sy mense terug na die hou van die Wet. Die kwaliteit van die een, is bepalend. Sout wat laf geword het, verloor sy nuttigheid. Die kwaliteit van die een saadjie, word 'n reuse boom. Die Christendom se krag lê nie in hulle numeriese getalle nie, maar in die kwaliteit van elke een medewerker. Dit is die krag van die een, strategies geposisioneer, "'n Olyfboom in die wingerd" (Luk. 13:6-9), wat moet vrug dra. Daarom die erns, en die harde woorde, kap hom uit, hy maak net die grond onvrugbaar.

## Ons is God se Tuin

"*Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak*." (Ps. 1:1).

"*Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon. Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God. Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees*." (Ps. 92:12–14).

"*…so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie*." (Jer. 17:8).

"*Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring*." (Eseg. 47:12).

"*…sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die Here, tot sy verheerliking.*" (Jes. 61:3).

"*Want die Here vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die Here; vreugde en blydskap sal daarin gevind word, danksegging en die klank van liedere.*" (Jes. 51:3).

"*Die minnelied tussen die bruid en die bruidegom, gebeur rondom 'n tuin.*" (Hoogl.4:12; 16; 5:1; 6:2).

## 'n Boom Word Aan Sy Vrugte Geken

"*Want elke boom word geken aan sy eie vrugte. Van dorings pluk 'n mens tog nie vye nie, en 'n mens sny ook nie druiwe van 'n doringbos nie.*" (Luk. 6:44).

Lees Matt. 13:24-30; 36-43.

"*Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit.*"(Matt. 11:19; Luk. 7:35).

"*Ja, die toets vir die wysheid is die resultate wat dit voortbring.*" NLV.

"*Maar 'n mens kan sien dat God se wysheid reg is as jy na die resultate daarvan kyk*!" (Die Lewende Bybel).

"*The proof of the pudding is in the eating.*" (Message).

Twee lyne langs mekaar waarvan die een lyn, 1% af is van die teiken, kan nie met die blote oog gesien word nie, maar mettertyd sien mens wel of jy op teiken was.

"*'n Fariseër met die naam Gamaliël, 'n geëerde wetskenner van Moses en baie gerespekteer deur al die mense. Wat die huidige geval betref, my raad aan julle is: Laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks van kom nie. Maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie. Moenie dat dit dalk later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie*!" (Hand. 5:38).

Sommige mense weet nie eers dat hulle dwaal nie, en daar sal valse leraars en apostels wees. Die langdurigheid en natuurlike volhoubaarheid sal uiteindelik die toets van tyd deurstaan.

"*Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: 'Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is, want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.*" (Matt. 25:41-43).

"*Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.*" (Matt. 12:37).

## Seisoene en Tyd

Om 'n vrugbare tuin te skep, neem geduld en tyd. God werk nie volgens 'n horlosie in minute en ure nie. Hy werk in seisoene of siklies. Sewe dae week en Sabbat. Sewende Maand is die groot versoendag. Sewende jaar die opheffing van skuld. (Deut. 15), die Sewende sewe jaar siklus is die Jubeljaar. (Lev. 25).

Ons moet dus ons denke vernuwe en soos God begin dink. Deesdae probeer winkels verbruikers lok met dieselfde vrugte en groente twaalf maande van die jaar. Die Here het geweet dat ons Vitamien C wat in wintervrugte voorkom, nodig het in die winter. Vrugte met hoë suikerinhoud kom weer in tropiese warm gebiede voor, waar ons die energie nodig het. 'n Groot deel van landbouproduksie hang af van akkurate plant en oestye, wat saam met die reën seisoene val.

So is ons lewe ook volgens seisoene. ‘n Seisoen van afhanklikheid van primêre versorgers, ons ouers en gesin, die seisoen van ontdekking en losmaak in ons tienerjare, die seisoen van die regte sielsmaat vind, die seisoen van kinders hê en grootmaak, die seisoen van produktief wees in ons middeljare, en die seisoen van wysheid en dissipelskap wanneer ons begin oorgee aan die volgende generasie.

Daar is ook ‘n bepaalde tyd vir geestelike dinge om te gebeur. Deur die profete gee die Here vir ons ‘n aanduiding van wanneer hy wat gaan doen. “*Want die Here Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan Sy knegte, die profete, geopenbaar het nie*.” (Amos 3:7). So het Daniël geweet dit is sewentig-jaar en tyd vir hulle bevryding uit ballingskap (Jer. 25:12; 29:10; Dan. 9:2). Dit is belangrik om die tye te verstaan, sodat ons weet hoe om te bid. “*Vra vir die Here reën in die tyd wanneer die laat reëns moet kom.*” (Sag. 10:1).

Die Jode het nie Jesus se koms bereken en verwag nie: “*Geveinsdes, die voorkoms van die aarde en die lug weet julle te beoordeel, maar hoe is dit dat julle hierdie tyd nie kan beoordeel nie*?” (Luk. 12:56).

Ons lewe gaan ook soms deur seisoene van winter en somer. Leer om elke seisoen te verstaan en dankbaar te bly. Want in elke seisoen, is daar ‘n goddelike voorsiening.

# Hoofstuk 27

## JESUS DIE MEESTER VAN KREATIWITEIT

"The true sign of intelligence is not knowledge but imagination." — Albert Einstein

**GOD** is die beste beeldende kunstenaar wat bestaan! Hy is die Skepper van die ganse heelal! Deur Jesus het alles wat bestaan, tot stand gekom. Dink aan 'n pragtige sonsopkoms of sonsondergang. Die skakerings van kleur wanneer jy laatmiddag jou oog laat gly oor die berge en rante, valleie en riviere. Die prag van die detail van 'n sneeuvlokkie en 'n reëndruppel. Die wonder van dit wat jy net onder 'n mikroskoop kan sien. En wat jy in die uitspansel net deur 'n teleskoop kan sien! [79]

"*Loof die Here, o my siel! Here my God, U is baie groot! Met majesteit en heerlikheid is U bekleed — wat Uself omhul met die lig soos met 'n kleed, wat die hemel uitspan soos 'n tentdoek*..." (Ps. 104).

"*Want al is God onsigbaar, kan hulle Sy ewige krag en Sy Goddelikheid reeds van die skepping van die wêreld af duidelik uit Sy handewerk waarneem*." (Rom. 1:20).

### Ons Kreatiwiteit Benodig Christus

Hy fokus ons kreatiwiteit om goed te doen en mooi te maak. Ons is na God se beeld geskape en besit dus die goddelike vermoë om te skep. Dit is deur hierdie skeppingsvermoë dat ons uitvindsels uitdink vir reuse probleme, dat ons pragtige kunswerke skep en mooi musiek maak. Innovasie staan teenoor murmurering, negatief wees en afbrekend praat. Elke mens is kreatief en skeppend: sommige bedink bose planne om te steel, te roof en te moor. Ander bedink planne om die wêreld beter te maak. Dit is 'n kwessie van die hart.

*"Hierdie ses dinge haat die Here, en sewe is vir Sy siel 'n gruwel: trotse oë, 'n leuenagtige tong en hande wat onskuldige bloed vergiet,* ***'n hart wat onheilsplanne beraam****, voete wat haastig na die kwaad toe loop."* (Spr. 6:16-18).

*"Toe die Here sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en* ***al die versinsels wat hy in sy hart bedink****, altyddeur net sleg was."* (Gen. 6:5).

*"En die Here het die lieflike geur geruik, en die Here het in sy hart gesê: Ek sal die aarde verder nie* meer vervloek ter wille van die mens nie, want die versinsels van die mens se hart is sleg van sy jeug af. En Ek sal verder nie meer al die lewende wesens tref soos Ek gedoen het nie." (Gen. 8:21).

*"...omdat hulle, alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik of gedank het nie; maar hulle het* ***dwaas geword in hul oorlegginge****, en hul onverstandige hart is verduister."* (Rom. 1:21).

[79] McManus, E. (n.d.). *The artisan soul*.

Wanneer ons ons harte aan Jesus oorgee en kies om Hom te volg, gebruik Hy ons verbeelding om saam met Hom mooi dinge te bedink. "*Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.*" (Fil. 4:8).

In die eerste 100 jaar van die Nobelprys se bestaan, van 1901 tot 2000, was 65,4% van alle Nobelpryswenners Christene. En 21% was Jode! Die volgende persentasies dui op die kere dat die Nobelprys in verskillende kategorieë aan Christene toegeken is: die Nobelprys vir vrede 78,3%, vir Chemie 72,5%, vir Fisika 65,3%, vir Medisyne 62%, vir Ekonomie 54% en 49,5% van alle Letterkundetoekennings. [80]Indien jy op Wikipedia gaan soek vir 'n lys van Christene wat toekennings in wetenskap en tegnologie gekry het, sal jy een baie lang bewese lys name kry.

**George Washington Carver**: Hy het dikwels erken dat hy sonder die Here niks is nie, en dat die Here hom gelei het. Hy word die "plantdokter" genoem en is bekend vir die skepping van grondboontjiebotter, skoonheidsmiddels, verf, olie, marmer, laaghout en selfs die kleurstof wat in Crayola-kryt gebruik word.

**Gary Starkweather**, uitvinder van die laserdrukker, moedig gelowiges aan om Bybels te dink oor hul werk. As ingenieur en uitvinder het hy saam met sommige van die voorste tegnologie-innoveerders gewerk: Apple, Microsoft en Xerox. Hy skryf die sukses van sy uitvindings toe aan die leiding en inspirasie van God. "Ek glo dat die kreatiwiteit wat ons besit in 'n groot mate bestaan omdat die Skepper dit daar sit," sê Starkweather. "God het in ons as gereedskapontwikkelaars die vermoë geplaas om nuut te dink, en ek dink dit moet Hom behaag as Hy sien dat ons daardie vermoëns gebruik om iets heeltemal nuuts te maak."

Teoloog en geleerde, **William Tyndale**, het die eerste Engelse Bybelvertaling gedoen en uit die oorspronklike tekste die Bybel in 'n makliker verstaanbare taal vertaal. Die Katolieke kerk het Tyndale se Bybelvertaling nie goed ontvang nie – hulle het hom in der waarheid van dwaalleer beskuldig. Tyndale was daartoe verbind om die kerk te hervorm en die Woord van God vir meer mense toeganklik te maak. Dit het ongelukkig beteken dat hy sy lewe moes verloor. Tot vandag toe het sy vertaling baie van die Engelse Bybels, wat miljoene Christelike lewens gevorm het, beïnvloed.

Die bekroonde sjef, **Mary Hunter**, vertel in die New York Times dat al haar resepte goddelik geïnspireer is. "Ek het nie 'n kookboek nie," het sy gesê. "God gee my my eie resepte. Gebed is waar ek 99 persent van my resepte kry." Op 'n dag sê Hunter dat God haar 'n buite-die-boks idee gegee het: 'n Marinerende stok wat beter as kruie-inspuiters werk. Die idee het tyd geneem om ten volle ontwikkel te word. Dit is in 1994 die eerste keer gepatenteer en het byna twee dekades gevat om in die winkels te kom. Maar dit was die deursettingsvermoë werd.

Tuisbly-ma **Gail Pittman** gebruik kreatiwiteit en herskepping as 'n besigheidsonderneming. Terwyl sy eendag op soek was na 'n kreatiewe uitlaatklep, het sy met keramiek gespeel en vreugde gevind in die versiering van pottebakkery. Sy het nou 'n maatskappy met meer as 110 werknemers wat keramiek en huisware vervaardig. Gail Pittman-ontwerpe bring kreatiewe ontwerp en styl na die tafel, en maak die mooiste kombuisware deur kunswerke. Haar maatskappy lê die besigheid voor God in besluitneming, en sluit weeklikse Bybelstudies en -praktyke in wat die gemeenskap bedien.

Ander bekende Christen-wetenskaplikes was Kepler, Galilei, Pascal, Newton, Morse, Pasteur. [81] Dit is 'n totaal misplaaste, valse aanklag dat die Christendom teen kreatiwiteit is, inteendeel! Ware geloof in God aktiveer kreatiwiteit.

Geloofsmense is skeppende mense!

Met nuwe hoop, geloof en liefde, hoe kan jy nie skeppend wees nie?

---

[80] https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Religion_of_Nobel_Prize_winners.png

[81] https://coldcasechristianity.com/writings/the-rich-historic-roll-call-of-great-christian-thinkers-and-scientists/

## Jesus die Meester van Kreatiwiteit.

Jesus is die Skepper (Joh. 1:1-4; Kol. 1:15-16; Heb. 1:1-2).

Hy vertel stories om waarheid te verduidelik, uit te lig.

Jesus se gelykenisse, wat vandag nog nie vergeet kan word nie, getuig van oorspronklikheid en buite-die-boks kreatiwiteit. Dit geld ook die manier waarop Hy wonderwerke verrig het. Hy het geen genesingsresep gehad nie.

## Elke Wonderwerk Was Anders.

Hy spoeg en maak modder om nuwe oogballe te vorm vir 'n man wat blind gebore is. "*Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë*." (Joh. 9:1-34).

Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer (Mark. 7:33).

Hy het mense die hande opgelê (Luk. 4:40; Mark. 6:5-6).

Hy beveel hulle om iets te doen wat onmoontlik sou wees a.g.v. die krankheid: Neem jou bed op en loop! (Joh. 5:8-9); Steek uit jou hand! (Mark. 3:1-6). Die melaatses moes hulle aan die priester gaan vertoon (Luk. 17: 11-19). Gaan was jou oë in die poel van Siloam (Mark. 8:22-25).

Hy spreek 'n woord (Joh. 4:49-50).

Hy gebied die gees van krankheid (Mark. 9:25).

## Hy het Hom nie gesteur aan die reëls en wette van die mense nie:

Hy praat met 'n Samaritaanse vrou (Joh. 4).

Hy raak aan melaatses (Mark. 1:41-42).

Hy genees op die Sabbat (Mark. 3:1-6).

Hy raak aan 'n lyk (Joh. 7:11-17),

en Jaïrus se dogtertjie (Matt. 9:25).

Hy beveel die natuur (Matt. 8:27).

## Kreatiwiteit Is:

Om met nuwe oë na die wêreld of jou probleme te kyk.

Om 'n paradigma te verskuif.

Om nuwe idees te kry.

Om risiko's te neem.

Om 'n totaal ander kant van 'n saak te sien.

Om ongewoon te wees.

Om humor in 'n situasie te sien.

Om buigsaam te wees.

Om soos ʼn kind te wees: niks is onmoontlik nie, ons is nuuskierig, vra vrae en is leergierig.

Almal is kreatief – die reëls, regulasies, kultuur, groepsdruk smoor nie ons kreatiwiteit nie.

Om ʼn suksesvolle entrepreneur te wees wat miljoene mense se lewe verryk, hoef jy niks nuuts uit te vind nie. Jy moet net aan ʼn nuttige manier dink om twee of meer bestaande dinge te herskep, vermeng, kombineer of verbind.

Sout is die kombinasie van twee elemente: natrium en chloor. Dit neem ʼn atoom van elkeen om ʼn molekule sout te maak. Een van hierdie atome is ʼn positiewe ioon en die ander ʼn negatiewe ioon wat veroorsaak dat hulle saamwerk om sout te vorm. Dit mag jou interesseer om te weet dat natrium verskriklik giftig is en chloor ook. Maar saam word hulle iets wat die liggaam nodig het en verlang. Hulle word iets goeds. Brood en sout spreek dus van versoening, verbintenis, saamwerk, vennootskappe, eenwording.

Die Here het die aarde geskape en vir ons 92 elemente gegee. Op sy eie is elkeen van hierdie elemente nutteloos. Dis wanneer ons yster vermeng met koolstof dat ons staal kry. Die vindingryke vermenging en samevoeging van hierdie elemente is die basis van nuwe uitvindsels wat die lewe vir ons makliker maak, soos aluminium, plastiek en vlekvrye staal. Mense verkoop baie meer eiers en melk as hulle roomys daarmee maak.

Sement is ʼn baie sterk stof. Voeg sand en klip by en dit raak nog sterker. Maar selfs beton verkrummel onder oneweredige druk. Dit is omdat beton sterk is onder druk, maar swak onder spanning. Ingenieurs het geleer om staal en beton te kombineer om staalversterkte beton te maak. Staal is sterk onder spanning, maar swak onder kompressie. Beton is die teenoorgestelde. Kombineer hulle en ons kry ʼn materiaal wat sterk genoeg is om ʼn wolkekrabber regop te hou, maar buigsaam genoeg om te swaai sonder om te breek. Staal en beton vergoed vir mekaar se swakheid.

Net soos ons elemente vermeng en saamvoeg om nuwe produkte te maak, is die samelewing ʼn netwerk van verskillende tipes mense. In werklikheid is alle lewe met mekaar verbind. Almal is betrokke by ʼn onvermydelike netwerk van onderlinge afhanklikheid, vasgemaak in ʼn enkele kledingstuk van die lewenslot. Wat ons ookal direk raak, affekteer menigmaal ander indirek. Daarom is geen ingryping, program of oplossing lewensvatbaar of volhoubaar sonder die instandhouding van die netwerk van verhoudings wat ons verbind nie. Aanhoudende skakeling, kontak, verbintenisse en samewerking is wat ʼn gemeenskap oprig en bou. [82]

Die brein gebruik 20% van die liggaam se energie. Die brein sal dus altyd probeer om energie te spaar. Dit beteken dit kies altyd die pad met die minste weerstand. Dit beteken ons moet aktief en opsetlik daarop fokus om teen hierdie natuurlike ingesteldheid te beweeg deur:

1. Gereeld iets nuuts te probeer. Die bekende uitvinder, Nathan Myhrvold, het in verskillende diverse velde sukses behaal: ingenieurswese, fisika, energie en voedseltegnologie. Leer nuwe aanlegte, stokperdjies of vaardighede aan, daarin is moontlik ʻn oplossing vir jou werksprobleem. Hy beweer dat daar nie regtig iets oorspronkliks is nie. Ons moet onsself soms dwing om van tyd tot tyd buite ʼn raamwerk, konteks of industrie te beweeg sodat ons met nuwe oë ʼn gebruik of plan kan sien werk. Stel jouself bloot, lees wyd, wees nuuskierig, vra vrae. Dit is heel waarskynlik hoekom Jesus vakmanskap verkies het eerder as om ʼn Fariseër, Rabbi, skrifgeleerde of priester te word. Hy het egter eerstens die Woord en Skrifte ondersoek (Luk. 2:41-52).
2. Breek deur jou grense. Vind die gesonde balans tussen watter grense ononderhandelbaar is en watter grense mensgemaak is. Jesus was briljant om hierdie balans tussen God se ewige, onveranderlike wette en die tydelike wette en tradisies van ʼn mens presies reg te kry. Wanneer jy heeltemal ekstreem en radikaal probeer wees, sal min mense jou volg. As jy die heeltyd by die hoofstroom bly, verloor jy die vermoë om skeppend te wees. Jesus was egter

[82] Lapin, D. (2014). *Business Secrets from the Bible*. Hoboken: Wiley.

nie besorg oor enige stroom of invloed nie. Sy identiteit was in Sy verhouding met die Vader geanker.

3. Wees bereid om foute te maak. Kreatiewe mense moet bereid wees om foute te maak: Jesus het geen vrees vir die mens gehad nie. "*Maar Hy het Hom nie op hulle verlaat nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is*." (Joh. 2:24). Die Fariseërs het uit vrees vir die mense nie openlik hulle geloof bely nie (Joh. 12:42-43). Jesus het reg gedoen en reg geleef, en was dus nooit bang om in die lig te kom nie. "*Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is*." (Joh. 3:21). Jesus was nie bang of beperk deur Sy eie familie nie. "*Toe sy familie hiervan hoor, het hulle gegaan om Hom te gaan haal, want hulle het gesê: Hy het van sy kop af geraak*." (Mark. 3:21). Hy het ook geweet hoe om die regte mense, wat in Hom glo, om Hom te vergader (Matt. 12:48). Elon Musk vertel dat hy nie bang is om homself oop te stel vir "rigorous self-analysis" nie, maar dan van die mense wat in hom glo. Dié wat hom net kritiseer omdat hulle nie sy visie verstaan nie, ignoreer hy.

## Ons Kan Nie Negatiwiteit Bekostig Nie:

Gelowiges kan nie bekostig om negatiewe gedagtes van ongeloof en twyfel vir 'n oomblik toe te laat nie. Ons sien vir seker die realiteite raak, maar onmiddellik rig ons ons gedagtes daarop om kreatiewe oplossings te soek. Daar was nog altyd probleme, hongersnood, oorloë, vervolging en swaarkry, maar gelowiges sien geleenthede en uitkoms.

## Kom Skepper Gees

*"U stuur u Gees uit, hulle word geskape; en U maak die gelaat van die aarde nuut."* (Ps. 104:30). Die Heilige Gees is vandag die skeppingkrag van God in ons lewens.

Die vrug van die Gees is die gesindheid wat jy nodig het om kreatief te wees. Ons is die meeste kreatief wanneer ons die meeste met die Heilige Gees gevul is. Die gawes van die Gees is ook bonatuurlik, kreatief en skeppend van aard (1 Kor. 12:1-11). Drie keer is mense wat met die Heilige Gees vervul is as dronk beskou (Hand. 2:1-4; Ef. 5:18; Kol. 3:16).

Deur die Heilige Gees kom woon die Skepper in jou. Dit maak jou lewe kreatief, altyd vars en oorspronklik, en skeppend.

# Hoofstuk 28

## JESUS DIE AANBIDDER

WARE aanbidding – wat God behaag –
gebeur wanneer jy jouself volkome aan God gee. Nola Pelser

D**IS** insiggewend dat daar bitter min opgeskryf is oor hoe Jesus aanbid het. Daar is een enkele vers dat Hy gekniel het. "*Hy het toe 'n entjie daarvandaan op die grond gaan kniel en gebid*." (Mark. 14:35) Tydens die Pasga-maal het Jesus saam met Sy dissipels die gebruiklike Hallel (Ps. 114-118) gesing. "*Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe*." (Matt. 26:30) In een van die mooiste oomblikke van Jesus se aanbidding het Hy by daardie selfde geleentheid deur die Heilige Gees dit uitgejubel: "*Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was ditU genadige bedoeling.*" (Luk. 10:21). Die woord wat hier gebruik word is: ἀγαλλιάω agalliáō; to leap. "To exult, leap for joy, to show one's joy by leaping and skipping denoting excessive or ecstatic joy and delight. Hence in the NT to rejoice, exult." In hierdie konteks beteken dit ook: "my tong was bly," wat beteken om met woorde te jubel en hardop te sing.

Wat 'n mooi prentjie, Jesus jubel lof tot die Vader!

Jesus was duidelik gekant teen aanbidding net om deur mense gesien te word. "*Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word. Hulle maak die gebedsband om hulle voorkop breed, en die tossels aan hulle klere groot.*" (Matt. 23:5).

Daar word vandag baie klem gelê op hoe God aanbid moet word. Die een kerk kompeteer met die ander oor wie se aanbiddingstyl die beste is en die meeste mense trek. Aanbidding behoort egter Godgerig te wees. Wat is die manier van aanbidding wat vir God die aanneemlikste is? Sekerlik is Jesus se lewe ons standaard omdat Hy die perfekte voorbeeld van die vleeswording van die wil van God is.

Jesus toon baie duidelik dat aanbidding nie ver verwyder is van die mense nie. Aanbidding is tussen mense, in die alledaagse, in die natuur. Reeds in die OT word daar melding gemaak dat God nie verheerlik word deur die bou van geboue nie. Eerder: "*Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir My woord.*" (Jes. 66:1-2). Jesus wys ons dus dat aanbidding 'n permanente leefstyl is en nie 'n plek waarnatoe jy gaan nie. My lewe, wandel, doen en late is Sy heiligdom (1 Kor. 3:16; 6:19; 2 Kor. 6:16).

### Jou Werk Is Aanbidding

Ek onthou tydens ons besoek aan Pennsilvanië, waar die Amish-mense leef en boer, hoe beïndruk ons was met die netheid, presisie en pragtige, gesonde mielie- en koringlande. Ons staan tog net

so in verwondering oor God se skepping. Mag die mensdom ook in verwondering staan oor ons skeppings, kreatiwiteit, kundigheid, werk-vrugbaarheid en diens! Ons werk is ook ’n preek!

Jesus kies om 90% van Sy lewe daaraan te wy om die Vader te aanbid en te verheerlik in ’n baie aardse, gewone alledaagse bestaan, tussen gewone mense. En Hy doen dan ook ’n beroep op ons om dieselfde te doen: “*Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik*.” (Matt. 5:15). Buiten dat Jesus in hierdie tyd hard moes werk, leer Hy ons dat Hy en die Vader ook werk. “*Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook*.” (Joh. 5:17).

Die idee dat werk ook aanbidding is, kom van die Hebreeuse woord vir werk en aanbidding wat van dieselfde kernwoord afkomstig is: Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk (abad: skep, bewerk, arbei, vrugbaar, en diens) en op te pas (samar: om op te pas, te hou, te preserveer, te beskerm, versigtig, wag te hou - Gen. 2:15). Hierdie opdrag om te werk is voor die sondeval gegee en toon dat ons geskape is om te werk en rentmeesters te wees. Die vloek van die sondeval is: “Met swaarkry sal jy daaruit ’n bestaan maak, jou lewe lank.” (Gen. 3:17).

Dis verder interessant hoe baie Jesus verwys na die landbou en om dinge te plant en te laat groei – Groei is ons lof aan die Here. Ons is geskape om te groei, vrugbaar te wees. Ons verheerlik die Here die meeste wanneer ons Sy skeppingsdoel uitleef!

Die gelykenis van die saaier (Matt. 13: 1-23), die koring en die kaf: (Matt. 13:24-30, 36-43), die mosterdsaad (Matt. 13:31-32). Jesus sê ook vele kere dat ons soos ’n gesonde boom moet vrug dra (Matt. 3:8-10). Dat daar nie twee verskillende tipe vrugte uit een boom kan groei nie (Matt. 7:16-20). Ons moet siele gaan wen en die oes insamel; kyk, die oes is alreeds wit. Hy vervloek die vyeboom wat nie vrug dra nie. (Matt .21:18-20). Die Koninkryk is soos saad wat groei en vrug dra. (Mark. 4:26-29).

“*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug. Wie sy lewe liefhet, sal dit verloor; maar wie sy lewe haat in hierdie wêreld, sal dit bewaar vir die ewige lewe*.” (Joh. 12:24).

Jesus sien aanbidding dus as vrugbaarheid. Die twee gelykenisse en ook die vermenigvuldiging van die ponde (Luk. 19:11-27) en die talente (Matt. 25:14-30) gaan oor getrouheid en nie hoe goed ons goed oppas nie. Dit gaan oor hoe goed ons woeker met dit wat ons alreeds ontvang het.

Toe die Here die aarde geskep het, het Hy gesê dit was goed. Wat skep ons wat goed is? Hy word verheerlik deur wat ons skep. Sommige mense skep divisie, wanorde en verdeeldheid. Soos die skepping getuig van Sy heerlikheid en wie God is, so getuig die werke van ons hande.

Wanneer ons op die regte manier sake doen, word ons besigheid ’n manier om mense te bemagtig en op te rig. Daar word dikwels na ’n rassegroep verwys as sleg, en tog bestaan daar ’n Mercedes Benz-fabriek in Port Elizabeth wat aan Europese standaarde voldoen, met meestal Afrikane. Tans word Kigali beskou as die skoonste stad in Afrika. Dis nie die mens wat sleg of vuil is nie. Ons besigheidsmodel maak van mense óf slawe óf rig mense op. Korrupsie is nie net ’n heenwysing na slegte mense nie, maar ook die bewys van ’n swak stelsel.

Die hoogtepunt van die tuin-tema in Jesus se prediking is: *“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer. Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra*.” (Joh. 15:1-10). Jesus is hier baie reguit en op die man af: “*Die wat My lief het, sal my gebooie bewaar*.”

Reg leef in ’n goddelose wêreld is hoe ons God die meeste verheerlik.

Sien Daniël, Nehemia, en Mordegai en Ester!

’n Godsvrugbare lewenstyl is hoe God die meeste verheerlik word. “*Om geregtigheid en reg te doen, is vir die Here verkiesliker as offers.*” (Spr. 21:3) OAV

“*To do righteousness and justice is more acceptable to the Lord than sacrifice*.” (Pro. 21:3) NKJV.

## God soek ons geloof as aanbidding.

"*En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek*." (Heb. 11:6) Die Pinkster Kerk is sinoniem met handeklap, hande opsteek en ekspressiewe lofprysing. Daar is in die ou dae soms na hulle verwys as die "Happyclappies". Die Bybel maak direkte verwysings na ekspressiewe uitdrukkings van lofprysing: Inteendeel die gereformeerde geloof is die enigste godsdiens waar aanbidding nie-ekspressief is. Dink maar aan Boeddhisme, Islam, en al die oosterse gelowe, almal is ekspressief en sluit liggaamlike bewegings in.

- Hande Klap – Ps. 47:2; Jes. 55:12
- Juig, toejuig, uitroepe – Esra 3:11; Ps. 95:1-2
- Sang – Ps. 100:4; Ps. 101:1; Ps. 105:2
- Op jou aangesig lê – Gen. 17:3
- Kniel en neerbuig – Ps. 95:6; Esra 9:5; Ef. 3:14
- Staan – Gen. 18:22
- Ophef van hande – Ps. 63:5; Ps. 28:3; 1 Tim. 2:8; 1 Kon. 8:54
- Antifonies – (Weerklink, eggo) Ps. 107; 136; Neh. 12:31, 40-42

Die gevaar is egter dat hierdie bewegings bloot robot bewegings word wat almal slaafs navolg. God soek geloof! Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Wanneer ek dus my hande klap, is daar 'n doelgerigtheid, geloofsdiepte daaragter. Byvoorbeeld: Om juis die Here te loof in dans, as my hele gemoed hartseer is en ek gekrenk voel oor slegte gebeure, is 'n geloofsdaad! Om hande te klap en God juigend te aanbid, wanneer dit sleg gaan is 'n geloofsdaad! Dit nie bloot bewegings nie. Net soos die Drie-eenheid, een Godheid is, so wil God ook dat ons gees, siel en liggaam in eenheid kom aanbid. My hele wese, hart, gedagtes, wil, intellek, liggaam is in harmonieuse eenheid en oorgawe voor God in my aanbidding.

## Daar is aanbidding en lofprysing-offers wat mense bring wat nie vir God aanneemlik is nie:

Gen. 4:4: "*Die Here het Abel en sy offer aanvaar, maar nie dié van Kain nie. Daaroor was Kain baie kwaad en neerslagtig. "Hoekom is jy so kwaad?" vra die Here vir hom. "Hoekom hang jou gesig? Is daar nie aanvaarding vir jou as jy reg optree nie? Maar as jy weier om reg te doen, moet jy oppas! Sonde sit reg by die deur om jou te oorweldig, maar jy moet dit oorwin."* NLV

Amos 4:4-5: "*Bring maar julle dankoffer van suurdeegbrood. Spog gerus openlik met julle vrywillige offers! Julle Israeliete hou mos daarvan om dit te doen!"* NLV

Amos 5:23: "*Ek wil liewer 'n vloed van regverdigheid sien, 'n eerlike leefwyse soos 'n stroom water wat nie ophou vloei nie."* NLV

Amos 6:5: "*You sing trivial songs to the sound of the harp and fancy yourselves to be great musicians like David*." NLT

Jes. 1:11-15: "*Wat het Ek aan julle baie offers? vra die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie. As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap? Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het 'n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie. Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My 'n las, Ek is moeg daarvoor. As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek*." NV

Jes. 5:12: "*Daar is liere en harpe, tamboeryne, fluite, en wyn by hulle fuifpartye. Maar van wat die Here doen, neem hulle geen notisie nie, sy dade sien hulle nie raak nie.*" NV

Jes. 29:13: "*So het die Here gesê: "Hierdie mense sê hulle behoort aan My. Hulle eer My met hulle monde, maar hulle harte is ver van My af. En hulle aanbidding bestaan uit niks meer nie as menslike opdragte en tradisies.*" (Matt. 15:9).

Die hoogste vorm van aanbidding is ons geloofsvertroue in God.

God aanvaar Abel se aanbidding omdat hy geglo het. "*Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood.*" (Heb. 11:4) Toe hulle Jesus direk vra: *"Wat moet ons doen om die werke van God te volbring?" Jesus antwoord en sê vir hulle: "Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het."* (Joh. 6:28-29). "*En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.*" (Heb. 11:6).

Selfs twee heidene, 'n Romeinse offisier en 'n Kanaänitiese vrou, is geprys vir hulle groot geloof: *"Dit verseker Ek julle: Ek het nog by niemand in Israel so 'n groot geloof teëgekom nie."* (Matt. 8:10).

*"Mevrou," sê Jesus vir haar, "jou geloof is groot. Jou wens word vervul."*

Van daardie oomblik af was die dogter gesond (Matt. 15:28).

Dit is baie duidelik uit bostaande Skrifgedeeltes dat God die meeste behaag word deur ons geloof! Lofprysing en aanbidding verg geloof. "*Want in Christus Jesus het nòg die besnydenis nòg die onbesnedenheid enige krag, maar die geloof wat deur die liefde werk.*" (Gal. 5:6).

## Opregte Liefde – God Soek Jou Hart

Loof die Here met jou alles, die hele mens is betrokke. Liefde is die rigting van my hart. Soos 'n man nie sy liefde vir sy vrou kan namaak nie, sy sien deur sy valsheid van blomme koop, maar jy praat hard en vat hard aan my. God soek ook ons opregte, ongeveinste, heelhartige liefde.

"*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart, jou hele siel, al jou krag en jou hele verstand.*" (Luk. 10:27). Dit impliseer eenvoudig dat jy die Here moet liefhê met jou gedagtes, jou emosies, jou liggaam, jou alles! Ons hele menswees is teenwoordig en betrokke om God voluit lief te hê. God is dus die fokus van ons hart. Ons alles, ons wil, ons lewe, ons begeertes, ons drome, ons passies, ons gedagtewêreld is gerig om God te loof en te prys. Geen dualisme (verdeling in opponerende kompartemente) nie.

Jesus laat toe dat die sondares sy voete was (Luk. 7:36-50) en later Maria (Joh. 12:1-11). Hierdie spontane liefdesgebaar raak die Here diep. Albei hierdie vrouens het hulle eie reputasie, en dit wat mense gaan sê, in die wind geslaan om hulle geloof en liefde in die openbaar te bely! Hierdie skaamtelose intieme liefdesdaad het die Here verseker behaag! Hulle het hulle alles gegee.

Spontane aanbidding: "*Die volgende dag het 'n groot menigte feesgangers, toe hulle hoor dat Jesus na Jerusalem kom, palmtakke geneem en uitgegaan Hom tegemoet en geroep: Hosanna! Geseënd is Hy wat kom in die Naam van die Here, die Koning van Israel.*" (Joh. 12:12-19). Dit staan in kontras met die vorm of godsdienspleging van die feesvieringe wat in dieselfde tyd deur die tempelleierskap gehou is. Is ons tog nie ook so, dat ons eerder die spontane liefdesgedig van 'n kind, of wederhelf waardeer as dat hulle iets van 'n papier aflees wat iemand anders geskryf het nie?

## Aanbid Hom in gees en waarheid. (Joh. 4:24)

Dit beteken om Hom te loof met opregtheid, eerlikheid, ongeveinste lof wat nie omgee wat die mense sê nie. Waarheid spreek van die egtheid van ons fokus. Ons bid nie gebede om deur mense gehoor te word nie. (Matt. 6:5-8). Aanbidding deur die Gees spreek van aanbidding wat uit jou hart kom, deur die Gees in jou geplaas tot God se eer. Die kern van ons hele aanbidding is om die Heilige Gees se hulp te soek, terwyl ons sing en aanbid. Want niemand kan God werklik aanbid of sien sonder dat die Vader Homself deur Sy Gees aan ons openbaar nie. (Matt. 16:17; Matt. 11:27; 1 Kor. 2:10; Gal. 1:16).

## God is Gees, en ons Ken Hom na die Gees.

*"Maar God het dit aan ons deur Sy Gees geopenbaar, want die Gees ondersoek alle dinge, ook die dieptes van God. Want wie van die mense weet wat in 'n mens is, behalwe die gees van die mens wat in hom is? So weet ook niemand wat in God is nie, behalwe die Gees van God."* (1 Kor. 2:10-11). Ons kan God nie begryp, en uitredeneer met ons verstand nie. Ons sien, hoor, verstaan deur die Gees. *"Ja, tot vandag toe, wanneer Moses gelees word, lê daar 'n bedekking oor hulle hart; maar wanneer hulle tot die Here bekeer is, word die bedekking weggeneem. Die Here is die Gees, en waar die Gees van die Here is, daar is vryheid. En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is."* (2 Kor. 3:15-18). *"Petrus moes 'n persoonlike geestes ervaring hê, soos die Vader Homself aan hom geopenbaar het om te sien wie Christus waarlik is. Toe antwoord Jesus en sê vir hom: Salig is jy, Simon Bar-Jona, want vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemele is."* (Matt. 16:17).

Aanbidding is dus geestelik, en nie net die sing van liedjies nie. Daar is 'n geestelike konneksie. "*Hoe staan die saak dan? Ek sal met die gees bid, maar ek sal ook met die verstand bid. Ek sal met die gees psalmsing, maar ek sal ook met die verstand psalmsing."* (1 Kor. 14:15-16).

Net mense wat geestelik is, kan geestelike dinge beoordeel (1 Kor. 2:13). Paulus verwys ook direk na die sing van geestelike liedere, teenoor psalms en lofsange (Kol. 3:16; Ef. 5:19). Hierdie geestelike liedere vind hulle oorsprong in die gees, nie die menslike verstand en intellek nie, en is die nuwe lied waarna die Bybel dikwels verwys (Ps. 33:3; 40:4; 96:1; 98:1; 144:9; 149:1; Jes. 42:10; Op. 5:9; 14:3).

## Lofprysing begin die Dag wanneer God vir jou 'n Werklikheid word

Wanneer jy God persoonlik sien, beleef of ervaar, sal jy Hom loof en prys. Niemand sal jou hoef te leer hoe om dit te doen nie. Dis 'n spontane reaksie op die werklikheid van Sy bestaan in jou lewe. Die probleem is dat baie mense oor die jare in 'n kerk grootgeword het waar God net op een sekere manier geloof en geprys word sonder 'n eerste-handse ervaring van wie God werklik is. As gevolg van kulturele invloede en humanisme het aanbidding in die kerk vervreemd geraak van die voorskrifte en voorbeelde wat die Bybel leer.

## Die Gesindheid Waarmee Ons Aanbid

God sien ons hart en nie ons lofprysingsbewegings nie. Jy kan dans, spring en juig, maar God sien die hart waarmee jy dit doen. Dit is van wesenlike belang dat ons sonder toorn, bitterheid, twis en onenigheid ons hande opsteek na die Here (1 Tim. 2:8). "*As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe."* (Matt. 5:23-24).

Leonard Sweet verduidelik dat die twee balke van die kruis, die een vertikaal en die ander horisontaal, heenwys na ons opwaartse aanbidding na God en wedersyds na ons diens aan

mekaar. Die een kan nie sonder die ander nie. Indien ons net op die een aspek van ons geloof fokus, gebruik ons later die balk om ander meer te slaan. Dit is die paradoks van die kruis. Ons aanbid Hom en fokus op Hom, maar dan help Hy ons om weer op mekaar te fokus en mekaar te dien.

Die Gees van aanbidding is die Gees van Christus, naamlik diens, onderwerping, ander hoër ag, sensitief, nugter en ongeveins. Jesus het God aanbid met Sy lewe tussen mense. Dit is wat die dinamika van korporatiewe aanbidding so kragtig maak – ons leer om saam die Here te loof en te eer. Die hele gesin en die hele gemeente loof die Here saam. Niemand staan eenkant of vervreemd nie. God se koninkryk is insluitend, niemand word uitgesluit nie. Daarom neem ons mekaar in ag, ook in die keuse van die liedjies. Jonk en oud lê ons eie smake en voorkeure neer om God saam te aanbid. Al hierdie saam-aksies is gesetel in die verloëning van self. Dit is in sterk teenstelling met lofprysing wat maklik kan ontaard in selfgerigtheid, selfverheerliking, menseverering, vleeslikheid en wedywering, vleeslike drif en fokus op menslike prestasies. Nederigheid, diensbaarheid, eenheid, ootmoed, gehoorsaamheid is die Gees van Christus wat moet heers in ons aanbidding.

## ‘n Lewende Offer

*“Ek vermaan julle dan, broeders, by die ontferminge van God, dat julle jul liggame stel as ’n lewende, heilige en aan God welgevallige offer — dit is julle redelike godsdiens.”* (Rom. 12:1). Deur die OT het God dooie vlees as offers verwag. “*Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie.”* (Heb. 9:22). Die priesters mag nie in God se teenwoordigheid gekom het en gesweet het nie (Eseg. 44:18). Dit is dus duidelik dat self-verloëning, vir God aanneemliker is as aanbidding (Matt. 16:24). Deur die offers van diere en bokke kon die mens God nader. Jesus het Homself eenmaal vir ons geoffer sodat ons nou met vrymoedigheid kan kom (Heb. 9:12; 10:19). Ons daaglikse verloëning van self en die opneem van ons kruis is aanbidding! Dit is hoe Jesus die Vader verheerlik het. Hy het uiteindelik Sy lewe gegee (Luk. 22:42).

# *Hoofstuk 29*

## DIE ALLEENHEID VAN CHRISTUS

---

"We live, in fact, in a world starved for solitude, silence, and private: and therefore starved for meditation and true friendship." — C.S. Lewis, The Weight of Glory

**EENSAAMHEID** en isolasie is geen grap nie. Eensaamheid verhoog eintlik die risiko vir voortydige mortaliteit onder alle ouderdomme. Een onlangse studie [83] dui aan dat sosiale isolasie en eensaamheid tot meer mense se dood lei as vetsug. Isolasie is gekoppel aan 'n aantal disfunksionele immuunreaksies en verhoogde bloeddruk wat 'n impak het op ons algehele welstand. Om die waarheid te sê, navorsers [84] het gesien dat mense wat eensaam is, meer inflammasie-verwante proteïene in reaksie op stres vervaardig as mense wat meer sosiaal is. Hierdie inflammasie-verwante proteïne se reaksies kan geassosieer word met talle siektetoestande soos koronêre hartsiektes, tipe 2-diabetes, artritis en Alzheimers. Aan die emosionele kant het elke mens betekenisvolle verhoudings nodig waarbinne hulle identiteit kan ontwikkel en elkeen kan floreer in die lewe. Die afwesigheid van hierdie verhoudings kan dikwels lei tot selfmoord. Ons moet eensaamheid baie ernstig opneem as iemand elke 40 sekondes hulle eie lewe neem.[85]

### Jesus Verstaan Eensaamheid

Jesus verstaan verwerping. "*Hy was verag en verwerp deur mense, iemand wat leed en pyn geken het soos iemand vir wie mense die gesig wegdraai, 'n man van smart en bekend met hartseer. Hy was verag, maar ons het nie omgegee nie."* (Jes. 53:3). Hoe alleen moes Jesus nie voel om sonder sonde in hierdie wêreld te leef nie (Heb. 4:15). 'n Mens kan jou dit indink: Vir iemand wat reg voor God gelewe het, moes dit 'n marteling wees om tussen hulle te bly en dag vir dag soveel van hulle gruweldade te aanskou en aan te hoor (2 Pet. 2:8). Alhoewel Hy in 'n klein dorpie van minder as 300 mense tussen plaasmense grootgeword het, kies Hy nie een van Sy kindermaats om een van Sy dissipels te wees nie. "*Is Hy dan nie maar net die timmerman se seun nie? En is Maria nie Sy ma en Jakobus, Josef, Simon en Judas Sy broers nie? En Sy susters, hulle woon tog almal hier onder ons. Wat maak hom so danig belangrik?"* (Matt. 13:55-56.) Die vers omskryf Jesus se kinderlewe pragtig; hulle was 'n normale gesin. Wat vreemd is, is hoekom word Sy susters nooit by name genoem nie, as een van sy volgelinge nie? Jakobus en Judas sou later prominente leiers word in die kerk, maar wat van die ander? Die realiteit is: 'n profeet word nie onder sy eie mense erken nie. (Mark. 6:4)

---

[83] https://www.standard.co.uk/news/health/loneliness-kills-more-people-than-obesity-a3605786.html
[84] https://www.nytimes.com/2017/12/11/well/Mind/How-loneliness-affects-our-Health.HTML
[85] https://drleaf.com/blog/the-loneliness-epidemic/

Hy moes dikwels "uit" gevoel het. Die storie moes heelwaarskynlik uitgekom het dat Hy die buite-egtelike kind van Josef en Maria was. Sy opvoeding in Egipte tydens die eerste vyf tot sewe jaar van Sy lewe, moes ook 'n invloed op Hom as die "inkommer" gehad het. Sy eie broers en familie het nie in Hom geglo nie. "*Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie.*" (Joh. 7:5). Jesus het niemand gehad met wie Hy kon identifiseer nie. Niemand wat Hom verstaan nie. Dink maar aan die worstel stryd van begaafde slim kinders, wat sukkel om in te pas. Kinders wat uitblink, word dikwels deur die armer kinders wat swak presteer geboelie!

## Die opwekking van Lasarus: 'n storie oor vriendskap

Op hierdie tydstip van Jesus se bediening was dit vir Hom gevaarlik om in Jerusalem te wees. Hy is 'n paar dae tevore amper gestenig en die Jode wil Hom in hegtenis neem (Joh. 11:8; 10:31, 39). Die familie weet dit, daarom stel hulle Hom in kennis met die woorde: *"Die een wat jy liefhet, is baie siek."* Hulle woorde wys hulle respek en geloof in Jesus, asook hulle vrymoedigheid teenoor Hom – Hy is hulle vriend. Hulle het Hom al dikwels gehelp en Hy sal hulle ook help. Die dissipels is soos gewoonlik meer op hulleself as op die Here ingestel. Hulle verstaan nie Jesus se woorde nie en hulle kom tot die verkeerde gevolgtrekkings. Jesus moes reguit verduidelik wat Hy bedoel het toe Hy eers gesê het Lasarus slaap net, want hulle verstaan nie. Thomas se woorde, dat hulle saam met Lasarus gaan sterf, dui op sy pessimisme soos gewoonlik. Thomas die twyfelaar is bekommerd oor sy eie lewe (Joh. 14:5; 20:24-29).

Jesus het dus geweet Lasarus is dood, nogtans gaan Hy nie onmiddellik daarheen nie. God wil die omstandighede gebruik vir Sy heerlikheid. Jesus sê Hy is bly dat hy nie onmiddellik gegaan het nie, want die Vader gaan die Seun verheerlik. Vriendskap is 'n hefboom, 'n onsigbare band wat jou verplig om te help. Mense sal op grond van vriendskap dinge doen wat hulle nie eintlik wil doen nie. Vriendskap is 'n emosionele verhouding. Jesus bied Sy vriendskap en liefde, maar laat Hom nie verbind nie. Dat Jesus nie dadelik gekom het nie, was seker maar 'n bitter pil vir Martha en Maria om te sluk. Jesus se optrede druis in teen die manier waarop die meeste mense vriendskap verstaan. Jesus laat weet hulle nie dat Hy nie nou dadelik gaan kom nie – dus swak kommunikasie. Jesus gee nie onmiddellik toe aan hulle noodroep nie – dus nie ingestel op menslike behoeftes nie, maar op die wil van die Vader. Hy het voedsel, wat nie van 'n mens is nie, beskikbaar om Hom te vul (Joh. 4:32, 34; vgl. Matt. 4:4).

Hier leer ons ook 'n waardevolle les: **Ons soek nie vriende omdat ons 'n behoefte het aan vriendskap nie.** Jesus was die seun van God en het niemand se hulp nodig gehad nie, ook nie vriende nie. Tog kies Hy vriende; is Hy die gestuurde wat vriende uitkies. Dis die kern van die Groot Kommissie: *"Gaan dan heen en maak vriende van alle nasies."* Ons kies dus nie ons vriende op grond van dit waaroor ons alles saamstem of omdat ons van dieselfde goed hou nie. Ons kies ook nie vriende omdat hulle iets vir ons gedoen het nie. Dis maklik om liefde te gee as ek dit eers ontvang het. Jesus stuur ons om ons vyande lief te hê (Matt. 5:44-48); om vriende te maak met mense wat vir ons niks kan beteken of gee nie.

*"As u hier was sou Lasarus geleef het.*" Hulle verwyt Jesus se afwesigheid liggies (Joh. 11:21, 32). Selfs die begrafnisgangers en toeskouers verwyt Hom ook (Joh. 11:37). "*Kon Hy wat die oë van die blinde man geopen het, nie maak dat hierdie man ook nie gesterf het nie?"*

Maar Martha en Maria neem nie aanstoot nie. Beide Maria en Martha spreek hulle geloof uit: *"Ek glo..."* (Joh. 11:7):

- Sy erken Jesus as die gekose Gesalfde (Messias: Christus – vgl. Joh. 1:20, 41).
- Hy is die Seun van God (vgl. Joh. 1:34, 39; 10:36),
- Die Profeet wat na die wêreld toe gestuur is (vgl. Joh. 3:31) om God aan die mense bekend te maak. Dis in een asem 'n belangrike getuienis oor Christus.

Aanstoot (offense): verwoes die vloei en skakeling, konneksie, tussen mense. Moenie aanstoot neem teenoor die Here omdat jy dink dat Hy te laat is nie (Jes. 55:8-9).

Jesus se trane wys egter op Jesus se seer in hierdie verhouding (Joh. 11:38). Hy het al by meer as een geleentheid vir hulle gesê dat Hy gaan sterf. Hier by die dood van Sy vriend Lasarus, sien Jesus Sy eie dood. Hy moes dink aan hierdie mense se sondelas wat Hy eersdaags sal moet dra, en hulle sien dit nie.

Die Griekse woord "groaning", *embrimaomai* (em-brim-ah-om-ahee); Strong's #1690: *Derived from en, "in", and brime, "strength". The word is used to express anger (Mar. 14:5), to indicate a speaking or acting with deep feeling (Joh. 11:33, 38), and for stern admonishment (Matt. 9:30; Mar. 1:43); to roar, storm with anger; to be enraged, indignant, to express indignation against someone. Since Christ could hardly have felt anger toward Mary and the mourning friends, it is probable that His deep emotion was due to His inwardly protesting the indifference, ignorance, blindness, thoughtlessness of the people … seeing His own coming death … they crucified the wrong person.*

Die grootste hartseer in enige vriendskap is wanneer jou vriend(in) jou nie sien nie. Jou maat sien nie jou hart nie, sien nie jou swaarkry, lyding of swaarheid nie. Dis die een enkele sonde/oortreding wat enige verhouding op die afdraandpad kan stuur en dit uiteindelik verwoes. Die persoon wat die naaste aan my is, sien my nie! Jesus se liefde is groter as ons oortredings. Hy gee nog steeds Sy lewe en vergewe ons.

Laastens (Joh. 11:44): Lasarus word weer lewendig, sonder seremonie en groot vertoon. Jesus spreek bloot 'n woord en Lasarus word lewendig. Jesus bly nie eens vir ete nie! Weereens verbreek Jesus die reëls van aardse vriendskappe. Daarna gee Jesus opdrag dat Lasarus losgemaak moet word sodat hy kan huis toe gaan.

**Jesus se vriende het Hom nie gesien nie.** Die mense vir wie Hy Sy lewe gee, het Hom nie ontvang nie. Daar was egter een vrou wat gesien het. Maria kom salf Sy voete met duur olie in die volgende hoofstuk (Joh. 12:1-8; vgl. Matt. 26:6; Mark. 14:3). Sy moes tydens Lasarus se opwekking Jesus se oë gesien het. Sy het dieper gekyk en verstaan dat Jesus eersdaags Sy lewe gaan gee vir die mensdom. Niemand anders het Jesus se vooraf-lyding gesien of verstaan nie; Hy moes Sy las alleen dra. Ons ontvang deur die geloof dié geskenk van Jesus se geregtigheid; hierdie spesiale verhouding met die Vader. Deur ons verbondenheid met die Vader laat Hy ons anders kyk. Ons vergeet van onsself en sien ander se seer en las raak. Ons kyk met Jesus se oë.

Maar Jesus se eensaamheid bereik Sy toppunt die oomblik toe Hy sonde word vir ons. "*God het Hom wat nie sonde geken het nie, sonde gemaak ter wille van ons sodat ons, op grond van ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan word."* (2 Kor. 5:21). Hy is op die kruis "verlaat" deur Sy Vader. *Teen drie-uur het Jesus baie hard uitgeskreeu: "Eli, Eli, lemá sabagtani," wat beteken: "My God, my God, waarom het U My verlaat?"* (Matt. 27:46).

**Jesus het die verwerping en eensaamheid van ons sonde wat verwydering bring, aan die kruis gedra sodat ons nie meer van God verwyderd hoef te wees nie**. Ons kan nou met vrymoedigheid Sy genadetroon nader. "*Hierdie Hoëpriester van ons kan ten volle met ons in ons swakhede saamvoel, want Hy moes presies dieselfde versoekings as ons trotseer – behalwe dat Hy nie voor die sonde geswig het nie. Kom ons gaan dan met volle vrymoedigheid na die troon van ons genadige God. Hy sal aan ons Sy deernis en onverdiende goedheid bewys sodat ons op die regte tyd gehelp sal word."* (Heb. 4:15-16).

**Jesus se alleenheid was nie eensaamheid gebore uit selfbejammering, bitterheid en weersin in die mensdom nie.** Jesus was 'n sosiale persoon, maar Hy het ook die waarde van alleen wees besef. "*Daarna het Hy teen die berg uitgeklim om eenkant te gaan bid. Laataand was Hy alleen daar."* (Matt. 14:23). "*Nog voor dagbreek die volgende oggend het Jesus opgestaan en alleen op 'n stil plek gaan bid."* (Mark. 1:35). Dus was Hy nooit eensaam nie, want Hy was altyd een met die Vader.

**Vir Hom was alleenheid nie sleg nie.** "*U versadig my meer as die rykste kos. Met vreugdeliedere sal ek U loof. As ek op my bed lê en aan U dink, oor U nadink in die nag, onthou ek hoe U my gehelp het. Dan wil ek sing in die skaduwee van u vleuels."* (Ps. 63:7-9). "Solitude": alleen wees, eenkant wees.

- Health – physical harmony
- Happiness – moral harmony
- Holiness – spiritual harmony

## Wat Jy Van Eensaamheid Moet Weet

Byna almal voel soms eensaam: Dit sluit mense in wat lyk of hulle gewild is. Waarom? Want dit is dikwels nie hoeveel vriende 'n mens het nie, maar die gehalte van die vriendskappe wat bepaal of jy eensaam voel of nie. Iemand wat lyk asof hy gewild is, word dalk heeltyd deur mense omring, maar het geen ware vriende nie en voel dus eensaam. Om geken te word, en om te ken, is die mees basiese behoefte by 'n mens. Sien jy my regtig? Is 'n diepliggende vraag wat ons almal in ons hart dra rondom die kwaliteit van verhoudings. Hierdie kwessie word mooi uitgebeeld in die Film oor Freddie Mercury se lewe, en die foute wat hy gemaak het m.b.t. sy mees intiemste vriende.

Van "Bohemian Rhapsody.

Jim Hutton: So, all your friends have left you alone.
Freddie Mercury: They're not my friends. Not really. Just distraction.
Jim Hutton: From what?
Freddie Mercury: The in-between moments, I suppose. I find them intolerable. All of the darkness you thought you left behind comes creeping back in.

Eensaamheid kan gevaarlik wees vir jou gesondheid: Navorsers wat die resultate van 148 studies ontleed het, het tot die slotsom gekom dat min sosiale interaksie tot 'n vroeë dood kan lei. As 'n risikofaktor, is dit "soos om 15 sigarette per dag te rook" en is dit "twee keer skadeliker as vetsug".

Eensaamheid kan jou kwesbaar maak: Trouens, dit kan veroorsaak dat jy enigiemand as 'n vriend sal aanvaar. As jy eensaam is, is jy dalk desperaat vir aandag. Jy kan begin dink dat enige aandag beter is as geen aandag nie. En dít kan tot probleme lei. Tegnologie en sosiale media is nie altyd die oplossing vir eensaamheid nie. 'n Mens kan elke dag talle SMS'e en e-posse aan honderde mense stuur of ontvang en nog steeds verskriklik eensaam voel. SMS'e, Whatsapp en Facebook is soos 'n peuselhappie, maar om van aangesig tot aangesig met iemand te praat, is soos 'n maaltyd. Jy kan eenvoudig nie van peuselhappies lewe nie.

## Wat Jy Kan Doen as Jy Alleen Voel.

Moenie die slegste dink nie: Byvoorbeeld: Sê nou jy sien op 'n webwerf foto's van jou vriende by 'n partytjie waarheen jy nie genooi is nie. Op daardie oomblik het jy 'n keuse — jy kan dink dat hulle jou opsetlik uitgesluit het of jy kan 'n positiewe beskouing behou. Aangesien jy nie al die feite het nie, moet jy nie die slegste dink nie. Gebruik jou energie eerder om te dink aan 'n goeie verduideliking waarom hulle jou nie genooi het nie. Dit is dikwels nie die situasie nie, maar jou beskouing wat jou eensaam laat voel. "*Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees.*" (Spr. 15:15). Kies om selfs jou bespiegelinge positief te hou, soos wanneer jy nie weet waar jou maat is en hoekom hy of sy laat is nie. Jy kies om Jesus in hulle te sien. Die vermoë om Jesus in mekaar te vertrou, is 'n wonderlike manier van oorgawe en geloofsvertroue. Ons manipuleer nie meer situasies nie. Ons weet ons kan nie harte verander nie. Ons vertrou die Heilige Gees wat oortuig en bekering bewerkstellig (2 Kor. 7:9). Ons skep nie meer in ons verbeelding bekommernisse oor die slegste wat gaan gebeur nie – ons sien oplossings, deurbrake en voorsiening, selfs in die geringe.

Vermy veralgemenings: Wanneer jy eensaam is, dink jy dalk: "Ek word nooit na enigiets genooi nie" of "Mense vermy my altyd". Maar hierdie veralgemenings sal jou net dieper in die dryfsand van eensaamheid laat insink. Sulke denke kan 'n boosaardige siklus veroorsaak: Jy voel uitgesluit en daarom sonder jy jou af. Dít laat jou eensaam voel, wat weer daartoe lei dat jy uitgesluit voel. "*Die selfsugtige mens lewe net vir himself.*" (Spr. 18:1). Jy glo eerder die beste van ander. Jy bly vertrou, al hoor jy slegte nuus. Jy sien die glas is vol. Jy verwag die beste. "Dit gaan alles op die ou einde uitwerk" is gewoonlik jou eerste reaksie. Nie op 'n ligsinnige, of kop-in-die-grond, of die-waarheid-misken manier nie. Dis 'n stille vertroue in die Here dat Hy alles ten goede sal laat meewerk (Rom. 8:28). Jy het dit al soveel keer gesien dat daar 'n vaste wete in jou gemoed is. Daar is 'n positief in elke negatief (Ps. 66:12). Iemand met vernuwende denke sien dit net gouer raak.

Kies ook vriende wat ouer is as jy: In die Bybel kan ons lees oor die lewe van Dawid, wat waarskynlik 'n tiener was toe hy Jonatan ontmoet het — 'n man wat 30 jaar ouer as hy was. Ondanks hulle ouderdomsverskil, het Dawid en Jonatan hegte vriende geword (1 Sam. 18:1). Jy kan ook sulke vriendskappe aanknoop. Waardeer ouer vriende se volwasse beskouing van dinge en hulle stabiliteit. "*Wysheid kom in die gryse ouderdom en insig na baie jare.*" (Job. 12:12).

Party van die beste vriende waarvan ons in die Bybel lees, het 'n groot ouderdomsverskil tussen hulle gehad, soos Rut en Naomi, Dawid en Jonatan, en Timoteus en Paulus (Rut 1:16, 17; 1 Sam. 18:1; 1 Kor 4:17). Onthou ook dat 'n gesprek van twee kante kom; jy hoef nie al die werk te doen nie. Mense waardeer goeie luisteraars. As jy dus geneig is om skaam te wees, onthou: Jy hoef nie die hele tyd te praat nie! [86]

Word gemaklik met jouself en alleen wees: Party mense voel eensaam sodra hulle 'n oomblik alleen is. Maar jy hoef nie eensaam te voel as jy alleen is nie. Byvoorbeeld, Jesus was 'n sosiale persoon, maar Hy het ook die waarde van alleen wees besef: "*Daarna het Hy teen die berg uitgeklim om eenkant te gaan bid. Laataand was Hy alleen daar.*" (Matt. 14:23); "*Nog voor dagbreek die volgende oggend het Jesus opgestaan en alleen op 'n stil plek gaan bid.*" (Mark. 1:35). Dieselfde kan vir jou geld. Moet dit nie as 'n nadeel beskou wanneer jy alleen is nie, maar gebruik hierdie tyd eerder om met waardering oor jou seëninge na te dink. Dan sal ander selfs meer met jou vriende wil maak. "*Hy wat met wyse mense meng, verkry self ook wysheid. Meng jou met dwase en jy word self soos hulle.*" (Spr. 13:20).

Iemand wat 'n vriendskap met Jesus ontwikkel het, is gemaklik met alleen wees. Jy sien nie meer jouself as eenkant nie. Jy sien jouself in die groter geheel van die liggaam van Christus. Daarom dink jy eerste aan "ons" en nie meer "ek" nie. Jy is bewus van jou eie stem, maar ook van dié om jou. Jy harmonieer en leef in ritme met die mense wat God om jou geplaas het. Jy is nie afhanklik van mense nie, maar kies om hulle nodig te maak en betrokke te hou in jou lewe. Jy leef in die nou, en elke verhouding en kontak is belangrik om dieper te verbind en te groei.

Konsentreer op jou sterk punte: "*Al is ons dalk nie opgelei in die redenaarskuns nie – wat kennis betref, staan ons geensins terug nie! Dit het ons, toe ons by julle was, by elke geleentheid duidelik laat blyk.*" (2 Kor. 11:6). Hoewel dit goed is om bewus te wees van jou tekortkominge, het jy ook baie om te bied. As jy jou sterk punte erken, sal dit jou die nodige selfvertroue gee om 'n negatiewe selfbeeld en eensaamheid te oorkom.

Vra jou af: "Wat is my sterk punte?" Dink aan 'n paar talente of positiewe eienskappe wat jy het. Jy hou van jouself ten spyte van jou tekortkominge. Jy meet en vergelyk jouself nie meer met ander nie. Jy weet wie jy is en dit is genoeg. Jy weet wat jou roeping is en jy het genade met jou swakhede. Jy is bewus dat die Here nog steeds besig is om jou te verander en jy groei in vrymoedigheid om jouself te wees. Jy is gemaklik met jouself en het jouself aanvaar. Jy het roetines in plek om jou swakhede te versterk en jy neem verantwoordelikheid vir jouself.

Toon opregte belangstelling in ander: Begin deur in net 'n paar mense belangstelling te toon. Dit help om ander beter te leer ken as jy hulle net vra hoe dit gaan of as jy hulle oor hulle werk uitvra.

[86] https://www.jw.org/af/publikasies/tydskrifte/g201504/doen-oor-eensaamheid/

Vra vir iemand: "Vertel my jou storie." Jy sal verbaas wees hoe graag mense hulle pyn en seer wil deel as iemand net wil luister. Deur vrae te vra, kan ek eerstehands leer hoe om iets te doen, of hoe 'n sekere beroep werk. Leer om vrae te vra – dis die eerste tree na nuwe ontdekkings.

Kweek "meegevoel" aan: "*'n Laaste woord hieroor: Wees almal eensgesind, simpatiek, lief vir mekaar, goedhartig en nederig*." (1 Pet. 3:8). Al stem jy nie met iemand anders se beskouing saam nie, moet jy hom geduldig toelaat om te praat. Konsentreer op die punte waaroor julle wel saamstem. As jy voel jy moet sê dat jy nie met iets saamstem nie, sê dit dan op 'n sagmoedige en taktvolle manier. Voel iemand se seer of pyn en doen iets daadwerkliks. Deur mense te dien, te help en te ondersteun, vergeet ek gou van my eie eensaamheid.

Praat met ander soos jy wil hê hulle met jou moet praat: As jy onnodig met mense stry, hulle terg, beledig of hulle met 'n eiegeregtige gesindheid veroordeel, stoot jy hulle net van jou af weg. Hulle sal baie meer van jou hou as jy sorg dat jou "woorde altyd aangenaam [is]". "*Met woorde wat altyd vriendelik en sinvol is, moet julle gereed staan om die regte antwoord vir elke mens te gee*." (Kol. 4:6).

Soek betekenisvolle gesprekke of forums: Huiskerk, bybelskool, studiegroepe en boekklubs is wonderlike plekke vir dieper dialoog en sinvolle gesprekke.

Kom uit die huis uit: Die buitelug en kontak met die natuur is 'n natuurlike stimulant wat jou aard (earth). Hierdie konneksie met ons huidige "nou" wêreld is essensieel vir goed-voel. Selfs net om kaalvoet te gaan stap, verbind jou met ons aardsheid. Jy voel die warm sand onder jou tone, jy raak bewus van die nou.

Vriendelikheid – glimlag: Ons is die enigste soogdiere wat deur tande te wys, toon dat ons vriendelik is. Deur sewe keer per dag te glimlag, kan jy jouself alreeds meer gesond laat voel. Daar is bevind dat depressielyers hierby direk kan baat vind. Moenie die krag van 'n glimlag onderskat nie – dis meer aansteeklik as masels. Die wonder is, daar is geen newe-effekte nie.

## Alleen Teenoor Eensaam

"Die liefde is geduldig en vriendelik, die liefde is nie jaloers nie, die liefde blaas nie sy eie beuel nie, is nie vol van homself nie. Dit tree nie onwaardig op nie, stel nie sy eie belange voorop nie, is nie kort van draad nie, hou nie boek van die kwaad wat hom aangedoen word nie. Dit treur oor die onreg wat plaasvind, en juig as die waarheid seëvier. Die liefde bly stil oor ander se foute, dit bly steeds vertrou, dit hou aan met hoop, dit verduur alles." (1 Kor. 13:4-7).

Om saam te bly beteken nie ons "connect" automaties nie! Daarom moet jy moeite doen!

Jou maat voel dalk ook so!

Alone = separate; isolated

Lonely = without company

Almal voel soms alleen.

Heel waarskynlik jou maat ook.

Jul kommunikeer dalk net oor kinders/pligte.

Onthou weer: Hoekom hou ek van jou?

Wees tevrede met jouself –gelukkig; vol.

Ons kan nie van buite vol raak nie.

As julle vervreemd geraak het van mekaar, loop die pad terug na liefde d.m.v. kommunikasie.

Hoekom is die band tussen jul verbreek?

Soms, as mens heeltyd kla … of opdragte gee, onttrek 'n mens!

Mans wil nie als weet wat jy voel of beleef nie, daarom het ons vriendinne.

## Hoe omarm (embrace) ek alleen wees?

Almal is alleen op een of ander tyd in jou lewe!

'n Mens kan selfs in geselskap wees, en alleen wees!

Jy moet weet of jy jou krag/energie uit mense of alleentye put!

Ken jouself!

Wees tevrede met jouself (gelukkig, vrede met God, jou Skepper, vrede met jouself en medemens)!

Doen dinge waarvan jy hou as jy alleen is: skryf, lees, stap, ry fiets!

Tyd vir dink, mediteer, orde skep in jou gedagtewêreld sowel as jou fisiese / admin-wêreld!

Maak tyd vir alleen wees … jy moet tuis wees in jou eie geselskap!

Beplan alleentyd … dit doen jou goed … laai batterye.

Soms, as mense deur trauma gaan, kan hulle nie alleen wees nie, en dis verstaanbaar maar tydelik!

### Alleen

*Ek's vanaand alleen*
*En ai my hart wil alweer ween*
*Ek dink aan die liefde, en ook die seën*
*Ek soek soms antwoorde, maar daar is geen*
*Selfs al is my hart genees*
*Voel ek vanaand so broos, so wees*
*Ek is so dankbaar vir die Heilige Gees*
*Hy is so werklik en verslaan die vrees*
*Hy kom in wysheid en waarheid om te genees*
*Ek weet dit is waar, ek het dit gelees*
*Nou kan ek rus, yes, net wees …*
*Dankie Helper, Heilige Gees – Chantál Oosthuizen*

## Wat gee aanleiding tot 'n oorweldigende gevoel van alleenheid in 'n huwelik?

1. Jou maat se persoonlike ambisie kan daartoe lei dat jy uitgesluit voel, meestal tweede is, en daar bloot net nie meer tyd is vir mekaar nie.
2. Jou persoonlike behoeftes en kernwaardes word nie meer deur jou maat bevredig nie en laat jou voel jy is alleen in jou stryd.
3. Jy en jou maat "connect" nie meer emosioneel nie en dit laat jou eensaam voel.
4. Jy word nie gehoor of verstaan nie. Die feit dat dit in kommunikasie vir jou duidelik is dat jou maat jou nie verstaan of hoor nie, kan lei tot 'n diepe gevoel van ontoereikendheid en eensaamheid.

5. Die fisiese feit dat jy as gevolg van jou maat se werk baie alleen is, kan jou inderdaad baie eensaam laat voel.
6. Jy en jou maat is nie in dieselfde kerk nie en deel nie dieselfde geestelike waardes nie, en dit kan jou baie alleen laat voel.
7. Jy en jou maat deel baie min belangstellings en julle begin dus selfs julle ontspantyd apart deurbring.
8. Jy en jou maat verskil baie omdat julle waardes en opvoedingsagtergrond dramaties verskil en dit kan daartoe lei dat mens alleen voel en meestal onttrek om argumente te voorkom.
9. Julle het lankal nie meer gereeld seks nie en selfs wanneer julle het, is dit oppervlakkig en net 'n seksdaad.
10. Jy en jou maat se vriende verskil. Jy is nie gemaklik met jou maat se vriende of vriendinne nie, daarom voel jy uitgesluit in hulle geselskap. Die feit dat jy weet dat jou maat jou met hulle bespreek, vererger die verwydering. Jy kan ook dieselfde gevoel hê wanneer jy voel dat jou maat sy of haar familie bo jou stel en meer lojaal is aan hulle as aan jou.
11. Jou maat se gedrewe self-regverdigende persoonlikheid sluit jou uit en jy voel dat jou woord nooit tel nie, want jou opinie of raad word nooit gevra nie. Sterk persoonlikhede is geneig om ander uit te sluit in hulle besluitnemingsproses en dit kan die swakker party uitgesluit laat voel, of nie deel van die span nie.
12. Wanneer jou maat oordrewe besorg is oor die kinders en altyd hulle belange voorop stel ten koste van die huwelik, kan die een party voel dat hulle nie meer betrokke is nie, of dat hulle net daar is om geld te voorsien. Weereens, verskillende opvoedingstyle en die rusies daaroor kan daartoe lei dat die een party eerder onttrek.
13. Daar is niks wat mens meer alleen laat voel as wanneer jy verontreg voel of seergemaak is, of gekrenk voel oor sekere dinge wat uitgekom het tydens 'n rusie en wat jou dan verkeerdelik laat glo jou maat is nie meer lief vir jou nie. Jy soek dan heeltyd bewyse in sy of haar gedrag om jou mosie te steun en die verhoudingsdinamiek raak negatief.
14. Aanhoudende kritiek en korreksie, of ongelukkigheid wat uitgespreek word, kan ook lei tot diep gevoelens van alleenheid, want jy voel dat niks wat jy doen genoeg of aanvaarbaar is nie. Aanvaarding is die boustene van 'n gesonde verhouding.
15. Wanneer iemand nie geliefd voel nie, lei dit outomaties tot 'n gevoel van eensaamheid.
16. Wanneer die een party alles moraliseer en geneig is om vir die ander te preek en af te praat in kommunikasie, kan dit lei tot 'n gevoel van ontoereikendheid en eensaamheid.
17. Gevoelens van eensaamheid kom gewoonlik die meeste voor onder paartjies wat nie suksesvol deur die magstrydfase gegroei het tot 'n dieper aanvaarding van juis mekaar se verskille nie. Die gevolg is dat die partye dan op alle vlakke aparte lewens begin leef om konflik te probeer voorkom en later dus bitter min in gemeen het, of selfs min weet van mekaar. Die probleem is dat alleenheid nou buite die huwelik aangespreek word.
18. Wanneer die een party nie die ander wil belas met sorge oor finansies of sake wat spanning veroorsaak nie, kan dit lei tot eensaamheid by beide partye. Die hoë spanningsvlakke en depressie by die een party dra ook by tot groter verwydering.
19. Allienation of the mind. As gevolg van konflik, rusie, of jou maat se skynbare misnoë met jou, begin jy in jou gedagtes onttrek en jouself verwyder. Jy gaan fisies nie meer saam met jou maat na vergaderings, partytjies of etes nie. Jy begin fisies, emosioneel en geestelik onttrek. Egskeiding het alreeds op hierdie tydstip begin en eensaamheid is onvermydelik.
20. Julle lag nie meer saam nie en het nie meer pret nie. Julle doen nie meer gesellig dinge saam nie.

# *Hoofstuk 30*

## Jesus die Lewensredder

"The work of salvation, in its full sense, is about whole human beings, not merely souls; about the present, not simply the future; and about what God does through us, not merely what God does in and for us." — N.T. Wright

### HET Die Moderne Mens Redding Nodig?

Redding van wat? ʼn Slegte verhouding? ʼn Skadelike gewoonte? ʼn Siektetoestand? Te min geld? Te veel geld? Redding van skuldgevoelens?

As mens na die mensdom kyk, dan lyk dit nie asof hulle besef hulle moet van iets gered word nie. Welvaart en lewensverwagting is hoër as ooit in die geskiedenis. Mense wat niks het nie, soek ʼn redder. Mense wat versadig is met aardse gerief, dink nie eers daaraan nie. Die kerk probeer die wêreld oortuig hulle het redding nodig van ʼn maalkolk van immoraliteit, van humanistiese en sekulêre wêreldbeskouings. Die post-moderne millennium generasie wil sosiale geregtigheid sien wat die fokus plaas op aardse, fisiese versorging – dikwels sonder om geestelike versorging in ag te neem. Daarenteen kan geestelik-gerigte saamtrekke en byeenkomste nie in mense se fisiese behoeftes voorsien nie. Volgens die Barna-instituut is dit ook duidelik dat wanneer mense ryker word, daar ʼn duidelike afname is in kerkbywoning, evangelisasie en ʼn leefstyl van toewyding. Skuldgevoel-preke is ook nie meer die doeltreffendste manier om mense tot die geloof te keer nie. Mense se lewens is vol, daar is nie nog ruimte vir godsdiens nie. Daar is ook ʼn duidelike wegval en wegkeer van enige formele godsdienstige instellings en magsbeheer.

Het die moderne mens redding nodig? Verseker ja, is die onomwonde antwoord! Maar die kerk sal moet herbesin oor hoe ons en wat ons as redding verkondig! Beter gestel: Wie verkondig ons as redding?

Vanuit ʼn suiwer Skriftuurlike perspektief: Het Jesus ooit appèl gemaak dat mense Hom moet aanbid? Nee, Hy het nie. Sy appèl oor en oor was: "*Volg my*."
(Matt.4:19; 8:22; 9:9; 10:38; 16:24; 19:21).

Verskeie persone het redding ontvang sonder om te bely – soos die vrou wat in owerspel uitgevang is en die sondaar aan die kruis. Verseker is belydenis belangrik, maar God soek iets dieper as net jou sondebelydenis. Baie mense sê daagliks jammer vir dieselfde sonde en verkeerde dade, sonder om te verander. Die Bybel praat die meeste van: "*Hulle het tot geloof gekom*."

Die terme "neem Jesus aan" of "neem Jesus in jou hart" kom nie in die Bybel voor nie.

## Laat Ons Nou Die Saak Uitmaak

Sien: Matt. 1:21; Luk. 1:69-75; 2:11, 28-30; Luk. 19:10; Hand. 13:23; 1 Tim. 1:15; 2 Pet. 1:1; 3:2, 18; Tit .1:4; 3:6.

"*Ek het vooraf besluit dat ek met julle net oor een saak wou praat—oor Jesus Christus wat vir ons op die kruis gesterf het*." (1 Kor. 2:2).

---

### ***Jesus Is Redding***

---

Redding en saligheid is nie 'n leerstelling- of 'n versameling formules nie. Ken jy Jesus? Volg jy Hom? Is jy 'n kind van God? Is jy wedergebore? Dis kwalifiserende vrae! Mense se antwoorde op hierdie vrae is meestal vaag, en mens sien die onsekerheid in hulle oë.

Want redding en saligheid is 'n Persoon – JESUS!

Die kerk kan jou nie red nie, ook nie jou goeie werke nie! Jy kan ook nie jouself red nie! Jy kan al die selfhelpboeke lees en nog verlore voel. Om Jesus te ken, is redding! Die onwillekeurige vraag is egter: As byna die helfte van die wêreld se bevolking sogenaamde Christene is, hoekom is daar so 'n groot verdeeldheid in die kerkwêreld? Almal sê tog hulle glo in Jesus? So baie sogenaamde Christene se lewenstyl dra geen beeltenis van die persoon van Jesus nie.

Hoe jy Jesus sien, is die lakmoestoets van ons geloof.

DIE LAKMOESTOETS is 'n baie ou maar bekende toets om vas te stel wat die alkaliese gehalte van 'n stof is sodat jy ook die teenwoordigheid van suur, al dan nie, kan vasstel.

"*Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word, sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê*." (Joh. 3:13). Soos met die slang wat Moses opgelig het (Num. 21:8), moes die mense net na die slang kyk om genesing te ontvang. Ons redding word bepaal deur die geskenk van sien. Maar net soos met die slang, het mense later van God se voorsiening, wat uit 'n verhouding gebore is, 'n godsdienstige ritueel gemaak. "*Hiskia het die hoogtes laat verwoes, die klippilare laat stukkend slaan en die gewyde pale laat afkap. Hy het ook die koperslang wat destyds deur Moses gemaak is, laat stukkend slaan, want tot nou toe het die Israeliete die koperslang met offers vereer. Die slang is Negustan genoem*." (2 Kon. 18:4).

Petrus sien: "*En wat van julle, wie sê julle is Ek?" Simon Petrus het geantwoord: "U is die Messias, die Seun van die lewende God." Jesus antwoord hom en sê: "Gelukkig is jy, Simon seun van Jona, want my hemelse Vader het dit aan jou bekendgemaak. Hierdie wete het jy nie van enige mens ontvang nie*" (Mat. 16:15-17).

Die sondaar aan die kruis: "*Maar die ander een antwoord en bestraf hom en sê: "Vrees jý ook God nie, terwyl jy in dieselfde oordeel is? . . . ons tog regverdiglik, want ons ontvang die verdiende loon vir ons dade, maar Hy het niks verkeerds gedoen nie." En hy sê vir Jesus: "Dink aan my, Here, wanneer U in U koninkryk kom." En Jesus antwoord hom: "Voorwaar Ek sê vir jou, vandag sal jy saam met My in die Paradys wees*." (Luk. 23:40-43).

Paulus het gedink hy doen reg. Hy het opreg geglo hy is besig om die sekte uit te roei en God daardeur te verheerlik. Paulus sien: "*Wie is U, Here?" het hy toe gevra. "Ek is Jesus," antwoord Hy. "Dis vir Mý wat jy vervolg!*" (Hand. 9:5).

Die Samaritaanse vrou by die graf het Jesus nie herken nie. Die vrou het vir Hom gesê: "*Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak." Toe sê Jesus vir haar: "Dit is Ek, Ek wat met jou praat*." (Joh 4:25-26).

Daarom bid Paulus vir die gemeente: "*Ek dink aan julle in my gebede en vra dat die God van ons Here Jesus Christus – die Vader aan wie al die heerlikheid behoort –aan julle geestelike wysheid en insig sal gee deurdat julle Hom persoonlik ken*." (Ef .1:17).

Niemand kan Jesus namens jou sien nie. Jy moet self sien, en oorweldig word deur Sy wonder.

## Wat Moet Ek Doen Om Gered Te Word?

"*Petrus se woorde het hulle diep geraak. Hulle het toe vir Petrus en die ander apostels gevra: "Broers, wat moet ons doen?" Petrus antwoord hulle: "Kom tot inkeer en maak reg met God. Laat julle in die Naam van Jesus Christus doop sodat julle sondes vergewe kan word, en julle sal die Heilige Gees as geskenk ontvang. Hierdie belofte is bedoel vir julle en julle kinders, en selfs vir die nie-Jode – almal wat die Here ons God sal naderroep." Petrus het nog lank aanhou preek en 'n ernstige beroep op sy hoorders gedoen: "Laat julle red uit hierdie afgedwaalde geslag!*" (Hand. 2:37-40)

**Kom tot inkeer** – Die bekende Griekse woord wat hier gebruik word is "μετανοέω" metanoéō. Dit beteken om jou posisie/uitkyk/denke te verander. 'n Ander rigting inslaan. Soos die bekende CS Lewis wat eers 'n befaamde ateïs was, het hy sy uitkyk en siening verander, en een van die mees gesogte Christen-apologete geword. Om tot inkeer te kom, veronderstel omdraai en algehele omkeer. Om tot 'n nuwe insig te kom. Jy sien 'n nuwe realiteit wat jou huidige sienswyse totaal verander. Hierdie tot inkeer kom is eenmalig in terme van kind van God word, maar dit is ook 'n reis saam met Jesus waar Hy ons weer en weer tot nuwe insigte bring soos wat ons saam met Hom die pad van Waarheid uitstap.

**Maak reg met God** – Sedert 'n mens se kinderdae beweeg die meeste mense weg van God af. Ons raak van Hom vervreemd (Kol. 1:12). Ons het geen vrymoedigheid om te bid of tot God te nader nie. Soos met enige vervreemding in 'n verhouding begin mens allerhande aannames maak, en maak valse veronderstellings oor die ander persoon omdat ons nie die persoon werklik ken of kontak het nie.

Later gaan sommige mense so ver dat hulle God se vyand raak. Hulle leefstyl en dade druis lynreg in teen Sy wil en plan vir hulle lewens. Hierdie selfverwoestende lewenstyl en rigting van mens se lewe eindig uiteindelik op die plek van die dood, sonder God, sonder vrede, sonder ware blywende innerlike geluk.

**Die lewe is vol lewensroetes**: Sommige vertrou hulle intellek en rede, ander hulle geld en posisie, ander hulle fisiese krag en vermoëns. Om met God reg te maak, is om soos die verlore seun terug te stap na die Vader se huis en jou aan Hom oor te gee. Die verlore seun het vir homself gesê: "*Maar hy het tot homself gekom en gesê: Hoe baie huurlinge van my vader het oorvloed van brood, en ek vergaan van honger! Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u, en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge*" (Luk. 15:17-19).

**Glo in Jesus** – Die term dat iemand tot geloof kom, word die meeste in die NT gebruik om te verduidelik hoe mense gered is (Mark. 16:16; Joh. 2:23; 4:39, 41; 8:30; 11:45; 12:42; Hand. 9:42; 11:21; 18:8). Hulle het eenvoudig begin glo toe hulle die prediking en getuienis van die Waarheid gehoor het. "*Want as jy met jou mond bely dat Jesus die Here is en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Want as ons glo met ons hart, word ons vrygespreek en as ons met ons mond bely, word ons gered. Soos die Skrif sê: Wie in Hom glo, sal nie beskaamd staan nie.*" (Rom. 10:9-11). "*Hulle het toe vir Hom gesê: "Wat moet ons doen om God se wil uit te voer?" Jesus het hulle geantwoord: "Dít is God se opdrag aan julle: Glo in Hom wat die Vader gestuur het." Hulle sê vir Hom: "Watter wonderteken doen u dan sodat ons kan sien en in u kan glo? Wat besonders doen u vir ons*?" (Joh. 6:28-30, Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling).

'n Professor het my op 'n tyd besoek. Hy was in sy middeljare en het volgens hom sy intellek totaal uitgeput maar kon steeds nie vrede vind nie. Ek vra hom toe: "Glo jy dat Jesus 'n werklikheid is? 'n Eenvoudige ja- of nee-antwoord, nie 'n diskussie van 'hoekom' en 'maars' nie." Hy het my stip

aangekyk, sy oë het tranerig geword en hy het afgemete geantwoord: "Ja, ek glo Jesus is 'n werklikheid." Op daardie oomblik het redding vir die man gekom. Later sou hy my vertel dat dit op daardie oomblik rustig in hom geword het. Hy glo!

Die geloof moet egter later in werke oorgaan wanneer ons doen wat Hy ons beveel. Dink aan die vrou wat pas op heterdaad betrap is in die daad van owerspel. Sekerlik kan mens hulle dadelik veroordeel! Jesus skryf op die grond dat die een wat sonder sonde is, die eerste klip moet gooi. Uiteindelik, toe almal weg is, sê Hy vir die vrou: "*Ek veroordeel jou ook nie, gaan heen en sondig nie meer nie*!" Haar redding begin die oomblik as sy hierdie genadewoord gehoorsaam en gaan uitvoer. (Joh. 8:3-11).

**Wedergeboorte:** is 'n teologiese verduideliking van die redding wat God in ons bewerk. By bekering rus die onus op ons om te reageer op die verkondiging van die Woord. Wedergeboorte is 'n bonatuurlike werking wat God in ons bewerk wanneer Hy ons Sy kinders maak (Joh. 3:5; 1 Pet. 1:21; 2 Kor. 5:17). Hy doen die werk (Fil. 1:12) en produseer die vrug van die Heilige Gees as ons nuwe karakter (Gal. 5:21-22).

Hoe weet mens of jy wedergeboorte deelagtig geword het? Spurgeon verduidelik dit mooi aan die hand van 'n vark-en-katstorie. Die vark kan nie 'n kat wees nie. Dit is in sy natuur om vuil te wees. Die kat daarenteen hou nie van vuil word nie. Net God kan ons natuur verander. Een van die eerste tekens dat ek 'n kind van God geword het, is dat ek nie meer wil vuil wees en vuil dinge doen nie. My ingesteldheid oor kleredrag, taalgebruik, rassisme en begeertes verander radikaal. Ek sien die wêreld in 'n heel ander lig. Sy liefde oorweldig my met 'n nuwe vrymoedigheid, vrygewigheid en omgee vir mense.

## Laat Jou Doop:

Petrus se tweede opdrag was dat die mense hulle sal laat doop. "Laat julle in die Naam van Jesus Christus doop sodat julle sondes vergewe kan word." Hierdie was 'n belangrike opdrag vir die vroeë kerk. Dit is tydens die doop dat openbare belydenis van geloof afgelê word. Toe Paulus dissipels in Efese kry, toe vra hy hulle: "*Met watter doop is julle dan gedoop?*" Hulle is toe weer gedoop omdat hulle deur die doop van Johannes gedoop is. Soos met 'n huweliksseremonie word die liefde tussen die verloofdes voor getuies bevestig. Die doopseremonie is ook 'n pragtige uiterlike simboliese handeling van wat innerlik met 'n mens gebeur het, naamlik 'n begrafnis (Rom. 6:3-4).

Dit is jammer dat evangeliste "steek jou hand op" die daad van bekering gemaak het in plaas van die doop! Om jou hand op te steek as die simboliese daad van oorgawe kos my niks, veral as mense gevra word om hulle oë toe te maak en niemand mag rondkyk nie. Daarteenoor, om my te laat doop, sit my op vir vervolging, vrae, teenkanting. Deur my te laat doop verkondig ek, ek leef nie meer nie, ek glo in Christus, Hy wek my op tot 'n nuwe lewe! Doop is 'n waterskeidingsmerk, dis die verkondiging van 'n draaipunt sodat almal wat my ken, 'n nuwe lewenstyl kan verwag!

Om Jesus se volgeling te word, impliseer dat mens jou eie-ek en self verloën, kruisig en aflê om nou presies te doen en te lewe in gehoorsaamheid aan Jesus. Dit is dan juis die ek-mens wat weggestap het van God af. "*Jesus het toe vir Sy dissipels gesê: "As julle my volgelinge wil wees, moet julle julle eie, selfsugtige ambisie prysgee, julle kruis op julle skouers neem, en agter My aan kom. As julle probeer om julle lewe vir julleself te bewaar, sal julle dit verloor. Maar as julle julle lewe ter wille van My prysgee, sal julle ware lewe vind. Wat sal dit jou tog help as jy alles in die lewe bereik, maar jy ly skade aan jou diepste menswees? Jy sal met niks ter wêreld daarvoor kan vergoed nie. Ek, die Seun van die Mens, sal inderdaad kom, vergesel van God se engele. Ek sal met die heerlikheid van my Vader bekleë wees, en Ek sal almal oordeel volgens hulle dade*" (Matt. 16:24-27). Die self-sterf-gedagte staan sentraal tot ons nuwe lewe in Christus. Dit is belangrik vir die nuwe gelowige om 'n monument te hê, 'n oomblik waarna mens kan terug verwys om jou te herinner. Jy is dood, jy lewe nie meer nie (Rom. 2:20). Ons stryd teen sonde is verby, want ons leef nie meer nie (Gal.

5:16, 24). Dit is ons redelike godsdiens –ons is aan Hom geoffer as lewende heilige offers (Rom. 12:1; Rom. 6:11).

## Word Gevul Met die Heilige Gees:

Toe Jesus die Samaritaanse vrou tot redding lei, wys Hy haar dat Hy die Fontein van lewende water is, want as sy van Hom drink, sy nooit weer dors sal kry nie. "*Wie egter van die water drink wat Ek hom gee, sal nimmer as te nooit weer dors word. Die water wat Ek vir hom sal gee, sal 'n fontein in hom word waarvan die water vir altyd sal bly opborrel*." (Joh. 4:14). Dis presies wat gebeur as jy in Jesus begin glo. Hy word 'n fontein van wysheid, waarheid, rigting en nuwe waardes waarvolgens jy leef (Jer. 31:31-34). Die Woord van God word vir jou begrip oopgesluit en jy begin verstaan wat jy lees. Die Woord word lewendig en werk in jou om dit nie net te hoor nie, maar ook toe te pas in jou lewe.

'n Paar hoofstukke verder in Johannes 7 maak Jesus die volgende aankondiging. "*Die een wat in My glo – soos die Skrif sê: Riviere lewende water sal uit sy binneste vloei. Dit het Jesus gesê oor die Gees wat die mense wat in Hom glo, sou ontvang*." (Joh. 7:38-40). By redding, toe jy tot geloof gekom het, ontsluit die Here in jou 'n innerlike fontein, maar wanneer Hy jou vul met die Heilige Gees word die fontein strome van lewende water wat uit jou uitvloei na ander. Die vervulling met die Heilige Gees en die gawes van die Heilige Gees wat daarmee gepaard gaan, is 'n goddelike bemagtiging om sy getuie te wees (Hand. 8:1). Al die gawes is gerig op bediening, die opbou en stigting van God se mense. Soos Jesus, word jy 'n werktuig in God se hand om mense van die waarheid te oortuig (Joh. 18:37).

Johannes die Doper maak tydens sy bediening die volgende verklaring oor Jesus: "*Ek het julle met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop*." (Matt. 3:11; Mark. 1:8). Die term is nog nooit in die Bybel gebruik nie. Niemand sou verstaan wat hy hiermee bedoel nie. Jesus maak weer die opmerking by Sy hemelvaart: "*Johannes het met water gedoop, maar júlle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word*." (Hand. 1:5).

Die volgende hoofstuk vertel in detail van die uitstorting van die Heilige Gees. "*Almal is toe met die Heilige Gees vervul en soos die Gees vir hulle die vermoë gegee het, het hulle in ander tale begin praat.*" (Hand. 2:4). Dit was nie 'n eenmalige uitstorting net vir die eerste gelowiges nie. Later is hulle weer op dieselfde wyse aangeraak. "*Na hierdie gebed het die gebou waar hulle bymekaar was, geskud, en hulle is almal met die Heilige Gees vervul. En hulle het God se boodskap onverskrokke verkondig*." (Hand. 4:31).

Later sou Petrus deur 'n visioen gelei word om ook die heidene in te sluit in God se Goeie Nuus boodskap. "*Terwyl Petrus nog hierdie dinge sê, het die Heilige Gees op almal gekom wat sy boodskap gehoor het*." (Hand. 10:44). Om gevul te wees met die Heilige Gees was 'n voorwaarde tot diens in die gemeente. "*Medegelowiges, kyk uit vir sewe mans onder julle wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het. Ons sal hulle dan vir hierdie bediening aanstel*." (Hand. 6:3).

Almal van ons wil 'n lekker tyd en lewe hê, en sommige vind hierdie lekker tyd in verskillende soorte alkohol. Paulus vra dat ons nie dronk sal word van wyn nie, maar gevul word met die Heilige Gees (Ef. 5:18). 'n Lekker tyd sonder 'n "hang-over"! Soos wat 'n mens dronk word van wyn (gevul word met wyn), kan ons wese gevul word met die Heilige Gees. Die Heilige Gees maak mens meer vrymoedig en "bold". 'n Mens verloor jou inhibisies en is nie meer skaam om te getuig of voor mense te bid nie.

Ek dank God dat redding nie net besluite en gedagtes is nie, maar 'n ervaring en 'n ontmoeting met die Lewende God. Wanneer Hy jou aanraak, is jou lewe nooit weer dieselfde nie. Sommige mense se ontmoeting met God is dramaties, soos Paulus wat 'n lig sien en van sy perd afval (Hand. 9:3-9). Nie elke mens se ervaring is so dramaties nie, maar iewers in die proses van redding en kind van God word, moet daar 'n beduidende ervaring met God wees. Die Heilige Gees is ook die Een

wat jou kindskap beseël en bevestig. "*Hy het ons asSy eiendom gemerk en die Gees in ons harte gevestig as deposito wat as waarborg dien van alles wat Hy nog vir ons gaan gee*." (2 Kor. 1:22).

Geloofsekerheid: So baie mense wil eers reg wees en ophou met verkeerde dade, wat hulle weet God nie van hou nie, voordat hulle kom en regmaak. So stel hulle uit en kom nooit tot oorgawe nie.

Ander mense werk hard om reg te lewe en reg te doen sodat hulle werke vir God aanneemlik sal wees. Hulle vergelyk hulleself met ander sogenaamde gelowiges en oordeel dat hulle ook nie altyd reg doen nie. Op die ou einde kan hulle nooit sê en erken "ek is 'n kind van God" nie. Hulle voel nie waardig nie! Hulle doen nog te veel sonde. "*Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word*" (Matt. 6:33).

Ons is almal soekers: soekers na vrede en geluk, en innerlike tevredenheid. Ons soek ook na wat reg is. Wat is die regte ding om te doen of te sê. Ons wil tog hê dat daar aan ons reg gedoen word in besigheid en dienslewering.

Die geregtigheid van die mens staan egter in kontras met God se geregtigheid. Die grootste misdadiger regverdig sy of haar optrede op die een of ander manier. Die egbreker regverdig die verraad deur die skuld op sy of haar huweliksmaat te pak. Jesus vertel verskeie stories van mense wat gesoek het: die man wat die pêrel van groot waarde gekry het (Matt. 13:45-46); die vrou wat die verlore muntstuk gesoek het (Luk. 15:8); die man wat 'n groot skat op 'n land gekry het (Matt. 13:44). "*Salig is die wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word*." (Matt. 5:6). Om die koninkryk te vind is soos om 'n groot skat te ontdek. Hierdie skat is ewig, onwankelbaar en onverganklik (Heb. 12:28).

## Maar Wat is die Koninkryk van God?

Jesus begin Sy prediking met hierdie boodskap: "*Van toe af het Jesus begin om te preek en te sê: Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom*." (Matt. 4:17).

Die koninkryk van God spreek van Sy heerskappy, Sy wil, Sy orde en Sy wêreld. Is dit nie die uitroep van so baie mense in hierdie tye van onheil nie? Ons verlang en hunker na God se wêreld! Sommige oorweeg selfmoord net omdat hierdie wêreld so donker en onmoontlik vir hulle geword het. Wat wel alle verstand te bowe gaan, is hoe soveel oënskynlik suksesvolle, bekende en selfs bekroonde mense selfmoord pleeg. Dit is dus duidelik dat die geveg nie noodwendig fisies is nie, maar in mens se gedagtewêreld.

Sommige mense kry dit reg om tevrede en gelukkig te wees. Ander kry nooit genoeg nie en soek gedurig na nog meer. "*Want die koninkryk van God is nie spys en drank nie, maar geregtigheid en vrede en blydskap in die Heilige Gees*." (Rom. 14:17).

Hier is die koninkryk nou mooi verduidelik: Die koninkryk is nie wat jy van buite af in die liggaam sit nie, maar wat van binne uit jou kom. Geregtigheid – om met God reg te wees. Vrede – nie die afwesigheid van konflik nie, maar die vermoë om te midde van konflik rustig en tevrede te wees. Vreugde in die Heilige Gees – hierdie vreugde is aansteeklik! Dit is 'n borrelende fontein van deurentyd bewus wees van God se teenwoordigheid.

Hierdie drie ervarings is dan ook jou bewys dat jy wel reg is met God. Bekering, doop, vervulling met die Heilige Gees. Die geheim is die geskenk van geregtigheid! "*Weens die moeitevolle lyde van Sy siel sal Hy dit sien en versadig word; deur Sy kennis sal my Kneg, die Regverdige, baie regverdig maak; en Hý sal hulle skuld dra.*" (Jes. 53:11). Dis 'n skat wat ontdek is! Soos iemand wat die lotto gewen het, of 'n stuk goud opgetel het. Dis verniet! Jy het nie daarvoor gewerk nie. "*Want almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, en hulle word deur Sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.*" (Rom. 3:23-25).

Geregtigheid is die geskenk van kindskap om weer soos Adam en Eva in 'n volle verhouding, sonder sonde, met God te wandel. Geregtigheid wys ook na God se geregtigheid – Hy is die Ewige

en absolute standaard van reg. Sy Woord is reg en waar. Sy karakter is onbesproke en regverdig. Sonde is in wese ongeregtigheid, om Sy standaard te mis.

Toe die jongman by Jesus kom, het hy die wet volledig nagekom en kon nie aan iets dink waaraan hy nog kortkom nie. Hy wou volmaak wees. "*Jesus antwoord hom: "As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou goed en gee dit aan die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê; en kom hier, volg My*." *Maar toe die jongman dié woord hoor, het hy bedroef weggegaan; want hy het baie besittings gehad. En Jesus sê vir sy dissipels: "Voorwaar Ek sê vir julle dat 'n ryk man beswaarlik in die koninkryk van die hemele sal ingaan*." (Matt. 19:21-23). Dit som die tema van geregtigheid presies op: Ons beste geregtigheid is nog steeds nie genoeg nie, want ons kan nie onsself red nie. As ons sou kon, hoekom het ons dan 'n redder nodig? "*Toe sy dissipels dit hoor, was hulle baie verslae en sê: "Wie kan dan gered word?" Maar Jesus het hulle aangekyk en vir hulle gesê: "By mense is dit onmoontlik, maar by God is alle dinge moontlik*." (Matt. 19:25-27).

Ons het dus geen ander keuse as om Sy geregtigheid as geskenk te ontvang nie. "*Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie. Want ons is sy maaksel, geskape in Christus Jesus tot goeie werke wat God voorberei het, sodat ons daarin kan wandel. DAAROM, onthou dat julle wat vroeër heidene in die vlees was en onbesnedenes genoem word deur die sogenaamde besnydenis wat in die vlees met hande verrig word.*" (Ef. 2:8-11).

Ons is geskape om in Sy beeld en volgens Sy wil en geregtigheid te leef, maar die eie-ek en eie-wil het gekies om ons eie ding te doen. Matt. 6:33 sê dit is van wesenlike belang om op Sy geregtigheid te fokus. Ons vertroue is nie in ons geregtigheid nie, maar in Sy geregtigheid. "*Want as ten gevolge van die misdaad van die één die dood geheers het deur die één, veel meer sal hulle wat die oorvloed van die genade en van die gawe van die geregtigheid ontvang, in die lewe heers deur die Één, Jesus Christus.*" (Rom. 5:17).

Sy geskenk van geregtigheid stel ons in staat om weer te heers soos Adam, en die mens se skeppingsdoel te vervul (Gen. 1:28 en Rom. 8:29). "*In Sy dae sal Juda verlos word en Israel veilig woon; en dit is Sy naam waarmee Hy genoem sal word: DIE HERE ONS GEREGTIGHEID*." (Jer. 23:6).

Ons lewe dus elke dag met hierdie woorde op ons lippe: "Die Here ons geregtigheid"; "Jesus is my geregtigheid!" Die feit dat ons allereers hier begin, is ook belangrik. As ons in enige godsdiensoefening of praktyk begin, is die fokus weer op ons geregtigheid en dan word dit dooie werke (Heb. 6:1). Maar ons begin altyd eerstens, bowenal, deur Sy geregtigheid te soek en vanuit Sy volmaakte offer te leef.

## Dis Vanuit Sy Geregtigheid Dat Ons:

- nou vrymoedigheid het om God te nader (Heb. 10:19; Heb. 4:16),
- in staat is om alles te doen (Fil. 4:13),
- meer as oorwinnaars is (Rom. 8:37),
- Satan oorwin het (1 Joh. 2:13; 4:4; 5:4-5),
- aan die slawerny van sonde ontsnap het (Joh. 8:34-36),
- elke geestelike gawe in die hemel ontvang het (Ef. 1:3),
- saam met Jesus in hemelse plekke sit (Ef. 2:6).

Hierdie geskenk van geregtigheid maak ons ons eie, ons eien dit vir onsself toe, en Hy werk Sy krag in ons om Sy kinders te wees. Dis die krag van die Evangelie! Jesus beveel ons nie net om reg te leef nie, Hy werk die vermoë en krag in ons om Sy wil te doen (Joh. 1:12; Fil. 2:13; Heb. 13:21). "*Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in Sy Naam glo*." (Joh. 1:12).

Dit is God se genade aan die mens, dat Hy nie net vir ons gesê het hoe om te lewe nie, Hy het ons kom wys!! Jesus is net soos ons versoek en is waarlik mens. "*TERWYL ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele deurgegaan het, naamlik Jesus, die Seun van God, laat ons die belydenis vashou. Want ons het nie 'n hoëpriester wat nie met ons swakhede medelye kan hê nie, maar een wat in alle opsigte versoek is net soos ons, maar sonder sonde. Laat ons dan met vrymoedigheid na die troon van die genade gaan, sodat ons barmhartigheid kan verkry en genade vind om op die regte tyd gehelp te word.*" (Heb. 4:14-16).

## Opsomming

**Hoe word ek gered?**

Glo in Jesus!

**Hoe leef ek as Christen?**

Jy leef Jesus se lewe en voorbeeld. In jou konteks, omgewing, situasie, leef jy Jesus.

# Hoofstuk 31

## JESUS DIE GENEESHEER

---

"What is it about tears that should be so terrifying? the touch of God is marked by tears...deep, soul-shaking tears, weeping...it comes when that last barrier is down and you surrender yourself to health and wholeness" — David Wilkerson, *The Cross and the Switchblade*

W**ANNEER** ons noukeurig let op die bediening van Jesus Christus en die apostels, is dit duidelik dat goddelike genesing 'n kerndeel van die verkondiging van die Evangelie uitmaak. Die Evangelie (goeie nuus) volgens Matthëüs skets aan ons hoe Jesus Sy bediening begin het: "En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees" (Matt 4:23-25).

Genesing gesien vanuit Jesus se perspektief is nie net 'n gesonde liggaam nie; Hy wil toesien dat ons Sy skeppingsdoel vervul. Dit beteken dat ons groei in volwassenheid en as totale mens gesond leef om sodoende die wêreld om ons gesond te maak. God se droom vir ons is:

"Die gesondheid van die totale mens".

Sy droom vir die kerk is "dat ons die habitat, plek, gemeenskap sal wees waar God regeer en elkeen genesing ontvang om reg te leef!"

*Jesus wil ons genees, versoen, herstel, restoureer, hervorm en bevry om weer Sy skeppingsdoel voluit te kan leef.*

'n Boom is gemaak om smaakvolle vrugte te dra. So het God die mens geskape na Sy beeld om goddelike goeie vrug te dra. Sonde het ons misvorm, om verwoesting te saai. As gevolg van die mens se ongehoorsaamheid en misrekende identiteit het ons wêreld al hoe meer stukkend en gebroke geraak. Siekte, krankheid, ongesteldheid, onvolkomenheid, pyn, ongemak, en beperkings verhoed ons om Sy skeppingsdoel te kan uitleef. Ons uitroep is dus vir genesing! Ons is almal op soek na volhoubare, werklike, diepgaande, volkome genesing!

Siekte is 'n obstruksie, inhibisie of beperking van ons natuurlike vermoëns. 'n Gesonde baba het 'n bepaalde funksionaliteit m.b.t. beweging, vermoëns, en intellek. Siekte of krankheid plaas 'n beperking op hierdie funksionaliteit.

## Is dit God se wil om jou te genees?

Dit is ‘n vreemde vraag. Die woord ‘wil’ bestaan nie in die Hebreeuse taal nie, iemand begeer iets, is hoe die Bybel dit sou verstaan. Sou jy dieselfde vraag vir die ouers vra, is dit julle wil en begeerte om julle kind gesond te sien? Natuurlik sou die ouers *Ja* antwoord, watter ouer wil nie sy of haar kind gesond sien nie? Net so is dit God die Vader se begeerte om Sy skepping gesond te sien!! Dit is immers hoekom Jesus gekom het, vlees geword het, gesterf het, opgestaan het uit die dood! Dit is alles deel van God se genesing oplossing! Jesus is God se genesingsplan!

Kom ons brei die vraag verder uit: Is dit God se wil om jou te vergewe? Natuurlik! Is dit God se wil om jou te red? Weereens sal niemand hieroor stry nie. *Natuurlik*, is die spontane antwoord. Nou hoekom as ons Sy vergifnis in die geloof aanneem, asook redding, nie ook genesing nie?

As dit God se wil is dat jy siek is, dan is dit tog nutteloos om te bid vir genesing? Aan die ander kant, as dit God se hart, wil en begeerte is om te genees, kan ons altyd met geloofsekerheid bid. God se hart is altyd genesing!! Punt!!

## HOE God genees is egter die groot raaisel.

Want God se hart vir genesing is nie net die wegneem van ‘n fisiese krankheid nie. Vir Hom is genesing dat ons volkome herstel sal wees volgens Sy skeppingsdoel - volwasse soos Jesus. Genees na Gees, emosies, denke, gedrag, verbintenis, eie-ek, en uiteindelik liggaamlik! Daar is 5 verskillende werkwoorde wat Jesus se genesingsbediening omskryf:

**Therapeo**: Die woord hou verband met vrede, God se holistiese vrede. Versorging, rehabilitasie, herstel. Hier is ‘n tydperk verbonde. (Matt. 4:24; 12:10; Mark. 1:34; Luk. 6:7; 10:9).

**Iaomai**: Onmiddelik genesing. Om fisies te herstel en gesond te maak. (Luk. 5:17; 6:19; 9:2, 11, 42; 14:4; 22:51; Joh. 4:47; Hand. 10:38; 28:8).

**Sozo**: Redding, intervensie, ingryping, verlossing, vrymaking. (Matt. 9:21, 22; Mark. 3:4; 5:23, 28, 34; 6:56; 10:52; Luk. 6:9; 8:36, 48, 50; 17:19; 18:42; Joh. 11:12).

**Diorthosis**: Om te hervorm, korrigeer, herstel. (Heb. 9:10; 2 Tim. 3:16).

**Kartharizo**: Te reinig, skoon te maak, verwyder die stigma. Hy het die melaatse gereinig. (Matt. 8:2, 3; 23:25; Luk. 4:27; 5:12, 13; 7:22; 11:39; 17:14, 17). Jesus se genesings was altyd daarop gerig om die sieke te versoen met sy of haar mense. Bv. die vrou wat aan bloedvloeiing gely het wat onder ‘n stigma geleef het, word in die openbaar herstel en genees.

## Hoekom is ons siek? Wat maak ons siek?

Sommige siektetoestande is geneties of viriel oordraagbaar, en dus as gevolg van eksterne oorsake. Sielkundiges suggereer dat 85% van alle siektes ‘n emosionele, psigosomatiese oorsaak het. Lewenstyl keuses, in terme van dieet en oefening speel ook ‘n groot rol ten opsigte van ons algehele gesondheid.

Ons beleef tans ‘n inligting rewolusie. Daar vind 3,5 Biljoen Google soektogte per dag plaas. Omtrent 1,3 Biljoen mense is op YouTube geregistreer en daar word bykans 300 ure se videomateriaal per minuut gelaai. Die meeste van hierdie soektogte en inligting is gerig rondom gesondheid en self-verbetering.

Daar is tans meer as 250 000 selfoon toepassings beskikbaar om jou gesondheid te monitor. Nuwe slim horlosies meet allerhande aspekte van jou fisiese gesondheid: Slaappatrone, hartklop, bloeddruk, suikervlak, en hartritme inligting kan jou dokter help om ‘n baie meer akkurate diagnose te maak. Nuwe aanlyn webtuistes soos ‘hello dr.” kan jou in ‘n oomblik in kontak bring met mediese professionele raad.

Mense is dus gevolglik fisies gesonder. Mense leef oor die algemeen langer! Maar is ons werklik gesond? Ons word van die een ding gesond gemaak, en oormore is ons weer siek van iets anders. Gesondheid is tog nie net bloot 'n fisiese aspek nie. Ons almal word ouer, en dus funksioneer ons liggame nie meer optimaal nie, maar ons is geestelik, en emosioneel gesond. Gesondheid is nie 'n selfsugtige oorlewing van net-na-myself-kyk-nie. Gesonde mense, wil ook graag ander gesond maak.

## Die totale menswees bestaan uit:

1. Gees – Konneksie, bewussyn.
2. Emosies – Gevoelens.
3. Intellek – Denkpatrone, waardes, wêreldbeskouing.
4. Gedrag – Gewoontes.
5. Sosiale interaksie – Verhoudinge.
6. Liggaamlik – Fisiologies.
7. Identiteit – Eie-Ek.

In ons reis met Jesus het ons uitgevind, gesondheid is nie net die genesing van 'n spesifieke fisiese siektetoestand nie, maar 'n algehele omvattende gesonde lewenstyl van die totale mens.

Derduisende kure, diëte, aanvullings, wondermiddels, terapie en operasies mag dalk doeltreffend wees, maar dit deel almal net met een aspek van ons gesondheid. Jy kan fisies 100% gesond wees, maar sielsongelukkig as gevolg van stukkende verhoudings. Jy kan 'n goeie mens wees, met talle prestasies en nog steeds voel daar kort iets in jou lewe, want jy het nog nie met God vrede gemaak nie. Ons kan fisies gesond wees, intellektueel briljant, maar as ons eie-ek nog nie gesond gemaak is van ons egoïstiese, self-gerigte selfsug en selfbeskikking nie, is ons bedremmeld en betreurenswaardig. Dink maar aan die eie-waan van 'n Hitler, en joga ghoeroes soos Bikram Choudhury wat sy volgelinge mislei het.

## Jesus Is Ons Genesing

Totale genesing is net in Jesus Christus te vinde. Jesus is genesing en gesondheid! Toe ons ontwaak tot die realiteit van Sy persoon, waardes, denke, gewoontes en manier van leef, het ons die sentripetale kernpunt van alle geneeskunde ontdek. Sonder Jesus is daar nie volhoubare gesondheid en welstand nie. Want, Hy maak nie net een aspek van ons menswees gesond nie. Hy steek Sy hand uit, en vra ons om Hom te volg. Terwyl ons Hom volg, en doen wat Hy sê, word ons tree vir tree meer gesond, op elke vlak, om ook ander te help om gesond te word.

Om soos Jesus te word is die sleutel tot ’n vervulde en gelukkige lewe. Jy sal dan die beste huweliksmaat wees, die beste sakeleier, en die beste werker wees vir enige sakeonderneming, ook die beste tipe vriend en die beste ouer. Die karakter, waardes, ingesteldheid, etiek, gewoontes, houding en lewenstyl van Christus is soos ’n standaard, ’n toonaangewer, ’n rigtinggewer om die volmaakte lewe te leef. Ons is die mooiste mense wanneer ons die meeste soos Christus leef. Met ander woorde, ons is die beste mense as ons die meeste soos Hy is, as ons soos Hy doen wat reg is, Sy etiese en morele voorbeeld volg, Sy onbevlekte karakter nastreef en ons lewens daaraan wy om die mensdom te dien. Om soos Jesus te leef is die beste manier van leef! Die Jesus-lewe is ’n universele waarheid, ’n uitgangspunt, ’n bloudruk en basis vir lewe. Christus is volmaak, blaamloos, die regte standaard en mediaan van moraliteit.

In ons reis saam met Jesus, ontdek ons Sy goddelike paradoksale waardes: Geregtigheid en billikheid, onpartydigheid en respek vir alle mense, nie-reaksionêre kreatiwiteit, revolusionêre

pasifisme, diensbare leierskap, bonatuurlike mens-mens-wees, alleen-groep-mens, en nog soveel meer!

Die oomblik wat ons Sy lewe ontvang en daarvolgens begin leef, verander alles. Ons verhoudings, denkwyses, werk en leefstyl word gesond, en genesend tot ander.

## Hoekom het Geloofsgenesing 'n slegte naam?

Enige vorm van geneeskunde het 'n sekere bepaalde sukses faktor presentasie. Waarom het geloofsgenesing so 'n onreëlmatige sukses faktor? Waarom het net sommige individue redelike sukses? Hoe blywend is hierdie sukses? Iemand wat siek is, is desperaat vir 'n oplossing, en enige redelike kans, selfs 50/50, sal 'n desperate lyer nuwe hoop gee. Maar 'n vorm van geneeskunde met so 'n swak sukses, sal en moet mos verwerp word. Selfs natuurlike medikasie het 'n baie meer beduidende sukses faktor. Om vir mense te bid vir genesing en dit as God se liefde te beskryf is problematies, want hoekom word sommige gesond en ander nie?

## Die vraag is nie óf God mense genees nie, maar eerder hoekom Hy nie almal genees nie.

In verskeie vraelyste is bepaal dat die meeste mense, sowel as doktors glo dat gebed voordelig is vir siek mense. Daar is talle opgetekende lyste van mediese verifieerbare goddelike genesings. Die vraag was ook gevra vir 'n paneel van geloof-geneeshere, en die antwoord was: Om die integriteit en die hart van die Evangelie te bewaar word almal nie gesond nie, die wat gesond word gebeur nooit op dieselfde manier nie, en ook nie deur dieselfde persoon nie. Die rede: Wanneer 'n sekere persoon of metode 100% suksesvol is om elke moontlike siekte gesond te maak, is dit in die mens dat ons die persoon en die metode sal aanbid, dit sal kapitaliseer, sonder om die wonder en diepte van God te besef. Dit is baie makliker vir die mens om enige wonderkuur of middel te probeer, sonder die harde werk van gedragsverandering. Dikwels is dit ons gedrag wat die siekte veroorsaak het.

Om genesing toe te skryf aan ons geloof, of tekort daarvan, is ook problematies, want alhoewel geloof 'n rol gespeel het by die meeste genesings, het die Here sommige genees sonder enige geloof van hulle kant af. As geloof die redding bring, genees ons mos onsself? Moet ons onsself dan red ook? Ek verstaan dat redding 'n geskenk is, en dat ons geloof in God uiteindelik redding meewerk. Tog is daar baie mense wat werklik glo, en werklik in geloof selfs tot 'n aksie oorgegaan het, en nog steeds nie genesing ontvang het nie. Om te bid vanuit die wete dat God altyd wil genees, is voorwaar moeilik as dit wel nie gebeur nie. Hoekom nie? Satan? Te min geloof? Nie aangehou nie? Dan is óns die probleem. Dit bring min troos, veral as jy al jou geloof, gebede, opgebruik het om genesing te bid vir iemand vir wie jy lief is. Alhoewel ons moet glo, het dit nie gewerk nie. Alhoewel ons deernis moet hê, was dit skynbaar nie genoeg nie. Alhoewel ons beloftes uit die Woord en profesie ontvang het, is dit nie vervul nie. Waar laat dit ons?

Genesing is inherent wie God is, die aarde en die skepping het 'n self-genesingsvermoë. Dis juis die wonder van die skepping, die medisinale natuurlike middels wat in die natuur opgesluit lê. God het ons geskape om gesond te maak, en gesond te wees.

Siekte en krankheid is simptomaties nie net m.b.t. ons liggame nie. Ons ekonomie is siek. Die wêreld is moreel siek. Siekte is simptomaties van 'n hele samelewing wat van God verwyder is. As die hele samelewing die Here waaragtig dien deur te doen wat Hy sê, en alles toe-eien wat Hy vir ons beskikbaar gestel het, en dan soos Jesus goed doen aan die mense om ons, sal daar nog siekte wees?

## Siekte se Oorsprong is:

1) Sonde
   a) Verkeerde gewoontes en gedrag: Mirjam (Num. 12:10), Gehasi (2 Kon. 5:27), Ussia (2 Kron. 26:16-23) en Elimas (Hand. 13:11). "*Dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam*". (Spr. 3:8).
   b) Jou woorde: Die tong het mag oor dood en lewe (Spr. 18:21). "*Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens.*" (Spr. 16:24).
   c) Onvergifnis maak mens bitter en sieklik, soos iemand wat gefolter word. (1 Kor. 11:28-30; Matt. 18:21-35).
   d) Jou denke: " *'n Kalm gemoed hou die liggaam gesond; hartstog vreet 'n mens op.*" (Spr. 14:30). 'n Vrolike mens is 'n gesonde mens (Spr. 17:22).
   e) Nie alle siekte is a.g.v. sonde nie (Job 42:7-8).
2) Die duiwel
   a) Demone (Matt. 17:18; Matt. 9:25, 42; Matt. 4:35; 4:39).
   b) Mag van die Duiwel "*Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom*" (Hand. 10:38).
   c) Gees van krankheid (Luk. 13:11, 16).
3) Die Here God is soewerein: "*Besef dit tog: Ek, Ek is die Here! Naas My is daar geen ander God nie. Ek maak dood en Ek gee lewe. Ek maak siek en Ek maak gesond. Uit My mag word niemand bevry nie.* (Deut. 32:39, Gen 12:17, Ex. 4:11, 15:25, 1 Sam. 25:37-38, 2 Sam. 12:15, Deut. 28:15-68, 32:39, 2 Kon. 15:5, 2 Kron. 21:18, 19, 26:20-21, Hand. 12:22, 23; 13:8-12 asook Job 5:18.
4) Indirek ander mense: Dit is duidelik dat ek deur iemand aangesteek kan word, bakteriese infeksies, 'n bakleiery waar onskuldige mense slagoffers word. Iemand anders se sonde en oortreding kan dus ook soms die oorsaak wees van siekte en krankheid.
5) Die gebroke natuur: "*Want die skepping is aan die nietigheid onderworpe — nie gewillig nie, maar ter wille van Hom wat dit onderwerp het...*" (Rom. 8:18-22). Hittegolwe, plae, droogte, tsunami's, ens. Soms gebeur daar bloot dinge, ek struikel en val, en breek my arm.

Alhoewel dit belangrik is om die oorsaak van siekte te weet, is die meer belangrike vraag: hoe word ek gesond? Uiteindelik is dit God se hart dat ons gesond sal lewe (Deut. 11:26).

## Hoekom het Jesus hulle vermaan om stil te bly?

Al ooit gewonder hoekom het Jesus dikwels mens ferm vermaan om nie te gaan vertel wat met hulle gebeur het nie? Was dit dan nie die punt, dat almal in Hom sal glo nie?

Jesus het nooit enige genesing op dieselfde manier gedoen nie, maar vir Hom was genesing meer as bloot die gesondmaking van die simptome. Hy wou altyd deel met die oorsaak. Daarom word die melaatse man gevra om na die priester toe te gaan, sodat die kwarantyn opgehef kon word, en hy weer toegelaat word om deel van die gemeenskap te wees. Toe steek Jesus sy hand uit, raak hom aan en sê: "*Ek wil. Word gesond*!" En sy melaatsheid was onmiddellik weg. Jesus sê toe vir hom: "*Jy moet dit vir niemand vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en bring die offer wat Moses voorgeskryf het.*" (Matt. 8:1-5).

Baie mense het saam met Hom gegaan, en Hy het hulle almal gesond gemaak, maar hulle belet om in die openbaar oor Hom te praat. (Matt. 12:16). Hier het Jesus 'n skare mense genees, tog kapitaliseer Hy nie op die bonatuurlike om nog meer mense te trek nie. Dit is duidelik soos vroeër

verduidelik: Jesus is nie net 'n wondermiddel of wonderpersoon wat alle siekes genees nie! Want dan sou ons hom gebruik om gesond te word, sonder om te deel met die oorsake van hoekom ons siek geword het in die eerste plek.

Jesus vra Sy dissipels, wie sê julle is Ek? Nadat Petrus openlik verklaar en erken dat Hy die Messias is, word hulle beveel om dit nie oor te vertel nie. Is dit dan nie die doel dat mense sal weet dat Hy die Messias is nie? Dis tog waaroor redding gaan, dat elke mens sal glo dat Hy die Christus is? Toe het Jesus Sy dissipels beveel om vir niemand te sê dat Hy die Christus is nie. (Matt. 16:20). Die raaisel verdiep, nie waar nie? Die beginsel is: Jesus wil nie net hê ons moet Hom aanbid nie! Hy wil hê ons moet Hom volg. Dis ons gehoorsame navolging van die persoon Jesus Christus, wat algehele genesing ontsluit vir die totale mens.

Die verheerliking op die berg, is 'n klinkklare bewys van Sy goddelikheid. Mense is natuurlike twyfelaars. Hoekom net 'n paar dissipels toelaat om dit te beleef? Sou die Fariseërs, en al sy vyande dan nie tot inkeer kom, as hulle sou sien wat hier gebeur het nie? Terwyl hulle van die berg afkom, het Jesus hulle beveel: "Wat julle gesien het, moet julle vir niemand vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgewek is nie." (Matt. 17:9). Jesus kapitaliseer nie op die oomblik vanuit Sy goddelike verheerliking en openbaarmaking nie. Dink aan mense wat al deur die eeue by plekke van goddelike verskynsels bymekaar kom, en die verskynsel soos robotte aanbid. As Jesus Petrus sou toelaat om tempels hier op te rig, sou mense vandag nog hiernatoe gestroom het vir 'n mistiese ervaring, wat alles magies reg sal maak in 'n oomblik.

Een van die mees skouspelagtige wonderwerke wat Jesus gedoen het, was die genesing van die doofstom man. Die man het nie net sy gehoor ontvang nie, maar God het sy spraak in een oomblik herstel. Al sou iemand se gehoor herstel, sou dit 'n spraakterapeut maande neem om die persoon te help om korrek te praat. Sy ore het dadelik oopgegaan, die belemmering van sy spraak het verdwyn, en hy het reg gepraat. Jesus het die mense belet om dit vir iemand anders te vertel, maar hoe meer Hy hulle belet het, hoe meer het hulle dit verkondig. (Mark. 7:36). Hier is een van die mees sprekende wonderwerke, wat, as jy vandag se bemarkingstegnieke van getuienis oorvertel gebruik, 'n getroue navolging sou verseker. Jesus doen hierdie wonder in privaatheid.

Baie mense het gewonder oor Jesus, maar die duiwels het presies geweet wie Hy was. Is daar nie 'n groter bewys van Sy bediening en egtheid as dat die duiwels Hom herken nie? Maar Jesus het hom skerp aangespreek: "Bly stil en gaan uit hom uit." (Mark. 1:25). Tog laat Hy hulle nie toe om te spreek nie.

Jesus het die blinde man aan die hand gevat en hom uit die dorp uit gelei. Die genesing is in die geheim verrig, en toe boonop vir hom belet om dit vir iemand anders te vertel. (Mark. 8:26, 30).

Die egtheid van die evangelie-skrywers se getuienis, is die nuttelose inligting wat nie weggelaat is nie. Die feit dat Jesus vir hulle opdrag gee om vir die kind iets te ete te gee, het geen doel nie. Tog maak dit die stories eg en geloofwaardig. Weereens 'n perfekte geleentheid om mense te oortuig. Jesus maak nie gebruik van grootse dramatiese vertoon om mense te beïndruk nie. Haar ouers was stom van verbasing oor die wonderwerk, maar Jesus het hulle verbied om vir iemand te vertel wat gebeur het. (Luk. 8:56).

Die klimaks van Jesus se populariteit was toe Hy die skare kos gee. Toe die mense die wonderteken sien wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: "Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom." Toe Jesus merk dat hulle Hom met geweld wil kom koning maak, het Hy verder die berg op gegaan, Hy alleen. (Joh. 6:14-15).

Weereens vlug Jesus van die aanstelling van mense, die aanbidding van mense. HY wil ons bewus maak dat daar iets dieper is as genesing, wonderwerke, en voedselvoorsiening. Al hierdie dinge is tydelik, maar daar is meer wat God ons wil gee. Hierdie tekens en wonders is presies dit, tekens. Dit is soos padwysers, rigtinggewers na 'n groter realiteit. Wonderwerke is inderdaad belangrik. "Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees. Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God". (1 Kor. 2:4-5).

## Ons is die gesondste mense wanneer ons soos Jesus Leef

Wat is die groter realiteit wat Jesus wou hê hulle moes raaksien? Jesus antwoord hulle: "Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het. Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen." Hulle vra Hom toe: "Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?" En Jesus antwoord hulle: "Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het." (Joh. 6:26-29). Jesus is die geskenk van genesing, nie die genesing op sigself nie. As ek dus Jesus ontvang, is ek gesond, want ek het die Geneesheer ontvang! "Want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou". (Ex. 15:26).

Jesus wil ons herstel, genees, hervorm, restoureer, versoen met ons skeppingsdoel: Om soos God, goddelike, goeie, opbouende, positiewe, vrug te dra. Die aanbidders wat met wasige oë 'n goddelike verskynsel aanbid, besef nog nie hulle eie goddelike skeppingsdoel van godsvrugtigheid nie. Hulle wag en smeek vir 'n wonderwerk van bo af. Hulle besef nie die wonderwerk Christus, wil in ons kom woon, en deur ons wonderdade en regdoen verrig nie.

Die genesing wat Christus in ons wil werk is ook meer as net die fisiese genesing. Hy wil ons hele menswees genees. Hy wil God se skeppingsdoel vir ons, in ons restoureer. *"Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van Sy Seun"* (Rom. 8:29). In al hierdie verhale waar Jesus mense vermaan het om nie oor te vertel nie, was die mense verbaas, verstom en beïndruk met Jesus. Hulle wou Hom dus aanbid, maar Hy het dit nie toegelaat nie, Hy soek meer as ons aanbidding, Hy soek ons geloofsgehoorsaamheid!

Daar is 2 verhale waar Jesus beïndruk was. Die een was die genesing van die offisier se slaaf (Matt. 8:5-13; Luk. 7:1-10; Joh. 4:43-54). Hierdie man het ook genesing kom soek by Jesus, maar hy het Jesus gesien. Hy noem Jesus Here. Hy sien Jesus is 'n man van gesag soos hy. Daarom vra hy Jesus om net 'n woord te spreek. Jesus se reaksie is: *"Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor, en Hy sê vir die mense wat agter Hom aan gekom het: "Dit verseker Ek julle: Ek het nog by niemand in Israel so 'n groot geloof teëgekom nie. Ek sê vir julle: Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel. Maar mense vir wie die koninkryk bedoel is, sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word, waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners."* (Matt. 8:10-12). Lees hierdie vers deeglik deur. Jesus maak 'n geskiedkundige, waterskeiding, omkeer verklaring! "Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel". Van wie praat Jesus hier? Van diegene, wat Hom sien, waarlik sien! Mense van elke volk en nasie en taal wat Jesus sien vir wie Hy werklik is, nie Hom net sien as 'n 'argetipe' onpersoonlike masjien wat mense gesond maak nie. Die ander verhaal is van die Kanaänitiese vrou. Wie Jesus eers nie wou help nie. *"Mevrou," sê Jesus vir haar, "jou geloof is groot. Jou wens word vervul." Van daardie oomblik af was die dogter gesond"* (Matt. 15:28). Sy het nie Jesus se weiering aanvaar nie, en aanhou glo.

Ons sien dat Jesus ook graag wou hê Sy dissipels moes Hom regtig sien, Hom verstaan. Is dit nie die soeke van enige leermeester, leier, of voorganger nie? Sommige is daar net vir die aansien, die geld, die roem, die posisie, die genesing, die wonderwerk. Jesus wou uiteindelik hê dat hulle moes doen wat Hy doen. Hulle moes net soos Hy in die geloof wonderwerke verrig. (Luk. 10:19; Matt. 10:8).

Daar is drie wonderwerke waar Jesus Sy frustrasie met die dissipels wys, dat hulle nog nie sien nie.

Jesus maak die storm stil. *"Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?"* (Mark. 4:40).

Die vermeerdering van die brood. *"Gee julle vir hulle iets om te eet."* (Mark. 6:37).

Petrus is die eerste dissipel wat iets begin sien. *Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom." "Kom!" sê Hy."* (Matt. 14:28-29). *Tog begin hy vinnig*

*twyfel toe hy na die branders kyk. Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?"* (Matt. 14:31).

"The purpose of Jesus is not only to save men from their sins, but by the grace of God to begin in the souls of men that marvelous development in the nature and mind and understanding of God our Father, until by the grace of God we are able to take our place and our part in the kingdom of Jesus Christ and bear our share of responsibility." — John G. Lake

## Ons is dus die mees gesondste mense wanneer ons reg glo.

*"enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde."* (Rom. 14:23). *"As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek, beloon."* (Heb. 11:6). Hoeveel van ons besluite, keuses, gewoontes, is gegrondves in 'n geloofsoortuiging? Hoe ons die wêreld sien, wat ons koop? Hoekom ons koop? Waar ons bly en werk is alles gegrondves in wat ons glo oor onsself, God en die toekoms.

Jesus het mens geword, fisies gedemonstreer wat Hy gepreek het, en uiteindelik gesterwe vir ons sonde, om ons met God te versoen, opgestaan uit die dood, opgevaar en gaan sit aan die regterhand van God, en toe die Heilige Gees gestuur om in ons te regeer! Waarvoor wag ons? Wat op aarde moet God nog doen? Hy het alles volbring sodat ons deur Hom, dit is deur Sy bekragtiging, Christus kan leef in elke plek waar Hy ons roep!

As ons dus reg sien! Werklik sien! Sien wat Hy gedoen het! Wie Hy is! As ons dit daadwerklik, met oortuiging glo, sien ons die wêreld skielik in 'n hele ander lig. Terwyl ons aanhou om presies te doen wat HY ons beveel om te doen, verander die lewe heeltemal vir ons. Ons sal 'n heeltemal ander perspektief hê en 'n nuwe houding teenoor die lewe, dinge en mense hê! Ons is gesond, na liggaam, siel en gees.

## Jesus Genees Die Hele Mens.

John G. Lake het geglo dat Jesus se genesingswerk drieledig is: Hy bevry ons van boosheid, sodat ons geestelik gesond en vol kan wees van die Heilige Gees. Ons kommunikeer en beleef verbondenheid met God deur ons gees. Tweedens, genees die Here ons siel, ons konneksie met mense. Omdat ons vrede met God gemaak het, genees die Here ons siel. Ons siel is hoe ons verbind is met die mensdom om ons. Sielsrus en vrede met self en die mense om my, is genesing!

Jesus was altyd bekommerd oor die hele mens en nie net die simptome van siekte nie. Hy het dikwels eers die geestelike aspekte hanteer. Sy gesprek met die Samaritaanse vrou by die put het gefokus op die basiese konflikte in haar persoonlikheid. Vir Jesus is gesondheid meer as net die afwesigheid van fisiese en geestelike siektes – dit gaan oor die hele mens.

God wil ons genees, maar meer nog: Hy wil hê ons moet ander genees! "*En by die stroom sal aan altwee kante allerhande bome groei om van te eet, waarvan die blare nie sal verdor en die vrugte nie sal opraak nie; elke maand sal hulle nuwe vrugte dra; want die waters waar hulle aan staan—uit die heiligdom stroom hulle; en hulle vrugte sal wees om te eet en hulle blare om te genees.*" (Eseg. 47:12).

"*Die Here sal hom bystaan in sy siekte. As hy siek is, sal U hom genees*" (Ps 41:4).

## Jesus Genees op Verskillende Maniere

God is nie net besorg oor die genesing van ons liggame nie. Hy wil ook hê dat ons 'n sekere lewenswyse aanleer. Jy self is verantwoordelik vir jou gesondheid, en moet in die geloof handel, na noukeurige ondersoek. Van die 35 wondertekens wat Jesus gedoen het, was 26 genesings. In 6 gevalle is bose geeste uitgedryf.

1. Bely julle sonde: (Jak. 5:16).
2. Ouderlinge salf met olie: (Jak. 5:14-15).
3. Dokters: Geneeshere is vir die siekes (Matt. 9:12; Mark. 2:17; Luk. 5:31). Daar word na Lukas verwys as die “geliefde geneesheer” (Ko.l 4:14).
4. Mediese versorging: die barmhartige Samaritaan verbind die man, en salf sy wonde. (Luk. 10:33–34).
5. Alternatiewe geneeskunde: Gebruik bietjie wyn vir die ongesteldheid van die maag. (1 Tim. 5:23).
6. Ons teenwoordigheid bring genesing: Die blare van die boom is tot genesing van die nasies (Op. 22:2; Ps. 1:2-3; Eseg. 47:12; Jer. 17:8.)
7. Die Woord van God genees: (Luk. 4:4).
8. Toe Jesus hulle geloof sien: (Mark. 2:5; Matt. 9:29).
9. Vergifnis: (Matt. 18:34-35).
10. Vereenselwig deur die Nagmaal met Sy lyding: (1 Kor. 11:28–30).
11. Lofprysing: “Loof die Here, o my siel, en alles wat binne-in my is, Sy heilige Naam! Loof die Here, o my siel, en vergeet geeneen van Sy weldade nie! Wat al jou ongeregtigheid vergewe, wat al jou krankhede genees”. (Ps. 103:1–3).
12. Lappies en doeke wat gesalf is: (Hand. 19:11-12).
13. Hande Oplegging: (Mark. 6:5, 13; 16:15, 17–18).
14. Duiwels uitgedryf: (Mark. 9:14-29; Matt. 17:14-20; Luk. 9:37-43).
15. “Dien die Here en vermy wat sleg is: dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam.” (Spr. 3:8).

**Die slotsom is:**

## Christus is Gesondheid

Wanneer ons die meeste soos Jesus is, is ons die mees gesondste mense op die planeet!

Dit is moontlik om ‘n gesonde lewe te lei: Wanneer al my verhoudinge met God, self, mense en die natuur gesond en heilsaam is, en ek gereeld oefen, slaap, en ‘n gebalanseerde gesonde dieet volg. Werk kan genesend, en stimulerend van aard wees. My denke is soos ‘n tuin, wat ek plant, bepaal hoe ek dink, en hoe ek lewe. Om vir ander te gee, te help en te dien is genesend. Om soos ‘n kind te wees, en sommer net lekker gesonde pret te hê is ‘n wonderkuur! Jesus as die geneesheer is dus meer as goddelike genesing. Alhoewel daar wel voorbeelde is van bonatuurlike goddelike genesing, genees die Here ons op soveel maniere! Deur gasvry te wees, en vir mense lekker kos te maak is genesend! Deur ‘n vredemaker te wees, en versoening te bewerk tussen mense, bring genesing.

# Hoofstuk 32

## JESUS DIE BEDIENDE

"…maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword; en in gedaante gevind as 'n mens, het Hy Homself verneder deur gehoorsaam te word tot die dood toe, ja, die dood van die kruis." (Fil. 2:7-8)

IN 'n wêreld van selfbeskikking, "selfies" en selfverryking, staan die Bybelse begrip van diensbaarheid in helder kontras. Ons hoor al hoe meer:

"Ons doen wat vir óns werk!"

"Laat geld jouself!"

"Jy is spesiaal!"

"Ek verdien dit!"

"Dit is my reg!"

Eerder as:

"Hoe kan ek jou help?"

"Is daar iets wat ek vir jou kan doen?"

"Hoe wil jy hê moet ek dit doen?"

Geen moderne persoon in die Weste sal vandag slawerny onderskryf nie. Die idee dat 'n mens 'n besitting van 'n ander kan wees, geen regte buiten absolute gehoorsaamheid het nie, en die feit dat die persoon dikwels sonder hulle eie keuse 'n slaaf gemaak is, druis in teen alle sosiale regte.

Tog is slawerny nog met ons: 65-miljoen immigrante, wat ook nie uit eie keuse huisloos en werkloos is nie, se lotsbestemming is oorgelaat aan 'n vriendelike land en regering.

Die geheime sekshandel neem ernstig toe. Algehele werkloosheid is hoër as ooit. Hierdie tipe mishandeling en miskenning dat elke mens na God se beeld geskape is, moet ten sterkste veroordeel word en ons moet alles in ons vermoë doen om hierdie praktyke teë te staan en saam oplossings te soek.

Die Christen godsdiensgemeenskap se sogenaamde regverdiging van slawerny oor die geskiedenis, werp 'n donker skadu oor die kerk se boodskap van God se liefde vir die mensdom. Dit lyk asof die Bybel slawerny goedkeur en daarom word dit in geheel deur sosiale entrepreneurs verwerp.

Tog, as mens dieper delf, bied die Bybel ’n baie praktiese alternatief. Slawerny maak nie van jou ’n slagoffer nie. Arm en ryk het albei ’n belangrike, wederkerig afhanklike rol te speel teenoor mekaar. *“Rykes en armes ontmoet mekaar, die Here het hulle almal gemaak.”* (Spr. 22:2).

Die dienskneg en die heerser/regeerder is albei onderworpe aan ’n kode van eerbied, regdoen, agting en vrees vir die Here! Die Bybel sien nie bediendes as slawe wat mishandel word soos die Israeliete onder die Egiptenare nie. *“Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk.”* (Eks. 1:11).

Die Jode onthou die 400 jaar van slawerny waaraan hulle onderworpe was, en sou hulle mense nie ook soos slawe behandel nie. Die Bybelse narratiewe is deurspek met stories van slawe, bediendes of diensknegte wat wesenlike invloed op die regte tyd in magtige mense se regering en besluite gehad het.

## Die Invloed van Goeie Diensbaarheid

**Josef**: *“Maar die Here was met Josef, en Hy het goedertierenheid aan hom bewys en hom guns verleen in die oë van die owerste van die gevangenis. En die owerste van die gevangenis het almal wat in die gevangenis opgesluit was, aan Josef toevertrou; en alles wat daar te doen was, het hý gedoen. Die owerste van die gevangenis het glad nie na iets omgekyk wat aan hom toevertrou was nie, omdat die Here met hom was; en wat hy doen, het die Here voorspoedig laat wees*.” (Gen. 39:21-23).

“*En Farao sê vir Josef: Aangesien God dit alles aan jou bekend gemaak het, is daar niemand verstandig en wys soos jy nie. Jý moet oor my huis wees, en na jou bevel moet my hele volk hulle skik; alleen deur die troon sal ek groter wees as jy. Verder het Farao vir Josef gesê: Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipteland. Toe trek Farao sy seëlring van sy hand af en sit dit aan die hand van Josef; en hy het hom fyn linneklere laat aantrek en die goue ketting om sy hals gehang en hom laat ry op sy tweede rytuig; en hulle het voor hom uitgeroep: Pas op! So het hy hom dan oor die hele Egipteland aangestel. En Farao sê vir Josef: Ek is Farao, maar sonder jou mag niemand sy hand of voet in die hele Egipteland verroer nie*.” (Gen. 41:39-44).

**Nehemia**: As dienskneg was Nehemia nie oningelig oor wat besig is om met sy mense te gebeur nie. Alhoewel hy bloot ’n dienskneg was, toon hy ’n soort verantwoordelikheidsin vir reg en verkeerd. Hy is ook ’n goeie rentmeester van sy invloed by die koning.

“*Ag, Here, laat U oor tog opmerksaam wees op die gebed van U kneg en op die gebed van U knegte wat verlang om U Naam te vrees; en laat dit tog vandag U kneg geluk, en verleen hom barmhartigheid voor die oë van hierdie man. Ek was naamlik skinker van die koning*.” (Neh. 1:11).

“*Hy is goed bevriend met die koning en het altyd ’n vriendelike en spontane gees en gesindheid geopenbaar. Daarom merk die koning dadelik op dat daar fout is. Hy was nooit voor die koning bedroef nie*.” (Neh. 2:1).

Die koning is goedhartig om aan Nehemia te gee wat hy verlang. Dit sou nie gebeur het as Nehemia nie die guns van die koning op verskeie maniere en geleenthede gewen het nie. Daarom wou die koning dadelik weet: “*Hoe lank sal jou reis duur, en wanneer sal jy terugkom?*” (Neh. 2:6).

**Diensmeisie van Naäman:** *“Op een van hulle strooptogte het die Arameërs ’n jong dogtertjie uit Israel ontvoer wat Naäman se vrou se bediende geword het. Sy het vir die vrou gesê: “Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak*.” (2 Kon. 5:2).

**Daniël**: Daniël se lojaliteit aan God, asook aan sy werkgewer, is onbesproke. Dink hoe moeilik dit moes gewees het om as Jood die hoofowerste te wees oor al die wysgere nie-Jode, nie-Bybel-gefundeerde leiers, okkultiese towenaars, hekse, en priesters van afgode. *"Toe het die koning Daniël verhef en hom baie, groot geskenke gegee en hom aangestel as heerser oor die hele provinsie Babel en as hoofowerste oor al die wyse manne van Babel."* (Dan. 2:48).

Hy het nooit sy posisie misbruik nie. Inteendeel, hy het die belange van die koning openlik verdedig en beskerm: *"Toe het hierdie Daniël bo die ministers en die landvoogde uitgemunt, omdat 'n voortreflike gees in hom was; daarom was die koning van plan om hom oor die hele koninkryk aan te stel."* (Dan. 6:4).

Hulle kon niks fout vind nie, buiten sy godsdiens: *"Toe het die ministers en die landvoogde gesoek om 'n grond vir 'n aanklag teen Daniël te vind met betrekking tot die regering, maar hulle kon geen enkele grond vir 'n aanklag of verkeerde handeling vind nie, omdat hy getrou was en geen nalatigheid of verkeerde handeling by hom te vinde was nie."* (Dan. 6:5).

Mag die Here weer sulke leiers oprig in ons land, en in die wêreld!

## Die lewe van 'n dienskneg is beskermd en waardevol

'n Slaaf se lewe was beskerm: "*En as iemand sy slaaf of slavin met 'n stok slaan, dat dié onder sy hand sterwe, moet dit sekerlik gewreek word*." (Eks. 21:20-21).

Slawe, saam met hulle hele gesin, kon hulle vryheid bekom (Eks. 21:2-11, 20-21).

Slawe wat vrygelaat is: "*…moet jy hom nie met leë hande laat weggaan nie. Jy moet hom 'n behoorlike voorraad saamgee van jou kleinvee en jou dorsvloer en jou wynpers; waarin die Here jou God jou geseën het, daarvan moet jy aan hom gee*." (Deut. 15:12-18).

Hulle is deur die wet beskerm: "*Jy mag nie jou naaste se vrou begeer nie, of sy dienskneg of sy diensmaagd…*" (Eks. 20:17).

Die diensknegte moet ook op die Sabbat rus (Eks. 20:10).

'n Goeie dienskneg verkry groter gesag en verantwoordelikheid: "*Getrouheid bring ewige aanstelling van gesag: En sy heer sê vir hom: Mooi so, goeie en getroue dienskneg, oor weinig was jy getrou, oor veel sal ek jou aanstel. Gaan in in die vreugde van jou heer*." (Matt. 24:45-46).

Die siek dienskneg wat baie werd was vir die hoofman, sodat die hoofman boodskappers na Jesus stuur vir sy genesing (Luk. 7:1-10).

Vrywillige Oorgawe Van 'n Dienskneg: "*Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is. Is jy as slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie; maar as jy ook vry kan word, maak daar des te meer gebruik van. Want die slaaf wat in die Here geroep is, is 'n vrygemaakte van die Here; so is ook hy wat as vryman geroep is, 'n slaaf van Christus. Julle is duur gekoop; moenie slawe van mense word nie. Laat elkeen, broeders, in die staat waarin hy geroep is, daarin bly voor God*." (1 Kor. 7:20-24).

Die grootste verskil in perspektief wat die nuwe verbond op slawerny werp, is die opheffing van verpligting. Deur die eeue is mense op grond van hulle velkleur, etnisiteit en klas verplig om 'n dienskneg te wees. Daar is net eenvoudig nie 'n keuse gegee nie. Daar is van jou verwag om 'n slaaf te bly.

Paulus hef hierdie verpligting op en wys op die betekenis van roeping. Adam en Eva het aan die begin albei gewerk en nie slawe gehad om dinge vir hulle te doen nie. Ware geestelike slawerny is om nie jou roeping en skeppingsdoel na waarde te ag nie. Adam en Eva was na God se beeld geskape, maar is mislei om te dink hulle moet iets doen om soos God te wees."*…julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.*" (Gen. 3:5).

So het Esau ook nie die waarde van sy geboortereg verstaan of geag nie. "*Esau verkoop sy geboortereg sonder om die nagevolge te bereken.*" (Gen. 25:29; Heb. 12:16). Vir my het Bybelse

slawerny niks te doen met watter tipe beroep of werk jy doen nie. In sekere Europese lande, verdien sekere vakmanne selfs meer as direkteure en akademici, omdat hierdie vaardigheid as waardevol beskou word tot die werkersmag. Om ‘n dienskneg te wees is ‘n belangrike posisie, en nie minderwaardig nie. Slawerny is om te werk sonder dat ek my skeppingsdoel insien of verstaan. Ek leef soos ‘n robot, net vir ‘n salaris tjek, sonder enige sin van roeping. Iemand wat sy beroep as ‘n roeping sien, werk met passie en geesdrif.

Die Filemon-brief gee ons ’n pragtige verduideliking van hoe daar met ’n dienskneg wat nou ’n broer geword het, omgegaan moet word. Paulus erken Filemon se gesag: “*Maar ek wou niks sonder jou instemming doen nie, sodat jou weldaad nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse.*” (Fil. 14).

## Skrifbeginsels vir Werknemers

Daar is basies twee primêre rolle in die Bybel in terme van die werksplek: dié van eienaar en dié van dienskneg. In Christus word hierdie onderskeid voor God verwyder: “*Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus.*” (Gal. 3:28).

“*’n Leerling is nie bo die meester nie en ’n dienskneg ook nie bo sy heer nie*.” (Matt. 10:24).

“*Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, ’n dienskneg is nie groter as sy heer nie, en ’n gesant is ook nie groter as die een wat hom gestuur het nie*.” (Joh. 13:16).

Tog verklaar Paulus: “*Laat elkeen in die roeping bly waarin hy geroep is. Is jy as slaaf geroep, laat dit jou nie kwel nie; maar as jy ook vry kan word, maak daar des te meer gebruik van. Want die slaaf wat in die Here geroep is, is ’n vrygemaakte van die Here; so is ook hy wat as vryman geroep is, ’n slaaf van Christus*.” (1 Kor. 7:19-22).

Jesus bied aan ons die voorbeeld van ’n dienskneg – Joh. 13:4-17. “*Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van ’n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword. . .*” (Fil. 2:5-7).

Ons gesindheid as werknemers is duidelik: “*Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met ‘n opregte hart, asof dit vir Christus is. Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen. Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie. Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry*.” (Ef. 6:5-8).

“*Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met ‘n opregte hart uit eerbied vir die Here. Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie, omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan. Wie onreg doen, sal gestraf word oor die onreg wat hy gedoen het; die Here trek niemand voor nie*.” (Kol. 3:22-25).

Soveel te meer as jou eienaar ’n gelowige is: “*Slawe wat gelowige eienaars het, moet aan hulle nie minder eerbied betoon omdat hulle saam broers is nie. Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle werk voordeel trek, met hulle een is in geloof en liefde*.” (1 Tim. 6:2).

“*Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik. Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees. As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God. Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle ‘n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg*.” (1 Pet. 2:18-21).

## Uiteindelik word ons almal geroep om mekaar se diensknegte te wees:

"*As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien*." (1 Pet. 4:10).

"*'n Dienskneg van die Here moet nie twis nie, maar vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om te onderrig en een wat kwaad kan verdra. Hy moet die weerspanniges in sagmoedigheid teregwys, of God hulle nie miskien bekering sal gee tot die kennis van die waarheid nie, en hulle weer nugter kan word, vry van die strik van die duiwel, nadat hulle deur hom gevang was om sy wil te doen*." (2 Tim. 2:24-26).

## Luiheid Word as Dwaasheid Veroordeel

- "*Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom*" (Spr. 6:6).
- "*Hoe lank gaan jy nog lê, luiaard, wanneer gaan jy opstaan?*" (Spr. 6:9).
- "*Die luiaard se honger word nie gestil nie; hardwerkende mense het meer as genoeg om te eet*." (Spr. 13:4).
- "*'n Luiaard steek sy hand in die skottel, maar bring dit nie terug na sy mond toe nie.*" (Spr. 19:24).
- "*'n Luiaard ploeg nie in die saaityd nie en soek in die oestyd na iets wat nie daar is nie.*" (Spr. 20:4).
- "*'n Lui mens soek sy dood, want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie*." (Spr. 21:25).
- "*Die lui mens sê: "Daar is 'n leeu daarbuite! Ek kan doodgemaak word as ek dit buite waag!*" (Spr. 22:13).
- "*Ek het by 'n lui mens se land verbygestap, by 'n onverstandige mens se wingerd*." (Spr. 24:30).

# Hoofstuk 33

## JESUS SE DIENSBARE LEIERSKAP

---

"We have all been called to be foot-washers" - Alan Woods

**DIENSBAARHEID** baan die weg, tot skeppingsdoel ontdekking en bevestiging.

"*Almal wat in my diens wil staan, moet My aanhou volg; en waar Ek is, daar sal my dienaars ook wees. As julle in my diens staan, sal die Vader aan julle eer betoon*." (Joh. 12:26).

"Servant leadership" is 'n gonswoord wat al vir jare bekend is, en nou weer deur politieke leiers gebruik is, om hulle stemme te verstewig. Diensbaarheid is dus 'n aantreklike menslike karakter eienskap. Dit is 'n leierskapfilosofie wat daarop gerig is om mense te motiveer om hulle take tot die beste van hulle vermoë te ontwikkel. Diensbare leierskap dien dus die mense, deur hulle te ondersteun, te bemagtig, te bevry, te leer en te ontwikkel om self ook te lei.

Hierdie onselfsugtige diensbaarheid is die mees kenmerkende eienskap en karaktertrek van Jesus se lewe. "*Selfs Ek, die Seun van die Mens, het immers nie gekom om gedien te word nie, maar om diens te lewer en so selfs my lewe te gee as 'n losprys vir baie mense*." (Mark. 10:45). Jesus kon as Seun van God, Sy heerskappy met magsvertoon en majesteit kom demonstreer het, en inderdaad het Hy. Maar gans anders as wat ons mag en kragdadigheid verstaan. HY gebruik Sy mag om mense te genees, te bevry van boosheid, en hulle te bemagtig om Sy volgelinge te word en dieselfde te doen.

"*Julle weet ook hoe God Jesus van Nasaret met die Heilige Gees en met krag gesalf het. Jesus het toe rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat onder die duiwel swaargekry het, want God was by Hom*." (Hand. 10:38).

Jesus as Seun van God, die Skepper van alle dinge, neem die gedaante van 'n dienskneg aan. (Fil. 2:4). As die Een wat ons geskape het en weet hoe ons werk, hoe ons aanmekaar gesit is, sal Hy tog dan nie weet hoe om ons die beste te gebruik nie?

Ons is die mooiste mense wanneer ons ander dien! (Punt).

Maak nie saak hoeveel geld, aansien, mag of talent jy het nie, solank jy die mensdom daarmee dien, om mense te genees, te bevry en te bemagtig! Dit is eenvoudig!

Diensbare leierskap veronderstel dat ek eers dien, en dan in diensbaarheid in voorbeeld ander voorgaan. Ons behoort eintlik die titels "leier" weg te laat van ons LinkedIn, profiel, en besigheidskaartjies. Want voortreflikheid in diens, is leierskap.

Bob Davis vertel in seker een van die beste toesprake oor leierskap wat al ooit gemaak is op die bekende TED platform: 'Leadership without ego is a rarest commodity'. [87] Hy vertel van 'n man met die naam Bob Townsend, wat die populêre boek "up the organisation" [88] geskryf het. Die boek op sy beurt gaan oor die drie aspekte van 'n fabriek wat ons kan beheer: Geld, Tyd en Kwaliteit. Bestuur is die vermoë om hierdie drie aspekte reg te bestuur. As jy te vinnig werk, kan kwaliteit afneem. As jy te goedkoop werk, neem ook kwaliteit af ens. Maar wat van mense? In die Tweede Wêreldoorlog het Dwight Eisenhower, 'n ketting op 'n hoop voor sy leiers gegooi, en gevra: "As mens hierdie ketting sou stoot, in watter rigting sou dit gaan?" Niemand kon dit beantwoord nie. Want niemand weet nie; as jy die ketting stoot kan dit in enige rigting beweeg. Toe tel hy die punt van die ketting op, en trek die ketting. Nou volg die ketting natuurlik die punt. So het Jesus ons kom regtrek, deur vir ons te wys hoe om te leef. Jesus forseer nie Sy weg en lewenstyl op ons af nie!

Jesus se diensbaarheid, was leierskap. Ware leiers is altyd diensknegte. Leiers sonder ego. Dan vertel Bob Davids, hoe hy as die bestuurder van 'n groot fabriek in China gewerk het. Die werkers was besig om pype te lê voor die fondasie gegooi sou word. Op 'n dag het hy verby gestap en gesien dat die pyp waarmee hulle besig was, nie die regte val het, om water natuurlik weg te lei nie. Hy het probeer verduidelik, maar a.g.v. die taalprobleem eerder sy duur skoene uitgetrek en in die gat gespring om hulle te wys hoe om dit reg te doen. Hierdeur het hy nie net die respek van die werkers verkry nie, maar ook 'n algehele nuwe standaard gevestig.

Jesus het presies op hierdie wyse te werk gegaan. Hy het ons kom wys hoe om te leef. Al Sy keuses was 'n kleedrepetisie, vir hoe ons behoort te leef.

Ons is nie soms dienaars nie. Ons is in wese dienaars. Vandag dien ouers meer die kinders as wat die kinders die ouers dien. Ons ekonomie kry swaar, want niemand wil meer dien nie. Dienslewering is laag. Die dag toe jy jou naam kry, het jy 'n besigheid begin. Jou lewe is die toerusting, en bemagtiging van jou eie persoons-besigheid. Jou keuses, jou vaardighede, en hoe jy uiteindelik die mensdom gaan dien, gaan bepaal watter tipe inkomste jy gaan verdien. Hoe meer kennis, vaardighede, ervaring en wysheid jy bekom, hoe meer sal mense betaal vir die uitmuntende diens wat jy lewer. Ons spandeer so baie tyd om lekker te voel, onsself te geniet, te ontspan en ons eie gerief te dien, dat ons nie besef hoe onvrugbaar ons lewens geword het nie. Maar gaan doen iets vir iemand, gaan dien iemand met wie jy is. Gou sal jou loopbaan en voorsiening begin volg.

***Diens is 'n baanbreker! Diens maak vir jou 'n pad oop in die lewe.***

"*Jesus roep hulle toe bymekaar en sê: "Julle weet in hierdie wêreld tiranniseer die maghebbers die nasies, en die magtiges domineer hulle. Maar onder julle moet dit heeltemal anders wees. Wie onder julle 'n leier wil wees, behoort julle dienskneg te wees. En wie die eerste onder julle wil wees, moet julle slaaf wees. Selfs Ek, die Seun van die Mens, het nie gekom om gedien te word nie, maar om diens te lewer en boonop my lewe te gee as 'n losprys vir baie mense*." (Matt. 20:25–28; Matt. 23:11; Matt. 20:28; Mark. 10:43–45; Luk. 22:26, 27; Mark. 9:35).

Paulus het Jesus se voorbeeld gevolg: "*Ek het niemand se silwer of goud of klere begeer nie. Julle weet self dat hierdie twee hande van my voorsien het in my behoeftes en in die behoeftes van dié wat saam met my was. In alles het ek vir julle 'n voorbeeld gestel dat ons só hard moet werk dat ons die*

[87] https://www.youtube.com/watch?v=UQrPVmcgJJk&t=318s

[88] Townsend, R. and Bennis, W. (2013). *Up the organization*. How to Stop the Corporation from Stifling People and Strangling Profits, San Francisco, Calif.: Jossey-Bass.

*armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus: 'Dit is meer geseënd om te gee as om te ontvang.'*" (Hand. 20:33–35).

Jakobus, Jesus se broer, gebruik nie sy verbintenis met Jesus as direkte familielid, om hom meer prominensie te gee nie. Hy noem homself: "*'n dienskneg van God en die Here Jesus Christus.*" (Jak. 1:1). Die woord dienskneg wat hy hier gebruik, "doulos", beteken letterlik bondslaaf. Iemand wat homself vrywillig permanent in diens van sy meester oorgegee het.

Jesus gee 'n baie meer direkte en eksplisiete verduideliking van presies hoe min regte 'n slaaf gehad het. *"As een van julle 'n slaaf het wat besig is om te ploeg of om diere te versorg, sal hy aan hom, wanneer hy van die land af kom, sê: 'Kom eet gou saam'? Nooit nie! Hy sal aan hom sê: 'Maak iets gaar vir aandete. Bind jou klere vas en bedien my terwyl ek eet en drink. Eers daarna gaan jy self eet en drink.' 'n Slaaf wat sy opdragte uitgevoer het, ontvang mos nie dank nie! Net só is dit ook die geval met julle: As julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: 'Ons is net nikswerd slawe. Ons het bloot uitgevoer wat ons moes doen.'"* (Luk. 17:7-10).

- 'n Slaaf het geen regte gehad nie
- moes altyd beleef wees
- kon nie hulself verryk nie
- het geen besitreg van hulle eie gehad nie
- het nooit hulle eie belang gesoek nie
- is iemand wat heeltyd op die uitkyk is vir die nood van ander
- om vir die welstand van ander mense te werk

Die waarheid is, al hierdie Bybelse woorde soos slaaf en dienskneg laat dit esoteries klink. In der waarheid moet ons mekaar se bediendes word. En ons is Christus se bediendes. Met rykdom verkry ons die vermoë om diens en werk, uit te kontrakteur. Ons stel iemand aan om al die gewone werk te doen, sodat ons ons tyd op ander dinge kan vestig. Jesus gaan ons weereens daarin voor, deur Sy eie dissipels se bediende te wees en hulle voete te was. Hy moes dit fisies doen, om vir hulle fisies te wys, julle gaan dit ook fisies moet doen (Joh. 13:12–15).

Welvaart is nie om ons lewe geriefliker te maak nie, maar om daardeur meer mense te bedien!

Dink net hoe sou die wêreld daarna uitgesien het, as almal nog tyd maak om mekaar fisies te dien.

Armoede word in die Bybel net aan twee dinge toegeskryf. Luiheid en hebsug. (Greed and laziness). Diensbaarheid genees ons van beide! Jy kan nie suinig, begerig of gierig wees as jy ander dien nie. Maak tyd om te dien.

'n Christen is 'n slaaf, 'n dienskneg, 'n bediende, 'n kelner.

Ons wil so graag belangrik wees. Ons wil so graag raakgesien word. Ons wil so graag geag word. Ons wil so graag 'n ereposisie beklee. Ons raak so gou jaloers op 'n ander.

## Die Bybel Noem Ons As Gelowiges:

Gevangenes gevangenes: *"ek wat 'n gevangene in diens van die Here is: Laat julle roeping julle leefstyl bepaal. Met totale beskeidenheid en sagmoedigheid, ja, met geduld moet julle mekaar in liefde verdra. Deur in vrede met mekaar te lewe, moet julle die eenheid wat die Gees bewerk het, bewaar.*" (Ef. 4:1),

**Diensknegte**: "...*diensknegte van Jesus Christus.*" (Fil. 1:1)

**Werkers**: "*Werk hard sodat God jou kan goedkeur. Wees 'n goeie werker, een wat nie nodig het om hom te skaam nie.*"(2 Tim. 2:15),

**Dienaars**: "*As jy dit aan die broers en susters voorhou, sal jy jou plig doen as 'n waardige dienaar van Christus Jesus.*" (1 Tim. 4:6).

"Volg my voorbeeld van dienskneg wees", sê Jesus. Ek was bereid om vuilwerk te doen. Ek was bereid om 'n voorskoot om te bind en my dissipels se vuil voete te was. Ek was bereid om te sterf vir ander se sonde.

Probeer dit sommer prakties dié week, en gaan trek letterlik 'n oorpak of voorskoot aan, en gaan dien iemand. Ons het so onbeholpe geraak met diens, dat ons nie eers sal weet wat en waar om te begin nie. Sou ons iemand dien, gaan ons dit dalk ook nog verkeerd doen. Of hulp waarvoor nie gevra is nie. Daarom moet ons ingesteldheid verander. 'n Goeie bediende, neem waar, is oplettend, vra vrae, is ingestel om te help. Omdat jy die werk al gedoen het, weet jy hoe om dit te doen, en dit reg te doen. Bestuurders verloor tred met hulle werkers, as hulle soms nie ook saam gaan werk nie.

Vandag wil almal base wees. Ons wil opdragte gee, sonder dat ons al ooit ons eie opdragte uitgevoer het. Jesus het geen opdrag aan ons gegee, wat Hy nie as mens kom doen het nie. Hy wys ons, dit is moontlik!

Die grootste hartseer van die lewe is om mense te sien, waar hulle slaaf geraak het van toksiese verslawings aan alkohol of dwelms. Hierdie mense word van die mees selfsugtigste mense op die planeet, waar hulle onwetend hele families intrek in die maalkolk van verslawing. Hulle dien hulle eie wegbreek van die realiteit van die lewe. Die beste manier dan om vry te raak van hierdie verslawing is om die mense om jou te begin dien. Groei en dien! Verbeter jouself om nog beter te dien.

Elke proses wat ons in die lewe probeer vermy, word 'n groeiproses tekort. In elke fase van ons lewe is iets wat ons moet leer, wat die boustene vorm vir die toekoms. Indien ons enige van hierdie fases vermy, mis ons belangrik boustene, waarvoor ons later gaan betaal.

'n Nog groter hartseer natuurlik is mense wat slagoffer geraak het van satan self, om hom te dien. "*Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie. 13 Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil. 14 Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.*" (Rom. 6:12–14).

"*Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.*" (2 Tim. 2:26).

Bob Dylan sing:

*"But you're gonna have to serve somebody,*

*yes indeed you're gonna have to serve somebody*
*Well, it may be the devil*

*or it may be the Lord*
*But you're gonna have to serve somebody."*

# Hoofstuk 34

## DIE LYDING VAN JESUS CHRISTUS

"The fleetest beast to bear you to perfection is suffering" — Master Eckhardt

**JESUS** verstaan lyding en leer ons nie om dit te probeer ontwyk of vermy nie, maar eerder om deur die lyding ons geloof te behou.

Ons kan nie help oor wat met ons gebeur nie, maar ons kan besluit hoe om oor 'n gegewe situasie te dink en dit positief, met insig en goddelike perspektief, te hanteer.

### Vyf Absolute Waarhede:

God is Almagtig

God is Liefdevol

God is Al-wys

God is Ewig

Satan en boosheid bestaan

Ateïste en ongelowiges stop gewoonlik by die eerste twee ewige waarhede, naamlik dat God almagtig en liefdevol is, en vra dan die vraag: "Hoekom doen 'n almagtige en liefdevolle God nie meer om die seer, pyn en lyding in die mensdom te verlig nie?" Met hierdie denkwyse kom hulle tot die gevolgtrekking dat God nie bestaan nie. Tog erken hulle dat boosheid bestaan. As boosheid dan bestaan, sonder 'n persoonlike God, sou die wêreld mos oorweldig word deur boosheid? God is egter ook al-wys en ewig. Ons moet dus glo dat Hy meer weet as ons, en dat Sy tyd nie ons tyd is nie. Vanuit 'n al-wetende en ewigheidsperspektief gesien, lyk lyding anders. [89]

### Ons Het Pyn En Lyding Nodig

Om nie pyn te kan ervaar nie, is lewensgevaarlik.

Om nie emosionele pyn te voel nie, maak mense gewetenloos.

Sonder pyn word ons nie sterker nie en bou ons nie kapasiteit op nie. Dit word mooi geïllustreer in die animasiefilm, WALL-E. In die fliek doen robotte alles vir die mensdom terwyl mense net in hulle stoele lê, gewig optel en TV kyk.

[89] Zacharias, R. and Vitale, V. (n.d.). *Why suffering?*.

" *'n Man van lyding wat pyn geken het.*" (Jes. 53:3). Die Skrif som Jesus se lyding en oorwinning so op: "*Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het. Want julle moet ag gee op Hom wat so 'n teëspraak van die sondaars teen Hom verdra het, sodat julle in jul siele nie vermoeid word en verslap nie. Julle het nog nie ten bloede toe weerstand gebied in julle stryd teen die sonde nie.*" (Heb. 12:2-3).

Vir geloof om blywend te word in jou lewe, moet jou geloof getoets word. Geloof of liefde wat nog nooit getoets is nie, hou nie. "*Hulle laat dit egter nie in hulle wortel skiet nie en hou nie lank uit nie. As hulle daarna ter wille van die Woord verdruk of vervolg word, word hulle gou afvallig.*" (Mark. 5:17). As ons afvallig word, verloor ons die ewigheid en die rykdom wat God vir ons in Christus bestem het. Hierin is Sy volkome liefde geopenbaar. Ons het lyding nodig. Dit is goed vir ons: "*Maar toe het U ons uitgelei na oorvloed toe.*" (Ps. 66:12).

In Hebreërs 5:8 lees ons: "*Hy, al was Hy die Seun, het gehoorsaamheid geleer uit wat Hy gely het.*" Hy is ons Leidsman op hierdie weg. Beteken Hebreërs 5:8 dat Jesus vol sonde was? Nee! Sommige beleef lyding, maar dis a.g.v. hulle eie sondige dade en keuses. Christus het egter gely alhoewel daar geen sonde in Hom was nie (Heb. 4:14; Heb. 7:26; Heb. 9:14): Die proses om outeurskap te bereik, is uiteengesit.

Lyding

Wag

Gehoorsaamheid

Vervolmaking

Outeur

## Lyding Is Wins

"*Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.*" (1 Pet. 1:6-9).

Paulus verbly hom selfs in lyding: "*En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is.*" (Rom. 5:3).

"*My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring. Baie liewer sal ek dus in my swakhede roem, sodat die krag van Christus in my kan woon.*" (2 Kor. 12:9).

"*Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukking van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is.*" (Kol. 1:24).

Paulus roem in hulle volharding in lyding:

*"...sodat ons self in die gemeentes van God oor julle roem vanweë jul volharding en geloof onder al julle vervolginge en die verdrukkinge wat julle verduur.*" (2 Thess. 1:4).

"*Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.*" (Matt. 5:12).

"*Julle geloof is 'n offer in diens van God. Selfs al word my bloed daarby as drankoffer uitgegiet, is ek daaroor bly, ja, is ek saam met julle almal bly. Om dieselfde rede moet julle ook bly wees, ja, saam met my bly wees.*" (Fil. 2:17).

"*Ek is baie openhartig met julle; ek is ook baie trots op julle. In al ons sorge is ek vol moed en oorstelp van blydskap.*" (2 Kor. 7:4).

"*Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid.*" (2 Kor. 8:2).

"*Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid.*" (1 Pet. 4:13).

"*My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom.*" (Jak. 1:2).

"*Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly.*" (Hand. 5:41).

"*Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.*" (Rom. 12:12).

## God Is Soewerein

"*Ek weet dat U alles kan doen en geen plan vir U onuitvoerbaar is nie. Wie verberg die raadsbesluit daar sonder kennis? So het ek dan gespreek sonder om te verstaan, dinge te wonderbaar vir my, wat ek nie begryp nie. Hoor tog, en ék sal spreek; ek sal U ondervra en onderrig U my! Volgens hoorsê het ek van U gehoor; maar nou het my oog U gesien.*" (Job 42:2).

"*Nou hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.*" (Rom. 9:16).

*"Want die wêreld is myne en sy volheid.*" (Ps. 50:10-12).

## God is in beheer van alles, maar Hy beheer nie alles nie:

"*Aanskou nou dat dit Ek is en dat daar geen god naas My is nie; Ek maak dood en maak lewend, Ek het verbrysel en Ek genees; en daar is niemand wat uit My hand red nie.*" (Deut. 32:39).

"*Die Here maak dood en maak lewend; Hy laat neerdaal in die doderyk en laat daaruit opkom. Die Here maak arm en maak ryk; Hy verneder, ook verhoog Hy.*" (1 Sam. 2:6-8).

"*Alles wat die Here behaag, doen Hy, in die hemel en op die aarde."* (Ps. 135:6).

*"... wat die lig formeer en die duisternis skep, die heil bewerk en die onheil skep: Ek, die Here, is dit wat al hierdie dinge doen.*" (Jes. 45:7).

"*Wat sal ons dan sê? Is daar miskien onreg by God? Nee, stellig nie! Want aan Moses sê Hy: Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees en My ontferm oor wie Ek My wil ontferm. So hang dit dan nie af van die een wat wil of van die een wat loop nie, maar van God wat barmhartig is.*" (Rom. 9:14-24).

## Josef sien uiteindelik dat Sy lyding 'n voorsiening van die Here was:

"*Maar God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel op die aarde te verseker en om julle in die lewe te hou tot 'n groot verlossing.*" (Gen. 45:4-8).

"*Alles het die Here gemaak vir Sy doel, ja, ook die goddelose vir die dag van onheil.*" (Spr. 16:4).

"*So sê die Here, jou Verlosser, en Hy wat jou geformeer het van die moederskoot af: Ek is die Here wat alles volbring.*" (Jes. 44:24-28).

"*Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die Here dit nie bewerk het nie?*" (Amos 3:6).

"*Hom, wat deur die bepaalde raad en voorkennis van God oorgelewer is, het julle deur die hande van goddelose manne geneem en gekruisig en omgebring*." (Hand. 2:22-23).

"*...om alles te doen wat u hand en u raad vooruit bepaal het om plaas te vind*." (Hand. 4:23-30).

## Lyding Word Veroorsaak Deur:

My sonde (Rom. 3:23).

Iemand anders se sonde (Jer. 32:19).

Die sondigheid en gevolglike gebrokenheid van die mensdom en Aarde (Rom. 8:20).

Lyding wat God direk toelaat as tugtiging (Heb. 12:5-11).

Lyding a.g.v. sataniese vervolging: Ons goeie dade is nie ons veilige net sodat ons vervolging, verdrukking en swaarkry vryspring nie (Fil. 1:29; 1 Pet. 3:17).

Om te weet wat die oorsaak van my lyding is, neem nie die lyding weg nie, ek kry moontlik net meer perspektief oor hoe om herhaling te voorkom. Tyd moet dus maksimaal gebruik word om eerder praktiese oplossing in die Here te vind. "Wat wil u hê moet ek doen, Here?"

## Hoe Moet Ons Lyding Hanteer?

### Vier Apostoliese gebede:

"*Soms lyk dit vir my of God aan ons wat apostels is, die heel agterste plek in die prosessie toegeken het. Ons is soos terdoodveroordeeldes wat in die arena moet sterf, 'n skouspel waarmee die hele wêreld spot – engele sowel as mense. Ons toewyding aan Christus laat ons dwaas lyk, maar julle is mos die Christene wat weet! Ons is broos, maar julle is die sterkes. Julle is die mense van aansien, maar ons is die veragtes. Tot nou toe ly ons honger en dors, ons is skamel aangetrek; ons word geslaan en het geen tuiste nie. Ons moet swoeg deur met ons eie hande te werk. Ons seën dié wat ons uitskel. Ons is geduldig met hulle wat ons vervolg. Ons bly vriendelik wanneer ons beskinder word. Ons het die uitvaagsels van die wêreld geword, almal se sondebokke. En so is dit nog steeds*." (1 Kor. 4:9-13).

"*Ons het hierdie skat egter maar net in breekbare kleipotte – die allesoortreffende krag kom van God en nie van ons nie. Op elke manier word ons onder druk geplaas, maar ons is nie verpletter nie; ons is verward, maar nie wanhopig nie; ons word vervolg, maar nie in die steek gelaat nie; platgeslaan, maar nie vernietig nie. Ons dra altyd die sterwe van Jesus in ons liggaam saam sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam. Gedurig word ons wat nog lewe, ter wille van Jesus aan die dood uitgelewer sodat die lewe van Jesus ook in ons sterflike liggaam sigbaar kan word. Gevolglik is die dood in ons aan die werk, maar in julle die lewe*." (2 Kor. 4:7-12).

"*In elke opsig laat ons ons ken as diensknegte van God, ook in ons volharding en swaarkry, ontbering en nood. In die tronk, onder katshoue, onder swaarkry, in oproere, in hongersnood het ons met nougesetheid opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid, deur betoning van die teenwoordigheid van die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die boodskap van die waarheid en in die krag van God. Ons tree op met diewapens van geregtigheid in ons regter- en linkerhand, in eer en oneer, in veragting en aanprysing; soos verleiers, en tog is ons opreg; soos onbekendes, soos mense wat sterwend is, en kyk, ons lewe; soos swaar gestrafdes, en tog is ons nie doodgemaak nie; soos hartseer mense, en tog is ons altyd blymoedig; soos bedelaars, maar ons verryk baie mense; soos mense wat niks besit nie, en tog besit ons alles*." (2 Kor. 6:4-10).

"*Wat harde werk betref, uitermate; wat tronke betref, uitermate; wat katshoue betref, in die oortreffende trap; in doodsgevare was ek dikwels. Vyf maal het ek van die Jode die gebruiklike straf*

*van 39 houe gekry; drie maal is ek met stokke geslaan, en een keer is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een van daardie kere het ek 'n dag en 'n nag op die oop see oorleef. Ek was dikwels op reis; in gevare van riviere; van rowers; van my volksgenote; van heidene; gevare in die stad en in verlate gebiede; gevare op see en gevare onder vals medegelowiges. Ek weet van harde werk en swaarkry, van baie nagte se wakkerbly, van honger en dors; van dikwels sonder kos te moet klaarkom, van koue en sonder klere wees. Behalwe al dié dinge, was daar nog elke dag die bekommernis oor al die gemeentes.*" (2 Kor. 11:23-28)

## Wat ontwikkel tydens lyding?

Jesus word outeur, dus 'n gesag om te kan praat of skryf a.g.v. dit wat Hy tydens Sy gehoorsaamheid geleer het (Heb. 5:8-9). Ons sien dit ook in die lewe: Mense wat Jesus bly volg het en gedoen het wat Hy tydens lyding gesê het, dra geestelike gesag. Mens kan dit letterlik aanvoel as hulle praat.

Lyding gee jou diepte. Jy groei afwaarts in jou die wortels van jou karakter en word gegrondves.

Jesus se dood en opstanding het Hom die Naam bo alle name gemaak (Ef. 1:20-21).

Sy lyding het Hom sekere geestelike gesag gegee. As jy deur jou lyding volhard, jou geloof behou, en doen wat die Here sê om daardeur te kom, lei dit tot geestelike gesag. Ons luister na sprekers omdat hulle 'n sekere gesag toon oor 'n onderwerp. Hoe het hulle daardie gesag verkry? Hulle studeer lang ure en betaal die prys van tyd, moeite en groot finansiële onkoste. Niks kom sonder 'n prys nie!

Ons sukkel met die lewe en ons soek antwoorde. Ons probeer en probeer weer. Ons volhard soms sonder om enige resultate te sien. Ons misluk en probeer iets anders. Ons leer, ons ontdek, ons analiseer, ons groei! Dit is hoe God met ons werk. Die pad op is die pad af. Eers die fondamente (die onsigbare, oninteressante, ondergrondse deel van die konstruksie) en dan die sigbare en heerlike gebou. As die fondasie nie solied en sterk is nie, kan die gebou nie bly staan nie – veral nie tydens stormwinde nie.

*"Want ons ligte verdrukking wat vir 'n oomblik is, bewerk vir ons 'n alles oortreffende ewige gewig van heerlikheid; omdat ons nie let op die sigbare dinge nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig."* (2 Kor. 4:17-18).

Josef se lyding het hom die kapasiteit gegee om in een dag koning te word.

Paulus se lyding het hom die diepte gegee om die meeste van die NT te skryf.

## Moenie jou lyding verag nie

Moet ook nie probeer ontsnap en ontvlug nie. Leer watter lyding jy moet aanvaar en jou aan die proses moet onderwerp, en watter jy nie moet aanvaar nie. Laat die Heilige Gees jou lei. Uiteindelik is die oplossing Jesus! Behou die Jesus-denke, -perspektief, -handeling, -karakter en morele standaard te midde van jou krisis.

**Pain and Suffering**

*My two companions*
*The agents of change*
*God is placing in my life!*
*I want to allow Him*
*to do this work in me*
*through them*
*Why then is it so tough?*
*Don't I trust?*
*Oh, to submit to the process of God in my life …*
*to let go of the past*
*To partake of the new …*
*To allow the Holy Spirit*
*To be the interior decorator*
*of my heart*
*Why is it so difficult?*
*What is holding me back?*
*Fear and pride, they are no friends of mine,*
*Have come to visit once again*
*I think I would like to trade them for*
*humility and meekness …*
*In them there is a rhythm of grace*
*Where we will be safe*
*The cost is high … It's everything …*
*denying of self … death to self and my own will …*
*I consider the cost …*
*let it be with me according to Your word,*
*Your will!*

~ Chantál Oosthuizen
(2 Julie 2014 om 21:51)

# Hoofstuk 35

## JESUS SE PASIFISME

"I cannot serve. I cannot do evil. I will not be a soldier of this world. I am a soldier of Christ" - St. Maximilian

"JY *moet jou vyande liefhê*" en "*My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie.*" (Joh. 18:36), eggo deur die geskiedenis - 'n ander manier van leef, 'n gans anderse lewensbeskouing, 'n goddelike hantering van ons moeilikste verhoudingskwessies.

Deur die eeue is hierdie moeilike vraagstuk al op verskeie maniere gedebatteer. Ek gaan my nie uitgee as die finale antwoord hieroor nie, maar elkeen behoort self die Woord van God en gepaardgaande leesstof te ondersoek om tot insig en wysheid te kom oor presies hoe ons die teenwoordigheid van boosheid in ons lewens gaan hanteer.

Die onwillekeurige vraag is...

### Mag Die Kerk Wapens Opneem?

Die antwoord is nie óf nie, maar wie mag wapens opneem? Uit die ondergaande uitleg van Skrifgedeeltes gaan ons sien dat dit NIE die kerk se amptelike rol of funksie is om wapens op te neem en militêre mag te gebruik nie. Christene mag wel geroepe voel om in die weermag te dien, soos enige ander beroep. 'n Verdere dieper vraag is: Kan ons onsself beskerm sonder om 'n ander lewe te neem? Die teenvraag is dan: Hoekom 'n wapen aanskaf as ek nie dit kan gebruik om 'n lewe te neem nie?

Aan die ander kant moet ons nugter wees oor die boosheid van ons tyd, en toelaat dat die Heilige Gees ons duidelik lei. Verder is dit duidelik dat dit die regering se verantwoordelikheid is om sy burgers teen wetteloosheid te beskerm (Rom. 13:1-4; 1 Pet. 2:13-17; 1 Tim. 2:1-2). Dis immers hoekom ons belasting betaal. Christene moet ook die regering verantwoordbaar hou tot hierdie plig. Verder moet ons ook ons wetstoepassers ondersteun, vir hulle bid, en hulle op elke manier probeer bystaan.

Die kerk se rol is om vredemakers te wees (Matt. 5:9), versoeners (2 Kor. 5:18), mense wat vol van die Gees is (Hand. 1:8), en die gesag van Christus duiwels uitdryf (Luk. 10:19), siekes gesond maak en die evangelie aan die armes verkondig (Mark. 16:17-20). Ons verkry hierdie gesag van die Gees en nie die sterk arm van die vlees nie. (Sag. 4:6). Op 'n onlangse FB-berig is die opinies teenstrydig. Wat interessant is, is dat dié wat vir wapens stry 'n soort arrogansie het, 'n "kom-ek-sal-jou-wys"-gesindheid. Diegene wat al in sulke situasies was, sal vir jou sê dinge gebeur te vinnig. Die mees geoefende skut was al onkant betrap. Ons moet meer voorkomend dink: waar ons ry, watter tyd van die nag ons op die paaie is, die veiligheid van ons huise, en 'n

gebeurlikheidsplan hê. Volgens SAPS, is die beste beskerming 'n veiligheidshek binne die huis, wat inwoners in hulle slaapkamers beskerm sou inbrekers in die huis inkom in die nag.

My eie pa was bedag op die hoë misdaad van die plek waar hy gewerk het, en a.g.v. sy ervaring in die spoorwegpolisie, ervare met vuurwapens. Hy is in Phillipie in die Kaap, helder oordag doodgeskiet in sy motor terwyl 'n 35-Magnum rewolwer in sy hand oorgehaal was. 'n Jaar tevore het hy 'n burgerlike arrestasie by die einste stopstraat gedoen, toe rowers hom probeer kaap het. Hierdie keer was hy egter nie so gelukkig nie. Dus maak ek nie die stellings ligtelik nie, ons moet onsself meer as ooit beveilig, maar ons moet ook harder werk aan voorkomende sekuriteit.

## God Gebruik Regerings Om Straf Uit Te Oefen

"*Laat elke mens hom onderwerp aan die magte wat oor hom gestel is, want daar is geen mag behalwe van God nie, en die wat daar is, is deur God ingestel, sodat hy wat hom teen die mag versit, die instelling van God weerstaan; en die wat dit weerstaan, sal hulle oordeel ontvang. Want die owerhede is geen voorwerp van vrees by die goeie dade nie, maar by die slegte. Maar wil jy die mag nie vrees nie, doen wat goed is, en jy sal lof van hom ontvang; want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf. Daarom is dit noodsaaklik om jou te onderwerp, nie alleen ter wille van die straf nie, maar ter wille van die gewete. Want daarom betaal julle ook belastings; want hulle is dienaars van God wat juis hiermee voortdurend besig is. Betaal dan aan almal wat aan hulle verskuldig is: belasting aan die wat belasting, tol aan die wat tol, vrees aan die wat vrees, eer aan die wat eer toekom.*" (*Rom. 13:3-4*).

"*Wees dan onderdanig aan elke menslike verordening ter wille van die Here — of dit die koning is as opperheer, of die goewerneurs as sy gesante, om wel kwaaddoeners te straf, maar die wat goed doen, te prys. Want so is dit die wil van God dat julle deur goed te doen die onkunde van die dwase mense tot swye sal bring, as vrymense en nie asof julle die vryheid het as 'n dekmantel vir die boosheid nie, maar as diensknegte van God. Julle moet almal eer, die broederskap liefhê, God vrees, die koning eer.*" (*1 Pet. 2:13-17*).

Toe die soldate Johannes vra wat hulle moet doen na hulle bekering, het hy hulle nie gevra om hulle diens te verlaat nie. "*Ook soldate het hom uitgevra: "En ons, wat moet ons doen?" Hy antwoord hulle: "Moet van niemand deur geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle betaling*" (*Luk. 3:14*). Sommige gelowiges is dus geroep tot die rol van wetstoepassers.

"*Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.*" (*1 Tim. 2:1-2*).

Paulus herhaal Jesus se sentimente baie duidelik aan die Christene in Rome, in 'n tyd waar hulle nie kon staatmaak op die heidense regering van die dag se beskerming nie. Kyk na die onlangse film, Apostle Paul. Inteendeel, Christene is op die wreedste maniere denkbaar vervolg. Dit maak die vers net nog meer betekenisvol.

"*Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is mý reg om te straf; Ék sal vergeld,"sê die Here. "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.*" (*Rom. 12:17-21*).

Geen boek in die NT gee duideliker riglyne as Petrus nie. Christene behoort vervolging te verwag. As lede van 'n geestelike weermag, veg ons nie met aardse wapens nie (2 Kor. 10:3-5). Ons worstelstryd is ook nie teen vlees en bloed nie (Ef. 3:12).

"*Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.*" (*1 Pet. 2:19*).

"*As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God."* (*1 Pet. 2:20*).

*"Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwens, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry*." (*1 Pet. 3:9*).

*"Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie."* (*1 Pet. 3:14*).

*"As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen."* (*1 Pet. 3:17*).

*"Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by Sy wederkoms in heerlikheid."* (*1 Pet. 4:13*).

*"Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlikheid behoort, die Gees van God, op julle bly."* (*1 Pet. 4:14*).

*"Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Inteendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik."* (*1 Pet. 4:16*).

*"Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen."* (*1 Pet. 4:19*).

Die vroeë kerk het ook nie staatgemaak op gewapende selfverdediging nie (Hand. 4:29-31; 5:40-41; 8:1-3; 9:1-2; 12:1-5).

## Sommige wil die volgende vers gebruik om die aankoop van wapens te regverdig:

"*Maar nou, wie 'n beursie het, moet dit saamneem, en net so ook 'n reissak. En wie nie 'n swaard het nie, moet van sy klere verkoop en een aanskaf.''* (Luk. 22:35-38). Dit is duidelik dat Jesus nie hier sy dissipels beveel om hulleself te bewapen nie. Twee swaarde is genoeg, antwoord Hy. Later veroordeel Hy die gebruik van 'n swaard om die hoë priester se dienskneg se oor af te kap (Luk. 22:49-51), en meer direk: "Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom." (Matt. 26:51). Aan die ander kant, is dit ook nie verkeerd om 'n wapen aan te skaf nie, elkeen moet doen waarvoor hy of sy geloof het.

## Hacksaw Ridge

Daar is die buitengewone ware verhaal van die gewetensbeswaarde Desmond T. Doss wat, sonder om 'n enkele skoot te skiet, 75 mans in Okinawa gered het tydens die bloedigste slag van die Tweede Wêreldoorlog. Hy het geglo dat die oorlog geregverdig was, maar ook dat doodmaak nogtans verkeerd is. Hy was die enigste Amerikaanse soldaat in die Tweede Wêreldoorlog wat sonder 'n wapen in die voorste linies geveg het. As medikus het Doss eiehandig die gewondes naby die vyand se gebied ontruim – hy het die vyand se geweervuur getrotseer en sy eie lewe op die spel geplaas. Hy was die eerste gewetensbeswaarde ooit wat die Congressional Medal of Honor ontvang het. [90]

[90] https://en.wikipedia.org/wiki/Hacksaw_Ridge

## Jesus Preek en Leef Baie Duidelik Pasifisme

*"Maar Ek sê vir julle dat julle 'n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe."* (Matt. 5:39).

*"Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes. Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is."* (Luk. 6:35-36).

Daar het 'n situasie ontstaan om 'n vrou wederregtelik te veroordeel volgens haar sonde en die wet. Sy het owerspel gepleeg en is op heterdaad betrap. Jesus voltrek nie aardse oordeel nie*: "Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie?" "Niemand nie, Here," sê sy. Toe sê Jesus: "Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie"* (Joh. 8:1-11). *"God het nie Sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word."* (Joh. 3:17).

*"Oorwin die kwaad deur die goeie."* (Rom. 12:21).

Jesus vergelyk iemand wat vir sy broer kwaad is met 'n moordenaar (Matt. 5:21-22).

Die goue reël: "*Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen."* (Matt. 7:21).

Die kerk se opdrag is duidelik: maak dissipels, doen goed, genees, onderrig, bou, voed, seën, bemagtig, versorg. Die kerk kan nie bogenoemde doen en terselfdertyd die instrumente van straf wees nie.

Hierdie pasifisme is nie ingee tot swakheid nie. Allermins! Ghandhi het deur pasifisme Indië bevry van Britse Imperialisme. Daarom die spinwiel vandag nog op die vlag.

Ons veg net baie slimmer: Sien "Non-violent Communication. A language of life. Create your life, your relationships, and your world in harmony with your values" - Marshal B Rosenberg PhD. [91] Rosenberg is 'n bekende mediator wat veral in die Wesbank, Israel in die Midde-Ooste werk. Ek glo elke kind moet op skool alreeds 'n kursus doen in konflikhantering. Want konflik begin altyd verbaal, en dan eskaleer dit tot fisiese geweld. Die meeste mense vermy konflik. In kommunikasie is daar reëls en grense. Ons kan nie maar net sê wat ons wil sê nie. Ons kan ook nie stilbly nie. Ons moet leer om ons woorde beter te kies, sodat ons beter verstaan word.

Ons wag ook nie passief vir boosheid om te realiseer nie. Elke gehoorsame gelowige demonstreer elke dag God se liefde en goedheid, waar ons ook al gaan (Hand. 10:38).

## Jesus Se Toekomstige Militêre Regverdige Oordeel as Regter Oor Almal Se Verkeerdheid

In teenstelling met Jesus se aardse pasifisme en vereenselwiging met swakheid, nederigheid, genade en liefdevolle barmhartigheid, is Sy wederkoms. Hier verskyn Hy met 'n hemelse weermag om te kom oordeel. (Matt. 26:53).

Alhoewel Jesus nie gekom het om te oordeel terwyl Hy op aarde is nie (Joh. 3:17; Joh. 5:18-29), kom daar wel 'n baie duidelike oordeel in die hiernamaals. Toekomstige oordeel (1 Kor. 3:8-16; 2 Kor. 5:10) en Wit-troon-oordeel (Op. 4:10-11).

Jesus waarsku dat daar definitiewe gevolge is indien die mens Hom verwerp: Hulle sal in die buitenste duisternis gewerp word (Matt. 8:12; 22:13; 25:30), asook die hel (Matt. 5:22; 29; 30; 10:28; 22:13; 23:33; 25:30; 2 Pet. 2:4).

[91] Rosenberg, M. (2005). *Nonviolent communication*. 2nd ed. Encinitas: PuddleDancer.

Jesus waarsku oor hierdie ewige straf. Daar sal verskriklike lyding wees (Matt. 13:42, 13:50; 22:13; 24:51; 25:30).

*"Maar mense vir wie die koninkryk bedoel is, sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word, waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners."* (Matt. 8:12).

*"Soos die onkruid bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit by die voleinding van die wêreld wees. Die Seun van die mens sal sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree, en sal hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners. Dan sal die gelowiges in die koninkryk van hulle Vader skitter soos die son."* (Matt. 13:40-43).

*"So sal dit by die voleinding van die wêreld wees. Die engele sal uitgaan en die slegtes skei van die goeies en hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners."* (Matt.13:49-50).

*"Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar 'n man wat nie bruilofsklere aanhet nie, en hy sê vir hom: "Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder bruilofsklere aan?" Maar die man kon niks antwoord nie. Toe sê die koning vir sy dienaars: "Bind sy hande en sy voete vas en gooi hom uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners."* (Matt. 22:11-13).

*"Die eienaar van daardie slaaf sal op 'n dag kom dat hy dit nie verwag nie, en op 'n uur wat hy nie vooraf weet nie. Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak en hom die lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners."* (Matt. 24:50-51).

*"Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word. En gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners."* (Matt. 25:29-30).

*"Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie. En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe."* (Matt. 25:45-46).

Volgens Luk 17:1-3 het Jesus aan sy dissipels gesê: *"Dit is onmoontlik dat dinge wat mense laat struikel, nie oor julle pad kom nie. Groot ellende wag egter op hulle deur wie dit veroorsaak word. Dit is voordeliger vir sulke persone as 'n maalklip om hulle nek vasgemaak en hulle in die see gegooi word, as dat hulle vir een van hierdie geringes 'n struikelblok sou wees. Gee ag op julleself. As jou broer aanhou sonde doen, wys hom tereg, en as hy tot inkeer kom, vergewe hom."* Dit is weereens duidelik dat daar 'n baie sekere oordeel wag op die wat ander te na kom. Die einde van die vers is egter nog meer betekenisvol: "*Gee ag op julleself. As jou broer aanhou sonde doen, wys hom tereg".* Hoeveel verkeerd laat ons toe, wat ons nie Bybels konfronteer nie? (Matt. 18). Hoeveel misdaad is as gevolg van die tekort aan dissipline?

Jane Mc Gregor – *"The Emphaphy Trap: understanding anti-social personalities",* haal die studie van Rifkin aan oor jong olifante se gewelddadigheid in die Kruger Wildtuin. Toe hulle die 2 ouer volwasse olifante terugbring in die kudde, het die anti-sosiale gedrag verdwyn. Ons het meer vaders nodig, wat met voorbeeld en wysheid, die jonges lei en teregwys.

## Dissipline en Orde Herstel Begin In Die Huis

Oordeel die wat binne is. Jy kan nie 'n vis skoonmaak voordat jy dit nie eers gevang het nie. Ons kan waarsku, maar ons kan nie die wat buite is straf nie. Straf is vir opvoedkundige doeleindes vir die wat binne is. In Ysland is daar 'n dramatiese afname in tiener dwelm- en alkohol-misbruik verkry, toe daar strenger wetgewing en straf is vir kinders wat na 11:00nm op straat is. Kinders word ook op nasionale skaal besig gehou van 15:00 – 18:00 met sport en die kunste. [92]

[92] https://www.theatlantic.com/health/archive/2017/01/teens-drugs-iceland/513668/

Die Bybel leer nie dat ons nie mag oordeel nie, maar dat ons moet oppas dat ons verkeerd oordeel (Matt. 7:1; Luk. 6:37, 38, 41, 42). "*Broeders, as iemand ewenwel deur een of ander misdaad oorval word, moet julle wat geestelik is, so een reghelp met die gees van sagmoedigheid, terwyl jy op jouself let, dat jy ook nie versoek word nie*." (Gal. 6:1). Sien ook: 1 Kor. 4:21; 2 Tim. 2:25.

Oordeel sonder direkte konfrontasie: "*Broeders, moenie van mekaar kwaad spreek nie. Die wat kwaad spreek van sy broeder en sy broeder oordeel, spreek kwaad van die wet en oordeel die wet; en as jy die wet oordeel, is jy nie 'n dader van die wet nie, maar 'n regter*." (Jak. 4:11).

- Jy wat ander oordeel, doen dieselfde dinge: Rom. 2:1-8. "You become what you judge."
- Oordeel ander sonder om die verkeerde in jouself te erken (Matt. 7:1).
- Moralisering: veralgemeen.
- Etiketteer: name noem (Matt. 5:21-24).
- Vergelykings: Niemand kan die toets wen nie.
- Te vinnig oordeel: Nie al die inligting hê nie (Pred. 7:9).
- Iemand sonder regspraak oordeel (Matt. 5:22).
- Demoniseer: Maak iemand net sleg, boos.
- Blameer: Verontskuldig myself terwyl ek ander blameer.
- Forseer en beheer: reg tot eie besluit.
- Stemtoon: hart se ingesteldheid.
- Vuil taal (Kol. 3:8).

Die NT-insident van 'n man wat met sy stiefma soos man en vrou saamleef, word deur Paulus beoordeel. "*Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? Suiwer dan die ou suurdeeg uit, sodat julle 'n nuwe deeg kan wees — soos julle inderdaad ongesuurd is — want ook ons paaslam is vir ons geslag, naamlik Christus. Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van ondeug en boosheid nie, maar met die ongesuurde brode van reinheid en waarheid. Ek het julle in my brief geskrywe om nie met hoereerders om te gaan nie — dit wil sê, nie die hoereerders van hierdie wêreld of die gierigaards of rowers of afgodedienaars in die algemeen nie, want dan sou julle uit die wêreld moet uitgaan —maar nou skryf ek aan julle om nie om te gaan met iemand wat, al staan hy as 'n broeder bekend, 'n hoereerder is of 'n gierigaard of 'n afgodedienaar of 'n kwaadspreker of 'n dronkaard of 'n rower nie; met so iemand moet julle selfs nie saam eet nie. Want waarom sou ek ook die wat buite is, oordeel? Oordeel julle nie die wat binne is nie? Maar die wat buite is, oordeel God. Verwyder tog dié slegte mens onder julle uit.*" (1 Kor. 5:6-13).

Die uitkoms van hierdie harde straf word later gebalanseer toe Paulus sy volgende brief skryf. "*As iemand droefheid veroorsaak het, is dit nie vir my wat hy hartseer maak nie, maar vir julle almal, of, om nie te oordryf nie, ten minste 'n deel van julle. Vir so iemand is die bestraffing deur die meerderheid swaar genoeg. Nou moet julle so iemand liewer vergewe en bemoedig, anders kan hy so hartseer word dat hy heeltemal moed verloor. Daarom vra ek julle: Bewys liefde aan hom*." (2 Kor. 2:5-8).

Hier word die skuldige vergewe en bemoedig, "anders kan hy so hartseer word dat hy heeltemal moed verloor." Dit is met dien verstande dat die persoon sy sonde bely het, en dit gestaak het. Tog glo ek dat dit ook 'n maatstaf vir ons is, dat die kerk se aardse tug tydelik is. Die straf en tug wat die kerk toepas, is om iemand te beweeg van punt A na punt B. Hierdie dissipline word nie net lukraak op almal toegepas nie. Straf gebeur altyd direk binne 'n verhouding. Daarom die wyse raad in Judas: "*Oor dié wat in twyfel verkeer, moet julle julle ontferm. Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk. Oor ander moet julle julle met versigtigheid ontferm; en verafsku selfs die klere wat deur hulle sondige luste besmet is*." (Judas 22).

Die NT is baie duidelik daaroor dat ons mense wat hulle aan die volgende oortredings skuldig maak, uit ons gemeenskap moet verwyder, hulle soos heidene moet behandel, nie saam met hulle moet kuier of eet nie. Net soos in die OT, het hierdie mense se gedrag hulle skuldig gemaak aan die verontagsaming van die familie, die gesin.

Die Bybel se definisie van reg en verkeerd, dié wat regverdig is en dié wat veroordeel word, strek verder as net dade en lewenstyl. Daar is 'n definitiewe BINNE- en BUITE-narratief wanneer dit gaan oor God se verlossingsplan met die mens. Die tuin van Eden, die Ark, die Rooi See, die besnydenis, die bruilof, die maagde, die skape teenoor die bokke, is almal deel van die binne- en besliste buite-narratief. Gehoorsaamheid uit die geloof en, volgens die NT, die besliste vraag: "Is jy beklee met Jesus se geregtigheid?" is die duidelike voorwaarde tot insluiting. Die wat BINNE is, vorm een familie, liggaam, kerk, bruid, Sion en nuwe Jerusalem. Die insluiting gebeur deur wedergeboorte, deur die geloof in Christus se volkome versoeningswerk aan die kruis.

Daarom is daar definitiewe tug- en strafmaatreëls wanneer binne-mense hulle skuldig maak aan die volgende sondes en oortredings:

1 Kor. 5:11-13 – hoereerders, gierigaards, rowers of afgodedienaars;

Rom. 16:17 –wat tweedrag en aanstoot veroorsaak teen die leer wat julle geleer het;

Tit. 3:10-11 –'n man wat tweedrag verwek;

2 Thess. 3:6 –wat onordelik wandel en nie volgens die oorlewering wat hy van ons ontvang het nie;

2 Thess. 3:14-15 – iemand wat aan ons woord in hierdie brief nie gehoorsaam is nie;

1 Tim. 6:3 –as iemand iets anders leer en nie instem met die gesonde woorde van onse Here Jesus Christus en met die leer wat volgens die godsaligheid is nie;

Tit. 1:10-11 –wat tugteloos is, wat onsin praat en verleiers is.

## Bybelse Vorme Van Straf

'n Deel van die probleem is dat al het ons die beste planne en wette in die wêreld, die mens 'n geneigdheid na sonde, gebrokenheid en selfvernietiging het. Terwyl ons nog in hierdie bedeling leef, moet ons verlief neem met die boosheid wat in elke mens sluimer.

Soos Billy Graham sê: "Die mens met al sy moderne uitvindsels kon nog nie die morele sonde-probleem van die mens oplos nie." "The depravity of mankind is the most undeniable empirical fact, but intellectually most resisted" –Ravi Zacharias. Selfs die selferkende ateïs en vorige president van American Psychology, Hobart Mowrer (Januarie 23, 1907 – Junie 20, 1982), erken dat, deur die mens se verdorwenheid as siekte toe te reken, ons ten diepste die mens onthef van aanspreeklikheid. Mense wat nie aanspreeklik of verantwoordbaar is nie, voel hulleself geregtig, "entitled", om met die sondepad van verwoesting voort te gaan.

Is tronke die Bybelse manier om gedragsaanpassings te maak? Is tronke nodig as die Bybelse roete van straf toegepas word? Daar word tans 'n wêreldwye debat gevoer oor die funksionering en effektiwiteit van tronke. 'n Federale regter "Prosecutor and Deputy Commonwealth Attorney Alejandra Rueda" het in 2017 besluit om vandalistiese, rassistiese, aggressiewe jeugdiges op 'n ander manier te vonnis as om hulle na 'n aanhoudingsentrum vir jeugdiges te stuur. Dit was duidelik uit die graffiti teen die muur dat hulle geen benul gehad het wat die swastika en ander rassistiese simbole beteken nie. Sy het 'n opvoedingsgeleentheid gesien. Hulle moes 12 boeke per jaar lees en oor elkeen 'n breedvoerige opstel skryf. Boeke oor slawerny, die Joodse Holocaust en geweld teen die mensdom, byvoorbeeld *My name is Asher* Lev deur Chaim Potok, *The Kite*

*Runner* deur Khaled Hoseini, *The Color Purple* deur Alice Walker, *I Know Why the Caged Bird Sings* deur Maya Angelou, en *Cry The Beloved Country* deur Alan Paton. [93]

Die slagoffer is direk betrokke by die strafgee: Die Bybelse manier om teen oortreders op te tree binne die sirkel van die gesin, familie en stam. Dit is presies wat restitusionele geregtigheid probeer vermag. Om die oortreder daartoe te bring om die slagoffers direk in die oë te kyk (Matt. 18:1-31; Luk. 17:1-5). "*Pas op vir julleself. En as jou broeder teen jou sondig, bestraf hom; en as hy berou kry, vergewe hom*" (Luk. 17:3).

Sonde is kommunaal, en kommunale straf: Die neerlaag teen Ai en die straf van Akan (Jos. 7:1-5). Sy hele familie is saam veroordeel (Jos. 7:22-26). Sonde is toegereken tot in die derde en vierde geslag (Eks. 20:5; 34:7; Deut. 5:9-10). Die grootste motiveerder vir geweld of oorlog is ter wille van die veiligheid van die gesin en familie. Die teendeel is dat die moontlike straf en lyding van my gesin, as gevolg van wat ek verkeerd gedoen het, 'n baie sterk afskrikmiddel is vir voortdurende oortredings. So het 'n sekere maatskappy beter resultate verkry toe hulle foto's begin plaas het van kinders wat ly a.g.v. van rook.

Elkeen toerekenbaar vir sy eie sonde: Deut. 24:16; 2 Kon. 14:6; Jer. 31:29-30; Eseg. 18:1-4; Eseg. 18:20.

Restitusie: Verder moet die oortreder die verkeerde regmaak volgens die ooreenkoms wat met die slagoffer bereik is. Indien jy iets van iemand gesteel het, moet jy dit terugbetaal (Eks. 22:1-4; Eks. 22:7; Lev. 6:4-5). As jy nie kon betaal nie, is die persoon as slaaf verkoop om die skuld te betaal (Eks. 22:1).

## Niemand gaan aan straf ontkom nie.

Sonder enige uitsondering sal hulle wat verkeerd doen, inderdaad daarvoor boet (Kol. 3:25).

Doodstraf: Doodstraf word gesien in die lig daarvan dat iemand se dade die dood verdien.

Sonde teenoor God:

- Misleiding om valse gode te aanbid (Deut. 13:6-10),
- God se naam ydel gebruik, laster (Lev. 24:13-16, 23),
- Heksery (Lev. 20:27),
- Die Sabbat breek (Eks. 31:14-15; Num. 15:32-36).

Oortredings teenoor mekaar:

- Moord (Gen. 9:6; Eks. 21:12),
- Ontvoering (Eks. 21:16; Deut. 24:7),
- Rebellie teenoor ouers (Eks 21:15,17; Deut. 21:18-21; Lev. 20:9-21; Matt. 15:4),
- Rebellie (Deut. 17:12; 21:18-21).

Seksuele oortredings:

- Egbreuk (Lev. 20:10; Deut. 22:22),
- Bloedskande (Lev. 20:10-17),
- Verkragting (Deut. 22:25-27),
- Homoseksualiteit (Lev. 20:13).

[93] https://www.bbc.com/news/stories-47936071

Agter al die oortredings is 'n totale miskenning van die welstand, vrede, welvaart en samesyn van die lokale gemeenskap. Die lewe van die EEN staan teenoor die lewe van die FAMILIE/VOLK/GEMEENSKAP. Ek het dus my eie behoeftes bo dié van die groep gestel. Ek is belangriker as die familie. Hierdie selfsugtige individuele selfgerigtheid is swaar gestraf!

Dis belangrik om daarop te let dat die metode van straf, naamlik steniging, baie persoonlik was. Die slagoffer is direk betrokke by die straf. Ons kan nie straf of oordeel aanskuif op 'n ander nie. Sonde impliseer 'n direkte oortreding teenoor iemand en moet direk herstel word. Die van aangesig tot aangesig beginsel is dus deurslaggewend.

## Gesag Wat Van Die Bose (Onder) Kom

Die heerskappy van boosheid loop deur die Bybel –'n bebloede lyn van geweld, verwoesting, moord, magsug, verdrukking. Die oproep tot vredevolle oplossings word van die begin van tyd af teengestaan deur 'n sataniese drie-eenheid: (1) Lucifer, satan, die draak, geestelike boosheid, demone; (2) nasionale selfbeskikking ten koste van 'n ander, die dier uit die see; (3) die dier uit die aarde, godsdienstige valse wêreldbeskouings, die anti-chris, valse profeet.

Adam en Eva se ongehoorsaamheid teenoor God lei tot die eerste moord en selfbeskikking van die mens teenoor 'n ander en die daarstel van 'n valse aanbidding van valse gode.

"*Kus was ook die vader van Nimrod. Hý het begin om 'n geweldenaar op aarde te wees. Hy was 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. Daarom sê hulle: Soos Nimrod, 'n geweldige jagter voor die aangesig van die Here. En die begin van sy ryk was Babel.*" (Gen. 10:8-10).

Die klimaks van selfbeskikking word vertel deur die verhaal van die toring van Babel: "*Kom ons bou vir ons 'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons 'n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.*" (Gen. 11:4). Hierdie sataniese soeke na heerskappy oor die mens, word talle kere in die Bybel herhaal: Die boek Rigters illustreer hierdie punt mooi: sewe siklusse van sonde, slawerny, petisie, redding en stilte.

Toe die Joodse nasie tot stand kom, gebruik God verskillende goddelose koninkryke om Sy kinders te oordeel: Egipte, Assirië, Babilonië, Persië, Grieke, Romeine.

Hierdie oordeel bring ons oor onsself omdat God se kinders wegdraai van die Here af en gevolglik ongehoorsaam raak aan Sy gebooie. Seën as ons Sy gebooie uitleef, en straf indien ons wegdraai. Seëninge en strawwe (Deut. 28).

## Gesag Wat Van God (bo) Kom

Anders gestel: Daar is 'n mag en outoriteit wat van God afkomstig is: "*Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.*" (Fil. 4:8).

"*Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.*" (Gal. 5:22-23).

"*Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.*" (Kol. 3:2-3).

"*Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, inskiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg. Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.*" (Jak. 3:17-18).

Die uitdaging van ons tyd is om in die volheid van hierdie goddelike wysheid en insig te leef. Sommige maak die afleiding dat pasifisme passief is, maar dis allermins! Dit kos meer energie, moeite en ongerief om 'n verkeerdheid reg te leef! Martin Luther King het gesê:

"Hate is a cancerous disease which distorts the personality and scars the soul. To return hate for hate only intensifies the existence of hate in the universe. Hate seeks to annihilate rather than convert. It destroys community and makes brotherhood impossible. We must learn that it is possible to stand up courageously and positively against an evil system and yet not resist it with physical weapons and inner feelings of hatred." (Martin Luther King).

"Do all the good you can, by all the means you can, in all the ways you can, in all the places you can, at all the times you can, to ALL THE PEOPLE you can, as long as ever you can." – Unknown.

**Gaan lees gerus meer oor hierdie onderwerp en volg die volgende bronnelys: [94]**

---

[94] Zimbardo, Phillip. The Lucifer Effect – How good people turn evil.

Marshal B Rosenberg PhD. "Nonviolent Communication" A language of life. Create your life, your relationships, and your world in harmony with your values.

Jamin Goggin and Kyle Strobel, The Way of the Dragon or the Way of the Lamb: Searching for Jesus' Path of Power in a Church that Has Abandoned It.

Walter Rauschenbusch (1861- 1918) A Theology for the Social Gospel (1917).

Howard Thurman (1899-1981) Jesus and the Disinherited (1949).

André and Magda Trocmé (1901- 1971, 1901-1996) Jesus and the Non-violent Revolution (1961)

Hélder Câmara (1909- 1999) Spiral of Violence (1971).

William Stringfellow (1928-1985) An Ethic for Christians and Other Aliens in a Strange Land (1973).

Dorothee Sölle (1929- 2003) The Silent Cry: Mysticism and Resistance (1997).

Lisa Sowle Cahill (1948- ) Love Your Enemies: Discipleship, Pacifism, and Just War Theory (1994).

Traci C. West (1959- ) Wounds of the Spirit: Black Women, Violence, and Resistance Ethics (1999).

George Kalantzis, Caesar and the Lamb: Early Christian Attitudes on War and Military Service.

SIM, David C.. The pacifist Jesus and the violent Jesus in the Gospel of Matthew. HTS Teologiese Studies / Theological Studies, [S.l.], v. 67, n. 1, p. 6 pages, apr. 2011. ISSN 2072-8050. Available at: <https://hts.org.za/index.php/hts/article/view/860/1416>. Date accessed: 20 apr. 2019. doi:https://doi.org/10.4102/hts.v67i1.860.

https://www.missioalliance.org/weapons-violence-and-peace-according-to-a-fourth-century-bishop/

https://www.paxchristi.net/sites/default/files/documents/4-our_nonviolence_tradition.pdf

https://www.desiringgod.org/articles/should-christians-be-encouraged-to-arm-themselves

# Hoofstuk 36

## JESUS DIE REWOLUSIONÊR

"The more I get to know Jesus, the more trouble He seems to get me into."
— Shane Claiborne, The Irresistible Revolution: Living as an Ordinary Radical

**EK** dank die Here dat ons nie in die OT leef, waar ons onseker, in vrees, deur offers van bloed, deur 'n menslike hoëpriester, by een tempel in Jerusalem na God moes nader nie. Die skrywer van Hebreërs is korrek, ons het 'n ver beter offer (Heb. 9:23), beter verbond (Heb. 8:6); beter beloftes (Heb. 8:7); beter hoop (Heb. 7:19); beter as die engele (Heb. 1:4); beter bemiddelaar (Heb. 12:24), beter opstanding (Heb. 11:35)!

Soos met 'n nuwe selfoon, die oomblik as jy die nuwe een in besit neem, verval die ou foon en is dit uitgedien. Ons is dankbaar vir die ou een, want dit was nuttig, maar nou dat ons die nuwe een gebruik, dink ons nie meer aan die ou een nie. Nee, ons is opgewonde oor die nuwe foon se beter funksies!

Jesus was revolusionêr! Hy het nie iets bygevoeg by die oud nie, nee Hy het die oud vervang met iets baie beter! Te veel gelowiges dink nog vanuit 'n ou testament, ou verbond paradigma, en probeer die woorde en begrippe van die Nuwe Testament en nuwe verbond in Christus inweef in die oud. Jesus was radikaal NUUT. Hy het heeltemal 'n nuwe weg gebaan, deur Sy prediking en voorbeeld, Sy lyding en sterwe, en Sy opstanding! Die oorsprong van die Christendom het nie in Genesis begin nie, dit het by Jesus, en Sy opstanding begin! [95]

"*Broers, ons kan nou met vrymoedigheid ingaan in die heiligste plek waar God self is, omdat Jesus vir ons gesterf het. Die gordyn wat die afskorting was, is geskeur—dit is Sy eie liggaam—en so het Hy vir ons 'n nuwe pad oopgemaak wat ons by die lewe bring. Hy is ook ons groot Priester wat mag het oor God se hele huis. Laat ons dan ingaan na God toe met 'n eerlike hart wat op Hom alleen vertrou, want ons harte is rein gemaak deur die bloed van Jesus Christus wat daarop gesprinkel is en ons liggame is gewas met skoon water*." (Heb. 10:19-22).

### Tempel Afbreek En In Drie Dae Herbou

Die Jode was passievol oor die tempel! Die tempel was die episentra (middelpunt) van die Jode se Godsdiens beoefening. Dink maar wat sal die Jode vandag doen, as jy net aan die Klaagmuur oorblyfsel in Jersusalem sou raak, en dreig om dit af te breek. Die derde wêreld oorlog sal uitbreek!

[95] STANLEY, A. (2020). *IRRESISTIBLE*. [S.l.]: ZONDERVAN.

Around year AD 40, citizens of Jerusalem were notified that a statue of Emperor Gaius Caligula was to be erected within the temple walls. Petronius, governor of Syria, was given responsibility for transporting the statue from the port city of Ptolemais to Jerusalem. He was accompanied by two legions (approximately 10,000 soldiers). When he arrived to take possession of the statue, he was shocked to discover thousands of Jews from the region had gathered in protest. 2 When threatened with violence, instead of organizing to defend themselves, the protesters knelt and exposed their necks to Roman blades. So they threw themselves down upon their faces, and stretched out their throats and said they were ready to be slain; and they did this for forty days together and in the meantime left the tilling of their ground, and that while the season of the year required them to sow it. Thus they continued firm in their resolution and proposed to themselves to die willingly rather than to see the dedication of the statue. [96]

"*En Jesus het uitgegaan en van die tempel vertrek, en sy dissipels het nader gekom om Hom die geboue van die tempel te wys. En Jesus sê vir hulle: Sien julle al hierdie dinge? Voorwaar Ek sê vir julle, daar sal hier sekerlik nie een klip op die ander gelaat word, wat nie afgebreek sal word nie.*" (Matt. 24:1–2) sien Mark. 13:1, 2; Luk. 21:5, 6.

Hierdie stelling oor die tempel afbreek, was die hoofargument teen Jesus, hoekom hy tereg staan, en die doodstraf verdien. Dit was wat die getuies teen Hom gebring het. (Matt. 26:61; Mark. 14:58); Ook tydens sy kruisiging is hierdie woorde herhaal! (Matt. 27:40; Mark. 15:29).

Abraham se roeping was; "*en in jou sal al die geslagte van die aarde geseën word*." (Gen. 12:3). God roep ons om deur ons die wêreld te seën. Die tabernakel, later tempel, moes die plek van seën, vergifnis en vrylating wees. In Jesus se geval word die oorspronklike instrument van seën die tempelorde, die tugyster wat die een wat juis besig is om die wêreld te seën, tot dood te veroordeel.

Die plek wat die wêreld moes seën, het 'n rowerspelonk geword, soos die geldwisselaars die mense uitbuit, vir hulle eie gewin. Daarom reinig Jesus die tempel (Joh. 2:13-22).

Agt-en-dertig jaar voor die gebeurtenis waarsku Jesus die mense duidelik: "*Wanneer julle sien dat Jerusalem deur leërs omsingel word, moet julle kennis neem dat Sy vernietiging aangebreek het. Dan moet die mense wat in Judea is, na die berge toe vlug, en die mense wat in die middel van die stad self is, moet dit ontruim, en die mense wat op die platteland is, moet nie Jerusalem binnegaan nie. Daardie dae is dae van vergelding sodat wat geskryf staan in vervulling moet gaan. Groot ellende wag op die verwagtende vroue en ook op dié wat nog borsvoed gedurende daardie dae, want daar sal groot benoudheid in die land heers en God se toorn sal op hierdie volk rus. Sommige sal deur die snykant van die swaard omkom en ander sal as gevangenes na al die nasies toe weggevoer word. Jerusalem sal vertrap word deur die vreemde nasies totdat die tyd van die nasies verby is.*" (Luk. 21:20–24). Hierdie is een van Jesus se profesieë, wat letterlik woord vir woord vervul is: en ook 'n pragtige bewys van Sy bestaan.

Die opstand van die Jode bereik hulle hoogtepunt 66AD, en word daar verskillende gevegte geloods vir bykans vier jaar. Die Romeinse generaal Titus het 'n paar dae voor pasga, 14 April, drie legioene soldate teen Jerusalem beleer. Met meer as 100,000 mense vasgevang in die stad, en interne faksies wat kosvoorrade verwoes het, die stank van geen sanitasie verwydering, honger en te veel mense, het die situasie binne die stad onhoudbaar gemaak. 'n Woedende soldaat het in Augustus 'n fakkel oor die muur gegooi, en die tempel het aan die brand geslaan. Uiteindelik teen 7 September 70AD is die stad ingeneem. [97]

Josephus, 'n ooggetuie vertel: The slaughter within was even more dreadful than the spectacle from without. Men and women, old and young, insurgents and priests, those who fought and those

[96] Josephus, Antiquities of the Jews, 389.
[97] https://en.wikipedia.org/wiki/Siege_of_Jerusalem_(70_CE)

who entreated mercy, were hewn down in indiscriminate carnage . . . The legionaries had to clamber over heaps of dead to carry on the work of extermination. [98]

Tot vandag kan die Jode nie meer enige offer op hulle altaar bring nie. Daar is sedertdien dus geen versoening vir hulle sondes nie. Jesus het dus nie net leë beloftes gemaak nie. Jesus kondig die nuut aan; 'n nuwe weg, 'n nuwe verbond, 'n nuwe koninkryk, met nuwe reëls en wette, met nuwe beloftes, beloning en erfdeel! Jesus volbring die oud, en beseël met Sy kruisdood, 'n nuwe verbond! (Jer. 31:31-34).

Jesus was dus rewolusionêr!

## Ons propageer nie "vervangings teologie" nie.

Die Christen kerk het tragies hierdie revolusie gebruik, om aanspraak te maak dat die Kerk die Jodedom vervang het! Maar God se plan was nie om een mens-gemaakte institusie met 'n ander te vervang nie. Jood en heiden word opgeroep om in Christus deel te word van 'n organiese geestelike liggaam. Lees die hele gedeelte in Efesiërs 2:11-22! "*Deur Sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig. Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was. Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader".* (Ef. 2:16-18).

Een van God se primêre voorsienings aan ons behalwe die uitstorting van die Heilige Gees, is die Liggaam van Christus. Vir God om mens te word het Hy 'n liggaam nodig gehad. (Heb. 10:5). Liggaam impliseer gemeenskap en familie. Daar is derduisende kerke in die wêreld vandag, maar hulle funksioneer nie noodwendig soos 'n familie, en gemeenskap nie. Gemeenskap impliseer ons is in noue verbondenheid inter-afhanklik van mekaar.

Die Alomteenwoordige, Almagtige en Alwetende God, kom woon in 'n menslike liggaam! Dis Sy eerste groot liefdesdaad aan ons! Sy inkarnasie! (Heb. 4:14-15). Hy het 'n liggaam nodig gehad om goed te kan doen aan die mensdom, siekes te genees, die mag van die bose te verslaan, en vir die wees en die weduwee, en armes om te gee. Geen enkele mens kan vandag volledig Jesus alleen wees nie. Indien daar wel weer so iemand is, sal ons die persoon verheerlik. Jesus word vandag vlees deur Sy kerk. Die kerk is Sy liggaam. Die volheid van God is geopenbaar in Sy liggaam (Ef. 4:11-16; Ef. 5:30; Ef. 2:19-22; 1 Kor. 12:12).

Ons het ook 'n liggaam nodig om God se wil te doen. Ons kan nie die Koninkryk van God laat kom op aarde soos wat dit in die hemel is sonder Sy Liggaam nie.

God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid (Kol. 1:27). Die woord *julle* is 'n kollektiewe voornaamwoord en kan vertaal word Christus onder julle en in julle. Christus is in jou maar daar sal nooit weer 'n Christus in Sy volheid in een persoon gemanifesteer word nie. Christus se volheid kan alleenlik deur 'n liggaam van mense verheerlik word. Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul (Ef. 1:23). "*As the new wine is found in the cluster, and one says, 'Do not destroy it, For a blessing is in it*," (Isa. 65:8).

## Jood en Heiden is nou saam die tempel van die Heilige Gees in Christus alleen

(1 Kor. 3:16; 6:19; 2 Kor. 6:16).

Drie fasette van kerkwees: Die individu, die lokale plaaslike gemeente, en die universele kerk. Soos 'n lemoen: die sel, binne 'n skyfie, binne die skil. Daar is net een liggaam. (Ef. 4:4). Die heerlikheid van God is alreeds opgesluit in Sy liggaam. Ons kan net in die volheid van hierdie

[98] Josephus "Jewish wars"

heerlikheid leef wanneer ons die Christus in mekaar raaksien en die gawes in mekaar ontsluit. Soos Jesus gebore was in 'n liggaam wat moes opgroei alvorens die tyd sou aanbreek vir Sy bediening, so is die kerk in 'n proses van voorbereiding tot die finale uur van haar glorie! Net soos mense Hom nie wou erken of aanvaar nie en uiteindelik kruisig, sal die kerk haar grootste heerlikheid bereik in haar donkerste uur. Mag God jou oë open soos Petrus s'n om die verlossing in Sy ware verenigde kerk raak te sien!

## Jesus reduseer al die wette van die OT na net twee wette:

Daar is twee groeperinge van mense wanneer dit kom by heiligmaking en toewyding aan die Here. Die wat ernstig, in afsondering, alles probeer doen om heiliger, en meer toegewyd te wees, en die wat probeer om met die minste moeite net nie uitgesluit te wees nie.

Hoe heiliger die eerste groep raak, hoe gevaarliker raak hulle oordeel, kritiek en misnoeë met die res wat nie die sogenaamde merk maak nie. Die tweede groep, probeer net deurkom sonder om regtig te leer, en moeite te doen. Hulle wil eintlik nie daar wees nie, maar wil nie hê mense moet dit weet nie.

Jesus bied 'n radikale, revolusionêre alternatief tot hierdie op en af, binne dan buite, dualistiese bestaan. Hy verenig die opwaartse Godgerigte vertikale fokus, en sywaartse, mensgerigte, horisontale fokus, en maak hulle een. Onlosmaaklik een. Jy kan nie die een sonder die ander nie.

*"As jy iets bring na die altaar in die tempel om dit aan God te gee en jy onthou daar by die altaar dat jou broer iets teen jou het, los jou geskenk daar voor die altaar en gaan maak eers die saak met hom reg. Dan kan jy terugkom en jou geskenk vir die Here kom gee."* (Matt. 5:23–24). **Jy kan dus nie die Here liefhê, sonder om jou naaste lief te hê nie. Punt!** Inteendeel, hoe jy jou naaste liefhet, is bepalend en die lakmoes toets, of jy werklik die Here liefhet. Deur die eeue sedertdien, is dit bepalend ten opsigte van kerkwees: is ons besig om die wêreld lief te hê, of nie? In die Nuwe verbond, kan jy eenvoudig nie voortgaan met godsdiens nakoming, van metodes en formules en dink jy behaag God, sonder om jou naaste lief te hê nie.

Jesus se prediking om jou vyande lief te hê, en aan hulle goed te doen, hulle inderwaarheid te seën was radikaal! Hy het letterlik lynreg teen die stroom van wat oor eeue geleer en verstaan is oor God, gegaan. Die godsdiensgroepering mobiliseer toe 'n teenaanslag: hulle stuur die Sadduseërs om Hom te probeer vasvra: oor die lewe hierna (Matt. 22:23-33). Toe hierdie probeerslag gruwelik misluk voor die aansien van die mense, stuur hulle 'n wetgeleerde: "*Toe die Fariseërs ook hoor hoe Jesus die Sadduseërs so 'n antwoord gegee het dat hulle niks verder kon sê nie, het hulle saam na Jesus toe gekom. Een van hulle, 'n deskundige oor die wet, vra toe vir Jesus 'n strikvraag: "Meneer," wou hy weet "wat is die belangrikste ding wat God ons in die wet beveel het." Jesus antwoord toe: "Die belangrikste is waar God gesê het: 'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en siel en verstand.' Dit is die belangrikste en die eerste bevel wat God ons gegee het. Daar is 'n tweede een wat net so belangrik is, en dit is: 'Jy moet jou medemens net so liefhê as wat jy jouself liefhet.' Die hele Skrif is gegrond op hierdie twee bevele van God."* (Matt. 22:34–40).

Alhoewel beide hierdie verse uit die Skrifte kom (Deut. 6:5; Lev. 19:18), het niemand die twee al saamgevoeg as "mutually inclusive" nie. Jy kan nie die een sonder die ander nie. Mens kan verstaan dat die godsdiensgroepering in die hoek gedryf is, hulle bestaansreg, alles waarmee hulle besig was is in die gedrang. Daarom kom hulle met, 'n laaste aanslag om die guns van die mense te probeer terugwen. Onthou die Jode se naaste was nog altyd, JODE! Niemand anders nie! Mag nie ondertrou nie, mag nie meng nie! Inteendeel, met God se hulp en die reg op selfbeskikking is nasies en vyande bloedig uitgewis!

Gelukkig het Lukas hierdie belangrike verduideliking bygevoeg, sodat daar geen onduidelikheid sal wees oor presies wie Jesus bedoel as ons naaste nie. Die gelykenis van die barmhartige Samaritaan:

*"Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: "Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?" Jesus sê vir hom: "Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar?" Hy antwoord: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself." "Jy het reg geantwoord," sê Jesus vir hom. "Doen dit en jy sal die lewe verkry." Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: "En wie is my naaste?" Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: "Toe 'n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee. Dit gebeur toe dat daar 'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby. Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby. Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry. Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg. Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: 'Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.' "Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het?" Die wetgeleerde antwoord: "Die man wat aan hom medelye bewys het." Toe sê Jesus vir hom: "Gaan maak jy ook so."* (Luk. 10:25–37).

Vandag nog as ons hierdie gedeeltes lees, word ons uitgedaag, word ons ontsteld in ons binnekant, want wat Jesus vra is nie maklik nie. Dit sit nie maklik in ons ego nie. Ons is anders geleer, en ons funksioneer nie so nie. Soort soek soort! Dit is hoe dit werk.

Jesus verklaar die meer as 613 Joodse wette, as uitgedien. Dit is verby. Hy het iets beter! "*Dít is my gebod, dat julle mekaar moet liefhê net soos Ek julle liefgehad het.*" (Joh. 15:12). Hy maak 'n gebod, 'n wet waaraan Hyself voldoen het as voorbeeld, en Sy lewe vir 'n sondige wêreld, nie die Joodse volk, kom neerlê het. Paulus die Fariseër wat 'n yweraar was vir die oorleweringe van sy voorvaders (Gal. 1:14), wat die geregtigheid in die wet betref, onberispelik (Fil. 3:6) verklaar: "*Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus."* (Gal. 6:2).

*"Wees dan navolgers van God soos geliefde kinders; en wandel in liefde, soos Christus ons ook liefgehad het en Hom vir ons oorgegee het as 'n gawe en offer aan God tot 'n lieflike geur."* (Ef. 5:1-2).

Hierdie wederkerige gebod om God lief te hê, maar gelyktydig ook jou naaste, is die basis, die grondslag, die opsomming van al die wette en reëls van die OT.

Jesus het hierdie weg en werkswyse vir ons kom voorbeeld. Ons kan onmoontlik meer tyd in vas en gebed, meditasie, afsondering wy, sonder om ons hand uit te steek na ons naaste. Ons lewe is uitgegiet soos 'n drankoffer, soos Jesus.

*"Gaan maak jy ook so."*

## Jesus Noem God Pappa

Een van die eerste openbarings van Jesus, is dat Hy God *Vader* noem. Hierdie aanspreekvorm moes aardbewings in die geesteswêreld veroorsaak het, want die Jode het 'n groot saak gemaak van hoe jy God aanspreek. God se primêre naam, is nooit uitgespreek nie: Jhwh – Jahweh. Die vrees was om nooit God se naam ydelik te gebruik nie. Die idee dat God Vader is, was nie die probleem nie, maar die feit dat iemand God direk as Vader kan aanspreek, was ongehoord.

Throughout the Bible we find God portrayed as a Father. This portrayal, however, is surprisingly rare in the Old Testament. There God is specifically called the Father of the nation of Israel (Deut. 32:6 ; Isa. 63:16 ; [twice] Isa. 64:8 ; Jer. 3:4; Jer. 3:19; 31:9 ; Mal. 1:6 ; 2:10 ) or the Father of certain individuals (2 Sam. 7:14 ; 1 Chron. 17:13 ; 22:10 ; 28:6 ; Ps. 68:5 ; 89:26 ) only fifteen times. (At times the father imagery is present although the term "Father" is not used (Ex. 4:22-23; Deut. 1:31; 8:5; 14; Ps. 103:13; Jer. 3:22; 31:20; Hos. 11:1-4; Mal. 3:17). This metaphor for God

may have been avoided in the Old Testament due to its frequent use in the ancient Near East where it was used in various fertility religions and carried heavy sexual overtones.

The teaching of the Fatherhood of God takes a decided turn with Jesus, for "Father" was his favorite term for addressing God. It appears on his lips some sixty-five times in the Synoptic Gospels and over one hundred times in John. The exact term Jesus used is still found three times in the New Testament (Mark 14:36; Rom. 8:15-16; Gal. 4:6 ) but elsewhere the Aramaic term Abba is translated by the Greek pater [pathvr].

God se interaksie met die mens en die grondlegging van die geloof begin met Abraham, en die belofte van Vaderskap. Dan die God van Abraham, Isak en Jakob. Die rol van die Vader staan dus sentraal tot ons geloof. Die vader bepaal as't ware die pad en rigting waarin die familie loop. Die chaos in ons wêreld vandag kan in 'n groot mate toegeskryf word aan die afwesigheid van Vaders.

Maar ons moet nie ons heil soek in aardse Vaders nie. Daar is 'n rede hoekom aardse Vaders ons faal, God wil ons eerstens herenig met ons hemelse Vader. Gevolglik word ons gedrag en optrede natuurlik bepaal deur ons hemelse Vader. Ons kry ons DNA van die Vader (1 Joh. 3:9). Ons is uit Hom gebore (Joh. 3:4-5). Deur onverganklike saad (1 Pet. 1:23). Ons ken die Vader en Sy weë (1 Joh. 2:13). Aardse vaders is beperk in hulle voorsiening van die volheid van 'n Vader. Daarom moet ons nie ons vertroue op mense stel nie (Ps. 118:8-9). Goeie aardse Vaders rig ons om God die Vader raak te sien, en van Hom afhanklik te wees.

Let op die Woord in Matt. 23:9: "*Moet niemand hier op aarde as `vader' aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel*!" Sekerlik bepaal ons siening en ervaring van ons aardse Vaders hoe ons God sien en beleef. Maar ons moet nie dat dit ons langer gevange hou nie. Geen aardse Vader biologies of geestelik kan God vervang of aan Hom gelyk gestel word nie. Hulle swakheid en onvolkomenheid moet ons juis neig om na God te kyk as ons Vader.

Dis primêr waarom Christus gekom het, om deur Sy geregtigheid ons die geskenk van kindskap en toegang met God te gee, sodat ons Hom kan ken as Vader. Hoe meer God as Vader vir jou 'n werklikheid word, hoe meer sal Hy jou laat opgroei in volwassenheid en die vervulling van Sy wil. Jesus die seun van die mens, het vir ons gewys hoe om dit te doen. Hy was algeheel aangewese op die Vader.

## Ons Verkry Die Volheid Aan Die Begin

Ek vra 'n goeie vriendin, wat altyd diepdenkend is oor geestelike sake: Wat maak die Christendom anders, uniek van al die ander gelowe? Haar onmiddellike antwoord: "Ons kry alles aan die begin!" Al die ander gelowe, moet jy eers deur vele rites en gebruike werk, om 'n vorm van nirvana, en spiritualiteit te bereik. Jesus leer: "*Dit verseker Ek julle: Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter is as Johannes die Doper nie, en tog is die geringste in die koninkryk van die hemel groter as hy.*" Matt. 11:11. Die werkers wat laaste in diens geneem is, kry dieselfde loon as die wat heeldag gewerk het. (Matt. 20:1-16).

Die beste verhaal wat hierdie waarheid illustreer, is waar Jesus die water in wyn verander, Sy eerste wonderwerk – wedergeboorte.

Jesus se eerste wonderwerk en ook die begin van Sy bediening aan die mens moes betekenisvol wees. Ons weet daar is altyd 'n dieper betekenis, in die eerste melding van 'n saak. Jesus het immers nie sommer bloot dinge gedoen nie. (Joh. 5:19-20, 30; 8:28; 14:30; 12:49). Waarom water in wyn? Dan nog die beste kwaliteit wyn? Tot wie se voordeel was die wonderwerk? Die gaste was sekerlik baie bly… maar die gevolglike moontlike dronkenskap? Hoe kan dit geestelik regverdig word? Sommige sê dat dit druiwesap was; is daar egter so ŉ groot verskil in die kwaliteit en smaak van druiwesap? Hoe dit ook al sy; Jesus het die proses van druiwe pluk, dit pars, die skeiding van die doppe en pitte, gisting, verheldering en veroudering alles in een oomblik vermag.

Wat is die betekenis van hierdie wonderteken?

Die ses kruike wat gebruik is in die Joodse reinigings rituele spreek van die ou leë rituele wat mense uitwendig reinig, maar nie by magte was om mense se innerlike te vernuwe nie. Die getal ses is die getal van die mens. Hulle moes dit volmaak, en hulle het dit tot bo gevul. Elke kan het tussen 90 en 100 liter water gehou, dus altesaam ongeveer 600 liter wyn! Aan die ander kant, was die hele gemeenskap gewoonlik genooi na 'n bruilof.

Die eerste plaag wat Moses verrig het, was water in bloed (Eks. 7:14-24). Die bloed van offers was egter nie genoegsaam om die natuur van die mens te verander nie. Jesus verander water in wyn! Wyn spreek van oorvloed, guns, vreugde en die werk van die Heilige Gees. Paulus vermaan die gemeente om nie dronk te word van wyn nie, maar om vol te wees van die Heilige Gees. (Ef. 5:18). Diegene wat die Heilige Gees ontvang het tydens Pinkster is as dronkaards uitgekryt (Hand. 2:13). Johannes se evangelie word saamgestel in sewe primêre fases waar daar van 'n spesifieke wonderwerk vertel word en dan volg die verduidelik en vergeesteliking van die spesifieke gebeurtenis. In hierdie geval volg die verhaal van die besoek van Nikodemus die Fariseër, en Jesus se lang verduideliking van wedergeboorte. (Joh. 3).

Ons menswees word verander en vernuwe, ons DNA word oorgeskryf in 'n oomblik!

Ons word volgens Paulus 'nuwe skepsels' (2 Kor. 5:17). Jesus verander die DNA van water en dit wat jare neem om te gebeur doen Hy in een oomblik. Die wonderteken in Kana dui op die omvang en krag van Jesus se bediening en werk. Hy het gekom nie net om ons te kom genees of aan te raak nie, Hy het gekom om ons te verlos van ons sondige natuur en ons nuwe mense in Hom te maak!

Ons probeer soms so hard om beter mense te wees. Ons werk aan onsself. Ons volg hierdie plan en lees daardie boek. Ons dissiplineer onsself tot die hou van sekere reëls en die volg van sekere doelwitte. Ons vermy sekere versoekings en probeer 'n reguit pad loop om God se guns en aanvaarding te bekom. Jesus doen dit alles in een oomblik! Hy verander ons geestelike DNA. Ons word Sy kinders! (1 Pet. 1:23); en volgens Johannes kan ons nie meer sondig nie, want ons is uit God gebore (1 Joh. 3:9). Ons menslike pogings tot heiligheid en goddelike karakter is futiel.

Die nuwe verbond wat Jesus vir ons beseël het, belowe 'n innerlike begrip en verstaan van God se hart en wil (Jer. 31:31-34). Hy skryf sy wette in ons hart. Goddelike karaktertrekke word 'vrug' en nie 'werke' nie (Gal. 5:22-23). Ons ontvang Sy gedagtes en sinne (1 Kor. 1:16). Dis die wonder van ware redding, dat Hy dit in ons werk om Sy wil te doen (Fil. 2:13).

Ons geur verander van die reuk van die dood na die geur van Sy kennis en heerlikheid (2 Kor. 2:14-16).

Ons ontvang Sy lig en word Sy lig (Ef. 5:8). Sonder om te probeer is ons Sy lig, wanneer Hy in ons kom woon deur Sy Gees. Ons word die tempel en heiligdom van God waardeur Hy Sy heerlikheid laat skyn (1 Kor. 3:16; 6:19; 2 Kor. 6:16).

HY maak ons ook vol, tot bo. Vol is 'n oorvloedsbegrip, geen halwe mates nie! So 'vul' hy ons met Sy persoon! Alles in een oomblik!!!

Wat moet ons doen om Hom te ontvang?

Eers niks… Hy was genooi na die bruilof. Hy kom na jou toe. Niemand kan na die Vader kom as Hy ons nie trek nie (Joh. 6:44). God se verlossingsplan begin deurdat Hy 'n boodskapper na ons wêreld stuur, wat die Woord aan ons verkondig. Ons hoor en verstaan die Woord en geloof word in ons harte opgewek. Ons roep Hom aan en redding word in ons harte uitgestort (Rom. 10:14-15). Dis die wonder van God se liefde wat elkeen van ons op Sy unieke manier trek en bedien.

Tweedens ons moet in Hom glo. Die gaste het almal vir Jesus by die bruilof gesien, maar Maria het in Hom geglo. Sy het geglo dat Hy enigiets sal kan doen. Sy het nie ander planne gemaak om wyn te kry nie, sy het in Hom die vermoë gesien tot 'n oplossing.

Derdens moet jy reageer en gehoorsaam wees aan dit wat Hy jou sê. Sy gaan in aksie oor en sê aan die slawe om presies te doen wat hy sê (v. 5). Hulle gehoorsaamheid aktiveer die wonderwerk van God. Die wonderwerk gebeur nie toe hulle die water in die kanne gegooi het nie, maar toe hulle die water na die seremoniemeester toe vat. Hy kon hulle wegjaag en afdank omdat hulle gewaag het om bloot water na hom toe te bring. Hulle het geweet dit is net water, maar toe die wonderwerk, die beste wyn! Wanneer ons glo in Sy Woord en daarop reageer om as nuwe mense te begin leef al voel ons nog niks, gebeur daar iewers iets bonatuurliks met ons. Hy maak ons nuut!

God is by magte om in 'n oomblik die vuilste sondaar te verander in 'n koningskind. Daardie sonde waaroor jy net nie oorwinning kry nie, Hy kan jou verlos in 'n sekonde! Jy het al soveel keer bely, maar val elke keer terug. Jy oorwin nie sonde deur net te bely nie, maar deur ook te glo dat Hy jou gaan help om dit nooit weer te doen nie. Jy is 'n nuwe mens! Kyk, al die ou dinge het verby gegaan, alles het nuut geword. As Hy water in wyn kan verander, dan kan Hy jou verander!!

## Jesus Staan Op Uit Die Dood!

Jesus se opstanding is die crescendo van Sy Revolusie!

Dit is in Sy opstanding, waar die Jesus revolusie ontstaan het!

*"We must thether the faith of this generation to the event that sparked the movement that brought us the Bible" Andy Stanley*

Dit is wesenlik belangrik dat ons as kerk moet onthou, dat die Jesus beweging nie begin het in die prediking van die OT wette of geskrifte nie. Die Jesus beweging se ontstaan en dryfkrag is en was nog altyd die opstanding van Jesus Christus. Sien Hoofstuk 1, oor meer bewyse van Sy opstanding. Die effek wat Jesus op mense gehad het, en later Sy storie soos oorvertel deur die dissipels, was die vlam en lewe van die beweging. Hierdie eerste gelowiges en volgelinge het ook geweldig gely, vir hulle geloof. Die opstanding van Jesus, was die hoof tema van alle prediking, en getuienisse, en gevolglike wonderwerke. Die opstanding van Jesus, is die kernpunt van die Christelike Kerk! Sommige wil die kernpunt die Bybel, wette en leerstellings, tradisies en oorleweringe van mense die middelpunt maak. Die spreekwoordelike Son van ons geestelike sonnestelsel is Jesus en Sy opstanding!

*"Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het*
*en waarin julle ook gevestig staan. 2Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die*
*boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom.*

*3Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir*
*ons sondes gesterf, volgens die Skrifte; 4Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die*
*Skrifte. 5Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf, 6en daarna aan meer as vyf honderd broers*
*tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe. 7Daarna het Hy aan Jakobus*
*verskyn en toe aan al die apostels. 8Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn.*

*9Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie, omdat*
*ek die kerk van God vervolg het. 10Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is.*

*11In elk geval, of dit ek is of hulle—dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het.*

*Die opstanding van die dooies*

*12 As ons dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party van julle nog beweer*
*dat daar geen opstanding van die dooies is nie? 13 As daar geen opstanding van die dooies is nie,*
*beteken dit dat Christus ook nie opgewek is nie. 14 En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking*

*sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud. 15 Verder sou dit beteken dat ons vals getuienis oor God afgelê het, omdat ons teen God in getuig het dat Hy Christus opgewek het. As dit dan waar is dat die dooies nie opgewek word nie, het Hy Christus ook nie opgewek nie. 16 As die dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. 17 En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes. 18 Dan is ook dié wat in Christus gesterf het, verlore. 19 As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. 20 Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het.*" (1 Kor. 15:1-20).

Daar word vertel dat Ignatius (± 50-115 n.C.), die biskop van Antiogië, 'n inwoner van Sirië en 'n leerling van die apostel Johannes, "vir die wilde diere in die Colosseum in Rome gegooi is. Hy het sy sendbriewe geskryf gedurende sy reis van Antiogië na sy marteldood". In 'n tyd toe hy ongetwyfeld helder van verstand sou gewees het, sê hy van Christus: Hy is gekruisig en het gesterf onder Pontius Pilatus. Hy is werklik gekruisig, nie net bloot oënskynlik nie, en het gesterf, voor die oë van wesens in die hemel en op die aarde en onder die aarde. Hy het ook na drie dae opgestaan …

Pous Benedict die 14de het in die 18de eeu 'n kruis gehang, in die Keiser se ingang, van die Colosseum, om hulde te bring aan die duisende christene wat in hierdie 50000 sitplek arena vir hulle geloof in Jesus om die lewe gebring is. [99]

Josefus, 'n Joodse historikus wat aan die einde van die eerste eeu n.C. geskryf het, bied hierdie fassinerende gedeelte in Antiquities, 18.3.3: Daar was in hierdie tyd Jesus, 'n wyse man, as dit geregverdig sou wees om hom 'n man te noem, want hy het wonderlike dade gedoen, 'n leermeester van mans wat die waarheid met vreugde ontvang. Hy het baie Jode na hom toe aangetrek, en ook baie Grieke. Hierdie man was die Christus. En toe Pilatus hom tot die kruis veroordeel het, nadat hy beskuldig is deur die belangrikste mans onder ons, het dié wat hom van die begin af liefgehad het, Hom nie in die steek gelaat nie, want Hy het op die derde dag weer lewend aan hulle verskyn, soos die Goddelike profete hierdie en tienduisende ander wonderlike dinge oor hom voorspel het. En selfs nou het die groep Christene, só na hom vernoem, nie uitgesterf nie (Josefus, AJ, 18.3.3).

'n Boek wat ek regtig kan aanbeveel oor die onderwerp is, 'Irresistible – reclaiming the new that Jesus presented to the World', van Andy Stanley. Hy waarsku dat die kerk ernstig sal moet wakker word tot die realiteit wat jongmense en die volgende generasie soek. Hulle soek 'n persoon, nie 'n dogma nie, en nie die afgewaterde tweedehandse oorgelewerde tradisies van mense nie. Hulle is akademies belese, hulle het die wêreld gesien, en hulle meng wyd tussen verskillende gelowe en mensegroepe. Die kerk moet terugkeer na die revolusionêre radikale persoon van Jesus, wat teen die norme van Sy dag 'n eenvoudige, tog relevante leefwyse geleef en voorgestel het.

---

[99] STANLEY, A. (2020). *IRRESISTIBLE*. [S.l.]: ZONDERVAN.

# Hoofstuk 37

## JESUS: APOSTEL, PROFEET, EVANGELIS, LERAAR EN HERDER

"...om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus." Ef. 4:11

**SOOS** die Here baie spesifieke spesifikasies gehad het by die bou van die tabernakel, of tent van samekoms, net so het die Here bepaalde voorskrifte oor hoe Sy liggaam, kerk moet funksioneer (Eks. 25:40; 26:30; 2 Tim. 1:13; Heb. 8:5). Natuurlik is die heel belangrikste spesifikasie dat Jesus Christus die hoeksteen is (Matt. 21:42).

"*En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was; want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader. So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God, gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is, in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here, in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees*." (Ef. 2:17-22).

### Niemand kan Jesus in persoon ooit vervang nie:

Om lief te hê soos Jesus is nie vir ons as mens moontlik nie. Ons haal net glad nie Sy standaard nie, maar gesamentlik as Sy liggaam, is dit wel moontlik om Sy liefde aan die wêreld te demonstreer. Daarom het Jesus toe Hy opgevaar het, vyf verskillende dele van Homself as gawes gegee om die kerk in volwassenheid in Christus te bring. "*Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met Sy teenwoordigheid te vul. En dít is die "gawes" wat Hy "gegee het": apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars. Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus*." (Ef. 4:10-12).

### Jesus vergestalt al die vyf gawes gegee aan die kerk:

Wat is die sogenaamde vyfvoud bediening? Vir die kerk om volkome in Christus te wees, moet dit blootgestel word en die genade ontvang wat in elkeen van hierdie vyf gawes opgesluit is. Elke gawe is uniek in hulle funksie, fokus, passie, persoonlikheid en benadering. Soos 'n huis bestaan uit verskillende elemente soos 'n fondasie, mure, vensters en deure, dak, binnenshuise versiering, elektrisiteit en loodgieterswerk, so bestaan God se liggaam ook uit verskillende dele en funksies.

Volgens Rick Warren kry 'n mens vyf verskillende kerke:

*The Soul Winning church.* Die kerk word deur 'n evangelis gelei. Feitlik elke Sondag word daar gefokus om mense te kry om 'n oorgawe te maak, en derhalwe kom baie mense tot bekering. Die gemeente groei met baie nuwe mense, maar hulle hou nie die mense nie.

*The experiencing God church.* Die gemeente word deur 'n profetiese leier gelei. Die fokus is op profesie, ervarings, drome, gesigte en geestelike belewenisse. Gebed, aanbidding, en emosionele ervarings is belangrik.

*The family reunion church.* Die gemeente word deur 'n herderlike leier gelei. Die fokus is op gesonde mense verhoudinge, en om almal geukkig te hou. Die pastoor is gewoonlik almal se vriend, en baie toeganklik. Vrede, goedgunstigheid en familie is belangrik.

*The classroom church.* Die gemeente word deur 'n leraar gelei. Goeie Bybelstudie en Skrif eksegese is belangrik. Daar is 'n duidelike fokus op die regte inligting en die Waarheid. Mense word aangemoedig om verskeie kursusse te volg.

*The social conscience church*. Die gemeente word deur 'n apostoliese leier gelei. Die gemeente is prakties besig in hulle gemeenskap, en wil 'n sosiale verskil maak. Waarheid, Dogma, en akkuraatheid is belangrik. Elke lidmaat moet werk, en betrokke wees.

Die waarheid is duidelik: Elke gemeente moet blootgestel wees aan al vyf hierdie bedieninge. Al vyf hierdie fokus areas is belangrik vir ons geestelike groei.

Dit is interessant dat die Purpose Driven model eintlik al hierdie bedieninge insluit, net met ander benaminge.

Magnify – we celebrate God's presence in worship (Prophetic).

Mission – we communicate God's word through evangelism (Evangelistic).

Membership – we incorporate God's family into our fellowship (Pastoral).

Maturity – We educate God's people through discipleship (Teacher).

Ministry – We demonstrate God's love through service (Apostolic).

Dit is duidelik dat vir die kerk om 'n gesonde en gebalanseerde plek van geestelike groei te wees, moet die lede aan al vyf hierdie gawes, bedieninge en fokus blootgestel word. Lede wat deel is van sodanige kerke sal versnelde persoonlike geestelike groei ervaar binne 'n **atmosfeer van korporatiewe verandering**. Gewoonlik wanneer een van hierdie aspekte oorbeklemtoon word ten koste van 'n ander, is die gevolg dat die kerk 'n wanvoorstelling van Christus word.

**Daarom is dit belangrik dat die kerk hierdie vyf gawes eers in Christus se bediening sal herken, en dan in mekaar in Sy liggaam.** Deesdae bemark die gesondheid revolusie weekliks vir ons nuwe diëte, oefen programme, en wondermiddels tot 'n meer gesonde lewe. Jesus het egter klaar bepaal wat die instrumente en katalisators is vir optimale geestelike groei.

## Wat Is 'n Apostel?

Die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis is Christus Jesus (Heb. 3:1).

Die woord apostel is nie vreemd tot die kerk nie. Die ortodokse en katolieke kerk gebruik die term en titel al vir eeue. Dit was met die reformasie, dat daar wegbeweeg is van titels, en die misbruik van mag. Die term het onder protestante in vergetelheid verval, en is net deur sekere sekte groeperinge gebruik.

Die Griekse woord apostel kom 81 keer voor in die NT. Die woord kom nie in die OT voor nie, want die woord het nog nie bestaan nie. Die woord is deur die Grieke geskep om die begrip te verduidelik van waar hulle leiers uitstuur na die koninkryke wat hulle oorwin het, om die kultuur te vergrieks. Jesus kon sy dissipels, priesters of rabbi's genoem het, maar hy verkies die griekse begrip om die pilare van die kerk te wees. Die woord word een keer elk in Matthëus en Markus,

ses keer in Lukas en 30 keer in die boek Handelinge van die Apostels gebruik. Die orige 38 keer word die woord deur Paulus gebruik in sy briewe.

## Betekenis Van Die Woord

'n Moderne vertaling van die woord sal wees sendeling. Want in wese is dit wat die woord Apostel beteken. 'apo' van 'stello' stuur:

1. Een gestuur (apo, van stello- tot stuur), ambassadeur, agent, gesant, boodskapper gestuur, op 'n missie, diens, sake, opdrag of geregtelik, draer van 'n kommissie.
2. Vloot, 'n ekspedisie, seevaart en militêre ekspedisies.

## Die eerste melding van 'n apostel in die Nuwe Testament is in die lewe van Jesus self.

In sy laaste gebed het Jesus verklaar dat die Vader Hom (Joh. 17:3,4) gestuur het. "...*en Jesus Christus wat U gestuur het. Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring".* Gedurende Sy lewe het Hy die Vader se naam geopenbaar... (Joh. 17:6), Hom op aarde verheerlik (Joh. 17:4) en Hom so volkome voorgestel dat jy Hom, *die Vader*, gesien het toe jy Hom sien. "*Hy wat My gesien het, het die Vader gesien*." (Joh. 14:9). Jesus is gestuur as ambassadeur en die Vader se afgevaardigde. Hy was waarlik die eerste apostel, nie net in tyd nie maar in voorrang. Trouens, Hebreërs maak dit duidelik wanneer dit hom beskryf as "die Apostel en Hoëpriester van ons belydenis." (Heb. 3:1). Jesus het nie Sy apostels gevra om iets te doen wat Hy self nog nie gedoen het nie (Matt. 10:2). Daarom, wanneer ons die NT oorweeg vir getuienis vir apostolos, begin ons met die patroon vir alle ander – Jesus Christus.

**COMMISSION:** God is a God of motion, of movement, of mission. Or, as it is popular nowadays to say, "two-thirds of the word God is go." Everyone is here on assignment. Everyone is on a mission. Everyone is a missionary. Every Christian has an apostolate to fulfill - André Pelser.

The first word of the "Great Commission" is "Go" (KJV). A little less than two hundred times does the Bible instruct us to "go."[45] Never once does the Bible instruct us to "hide." Only about thirteen times does it tell us to "stay." But the "staying" instructions keep us next to Jesus. And the only times we're told to "stay" are to wait for instructions from Jesus so that we can best "go."

(The only true voyage of discovery, the only fountain of Eternal Youth, would be not to visit strange lands but to possess other eyes.) —Marcel Proust.

This is one reason why the Gospels are filled with travel metaphors. Len Hjalmarson brilliantly elaborates the difference between a temple spirituality and a tabernacle spirituality; the former being priest-centric, the latter being road-centric.

**PRAKTIES**:

Iets gebeur in jou, wanneer jy op 'n sending gaan. Daarom bied baie kerke sending uitreike aan, en almal wat al so 'n reis meegemaak het, sal erken dat die omstandighede, die bediening aan 'n vreemde kultuur groep, iets binne jou losmaak. Jy voel belangrik, jy voel bemagtig, jy voel jy maak 'n verskil! Die reisende aspek van die evangelie, staan sentraal tot Jesus se tempel afbreek en in drie dae herbou narratief. Die vroeër kerk het eksponensieel dramaties gegroei, en die hele klein Asië, in minder as dertig jaar gekersten. "*Maar toe sommige hulle verhard en ongehoorsaam was en voor die menigte aanhou kwaadspreek van die Weg, het hy van hulle weggegaan en die dissipels afsonderlik geneem en elke dag in die skool van 'n sekere Tiránnus samesprekinge gehou. En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke*." (Hand. 19:9-10).

**Luk. 7:3 - Jesus is gestuur deur die Vader:**

Om 'n gestuurde te wees impliseer dat:

Jy namens iemand praat en optree. Jy is nie meer deel van 'ons' nie. Soos Jesus gestuur is, stuur Hy ons ook (Joh. 20:21).

Soos skape tussen die wolwe in (Matt. 10:3).

Ons moet ook bid dat die Here arbeiders sal stuur (Matt. 10:2).

**Gestuurde, afgevaardigde, beroep, verteenwoordiger.**

Om 'n gestuurde te wees gee jou 'n sekere mandaat en gesag om namens die een wat jou gestuur het op te tree (Joh. 13:20).

"*Laat u koninkryk kom*", staan in teenstelling met elke keer wat Jesus verklaar het: "*die Koninkryk HET naby gekom*" (Matt. 4:12). Jesus leer ook Sy dissipels om te verklaar wanneer hulle in 'n plek kom: "*Vir julle is die koninkryk van God baie naby*" (Matt. 10:9); en selfs as die mense die boodskapper nie ontvang nie. "*Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby*" (Luk. 10:11). Ons bid soms te lank dat die koninkryk nog moet kom, terwyl as Jesus in die plek is, het die koninkryk gekom.

Ons wil die heeltyd Jesus aantrek, bysit, soos Hy wees, probeer geestelik wees, probeer Christen wees. Toe jy tot bekering gekom het, het Jesus in jou kom woon deur Sy Heilige Gees, en jou 'n nuwe skepsel gemaak. Hy is dus alreeds in jou!

**Jesus sê vir Sy disspels:**

*"Gee julle vir hulle iets om te eet"* (Mark. 6:37);

... "*maak die mense gesond"* (Matt. 10:9);

..."*maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses*";

..."*dryf bose geeste uit"*;

*"Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet"* (Matt. 10:8).

Die Koninkryk is in ons (Luk. 17:21). Die Here woon tussen die lofprysing van Sy kinders, en met Hom as ons Vader, een geloof, doop en hoop, spreek van Sy Koninkryk in ons midde (Kol. 1:27).

Daarom die instruksie om nie **voorsiening** te maak of saam te neem nie (Luk. 10:9). God sal voorsien, Hy sal sorg, Hy sal ons beveilig. Dis 'n wonderlike voorreg om in diens van God, Sy ambassadeur te wees. Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou. (2 Kor. 5:18).

Die boodskap gaan nie maklik ontvang word nie. Daar wag **vervolging** (Matt. 10:16-18). Want as hulle dit met die Seun van God kan doen, dan sal ons nie vrykom nie (Matt. 10:24-25). Ons kan nie die boodskap aanpas en afwater om vervolging vry te spring nie. Maar ons verteenwoordig nie onsself nie. Hy is 'n lewende God, wat eersdaags almal gaan oordeel volgens hulle werke.

"The devil's greatest commission is to prevent you from finishing your commission."

**Alles wat bedek is sal openbaar gemaak word:**

Een van die vyand se belangrikste tegnieke van vervolging is om ons in **diskrediet** te bring (Matt. 10:26-27). Maar God sal uiteindelik die rekords regstel, ons hoef nie onsself te verdedig nie.

*"Die vyand kan nie ons siel doodmaak nie. Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die*

*hel kan laat vergaan."* (Matt. 10:28). *"Elke haar op ons hoof is getel, en dus weet die Here van elke detail van ons lewe."* (Matt. 10:30).

*"As gestuurdes leef ons nie meer vir onsself nie, maar vir Hom wat ons gestuur het."* (Matt. 10:38-39).

*"Ons as gestuurdes word die deur, ingang,* "entrypoint" *vir mense om God te kan ontvang."* (Matt. 10:40-41).

> "Want to follow Jesus? Leave the church. Get out of the church. Leave. I mean it. Right now. Get out of here. Scram. Now. Out of here. Did you hear me? … Leave this church. Now! Jesus says, 'Go Do Me.' Go be Jesus."

## Die Profeet

*"Dit is Jesus, die profeet, van Násaret in Galiléa"* (Matt. 21:11).

Jesus het telkemale na Homself verwys, dat 'n profeet nie tussen sy eie mense erken word nie. (Matt. 13:57; Luk. 4:24-27; Joh. 4:44). Hy self spreek 'n profetiese oordeel, en waarskuwing, wat in 70 n.C. woord vir woord vervul is (Luk. 21:20–24).

### Verskillende Gebruike Vir Profesie:

- Profesie as waarskuwing – Josef (Matt. 2:13); die Wyse manne (Matt. 2:12),
- Profetiese boodskap oor die toekoms – Agabus (Hand. 11:27-28),
- Profetiese bemoediging – (1 Kor. 14:3-4),
- Profetiese oordeel – Jesus (Jerusalem – Luk. 13:34-35 en 19:41-44); (Górasin, Betsáida, Kapérnaüm - Matt. 11:20-24),
- Profeteer lewe – die dooie bene (Eseg. 37:9-10),
- Profeteer met die oog op Christus – (2 Pet. 1:19 en Op. 19:10),
- Profeteer iemand se roeping. Simeon (Luk. 2:29-31) en Anna die profetes (Luk. 2:36-38). Johannes die doper se toekoms deur sy pa. (Luk. 1:67-79).

### Verskillende Profete in die NT:

- Anna (Luk. 2:36)
- Agabus (Hand. 11:28; 21:10-11)
- Individue (Hand. 13:1)
- Judas en Silas (Hand. 15:32)
- Die dissipels by Troë (Hand. 21:4)
- Fillipus se vier dogters (Hand. 21:9)
- Ananias (Hand. 9:10-18)

### Hoekom is Profesie Belangrik?

"...*waarop julle tog moet ag gee*..." 2 Pet. 1:19,

"...*julle moet die woorde onthou van die profete*..." 2 Pet. 3:2,

"...*moenie profesieë geringskat nie*" 1 Thess. 5:20,

"*...sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry*" 1 Tim. 1:18,

*"Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie."* Amos 3:7.

## Die Evangelis

"*...die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was*." (Luk. 19:10).

Die woord evangelis beteken bloot: **die draer van goeie nuus.**

Die werk van die evangelis is mees belangrik: as niemand tot inkeer kom nie, is daar niemand om te leer, te versorg, of te stuur nie. Daarom sien ons Jesus se gedetermineerde fokus gerig op "gaan"... ek moet ander gaan vertel. "*Ek moet aan die ander stede ook die evangelie van die koninkryk van God bring, want daarvoor is Ek gestuur."* Luk. 4:40-43.

**Die woord Evangelis kom net 3 keer in die Bybel voor:**

*"Filippus, die evangelis, wat een van die sewe diakens was, en by hom gebly*." (Hand. 21:8-9).

*"Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis; vervul jou bediening."* (2 Tim. 4:1-5).

Valse Evangeliste: "*Maar al sou ons of 'n engel uit die hemel julle 'n evangelie verkondig in stryd met die wat ons julle verkondig het, laat hom 'n vervloeking wees*!" (Gal. 1:8-9). Paulus beklemtoon hierdie stelling deur dit te herhaal!

Die beste voorbeeld van hoe ontmoeting en gesprek daartoe lei dat nie net een persoon nie, maar 'n hele gemeenskap, tot inkeer kom - Joh. 4.

### Getuienis:

Ons is **geroep** om Sy getuies te wees ...

Ons getuig nie meer nie. Het ons ons krag verloor? Is daar plek in ons dienste vir getuienis?

Ek is 'n getuie van **goeie nuus**! Ek is nie 'n getuie van ou goed, en stories nie.

Jy getuig van iets van **regtig gebeur** het.

Ek is 'n getuie van die Here Jesus Christus, nie voor die kerk nie, maar **voor die wat nie glo nie.**

Jou getuienis bring **hoop**!

Jou getuienis is nie 'n teaching nie. Jy "bible-bash" nie mense nie. Jy bring getuienis vir Jesus aan mense wat nog **twyfel**. Ons moet ons stories vertel! Jongmense moet ons storie hoor.

Ons moet **tydig en ontydig** ons storie vertel.

Jou getuienis moet 'n **soet reuk versprei**. Hoe wonderlik klink die voetstappe van die wat die Woord verkondig en getuig van sy werking in hulle lewe (Jes. 53:7). Jou storie is uniek! Daarom moet ons ons storie vertel.

**Wag jou kans jou af.** Jy dra verantwoordelikheid, wees respekvol. Dink aan die plegtigheid van die hof, waar jy as getuie moet optree. Ons moet respekvol, eerbiedig, nie bakleierig, soek nie sy eie belang nie. Ons getuienis word nie gebruik vir selfsugtig voordeel nie. Ons getuig van Jesus!

Wanneer ons **getrou** is om te getuig van Jesus sal Hy saamwerk en verdere bewyse deur jou werk om jou woord en getuienis te bevestig. Hoe toets jy 'n evangelis? Jy toets hom aan sy konsekwentheid tot die woord van Sy getuienis, en die wonderwerke wat hom volg. As die Here

jou genees het, gaan bid vir siekes na jy getuig het. As die Here jou verlos het van slawerny, bid vir die slawe om vry te word, en jy sal bevryding sien.

Die kerk gaan nie vir jou 'n **geleentheid** skep vir jou getuienis nie, jy moet jou eie platform skep! Matt. 11: "*niemand ken die Vader, behalwe die seun nie, en die wat die seun kies om homself bekend te maak*." Jesus het nie sommer net onwillekeurig met almal gepraat nie, Jesus het Homself bekend gaan maak aan die wat die Vader Hom gewys het. Ons is gestuurdes. Vra die Here na wie toe Hy jou wil stuur. Wie kies die Here, aan wie wil Hy Homself bekend maak.

1 Kor. 15:2: Die **kern** van die evangelie is die **opstanding** van Jesus Christus, Hy leef! Ons bediening is daarop gerig dat mense Jesus se opstanding in ons lewe sal kan sien. Dit is Jesus wat lewe gee en lewe bring!

Jy is 'n verteenwoordiger van die waarheid wat **vrymaak**! Moenie mense nog meer vasbind met jou reëls en regulasies nie, maak mense vry! Daar is nie veroordeling in die evangelie nie, net vir die wat dit nie aanvaar nie. Jy roep die onmoontlike as moontlik. Ons is dood vir die wêreld!

## Die Leraar

"*...want een is julle leermeester: Christus*." (Matt. 23:8-10),

### Jesus Was 'n Gans Anderse Tipe Leraar:

*"...was die skare **verslae** oor sy leer."* (*Matt. 7:28*),

*"...groot menigte het **graag** na Hom geluister."* (*Mark. 12:37*),

*"Hulle was **verstom** oor sy leer."* (*Mark. 1:22*),

*"**Nog nooit** het iemand gepraat soos hierdie man nie."* (*Joh. 7:46*).

**Tog het Jesus nie mense se ore gestreel nie, en net gesê wat hulle wou hoor nie:**

*"....en hulle het opgestaan en Hom uit die stad uitgedryf en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle stad gebou was, om Hom van die krans af te gooi*." (*Luk. 4:29*);

"*Hieroor het baie van Sy dissipels teruggegaan en nie meer saam met Hom gewandel nie*." (*Joh. 6:66*);

"*Sê ons nie met reg dat U 'n Samaritaan is en van die duiwel besete is nie?*" (*Joh. 8:48*);

"*Wee julle wanneer al die mense goed van julle praat, want hulle vaders het net so aan die valse profete gedoen*." (*Luk. 6:26*).

Jesus het **seënspreuke** (*Matt. 5:3–12),* uitgespreek, maar ander kere het hy ernstige **waarskuwings** van komende **oordeel** gespreek (*Matt. 23:13-39*):

**Hy het geleer en gedemonstreer**:

"*...elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak…*" (*Matt. 4:23; Matt. 9:35*; *Luk. 9:6*; *11:20*).

"*Aangesien Ek deur die Gees van God die bose geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom*." (*Matt. 12:28*).

*"...met betrekking tot Jesus van Násaret, hoe God Hom gesalf het met die Heilige Gees en met krag. Hy het die land deurgegaan, goed gedoen en almal genees wat onder die mag van die duiwel was, omdat God met Hom was*." (*Hand. 10:38*).

*"...en my rede en my prediking was nie in oorredende woorde van menslike wysheid nie, maar in die betoning van gees en krag, sodat julle geloof nie in wysheid van mense sou bestaan nie, maar in die krag van God."* (*1 Kor. 2:4-5*).

*"...want die koninkryk van God bestaan nie in woorde nie, maar in krag."* (*1 Kor. 4:20*).

**Jesus Het Met Geestelike Gesag Geleer:**

"*Die die owerpriesters en die skrifgeleerdes saam met die ouderlinge by Hom staan en vra oor Sy gesag*." (*Luk. 20:1-8*);

*"...want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie."* (*Matt. 7:29*).

Jesus het op verskillende plekke, op verskillende maniere mense geleer:

Sinagoge: *Matt. 4:23*; Verlate plek: *Matt. 15:38*; Op reis: *Luk. 13:22*; Vanaf 'n boot: *Matt. 5:3*; Tempel: *Matt. 7:14*; Huise: markplein, ens.

**Jesus het met ware deernis geleer:**

*"En toe Jesus uitklim, sien Hy 'n groot menigte, en Hy het vir hulle innig jammer gevoel, omdat hulle soos skape sonder herder was; en Hy het hulle baie dinge begin leer*." (*Mark. 6:34*).

**Jesus kon die akademiese leiers ore aansit:**

"*En op een van dié dae was Hy besig om te leer; en Fariseërs en wetgeleerdes wat gekom het uit elke dorp van Galiléa en Judéa en uit Jerusalem, het daar gesit, en daar was krag van die Here om hulle te genees*." (*Luk. 5:17*).

**Jesus was toeganklik, selfs sondaars wou na hom luister:**

*"En die Fariseërs en die skrifgeleerdes het baie gemurmureer en gesê: Hierdie man ontvang sondaars en eet saam met hulle*." (*Luk. 15:2*); "*En terwyl Hy in sy huis aan tafel was, kom daar baie tollenaars en sondaars saam met Jesus en sy dissipels aan tafel; want daar was baie, en hulle het Hom gevolg."* (*Mark. 2:15*).

**Jesus het mense se nood eerste gestel:**

Genesing van 'n lam vrou op die sabbat (*Luk. 13:10-17*).

**Jesus het mense uitgedaag tot aksie:**

Die verhaal van Petrus wat op die water loop, die vermeerdering van die brode, en toe Hy die storm stilmaak, was met die oog op die dissipels se aktivering om ook bonatuurlike dade te verrig.

**Jesus het mense geleer hoe om dit self te gaan doen:**

Na net drie maande stuur Jesus Sy dissipels uit om te gaan doen wat Hy doen (Matt. 10),

Jesus leer ons om in die openbaar te bid (*Luk. 11:1*).

**Hy het moeilike konsepte maklik gemaak deur sy gelykenisse**:

*"En Hy het hulle baie dinge geleer deur gelykenisse… en sonder gelykenis het Hy tot hulle nie gespreek* nie." (*Mark 4:2, 34).* Ons onthou vandag nog hierdie gelykenisse en stories.

**Jesus het primêr van gelykenisse en vrae gebruik gemaak om mense te leer. [100]**

Sien hierdie lys van 100 vrae wat Jesus gevra het tydens sy prediking. Jesus wou dus hê mense moes dink, hulle moes dit vir hulleself uitwerk. [101]

## Die Pastoor

*"Ek is die goeie herder."* (Joh. 10:11).

Buiten die profetiese rol, is die herderlike rol bekend vir die OT gehoor. Ons onthou vir Jeremia wat die herders van Israel uitdaag oor hulle valsheid en dubbel standaarde. (Jer. 34:1-5). Jesus kom dus as die goeie Herder, en is vir ons 'n voorbeeld van hoe om vir die mense te sorg oor wie Hy ons aangestel het. *"Want julle was soos dwalende skape, maar nou het julle teruggekeer na die Herder en Opsiener van julle siele."* (1 Pet. 2:25).

*"En toe Hy die skare sien, het Hy innig jammer gevoel vir hulle, omdat hulle moeg en uitgeput was, soos skape wat geen herder het nie. Toe sê Hy vir sy dissipels: Die oes is wel groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here van die oes, dat Hy arbeiders in sy oes mag uitstuur*." (Matt. 9:36). Die oproep vir arbeiders in hierdie konteks is dus nie vir evangeliste nie, maar wel vir herders wat bereid is om die skape/kudde pastoraal te versorg.

Die rol van die pastor is aan die uitsterf. Dit is eenvoudig te moeilik. Mense het nie meer maklike moeilikheid nie. Na baie self-help en rondhardloop, kom mense meestal te laat by die pastor. Die pastor is nie 'n reisende bediening wat net kom en gaan nie. Jy beleef, en loop saam deur mense se leed en pyn. Om te preek en 'n offerande te kry is maklik, en wonderlik. Dis meestal positief, en mense hou van die andersheid, en nuutheid van 'n besoekende prediker. Maar die herder wat al vir twintig jaar tussen sy mense woon, en hulle versorg, verdien die hoogste eer. Hulle moet meestal deel met die vrae en probleme, wat die besoekende prediker nie tyd voor gehad het om te verduidelik nie.

**Herderlike versorging vereis geduld, en konstante dieselfde wees.** Sy gesin en leefwyse is ook meer in die openbare oog. Die besoekende prediker kan sy beste voet voorsit, maar die lokale pastor, moet elke dag sy beste voet voorsit, en voorhou.

**Ons word spesifiek opdrag gegee om die skape te versorg.***"Hou as herders toesig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewilliglik; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde*." (1 Pet. 5:2–4).

*"Gee dan ag op julleself en op die hele kudde waaroor die Heilige Gees julle as opsieners aangestel het om as herders die gemeente van God te versorg, wat Hy deur sy eie bloed verkry het."* (Hand. 20:28-29).

Petrus, die leier van die Kerk, kry 'n herderlike opdrag (Joh. 21: 15-17):

*"Laat my lammers wei..."*

*"Pas my skape op..."*

*"Laat my skape wei..."*

[100] The Life of Christ – Dr Roy M. Grey, Miracle Bible College
[101] http://blog.adw.org/2017/01/100-questions-jesus-asked-answer-2/

Die term ouderling sluit die vyfvoudige bedieninge in, en enige iemand wat aan die leierskap van 'n gemeente staan. Die riglyne en voorvereistes vir ouderlinge is dus belangrik om op te let. Mense word nie as ouderlinge verkies op grond van hulle populariteit, status en aansien in die gemeenskap nie. Ouderlinge is geestelike mense, wat al 'n sekere vlak van volwassenheid bereik het, om ander te kan leer.

*"Dit is 'n waar woord: as iemand graag ouderling wil wees, begeer hy 'n voortreflike werk."*

*"'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig; hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar inskiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie. Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen. Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem? Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland. Ook by die mense buite die gemeente moet hy as 'n goeie man bekend staan, sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in 'n strik van die duiwel val nie."* (1 Tim. 3:1–16).

*"...in elke dorp ouderlinge moet aanstel soos ek dit aan jou opgedra het. 'n Ouderling moet onberispelik van gedrag wees; hy moet aan sy vrou getrou wees, en sy kinders moet gelowig wees en nie die naam hê dat hulle losbandig lewe en teen gesag in opstand kom nie. 'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God. Daarom moet hy onberispelik van gedrag wees, nie aanmatigend en opvlieënd nie, nie 'n dronkaard of 'n rusiemaker of 'n soeker na oneerlike wins nie. Hy moet gasvry wees, lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers. Hy moet vashou aan die betroubare woord waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê."* (Tit. 1:5–9).

*"Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee, want die Skrif sê: "Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie," en ook: "Die arbeider is geregtig op sy loon." 'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word. Dié wat verkeerde dinge doen, moet jy openlik bestraf sodat die ander ook afgeskrik kan word."* (1 Tim. 5:17).

*"Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.*" (Heb. 13:7).

*"Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie."* (Heb. 13:17).

# Hoofstuk 38

## Die Liggaam van Jesus

**ONS** het alreeds gesien hoe revolusionêr Jesus werklik was. Hy gaan die tempel afbreek en binne drie dae herbou, die seremoniële wette word gereduseer na net twee grondreëls, 'n eksklusiewe etniese geïsoleerde godsdiensgroepering word toeganklik vir almal. Jesus sterwe 'n grusame dood, maar op die derde dag staan Hy op uit die dood.

### Jesus Begin 'n Beweging – Nie 'n Formele Struktuur Nie

Ons het intussen geleer dat hierdie nuwe tempel uit lewende stene (mense) bestaan (1 Pet. 2:5); dat Hy vyf gawes, soos die vyf hoof organe, gegee het om die liggaam te voed en te versterk vir Sy Liggaam se dienswerk (Ef. 4:11-16).

Die getal Christene het in die eerste eeue besonder vinnig gegroei. "*En dit het twee jaar lank geduur, sodat al die inwoners van Asië die woord van die Here Jesus gehoor het, Jode sowel as Grieke.*" (Hand. 19:10).

Volgens Dreyer se historiese perspektief op kerkwees[102] was die eerstehandse betroubare getuienis, bonatuurlike gawes, die sending-gedrewe fokus en die bereidwilligheid om opofferings te maak (selfs gemartel te word), die hoofredes vir hierdie groei. Verder is die waardestelsel van die Christelike geloof wat Jesus Sy dissipels geleer het, nie in geskrifte bewaar nie, maar uitgeleef. Waardes soos barmhartigheid, wedersydse ondersteuning, selfbeheersing, respek vir lewe en liefde het talle mense oortuig dat die Christelike geloof van waarde is. [103]

Een van die kenmerkende waardes van die vroeë Christene was hulle respek vir lewe as 'n gawe van God. Hulle het nie deelgeneem aan praktyke soos kindermoord, aborsie of die verkoop van kinders aan slawehandelaars nie. In die eerste eeue na Christus was dit algemene gebruik om ongewenste kinders buite die dorp weg te gooi sodat wilde diere hulle opvreet. In die Germaanse wêreld is die verhaal van Hansie en Grietjie wat in die bos gelaat is omdat die ouers nie meer vir hulle kon sorg nie, bekend. Hulle waardes was:

- Doen **goed** aan mekaar.
- **Vermy** boosheid soos diefstal, bedrog en jaloesie.

102 Dreyer, W.A., 2016, 'Historiese perspektief op kerkwees', in 'Praktiese ekklesiologie – Kerkwees in die 21ste eeu', *HTS Teologiese Studies/Theological Studies*, suppl. 10, 72(5), a4378. http://dx.doi.org/10.4102/hts.v72i5.4378

103 Schor, A.M., 2009, 'Conversion by the numbers: Benefits and pitfalls of quantitative modelling in the study of early Christian growth', *Journal of Religious History* 33(4), Bl 478.

- Betoon **gasvryheid** aan vreemdelinge.
- **Versorg** mekaar en deel kos met mekaar.
- Bewys **barmhartigheid** teenoor alle mense.
- Behartig die versorging en verpleging van **siekes**.
- **Huishoudings** getuig van waardigheid, verantwoordelikheid, pligsbesef, eerbaarheid en gehoorsaamheid.
- **Etniese verskeidenheid** word aanvaar.
- **Vroue, kinders en slawe** word met **respek** behandel.
- **Respek vir lewe voorkom aborsie en kindermoord**.
- Martelaarskap en die bereidheid om "**jou kruis op te neem**".[104]

**Die vraag is: Waar het die kerk hierdie passie en fokus verloor, en hoe kry ons dit terug?**

Die term christelik is vandag 'n verwronge verdraaiing van hierdie eertydse waardes van die volgelinge van die Weg.

Ons moet eenvoudig terugkeer na die implementering van die leer en lewe van Jesus Christus. Ons het egter blind geword vir van hierdie begrippe en moet dit weer in die konteks en milieu van Jesus se tydvak verstaan. Soos met 'n telefoonspeletjie se boodskap wat verdraaid raak in die oordrag, moet mens die regte boodskap by die oorsprong kry.

Jesus kies twee nuwe begrippe in daardie tyd: moderne begrippe om die nuwe beweging wat Hy inisieer, te verduidelik.

## Apostoliese Sending

Die Griekse woord apostel kom 81 keer voor in die NT. Die woord kom nie in die OT voor nie, want die woord het toe nog nie bestaan nie. Dit beteken ambassadeur, agent, gesant, boodskapper gestuur, op 'n missie, diens, sake, opdrag of geregtelik, draer van 'n kommissie.

## Ekklesia

Die tweede nuwe woord en begrip wat Hy gebruik is die woord ekklesia: "an assembly of called out ones." Net die OV vertaal hierdie woord korrek: gemeente, samekoms, vergadering, spesiale byeenkoms. Die fokus van die woord ekklesia-samekoms is gerig op die rede waarom mense saam is eerder as waar hulle saamkom.

So word die woord ekklesia in Hand.19:32 en 40 gebruik om die oproerige skare te beskryf. In die OT word daar na die volk verwys as die vergadering (1 Kron. 29:20); gemeente van God (Neh. 13:1); "*… was daar in die vergadering van die volk van God.*" (Rig. 20:2); "*Hulle moet van Sy grootheid getuig in die volksvergadering.*" (Ps. 107:32); "*…die vergadering van Sy troue dienaars.*" (Ps. 149:1). [105]

Dis baie insiggewend dat Jesus se beskrywing en benaming van hierdie nuwe beweging en revolusie bloot samekoms/vergadering is:

---

104 Stark, R., 2007, *Discovering God: The origins of great religions and the evolution of belief*, Harper Collins, New York. Bl 161-162 Barna, G., 2005, *The state of the church,* The Barna Group, Ventura, CA. Bl 246-250 Hirsch, A., 2006, *The forgotten ways: Reactivating the missional church*, Brazos, Grand Rapids, MI. Bl 18-22
105 Everett Ferguson the church of Christ a biblical ecclesiology for today Bl 129 – 134

**Verskillende samekomste**: "*as julle saamkom in die gemeente*" (1 Kor. 11:18); "*Wanneer julle saamkom, dan het elkeen van julle 'n psalm of 'n lering of 'n taal of 'n openbaring of 'n uitlegging — laat alles tot stigting geskied*." (1 Kor. 14:26).

Samekomste in 'n gegewe area soos Galasië (1 Kor. 16:1).

Aan die gemeentes in Galasië (Gal. 1:2).

Die gemeentes van Christus in Judea (Gal. 1:22).

"*Hy het deur Sirië en Silisië gereis en die gemeentes geestelik versterk*." (Hand. 15:41).

Miskien sal ons minder verdeeldheid hê as ons verskillende kerke bloot net as verskillende byeenkomste regoor die wêreld sien, met een visie en mandaat – Christus. [4]

Ongelukkig probeer die vyand al sedert die eerste tabernakel om die volgelinge van God deur godsdienspleging weg te lei na 'n statiese gebou en onpersoonlike mensgerigte instansie.

"*So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die voetbank van my voete. Waar is dan die huis wat julle vir My sal bou? En waar die plek wat my rusplek sal wees? Want my hand het al hierdie dinge gemaak, en so het dit alles ontstaan, spreek die Here. Maar op hierdie een sal Ek let: op hom wat arm is en verslae van gees, en wat bewe vir my woord*." (Jes. 66:1-3).

Thomas More's criticism of Tyndale boils down mainly to the way Tyndale translated five words. He translated presbuterosas elder instead of priest. He translated ekklesiaas congregation instead of church. He translated metanoeoas repent instead of do penance. He translated exomologeoas acknowledge or admit instead of confess. And he translated agapeas love rather than charity. [5]

Tyndale sou uiteindelik, soos Jesus en die eerste volgelinge, met sy lewe boet toe hy as ketter tot die dood veroordeel is. Luther, Calvyn, Zwingli en Knox was die opvolgers van hierdie reformasie om terug te keer na die waarheid.

Dit is dan dalk nodig dat ons vandag, om verwarring te voorkom, nie meer die woord 'kerk' gebruik wanneer ons van die ware liggaam en gemeenskap van gelowiges praat nie. Kerk veronderstel die institusionele, formele kerk. Die probleem is egter dat daar mos in elke formele kerk ware gelowiges is. Dit wil sê, ons kan nie die baba met die badwater uitgooi nie. Ons het dieselfde stryd as wat die vroeë apostels gehad het. Daarom Paulus se skrywes, die een na die ander, om in Christus te bly (Gal. 4:19, Kol. 1:28-29; 2 Kor. 11:2; 1 Kor. 2:2; 2 Pet. 1:8; Ef. 4:13). Elke kerk, gemeente, organisasie, bediening, aksie en beweging van die liggaam van Christus is vanuit die Hoof, Christus (Ef. 1:22-23).

## Die Volgelinge Van Die Weg

Die eerste benaming van hierdie beweging was: Dié van die Weg (Hand. 9:2; 24:14, 22). Dit impliseer 'n uitkenbare, anderse lewenstyl. Vandag word kerke uitgeken aan hulle kerkgebou, tipe musiek, leerstellings en benaming. Miskien sou die kerk meer aftrek onder mense gekry het as die onderskeiding bloot ons lewenstyl sou wees.

Die kerk van die eerste eeu was 'n organiese eenheid. Dit was 'n lewendige, asemhalende organisme wat homself heel anders uitgedruk het as die institusionele kerk van vandag. En daardie uitdrukking het Jesus Christus op hierdie planeet bekend gemaak deur die manier waarop elke lid van Sy Liggaam funksioneer. [6]

## Radikaal Anders As Formele Godsdiens:

Die groei was organies, gesentreer rondom die geloof in die opstanding van Jesus Christus (Joh. 2:22; Luk. 24:33-35; Joh. 20:8,18,26-28; Hand. 2:32; 3:15; 4:33; Fil. 3:10; 1 Kor. 2:2).

Die eerste kerk het in mense se huise byeengekom, nie in ’n kerkgebou of tempel nie (Hand. 20:20; Rom. 16:3, 5; 1 Kor. 16:19). Die groeinetwerk was verhouding-gesentreerd. Jy is ontvang omdat ’n bekende jou aanbeveel het. (Sien bv. Filemon.)

Hulle het nagmaal as ’n maaltyd saam geniet (1 Kor. 11:21-34). Nagmaal versoen spreekwoordelik die brood van armes, en die wyn vir die rykes in een maaltyd, van gemeenskap, verbondenheid en omgee.

Almal het deelgeneem tydens byeenkomste (1 Kor. 14:26; Heb. 10:24-25).

Elkeen het volgens hulle geestelike gawes en bediening saamgewerk (1 Kor. 12-14).

Hulle het hulleself as ’n gesin en familie gesien (Gal. 6:10; 1 Tim. 5:1-2; Rom. 12:5; Ef. 4:15; Rom. 12:13; 1 Kor. 12:25-26; 2 Kor. 8:12-15).

Leierskap was gepolariseerd en divers (Hand. 20:17, 28-29; 1 Tim. 1:5-7).

Reisende apostels en profete het gemeentes bedien en versterk (Hand. 13-21; al die apostoliese briewe).

Hulle het as een eenheid in ’n plek gefunksioneer (Hand. 8:1, 13:1, 18:22; Rom. 16:1; 1 Thess. 1:1).

Hulle het nie titels en benamings vir posisies van aanstelling en gesag gebruik nie, bloot as funksies van hulle rolle. In teenstelling met die ander godsdienste van daardie tyd, waar priesters hulle eie uitkenbare kleredrag gehad het. Die apostel en leiers van die Jesus beweging moes meestal in die geheim beweeg a.g.v. vervolging en kon nie hierdie onderskeid maak nie. (Matt. 23:8-12). [106]

Leierskap was nie volgens ’n hiërargiese piramiedestelsel nie (Matt. 20:25-28; Luk. 22:25-26).

## Die Liggaam van Jesus

Een van God se primêre voorsienings aan ons, behalwe die uitstorting van die Heilige Gees, is die Liggaam van Christus. Vir God om mens te word het Hy ’n liggaam nodig gehad (Heb. 10:5). Die alomteenwoordige, almagtige en alwetende God kom woon in ’n menslike liggaam! Dis Sy eerste groot liefdesdaad aan ons! Sy inkarnasie! (Heb. 4:14-15.)

Hy het ’n liggaam nodig gehad om aan die mensdom goed te kan doen, siekes te genees, die mag van die bose te verslaan en vir die wees, die weduwee en armes om te gee.

Jesus word vandag vlees deur Sy kerk. Die kerk is Sy Liggaam. Die volheid van God is geopenbaar in Sy Liggaam (Ef. 4:11-16; Ef. 5:30; Ef. 2:19-22; 1 Kor. 12:12).

Ons het ook ’n liggaam nodig om God se wil te doen. Ons kan nie die Koninkryk van God op aarde laat kom soos wat dit in die hemel is sonder ’n liggaam nie. “*Hý het sommige as apostels gegee, ander as profete, ander as evangeliste, en ander as herders en leraars, om God se mense toe te rus vir die werk wat hulle in Sy diens moet doen. Hulle werk is om Christus se liggaam op te bou. So sal ons uiteindelik almal deur geloof en deurdat ons die Seun van God ken, ’n eenheid vorm, ’n volmaakte mens, wat aan die standaard van Christus se volmaaktheid voldoen. Dan, as mense ons met slinksheid en slimstreke op verkeerde paaie wil lei, sal ons nie meer soos klein kindertjies wees nie. Ons sal nie meer omgewaai of weggewaai word deur die wind van elke ding wat hulle verkondig nie. Nee, terwyl ons mekaar liefhet, sal ons by die waarheid bly en so in alle opsigte groei om soos Christus te wees. Dit werk so: Christus is die Hoof. Onder leiding van die Hoof is die liggaam goed aanmekaargesit. Al die ondersteunende ligamente hou die liggaam bymekaar. Elke liggaamsdeel vervul sy bestemde funksie, en so, deur liefde te bewys, bou die liggaam homself op.*” (Ef. 4:11-16, Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling).

106 Pagan Christianity?: Exploring the Roots of Our Church Practices by George Barna.

*… omdat ons ledemate van Sy liggaam is.*" (Ef. 5:30, Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling).

"*Julle is dus nie meer uitlanders en bywoners nie, maar medeburgers van hulle wat aan God behoort. Ja, julle is lede van God se huis wat gebou is op die fondament wat die apostels en die profete gelê het. Christus Jesus is self die hoekklip op wie die hele gebou, terwyl dit kunstig inmekaargepas word, verrys tot 'n tempel wat aan die Here toegewy is. Deur julle verhouding met Hom word ook julle saam opgebou tot 'n gebou waarin God deur Sy Gees woon.*" (Ef. 2:19-22, Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling).

"*Die menslike liggaam het baie ledemate, maar hierdie baie ledemate vorm almal saam net een liggaam. So is dit ook met Christus se liggaam."* (1 Kor. 12:12, Die Bybel, Nuwe Lewende Vertaling).

## 'n Mens bou nie 'n verhouding met mense deur kerkaktiwiteite by te woon nie

God se struktuur van groei is familie. Wanneer die kerk die karakter van 'n familie verloor, verloor ons die waarde en krag van Sy Koninkryk. God verduidelik Sy Koninkryk aan ons in terme van familie, vaders, jongmense en kinders (1 Joh. 2:12-14).

Net so is die liggaam soos 'n familie met mekaar verbind. Inteendeel, die gemeente waaraan jy behoort word jou ware familie! Baie van ons wat tot bekering kom, voel nie meer so tuis en gemaklik rondom ons bloedfamilie nie, omdat ons hart in wese verander het. Selfs Jesus het Sy geestelike vriende en dissipels Sy ware familie genoem teenoor Sy eie ma en broers (Matt. 12:46-50).

Dit behels dat jy betrokke moet raak in mense se lewens. Jy moet bereid wees om agter die maskers te kom en te leer om mekaar sonder voorgee lief te hê. Jy moet ook bereid wees om jouself bloot te lê, jouself te ontmasker en oop te maak.

Daar is 'n wonderlike dinamika wat begin geld as mense wat die Here dien in mekaar se lewens betrokke raak: Ons sien Christus in mekaar en dit spreek ons baie keer meer aan as wat 'n preek ooit sou kon doen.

Ons groei ook deur die groei in mekaar te erken. Verhoudings is kompleks en is nie altyd net positief nie. Vir verhoudings om te verdiep, moet die verhouding verskeie toetse deurstaan. Dit is soms juis in hierdie negatiewe aspekte van verhoudings waarin ons die meeste kan groei. Baie mense sien nie daarvoor kans nie en hardloop weg voordat die negatief omgedraai is in 'n positief. Konfrontasie en deursigtigheid, egtheid en eerlikheid is die agente wat ons deur hierdie negatiewe prosesse help en begelei tot wasdom in Christus.

## Daar Is Net Een Liggaam

"*Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.*" (Ef. 4:4).

## Die heerlikheid van God is alreeds opgesluit in Sy Liggaam.

Ons kan net in die volheid van hierdie heerlikheid leef wanneer ons die Christus in mekaar raaksien en die gawes in mekaar ontsluit. Soos Jesus gebore is in 'n liggaam wat moes opgroei alvorens die tyd sou aanbreek vir Sy bediening, so is die kerk in 'n proses van voorbereiding vir die finale uur van haar glorie! Net soos mense Hom nie wou erken of aanvaar nie en uiteindelik kruisig, sal die kerk haar grootste heerlikheid in haar donkerste uur bereik. Mag God jou oë soos Petrus s'n open om die verlossing in Sy kerk raak te sien!

Die één-liggaam-waarheid beteken ook dat die mense wat aan jou bekend is in jou plaaslike deel van die Liggaam nie die enigste Liggaam is nie. 'n Groot deel van Jesus se Liggaam is onbekend aan jou, maar tog wesenlik deel van jou en kan op 'n betrokke dag wederkerig tot seën wees. Alhoewel mens inskakel en deel moet wees van 'n betrokke deel van die liggaam, soos 'n tibia deur die knie verbind is aan die femur, is daar ander funksies in die liggaam waarvan ons nie eers weet nie. Tog ontvang die been lewe en voorsiening deur die hele liggaam.

## Die Liggaam As Die Tempel Van die Heilige Gees

Daar is drie verse in die NT wat verklaar dat ons die tempel van die Heilige Gees is. Wanneer 'n mens hierdie skrifgedeeltes in konteks lees, dan praat Paulus elke keer met 'n ander gehoor:

- In 1 Korinthiërs 3:16 praat hy met die Korinte-gemeente oor sektarisme en divisie, met ander woorde, die kerk op die betrokke plek.
- In 1 Korinthiërs 6:19 praat hy met die individu wat hoereer.
- In 2 Korinthiërs 6:16 praat hy met die gemeente van die Korinthiërs, maar hy is eintlik besig om met die universele kerk te praat: Hulle moet hulle weerhou van afgodery en moet heilig wees.

## Die Verenigde Heerskappy van die Liggaam

By die Fees van Tabernakels lig die priester 'n etrog (sitrusvrug) in sy hand op en wys dit in die vier windrigtings, die hemel en aarde, en verklaar die heerskappy van God oor alles. 'n Etrog is 'n unieke vrug want dit is 'n sel binne-in 'n sel, binne-in 'n sel. Die Jode verduidelik dat die Etrog 'n simbool van die kerk is – Jood en heiden is saam verenig in 'n nuwe entiteit.

Kerk is dus jy as individu. Maar jy is deel van 'n liggaam in jou gebied of dorp en saam is ons kerk in die universele Liggaam. Wanneer ons die een misken, is daar nie meer eenheid nie. 'n Gemeente waar mense lidmate is sonder dat hulle waarlik weergebore is, lei tot 'n sakralistiese stelsel.[107] 'n Gemeente wat hulself isoleer van die groter Liggaam van Christus staan die gevaar om sektaries te word. 'n Individu wat hom of haarself van 'n plaaslike Liggaam isoleer is sonder beskerming en veiligheid. Elke gelowige moet hom-/haarself onderwerp en deel wees van 'n Liggaam wat nie perfek is nie, want in die proses groei ons geestelik. Om vir welke rede ook al jouself te isoleer, is 'n vorm van trots en meerderwaardigheid, en 'n soeke na eie gewin (Spr. 18:1). Die groei vind plaas wanneer ons deur ons verskille werk en voortdurend kies om by mekaar te bly.

## Die Heilige Gees Is Die Asem Van Sy Liggaam

Die ontstaan van Jesus se Liggaam het op Pinksterdag plaasgevind toe God deur Sy Gees – hierdie keer nie in een mens, Adam nie – maar kollektief in Sy liggaam, bruid, priesterdom, nasie, volk, verteenwoordigers blaas.

Die Fees van Weke, of Pinksterfees soos die meeste Christenkerke dit noem, is die tweede belangrikste fees op die Joodse kalender. Die fees gedenk die tyd toe Moses die Wet op die berg Sinai ontvang het. Dit het op die vyftigste dag geval, sewe volle weke nadat die sekel die eerste keer in die ongesnyde graan geslaan is (Deut. 16:9). Die getal 50 word bereken as die aantal dae wat dit geneem het om van die verlossing uit Egipte tot by Sinai te trek (Eks. 19:1), waar hulle die wet ontvang het. Hulle het hierdie dag bereken vanaf die tweede dag van die Paasfees. Die naam pinkster kom van die Griekse woord hè pentekostè = die vyftigste. Die fees word deur die Here ingestel en die voorskrifte van die fees word aan Moses deurgegee (Lev. 23:15-21). Hierdie fees

107 Coetzee, Josef. Is jy 'n skiefkind van die modern kerk. (1990)

is op die vyftigste dag, na die opstanding vervul toe die Heilige Gees uitgestort is op dié wat in die bovertrek gewag het op die vervulling van die belofte (Vergelyk Hand. 1:5,8 en Matt. 3:11). Dit is op hierdie dag wat die Heilige Gees die nuwe verbond vervul en die wet nou op ons harte skryf (Jer. 31:31-34).

## Die ooreenkomste tussen die gebeurtenis by Sinai en dié in Handelinge 2 is baie interessant

Eks. 19:16-18: "*Toe die Here op die berg aan die volk verskyn … donderweer en weerlig … rook en vuur … die berg het geskud.*"; *"...geluid van baie sterk basuin..."*; en in Handelinge 2*: "...geluid soos van 'n geweldige rukwind; omdat die Here in 'n vuur daarop neergedaal het– tonge gesien soos van vuur*."

In Eks. 32:28 word 3 000 mans doodgemaak as straf vir hulle vrees, ongeloof en die maak van 'n valse god. Na die uitstorting van die Heilige Gees kom 3 000 mense tot bekering!

Tydens Moses se tyd op Sinai, volg instruksies oor die bou van 'n tent van samekoms. Later word die volk opgeroep om vrywillige offers te bring vir die oprigting van 'n heiligdom (Eks. 25:1). "*Ook moet hulle vir my 'n heiligdom maak, dat Ek in hulle midde kan woon.*" (Eks. 25:8). Na die uitstorting van die Heilige Gees word na ons as gelowiges verwys as die tempel van die Heilige Gees (1 Kor. 3:16; 2 Kor. 6:19; 2 Kor .6:16; 1 Kor. 6:19). Die kerk van Jesus Christus word die gebou en tempel van God, gebou met lewende stene (Ef. 2:21).

Die gebruik om twee brode voor die Here te wuif is baie interessant. Veral as jy in aanmerking neem dat geen offer aan die Here suurdeeg mag bevat het nie (Lev. 2:11). Maar in hierdie geval word die twee brode gebak van die opbrengs van die oes, met suurdeeg, en voor die Here gewuif. Die Jode sien die twee brode as die Jode en die heidene. Hierdie is 'n geheimenis wat eers later deur Paulus verduidelik word dat God deur Christus die middelmuur tussen Jood en nie-Jood verwyder het. (Ef. 2:11-22). Onthou, toe die Jode uit Egipte gevlug het was daar dié van gemengde bloed wat saam uitgetrek het (Eks. 12:37, 38). Met ander woorde, almal wat die woord gehoor het en in geloof en gehoorsaamheid bloed aan die deurkosyne gehad het, is gespaar. God se hart is dat al die nasies gered sal word (Ps. 72:11; Matt. 28:19; Op. 22:2). Maar heiden sowel as Jood het 'n inherente hartprobleem met sonde. Albei is vasgevang in die mag van sonde en kan nie hulself bevry nie. Op Pinksterdag hoor elke nasie wat onder die hemel is hoe die dissipels in hulle eie taal getuig oor die wonderdade van God!

Die skrywer van Hebreërs werp nog meer lig op die vervulling van die fees en hoe God Sy ware bedoeling van wat by Sinai moes gebeur, in Hand. 2 op Pinksterdag verwesenlik. Anders as die Israeliete wat by Sinai berg gekom het toe God sy Wet vir hulle gegee het, het hulle nie by 'n fisiese berg aangekom met brandende vuur, donderwolke, donkerte, stormwind, trompetgeskal en 'n stem wat praat nie. By Sinai het dié wat dit gehoor het, gesmeek dat God nie verder met hulle moes praat nie. God se opdrag dat selfs 'n dier wat die berg met sy poot aanraak doodgegooi moes word, het hulle laat terugsteier. Ja, so angswekkend was die aanskoue van alles dat Moses uitgeroep het: "*Ek is absoluut verskrik, ek bewe van angs*!" (Heb. 12:18-21). God wou Homself persoonlik aan 'n groep mense, Sy volk, Sy uitverkorenes openbaar, maar die mens kon die heerlikheid nie uitstaan of hanteer nie. In vrees en ongehoorsaamheid gaan maak hulle vir hulleself 'n afgodsbeeld. Op Pinksterdag kom stort die Here Sy Gees in ons uit, en vind die kulminasie van honderde jare se belofte en goddelike verwagting plaas toe die mens God van aangesig tot aangesig sien en ervaar. Dit is die hoogtepunt en ware betekenis van wat gebeur tydens die vervulling met die Heilige Gees.

Die eerste volgelinge se wesenlike ontmoeting met die lewende God is die geboorteplek van die beweging wat die wêreld sal verander.

"*Nee, julle het aangekom by Sionsberg, by die stad van die lewende God! Julle het aangekom by die hemelse Jerusalem, by die miljoene engele wat juigend feestelik bymekaar is, en by die gemeente van*

*God se kosbare kinders wie se name in die hemel opgeskryf staan. Julle het gekom by God, die Regter oor almal, en by die geeste van die verlostes in die hemel wat nou volkomenheid bereik het. Ja, julle het aangekom by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond tussen God en Sy mense, en by die verbondsbloed wat gesprinkel is en wat van vergifnis getuig – so anders as die bloed van Abel wat om vergelding geroep het.*" (Heb. 12:18-24).

## Die heerlikheid van die Liggaam is 'n eenheid van gekompliseerde diversiteit

Elkeen het 'n ander bediening, fokus en bestaansreg, maar alles ter wille van die Liggaam. Die oog bestaan om te kan sien ter wille van die liggaam. Dis juis hierdie andersheid wat die meeste groei in ons bewerk.

Die persoon van wie jy soms die minste hou, is die werktuig wat God gebruik om jou die meeste te verander. Soms wil die oog die liggaam oordeel omdat hulle nie sien nie, maar hulle het bes moontlik 'n ander funksie. Laat elkeen sonder murmurering hulle funksie vervul. Ons voel soms: "Net ek maak opofferings!" Moet eerder nie vergelykings tref nie, maar dien net die Here (Joh. 21:22). Daar is geen manier hoe jy jou van die Liggaam kan afskei en distansieer nie. Alleenlik sonde en iemand wat verdeling saai en van die gesonde leer afwyk, kan vermy word.

Geen sel in die liggaam kan buite die liggaam bestaan nie. Ons het mekaar nodig. Lees gerus hierdie pragtige artikel, 'n opsomming van een van die hoofstukke in Macolm Gladwell se boek, Outliers, oor die Rosetta-effek wat handel oor 'n klein Italiaanse gemeenskap in New York: http://yocuzlawyers.com/2011/06/the-roseto-effect-the-valley-of-the-roses/

God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: "*Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlikheid.*" (Kol. 1:27, NV).

Die woord "julle" is 'n kollektiewe voornaamwoord en kan vertaal word met "*Christus onder julle en in julle*". Christus is in jou maar daar sal nooit weer 'n Christus in Sy volheid in een persoon gemanifesteer word nie. Christus se volheid kan alleenlik deur 'n liggaam van mense verheerlik word. Die kerk is Sy Liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul (Ef. 1:23).

"As the new wine is found in the cluster, And one says, "Do not destroy it, For a blessing is in it." (Isa. 65:8).

## Eenheid is die Nuwe Verbond en bewys dat God se heerlikheid die tempel vul

Die bewuswording en openbaarmaking van die Heilige Gees in groepsverband.

Geskiedenis word gemaak wanneer die regte mense saamkom en 'n besluit neem. Alle bewegings en revolusies het ontstaan by 'n samekoms van mense wat dieselfde sentimente en waardes handhaaf en nastreef. Gemeenskap is dus nie een soort samekoms nie. Dis elke keer wanneer ons saamkom.

God se heerlikheid word óf in jou as individu (die tempel van die Heilige Gees) óf die samekoms van gelowiges geopenbaar. God se heerlikheid rus op die samekoms, nie die institusie van kerk nie. God seën 'n liggaam van gelowiges omdat hulle saam Sy wil op aarde doen. Maar die kerk as organisasie is bloot 'n naam om 'n versameling gelowiges te identifiseer. Jy ontvang geen voordeel as jy net in naam deel van 'n kerk is en nooit enige aktiwiteite bywoon nie. Die woord ekklesia kan die beste met "congregation" of samekoms vertaal word.

"*Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom."* (Heb. 10:25).

v.16: *"...deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word..."*

v. 19-20: *"As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, as twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry, want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.*" (Matt. 18:16, 20).

## God's power is revealed in Unity!

Ons eenheid as kerk is belangrik! "… *sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het."* (Joh. 17:21).

Jy kan nie eenheid met God hê sonder om in eenheid met Sy Liggaam te wees nie. Eenheid en verbondenheid met mekaar is eenheid met God. Die werking is wederkerig en absoluut! (1 Joh. 4:20).

Dit is ontsettend belangrik vir God se Gees om in die samekoms te werk sodat ons in eenheid met mekaar is. Die Handelinge-kerk se krag was in hulle eenheid.

"*Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed*." (Hand. 1:14).

"*Hulle was almal op een plek bymekaar*." (Hand. 2:1).

"*Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom en van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou*." (Hand. 2:46).

"*En al die gelowiges het gereeld saamgekom in die Pilaargang van Salomo*." (Hand. 5:12).

"*Die skare het eendragtig ag gegee op die woorde van Filippus*." (Hand. 8:6).

"*Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê…*" (Hand. 4:24).

"*Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel*." (Hand. 4:32).

"*Daarom het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle toe te stuur*." (Hand. 15:25).

## God se ewige plan was nog altyd Sy Liggaam

"*Maar as ek vertoef, dan kan jy weet hoe iemand hom moet gedra in die huis van God, wat die gemeente is van die lewende God, 'n pilaar en grondslag van die waarheid*." (1 Tim. 3:15).

Die kerk is dus die grondslag van die Waarheid wat Christus is. Net soos die tempel in die OT sentraal gestaan het tot die Israeliete se lewe, is die kerk sentraal tot ons lewe. Die volle verloop van ons lewe, van babatyd, opvoeding, werk, trou, kinders hê, hulle groot maak, tot ons oudag is verweef in die kerk.

Ons kan nie Jesus as Hoof hê sonder om Sy Liggaam te aanvaar nie.

Toe Paulus die kerk vervolg, sê Jesus: "*Ek is Jesus wat jy vervolg.*" (Hand. 9:5).

Jy kan nie die hoofskap van Christus hê sonder Sy Liggaam nie. "*En Hy het alle dinge onder sy voete onderwerp en Hom as Hoof bo alle dinge aan die gemeente gegee, wat sy liggaam is, die volheid van Hom wat alles in almal vervul*." (Ef. 1:22-23).

"*…soos Christus ook die gemeente liefgehad en Homself daarvoor oorgegee het.*" (Ef. 5:25; Hand. 20:28).

## Die Ewige Kerk:

"*Ons het gekom by die berg Sion en die stad van die lewende God, die hemelse Jerusalem en tienduisende engele, by die feestelike vergadering en die gemeente van eersgeborenes wat in die hemele opgeskrywe is*." (Heb. 12:22-23).

"*Maar julle is 'n uitverkore geslag, 'n koninklike priesterdom, 'n heilige volk, 'n volk as eiendom verkry, om te verkondig die deugde van Hom wat julle uit die duisternis geroep het tot Sy wonderbare lig, julle wat vroeër geen volk was nie, maar nou die volk van God is; aan wie toe geen barmhartigheid bewys is nie, maar nou bewys is.*" (1 Pet. 3:9).

## Die Voordele Van DEEL WEES Op Elke Vlak

1. **Beskerming**: "*Sonder goeie leiding stort 'n volk in duie; dit is veilig om baie raadgewers te hê.*" (Spr. 11:14, Nuwe Lewende Vertaling). Daar is soveel beskerming om besluite te neem binne in 'n liggaam omdat mens so maklik jou eie hart kan mislei (Jer. 19:9).

2. **Sterker saam**: Ons geveg teen die owerhede ("principalities") in 'n sekere gebied kan nooit as individue plaasvind nie, maar alleenlik deur 'n liggaam van gelowiges (Matt. 16:18; Ef. 3:10). Dis 'n eeue oue beginsel dat vyf 'n honderd vyande laat vlug, maar 'n honderd man sal tien duisend laat vlug (Lev. 26:8). Die akkurate kerk, soos enige ander organisasie, benodig 'n kritiese massa mense om werklik 'n verskil in 'n omgewing te maak. Let wel dat ons nie hier van gemeentes praat wat duisend mense as skare trek maar net honderd lidmate is medewerkers nie. 'n Akkurate gemeente, waar elke lidmaat sy rol en bediening verstaan en uitleef, is 'n kragtige wapen in God se hand.

3. Die **versorging** van mense in die NT is nie die werk van die predikant alleen nie. ..."*maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar mag dra*" (1 Kor. 12:25), "*...uit wie die hele Liggaam die groei van die Liggaam bevorder vir sy eie opbouing in liefde.*" (Ef. 4:16).

Hierdie Liggaam is goed saamgevoeg en saamverbind deur die ondersteuning wat elke lid gee volgens die werking van elke afsonderlike deel. Dit is in hierdie kerk waar daar geen tekort was nie. Hoekom? Omdat almal alles wat hulle besit het met ander gedeel het. Weerhouding van om deel te wees van 'n plaaslike Liggaam verswak die kerk se vermoë om werklik effektief in hierdie doel te wees. Dit behels ook die aspek van jou bydraes aan die kerk. Om God se werk en Koninkryk op globale skaal te bevorder kos geld. Die meeste kerke beleef dat maar net 20% van die lidmate hulle tiendes betaal. Weereens verswak dit die kerk se vermoë om effektief te gee, te dien en te help! As almal maar net besluit om nie deel te wees van 'n plaaslike Liggaam nie en hulle eie ding doen, rig ons uiteindelik skade in ons eie geledere aan. Elkeen se betrokkenheid, selfs jou verskille met 'n sekere kerk, is nodig vir groei.

4. Daar vind 'n spesiale "**deelagtigmaking**" ("impartation") plaas wanneer 'n diens deur die Heilige Gees gedryf word. Dit kan op geen ander manier bekom word as om daar te wees nie. "*Ek begeer met my hele hart om julle te besoek. Ek wil vir julle 'n geestelike seëning (impart) bring om julle in julle geloof te versterk.*" (Rom 1:11, Nuwe Lewende Vertaling). Dit geld veral wanneer ons dienste beleef soos wat Paulus in 1 Kor. 14:26 aan die kerk voorskryf: "*Wanneer julle bymekaar kom dan het elkeen*…" 'n Mens kan die deelagtigmaking van 'n sekere begaafde prediker deur DVD bekom, maar nie die deelagtigmaking van 'n Liggaam nie.

5. Daar is in elke huis 'n sekere inherente **bemagtiging** en **veiligheid** asook 'n spesiale **genadegawe** wat God aan 'n spesifieke gemeente gee wat nie verkry kan word sonder om deel te wees van die gesin nie. Jy kan dienste besoek, maar die genade en goddelike vermoë kom deur deel te wees van die spesifieke gesin. Ons het al so dikwels gesien hoe sekere mense 'n mate van beskerming in die huis beleef, en wanneer hulle eendag die huis verlaat en hulleself afsny, dan val alles deurmekaar en uitmekaar in hulle lewens. Om deel te wees van 'n dinamiese gemeente gee ook aan elke individu 'n doelgerigtheid. Jy voel jy bestaan nie net nie, jy is deel van 'n plan en die uitvoering van daardie plan en visie!

6. Die vinnigste groeitydperk in my lewe het gekom deur **korreksie**. Ek het leiding ontvang. "I have been discipled." So baie gelowiges kom tot bekering en leef maar net op hulle eie voort waar hulle die preke en insette waarna hulle wil luister van TBN kan kies, maar nooit deur 'n geestelike pa of ma gelei word en persoonlik in die waarheid geleer word nie. Hierdie is 'n groot gebrek in

die kerk en ook een van die redes waarom so baie Christene vir jare in 'n kerk sit en nog steeds nie wasdom bereik nie. Weereens: God se model is familie en gesinne. Dis immers ook hoe die natuur werk. Almal is in families gegroepeer en funksioneer binne 'n spesifieke familie. Ons het baie instrukteurs in die Gees maar nie baie vaders nie (1 Kor. 4:15). Die gevolg is dat ons 'n klomp kop-kennis het wat nog nie deel geword het van ons waardestelsel en leefwyse nie. Want 'n pa stap met jou 'n pad, hy leer en korrigeer jou die heeltyd! Die belangrikste is egter dat 'n pa jou WYS hoe! Mentorskap en bemagtiging.

7. **Konfronteer Kwaad**: Net satan wen as mense nie deel wil wees van 'n gemeente nie. Daar is nie so iets soos 'n perfekte gemeente nie. Elke gemeente funksioneer soos 'n betrokke gesin en jy voel inherent deel daarvan of nie. Daarom is dit belangrik dat jy 'n gemeente vind waar jy deel voel, gemaklik is en weet dat jy 'n bydrae sal kan lewer. Kry 'n huis! Daarom is daar so baie kerke, almal met 'n verskillende fokus en mandaat. Hoor by God waarheen Hy jou gestuur het. Waar het God jou bygevoeg, want mens word nie net deel van 'n gemeente en "join" 'n kerk nie (Hand. 2:47; 5:14; 11:24).

"*'n Mens wat hom eenkant hou, lewe net vir homself. Hy het 'n afkeer aan gesonde oordeel.*" (Spr. 18:1, Nuwe Lewende Vertaling).

Die kerk kan nie die kultuur van die dag konfronteer sonder die invloed en momentum van gesamentlike en gefokusde optrede nie. Dit is die kollektiewe getal ware gelowiges wat werklik elke dag soos Jesus leef wat 'n gemeenskap/dorp/stad verander. Dit is ons grootste wapen, en ook die rede hoekom satan so hard probeer om die kerk in diskrediet te bring.

8. Selfs Jesus was **onder gesag**, en so moet ons onsself ook onder gesag stel (Ef. 5:21). Hoekom die aanmoediging aan leiers om mooi en waardig om te sien na die mense onder hulle as niemand meer gelei wil word nie? Ons moet hulle respekteer (1 Thess. 5:12-13), en eer (1 Tim. 5:17), en aan hulle gehoorsaam en onderdanig wees (Heb. 13:17). Die tydsgees van ons dag fokus op die self: ons leef om lekker te voel en wil nie voorgesê word nie. Selfs Jesus was tot die ouderdom van 30 aan aardse ouers gehoorsaam. Goeie leiers sal nie oor hulle mense heers nie (1 Pet. 5:3). Jesus was ook hierin vir leiers 'n voorbeeld.

9. Om aan 'n gemeente te behoort en betrokke te raak, vereis dat jy **jouself** sal **verloën**. Selfverloëning is nie maklik of gemaklik nie, dit kos jou jou lewe, jou alles. Ons is bang vir hierdie tipe "commitment". Ons ken die prys. Die waarheid is egter dat die opstanding na die dood die prys en opoffering verreweg oortref. Die vreugde en tevredenheid van deel-wees, versorg wees, liefde en omgee, oortref verreweg die opoffering. Die dinamika van gemeenskap het in wese 'n ongeskrewe reël: Dit wat jy insit is wat jy uitkry. As jy liefde gee, omgee, help laste dra, ingestel is op ander, dien, help en ondersteun, sal jy nooit 'n tekort hê aan dit wat jy weggegee het nie. Jou belegging is gemaak in 'n ewige bankrekening. En as jy in nood is en onttrekkings moet maak, sal jy vind daar is in oorvloed. Mens kan nie die voordeel trek deur 'n TV-prediker se dienste op Sondag te kyk nie. Jy moet iewers betrokke wees.

Groei gebeur nie in die versameling van inligting of inspirasie nie, dit is die uitvoering, oefening en vervolmaking wat jou laat groei.

## Hierdie Nuwe Beweging Het Dit Nie Maklik Gehad Nie

Vervolging: (Hand. 8:1; 11:19; 20:23; Rom. 8:35; 2 Kor. 12:10),

Dwaalleringe: (Fil. 3:2; 1 Tim. 1:15-16; 2 Tim. 2:2),

Faksies: (1 Kor. 11:19),

Afvalligheid: (1 Tim. 4:1),

Wedywering: (Fil. 1:16-18),

Heiligmaking: (1 Kor. 5).

Tog was hierdie beweging aantreklik, en dit het gegroei en in ’n baie kort tydjie die hele bekende wêreld volgelinge van Jesus gemaak.

## Die Einde Van Godsdiens

Die kerk as instelling kan egter nie dieselfde sê nie. Lande wat eers christelik was, is vandag sekulêr of aanbid ander gode. In die naam van godsdiens is mense vervolg, tot die dood veroordeel en daar is vir eeue in twis en tweedrag oorloë gevoer.

Watter van die eerste kerke, Efese, Galasië, Jerusalem, Alexandrië, Konstantinopel, Antiochië, Rome, is vandag nog Jesus Christus-gesentreerde, missionêre, geesvervulde gemeenskappe? Soos die beweging geïnstitusionaliseerd geword het, het dit mens-gedrewe en mens-gesentreerd geword. Om nie eens te praat van Tertullianus se werk in Noord-Afrika, Philippus van Serene in Kartago, wat vandag heeltemal met Islam vervang is nie.

+++++++++

Soos reeds genoem: “*Want die skepping wag met reikhalsende verlange op die openbaarmaking van die kinders van God*” (Rom. 8:19). “ *For (even the whole) creation (all nature) waits eagerly for the children of God to be revealed”* (Amp.)  Daar is ‘n honger wêreld daar buite, wat smag na waarheid, leiding en oplossings.

Dis aan ons as kerk/liggaam van Jesus Christus gegee om deur ons woorde, lewens en voorbeeld, Jesus aan hulle te toon. Dis méér nog as dit:  dis ons plig en verantwoordelikheid, want Jesus het reeds alles gedoen en gegee om dit moontlik te maak! Al wat dit van ons vra, is dat ons deur die geloof, Sy voorbeeld sal volg in alles wat ons doen en sê.  Lééf Sy lewe!

*“So now through the church the multifaceted wisdom of God (in all its countless aspects) might now be made known (revealing the mystery) to the (angelic) rulers and authorities in the heavenly places”* (Eph. 3:10).